

Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap: die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland- besproeiingsnedersetting

**CG Visser
11631457**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister
Artium* in *Geskiedenis* aan die Potchefstroomkampus van die
Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof JA du Pisani

Mei 2015

Opgedra aan Skanskopeiland se mense

Titel:

Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap: Die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnederstelling.

Opsomming:

Skanskopeiland is een van die besproeiingsnedersettings wat in die vroeë twintigste eeu langs die Benede-Oranjerivier (vandag bekend as die Gariep) gevestig is met die doel om blanke armoede te help verlig. Na afloop van die Carnegiekommissie se ondersoek na blanke armoede en die daaropvolgende Volkskongres in Kimberley (1934) was dit in die 1930's beide die staat en die kerk se benadering om arm gemeenskappe te ondersteun om deur selfwerkzaamheid vir hulle en hulle nageslag 'n selfstandige bestaan te verseker. Terselfdertyd kon hulle deur landbouproduksie 'n bydrae tot die landseksonomie en die ontwikkeling van die streek maak. Hoewel hulle na die toekenning van grond feitlik geen verdere staatshulp ontvang het nie en oor beperkte hulpbronne beskik het, is die meeste van die eerste nedersetters op Skanskopeiland suksesvol gevestig. Aangedryf deur die wil om vir hulleself te sorg en vir hulle gesinne 'n beter bestaan moontlik te maak, was hulle bereid om fisies hard te werk. Met behulp van mentorskap, wat deur die staat voorsien is, het hulle met selfwerksame optrede binne tien jaar 'n woesteny omskep in 'n suksesvolle landbounederstelling. Hulle het die eenvoudige tegnieke en tegnologie wat beskikbaar was, aangewend om die natuur te "tem" en die vrugbare grond voor te berei vir landbouproduksie. Hierdie studie skets die historiese agtergrond waarbinne die nederstelling op Skanskopeiland gevestig is, beskryf die moeisame prosesse waardeur die nedersetters die eiland vir landbouproduksie gereed gemaak het en beoordeel hulle pogings om hulleself en hulle nageslag uit armoede op te hef. 'n Empiriese studie, wat as deel van die navorsing onderneem is, het die impak van die opheffing op die nasate van die pioniernedersetters bepaal en die bevinding daarvan word in die studie gerapporteer.

Sleuteltermes: Armblankevraagstuk; Carnegiekommissie; Volkskongres 1934; armoedeverligting; selfwerkzaamheid; Benede-Oranjerivier (die Gariep); besproeiingsnederstelling; spoelwerk; landbou-ontwikkeling; mentorskap; volhoubare opheffing; Skanskopeilandbesproeiingskema.

Title:

From poverty alleviation to sustainable agricultural community: The establishment and development of the Skanskop Island irrigation settlement.

Abstract:

Skanskop Island was one of a number of irrigation settlements established in the early twentieth century along the Lower Orange River (today known as the Gariep) with the aim of alleviating white poverty. In the 1930s, the Carnegie Commission investigation and the *Kimberley Congress of the Nation* (1934) on the issue of poverty, shaped the approach of the state and the church, to support poor communities in order to enable them and their descendants to exist independently through personal initiatives and self-help; while simultaneously contributing to the country's economy and developing the region through agricultural production. After the allocation of land, the first settlers received hardly any government aid and had limited resources at their disposal. Through sheer determination and backbreaking physical labour, most of them settled on Skanskopeiland successfully to become sufficiently independent to ensure a better standard of living for their families.

With the aid of state mentorship and the settlers' own initiatives, they managed to transform a wilderness within ten years into a successful agricultural settlement. They applied simple techniques and technologies available at the time to 'tame' the wilderness and to prepare the fertile soil for agricultural production. This study provides a historical background of the establishment of this settlement on Skanskop Island. It describes the laborious processes required for preparing the settlement for agricultural production. Furthermore, the study evaluates the efforts of these settlers to uplift themselves and their families from poverty through hard labour and self-help. An empirical study, undertaken as part of the research, determined the impact of the upliftment on the descendants of the pioneer settlers. These findings are reported in the study.

Key terms: Poor White question; Carnegie Commission; Congress of the Nation (Volkskongres) 1934; poverty alleviation; self-help; Lower Orange River (Gariep); irrigation settlement; 'spoeling'; agricultural development; mentorship; sustainable upliftment; Skanskop Island irrigation scheme.

VOORWOORD EN BEDANKINGS

Ek bly al vir 35 jaar in Skanskopeiland, waar ons boer. As gebore en getoë Hoëvelder was die aanpassing in dié harde wêreld baie moeilik. Die mense wat hier boer, is aards gebonde en sonder opgesmuktheid, dikwels eiesinnig en koppig. Saam met die eilandmense het ek twee groot vloede beleef, gesien hoe hulle nooit moed verloor nie en elke keer weer kon opstaan. Dié gesindheid het met die laat-ryp van September 2013 weer na vore gekom.

Na jare se verblyf het die eiland my loopveld geraak en my eiegoed geword. Vandag is dit my kinders se erfgoed, want soos die eilandmense praat, hier het hulle *grootgeraak*. Met die loop van die jare het die geskiedenis van die ontstaan van die eiland my gefassineer, veral omdat ek die ruwe en onbewerkte deel van die eiland, die Onder-eiland, dikwels saam met my familie verken het. Dan het ek gewonder hoe die mense met blote hande-arbeid ons eiland so mooi kon ontwikkel.

In 2010 het ek met my honneursgraad in Geskiedenis by my Alma Mater, die Noordwes-Universiteit, begin. Die natuurlike uitvloeisel van hierdie honneursskripsie, wat Skanskopeilandbesproeiingsnederstelling as tema gehad het, was die meestergraadstudie oor die vestiging van die boerderygemeenskap op Skanskopeiland.

My ouers, wat albei lojale oud-Pukke was, het 'n onblusbare liefde vir die geskiedenis van ons land en sy mense aan my oorgedra. Hulle onkreukbare integriteit en werksywer was 'n groot aansporing op my lewenspad. My ma het vas geglo dat daar 'n Boere-adel bestaan; dié mense wat uit niks 'n suksesvolle lewe kon opbou; die mense wat ten spyte van 'n eenvoudige bestaan, 'n innerlike adel gehad het. Dis oor hulle wat ek geskryf het.

Uit die aard van die saak geskied so 'n studie nooit sonder dat daar mense is wat dit moontlik gemaak het nie. Daarom die volgende bedankings:

Sedert 2010 was ek bevoorreg om 'n aantal kundiges as padaanwysers te hê, wat ek wil bedank vir hul besondere bydrae tot my studie:

'n Opregte woord van dank gaan eerstens aan my bekwame studieleier, prof. Kobus du Pisani. Hy het 'n eiesoortige manier van werk met studente waaroor ek my telkens verwonder het. Elemente van rustige geduld, tydsaamheid, vriendskap en aandag maak van hom 'n besondere

studieleier. Dit is hy wat my geleer het dat daar altyd balans in 'n goeie studie moet wees. Prof. Du Pisani beskik oor die seldsame vermoë om nie net te praat nie, maar ook om aandagtig te luister. Ek wou nie net die storie van Skanskopeiland skryf nie, maar substansie aan die navorsing gee met 'n dieper studie oor die uitwerking van die armoede-opheffing op die daaropvolgende generasies. As bekwame studieleier en rigtinggewer het hy my op hierdie weg begelei.

Die vernuftige prof. Johann Tempelhoff wat my eksamenvrees sagkens besweer het en aan my selfvertroue gegee het; die deure van die metodologie van Geskiedenis oopgemaak en my daardeur geleer het om wyer te kyk as net die blaaie van 'n boek. Sodoende het sy hand my weggekeer uit die moeras van sentiment.

Groot meesters, soos proff. Pieter de Klerk en Gert van den Bergh het my pad na die meestersgraad met hul kennis geplavei. Vir hulle sal ek altyd dankbaar wees.

Wilma Breytenbach van die Statistiese Konsultasiediens het baie daartoe bygedra dat die vraelys sinvol saamgestel, ontleed en die bevindings daarvan korrek gerapporteer is. My hartlike waardering aan haar vir haar harde werk en konstante ondersteuning.

My opregte dank gaan aan al Skanskopeiland se mense, veral die ouer geslag, wat hulle harte oopgemaak het met talle herinneringe, waarsonder hierdie verhandeling nie moontlik was nie. Heelwat onderhoude het diep emosionele letsels ontbloot en vir oomblikke, waarin die onthou van die ellende en swaarkry mense ernstig ontstel het, gesorg. Die eiland was vroeër 'n sosiaal-geslote gemeenskap, waar in-kommers moeilik 'n plek gegee is. Tog het hulle met 'n diep-gesetelde wysheid besef dat hierdie dinge vertel moet word. Ek, as in-kommer waardeer hierdie vertroue opreg en hoop ek is dit waardig. Die nasate van die pioniernedersetters, verspreid oor die land, wat met oorgawe aan die vraelys-ondersoek deelgeneem en daardeur 'n bydrae van onskatbare waarde gelewer het, verdien ook my waardering.

Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, veral Lorna Basson, het my op 'n besondere wyse bygestaan. Nie net is die argief aan my beskikbaar gestel nie, maar is ook ander inligting op aanvraag getrou ingesamel.

Christine White van die Departement Waterwese se streekskantoor op Upington, verdien 'n spesiale woord van dank. Sy was 'n ware staatmaker sonder wie ek nooit die plaaslike argiefmateriaal sou kon opspoor nie. Haar kennis van die stowwerige stoorkamers was die spreekwoordelike lig op my ontdekkingspad.

Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek was altyd beskikbaar en besonder behulpsaam met die opspoor van bronne. Hier wil ek veral vir Isabel Blom, Marieta Buys en Wilna Stavast bedank.

Zabeth Botha wat die argiefnavorsing in Pretoria onderneem het.

Yolande Heunis het met haar kenmerkende deeglikheid die tegniese versorging van die verhandeling gedoen. Elrie Visser het die laaste afronding gedoen.

'n Hartlike woord van dank aan vriende, familie en bekendes wat verhandelings, boeke, dokumente, foto's en ander inligting aangedra het en bemoedig het. Wees verseker dat al hierdie inligting deeglik gedokumenteer en bewaar is.

My familie verdien 'n spesiale woord van dank vir hulle volgehoue ondersteuning met die studie: Gerhard, my man, moet veral vermeld word vir sy ondersteuning.

Ten laaste wil ek al die eer aan my Hemelse Vader gee. Te midde van fisiese beperkings, kon ek altyd krag put uit die wete dat ons as brose skepsels se lewe ten diepste gesetel is in die Here se genade en sy versorgende hand wat op ons rus.

Karen Visser

Keimoes

Oktober 2014

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD EN BEDANKINGS	I
LYS VAN ILLUSTRASIES EN KAARTE.....	VIII
GRAFIEKE EN TABELLE.....	XIII
BYLAE XIV	
LYS VAN AFKORTINGS.....	XVI
HOOFSTUK 1	1
INLEIDING: AGTERGROND, BEGRIPE EN NAVORSINGSDOELWITTE	1
1.1 Inleiding.....	1
1.1.1 Armoede in Suid-Afrika	3
1.2 Die begrippe armoede en self-help	4
1.2.1 Armoede.....	4
1.2.2 Selfwerksaamheid	7
1.3 Probleemstelling	9
1.4 Navorsingsdoelstelling	9
1.5 Navorsingvraagstelling	10
1.6 Navorsingsmetode	11
1.7 Primêre navorsing	12
1.8 Sekondêre navorsing (Literatuurstudie).....	14
1.9 Empiriese studie	16
1.9.1 Die metode van data-analise	18
1.10 Uiteensetting van hoofstukke	19
HOOFSTUK 2	21
HISTORIESE AGTERGROND VAN SKANSKOPEILANDBESPROEIINGSNEDERSETTING	21
2.1 Oorsake van armoede	21
2.2 Pogings van die kerk en staat om blanke armoede te bekamp.....	27
2.2.1 Kakamas-arbeidskolonie	28
2.2.2 Daadwerklike optrede van die staat	30
2.3 Besproeiing as heenkome vir blanke armes	33
2.4 Groei in Keimoes en omgewing.....	36
2.4.1 Ontwikkeling na 1847	36
2.4.2 Omliggende eilandnedersettings onder besproeiing	41
2.4.2.1 Rooikopeiland	41
2.4.2.2 Kanoneiland	42
2.4.2.3 Brakboseiland	43
2.4.3 Toegangsbrûe	44
2.5 Druk op die regering vanaf maatskaplike en kerklike kant neem toe	46
2.5.1 Die Carnegiekommissie van Ondersoek, 1929 - 1931	47
2.5.2 Volkskongres oor die Armblankevraagstuk 1934.....	55
HOOFSTUK 3	59
VESTIGINGSGESKIEDENIS 1921 - 1940	59
3.1 Geografiese oriëntering	59
3.1.1 Skanskopeiland, die terrein van ondersoek.....	59
3.1.2 Die rivier en omgewing	61
3.2 Verkenning en beplanning 1921 - 1935	69
3.2.1 Vroeë ondersoeke	69
3.2.2 Eerste stappe: Die rol van die staat in die vestiging van die nedersetting op Skanskopeiland	75
3.3 Voorbereidende werk deur die staat: 1935 - 1937.....	78
3.3.1 Voorbereiding in Rooikopeiland	79
3.3.2 Water uitkeer vra bekwame hande.....	91

3.3.3	Opmeting en waardasie	92
3.3.4	Superintendent van Lande aangestel	95
3.4	Proklamasie van Skanskopeiland as selfwerksame besproeiingsnedersetting	96
3.4.1	Onmiddellike eienaarskap	96
3.4.2	Die aansoek- en keuringsproses	98
3.4.3	Koopvoorwaardes	105
3.4.4	Herkoms, ouderdomverspreiding en erftoekenning van nedersetters	110
3.5	Die rol van die nedersetter 1938 - 1940	115
3.5.1	Kanaaluitgraving en sleepwerk	123
3.5.2	Verwydering van bome	131
3.5.3	Spoelwerk en sleepwerk	132
3.5.4	Spoelwerk	137
3.5.5	Sleepwerk	141
3.5.6	Opbou en vooruitgang	144
3.5.7	Nuwe bestuur bring nuwe reëls	146
HOOFSTUK 4		152
VROË ONTWIKKELING 1941 - 1949 EN DIE BEGIN VAN WINSGEWENDE PRODUKSIE		152
4.1	Waterprobleme	152
4.1.1	Probleme met Friersdale	154
4.1.2	Probleme met Rooikopeiland en watervoorsiening	156
4.2	Dreinerings van die eiland voor 1950	163
4.3	Vordering en probleme in die boerdery	166
4.3.1	Verbouing van gewasse	166
4.3.2	Vervoer	170
4.3.3	Inspeksies	171
4.3.4	Koöperasies en staatsinstellings stimuleer die boerdery	172
4.3.5	Invloed op die nedersetters	175
4.4	Skanskopeiland verkry selfstandige bestuursmagte	177
4.4.1	Behoeftes aan selfstandigheid	177
4.4.2	Die Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947	179
4.4.3	Samestelling van die bestuursraad	183
4.4.4	Eerste verkiesing van die bestuursraad	184
4.4.5	Wersaamhede van die bestuursraad	186
4.5	Kwessies en klagtes	187
4.6	Apartheid vind weerklank in die koopakte	193
4.7	Die nedersetters se optrede dui op groei en selfstandigheid	193
HOOFSTUK 5		197
VERDERE ONTWIKKELING: 1950 – 1964		197
5.1	Die vyftigerjare	197
5.2	Natuurrampe in 1955 en 1957	199
5.3	Enkele sake uit die notules 1950 - 1964	207
5.3.1	Plaaslike reglemente	207
5.3.2	Landbou-erf vir die Primêre Skool Neilersdrif	208
5.3.3	Onderhoud van die eiland	210
5.3.4	Probleme en klagtes van die nedersetters	211
5.3.4.1	Waterleibeurte ingestel	211
5.3.4.2	Verbrakking en dreinerings	214
5.4	Kanale met beton uitgevoer	219
5.4.1	Aansoek om besproeiingslening	219
5.4.2	Wersaamhede begin	223
5.4.3	Vereffening van skuld	225
5.5	Vooruitgang en groei	227
5.5.1	Volhoubare ontwikkeling	227

5.5.2	<i>Die gebruik van inheemse arbeid op die eiland.....</i>	230
5.5.3	<i>Damme in die Oranjerivier - 'n nuwe era breek aan</i>	231
HOOFSTUK 6		233
KULTUURHISTORIESE ASPEKTE VAN DIE SAMELEWING OP SKANSKOPEILAND.....		233
6.1	<i>Enkele aspekte oor kultuur en kultuuroordrag.....</i>	233
6.1.1	<i>Mondelinge onderhoude en herinneringe.....</i>	238
6.2	<i>Faktore wat bygedra het tot die skep van 'n eiesoortige kultuurerfenis op Skanskopeiland.....</i>	241
6.3	<i>Stoflike kultuur</i>	242
6.3.1	<i>Die aard van die stoflike kultuurerfenis</i>	242
6.3.2	<i>Die rivier as konkrete kultuurvormer.....</i>	243
6.4	<i>Die werf en woning</i>	249
6.4.1	<i>Behuising.....</i>	249
6.4.2	<i>Sanitasie</i>	253
6.5	<i>Die huishouding.....</i>	255
6.5.1	<i>Watervoorsiening.....</i>	255
6.5.2	<i>Voedselkultuur</i>	257
6.5.2.1	<i>Vleis</i>	258
6.5.2.2	<i>Verkoeling van voedsel.....</i>	259
6.5.2.3	<i>Verskeidenheid op die tafel.....</i>	260
6.5.2.4	<i>Kookgeriewe.....</i>	262
6.6	<i>Brood – 'n kultuur op sy eie.....</i>	264
6.6.1	<i>Soetsuurdeegbrood</i>	265
6.6.2	<i>Die bakoond</i>	266
6.6.3	<i>Roosterkoek, doebooi en askoek.....</i>	269
6.6.3.1	<i>Basiese deegmengsel.....</i>	271
6.6.3.2	<i>Roosterkoek.....</i>	271
6.6.3.3	<i>Roosterkoek sonder rysmiddel</i>	272
6.6.3.4	<i>Doebooi</i>	273
6.6.3.5	<i>Askoek</i>	274
6.7	<i>Algemene handelaar.....</i>	275
6.8	<i>Materiële artefakte as stoflike kultuurerfenis.....</i>	277
6.9	<i>Geestelike kultuur</i>	281
6.9.1	<i>Byname en spreuke; raaisels en uitdrukkings, asook vertellings</i>	281
6.9.1.1	<i>Byname</i>	281
6.9.1.2	<i>Spreuke, uitdrukkings en taal</i>	282
6.9.1.3	<i>Humoristiese vertellings en raaisels</i>	284
6.9.2	<i>Kinderspel.....</i>	284
6.9.3	<i>Onderwys</i>	289
6.9.4	<i>Kerklike terrein</i>	292
6.9.5	<i>Siektes, geboortes, sterftes en volksgeneeskunde</i>	294
6.10	<i>Gemeenskapsbetrokkenheid en sosialisering.....</i>	300
6.11	<i>Die vrou, steunpilaar en onbetwiste versorger</i>	300
HOOFSTUK 7		309
DIE VOLHOUBAARHEID VAN DIE BESPROEINGSNEDERSETTING OP SKANSKOPEILAND EN DIE UITWERKING VAN DIE OPHEFFING OP DIE NASATE VAN DIE PIONIERNEDERSETTERS.....		309
7.1	<i>Skanskopeiland: Van 'n nederige begin in 1937 tot 'n vooruitstrewende besproeiingsnederstelling.</i>	309
7.2	<i>Rapportering en interpretasie van die vraelys</i>	311
7.2.1	<i>Algemene inligting</i>	311
7.2.2	<i>Die samestelling en formaat van die vraelys.....</i>	313
7.2.3	<i>Keuse van deelnemers.....</i>	315
7.2.4	<i>Die pioniernedersetters.....</i>	315
7.2.4.1	<i>Ouderdom van die pioniernedersetters</i>	316
7.2.4.2	<i>Geletterdheidsvlak van die pioniernedersetters</i>	316

7.3	Die teikenpopulasie en die studiepopulasie	318
7.4	Beskrywing van die vraelys	321
7.5	Rapportering en interpretasie van resultate	323
7.5.1	Algemene opmerkings.....	323
7.5.2	Biografiese inligting	323
7.5.3	Afdeling A: Opleiding	324
7.5.4	Vraag A1.....	324
7.5.5	Vraag A2.....	325
7.5.6	Vraag A3	325
7.5.7	Vraag A4.....	326
7.5.8	Vraag 5: Beroepe en beroepsvaardigheid	327
7.5.8.1	Vraag 5.1: Beroepsbesetting.....	327
7.5.8.2	Vraag 5.2 – 5.8.....	327
7.6	Afdeling B: Vraag 1 - 3	328
7.7	Afdeling C.....	328
7.7.1	Vraag C1: Luukse besittings	329
7.7.2	Vraag C2: Vakansies.....	330
7.7.3	Vraag C3 – C4: Algemene leesstof en tydskrifte.....	330
7.7.4	Vraag C5: Aankoop van klerasie	331
7.8	Vraag 6 - 9.....	331
7.9	Vraag 10 – 12.....	332
7.10	Vraag 13.....	333
7.11	'n Vergelyking in die opleidingsprofiel tussen die tweede en derde generasie.....	333
7.12	Vraag 14 en 15	335
7.12.1	Uiteensetting van die stygende vlak van lewenstandaard tussen die eerste, tweede en derde generasies	335
7.13	Vraag D	337
7.14	Geïntegreerde gevolgtrekking.....	340
HOOFSTUK 8		344
GEVOLGTREKKING		344
BRONNELYS		364
BYLAE A: RESEPTTE		385
BYLAE B: KAAARTE VAN SKANSKOPEILAND		389
BYLAE C: HUMORISTIESE VERTELLINGS EN RAAISELS		392
BYLAE D: HUIDIGE STAND VAN LANDBOUGGROND IN SKANSKOPEILAND		394
BYLAE E: VRAELYS-PAKKET		409

LYS VAN ILLUSTRASIES EN KAARTE

Hoofstuk 2

Figuur 2.1:	<i>Kaart van die droogte-geteisterde gebiede 1926 - 1939</i>	23
Figuur 2.2:	<i>Verwoesting van 'n plaashuis tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899 – 1902</i>	24
Figuur 2.3:	<i>Links: Ds. B.P.J. Marchand</i>	30
Figuur 2.4:	<i>Regs: Eerw. C.W. Schröder</i>	30
Figuur 2.5:	<i>J.J. (Japie) Lutz</i>	44
Figuur 2.6:	<i>Vroeë 20^{ste} eeu skets, wat die twee pontoorgange en brûe, wat Keimoes met Neilersdrif verbind, aandui</i>	45
Figuur 2.7:	<i>Skets van die eerste brug wat Brakboseiland met Neilersdrif verbind het (1919)</i>	45
Figuur 2.8:	<i>Groblersbrug in aanbou</i>	46
Figuur 2.9:	<i>Groblersbrug, soos gebou in 1934. Die brug is in 2013 verander na 'n dubbelverkeerbrug. Die oorspronklike brug is behou en aangepas</i>	46
Figuur 2.10:	<i>'n Trekboer en sy eggenote in die Boesmanland, gedokumenteerd deur E.G. Malherbe tydens die Carnegie-ondersoek, 1929-1932</i>	48
Figuur 2.11:	<i>J.F.W. Grosskopf en E.G. Malherbe op reis tydens die Carnegie-ondersoek</i>	49
Figuur 2.12:	<i>Lede van die Carnegiekommissie</i>	50
Figuur 2.13:	<i>Fotobeeld van 'n armblanke gesin, soos deur E.G. Malherbe gedokumenteerd ..</i>	51

Hoofstuk 3

Figuur 3.1:	<i>Die klipkoppie, Skanskop, op die plaas Koms, waarna Skanskopeiland vernoem is</i>	61
Figuur 3.2:	<i>Benede-Oranjeriviergebied</i>	62
Figuur 3.3:	<i>Augrabies Waterval: 2011-vloed</i>	63
Figuur 3.4:	<i>Augrabies Waterval</i>	63
Figuur 3.5:	<i>Tipiese plantegroei van die omgewing, die Swarthaak (<i>Acacia mellifera</i> subsp. <i>detinens</i>)</i>	65
Figuur 3.6:	<i>Kraalaalwyn (<i>Aloe claviflora</i>)</i>	66
Figuur 3.7:	<i>Aloe gariepensis</i>	66
Figuur 3.8:	<i>Jan-twakboom (<i>Nicotiana glauca</i>)</i>	67
Figuur 3.9:	<i>Skanskopeiland</i>	68
Figuur 3.10:	<i>Kaarte 1 - 2: 1900-kaart van die afdeling Kenhardt. Skanskopeiland is geleë binne die Oranjerivier, met die plase Koms en Neilersdrif ten noorde van die eiland</i>	71
Figuur 3.11:	<i>Die rooi gedeeltes dui die afgebakend bosgebied op die eilande in die Oranjerivier aan</i>	72
Figuur 3.12:	<i>Petisieskrif van L.B.W. Compaan, namens inwoners van die omgewing</i>	76
Figuur 3.13:	<i>Bouwerk aan die sifon of duikpyp</i>	83
Figuur 3.14:	<i>Versterkte kanaal in Rooikopeiland onder konstruksie</i>	86
Figuur 3.15:	<i>Voorbeeld van 'n weeklikse verslag</i>	86
Figuur 3.16:	<i>Links: Die sifon of duikpyp gesien vanaf Rooikopeiland. In die agtergrond is die duine wat platgesleep is, te sien</i>	88

Figuur 3.17:	<i>Regs: Die konstruksie van die inkeerwerk uit die rivier na die kanaal in Rooikopeiland</i>	<i>88</i>
Figuur 3.18:	<i>Gunther se landmetersketting</i>	<i>90</i>
Figuur 3.19:	<i>Gerhard Anton Siepker, bestuurder van Rooikopeiland.....</i>	<i>90</i>
Figuur 3.20:	<i>Die roete waarlangs die water uitgekeer is om aan Rooikopeiland en Skanskopeiland water te voorsien</i>	<i>91</i>
Figuur 3.21:	<i>Die verdeling van water in die noord-en suidkanaalsisteem</i>	<i>93</i>
Figuur 3.22:	<i>Links: A.S. Brink.....</i>	<i>96</i>
Figuur 3.23:	<i>Regs: A.G. Bain, landmeter</i>	<i>96</i>
Figuur 3.24:	<i>Tipiese behuising vir nedersetters by Vaalhartsstaatwaterskema</i>	<i>98</i>
Figuur 3.25:	<i>Tipiese behuising vir nedersetters by Boegoebergstaatswaterskema</i>	<i>98</i>
Figuur 3.26:	<i>Voorblad van die aansoekvorm</i>	<i>100</i>
Figuur 3.27:	<i>C.F. Pool by sy donkiewa.....</i>	<i>103</i>
Figuur 3.28:	<i>Getuigskrif van I.J.G. Greeff.....</i>	<i>105</i>
Figuur 3.29:	<i>J.H. Agenbag en sy eggenote Dinie, van Wallekraal, Namakwaland</i>	<i>111</i>
Figuur 3.30:	<i>P.A.H.M. Louw en sy eggenote Chrissie</i>	<i>111</i>
Figuur 3.31:	<i>I.J.G. Greeff.....</i>	<i>112</i>
Figuur 3.32:	<i>E.H.J. Siepker en sy eggenote, Alice W.G. Myburg en eggenote.....</i>	<i>112</i>
Figuur 3.33:	<i>J.J.C. Smit</i>	<i>112</i>
Figuur 3.34:	<i>Maria Pool, eggenote van Hendrik Pool</i>	<i>112</i>
Figuur 3.35:	<i>Hendrik Pool</i>	<i>112</i>
Figuur 3.36:	<i>W.G. Myburg en eggenote</i>	<i>112</i>
Figuur 3.37:	<i>N.J. Visser.....</i>	<i>112</i>
Figuur 3.38:	<i>C.F.M. Visser</i>	<i>112</i>
Figuur 3.39:	<i>G.J.Smit</i>	<i>112</i>
Figuur 3.40:	<i>Die blaasbalkbome</i>	<i>116</i>
Figuur 3.41:	<i>Eerste notule inskrywing, 3 Januarie 1938</i>	<i>117</i>
Figuur 3.42:	<i>Subsidiestelsel soos verduidelik deur die Departement van Arbeid.....</i>	<i>121</i>
Figuur 3.43:	<i>W.A. Murray</i>	<i>122</i>
Figuur 3.44:	<i>F. Lutz.....</i>	<i>122</i>
Figuur 3.45:	<i>Die opsleep van noodwalle en kanaalwalle was prioriteit.....</i>	<i>124</i>
Figuur 3.46:	<i>’n Sleepspan, Skanskopeiland, met die sandduine in die agtergrond.....</i>	<i>125</i>
Figuur 3.47:	<i>Nedersetters en ander werkers besig om die suidkanaal op Skanskopeiland uit te grawe</i>	<i>125</i>
Figuur 3.48:	<i>Die werkregister van N.J. Visser dui die gebruik van plofstof aan</i>	<i>128</i>
Figuur 3.49:	<i>Die kanaalwalle word opgesleep met bakskrapers</i>	<i>130</i>
Figuur 3.50:	<i>Donkiespanne sleep boomstompe weg</i>	<i>131</i>
Figuur 3.51:	<i>Sleepspanne in die Kakamas-arbeidskolonie. So is daar met bakskrapers gewerk in Skanskopeiland</i>	<i>133</i>
Figuur 3.52:	<i>Kennisgewing dat die vergoeding van die arbeid by die koopsom van die erf gevoeg is.....</i>	<i>136</i>
Figuur 3.53:	<i>Spoelwerk in Kakamas, Renosterkop. Spoelmanne besig om die spoelsloot te versterk. Soortgelyke spoelwerk is in Skanskopeiland gedoen</i>	<i>138</i>
Figuur 3.54:	<i>Diagram van spoelwerk</i>	<i>139</i>

Figuur 3.55:	<i>Hoë sandduine op Skanskopeiland is met waterkrag weggespoel soos die by Kakamas</i>	140
Figuur 3.56:	<i>Links: 'n Bakskraper; Regs: 'n plankskraper</i>	143
Figuur 3.57:	<i>Links: P.W. de Vos.....</i>	145
Figuur 3.58:	<i>Regs: J.P. Myburg en eggenote.....</i>	145
Figuur 3.59:	<i>Maagkoors het nedersetters in Skanskopeiland, soos bv. C.F. Pool, aangetas</i>	148
Figuur 3.60:	<i>Ertjies word gedors, m.b.v. arbeiders, ca. 1947.....</i>	150
Figuur 3.61:	<i>N.J. Visser by sy lusernhark, ca. 1942</i>	150

Hoofstuk 4

Figuur 4.1:	<i>Tipiese voorkoms van die lae riviervlak na die afloop van stormwater</i>	154
Figuur 4.2:	<i>Die duikpyp tussen Skanskop- en Rooikopeiland</i>	155
Figuur 4.3:	<i>1943-register van N.J. Visser t.o.v. die "oproeping" om kanale in Rooikopeiland te gaan skoonmaak.....</i>	158
Figuur 4.4:	<i>Natuurlike dreineringsloepes in die eiland, ongeveer 1906</i>	163
Figuur 4.5:	<i>Boerderybedrywighede: Ertjies reg vir dors, op 'n ysterwielwa</i>	167
Figuur 4.6:	<i>I.J.G. Greeff met 'n moderne lusernsnymasjien. Let op na die nuut opgesleepte noodwal.....</i>	167
Figuur 4.7:	<i>Wingerd-opleistelsel op die mandjiestelsel A en B</i>	169
Figuur 4.8:	<i>Die smalspoortrein wat tussen Kakamas en Upington gereis het en lusern vervoer het.....</i>	170
Figuur 4.9:	<i>Dokument van aktiewe diens in die Unieweermag van N.J. Visser.....</i>	175
Figuur 4.10:	<i>Erkenning van ontvangs van die brief van I.J.G. Greeff aangaande die wettige bestuurraad van Skanskopeiland.....</i>	178
Figuur 4.11:	<i>E.H.J. Siepker: wettig-verkose voorsitter</i>	184
Figuur 4.12:	<i>Kennisgewing: Verkiesing van die Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad</i>	185

Hoofstuk 5

Figuur 5.1:	<i>Keimoes se hoofstraat oorstrom tydens die 1948-vloed</i>	201
Figuur 5.2:	<i>Kospakkies is deur die staat verskaf aan mense in nood tydens die 1955-vloed in die Benede-Oranjegebied</i>	202
Figuur 5.3:	<i>'n Beeld van die 1955-vloed, kloksgewys van links bo: Rantsoene word afgemaak; Rantsoene word verpak; Dankbare vasgekeerde inwoners ontvang kospakkies wat per valskerm afgegooi is; Die vloedwater oorspoel Groblersbrug.....</i>	203
Figuur 5.4:	<i>Die oorstromde brug wat Keimoeseiland met die dorp verbind in 1957</i>	206
Figuur 5.5:	<i>Die brug wat Keimoeseiland met die dorp verbind ten tye van droogte</i>	206
Figuur 5.6:	<i>Kaart van die gedeeltes wat aan die skole afgestaan is.....</i>	210
Figuur 5.7:	<i>Kaart: Dreineringsstelsel in Skanskopeiland.....</i>	213
Figuur 5.8:	<i>Klagtebrief; B.F.H. van der Westhuizen</i>	215
Figuur 5.9:	<i>Links: Sugsloot wat vol water staan voor 1956</i>	219
Figuur 5.10:	<i>Regs: Werkers besig om die sugsloot uit te grawe, 1956</i>	219
Figuur 5.11:	<i>Kosteberaming van betonkleding van Skanskopeiland se kanaalstelsel</i>	222

Figuur 5.12:	<i>Die wyse waarop die kanaal se betonkleding met die parabool gedoen is, gefotografeer tydens herstelwerk</i>	225
Figuur 5.13:	<i>C.F. Pool en eggenote Baba</i>	228
Figuur 5.14:	<i>D.J. Kruger en eggenote Johanna</i>	228
Figuur 5.15:	<i>Die woning van C.F. Pool, ongeveer 1948 gebou</i>	230
Figuur 5.16:	<i>Die Gariepdam</i>	232
Figuur 5.17:	<i>Die Vanderkloofdam</i>	232

Hoofstuk 6

Figuur 6.1:	<i>Jongmense ontspan teen die rivier</i>	246
Figuur 6.2:	<i>Die gevreesde 'rivierstaan'</i>	246
Figuur 6.3:	<i>Die hoofstroom van die Oranjerivier teenaan Skanskopeiland</i>	248
Figuur 6.4:	<i>Riethuis van 'n nedersetter op Kanoneiland, soortgelyk aan riethuise wat aanvanklik op Skanskopeiland opgerig is</i>	249
Figuur 6.5:	<i>Tipiese nedersetterwoning</i>	249
Figuur 6.6:	<i>Vooruitgang: Voltooide baksteenhuus op Skanskopeiland van die nedersetter P.W. de Vos, 1948</i>	250
Figuur 6.7:	<i>Huisplan van N.J. Visser: Verskillende fases van uitbreiding, ca. 1941 - 1948 ...</i>	251
Figuur 6.8:	<i>Woonhuis (ca. 1943) van E.H.J. Siepker, waar die eerste wettige bestuursverkiesing gehou is</i>	252
Figuur 6.9:	<i>B.M.N. Steyn voor sy woning</i>	253
Figuur 6.10:	<i>Ruim wonings is opgerig vanaf 1948</i>	253
Figuur 6.11:	<i>Die watertenk teenaan die huis het vir die huisvrou sake vergemaklik</i>	257
Figuur 6.12:	<i>P.W. de Vos met die koeler (safe) in die agtergrond</i>	260
Figuur 6.13:	<i>'n Soortgelyke voorbeeld van 'n koeler soos in Skanskopeiland gebruik</i>	260
Figuur 6.14:	<i>Soetsuurdeegbrood en korrelkonfyt</i>	261
Figuur 6.15:	<i>Ingelegde perskes</i>	261
Figuur 6.16:	<i>Kookskerm van platbos, Soebatsfontein, Namakwaland, soortgelyk aan die asboskookskerm in Skanskopeiland</i>	263
Figuur 6.17:	<i>Bo, links: Insuurproses; middel: Oorsuurmengsel; regs: Knie; Onder, links: Bakproses; middel: Soetsuurdeeg, regs: "Auntie" se paraffienblikpan</i>	269
Figuur 6.18:	<i>Links: Knieproses; Middel: Braaiproses; Regs: Roosterkoek</i>	272
Figuur 6.19:	<i>Lena Eiman en haar familie</i>	274
Figuur 6.20:	<i>Aansoek om 'n winkellisensie, G.P. Steyn</i>	277
Figuur 6.21:	<i>G.P. Steyn agter in die middel, saam met sy broers en susters</i>	277
Figuur 6.22:	<i>Links: Paraffienkis as gebruiksartikel</i>	278
Figuur 6.23:	<i>Regs: Kassie gemaak van paraffienkis. Let op die tekens van die paraffienkis op die kassie</i>	278
Figuur 6.24:	<i>Die skêr wat al byna 100 jaar oud is</i>	279
Figuur 6.25:	<i>Die kappie soos deur die pionier vroue gedra</i>	279
Figuur 6.26:	<i>Netbalspan van 1946 met twee Skanskopdogters: Agter, tweede van regs: E.W. Visser; Voor, regs: E. Siepker</i>	286
Figuur 6.27:	<i>Eerste rugbyspan van Hoërskool Keimoes, 1945, met twee van Skanskopeiland se seuns: Middel, heel regs: A. Siepker; Agter, derde van links: B. Siepker</i>	286

Figuur 6.28:	<i>Kaart van verspreiding van die kinderspel Hasie Ablou in Suid-Afrika.....</i>	287
Figuur 6.29:	<i>Grafiese voorstelling: Speletjies deur kinders gespeel</i>	288
Figuur 6.30:	<i>Die Primêre Skool Neilersdrift.....</i>	290
Figuur 6.31:	<i>E.W. Visser (9).....</i>	291
Figuur 6.32:	<i>F.G. Visser (10).....</i>	291
Figuur 6.33:	<i>H.S.B. de Vos (Basson).....</i>	291
Figuur 6.34:	<i>’n Groepie skoolkinders</i>	292
Figuur 6.35:	<i>Die skoolloorrie: F. Van Schalkwyk en eggenote.....</i>	292
Figuur 6.36:	<i>F.A.W. du Plessis.....</i>	293
Figuur 6.37:	<i>Eerste kerkgebou wat ook as saal gedien het van die nuwe NGK Neilersdrif gemeente.....</i>	294
Figuur 6.38:	<i>Sterfgevalle onder babas en kleuters was nie ongewoon nie</i>	298
Figuur 6.39:	<i>Die begraafplaas op Skanskopeiland.....</i>	299
Figuur 6.40:	<i>’n Gesin rondom die graf van ’n geliefde</i>	299
Figuur 6.41:	<i>Baba Pool, eggenote van C.F. Pool</i>	301
Figuur 6.42:	<i>Dinie Myburg, eggenote van J.P. Myburgh.....</i>	301
Figuur 6.43:	<i>Annie Steyn, eggenote van B.M.N. Steyn</i>	303
Figuur 6.44:	<i>Chrissie Louw, eggenote van P.A.H.M. Louw.....</i>	304
Figuur 6.45:	<i>Dys Smit, eggenote van J.J.C. Smit.....</i>	304
Figuur 6.46:	<i>Links: Kittie Visser, eggenote van N.J. Visser</i>	304
Figuur 6.47:	<i>Alice Siepker, eggenote van E.H.J. Siepker.....</i>	309

GRAFIEKE EN TABELLE

Grafieke

Grafiek 3.1:	<i>Grafiese uiteensetting: Herkoms Keimoes en omgewing.....</i>	<i>111</i>
Grafiek 3.2:	<i>Ouderdomspopulasie</i>	<i>113</i>
Grafiek 7.1:	<i>Resultaat van soektog na die nasate van die pioniernedersetters.....</i>	<i>319</i>
Grafiek 7.2:	<i>Deelname aan vraelys</i>	<i>320</i>
Grafiek 7.3:	<i>Geografiese inligting van studiepopulasie</i>	<i>321</i>
Grafiek 7.4:	<i>Hoogste kwalifikasie wat verwerf is.....</i>	<i>324</i>
Grafiek 7.5:	<i>Vraag A2: Hoogste naskoolse opleiding.....</i>	<i>325</i>
Grafiek 7.6:	<i>Vraag A3: Hoogste tersiêre kwalifikasie</i>	<i>326</i>
Grafiek 7.7:	<i>Finansiering van tersiêre studie</i>	<i>326</i>

Tabelle

Tabel 3.1:	<i>Indeling van die erwe volgens gehalte</i>	<i>94</i>
Tabel 3.2:	<i>Name en erfnommers van die nedersetters</i>	<i>114</i>
Tabel 5.1:	<i>Tipiese begroting van Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 1951.....</i>	<i>198</i>
Tabel 5.2:	<i>Statistiek van vloedhoogtes gemeet by Upington.....</i>	<i>200</i>
Tabel 5.3:	<i>Statistiek volgens 1954 waterinlystings en 1961-aktekantoorondersoek.....</i>	<i>227</i>
Tabel 7.1:	<i>Verband tussen hoogste kwalifikasie tussen tweede en derde generasie</i>	<i>334</i>
Tabel 7.2:	<i>Verband tussen hoogste tersiêre kwalifikasie tussen tweede en derde generasie.....</i>	<i>334</i>
Tabel 7.3:	<i>Cohen se effekgroottes vir verskille tussen eerste generasie en tweede generasie.....</i>	<i>336</i>
Tabel 7.4:	<i>Uiteensetting van die stygende vlak van lewenstandaard tussen die tweede en derde generasies</i>	<i>336</i>

BYLAE

Bylae A: Resepte.....	385
Figuur A1: Potbrood met soetsuurdeeg - J.J.C. Smit	385
Figuur A2: Rooi Gestoofde Kweperresep - E.W. Visser.....	386
Korrelkonfyt	387
Figuur A3: Sultanablatjang - C.F.M. Visser	388
Bylae B: Kaarte van Skanskopeiland	389
Figuur B1: Skanskopeiland 1990	389
Figuur B2: Skanskopeiland ca. 1937	390
Figuur B3: Skanskopeiland	391
Bylae C: Humoristiese vertellings en raaisels	392
Die Oujaarskommando.....	392
Oom Martiens se Chevrolet	392
Raaisels.....	393
Bylae D: Huidige stand van die landbougrond in Skanskopeiland	394
Inleiding	394
Probleme met boerdery.....	395
Verbrakking	396
Besoedelde water.....	396
Verbeterde tegnologie en landbouverbouingspraktyke verseker volhoubare boerdery.....	397
Figuur D1: Lasertegnologie word ingespan met gelyksleep van grond.....	398
Figuur D2: Druiwedoppe en -stingels word teruggewerk in die wingerd	398
Boerderypraktyk	401
Rosyntjieproduksie.....	401
Figuur D3: Seisoenarbeiders oes druive.....	402
Figuur D4: Druiekarretjies vervoer druiewekiste na vragmotors.....	403
OR Sultanas.....	403
Goue Sultanas.....	403
Figuur D5: Druive op druiewematte oopgesprei.....	404
Figuur D6: Druive op houtstellasies onder swaelseile.....	404
Thompson rosyne	405
Figuur D7: Droogmatte tydens die droogproses van geswaelde sultanas	405
Figuur D8: Geswaelde sultanas	405
Figuur D9: Sultanas op sementdroogbane uitgesprei	405
Figuur D10: Songedroogde sultana op sementbane	405
Wyndruifproduksie.....	406
Figuur D11: Druive by die kuipe	406
Figuur D12: Druive word in die kuipe geswaai.....	406
Die nedersettingsbestuursraad.....	408
Bylae E: Vraelyspakket	409
Bekendstellingsbrief.....	409

<i>Toestemming tot deelname.....</i>	<i>410</i>
<i>Vraelys</i>	
<i>Naamlys van erfhouers.....</i>	

LYS VAN AFKORTINGS

ACT	Argief van die Departement van Landboutegniese Dienste
AWIRU	African Water Issues Research Unit
BV	Brakboseilandversameling
CGVPA	C.G. Visser persoonlike argief
DVI	Departement van Inligting
DWA	Departement van Waterwese (Departement of Water Affairs)
DWASU	Departement van Waterwese [Departement of Water Affairs] streeksargief Upington
EDVPA	E. De Vries persoonlike argief
FOR	Argief van die Direkteur van Bosbou
LBD	Argief van die Sekretaris van Landbou
LDE	Argief van die Departement van Lande
LGB	Landmeter-Generaal, streekargief: Vrystaat en Noord-Kaap, Bloemfontein
LVZPA	Lutz en Van Zyl Landmeters persoonlike argief
MCBSPA	M.C.B. Smit persoonlike argief
NGK	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NJVPA	N.J. Visser persoonlike argief
NP	Nasionale Party
ORASECOM	Orange Senqu River Commission
OS	Opsomming
PR	Parlementêre Register
RV	Rooikopversameling
SAB	Sentrale Argiefbewaarplek Pretoria
SALG	Streekargief van die Landmeter-generaal: Vrystaat en Noord-Kaap
SAP	Suid-Afrikaanse Party
SRP	Argief van die Sentrale Regeringspublikasies
SV	Skanskopeilandversameling
URU	Argief van die besluite van Uitvoerende Raad
VWN	Argief van die Departement van Nasionale Volkswelsyn
WW	Argief van die Departement van Waterwese
ZAR	Zuid-Afrikaansche Republiek

HOOFSTUK 1

Inleiding: Agtergrond, begrippe en navorsingsdoelwitte

1.1 *Inleiding*

Hierdie M.A.-studie handel oor die plaaslike geskiedenis van 'n klein besproeiingsgemeenskap op Skanskopeiland geleë aan die Oranjerivier in die Noord-Kaap, wat aan die begin van die twintigste eeu gevestig is. Die jong gemeenskap se stryd om 'n daaglikse bestaan is gedokumenteer in terme van die ontwikkeling, vestiging en nalatenskap van die eilandsamelewing. Nie net handel die studie oor die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnederstelling as poging tot volhoubare armoedeverligting op 'n selfwerksame grondslag nie, maar ook oor die uitwerking wat die armoedeverligting op die daaropvolgende generasies gehad het.

Alhoewel armoede op daardie tydstip geen kleurgrense gehad het nie en alle bevolkingsgroepe daardeur geraak is,¹ word in hierdie studie hoofsaaklik op 'n opheffingsinisiatief vir wit armes gekonsentreer. Vir die doeleindes van die studie sal daar waar nodig, in samehang met die tydgenootlike historiese gebeure, na blanke armoede en armblankes verwys word.

Die besproeiingsnederstelling het in 1937 die lig aanskou nadat die Suid-Afrikaanse regering onbewerkte kroongrond op Skanskopeiland in die Benede-Oranjerivier naby die dorp Keimoes in die Noord-Kaap vir besproeiingsdoeleindes beskikbaar gestel het en die uitgemete erwe daar op streng voorwaarde van selfwerksame ontwikkeling aan armblanke individue te koop aangebied het.²

In die daaropvolgende jare is die nederstelling met moeite gevestig en het mettertyd ontwikkel tot 'n lewensvatbare ekonomies-produktiewe en volhoubare boerderygemeenskap, wat matige welvaart vir die meeste van die erfhouers gebring het. Hierdie studie het gepoog om die vestigingstydperk te dokumenteer en die invloed van die armoedeverligting op die nasate van die pioniernedersetters te ondersoek.

¹ J. de Villiers, "Sosio-ekonomiese dimensies van Suid-Afrika in die dekade 1930 - 1940: Arm, maar darem, of ondernemend en presterend?", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 2004, vol. 44, nr. 2 & 3, p. 171.

² Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, kennisgewingnr. 1350, 03/09/1937, p. 742.

Eloff meen dat plaaslike geskiedenis op klein eenhede konsentreer en 'n studie oor die mens en gemeenskap 'n ryk verskeidenheid van werksaamhede is. Om sy standpunt te onderskryf, gebruik hy die volgende aanhaling van Kew:

Local history can be defined as the history of a town, district or any unity smaller than the nation-state with clearly defined territorial limits or in which the inhabitants are so far united in thought and action as to feel a sense of belonging together.³

Plaaslike geskiedenis, in die tradisie van die Franse Annales-skool en die New History-skool in die VSA, het ten doel om die mens as sosiale en ekonomiese wese binne sy omgewing te bestudeer. Voorts poog dié faset van geskiedskrywing om die totaliteit van samelewingstrukture histories te ontleed.⁴ Van Jaarsveld lewer die volgende kommentaar hieroor:

Alledaagse geskiedenis met sy swaartepunt in die lewe van die werkers, d.w.s. die kultuur van eenvoudige mense, skep dus 'n eie wêreld. Hulle geskiedenis word nie net gevind in konskripsie- en stemlyste, owerheidsaktes, geboorte-, doop-, huweliks- en sterfte-registers nie, maar ook in mondelinge vertellings - 'oral history' - wat 'n belangrike bron van inligting geword het.⁵

Dit is noodsaaklik om die studie oor 'n wit armoede-opheffingsinisiatief binne die bepaalde konteks van die tydgenootlike sosiale en maatskaplike omstandighede in Suid-Afrika te plaas, sodat die opheffingsinisiatief in terme van 'n groter geheel beskou kan word.

As inleiding word in hierdie hoofstuk slegs 'n beknopte oorsig hieroor gegee. Die bepaalde omstandighede sal in hoofstuk 2 meer breedvoerig bespreek word, in konteks met die ontwikkeling op Skanskopeiland.

³ C.C. Eloff, "Aspekte van plaaslike en streeksgeskiedenis: teorie en praktyk", *Contree*, nr. 35, 1994, p. 12. Kyk ook F. A. van Jaarsveld, "Demokratisering in die geskiedwetenskap: Van 'n elitegeskiedenis van bo tot 'n alledaagse geskiedenis van onderaf", *Historia*, vol. 32, nr. 1, 1987, p. 41.

⁴ C.C. Eloff, "Aspekte van plaaslike en streeksgeskiedenis...", p. 13.

⁵ F. A. van Jaarsveld, "Demokratisering in die geskiedwetenskap...", p. 41.

1.1.1 Armoede in Suid-Afrika

Talle faktore het aan die begin van die twintigste eeu bygedra tot die verarming van die blanke bevolking in Suid-Afrika. Die ontdekking van goud en diamante en die gepaardgaande mynbou-ontwikkeling het, ten spyte van ooglopende ekonomiese welvaart vir die staat, 'n duidelike uitwerking op die herverspreiding van die bevolking in Suid-Afrika tot gevolg gehad. In teenstelling met die sigbare ekonomiese opbloeï in die land, het armoede onder veral blanke Suid-Afrikaners al hoe meer 'n alledaagse verskynsel geraak. Die minerale rykdom het nie net geluksoekers na die myne gelok nie, maar het ook 'n saamtrek van die armes in stede in die hand gewerk. Daarbenewens het talle blanke Afrikaners nog steeds geïsoleerd in die afgeleë platteland gewoon, waar armoede nie 'n verskynsel was nie, maar eerder 'n tipe leefwyse geraak het.⁶

Omgewingsfaktore soos veesiektes, sprinkaanplae en aanhoudende droogtes, oorloë, arbeids- en politieke onrus en ekonomiese insinkings het 'n beduidende invloed op die landbou-ekonomie van Suid-Afrika gehad en armoede vererger.⁷ Jordan beskou die antropoloog Oscar Lewis se argument, dat die invloed van 'n armoedige bestaan op kinders daartoe bydra dat die kultuur van armoede van generasie na generasie oorgedra word en sodoende 'n leefkultuur word, as van groot belang.⁸ Dié mening onderskryf die Carnegiekommissie se bevinding (1932) dat armoede oor generasies heen gegroei het tot 'n bestaanskultuur.⁹

Giliomee redeneer dat die vernaamste maatskaplike krisis in die blanke politiek in Suid-Afrika gedurende die eerste vier dekades van die twintigste eeu die knellende armblankevraagstuk

⁶ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*, deel 1: Ekonomiese verslag van die verslag van die Carnegiekommissie van ondersoek na die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, p. 139.

⁷ J. Bottomley, "The South African Rebellion of 1914: The influence of industrialisation, poverty and 'poor whiteism'", *African Studies Seminar* paper 118, June 1982, pp. 4 - 5; P.J.H. Snyman, "Die bydrae van droogtes en veesiektes tot die verarming van die landboubevolking in die Noord-Kaapland, 1880 - 1920", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 29, nr. 1, 1989, pp. 11 - 12; J. de Villiers, "Sosio-ekonomiese dimensies...", p. 168; D. O'Meara, *Volkskapitalisme, class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism 1934 - 1948*, p. 37; J.H. Coetzee, *Verarming en oorheersing*, pp. 74 - 75; G. Verhoef, "Die stigting van instellings as werktuie in die ekonomiese opbouproses van die Afrikaner sedert die Anglo-Boereoorlog, deel 1", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 46, nr. 2, Junie 2006, p. 211.

⁸ G. Jordan, "The causes of poverty, cultural vs. structural: Can there be a synthesis?" *Perspectives in Public Affairs*, Spring, 2004, p. 19.

⁹ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*, deel 1: Ekonomiese verslag van die verslag van die Carnegiekommissie van ondersoek na die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, p. 139.

was.¹⁰ Dié sentiment is alreeds in 1915 uitgespreek deur die sinode van die Nederduits Gereformeerde kerk (NGK), as sou die armblankevraagstuk “ons grootste, voornaamste en meest dringende vraagstuk”wees.¹¹

De Kock dui aan dat die term “*armblanke*” (“*poor white*”), wat sy oorsprong rondom 1870 in die Amerikaanse Suide gehad het,¹² vir die eerste maal in 1906 amptelik in Suid-Afrika gebruik is, nadat ’n Gekose Komitee onder voorsitterskap van F.S. Malan, van die Kaapse Parlement die opkoms van verarmde blankes ondersoek het.¹³ Saunders se opvatting hieroor is dat die term reeds vanaf 1870 onder die Kaapse blanke elite posgevat het:

The fact is, however, that some of the poor in this country have been called, and to some extent have accepted the categorisation, ‘poor whites’. That term was widely used from the 1890’s to at least the late 1930’s to refer to a group of people and to the ‘problem’ which they constituted by being both white and poor.¹⁴

Die NGK was reeds vanaf 1893 op sinodale vlak sterk betrokke by die armblanke se nood en het hierna ’n bepalende rol in opheffingswerk gespeel.¹⁵

1.2 Die begrippe armoede en self-help

1.2.1 Armoede

Armoede is ’n komplekse begrip en moeilik definieerbaar. Die kriteria waarvolgens ’n staat van armoede bepaal word, is nie noodwendig dieselfde binne alle samelewings nie, omdat verskillende vlakke van sosio-ekonomiese toestande binne verskillende samelewings gehandhaaf word.

¹⁰ H. Giliomee, *Die Afrikaners: ’n biografie*, p. 267.

¹¹ E. P. du Plessis (samesteller), *’n Volk staan op: die Ekonomiese Volkskongres en daarna*, p. 42.

¹² H. Giliomee, *Die Afrikaners...*, p. 267.

¹³ F.S. Malan (chairman), “Report of the select committee on the poor white question”, 16 /07/1906, p.xii, in Cape of Good Hope, *Report of the select committees*, vol. 11, 1906; M.H. de Kock, *Economic history of South Africa*, p. 455; J.H. Coetzee, *Verarming...*, p. 26.

¹⁴ C. Saunders, “Putting the history of white poverty in South Africa on the agenda”, *South African Historical Journal*, vol. 28, no. 1, 1993, p. 242.

¹⁵ E.P. du Plessis (samesteller), *’n Volk staan op...*, p. 21; H.C. Hopkins, *Kakamas: uit die wildernis ’n lushof*, p. 17.

Townsend som sy mening hieroor as volg op:

Poverty is not an absolute state. It is relative deprivation.¹⁶

Daar kan wel 'n onderskeid tussen arm en baie arm gemaak word. Charles Booth, wat reeds in 1888 'n diepgaande studie na armoede gemaak het,¹⁷ het as volg na die bepaalde onderskeid tussen arm en baie arm verwys:

[B]oth *pauvre* and *indigent* knew hunger, but the indigent were never free from it.¹⁸

Ongeveer 'n dekade na hierdie uitspraak het Transvaalse koerantartikels en regeringsverslae op gereelde basis die omvang van die ernstige blanke armoede, wat as 'n hoofsaaklik stedelike probleem voorgehou is, beskryf. Die samedromming van die armes in die stede was grotendeels in Pretoria en Johannesburg. Teen die 1890's het die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) alreeds 'n derde van sy begroting aan armoedeverligting bestee.¹⁹

Studies oor armoede wat ongeveer in dieselfde tyd as die vestiging van Skanskopeiland onderneem is, is onder meer die van Seeböhm Rowntree, 'n Engelse sosioloog, wat in 1936 belangrike navorsing t.o.v. die meting van armoede in die Engelse gemeenskap van York gedoen het. Rowntree het met hierdie studie onderskeid getref tussen arm en baie arm.²⁰ Sy metodes het neerslag gevind in die werk van die Suid-Afrikaanse historikus W.M. Macmillan (1885 - 1974).²¹

John Iliffe argumenteer dat armoede op twee vlakke in die samelewing geopenbaar word. Enersyds worstel 'n groot persentasie mense voortdurend om aan hulself en hul kinders bloot van die nodige te voorsien en só aan 'n armoedige bestaan te ontkom. Hierdie groep word "arm" genoem. Hierbenewens verwys 'n tweede vlak van armoede na dié groep mense wat

¹⁶ P. Townsend, "The meaning of poverty", *The British Journal of Sociology*, vol. 13, no. 3, Sept. 1962, p. 225.

¹⁷ H. Glennerster *et al.*, *One hundred years of poverty and policy*, pp. 18 - 25.

¹⁸ J. Iliffe, *The African Poor, a history*, p. 2.

¹⁹ H. Giliomee, *Die Afrikaners...*, p. 270.

²⁰ H. Glennerster *et al.*, *One hundred years of poverty...*, pp. 18 - 21; T. J. Hatton en R. E. Bailey, "Seeböhm Rowntree and the postwar poverty puzzle", *Economic History Review*, New Series, vol. 53, no. 3, Aug., 2000, pp. 517 - 543. (Die verslag daarvan is in 1942 as *Poverty and progress* gepubliseer.); P. Alcock, *Understanding poverty*, pp. 7 en 69.

²¹ C. Saunders, *The making of the South African past*, p. 63.

misluk het in die stryd om in die noodsaaklike te voorsien. Hierdie kleiner persentasie mense leef in chroniese armoede en broodgebrek en word as “baie arm” gedefinieer.²²

Alcock argumenteer dat armoede ’n politieke en morele begrip is en meen dat genoegsame kennis van die sosiale en ekonomiese omstandighede wat die toestand geskep het noodsaaklik is, alvorens armoede begryp kan word.²³

Hier kan baie voortborduur word op moontlike definisies van armoede. Daar word volstaan met die eenvoudige definisie om die toestand teen die heersende broodlyn te meet. Armoede kan derhalwe beskryf word as die omstandighede waarbinne ’n persoon verkeer wanneer sy verdienste minder as die heersende broodlyn is. Volgens Statistiek Suid-Afrika kan die broodlyn beskou word as die minimum inkomste wat nodig is om te oorleef:

It is proposed that the official poverty line should be constructed as a measure of the money income required to attain a basic minimal standard of living enough to purchase a nutritionally adequate food supply and to provide for other essential requirements.²⁴

Dié beskrywing was veral geldig vir die blanke armoede in die dertigerjare.

In Suid-Afrika is daar voorts deur die NGK onderskei tussen arm en baie arm: Die kerk het nog voor die aanvang van die Carnegiekommissie se ondersoek na blanke armoede in Suid-Afrika (1927 – 1932), by monde van die Kaapse NGK die term “armblanke” as volg omskryf:

Een 'Arme Blanke' is iemand die zijn zelfstandigheid zodanig verloren heeft, hetzij door geestelike, zedelijke, ekonomiese of psygieke (lichamelike) oorzaken, dat hij onbekwaam is zonder hulp van buiten, een behoorlik levensbestaan voor zichzelf te vinden, of dit direkt of indirekt aan zijne kinderen te verschaffen.²⁵

Dit was ’n baie belangrike uitspraak oor die armblanke, omdat dit nie alleen die reddelose bestaan van die heersende generasie beskryf het nie, maar per implikasie ook die toekoms van

²² J. Iliffe, *The African poor...*, p. 2.

²³ P. Alcock, *Understanding...*, p. 5.

²⁴ *Statistics South Africa, National Treasury*, “A national poverty line for South Africa”, 21/02/2007, <http://www.treasury.gov.za/publications/other/povertyline/>, [geraadpleeg 22/03/2013].

²⁵ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 17.

die volgende generasie aangeraak het. Daarbenewens is terselfdertyd die onderskeid gemaak dat nie elke armblanke noodwendig iemand was wat geheel en al verval het nie.²⁶

Dié twee uitsprake sal 'n belangrike deel vorm van hierdie studie oor die selfwerksame vestiging en ontwikkeling van die besproeiingsnedersetting op Skanskopeiland.

1.2.2 Selfwerksaamheid

Selfwerksaamheid vorm 'n belangrike komponent van dié studie. Kgadima haal Verhagen aan wat aandui dat self-help of selfwerksaamheid 'n willekeurige aksie is wat deur 'n individu of groep onderneem word met die doel om die ideale en aspirasies van die individu of groep te bereik.²⁷

Die idee van self-opheffing deur middel van volharding en spaarsamigheid, het veral in die negentiende eeu gewild geraak met die verskyning van werke uit die pen van die skrywer en arts, Samuel Smiles (1812 - 1904). Smiles was 'n groot voorstaander van die idee van self-help of self-opheffing. Tussen 1857 en 1873 het talle van sy boeke in Brittanje verskyn, wat wêreldwyd vertaal en gelees is. Smiles het die idealistiese mening onderskryf dat self-opheffing slegs moontlik is deur spaarsamigheid, volharding en harde werk. Teen 1905 was daar reeds 'n kwartmiljoen kopieë van die werk *Self-help* verkoop.²⁸

Op eie bodem het B.P.J. Marchand, predikant in die NGK en betrokke by die Sinodale komitee vir arbeidskolonies, alreeds in 1893 'n reeks van agt artikels in *De Volksbode* gepubliseer onder die naam: "*Onze armen, wat kan er voor hen gedaan worden?*".²⁹ Hy het in 1895 na Europa vertrek om 'n deurtastende ondersoek te doen na die sukses wat van Von Bodelschwing in Duitsland behaal het met die vestiging van arbeidskolonies.³⁰ Marchand het met sy getuienis voor die Gekose Komitee oor blanke armoede sy mening, dat armblankes binne arbeidskolonies gevestig moet word om sodoende selfstandigheid aan te leer, bevestig.³¹ Hy het sy argument

²⁶ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 17.

²⁷ N.P. Kgadima, *The understanding of poverty by poverty alleviation project participants*, (M.A.-verhandeling, Unisa, 2009), p. 11.

²⁸ K. Fielden, "Samuel Smiles and Self-Help", *Victorian Studies*, vol. 12, no. 2, Dec., 1968, pp. 158 & 161.

²⁹ R. Volsloo, "The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932): some church-historical and theological observations," *Studia Historiae Ecclesiasticae*, September 2011, vol. 37, no. 2, p. 3

³⁰ F.S. Malan (chairman), "Report of the select committee...", p. 5.

³¹ F.S. Malan (chairman), "Report of the select committee...", p. 11.

oor selfstandigheid en eiehulp in 1906 voor die Gekose Komitee oor blanke armoede as volg uitgedruk:

They get the land, and if they don't work, they won't have a living.³²

Verhoef meen dat Grosskopf se oproep om “eiehulp” in die Carnegieverslag geskoei was op die werk van persone soos Raiffeisen in Duitsland, Grundtvig in Denemarke, Luzatti in Italië en Plunkett in Ierland, wat verarmde boere “...selfagting, selfvertroue en selfstandigheid geleer het.” Die sleutel tot die oplossing van die probleem van armoede was leierskap en eiehulp.³³ Raiffeisen was van mening dat die komponente armoede en afhanklikheid mekaar gestimuleer het en dat afhanklikheid eers beëindig moes word alvorens armoede aangespreek kon word. Armoede kon nie met aalmoese bestry word nie.³⁴

Volgens Wann is persoonlike verantwoordelikheid ’n belangrike element van die beginsel van self-help:

Self-help is about personal responsibility and interdependence as well as direct local action. Its ethos is empowering and enabling rather than protective, prescriptive or philanthropic.³⁵

Die *European Expert meeting on Self-Help* het tydens ’n byeenkoms in 1993 van die Deense Vrywilligersentrum in Kolding, Denemarke, verantwoordelike optrede voorop gestel as ’n noodsaaklike element in die self-help aksie:

The principle of self-help is based on one or more citizens taking responsibility of a situation and trying to change it. In practice, this activity is taking increasingly place within organized groups.³⁶

Hierdie beginsels van harde werk, volharding en persoonlike verantwoordelikheid as voorwaardes vir suksesvolle self-help was ook op die eerste nedersetters by Skanskopeiland van toepassing.

³² F.S. Malan (chairman), “Report of the select committee...”, p. 13.

³³ G. Verhoef, “Uit Innerlike krag of skuldvereffening? ’n Historiese ondersoek na die verskillende strategieë om armoede en agtergeblewenheid te oorkom”, *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, Pretoria, Junie, 2008, p. 5.

³⁴ M.A. Schaar, *Cooperatives, Principles and Practices*, p. 10.

³⁵ M. Wann, *Building Social Capital: Self-Help in a Twenty-first Century Welfare State*, p. ii.

³⁶ M. Wann, *Building Social Capital: Self-Help in a Twenty-first...*, p. 94.

1.3 *Probleemstelling*

Tot op die hede is nog geen betekenisvolle navorsing oor die besproeiingsontwikkeling van Skanskopeiland gedoen nie. Informele geskrifte wat hoofsaaklik op mondelingse en geskrewe herinnering van die gemeenskap gekonsentreer het,³⁷ toon baie leemtes ten opsigte van bepaalde historiese feite. Daarby is slegs beperkte navorsing beskikbaar oor selfwerksame besproeiingsnedersettings wat as inisiatiewe vir armoedeverligting ontwikkel is. Voorts is dokumentering van die kultuurhistoriese erfenis van die nedersetting verwaarloos en het diegene wat die kennis kan oordra alreeds 'n hoë ouderdom bereik. Om dié rede is daar met hierdie studie gepoog om 'n bydrae te lewer tot die opteken van die geskiedenis van blanke armoedeverligting, die bepaalde streeksgeskiedenis sowel as die maatskaplike aspekte van die hidrologiese geskiedenis van Suid-Afrika.

Hierdie studie het nie net die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnedersetting as 'n selfwerksame armoedeverligtinginisiatief vir blankes ondersoek nie, maar het daarby die ekonomiese volhoubaarheid van die nedersetting bestudeer. Daarbenewens is die nedersetting as armoedeverligtingsprojek geëvalueer, om te bepaal in watter mate dit geslaagd was of nie. Derhalwe is daar gepoog om vas te stel in watter mate die armoedeverligting van die pioniernedersetters 'n invloed op die lewenskwaliteit van die daaropvolgende generasies gehad het.

1.4 *Navorsingsdoelstelling*

Die hoofdoelstelling van hierdie studie is om die selfwerksame wyse waarop die besproeiingsnedersetting op Skanskopeiland gevestig en ontwikkel is, te ondersoek en dan te bepaal of dit geslaag het in die doel om die groep armblankes op 'n volhoubare wyse op te hef.

Dit behels dat die sukses van dié selfwerksame besproeiingsnedersetting op Skanskopeiland geëvalueer word in terme van sy welvaartskepping vir die nedersetters en hul nasate.

Die bydrae wat die besproeiingsnedersetting tot ekonomiese ontwikkeling in die onmiddellike omgewing gelewer het, vorm deel van die ondersoek en sluit die ontwikkeling van die landbouproduksie-, vervaardiging- en werkskeppingsektore in.

³⁷ Skanskopeiland Nederstellingbestuursraad Argief (SNBA), *Skanskop, 1938 - 1978*, pp. 1 - 8; SNBA *Skanskopeiland, 1938 - 1978*, pp. 1 - 12.

Die benutting van die rivier as 'n instrument in die vestiging van die nedersetting is ook gedokumenteer.

Hierbenewens is daar gelet op die onbewustelike invloed wat die nedersetters se samelewingsbewussyn en gemeenskaplike werksetiek op die groei en ontwikkeling van die eilandgemeenskap gehad het.

1.5 Navorsingvraagstelling

Die NGK se onderskeid tussen die armblanke wat nie 'n behoorlike bestaan sonder hulp van buite kan voer nie en diegene wat wél hul selfstandigheid en vermoë om vooruit te kom behou het,³⁸ is as vertrekpunt gebruik.

Hierdie studie het gepoog om vas te stel op watter wyse die vestiging en ontwikkeling van Skanskopeiland plaasgevind het; wat die nedersetters se dryfveer was om vanuit 'n staat van inherente armoede tot 'n redelike mate van welvaart te kon vorder; asook hoe die nedersetters deur selfwerkzaamheid en sonder enige noemenswaardige hulp van die staat vir hulself en hul kinders 'n beter lewe geskep het. Onderzoek is daarby ingestel na die sukses van die nedersetting en of dit 'n noemenswaardige invloed op die beroepssukses en lewenskwaliteit van die nedersetters se nasate gehad het.

Hierdie vraagstelling het aanleiding tot die volgende navorsingvrae gegee:

- i. Watter rol het die omgewings- en geografiese faktore in die vestiging van die besproeiingsnedersetting gespeel?
- ii. Waaruit het die inisiatief van die besproeiingsnedersetting ontwikkel? Hier sal ondersoek ingestel word na die moontlike invloed van die Carnegieverslag (1932) en die Volkskongres (1934) op die oopstel van die besproeiingsgebied, asook die rol van die tydgenootlike politieke en ekonomiese beleid t.o.v. armoedeverligting.
- iii. Watter bepaalde rol het (a) die staat en (b) die blanke nedersetter in die vestiging en ontwikkeling van die infrastruktuur op die eiland gespeel?
- iv. Op welke wyse het die landboukundige ontwikkeling plaasgevind en wat was die struikelblokke wat oorkom moes word?

³⁸ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 17.

- v. Wat was die bepaalde stoflike en geestelike kultuurhistoriese nalatenskap van die nedersetting?
- vi. Op watter wyse het die sosio-ekonomiese gevolge van die vestiging van Skanskopeiland as besproeiingsnedersetting, die lewenskwaliteit van die pioniernedersetters en hul nasate beïnvloed.

1.6 Navorsingsmetode

Hierdie studie kombineer 'n verskeidenheid navorsingsmetodes:

Die eerste gedeelte van die studie bestaan grotendeels uit 'n kwalitatiewe ondersoek na die vestigings- en ontwikkelingsgeskiedenis van die Skanskop-besproeiingsnedersetting op die vlakke van die ekonomiese, sosiale en kulturele geskiedenis. Hierdie gedeelte bevat 'n histories-wetenskaplike ondersoek, wat binne die raamwerk van die hermeneutiese verstaansmetode soos toegepas in die wetenskaplike geskiedskrywing uitgevoer word. Dié werkwyse sluit die volgende in: Die identifisering van die onderwerp, asook die insameling en sistematiese ordening van bronne (heuristiek); die kritiese beoordeling van die bronne (kritiek) en die interpretasie van die inligting wat ingesamel is (hermeneutiek). Laastens is daar verslag gedoen van die interpretasie. Die studie volg 'n benadering wat beskrywing, ontleding en beoordeling kombineer.³⁹

Volgens Fouché en Delport is die kwalitatiewe navorser baie meer daarop toegespits om die menslike handeling te beskryf en te verstaan (*verstehen*) as wat hy/sy die handeling wil verduidelik en voorspel.⁴⁰

Best en Kahn meen dat kwalitatiewe navorsing gekenmerk word deur die gebruik van veral drie metodes om data in te win, naamlik diepgaande oop-onderhoude, direkte waarnemings en geskrewe dokumente.⁴¹

Die tweede gedeelte van die studie wat uit empiriese navorsing bestaan, behels 'n kwantitatiewe ondersoek waarin 'n gestruktureerde vraelys wat vir die studie as meetinstrument ontwerp is, gebruik is.

³⁹ J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede – Aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*, p. 35.

⁴⁰ C.B. Fouche & C.S.L. Delport, in De Vos *et al.*, *Research at Grassroots*, p. 65.

⁴¹ J.W. Best & J.V. Kahn, *Research in education*, p. 184.

Die kwalitatiewe navorsing is derhalwe gekenmerk deur die interpreterende en beskrywende aard daarvan, waarteenoor daar met die kwantitatiewe ondersoek 'n statistiese ontleding van die vraelys, asook rapportering van die resultate gedoen is.

1.7 *Primêre navorsing*

Baie van die belangrikste gegewens vir hierdie studie is in primêre argivale bronne vervat. Ongepubliseerde memoires, korrespondensie, briewe, dokumente en foto's in privaatbesit, asook plaaslike en sentrale owerheidsargiewe is geraadpleeg. Dit sluit in die Nasionale Argiefdiens van Suid-Afrika, die argief van die Skanskopeilandnederstelling, die streeksargief van die Departement van Waterwese op Uppington, asook die kantoor van die landmeter-generaal te Bloemfontein. Daar is gepoog om toegang tot die plaaslike Rooms-Katolieke kerk se argief te verkry, maar toegang daartoe is geweier. Eksterne en interne kritiek is op hierdie primêre bronne toegepas. Die betroubaarheid en geloofwaardigheid daarvan is met behulp van beskikbare bronne geverifieer.

Visuele bronne soos foto's, kaarte, dokumente en sketse is waar moontlik aangewend om die teks toe te lig en die studieterrein te belig. Daar is heelwat besoeke aan die terrein van navorsing gebring. Oorspronklike oorblyfsels soos huisvesting en waterwerke van die eerste vestigingstydperk is waar moontlik, gedokumenteer deur foto's en sketse. Aantekeninge omtrent die terrein is ten spyte van die natuurlike veranderinge wat oor die verloop van ses-en-sewentig jaar plaasgevind het so volledig en akkuraat as moontlik gemaak. Pretorius beklemtoon die betekenis van 'n geskiedkundige terrein vir so 'n studie:

Geschiedkundige terreine is sigbare en tastbare getuïenis van wat in die verlede plaasgevind het en moet in samehang bestudeer word met geskrewe dokumente wat bewaar gebly het. Dit is ook noodsaaklik om getuïenis uit mondelinge oorleweringe met die werklike terrein te kontroleer.⁴²

Mondelinge onderhoude is 'n belangrike primêre bron vir hierdie studie. Die navorser het gestruktureerde én ongestruktureerde onderhoude gevoer met nasate van die nedersetters. Dié metode het die navorser in staat gestel om deur die persoonlike ervarings van die

⁴² J.C. Pretorius, "n Bronne-indeling vir Kultuurgeskiedenis", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 5, nr. 1, 1990, p. 7.

respondente 'n beeld van die daaglikse doen en late van die nedersetters te vorm, soos in die mondelinge tradisie oorgedra.

Babbie verwys hierna as 'n "binnekring-perspektief" wat die interpretasie van die verledenswerklikheid vergemaklik.⁴³ Dit sluit aan by die hermeneutiese verstaansmetode waarbinne die studie gedoen is, omdat daar op beskryf en verstaan gefokus is. Die navorser het met die dokumentering van die onderhoude gepoog om 'n beter geheelbeeld van die vestigingstydperk te kry. Die mondelinge geskiedenis was veral van groot belang vir die dokumentering van die kultuurhistoriese aspek van die nedersetting. Omdat respondente van die studiepulasie as kinders en tieners deel was van die vestigingsproses op Skanskopeiland, is hier sprake van 'n eiesoortige perspektief en beoordeling van die bepaalde tydperk.

Pretorius is van mening dat mondelinge geskiedenis van groot waarde vir die geheelbeeld van 'n samelewing is:

Dit is belangrik om te onthou dat mondelinge bronne, net soos tasbare bronne, soms die enigste bronne is by 'n studie van die kultuurgeskiedenis van mense wat geen geskifte nagelaat het nie.⁴⁴

Dié mondelinge getuienis is met behulp van 'n digitale opnemer ingesamel en is elektronies verwerk. Die data is sover moontlik krities beoordeel en die betroubaarheid daarvan met behulp van ander beskikbare bronne geverifieer, om sodoende tot 'n akkurate interpretasie van die gebeure te kom. In 'n poging om op 'n betroubare wyse verslag te doen van die selfwerksame werkswyse, emosionele belewenis en ervarings van die nedersetters, asook prestasies wat bereik is, is vergelykings getref tussen mondelinge getuienis oor bepaalde sake. Die doel van die ondersoek was om 'n duidelike en gedetailleerde verslag en 'n betroubare voorstelling van die optredes van die verlede te gee, sodat daar 'n beter begrip vir die ontwikkeling van Skanskopeiland na vore sou kom.

⁴³ E. Babbie & J. Mouton, *The Practice of Social Research*, p. 53.

⁴⁴ J.C. Pretorius, "n Bronne-indeling vir...", p. 8.

Pretorius maak die volgende opmerking in verband met mondelinge oorlewering:

Omdat 'n groot deel van bogenoemde volkskundige inligting slegs deur mondelinge oorlewering van generasie tot generasie oorgedra word, is dit 'n uiters verganklike bron, wat deur middel van veldwerk met sy eie besondere tegniek, ontgin moet word.⁴⁵

Respondente wat deelgeneem het aan enige mondelinge onderhoude is ten volle deur die navorser ingelig oor die doel en gebruik van die navorsing. Daar is met besondere deernis en respek met die inligting omgegaan, veral omdat daar meestal met ouer mense onderhoude gevoer is.

Akoma beskryf herinneringe as deel van die faktore wat die menslike bewussyn bepaal. Hy haal die Franse historikus, Pierre Nora, aan om sy siening te verduidelik:

Memory is life, borne by living societies founded in its name. It remains in permanent evolution, open to the dialectic of remembering and forgetting, unconscious of its successive deformations, vulnerable to manipulation and appropriation, susceptible to being long dormant and periodically revived.⁴⁶

Die onderhoude het dikwels oomblikke van intens-emosionele en pynlike herinneringe opgelewer. Groenewald meen egter dat herinnering die enigste manier is waarop die mens toegang kan kry tot 'n vorm van realiteit of waarheid oor die verlede.⁴⁷

1.8 Sekondêre navorsing (Literatuurstudie)

'n Omvattende literatuurstudie van die beskikbare en relevante sekondêre literatuur is onderneem. Sekondêre bronne het enige gepubliseerde en ongepubliseerde werke wat handel oor die Benede-Oranjerivierstreek in die betrokke tydperk, die armblanke-kwessie en die besproeiingsgeskiedenis, ingesluit, soos byvoorbeeld toepaslike boeke, tydskrifartikels, verhandelings en verslae. Werke oor die ekonomiese, politieke en sosiale geskiedenis in Suid-

⁴⁵ J.C. Pretorius, "n Bronne-indeling vir...", p. 8.

⁴⁶ C. Akoma, "The 'Trick' of Narratives: History, Memory and Performance in Toni Morrison's Paradise", *Journal of Oral Tradition*, vol. 15, no. 1, 2000, p. 4.

⁴⁷ I. Groenewald, "Die problematiek van onthou: die proses van herinnering in Antjie Krog se *Country of My Skull*", *Journal of Literary Studies*, Des. 2008, p. 66.

Afrika is gebruik om 'n breër agtergrond van blanke armoede in die eerste vier dekades van die twintigste eeu te skets.

'n Soektog na bronne oor die vestiging en ontwikkeling van die besproeiingsnederstelling op Skanskopeiland is onderneem. Die volgende databasisse is geraadpleeg: Nexus, FerdiKat, Sabinet, JSTOR, EbscoHost en Google Scholar. Dié soektog het aan die lig gebring dat baie meestersgraad- en doktorale studies, geskrifte en artikels ondersoek instel na blanke armoede, werk- en arbeidskolonies wat onder die NGK se vaandel tot stand gekom het, staatsgesubsidieerde besproeiingskemas wat vir blanke armoedeverligting aangewend is, asook die Carnegiekommissie se ondersoek na blanke armoede. Behalwe 'n geografiese meestersgraadstudie (1950) oor Kanoneiland en twee boeke oor die geskiedenis van Kanoneiland is geen diepgaande navorsing oor 'n selfwerkse besproeiingsnederstelling soortgelyk aan Skanskopeiland opgespoor nie.⁴⁸

Omdat die teorie oor en kriteria vir armoedeverligting vandag baie anders daar uitsien as in die tydperk van ondersoek (1937-1964) is daar in hierdie studie en navorsing meer klem gelê op literatuur uit die tydperk van die studie. Eietydse bronne is ook geraadpleeg.

'n Verskeidenheid bronne oor blanke armoede is beskikbaar, omdat dié kwessie vanaf 1886 tot 1940 baie aandag geniet het. Die volgende is veral relevant vir hierdie studie:

- Die verslag van die Carnegiekommissie oor die armblankevraagstuk in Suid-Afrika. Die verslag is van groot waarde vir die studie, omdat blanke armoede in die tydperk 1927 - 1932 vir die eerste maal wetenskaplik ondersoek is.
- Die verslag van die Volkskongres oor die armblankes (1934). Die kongres het uitsluitlik gefokus op die formulering van oplossings vir die armblankevraagstuk.
- Die verslag van die Ekonomiese Volkskongres (1939).
- Argiefnavorsing, wat insluit die nasionale argiefdiens van Suid-Afrika, die argief van die Skanskopeilandnederstelling, die streeksargief van die Departement van Waterwese (tans die Departement van Water en Sanitasie⁴⁹) op Upington.

⁴⁸ P.J. Cornelissen, *'n Geografiese studie van die besproeiingsnederstelling op Kanoneiland* (ongepub. M.A.-verhandeling, US, 1950); J.J. Strydom, *Kanoneiland*, 1948.

⁴⁹ Die Departement van Waterwese het na die 2014-verkiezing 'n naamsverandering ondergaan.

- Enige toepaslike bronne oor die Afrikaner en sy geskiedenis, asook eietydse navorsing oor Afrikaner-armoede in die eerste vier dekades van die twintigste eeu. Werke van onder meer J.H. Coetzee, M.H. de Kock, H. Giliomee, J.J. Bottomley en E.J. Bottomley, W.M. Macmillan, S. Patterson, J. Iliffe, R. Morrell, asook P.J. van der Merwe, is hier van belang.
- Publikasies van die Unie van Suid-Afrika wat verband hou met armoedeverligting onder blankes en besproeiingsgeskiedenis.
- Artikels oor die tydgenootlike besproeiingsgeskiedenis en armoedeverligting, soos geskryf deur onder meer J. de Villiers, M. du Toit, M. Legassick, P.J.H. Snyman, P. Townsend, J.W.N. Tempelhoff, D. Trotskie, A. Turton, R. Vosloo, A. Teppo, N. Roos, J. Seekings en G. Verhoef is bestudeer.

1.9 *Empiriese studie*

Benewens die kwalitatiewe studie oor die vestiging en ontwikkeling van die nedersetting is daar gepoog om die sukses en ekonomiese volhoubaarheid van die opheffing te bepaal. Die navorser het probeer vasstel wat die uitwerking van die opheffingsinisiatief op die nedersetters en hul nasate was. Die gestruktureerde vraelys wat vir hierdie doeleinde as meetinstrument ontwerp is met behulp van die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit (NWU), is aan die hand van die etiese riglyne van die NWU opgestel. Die navorsingsmetodiek asook die vraelys van die studie is aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte se Navorsingsetiekkomitee voorgelê en goedkeuring is verkry.

Die teikenpopulasie van die kwantitatiewe ondersoek was die nasate van die 63 pioniernedersetters en is toegespits op die tweede generasie (kinders) en derde generasie (kleinkinders) van die pioniernedersetters. Daar is gepoog om soveel as moontlik van die oorspronklike pioniernedersetters se nasate deur middel van 'n sneeubalsteekproef-metode⁵⁰ op te spoor. Die gewillige respondente wat deelgeneem het aan die studie, is as die studiepopulasie geïdentifiseer.

⁵⁰ C. Noy, "Sampling knowledge: The hermeneutics of snowball sampling in qualitative research", *International Journal of Social Research Methodology*, vol. 11, no. 4, Oct. 2008, p. 4.

Met behulp van die vraelys het die navorser gepoog om data oor die studiepulasie se beroepskwalifikasie en vlak van algemene welvaart in te samel, om daarmee die invloed van die opheffingsinisiatief op die nasate se lewe te bepaal. Noy beskryf die sneeubalsteekproef as 'n metode waarmee die navorser respondente opspoor deur kontakinligting by ánder respondente te kry. Hy meen dat dié metode baie effektief is:

Snowball sampling is arguably the most widely employed method of sampling in qualitative research in various disciplines across the social sciences.⁵¹

Volgens Louw kan die sneeubalsteekproef 'n besondere bydrae lewer tot 'n kwalitatiewe studie, omdat dit gemik is op die identifisering van moeilik bekombare deelnemers.⁵²

Omdat die sneeubalsteekproefmetode gebruik is, was dit nie moontlik om 'n voorafbepaalde getal respondente te identifiseer nie.

Respondente van die studiepulasie wat deelgeneem het aan die vraelyste is voorts deur die navorser ten volle ingelig oor die doel en gebruik van die navorsing. Respondente se instemming tot deelname is verkry deur die ondertekening van 'n vorm. 'n Afskrif hiervan is aan die etiese komitee voorgelê. Professionele etiek is deurgaans nagestreef. Met inagneming van etiese grondslae is privaatheid en vertroulikheid, waar versoek deur respondente, ten alle tye gerespekteer.

Die navorser het gepoog om in alle opsigte te voldoen aan die etiese riglyne soos neergelê deur die Noordwes-Universiteit. Die navorser het onderneem om nie plagiaat te pleeg nie, eerlik en onpartydig te werk te gaan, om geen data aan te pas of te manipuleer nie en ook om alle bronne wat gebruik is, getrou aan te stip.

Die data is statisties ontleed en die navorsingsvraag is daaraan getoets. Volgens Fouché en Bartley is die doel van statistiese analise om data tot 'n verstaanbare vorm te verwerk, sodat die navorsingsvraag bestudeer en getoets kan word en deur interpretasie van die data tot 'n

⁵¹ C. Noy, "Sampling knowledge: the hermeneutics of snowball...", p. 4.

⁵² D. Louw, *Sibbe van kinders met outisme se belewenis in die gesin*, (ongepub. MD-verhandeling, Unisa, 2006).

gevolgtrekking gekom kan word.⁵³ Die data is deur die Statistiese Konsultasiediens (SKD) van Noordwes-Universiteit statisties ontleed, met behulp van die rekenaarpakket SAS.⁵⁴

1.9.1 Die metode van data-analise

Beskrywende statistiek soos gemiddeldes en frekwensies is gebruik om die studiepopulasie te beskryf en response daaruit verkry te interpreteer. Om verskille tussen die gemiddeldes van afhanklike groepe te kry, is van Cohen se effekgrootte d gebruik gemaak om sodoende die interpretasies te doen.

Kriteria vir Cohen se effekgroottes is die volgende: klein effek: $d = |0.1|$; medium effek en waarneembaar met die blote oog: $d = |0.5|$; groot effek en prakties betekenisvol: $d \geq |0.8|$.

Om verbande tussen kategorieë veranderlikes te identifiseer, is phi-kwasiënt bereken. Volgens Cohen gee die grootte van die phi-kwasiënt die sterkte van die verband tussen twee kategorieë veranderlikes weer. Kriteria vir die interpretasie van die phi-kwasiënt is die volgende: $\Phi = |0.1|$ (klein verband); $\Phi = |0.3|$ (medium verband, waarneembaar met die blote oog) en $\Phi \geq |0.5|$ (groot en prakties betekenisvolle verband).

Let daarop dat daar op bogenoemde metodes besluit is om data-analises te rapporteer en te interpreteer, omdat die studiepopulasie 'n beskikbaarheidsteekproef was. Daar is derhalwe geen inferensiële statistiek (p-waardes) gebruik vir interpretasie van statistiese analyses nie, omdat geen ewekansige steekproefneming plaasgevind het nie.

Enkele oop vrae in die vraelys wat nie statisties ontleedbaar was nie, is deur die navorser kwalitatief geïnterpreteer.

Struwig haal Patton aan wat meen dat die gebruik van die gemengde-metode-navorsingstegniek kan bydra tot die geldigheid en betroubaarheid van 'n bepaalde studie.⁵⁵ Dié sienswyse word deur Delport en Fouche bevestig:

The researcher *first* explores a phenomenon by identifying qualitative themes, and then uses that information to guide a subsequent quantitative examination

⁵³ C.B. Fouche & A. Bartley in De Vos *et al.*, *Research at...*, p. 249.

⁵⁴ SAS Institute Inc. 2011. The SAS system for Windows release 9.3. TS Level 1M3. Cary, NC.

⁵⁵ F.W. Struwig & G.W. Stead, *Planning designing and reporting research*, pp. 18, 19.

of the initial qualitative results, such as developing a measurement instrument based on the qualitative results.⁵⁶

Die empiriese studie het derhalwe bygedra tot die geldigheid en betroubaarheid van die studie.

1.10 Uiteensetting van hoofstukke

Hoofstuk 1: Inleiding

In hierdie inleidende hoofstuk word die agtergrond van die studie geskets. Toepaslike begrippe soos armoede en selfwerkzaamheid word kortliks bespreek en 'n samevatting van die belangrikste oorsake van blanke armoede word gedoen.

Die probleemstelling, navorsingsdoelstellings en -doelwitte, asook die rigtinggewende argumente word hierin uiteengesit. 'n Kort oorsig oor die toepaslike literatuur word beskryf, sowel as die metode van ondersoek wat gebruik is.

Hoofstuk 2: Historiese agtergrond van Skanskopeilandbesproeiingsnederstelling

'n Beknopte oorsig van Keimoes se ontwikkeling word geskets, asook 'n kort historiese oorsig oor die agtergrond van die armblanke-kwessie tot ongeveer 1934 en die besproeiingskemas wat in die vroeë twintigste eeu gevestig is as opheffingsinisiatief vir armblankes. Die Carnegieverslag se aanbevelings, asook die moontlike oplossings wat die Volkskongres van 1934 voorgestel het, word voorts opsommend bespreek.

Hoofstuk 3: Vestigingsgeskiedenis (1921 - 1940)

In die hoofstuk word eerstens 'n algemene beeld van die Noord-Kaap en die omgewing van die studieterrein, die landboupotensiaal van die Benede-Oranje en die rol van die rivier in die omgewing se landbou geskets. Daarop volg 'n beskrywing van Skanskopeiland se vestigingsgeskiedenis vanaf 1933 - 1940: Die rol van die staat en die nedersetter in die vestiging van die nedersetting op Skanskopeiland en die problematiese verhouding tussen Skanskopeiland en Rooikopeiland sal onder meer bespreek word.

Hoofstuk 4: Vroeë ontwikkeling van Skanskopeiland (1941 - 1949)

Hier word gekyk na die begin van winsgewende produksie van die nedersetting, asook die verkryging van selfstandige bestuur in 1947. Ander kwessies wat ondersoek word, is die

⁵⁶ C.B. Fouche & A. Bartley in De Vos *et al.*, *Research at...*, p. 249.

gepaardgaande probleme wat die eilandbestuur daaglik moes hanteer, soos byvoorbeeld die voortgesette probleme met Rooikopeiland, watervoorsiening, asook die wel en wee van die nedersetters op die eiland.

Hoofstuk 5: Verdere ontwikkeling van Skanskopeiland (1950 - 1964)

Ooutonome bestuur en die probleme wat die bestuur van die nedersetting ondervind het, word bespreek. Voorts word natuurrampe, asook die verdere ontwikkeling en groei van die nedersetting aangeteken.

Hoofstuk 6: Kultuurhistoriese aspekte van die samelewing op Skanskopeiland

Aspekte wat aangeraak word is die daaglikse doen en late, asook die kultuurhistoriese nalatenskap van die nedersetters.

Hoofstuk 7: Die volhoubaarheid van die nedersetting

Die bydrae wat die eilandnedersetting tot die ekonomie van die onmiddellike omgewing lewer, asook die sosio-ekonomiese gevolge vir die pioniernedersetters en hul nasate word in die hoofstuk bespreek. Voorts word die data van die vraelys gerapporteer en geïnterpreteer.

Hoofstuk 8: Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die navorsingsresultate gegee, asook die bevindinge van die empiriese studie. Aanbevelings vir moontlike verdere studie word hierin vermeld.

Bronnelys

Bylae

Die vraelyspakket, kaarte en ander dokumente van belang is hierin opgeneem.

HOOFSTUK 2

Historiese agtergrond van Skanskopeilandbesproeiingsnederstelling

2.1 Oorsake van armoede

Alcock argumenteer met reg dat armoede 'n produk van die geskiedenis is en dat sekere sosio-ekonomiese omstandighede bepalend is vir die ontstaan en groei van armoede.¹ Dit was grootliks die geval in Suid-Afrika, waar die groeiende blanke armoede aan die begin van die twintigste eeu veral gevoed is deur die tydgenootlike sosio-ekonomiese klimaat, asook omgewingsfaktore en natuurrampe.

Bottomley haal Van Onselen aan wat meen dat na die ontdekking en ontginning van Suid-Afrika se minerale rykdom, die Z.A.R. met sy eenvoudige landbou-ekonomie binne dertig jaar omgeskakel het na 'n kolonie met een van die wêreld se grootste en tegnologies gevorderde goudmynbedrywe. In dié traumatiese periode waarbinne oorloë, veesiektes, natuurrampe en arbeidsonrus voorgekom het, was daar vier regerings wat oor die oorgang toesig gehou het.²

Die uitbreek van runderpes (1896 - 1897), het 'n beduidende invloed op die winsgewende veeboerdery in Suid-Afrika gehad. Veekuddes en wild dwarsoor Suid-Afrika is aangetas en in sommige streke grootliks uitgewis. Van Onselen argumenteer dat ongeveer 35% van die Kaapkolonie se veekudde uitgewis is, terwyl daar in die Transkei 'n 95% verlies van veekuddes aangeteken is.³ In die ergste geteisterde streke het welvarende boere oornag verarm.

Daarbenewens meen Bottomley dat die runderpes die transportryersbedryf 'n nekslag toegedien het en daardeur baie boere se lewensaar afgesny het. Trekosse is deur die runderpes uitgewis, goedere kon nie vervoer word nie en talle markte het verlore gegaan. Dit het tot gevolg gehad dat beide die transportryer en veeboer verarm het, omdat hul bestaansbasis uitgewis is.⁴ Baie verarmdes het as bywoners 'n heenkome by meer welvarende boere gesoek. Daar was sprake van 'n bepaalde agtergeblewenheid wat ontwikkel is.⁵

¹ P. Alcock, *Understanding...*, p. 25.

² E. Bottomley, *Armblankes*, p. 26.

³ C. van Onselen, "Reactions to the Rinderpest in Southern Africa, 1896 – 1897", *Journal of African History*, vol. 13, no. 3, 1972, p. 484.

⁴ J. Bottomley, "The South African Rebellion of 1914...", p. 5.

⁵ J.W.N. Tempelhoff, "Omgewingslagoffers of armblankes? Water en welvaartskepping in die era van Hertzog (1924 - 1939)", *35e Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing*, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 21/09/2006, p. 6.

Snyman redeneer dat die veesiektes baie bygedra het tot verarming van wit én swart mense. In die Noord-Kaap is suiwelboerdery waarmee kontant verdien is en werk verskaf is uitgewis. Verarming in die distrik Postmasburg was byvoorbeeld so erg dat die plaaslike geneesheer die dorp in 1898 verlaat het, omdat hy weens die heersende armoede nie 'n bestaan kon maak nie. Die nood op landbougebied in die Noord-Kaap in die distrik van Kuruman en Hay was so haglik dat die regering in 1899 'n ondersoek daarna gelas het, waarin bevind is dat die enigste wyse waarop boere kon oorleef, liefdadigheidsaalmoese en die jag van wild was. Te midde van die rampspoed het die Anglo-Boereoorlog in 1899 uitgebreek en is enige verdere hulp aan boere opgeskort.⁶

Die daaropvolgende arbeidsonrus tussen 1913 en 1922,⁷ die Rebelle van 1914, Spaanse Griep (1918), die wêreldwye depressie (1929 - 1933), asook die aanhoudende droogtes en sprinkaanplae wat rampafmetings aangeneem het, was faktore wat die armoede en probleme in die landbou-ekonomie vererger het.⁸

Daar is verskillende beskouings oor die mate van invloed wat elk van die gebeure op die sosio-ekonomiese toestand van die Afrikaner gehad het, veral op die Afrikaner-landbouers.

O'Meara meen dat die landbousektor die ergste geraak is deur die depressie, as gevolg van die dalende uitvoerpryse en krimpende binnelandse markte, wat tesame met die knellende droogte gelei het tot 'n daling van 42% van alle landbouproduksie.⁹

De Villiers redeneer op sy beurt dat veral drie ingrypende gebeurtenisse in die eerste helfte van die twintigste eeu armoede in Suid-Afrika vergroot het, nl. die Anglo-Boereoorlog (1899 - 1902), die ekonomiese uitwerking van die Eerste Wêreldoorlog (1914 - 1918), en die verwoestende effek van die depressie (1929 - 1933) wat die hele wêreld getref het.¹⁰


⁶ P.H.R. Snyman, "Die bydrae van droogtes en veesiektes tot die verarming van die landboubevolking...", pp. 11 - 12.

⁷ D.W. Kruger (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 520.

⁸ H. Giliomee, *Die Afrikaners...*, pp. 268 - 270.

⁹ D. O'Meara, *Volkskapitalisme, Class, capital...*, p. 37.

¹⁰ J. de Villiers, "Sosio-ekonomiese dimensies...", p. 168.



Figuur 2.1: Kaart van die droogte-geteisterde gebiede 1926 - 1939.¹¹

Coetzee meen dat die Anglo-Boereoorlog (1899 - 1902) met die verskroeiende-aarde-beleid, asook die Afrikaner-rebellie (1914 - 1915), wat plaasgevind het binne die ekonomiese ontwrigting van 'n wêreldoorlog, 'n vernietigende uitwerking op die Afrikaner gehad het. Die voormalige republieke se landbou-ekonomie is feitlik in sy geheel uitgewis deur die verskroeiende aarde-beleid. Daarbenewens is nie net geslagte in die oorlog uitgewis nie, maar was talle welgestelde boere gevolglik nie meer in staat om die voor-oorlogse lewenspeil te handhaaf nie. Coetzee haal lord Alfred Milner aan wat die verwoesting na die Anglo-Boere-oorlog as volg beskryf:

The state of the country is horrible, death and devastation everywhere...; The country is quiet, only it is a complete wreck...without inhabitants and almost without cultivation.¹²

Volgens Verhoef deel Scholtz die siening en meen hy dat daar selfs in die twee groot wêreldoorloë van die twintigste eeu nie naastenby soveel verwoesting aangerig is as wat Transvaal en die Oranje-Vrystaat in die Tweede Vryheidsoorlog moes verduur nie.¹³

¹¹ J.H. Moolman, "The Orange River, South Africa", *Geographical Review*, American Geographical Society, vol. 36, no. 4, Oct. 1946, p. 656.

¹² J.H. Coetzee, *Verarming ...*, pp. 74 - 75.

¹³ G. Verhoef, "Die stigting van instellings...", pp. 211 - 212.

Die ontheemde boere, baie ook Kaapse rebelle, van wie sommige lank in ballingskap of op vlug met kommando's was, het na 'n veranderde ekonomiese, sosiale en politieke omgewing teruggekeer, waar die Britse regering aan bewind was. Waar 'n stedelike Afrikaner voor die oorlog 'n hoë uitsondering was, was daar teen 1904 bykans 40,000 van die ongeveer 630,000 Afrikaners in die nege groot stedelike gebiede.¹⁴ Tempelhoff meen dat hier sprake is van 'n bepaalde omgewingslagofferskap; armblankes was omgewingsvlugteling wat van een kolonie na 'n ander verhuis het en daardeur interne ontheemde mense geword het.¹⁵



Figuur 2.2: Verwoesting van 'n plaashuis tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899 – 1902.¹⁶

Benewens omgewingsfaktore was daar die invloed van die nuwe ekonomiese strominge en moderne besigheidspraktyk. Baie boere het plase verlaat om 'n beter lewe as wat die boerdery hulle kon bied op ander terreine te soek, maar het gesukkel om by die veranderde ekonomiese landskap aan te pas. Talle boeregesinne het hierdeur op die trekpad beland.¹⁷

Grosskopf dui aan dat veral die kwesbaarste mense gedwing is om die plase te verlaat:

Dit sal veral die geval wees by die onderste range van die boeresamelewing, en meer besonderlik by die persone wat nie eie grond besit, of kapitaal genoeg het om te huur nie.¹⁸

¹⁴ E. P. du Plessis (samesteller), *'n Volk staan op...*, p. 12.

¹⁵ J.W.N. Tempelhoff, "Omgewingslagoffers of armblankes?...", p. 6.

¹⁶ A. Grundling & B. Nasson (red.), *Die Oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog*, p. 65.

¹⁷ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 79.

¹⁸ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 79.

Grond het stadigaan in die hande van groot grondbesitters gekom, soos blyk uit die statistiek van die vermindering van die bevolking in die omgewing van Adelaide.¹⁹ Dieselfde beginsel het waarskynlik ook in ander boerderystreke gegeld, waardeur baie voormalige bywoners of grondeienaars sonder heenkome gelaat is. Met die toepassing van moderne boerderypraktyke is plase maklik gekonsolideer en bewerk, dus het die tradisionele bywonerstelsel oorbodig geword.²⁰ Die gepaardgaande plaasverlating het 'n diepgaande uitwerking op bevolkingsmigrasie gehad, soos die volgende statistiek aandui:

In 1890 was 28,2 persent van die blanke inwoners van die Transvaalse Republiek uit die Kaapkolonie afkomstig, 11 persent uit die Vrystaat en 3,9 persent uit ander dele van Suid-Afrika. Ná 1910 het hulle status verander. Ten tye van die 1926-sensus was 20,6 persent Kapenaars, 29,3 persent Vrystaters, 19,3 persent Natallers en 9,6 persent Transvalers nie meer in hul provinsie van geboorte woonagtig nie.²¹

Die swak ekonomiese toestande en droogte, wat in sommige gebiede baie lank geduur het, was vir baie boere en besighede die laaste bastion wat geval het en het 'n erg verswarende uitwerking op die landbousektor gehad, sodat natuurlike herstel feitlik onmoontlik was.²² Turton beskryf die droogte wat op sommige plekke reeds in 1930 begin het, as een van die mees ernstige droogtes in die twintigste eeu. Meer as 6 miljoen skape het gevrek. By dorpe soos Hopetown kon die Vaalrivier droogvoets oorgesteek word.²³

Bottomley argumenteer dat plase en plattelandse gebiede die swaarste deur die ekonomiese depressie getref is. As voorbeeld dui hy aan dat die waarde van landbouprodukte wat in 1932 op die eksterne mark verkoop is, slegs 36% van die waarde was as wat dit vier jaar vroeër werd was. Die totale waarde van bv. mielies, wat die vernaamste landbouprodukt van Suid-Afrika was, het tussen 1929 en 1932 gehalveer. Dit was ook die geval met die gemiddelde waarde van vee, terwyl die gemiddelde waarde van wol met 70% gedaal het.²⁴

¹⁹ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 79.

²⁰ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 135.

²¹ J.W.N. Tempelhoff, "Omgewingslagoffers of armblankes?...", p. 7.

²² G. Verhoef, "Die stigting van instellings as werktuie...", p. 212.

²³ A.R. Turton *et al.*, "A hydropolitical history of South Africa's international river basins", *Report to the Water Research Commission*, p. 50.

²⁴ E. Bottomley, *Armblankes*, pp. 120 - 121.

Berigte van grootskaalse veevrektes en moedelose boere op die trekpad, was aan die orde van die dag. Die *Cape Times* berig in Oktober 1933 as volg hieroor:

Col. Deneys Reitz, Minister of Lands, stated that he had set aside £50,000 to alleviate distress among homeless farmers. A quarter of a million people were now being fed by the government.²⁵

In 1932 het die Carnegie-kommissie na 'n landswye ondersoek bevind dat bykans 17.5% van die totale blanke bevolking van Suid-Afrika, as armblikes geklassifiseer kon word.²⁶ Die feite-insameling is gedoen voor die uitwerking van die depressie op die ekonomie ten volle bepaal is. Die verarming het oor geslagte gestrek. Grosskopf skryf as volg hieroor:

Dit is nie altyd maklik om betroubare inligting te kry nie. Dog by 139 arm mense van landelike herkoms in alle dele van die land (middeljarige en ouer mense) waar persoonlike ondersoek moontlik was, het geblyk dat 83, (60 persent) die kinders was van vaders wat self geen grondbesit het nie.²⁷

Die kommissie het die agteruitgang en verarming veral aan die onvermoë om by die moderne ekonomiese toestande aan te pas, die isolasie van die plattelandse bevolking, asook die gevolge van die ontdekking en ontginning van die minerale rykdom toegeskryf.²⁸ Iliffe deel dié siening:

It was structural poverty, longstanding and not due to the international depression or any other conjuncture, although certainly exacerbated by political and climatic insecurity.²⁹

Die Carnegieverslag het 'n nuwe nasionale bewustheid oor blanke armoede geskep. Die bevindings wat die oorsake van blanke armoede bespreek het en oplossings daarvoor aan die hand gedoen het, is versterk deur die verslag van 'n volkskongres wat in 1934 oor blanke armoede gehou is. Die Volkskongres is onmiddellik opgevolg deur 'n kerklike armsorg-konferensie van die NG kerk.³⁰ Kerk en staat het as vennote saamgewerk in die proses om oplossings te vind vir die ontstellende armoede onder blanke Afrikaners.

²⁵ V. Alhadeff, *A newspaper history of South Africa*, p. 57.

²⁶ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. vii.

²⁷ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 134.

²⁸ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. viii.

²⁹ J. Iliffe, *The African Poor...*, p. 117.

³⁰ E. P. du Plessis (samesteller), *'n Volk staan op...*, p. 43.

In afdelings 2.5.1 - 2.5.2 van hierdie hoofstuk word die aanbevelings van die Carnegiekommissie en die Volkskongres t.o.v. armoedeverligting en besproeiingsnedersettings meer breedvoerig bespreek.³¹

2.2 Pogings van die kerk en staat om blanke armoede te bekamp

Bottomley is van mening dat die *Transvaal Indigency Commission* (1906 - 1908) wat aangestel is deur lord Selborne om ondersoek na armoede te doen, die belangwekkendste van die vroeë ondersoeke na armoede is, omdat dit die bestaan van armoede as 'n nasionale vraagstuk bevestig het.³² Macmillan, wat bekendheid verwerf het met sy wetenskaplike ondersoeke ten opsigte van die ontwikkeling van die sosiale gelaagdheid tussen ryk en arm in die Suid-Afrikaanse boerderygemeenskap,³³ was met die skryf van sy baanbrekerswerk *The South African Agrarian problem and its history* (1919) van mening dat bykans een twintigste van die blanke bevolking van Suid-Afrika in uiterste armoede leef.³⁴ Soos Grosskopf het hy geargumenteer dat die armblankes grotendeels uit die landelike bevolking afkomstig was.³⁵

Alhoewel die moontlikheid van besproeiingsprojekte aan die Oranjerivier reeds in die 1880's en 1890's ondersoek is, het dit a.g.v. die koste daaraan verbonde, die tekort aan infrastruktuur, asook die uitbreek van die Anglo-Boereoorloë nooit gerealiseer nie.³⁶ Die landmeter Thomas Bain, wat in 1886 'n uitgebreide ondersoek in die gebied onderneem het, het in sy verslag gemeld dat die intensiewe gebruik van die vrugbare grond aan die oewers van die Oranjerivier groot potensiaal ingehou het.³⁷ Die NGK se Koranna-sendingstasie by Olyvenhoutsdrift aan die Oranjerivier, wat deur eerwaarde C.W. Schröder, 'n sendeling van die NGK gevestig is,³⁸ het volgens Bain alreeds in 1872 gebruik gemaak van besproeiing op klein skaal.³⁹

Die NGK het reeds vanaf 1886 hom intens bemoei met die groeiende armblanke-kwessie. Die Helpmekaarbeweging, wat oorspronklik in 1915 gestig is om rebelle uit geldelike verknorsings

³¹ Sien afdelings 2.5.1 – 2.5.2, pp. 47 – 56.

³² E. Bottomley, *Armblankes*, pp. 46 & 56; L. Lange, *White, Poor, and Angry: White Working Class Families in Johannesburg*, p. 136.

³³ C. Saunders, *The making of...*, p. 63.

³⁴ W.M. Macmillan, *The South African agrarian problem and its historical development*, p. 15; S. Patterson, *The last Trek: A study of the Boer people and the Afrikaner nation*, p. 140.

³⁵ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 18.

³⁶ A.R. Turton, *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 129.

³⁷ A.R. Turton, *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 118.

³⁸ I. P. du Plooy, *NG kerk Marchand, die eerste vyftig jaar van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Marchand, 1927 - 1977*, (M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1977), p. 1.

³⁹ A.R. Turton, *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 118.

te red,⁴⁰ was die laaste openbare aanmoediging wat aanleiding daartoe gegee het dat die NGK in 1916 die eerste van 'n reeks opeenvolgende volkskongresse tussen 1916 en 1933 oor die armblanke-probleem gehou het. Die kerk se betrokkenheid hierby het gelei tot opeenvolgende konferensies oor blanke verarming.⁴¹

Tydens die 1916-konferensie in Cradock is die eerste amptelike syfers rakende blanke armoede in Suid-Afrika deur die Minister van Landbou, H.C. van Heerden, bekend gemaak, wat die getal armes op 106,518 siele bereken het, of anders gestel, 8.35% van die blanke bevolking.⁴²

G. Hofmeyr het hiertydens daarop gewys dat die armoedeprobleem 'n kerksaak, 'n volksaak en 'n familiesaak geword het⁴³ en die noodsaak van optrede in dié verband as volg beskryf:

'n Volk is soos 'n skip; dit is onmoontlik dat een deel daarvan kan begin sink sonder dat die geheel gevaar loop om na benede te gaan.⁴⁴

D.F. Malan, die redakteur van *Die Burger* en latere Eerste Minister, het hierdie konferensie bygewoon en toegesprek. Hierna was hy as redakteur van *Die Burger* instrumenteel in die bevordering van die *Helpmekaarvereniging van die Kaapse Skiereiland*. Malan was aangegryp deur die lot van die arm Afrikaners en het die kwessie as 'n prioriteit van die regering beskou.⁴⁵

2.2.1 Kakamas-arbeidskolonie

Die eerste georganiseerde tree met besproeiing in die Benede-Oranjeriviergebied is deur die NGK onderneem. Kort na die besoek van Marchand aan die arbeidskolonie in Bielefeldt, Duitsland, waar merkwaardige vordering met die hervestiging van armblikes gemaak is, het die Kakamas-arbeidskolonie tot stand gekom.⁴⁶ Marchand, wat veral die idee van

⁴⁰ E. P. du Plessis (samesteller), *'n Volk staan op...*, p. 15.

⁴¹ E. P. du Plessis (samesteller), *'n Volk staan op...*, p. 44; J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 19; P. du Toit (samesteller), *NGK-verslag van die Volkskongres van die Armblikes 1934*, pp. 186, 198. [Die opeenvolgende konferensies is gehou in Cradock (1916), Bloemfontein (1923), Pretoria (1930) en weer in Bloemfontein (1933)].

⁴² J. Fourie, "The South African poor white problem in the early 20th century: Lessons for poverty today," *Stellenbosch Economic Working Papers*: 14/06, p. 4; S. Patterson, *The last Trek...*, pp. 139 - 140.

⁴³ G. Hendrich, *Die dinamika van blank en bruin verhoudinge op Stellenbosch, 1920 - 1945*, (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 2006), p. 17.

⁴⁴ J.R. Albertyn, *Die armblike en die maatskappy*, Die armblike-vraagstuk in Suid-Afrika, verslag van die Carnegiekommissie, Deel V, Sosiologiese verslag, p. 115.

⁴⁵ L. Koorts, *D.F. Malan and the rise of Afrikaner nationalism*, pp. 153 - 158.

⁴⁶ F.S. Malan, (chairman), "Report of the select committee...", p. 5; L. van Vuuren, "Kakamas, oasis in the desert", *The Water Wheel*, vol. 10, no. 2, March/Apr., p. 27; I. P. du Plooy, *NG kerk Marchand, die eerste vyftig jaar...*, (ongepub. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1977), p. ii.

selfwerkzaamheid as opheffingsinstrument voorgestaan het, asook Schröder het beide 'n bepalende rol in die ontstaan en vestiging van die arbeidskolonie op Kakamas gespeel.⁴⁷

In 1897 het die Kaapse regering twee plase aan die NGK toegestaan, nl. Soetap en Kakamas, omtrent 100 km wes van Upington en dieselfde afstand noord van Kenhardt. Hier het die kerk in 1898 aan die oewers van die Oranjerivier in die Noord-Kaap die Kakamas-arbeidskolonie in die lewe geroep waar blanke armes 'n heenkome onder die streng beskerming van die kerk gegee is.⁴⁸ In 1908, 'n dekade later, het die NGK die Goedemoed-besproeiingskema by Rouxville (Oranje-Vrystaat) 'n soortgelyke nedersetting as dié in Kakamas, nl. vir armblankes gevestig.⁴⁹ Kerk en staat het saamgewerk om armoede te bekamp, met die kerk as die uitvoerende instrument.

Die grond aan die Oranjerivier was goeie landbougrond. Besproeiing om en naby Keimoes het goeie resultate gelewer. Die arbeidskolonie op Kakamas het reeds bewys gelewer van goeie oeste op die vrugbare oewergrond. Sultanastokke is alreeds in 1919 gevestig in die Kakamaskolonie. Alhoewel die koloniste op Kakamas aanvanklik onsuksesvol met sultanas was a.g.v. swak boerderypraktyk, het A.S. Brink, wat die stokke vanaf die Boland ingevoer het, deur die toepassing van goeie boerderypraktyk alreeds na die derde jaar van aanplanting met 'n half morg sultana 'n reuse sukses van die rosyntjieboerdery gemaak. In 1922 was die algemene mening dat Kakamas se grond te goed was vir slegs koring-en mielieproduksie en dat ander gewasse en vrugte ook aangeplant moes word. Hierna het lemoen- en ander vrugtebome, asook lusern- en katoenaanplantings deel uitgemaak van die landbouproduksie op die arbeidskolonie. Wingerd is oral suksesvol gevestig.⁵⁰

⁴⁷ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, pp. 26 - 28.

⁴⁸ I. P. du Plooy, *NG kerk Marchand, die eerste vyftig jaar...*, p. ii; P. du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres...*, 1934, p. 185; A.R. Turton *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 119.

⁴⁹ L. van Vuuren, "Kakamas...", p. 27.

⁵⁰ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, pp. 188 – 189; Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org, omskakeling na morg: 1 morg = 0,856532 ha., [geraadpleeg 22/10/2013].



Figuur 2.3: Links: Ds. B.P.J. Marchand.⁵¹

Figuur 2.4: Regs: Eerw. C.W. Schröder.⁵²

In 1935 was die sultanabedryf die bes betalendste onderneming in Kakamas. Die koloniste het in dié jaar 501 ton sultanas ingelewer en altesaam is daar £11 500 aan hulle uitbetaal. Die opbrengs is verdriedubbel tussen 1936 en 1940.⁵³ Die Kakamas-arbeidskolonie het in die daaropvolgende dekades as 'n model gedien vir suksesvolle armoedeverligting en is deur die Carnegie-kommissie as die ideaal van sulke skemas voorgehou.⁵⁴ Dié sukses was mettertyd 'n goeie aansporing vir die erfhouers op Skanskopeiland.

2.2.2 Daadwerklike optrede van die staat

Na Uniewording in 1910 het blanke armoede gaandeweg 'n kwessie van nasionale prioriteit geword. Die Unie se pogings om armoede te bekamp het uit drie elemente bestaan: Eerstens die beskaafde arbeid-wetgewing wat wit armes bevoordeel het; tweedens regeringshulp t.o.v. onderwys, gesondheid en behuising; en derdens werkskepping wat op die armblanke gefokus het.⁵⁵

Blanke armoede was moeilik versoenbaar met die heersende idees in die koloniale era oor blanke meerderwaardigheid, dus is die destydse klem van owerheidsweë op sowel die ekonomiese as die maatskaplike opheffing van die armblankes verstaanbaar. Die opeenvolgende regerings het besondere aandag aan die oplossing van die armblankevraagstuk geskenk, nie net om die nadelige ekonomiese en maatskaplike uitwerking daarvan teen te werk

⁵¹ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 16.

⁵² H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 12.

⁵³ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 197.

⁵⁴ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. xxviii - xxxi.

⁵⁵ F. Wilson & M. Ramphela, *Uprooting poverty: the South African challenge*, p. 317.

nie, maar ook om punte teen hulle opponente aan te teken in die werwing van steun onder die blanke kiesers.⁵⁶

Genl. Smuts het in sy eerste ampstermyn as Eerste Minister (1919 - 1924) die armblanke-kwessie as die Unie se grootste probleem beskou en daar is van regeringskant talle projekte geloods om armoede die hoof te bied.⁵⁷ Sy siening hieroor was soos volg:

Ever since I have been a member of the Government of South Africa we have been doing nothing but settle poor whites on the land. An enormous amount of money has been expended in this connection. We have not even touched the fringe of the question.⁵⁸

Waar die getal werklose verarmdes in 1917 op 106,518 gestaan het,⁵⁹ het die *Unemployment Conditions Interim Report* na 'n ondersoek in 1921 oor die hoë werkloosheidsyfer, die getal blanke verarmdes op 120,000 gestel.⁶⁰ Dié omstandighede het baie bygedra tot die arbeidsonrus van 1922. Blanke verarming het 'n sigbare stygende koers getoon. Teen 1924 het reeds byna 'n kwart van Afrikaners in die armblanke-kategorie geval.⁶¹

Die Pakt-regering (1924 - 1933), met genl. J.B.M. Hertzog as Eerste Minister,⁶² het baie gedoen om blanke armoede te verlig. Die ondersteuningsbasis van die regerende party het veral in die blanke plattelandse kiesers en stedelike werkers gelê.⁶³

Hertzog en Cresswell het sterk daarop gefokus om die blanke werker se posisie te beskerm met 'n beleid wat "beskaafde arbeid" teen swart mededinging beskerm het en maatskaplike sorg, veral vir armblankes, uitgebrei het. Nietemin kon die Pakt- en Nasionale Party-regerings tussen 1924 en 1933 nie daarin slaag om die probleem op te los nie.⁶⁴

⁵⁶ C.G. Visser & J.A. du Pisani, "Die vestiging van Skanskopeilandbesproeiingnederstelling as 'n mylpaal in selfwerksame armoedeverligting", *Historia*, vol. 57, nr. 2, Mei, 2012, pp. 104 - 105.

⁵⁷ G. Hendrich, *Die dinamika van blank en bruin verhoudinge...*, p. 17.

⁵⁸ G. Hendrich, *Die dinamika van blank en bruin verhoudinge...*, p. 17.

⁵⁹ L. Lange, *White, poor, and angry...*, p. 141.

⁶⁰ J.H. Coetzee, *Verarming...*, p. 27.

⁶¹ L. Lange, *White, poor, and angry...*, p. 167.

⁶² D.W. Kruger (red.), *Geskiedenis van...*, p. 509.

⁶³ D.W. Kruger (red.), *Geskiedenis van...*, p. 520.

⁶⁴ C.G. Visser & J.A. du Pisani, "Die vestiging van Skanskopeilandbesproeiingnederstelling...", p. 104.

Nadat die regering op 27 Desember 1932 van die goudstandaard afgestap het, was daar baie meer geld vir staatsbesteding, aangesien die regering nie meer gebind was aan sy ooreenkoms om die waarde van enige geldnoot in goud uit te betaal nie.⁶⁵ Die goudprys het daarna oornag verbeter en geld het na die land teruggestroom.⁶⁶

Staatsuitgawes ten opsigte van hulpverlening aan die boeregemeenskap het tussen 1933 en 1934 ongeveer R40 miljoen beloop, terwyl daar ongeveer R16 miljoen bestee is aan openbare werke, wat talle armoedeverligtingsprogramme ingesluit het.⁶⁷ Die eerste ouderdomspensioene is na die aanvaarding van die Wet op Ouderdomspensioene van 1928 deur die Pakt-regering ingestel. Seekings argumenteer dat dit 'n groot klemverskuiwing in die voorsiening van welsyn en armsorg in Suid-Afrika gebring het, deurdat die kerk se selfopgelegde welsynstaak nou deur die staat oorgeneem is.⁶⁸ Winckler is van opinie dat die staat tussen 1910 en 1934 steeds welsyndienste as 'n kerklike taak beskou het. Hy meen dat amptelike staatsoptrede tekort geskiet het en slegs geldelik van aard was, soos die wyse waarop die Kerk-Staat-skema van 1933, om behoefte op die platteland te bestry, getoon het.⁶⁹

Die Pakt-regering het veral in die 1930's blanke werkloosheid aangespreek deur talle gesubsidieerde werkskeppingsprogramme soos onder andere besproeiingsnedersettings, werk op die spoorweë, Yskor, bosbounnedersettings, asook militêr-geskoeide opleidingsprogramme,⁷⁰ soos die Spesiale Diensbataljon waarin talle manlike jeugdiges vir ses na twaalf maande opgeneem is, sodat hulle in die arbeidsmark opgeneem kon word. Hierdie maatregel is veral beskou as 'n manier om die dissipline en algehele morele waardes van jeugdiges te bevorder.⁷¹ Winckler meen dat die regering groot getalle armblankes in werkskeppingsprogramme opgeneem het, maar dat dit slegs 'n tydelike maatregel was en nie kon dien as 'n middel om

⁶⁵ H. Giliomee, 'Gesuiwerde nasionalisme 1924-1948', in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 300.

⁶⁶ D.W. Kruger (red.), *Geskiedenis van...*, p. 525.

⁶⁷ A.T. Winckler, *Volkswelsynbeleid, 'n Sosiaal-historiese studie van tendense in Suid-Afrikaanse volkswelsynbeleid 1910 - 1966*, p. 43. Winckler dui die bedrae in randwaarde(R) aan. Die oorspronklike bedrae in pondwaarde(£) was nie beskikbaar nie.

⁶⁸ J. Seekings, "The Carnegie Commission and the backlash against welfare state-building in South Africa, 1931 - 1937", in *CSSR Working Paper No. 159, Centre for Social Science Research*, May, 2006, p. 4.

⁶⁹ A.T. Winckler, *Volkswelsynbeleid...*, p. 43.

⁷⁰ I. Abedian & B. Standish, "Public works programmes in South Africa: coming to terms with reality", *Development Southern Africa Journal*, vol. 3, no. 2, 1986, p. 41 - 44; T.van der Merwe, "Events, views and ideologies which shaped social security in South Africa", *South African Journal of Economic History*, vol. 12, no. 1 - 2, 1997, p. 91; A.T. Winckler, *Volkswelsynbeleid...*, p. 46.

⁷¹ A.T. Winckler, *Volkswelsynbeleid...*, p. 46.

ekonomiese onafhanklikheid te bereik nie.⁷² Talle staatwaterskemas is in die twintiger- en dertigerjare tot stand gebring om as armoedeverligtingsprojekte te dien.

2.3 *Besproeiing as heenkome vir blanke armes*

Die Departement Besproeiing wat reeds in 1904 in die lewe geroep is onder die leiding van W.B. Gordon, het voor 1910 as 'n losse eenheid gefunksioneer in elke kolonie. Na Uniewording in 1910 is die Departement Besproeiing, die voorloper van die huidige Departement van Waterwese en Bosbou (DWAF), meer vaartbelynd gemaak met die parlement se aanvaarding van die Unie Besproeiings- en Waterbewaringswet nr. 8 van 1912.⁷³ Hierna het die Besproeiingsepartement as 'n hegte eenheid onder beheer van 'n Direkteur van Besproeiing gestaan en het oor 'n uitgebreide personeel van administratiewe amptenare en ingenieurs beskik. Alle administrasie van besproeiingsprojekte en ook verkennende studies is deur die departement onderneem. Die Besproeiingsdepartement is in 1956 verander na die Departement Waterwese met die aanvaarding van die Wet op Water nr. 56.⁷⁴

Aan die begin van die twintigste eeu was besproeiingsnedersettings op die platteland 'n aanvaarbare manier waarop die regering onder moeilike ekonomiese omstandighede aan armblankes 'n heenkome kon bied en die landbou-ekonomie daardeur kon uitbrei. Selfs die opposisie het die werkswyse goedgekeur, soos blyk uit die volksraadsdebat van 1934 waartydens D. Reitz, die Minister van Lande voorgestel het dat besproeiing gebruik moes word om die werkloosheidsprobleem op te los.⁷⁵ Besproeiingswerke in die Noord-Kaap wat vanaf 1929 aangepak is, sluit onder meer in die skemas by Vioolsdrif, Beenbreek, Boegoeberg en Karos.⁷⁶

⁷² A.T. Winckler, *Volkswelsynbeleid...*, p. 47.

⁷³ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 28 - 20, Rapport van die Direkteur van Besproeiing, 1 April 1918 - 31 Maart 1919, p. 1.

⁷⁴ A.R. Turton *et al.*, "A hydropolitical history...", pp. 369 - 371.

⁷⁵ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad ...*, deel 22, 26 Januarie - 4 Junie 1934, kol. 27 - 28.

⁷⁶ J.P. Kriel (red.), *Water75*, p. 35.

Die Land Settlement Act van 1912 is as raamwerk gebruik vir die vestiging van veral staatsgesubsidieerde besproeiingsnedersettings,⁷⁷ soos byvoorbeeld staatsnedersettings by Hartebeespoortdamskema (1914),⁷⁸ Boegoeberg (1932)⁷⁹ en Vaalharts (1938).⁸⁰

Die Hartebeespoortdamskema in die Krokodilrivier het beide die nuutgestigte Departement van Besproeiing, asook die Departement van Lande die geleentheid gebied om hul bestaan te regverdig en is as 'n oplossing vir die groeiende getal werklose armlankes beskou.⁸¹ Benewens die direkte subsidiëring het die staat ook behuising, skole, water en sanitasie verskaf. Ongeveer 40% van die werkers was ongetroud. Tesame met die getroude werkers wat ook gesinne gehad het, het die Hartebeespoortdamskema aan bykans 10,000 mense 'n heenkome gebied.⁸²

In die 1920's is heelwat damme gebou om Suid-Afrika se periodieke landswye droogtes die hoof te bied. Konstruksiewerk van dié aard het enersyds werk aan behoeftiges verskaf en andersyds geleentheid vir nuwe boerderynedersettings geskep.⁸³

Benewens die Hartebeespoortdamskema (1914) en die Boegoebergbesproeiingskema (1932) in die Oranjerivier, is talle ander staatwaterskemas in die twintiger- en dertigerjare ten behoeve van armoedeverligting deur die Direkteur van Besproeiing in die lewe geroep. Dié staatwaterskemas sluit onder meer die Olifantsrivier-staatwaterskema naby Vanrhynsdorp, die Kammanassiedam, Loskopdam, Mentzmeer en Grassridgedam in.⁸⁴ Werk aan die bekende Vaalhartsstaatwaterskema in die Hartsriviervallei het in 1934 deur die staat begin en is in 1938 voltooi. Dit was die grootste van sy soort wat deur die regering onderneem is, aangesien bykans 40,000 ha grond vir besproeiing beskikbaar sou wees, waarop ongeveer 2,000 boere

⁷⁷ D. Troskie, "Lessons from the past, land reform at Vaalharts", *AgriProbe*, vol. 5, no. 4, Desember 2008, p. 6.

⁷⁸ G. Verhoef & A. du Plessis, "State involvement in the rehabilitation of poor whites by means of land resettlement at Hartebeespoort irrigation scheme", in *South African Journal of Economic History*, vol. 5, no. 1, Maart 1990, p. 69.

⁷⁹ L. van Vuuren, "Buchberg, built on the backs of men", in *The Water Wheel*, vol. 8, no. 2, March/April 2009, p. 28.

⁸⁰ L. van Vuuren, "Vaalharts, a garden in the desert", *The Water Wheel*, vol. 9, no. 1, Jan./Feb., 2010, pp. 1-24.

⁸¹ A.S. du Plessis, "n Evaluering van staatsbetrokkenheid by die Hartebeespoortdamskema, 1914 - 1952", in *Contree*, nr. 34, 1993, p. 33.

⁸² A.S. du Plessis, "n Evaluering van staatsbetrokkenheid...", p. 35.

⁸³ J.W.N. Tempelhoff, "Omgewingslagoffers of armlankes?...", p. 23.

⁸⁴ K.C. Wall, "A new history of South Africa from a water resources viewpoint", in *The Civil Engineer in South Africa*, vol. 25, no. 5, May, 1983, p. 27.

gevestig sou word. Dié skema, wat deur die staat met 75% gesubsidieer is, het vir langer as sewe jaar aan bykans 6,000 mense werk verskaf.⁸⁵

Reitz het hom in 1934 só in die parlement oor die projek uitgelat, tydens die tweedeleesingsdebat van die "Vaalrivier Uitbreidingskema Wet":

It is a scheme that appeals to the imagination. It is an interprovincial scheme which affects and will benefit three provinces. It will be the biggest scheme in the southern hemisphere. It will be the biggest undertaking the Union has ever seen.⁸⁶

In 1926 is 'n permanente Besproeiingskommissie aangewys, op grond van Wet nr. 33 van 1926 soos gewysig deur Wet nr. 57 van 1934.⁸⁷ Die doel van die kommissie was om in adviserende hoedanigheid op te tree, probleme by bestaande besproeiingswerke te ondersoek en te identifiseer, asook om oplossings daarvoor aan die hand te doen.⁸⁸ In Maart 1933 het die Departement van Arbeid aan die Departement van Besproeiing 'n versoek gerig om die aanbou van openbare werke te bespoedig om sodoende die toenemende werkloosheid en armoede onder blankes, wat vererger is met die depressie en aanhoudende droogte, die hoof te bied.⁸⁹

Die Boegoebergbesproeiingskema was die eerste staatswaterskema wat die water van die Benede-Oranjerivier vir besproeiing aangewend het. Die skema is reeds in 1906 begin, maar is spoedig weens die hoë koste daaraan verbonde, beëindig. Eers twee dekades later, in 1929, het die projek weer lewe gekry toe die regering geld vir die skema bewillig het. Die Direkteur van Besproeiing, A.D. Lewis, is in 1929, te midde van die ekonomiese depressie, opdrag gegee om die armoedeverligtingsprojek van nuuts af aan te pak. Die dam en die kanaalstelsel wat 121 km lank sou wees, is saam aangepak en het aan talle armblankes 'n heenkome gebied. Die dam is in 1932 voltooi en die kanaalstelsel is in 1934 in gebruik geneem.⁹⁰

⁸⁵ R.T.J. Lombard, "Stigting van die Vaalhartsbesproeiingskema as heenkome vir hawelose blankes", *Contree*, nr. 24. September, 1988, p. 15.

⁸⁶ R.T.J. Lombard, "Stigting van die Vaalhartsbesproeiingskema...", p. 15.

⁸⁷ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 15-1936. Jaarverslag van die Besproeiingskommissie, 31/04/1936, p. 5.

⁸⁸ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad...*, 26 Januarie - 4 Junie 1934, deel 22, kol. 1764.

⁸⁹ J.P. Kriel (red.), *Water75*, p. 35.

⁹⁰ L. van Vuuren, "Buchberg, built on...", pp.27 - 28.

Totdat die damwal van die destydse Hendrik Verwoerddam in September 1970 afgesluit is, was die Boegoebergdam met sy voltooiing in 1932 die grootste mensgemaakte versperring in die Oranjerivier.⁹¹

2.4 Groei in Keimoes en omgewing

2.4.1 Ontwikkeling na 1847

Met die proklamering van die Oranjerivier as noordelike grens van die Kaapkolonie in 1847, was die westelike dele direk suid en noord van die rivier alombekend as Koranaland.⁹² Volgens Hopkins is die uitgestrekte landstreek as 'n soort woestyn beskou en het vrye besetting deur etlike trekboere en die nomadiese San- en Koranastamme plaasgevind. Die Koranas, wat in talryke klein groepies verdeel is, was bewoners van die kleiner, digbegroeide eilande tussen Kakamas en Upington.⁹³

Volgens Penn het die Kaukoa of Snijersvolk hulle nog voor 1780 in Skanskopeiland tuisgemaak. Dié groep was deel van die Oranjerivier Khoi-Khoin. Alhoewel hulle graag aan die oewer van die rivier gebly het, was hulle hoofsaaklik veeboere wat nomadies van aard was en het baie rondgetrek, soos die saamwoon met die San en ander groepe aangedui het. Penn gee die volgende inligting oor dié inheemse groep wat in Skanskopeiland gewoon het:

This community [Kaukoa] numbered a total of 20 huts and was in enmity with its neighbours, especially the Aukokua further east. Although they had some livestock, much had been lost to the Aukokua and their principal activity was fishing.⁹⁴

Wikaar, die Sweedse droster, het byvoorbeeld opgemerk dat die vee van die Oranjerivier Khoi-Khoin wat naby Augrabies woonagtig was, in 'n uitstekende kondisie was. Ongelukkig was die verskillende groepe voortdurend in onderlinge vyandighede met mekaar betrokke.⁹⁵

Die onderlinge vyandelikhede het gelei tot talle Korana-oorloë in die gebied waarby die regering onvermydelik betrokke geraak het, aangesien die Koranas hulle dikwels skuldig

⁹¹ Republiek van Suid-Afrika (RSA), Departement van Inligting (DVI), *'n Magtige rivier getem*, p. 7.

⁹² A.A.J. van Niekerk, *Kanoneiland 1928 - 1978*, p. 15.

⁹³ A.A.J. van Niekerk, *Kanoneiland...*, p. 16.

⁹⁴ N. Penn, *The forgotten frontier*, pp. 160

⁹⁵ N. Penn, *The forgotten...*, pp. 160 - 161.

gemaak het aan veebuitery. Nadat vyandighede tussen die staat en die Koranas beëindig is, is die gebied noord van die Oranjerivier in 1889 as deel van Brits-Betsjoeanaland verklaar, waarna die gebied regstreeks onder die Britse Kroon en Britse wetgewing geval het. Talle blanke boere en handelaars het na die omgewing gekom om handel te dryf of te boer.⁹⁶ Die gebied het na 1889 bekend gestaan as die distrik Gordonia. In Keimoes en die nabye omgewing het talle boere eienaarskap van plase waarop hul reeds lank voor toekenning gewoon het, ontvang.⁹⁷

Teen 1893 het Schröder opgemerk dat daar alreeds goeie besproeiingsboerderye in Keimoes en omgewing was en dat die vrugbare besproeiingserwe hoofsaaklik in blanke besit was.⁹⁸

Keimoes het algaande ontwikkel en in 1893 is daar 'n dorpsraad in Keimoes gestig. Teen 1900 was daar sowat 13 Afrikanergesinne in Keimoes gevestig. Na die Anglo-Boereoorlog het al hoe meer blanke nedersetters hulle in Keimoes en omgewing gevestig. Die 1903-toelatingsregister van die eerste blanke skool in Keimoes dui vanne aan soos Hanekom, Brits, Jacobs, Engelbrecht, Booysen, Theron, Siepker, Steenkamp, Kuhn, Van Zyl en Visser.⁹⁹ In 1911 is die Rooms-Katolieke Kerk se sendingstasie in Keimoes gevestig en het die kerk algaande sy dienswerk uitgebrei.¹⁰⁰

Besproeiingsboerdery het toegeneem, alhoewel dit aanvanklik bloot bestaansboerderye was. Die gemiddelde grootte van die besproeiingserwe was ongeveer 6 morg, waarop lusern, patats, mielies en koring verbou is.¹⁰¹ Die dorp het tot so 'n mate gegroei, dat die Nederduitse Gereformeerde gemeente in Keimoes in 1916 van die moedergemeente in Uppington afgestig het en 'n volwaardige gemeente geword het.¹⁰² Lewis het in 1919 opgemerk dat die area rondom Keimoes as die mees ontwikkelde deel van die boerdery teen die rivier tussen Uppington en Kakamas bestempel kan word.¹⁰³

In 1918 het die Spaanse griep epidemie, wat vinnig deur die land versprei het, ook Keimoes getref en talle mense het gesterf. Ds. J.J. Wasserfall, predikant van die nuwe gemeente, teken

⁹⁶ A.A.J. van Niekerk, *Kanoneiland...*, p. 21.

⁹⁷ M. de Beer, *Keimoes en Omgewing, 'n kultuurhistoriese verkenning*, p. 11.

⁹⁸ M. de Beer, *Keimoes en Omgewing...*, p. 26.

⁹⁹ M. de Beer, *Keimoes en Omgewing...*, p. 53.

¹⁰⁰ M. de Beer, *Keimoes en Omgewing...*, p. 77.

¹⁰¹ M. de Beer, *Keimoes en Omgewing...*, p. 55.

¹⁰² M. de Beer, *Keimoes en Omgewing...*, p. 25.

¹⁰³ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 28 - 20, Rapport van die Direkteur van Besproeiing, 1 April 1918 - 31 Maart 1919, p. 2.

op 11 Oktober 1918 in sy dagboek aan dat die artieste van Pagel se sirkus wat die dorp besoek het, 'n nuwe siekte onder lede het, nl. die "Spaanse Influenza".¹⁰⁴ Daarvandaan is elke dag se inskrywings gevul met tragiese verhale oor sterfgevälle as gevolg van die griep. Voorts het hy berigte van kollegas en vriende oor landswye sterftes as gevolg van die griep, sorgvuldig aangeteken.

Op 1 November 1918 skryf Wasserfall as volg:

Wonderlik is Gods genade – mij vrouw [sic] en ek is nog albei perd vris [sic]. Hier is nog net 4 huise (blanke) [lees: in Keimoes en omgewing] waarin die siekte nog nie was nie.¹⁰⁵

Vervolgens berig hy telkens ook van talle kleurlingsterftes. Inskrywings tussen 11 Oktober en 3 November bevat heelwat beskrywings van gesinne in die omgewing wat familie verloor het a.g.v. die griep. Eredienste en ander byeenkomste is in die opelug onder 'n wye kameeldoringboom oorkant die kerk gehou, in 'n poging om die verspreiding van die siekte te voorkom.¹⁰⁶

Die sukses en vooruitgang van die Kakamas-arbeidskolonie teen die Oranjerivier het mense se verbeelding aangegryp. Die eilande in die rivier se verskuilde potensiaal is deur hierdie aanleg blootgelê en het veral die blanke armes, entrepreneurs en grondhonger mense aangespoor om hierdie grond te bewerk of te benut. Dié begeerte is ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Party, wat die regering versoek het om hieraan aandag te gee. John X. Merriman, politikus en eertydse Eerste Minister van die Kaapkolonie,¹⁰⁷ het in sy persoonlike hoedanigheid petisies in die verband ondersteun.¹⁰⁸ Die meeste van hierdie eilande was egter kroongrond.¹⁰⁹ Alhoewel die staat keer op keer versoek is om die eilande vir besproeiingsdoeleindes oop te stel, was die

¹⁰⁴ J.J. Wasserfall, Persoonlike dagboek, April 1917 - September 1920, p. 10.

¹⁰⁵ J.J. Wasserfall, Persoonlike dagboek..., p. 24.

¹⁰⁶ *Hoërskool Keimoes Gedenkblad 1903 - 2003*, p. 15.

¹⁰⁷ H. Giliomee, *Die Afrikaners...*, pp. 188, 229.

¹⁰⁸ Nasionale Argief van Suid-Afrika in Pretoria, Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Argief van die Departement van Landboutegniese dienste (ACT), band 8, lêer 470, vol. 4, brief, Minister van Lande - J.X. Merriman, 15/03/1916; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, telegram, Boerlands - G.R. Hughes, Sekretaris van Lande, 14/03/1916; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, petisie, brief, F.J. Hanekom - Minister van Lande, 25/05/1916; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, petisie, D.S. Theron en ander - Minister van Lande, 09/03/1916.

¹⁰⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, M. Swart - Sekretaris van Lande: SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, Sekretaris van Lande - H.J. Skipper, Gras-eiland, Keimoes, 08/10/1919; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, Sekretaris van Lande - J.J. Michau, Sekretaris van die Suid Afrikaanse Party (SAP), 10/05/1916; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief van die verteenwoordiger van die SAP aan Minister (onbekend), 29/03/1916.

regering huiwerig om arm mense daar te vestig vanweë die koste verbonde aan besproeiing. Daar was selfs versoeke om die eilande se hout te bemark.¹¹⁰ Skanskopeiland is vroeg reeds as gevolg van die boomryke groei en ruigheid tot 'n afgebakende bos verklaar. Beheerde weiding van vee is op meriete oorweeg en toegelaat.¹¹¹ Die Departement van Lande het ook heelwat versoeke van oraloer ontvang om eilande te verhuur.¹¹²

Net voor Uniewording in 1910, was die Departement van Besproeiing in Kaapland hoofsaaklik 'n tegniese departement, as deel van die Departement van Openbare Werke. Die Direkteur van Besproeiing, F.E. Kanthack, wat die eerste Direkteur van Besproeiing van die Unie was, sou die pos beklee tot 1920.¹¹³ Ondersoeke na die gebruik van die verskeie eilande in die Oranjerivier tussen Kakamas en Upington het reeds vanaf 1904 plaasgevind, met ondersoeke soos die van Gordon, asook J. S. Henkel van die Departement Bosbou. Henkel het in 1908 opgemerk dat die grond van die eilande besonder vrugbaar is, en goed aangewend kon word vir besproeiing. Kanthack het daarenteen in sy verslag van November 1909 opgemerk dat nie al die eilande geskik was vir besproeiingsdoeleindes nie. Hy was van mening dat die eilande, omrede die hoë koste verbonde aan ontwikkeling, eerder aan kapitaalkragtige private kopers en ontwikkelaars beskikbaar gestel moet word.¹¹⁴ Opmetings van die eilande wat reeds in die omstreke van 1906 begin het toe J.J. (Japie) Lutz in opdrag van die Departement Landbou die Oranjeriviereilande opgemeet en die bewerkbare eilande in erwe verdeel het, is deur die uitbreek van die Rebelle (1914), die Eerste Wêreldoorlog (1914 – 1918) en die griepiepidemie van 1918 kortgeknip.¹¹⁵

Skanskopeiland is as goeie landbougrond beskou. W.M. Frank, die hoofaandeelhouer in die Rooikopeilandsindikaat, het in 1909 by die Landmeter-generaal navrae gedoen omtrent die

¹¹⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, Sekretaris van Lande - H.J. Skipper, Gras-eiland, Keimoes, 08/10/1919.

¹¹¹ SAB, ACT, band 13, lêer 470, vol. 4, kennisgewing, A. Cornisch-Bowden, waarnemende Landmeter-generaal, 11/10/1905; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verslag, Landmeter-generaal, 11/08/1908.

¹¹² SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, H. Lambrechts - G.R. Hughes, Sekretaris van Lande, 18/05/1914; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, C.P. Booysen & C.S. Benson - Sekretaris van Lande, 03/06/1914; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, W. Maxwell - Sekretaris van Lande, 28/06/1915; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, Sekretaris van Lande - Magistraat, Kenhardt, 23/06/1915; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, D.F. Marais - Resident-magistraat, Upington, 09/07/1915.

¹¹³ J.P. Kriel (red.), *Water75*, p. 31.

¹¹⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, F.E. Kanthack - W.J. Davidson, 15/12/09; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verslag aan die Siviele Kommissaris van Gordon, 04/04/1910, pp. 1 - 3.

¹¹⁵ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief van die verteenwoordiger van die SAP aan Minister (onbekend), 29/03/1916; Republiek van Suid-Afrika (RSA), Departement van Waterwese, Streeksargief, Upington, (DWASU), Skanskopeilandversameling, (SV), Schanskop Island Scheme, Dept. Irrigation, band M.37, vol. 2, opsomming van geskiedenis van Skanskopeilandbesproeiingsnederstelling, p. 1; DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verwysingsnr. 4051/K.51, verslag, F.C. Hugo, seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 1; SAB, ACT, band 8, lêer 470/1A, verwysingsnommer: D/10/555/05, verslag, 23/10/1905, p. 2.

huur van Skanskopeiland, omdat hy alreeds op daardie tydstip die eiland se potensiaal raakgesien het en van mening was dat Skanskopeiland vanuit die Rooikopkanaal besproeibaar gemaak kon word.¹¹⁶ Aansoeke van die bruin gemeenskap van Keimoes wat sowat 230 huisgesinne in getal was om die eiland te huur, is sedert 1910 aan die Departement van Arbeid gerig.¹¹⁷ Nadat Reitz in 1921 aan die Basters grond van hul eie belowe het, het die Basters van die Keimoesgemeenskap in dieselfde jaar 'n versoek aan die staat gerig om Skanskopeiland gratis as besproeiingsgebied aan hulle beskikbaar te stel. Die eiland was na 'n opname egter te klein vir hulle behoeftes en vee bevind en daarom het hulle die aanbod van die hand gewys.¹¹⁸

Die omgewing se landbougrond naby die rivier was gesog, omdat dit so vrugbaar was. Voor die ontwikkeling van die eilande soos Kanoneiland en Skanskopeiland, het Kanthack in 1909 die grondpryse van die onontginde eilande as soveel as £20 tot £25 per morg bereken, as gevolg van die ontwikkelingskoste van die eilande wat so hoog was.¹¹⁹

Grosskopf bevestig dat grond teen die Oranjerivier alreeds voor die vestiging van die Skanskopbesproeiingsnederstelling hoog in aanvraag was en dat grondpryse in die gebied van Keimoes hoog was:

In 1879 is alreeds in Keimoes £75 per morg vir besproeibare grond betaal. In 1929 is daar in dié dele dikwels tussen £150 en £200 betaal.¹²⁰

Die ontwikkelingskoste van die oewergrond was dempend op die inisiatief om eilandgrond bewerkbaar te maak. G.A. Siepker het byvoorbeeld die koste om Skanskopeiland vanaf Rooikopeiland te besproei, alreeds in 1921 op £8,000 bereken.¹²¹

In 1932 is besproeiingsgrond aan die Oranjerivier deur die regering vir tussen £40 tot £50 per hektaar aan nedersetters verkoop.¹²² Blanke armoede was 'n algemene gesig in Keimoes en

¹¹⁶ SAB, FOR, band 190, lêer 253, vol. 194, lêer 313/10, brief, W.M. Frank - Landmeter-generaal, 09/08/1909.

¹¹⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, H.J. van Wyk - L. Manserg, Sekretaris vir Publieke Werke, 11/01/1910; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, F. Feries - L. Manserg, Sekretaris vir Publieke Werke, 24/05/1909; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, H.J. van Wyk - L. Manserg, Sekretaris vir Publieke Werke, 24/05/1910.

¹¹⁸ SAB, Argief van die Departement van Lande (LDE), band 3953, vol. 1 - 2, verslag, Sekretaris van Lande, 27/05/1921.

¹¹⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verslag, "Orange River islands, Upington to Kakamas", F.E. Kanthack, 17/07/1909, p. 3.

¹²⁰ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 91.

¹²¹ SAB, LDE, band 3953, vol. 1 - 2, petisie, gekleurde kiesers - J. Coetzee, 18/03/1921.

¹²² J.H. Wellington, "Land utilization in South Africa", in *Geographical Review*, vol. 22, no. 2, Apr., 1932, p. 224.

omgewing. In die eilande rondom Friersdale, die Onderstekoms-eilande, Rooikopeiland, Keimoes en Neilersdrift, het veral groot armoede onder Afrikanergesinne geheers.¹²³

Pleidooie vir grond teen die rivier, tesame met verhale van armoedige bestaanswyses kom gereeld in korrespondensie voor. Sommige amptelike verslae bevat ooggetuie-beskrywings van die armoedige bestaan van nedersetters teen die rivier. Beskrywings van hongersnood is reeds in amptelike verslae in 1923 aangeteken, nog voor die uitwerking van die depressie en droogte gevoel is.

2.4.2 Omliggende eilandnedersettings onder besproeiing

Die omliggende eilande soos Brakbos, Rooikop en Kanoneiland is reeds vroeg onder besproeiing gebring. In 1926 is die volgende gewasse wat op daardie tydstip in die omgewing verbou is, aangeteken: Lusern, katoen, boontjies, lensies en ertjies, asook vrugte soos duiwe en appeltjies. Die verbouing van olywe en dadels is in die vooruitsig gestel. Die klimaat en grond van die streek was by uitstek geskik vir katoenverbouing.¹²⁴ Lusern is as veevoer vir trek-, melk- en slagdiere verbou.¹²⁵

2.4.2.1 Rooikopeiland

Rooikopeiland, naby Keimoes, is voor Maart 1906 deur Lutz opgemeet¹²⁶ en is sedert 25 Julie 1906 onder die beheer van 'n sindikaat, wat die eiland volgens die pagstelsel van die regering bekom het teen 'n huur van £143 per jaar.¹²⁷

Aanvanklik is daar 27 bewerkbare erwe uitgemeet. Die sindikaat wat onder die bestuur van G.A. Siepker uitkeerwerke gebou, en leivore en kanale aangelê het, het die grond wat in erwe verdeel is, aan arm mense verhuur teen £2 – £15 per morg per jaar. Die huurders het ook 'n sekere verantwoordelikheid gehad t.o.v. die instandhouding van die kanale.¹²⁸

¹²³ SAB, ACT, band 13, lêer 470/42, vol. 2, brief, G. J. Van Zyl - Minister van Lande, 07/10/1935; SAB, ACT, band 13, lêer 470/42, vol. 2, brief, F.P.S. le Roux - Provinsiale Verteenwoordiger, 17/07/1935; J.J. Wasserfall, Persoonlike dagboek..., p. 16.

¹²⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verwysingsnr. R1904/26, landboukundige verslag, R.W. Thornton - Algemene Bestuurder Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, 10/08/1926, pp. 1 - 2.

¹²⁵ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, pp. 197 - 198.

¹²⁶ SAB, ACT, band 6, lêer 470, vol. 1A, verslag, Landmeter-generaal - Sekretaris van Arbeid, 24/11/1905.

¹²⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verslag, Landmeter-generaal, 11/08/1908.

¹²⁸ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 25; J.J. Strydom, *Kanoneiland*, p. 2.

Siepkers het 'n betekenisvolle rol gespeel in die ontwikkeling van Rooikopeiland. Benewens sy betrokkenheid met die daarstel van 'n pontdiens, wat Rooikopeiland en later ook Brakboseiland met die noordelike en suidelike oewers van die Oranjerivier verbind het, het hy ook in 1922 'n pos- en telegraafagentskap en wynstokery op Rooikopeiland gevestig en bestuur.¹²⁹

Na die vloedramp van 1925 wat die kanale en landery in Rooikopeiland erg verspoel het, moes die infrastruktuur weer van vooraf opgebou word. Sommige ontmoedigde huurders het hulle heil op die delwerye gaan soek. Die oorblywende huurders van Rooikopeiland het 'n beter toekoms vir hulle en hul kinders begeer en hul drang na eiendom het tot gevolg gehad dat 'n afvaardiging in 1926 versoek tot die regering gerig het om Rooikopeiland aan te koop, sodat hulle die grond van die staat kon huur en later eienaarskap kon verwerf. Die koopprys van £26,000 was egter te hoog en die staat kon nie daartoe beweeg word nie. Daarna het hulle aansoek gedoen om die aanliggende Skanskopeiland onder besproeiing te bring, maar die Minister van Lande het die versoek nie toegestaan nie, weens die hoë koste daaraan verbonde.¹³⁰

2.4.2.2 Kanoneiland

Die desperate nedersetters het in 1928, na die weiering van die staat om Skanskopeiland onder besproeiing te bring, Kanoneiland, 'n eilandgroep noordoos van Rooikopeiland, deur spontane besetting, met groot moeite en harde werk onder besproeiing gebring.¹³¹ Die eerste twee-en-veertig nedersetters het in vier groepe na die eiland gekom. Hulle was afkomstig vanuit Rooikopeiland, Louisvale, Kakamas en Blaauwsekop.¹³² Die nedersetters was bekend met die omgewing, die rivier en sy vloede. Hulle het reeds by vorige nedersettings, soos Rooikopeiland, Kakamas en Louisvale, genoegsame kennis opgedoen van besproeiingsboerdery teen die rivier, om dit met sukses in die nuwe boerdery toe te pas.

¹²⁹ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 22; A. Siepker, *Siepker*, p. 57; G.A. Siepker boekhouding 1936 - 1942; J.J. Strydom, *Kanoneiland*, p. 4.

¹³⁰ SAB, ACT, band 6, lêer 470, vol. 8, verslag, D.P. Liebenberg, E.B. Watermeyer & P.A.B. Faure, "Disposal of the islands in the Orange River, division Kenhardt", 15/01/1923, pp. 10 - 11.

¹³¹ J.J. Strydom, *Kanoneiland*, p. 4.

¹³² J.J. Strydom, *Kanoneiland*, p. 29.

Die eiland lê noordoos van Keimoes en bestaan uit 'n groepering van eilande. Name soos Agtereiland, Baklei-eiland, Kameeleiland, Sandeiland en Smaleiland, is sprekend van die kleurrike geskiedenis van die eiland. Die eiland is sowat 17.7 km lank en op sommige plekke bykans 4.8 km breed. Dit het ten tye van die besetting ongeveer 3,000 morg beslaan, waarvan twee-derdes besproeibaar was.

Soos die ander eilande in die rivier, was daar ook talle kliprante wat hoog geleë was en ideale bou-erwe was.¹³³ Die moedige poging van hierdie groep nedersetters, tesame met die sukses van die boerdery op die eiland, was sekerlik 'n groot aansporing vir voornemende nedersetters op Skanskopeiland.

2.4.2.3 Brakboseiland

Brakboseiland, aanliggend aan Skanskopeiland, is tussen ongeveer 1911 en 1920 ontwikkel.¹³⁴

Die eiland was 'n gedeelte van plaas Neilers Drift,¹³⁵ in die distrik van Kenhardt.¹³⁶

Brakboseiland is mettertyd, soos Rooikopeiland, deur 'n sindikaat wat in Januarie 1925 gestig is, beheer.¹³⁷ Die kanale en leivore is deur die bekende J.J. Lutz uitgemeet en die gronde met die spoelmetode gelyk gesleep.

Die eiland is deur Lutz bestuur, wat as beloning vir sy werk 'n stuk grond op die eiland ontvang het, waar hy en van sy seuns later geboer het. Hy het mettertyd die sindikaat se aandele uitgekoop en groot sukses met boerdery behaal.¹³⁸ Die ontwikkeling op dié eiland het waarskynlik ook as aansporing vir die ontwikkeling op Skanskopeiland gedien.

¹³³ J.J. Strydom, *Kanoneiland*, p. 5. [Eilandname verkry vanaf 'n kaart van Kanoneiland in Strydom se boek.]

¹³⁴ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 85.

¹³⁵ Spelling wat op tydgenootlike kaarte voorkom is gehandhaaf.

¹³⁶ DWASU, Brakbosch-eilandversameling, (BV), band K 32, vol. 1, brief, Brakbos-sindikaat - Minister van Lande, Brakbos Island Irrigation Scheme Board, "Schedule of irrigable areas, voters lists, etc., Jan 1924 - Julie 1963," 24/01/1924.

¹³⁷ DWASU, (BV), band K 32, vol. 1, Brakbos Island Irrigation Scheme Board, brief, Brakbos-sindikaat - Minister van Lande, 24/01/1924; M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 86

¹³⁸ S.A. Snyman, "Japie Lutz en die vore", in *Jaarboek 7, Pretoria Africana Vereniging*, p. 19.



Figuur 2.5: J.J. (Japie) Lutz.¹³⁹

2.4.3 Toegangsbrûe

Volgens De Beer is die eerste brug oor die spruit wat Keimoeseiland met Keimoes verbind reeds in 1916 gebou.¹⁴⁰ Die hoofstroom en die twee systrome het Rooikopeiland, Skanskopeiland Brakboseiland en Neilersdrif met mekaar verbind. Om Kenhardt en verder te bereik, moes die riviere oorgesteek word. Aanvanklik is daar van 'n pontstelsel gebruik gemaak om die hoofstroom en die twee systrome van die Oranjerivier na Neilersdrift oor te steek, soos in figuur 2.6 aangedui.

Die brug oor die spruit wat Brakboseiland met Neilersdrif verbind is reeds in 1919 gebou. Na tragiese voorvalle van lewensverlies in 1925 voorgekom het a.g.v. probleme met die pontstelsel, is daar petisies deur die gemeenskap en kerke aan die staat gerig om brûe oor die ander strome te bou.¹⁴¹ Die bouwerk aan die drie brûe, waarvan die langste brug bekend staan as Groblersbrug, is in 1931 begin en in 1934 voltooi.¹⁴²

¹³⁹ Anon, "Japie Lutz" http://commons.wikimedia.org/wiki/File:Japie_Lutz.jpg, [geraadpleeg 17/05/2014].


¹⁴⁰ T.J.G. Hart, "Basic heritage impact assessment for the proposed improvement of structures along the R27 (including the widening of five bridges), section 10 & 11 between Kenhardt and Keimoes", p. 10; M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 22; A. Siepker, *Siepker*, p. 57.

¹⁴¹ T.J.G. Hart, "Basic heritage impact assessment...", p. 10.

¹⁴² T.J.G. Hart, "Basic heritage impact assessment...", p. 12.



Figuur 2.6: Vroeë 20^{ste} eeu skets, wat die twee pont-oorgange en brûe, wat Keimoes met Neilersdrif verbind, aandui.¹⁴³



Figuur 2.7: Skets van die eerste brug wat Brakboseiland met Neilersdrif verbind het (1919).¹⁴⁴

¹⁴³ T.J.G. Hart, "Basic heritage impact assessment...", p. 10.

¹⁴⁴ T.J.G. Hart, "Basic heritage impact assessment...", p. 16.



Figuur 2.8: Groblersbrug in aanbou.¹⁴⁵



Figuur 2.9: Groblersbrug, soos gebou in 1934.¹⁴⁶

2.5 Druk op die regering vanaf maatskaplike en kerklike kant neem toe

Druk op die regering vanaf die NGK om hulp aan die armes te verskerp, het reeds kort voor die verslag van die Carnegiekommissie bekend gemaak is in 1932, sterk toegeneem.¹⁴⁷

Die bevindings van die Carnegiekommissie het die regering aangemoedig om meer werksgeleenthede vir armes deur middel van besproeiingnedersettings op die platteland te skep en het 'n oplossing vir die armblankeprobleem in selfwerksame vestiging deur die staat gesien.¹⁴⁸

¹⁴⁵ C.N. Erasmus, Persoonlike fotoversameling, Upington.

¹⁴⁶ E.C. Visser, Persoonlike fotoversameling, Potchefstroom.

¹⁴⁷ SAB, LBD, band 2327, vol. 1, lêer nr. R3419, verslag, H. Du Toit, "The Orange River and poor whites", p. 1.

¹⁴⁸ J.R. Albertyn, *Die armblanke-vraagstuk...*, pp. 70 - 71; P. du Toit (samesteller), *NGK-verslag van die Volkskongres...*, pp. 160 & 280.

Daarbenewens was daar meer geld vir staatsbesteding beskikbaar nadat die staat in 1931 van die goudstandaard afgestap het. Seekings redeneer hieroor as volg:

The government was able to repay much of its foreign debt, and to increase public spending – by 15 percent in just one year and then by a further 31 percent by 1938.¹⁴⁹

Seekings is van mening dat die Verenigde Party-regering wat in 1933 - 1934 aan bewind gekom het,¹⁵⁰ toegewyde ministers in sleutelposte aangestel het, wat hulle verbind het tot programmatiese hervorming, veral op die gebied van armoede.¹⁵¹

Alhoewel die eerste amptelike dokumente wat Skanskopeiland as 'n besproeiingsgebied aandui reeds in 1908 die lig gesien het,¹⁵² is daar eers in 1932 besluit om Skanskopeiland vir besproeiing oop te stel.¹⁵³ Hierna was die aanbevelings van die Volkskongres (1934) t.o.v. werkskepping op die platteland, soos dié van die Carnegieverslag, van bepaalde belang vir die wyse waarop die vestiging van armes op Skanskopeiland plaasgevind het.

2.5.1 Die Carnegiekommissie van Onderzoek, 1929 - 1931

Die Carnegiekorporasie is in 1911 in New York deur Andrew Carnegie gestig en was hoofsaaklik betrokke by filantropiese werk onder inwoners van Kanada en die Britse dominiums. Die NGK het die korporasie amptelik in 1929 genader om 'n ondersoek na die omvang en oorsaak van blanke armoede in Suid-Afrika, wat krisisaftmetings aangeneem het, te finansier. Die regering het ook sy bereidwilligheid verklaar om met die ondersoek te help.¹⁵⁴

E.G. Malherbe het 'n deurslaggewende rol gespeel in die daarstelling van die Carnegiekommissie se ondersoek na blanke armoede in Suid-Afrika. Na aanleiding van 'n artikel oor die groeiende getal armblankes wat Malherbe in 1921 geskryf het, het Keppel, die

¹⁴⁹ J. Seekings, "The Carnegie Commission and the...", p. 27.

¹⁵⁰ D.W. Kruger (red.), *Geskiedenis van...*, pp. 531 - 532. (Die koalisie in 1933 tussen die Suid-Afrikaanse Party van genl. J.C. Smuts en die Nasionale Party onder leiding van genl. J.B.M. Hertzog het uitgeloop op die stigting van 'n nuwe party, die Verenigde Party in 1934.)

¹⁵¹ J. Seekings, "The Carnegie Commission and the...", p. 27.

¹⁵² L. Bester, "Skanskop Island Report", *Report on ownership on certain sections of Skanskop Island Settlement*, 19/04/2014, p. 3.

¹⁵³ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, G.G. Whysall - B.F.H. van der Westhuizen, 02/08/1951.

¹⁵⁴ H. Forgey, *Die politiek van armoede: 'n vergelyking van die 1932 en die 1989 Carnegie-verslae*, (M.A.-verhandeling, RAU, 1992.), pp. 21 - 22.

president van die Carnegiekorporasie die versoek van die NGK toegestaan.¹⁵⁵ Tussen 1929 en 1931 is 'n uiters omvattende landswye ondersoek, ook in Keimoes, na die armblankevraagstuk gedoen.

Die navorsingspan het bestaan uit 'n aantal vakspesialiste wat elk 'n bepaalde afdeling ondersoek het. Dit het ingesluit die ekonomiese, sielkundige, onderwys, gesondheid en sosiologiese aspekte.¹⁵⁶

Die ondersoek het in vele opsigte baanbrekerswerk verrig. Nie net was dit die eerste wetenskaplik-maatskaplike studie oor blanke armoede wat in Suid-Afrika onderneem is nie, maar Bottomley meen ook dat die ondersoek buite die regering gestaan het, aangesien die kommissie uit die sfere van die sakewêreld en die kerk gekom het. Dit het die hele ondersoek meer legitiem gemaak.¹⁵⁷

Nog 'n unieke kenmerk was die veldwerk wat deur die kommissie gedoen is. Die land is deurkruis om genoegsame inligting in te samel. Die ondersoek het bestaan uit 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe tegnieke om data in te samel. Onderhoude, vraelyste, intelligensie en skolasiese toetse, 'n saamgestelde gesondheidsindeks, amptelike sensusdata en verskeie dokumentêre en historiese bronne is aangewend om die ondersoek wetenskaplik te begrond.¹⁵⁸



Figuur 2.10: 'n Trekboer en sy eggenote in die Boesmanland, gedokumenteerd deur E.G. Malherbe tydens die Carnegie-ondersoek, 1929 - 1932.¹⁵⁹

Daarbenewens was dit ook die eerste Suid-Afrikaanse kommissie van ondersoek wat 'n geskrewe verslag tesame met 'n fotoverslag voorgelê het. E.G. Malherbe, wat aan die

¹⁵⁵ H. Forgey, *Die politiek van armoede...*, pp. 21 - 22


¹⁵⁶ H. Forgey, *Die politiek van armoede...*, p. 22.

¹⁵⁷ E. Bottomley, *Armblikes*, p. 116.

¹⁵⁸ H. Forgey, *Die politiek van armoede...*, pp. 22 - 23.

¹⁵⁹ M. du Toit, "Binnelandse Reise" (Journeys to the Interior): Photographs from the Carnegie Commission of investigation into the poor white problem, 1929/1932," in *Kronos*, no. 32, Nov., 2006, p. 52.

Universiteit van Colombia gestudeer het en lid van die kommissie was, was verantwoordelik vir die fotobeeld van die verslag.¹⁶⁰ Die waarde van so 'n visuele verslag moet nie onderskat word nie. Edwards argumenteer dat 'n fotobeeld van die verlede nie net interpreterende waarde het nie, maar voorts ook praktyke uit die verlede bewaar en 'n visuele dokumentering van die historiese verlede se aksies en handeling is. As populêre historiese teken dit die verledenswerklikheid op en hou daardeur die bepaalde nasionale bewussyn en identiteit lewendig.¹⁶¹



Figuur 2.11: J.F.W. Grosskopf en E.G. Malherbe op reis tydens die Carnegie-ondersoek.¹⁶²



Figuur 2.12: Lede van die Carnegiekommissie.¹⁶³

¹⁶⁰ M. du Toit, "Binnelandse Reise...", p. 49.

¹⁶¹ E. Edwards, "Photography and the material performance of the past...", pp. 131 - 132.

¹⁶² M. du Toit, "Binnelandse Reise...", p. 64.

¹⁶³ M. du Toit, "Binnelandse Reise...", p. 67.

Malherbe se fotoverslag dra derhalwe by tot die Afrikaner se kollektiewe bewussyn en kennis oor sy maatskaplike en sosiale verlede. Volgens Teppo het die Carnegie-onderzoek maatskaplike baanbrekerswerk gedoen het vir die daarstel van sosiologiese studies aan tersiêre inrigtings:

It was the first systematic attempt to understand and change the living conditions of the poor whites. South Africa was seen as a vast open-air laboratory for these social experiments.¹⁶⁴

Die Carnegiekommissie se bevinding was dat daar uit 'n blanke bevolking van 1,8 miljoen meer as 300,000 “baie arm” was, waarvan 80 persent Afrikaners getel het. Dit het neergekom op 17.5% van die blanke bevolking, soos reeds genoem.¹⁶⁵ Dit het ingesluit sommige trekboere, arm bywoners en nedersetters, huurlinge op plase, eienaars van nie-winsgewende stukkie grond, asook nie-geskoolde of swak geskoolde werkers buite die boerderybedryf, soos bv. spoeldelwers of verstedelikes.¹⁶⁶

Die statistiek is ingesamel vóór die volle uitwerking van die depressiejare (1930 - 1933) gevoel is.¹⁶⁷ Dit het neergekom op bykans 17% van die totale blanke bevolking van Suid-Afrika,¹⁶⁸ wat 'n geweldige impak op die ekonomiese groei van die bevolking gehad het.


¹⁶⁴ A. Teppo, “The making of a good white, a historical ethnography of the rehabilitation of poor whites in a suburb of Cape Town, (Research series, University of Helsinki, 2004), p. 34.

¹⁶⁵ Sien afdeling 2.1, p. 26.

¹⁶⁶ D. Joubert (samesteller), *Toe witmense nog arm was*, p. 7.

¹⁶⁷ R.W. Wilcocks, *Die armblanke-vraagstuk*, Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, verslag van die Carnegiekommissie, Deel 2, Psychologiese verslag, p. vii.

¹⁶⁸ H. Giliomee, *Die Afrikaners...*, p. 269.



Figuur 2.13: Fotobeeld van 'n armblankegesin soos deur E.G. Malherbe gedokumenteer.¹⁶⁹

Die bevindings het aangedui dat blanke armoede nie aan geneties swakker mense materiaal of lae intelligensie toegeskryf moes word nie, maar aan ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede, veroorsaak deur die onvermoë van dele van die bevolking om by veranderde ekonomiese omstandighede aan te pas, asook boerderyprobleme en ontoereikende onderwys.¹⁷⁰ Daar is baie klem gelê op die gesamentlike maatskaplike verantwoordelikheid van die kerk en staat om die problematiese blanke armoede aan te spreek.¹⁷¹ Albertyn het veral die rol van die kerk t.o.v. die geestelike en morele welsyn van die arme beklemtoon. Die kommissie het telkens herhaal dat daar 'n aansienlike deel van die armblanke bevolking was wat bereid was om deur harde werk vir hul gesinne te sorg. Voorts is die geestelike aftakeling en gepaardgaande verlies aan selfrespek beskryf as demoraliserend.¹⁷² Groot publisiteit is aan die ondersoek en verslag van die Carnegiekommissie verleen. Die verslag is in talle publikasies bestempel as 'n keerpunt in die hantering van die armblankevraagstuk, terwyl in ander publikasies aangevoer word dat die waarde van die Carnegiekommissie oorskat en verkeerd

¹⁶⁹ M. du Toit, "Binnelandse Reise...", p. 68.

¹⁷⁰ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandse verarming en plaasverlating...*, pp. 29 - 48.

¹⁷¹ J.R. Albertyn, *Die armblanke-vraagstuk...*, pp. 70 - 71.

¹⁷² J.R. Albertyn, *Die armblanke...*, p. 140.

vertolk word.¹⁷³ Iliffe beskou op sy beurt die verslag as 'n sleuteldokument in die geskiedenis van armoede in Afrika.¹⁷⁴

Op die tydstip toe die Carnegieverlag gepubliseer is, het die armoede in die noordwestelike deel van die Kaapprovinsie rampafmetings aangeneem. As gevolg van natuurrampe te midde van die ekonomiese depressie, het behoeftige boere swerwers geword. Kinders het op die trekpad grootgeword. Grosskopf het die situasie soos volg beskryf:

[I]n distrikte soos Namakwaland en Gordonia en in die sogenaamde Boesmanland nog tot onlangs, was groot gedeeltes van die oppervlakte staatsgrond, wat nie permanente bewoners gehad het nie. Hierdie gronde is toe deur veeboere of onder maandelikse "grasliksens" [sic] of as paggrond (vir minstens een jaar) gebruik. Onder sulke boere het 'n klas van werklike nomadiese families ontstaan.¹⁷⁵

Wilcocks beaam die siening:

Ons kry vandag nog in die Noordweste 'n type [sic] van trekboer wat somtyds wel en somtyds nie eie grond besit nie. Met sy vee trek hy gedurig 'agter die reent aan' en vir meer as een trekboerfamilie is wa en tent nog vandag die enigste woonplek.¹⁷⁶

Hierbenewens argumenteer Grosskopf dat toestande van armoede versnel is a.g.v. gebrekkige of geen onderwys nie en die oorbevolking van plase. Hy was voorts van mening dat die beskikbaarheid van swart arbeid ook bygedra het tot die groeiende blanke verarming, asook faktore soos die isolasie waarbinne die trekboere en bywoners geleef het. Changuion en Ferreira meen dat die trekboere selfversorgend was, maar dat elke gesin ook 'n geslote ekonomiese en sosiale eenheid gevorm het. Hier binne die geslote kring het die trekboer 'n sterk individualisme ontwikkel met uitsonderlike karaktertrekke.¹⁷⁷ Die onkeerbare trekgees onder boere, asook die duidelike agterstand wat in die landboubedryf t.o.v. internasionale

¹⁷³ C.G. Visser & J.A. du Pisani "Die vestiging van Skanskopeilandbesproeiingnederstelling...", p. 106.

¹⁷⁴ J. Iliffe, in *The African poor: a history*, soos aangehaal deur P. Christie & A. Gordon in "Politics, poverty and education in rural South Africa", *British Journal of Sociology of Education*, vol. 13, no. 4, 1992, p. 399.

¹⁷⁵ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 43.

¹⁷⁶ R.W. Wilcocks, *Die armblanke...*, p. 9.

¹⁷⁷ L.J.S. Changuion & O.J.O. Ferreira, "Die streek en sy mense", in G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste, stoflike kultuuruiting van die streek se bewoners*, pp. 20 - 21.

tegnologiese ontwikkeling bestaan het,¹⁷⁸ het nie volhoubare en kompeterende boerderypraktyk bevorder nie.

D.F. Malan wat in 1948 die land se Eerste Minister sou word, beskryf die trekboer wat in armoede verval, soos hy dit dikwels in sy kiesafdeling, Calvinia,¹⁷⁹ ervaar het:

The dilapidated half-tent wagon with the tatters fluttering in the wind, and harnessed to it a team of six or eight emaciated, tottering donkeys. After a few years' experience, one does not even need to enquire to know that the white driver with his listless posture and the neglected woman with her dull eyes are probably not members of the church, and are either completely unable to read and write, or can only do so poorly, and that the half-a-dozen uncombed and unwashed children have never seen a church from the inside – let alone a school...¹⁸⁰

Groot gesinne was algemeen en het sy eie probleme geskep. Die Romeins-Hollandse erfreg waarvolgens vererwing bepaal is, het veral verarming in die hand gewerk.¹⁸¹ Patterson maak hieroor die volgende opmerking:

One heir actually found himself entitled to a 148,141st share of a farm of 2,527 acres.¹⁸²

As voorbeeld hiervan vertel Visser dat haar grootvader, W.C.J. Bezuidenhout, van die plaas Pypklip-Wes, in die distrik Kenhardt, 14,000 morg grond besit het in die vroeë 1900's, wat kragtens die erfreg verdeel moes word tussen ses seuns. Twee seuns het weggetrek en die grond is onderverdeel tussen die orige vier seuns. Die veeboerdery was daarna nie meer volhoubaar nie.¹⁸³ Macmillan het dieselfde praktyk in die distrik van Willowmore opgeteken: Nege seuns het elk 113 morg grond ontvang, waaruit 'n lewe gemaak moes word. In 'n ander geval het die boer agtien kinders gehad. Die praktyk het veroorsaak dat 'n georganiseerde

¹⁷⁸ J.W.N. Tempelhoff, "Omgewingslagoffers of armblankes?...", p. 6.

¹⁷⁹ L. Koorts, *D.F. Malan and the rise...*, p. 160.

¹⁸⁰ L. Koorts, *D.F. Malan and the rise...*, pp. 152 - 153.

¹⁸¹ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 29 - 48.

¹⁸² S. Patterson, *The last Trek...*, p. 137.

¹⁸³ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

boerdery wat 'n weikampstelsel kon toepas, verval het en die eenaars verarm het.¹⁸⁴ Hy som die situasie in die woorde van 'n plaaslike sendeling op:

In many parts the people are poor because they are backward, but here they are backward because their opportunities are so poor.¹⁸⁵

Die skrywer, M.E. Rothman (M.E.R.), wat betrokke was by die sosiologiese deel van die Carnegie-ondersoek het die geleidelike, maar onomkeerbare proses van verarming oor verskeie geslagte heen as volg beskryf:

Hoe langer hoe meer lyk dit vir my die hele verarmingsproses was die natuurlikste en onvermydelikste ding in die wêreld: ons het as handjievol blankes kans gesien om met die hele tamaai Suid-Afrika te boer.¹⁸⁶

Ten spyte van al die faktore het die kommissie bevind dat daar wel 'n groot persentasie armblankes was wat rehabiliteerbaar was en wat bereid was om deur harde werk en ywer hulle ekonomiese en bestaansposisie te verbeter.¹⁸⁷

Iliffe meen dat die hooforsaak van die armoede grootliks gekoppel kan word aan die swerwerbestaan:

Poor whites were poor rather than very poor, and they were poor because they were propertyless rather than because they were incapacitated. Poor Whites were overwhelmingly the landless.¹⁸⁸

Na aanleiding van dié bevindinge, is daar skerp kritiek gelewer op die wyse van voortdurende staatsondersteuning aan die armblankes, deurdat die staat se kortpad na opheffing daarop neergekom het dat die drang na selfstandigheid en "eiehulp" hulle ontnem is,¹⁸⁹ afhanklikheid van die staat gevestig is en dit 'n algemene demoraliserende effek op die rehabilitasie van

¹⁸⁴ W.M. Macmillan, *My South African years, an autobiography*, pp. 136 - 7.

¹⁸⁵ W.M. Macmillan, *My South African Years...*, p. 138.

¹⁸⁶ H. Giliomee, *Die Afrikaners...*, p. 269.

¹⁸⁷ E.P. du Plessis (samesteller), *'n Volk staan op...*, p. 83.

¹⁸⁸ J. Iliffe, *The African poor: a history*, p. 117.

¹⁸⁹ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. xxviii.

armblankes gehad het. Die trekgees wat inherent aan die boere was, asook die gesindheid dat die staat moet help, het by die boer die drang na leierskap en eiehulp ontnem.¹⁹⁰

Die kommissie was van mening dat die mentaliteit van die behoeftige blankes geensins baat gevind het by dié tipe opheffing nie en dat hulp aan die armes eerder selfstandigheid in die hand moes werk. Die sukses van die Kakamasarbeidskolonierprojek is deur die kommissie as voorbeeld van 'n lewensvatbare skema vir behoeftige blankes gebruik.¹⁹¹

Die armblankevraagstuk het ná die publikasie van die Carnegieverslag in 1932 baie aandag van die plaaslike sowel as Uniale regering geniet en het 'n volksbewustheid ten opsigte van blanke armoede geskep.

2.5.2 *Volkskongres oor die Armblankevraagstuk 1934*

Op maatskaplike gebied was die NGK die stem wat die regering tot aksie aangespoor het om die armblankeprobleem daadwerklik aan te pak.¹⁹² Met die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk wat in Oktober 1934 in Kimberley in samewerking met die staat gehou en gereël is deur die NG kerk, is daar sterk klem gelê op die maatskaplike verantwoordelikheid van kerk en staat om na die armes om te sien. Dit het aan organisasies buite die kerklike sfeer die geleentheid gegee om saam met die verskeie kerke oplossings te formuleer en voorstelle aan die hand te doen, geskoei op die breë riglyne van die Carnegiekommissie.¹⁹³ Die Volkskongres was, benewens die Carnegie-ondersoek, 'n bepalende gebeurtenis ten opsigte van die toepassing van armoedeverligting.

Met sy openingstoespraak het A.P.J. Fourie, die Minister van Arbeid, 'n betekenisvolle uitspraak gemaak:

Dink net wat 'n verandering in die ekonomiese lewe van die volk sou plaasvind, as die twee- tot driehonderdduisend arme blanke in 'n toestand geplaas word, waaronder hulle getel kan word saam met die res van die bevolking as normale

¹⁹⁰ J.F.W. Grosskopf, *Plattlandsverarming en plaasverlating...*, p. 29 - 48.

¹⁹¹ J.F.W. Grosskopf, *Plattlandsverarming en plaasverlating...*, p. xxviii - xxxi; J.R. Albertyn, *Die armblanke...*, p. 142.

¹⁹² SAB, Secretary of Agriculture (LBD), band 2327, vol. 1, lêer nr. R3419, verslag, H. Du Toit, "The Orange River and poor whites," p. 1.

¹⁹³ A.T. Winckler, *Volkswelsynbeleid...*, p. 41.

verbruikers in staat om 'n fatsoenlike lewe te lei en hulle families fatsoenlik op te voed.¹⁹⁴

In die aanbevelings van die Volkskongres word werkverskaffing op die platteland in die vorm van besproeiingsnedersettings sterk aangemoedig as oplossing vir armoede:

Die kongres glo dat staatsnedersettings en besproeiingskemas 'n waardevolle middel tot plattelandse werkverskaffing is...¹⁹⁵

en

[D]at die selfstandigheid en besef van eie verantwoordelikheid onder die boerebevolking met alle moontlike middels moet aangemoedig word...¹⁹⁶

In pas met die Carnegieverslag, is daar deur die Volkskongres aanbeveel dat die voorwaardes waaronder grond aan die nedersetters toegeken word, veral betreffende die betaling van rente en skuld, strenger toegepas moes word, sodat die nedersetting nie as noodmaatreël bestaan nie, maar as opheffing.¹⁹⁷ Die kongres het, soos die Carnegiekommissie, die Kakamas-arbeidskolonie se suksesvolle armoedeverligting hoog aangeskryf en as rolmodel vir dié tipe projekte aangedui:

Die kongres beveel aan die stigting van kerknedersettings op voorbeeld van die Kakamas NG kerk-nedersetting, met die oog op die opheffing van die plattelandse werklose wat vir die boerelewe geskik is en nog nie hulle onafhanklikheidsgees verloor het nie, en meen dat as die Kerk bereid is om die administrasie van sulke nedersettings te aanvaar, die Staat voorsiening behoort te maak vir die kapitale uitgawes of 'n gedeelte daarvan.¹⁹⁸

Op voorstel van H.F. Verwoerd, die latere Eerste Minister van Suid-Afrika, is 'n Nasionale Departement van Welsyn geskep.¹⁹⁹ Vosloo wys daarop dat hierdie konferensie, wat heelwat van die aanbevelings van die Carnegieverslag beaam het, asook die daaropvolgende kerkkonferensie, as die keerpunt in die hantering van die blanke armoedekwessie in Suid-Afrika

¹⁹⁴ P. du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres...*, p. 22.

¹⁹⁵ P. du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres...*, p. 280.

¹⁹⁶ P. du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres...*, p. 160.

¹⁹⁷ P. du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres...*, p. 280.

¹⁹⁸ P. du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres...*, p. 281.

¹⁹⁹ H. Giliomee, *Die Afrikaners...*, p. 351, 470.

gesien kan word.²⁰⁰ Winckler is van mening dat geen ander liggaam sulke sterk vertoë tot die staat, met betrekking tot oplossings tot die armbankevraagstuk, gerig het nie. Ongeveer 75 persent van die 109 voorstelle het versoeke aan die staat bevat vir een of ander vorm van hulpverlening vir die blanke armes in die land.²⁰¹

Die staat se bydrae tot armoedeverligting het in die dertigerjare sterk toegeneem en het 'n staatsvaderlikheid ontstaan, wat staatsafhanklikheid van die arme laat toeneem het.²⁰²

In 1932 is die getal blankes wat opgeneem is in gesubsidieerde arbeid vermeerder met 99%, terwyl die wat in ongesubsidieerde armoedeverligtingskemas werksaam was, verdriedubbel het.²⁰³ Teen 1933 is 15,8% van die nasionale begroting aan armoedeverligting bestee.²⁰⁴ In die tydperk 1933 - 1934 is daar 'n bedrag van £20 miljoen vir hulpverlening aan boere bestee.²⁰⁵ Volgens statistiek van die Kaapstadse Arbeidsburo was 57,3% van die 4,928 ongeskooldes wat in die paar jaar voor 1939 om werk aansoek gedoen het, van plattelandse herkoms, waarvan 83,8% van die Afrikaanssprekendes op die platteland gebore was. Die meeste was te oud om 'n nuwe begin in die stede te maak.²⁰⁶

In die tydperk 1938 - 1939 het die Unieregering byvoorbeeld bykans £10 miljoen, wat bykans 20% van die nasionale begroting was, aan algemene welsynsdienste bestee. In 1939 is die broodlyn bereken op £12 per maand.²⁰⁷ Coetzee meen dat daar volgens gegewens van die staatsgesubsidieerde botterskema in 1939, ongeveer 58,000 gesinne met 'n totaal van 289,000 persone, minder as £12 per maand verdien het.²⁰⁸

Teen 1939 was nagenoeg 59% van die 98,000 arbeiders wat deur die regering in diens geneem is, deel van armoedeverligtingsprojekte. Dit was tipies stukwerk op besproeiingskemas, bosbou en spoorweë.²⁰⁹ Dié optrede het nie net infrastruktuur geskep en werk aan armbankes verskaf

²⁰⁰ R. Volsloo, "The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932): some church-historical and theological observations", *Studia Historiae Ecclesiasticae*, September 2011, 37, no. 2, pp. 12 - 13.

²⁰¹ A.T. Winckler, *Volkswelsynbeleid...*, p. 41.

²⁰² J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. xxviii - xxxi.

²⁰³ F. Wilson & M. Ramphela, *Uprooting...*, p. 318.

²⁰⁴ H. Giliomee, *Die Afrikaners ...*, p. 295.

²⁰⁵ P. du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres...*, p. 17.

²⁰⁶ E. P. du Plessis (samesteller), *'n Volk staan op...* p. 88.

²⁰⁷ J. de Villiers, "Sosio-ekonomiese dimensies...", p. 174.

²⁰⁸ J.H. Coetzee, *Verarming...*, p. 28.

²⁰⁹ J. Seekings, "The Carnegie Commission and the...", p. 4.

nie, maar hulle ook terselfdertyd gerehabiliteer, sodat daar 'n ommekeer in blanke armoede in die veertigerjare gekom het en dit teen 1950 byna uitgeroei is.²¹⁰

Dit is teen hierdie agtergrond dat Skanskopnederstelling in 1937 as 'n selfwerksame besproeiingnederstelling begin is in 'n poging om aan blanke armes 'n heenkome te bied. In teenstelling met Kakamas, waar die NGK leiding en beskerming aan armblankes gebied het, het die NGK hier grootliks 'n maatskaplik-godsdienstige rol gespeel en was geensins administratief of finansiële betrokke by die ontstaan en administrasie van die nederstelling nie.²¹¹

Selfwerkzaamheid, met geringe staatsondersteuning, is voorop gestel, om afhanklikheid van die staat te beperk en tot 'n ekonomies-volhoubare lewensbestaan te lei.

Die inisiatief om Skanskopeiland as besproeiingsnederstelling te vestig, wat alreeds in 1932 momentum verkry het, sou eers vyf jaar later werklikheid geword het, toe die erwe op Skanskopeiland geadverteer is vir voornemende kopers. In dié vyf jaar het baie plaasgevind. Die watervoorsiening na Skanskopeiland is beplan en konstruksiewerk gedoen, die serwituut van die waterleiding is gefinaliseer, erwe is uitgemeet, die kanaal afgesteek, koopvoorwaardes ten opsigte van die erwe is bepaal en die grond se waardasie is afgehandel.²¹²

²¹⁰ D. Langer (red.), *Gebroke Land, armoede in die Afrikaanse gemeenskap sedert 1902*, p. 8.

²¹¹ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 6; ook mondelinge herinnering van J.J.C. Smit in besit van outeur.

²¹² SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, F.P.S. le Roux - Provinsiale Verteenwoordiger, 20/04/1937.

HOOFSTUK 3

Vestigingsgeskiedenis 1921 - 1940

3.1 *Geografiese oriëntering*

3.1.1 *Skanskopeiland, die terrein van ondersoek*

Die besproeiingsnederstelling op Skanskopeiland is geleë in die Benede-Oranjevallei in die Noord-Kaap. Die Benede-Oranjevallei is bekend vir die intensiewe landbouverbouing langs die oewers van die rivier. Wingerdverbouing strek vanaf Boegoebergdam in die ooste tot by die Augrabieswaterval in die weste.

Een van die opvallendste kenmerke van die rivier is die breë vertakking van strome tussen Upington en Kakamas, wat baie eilande met uiters vrugbare grond tot gevolg het. Sommige is klein, ander weer groter. In die 1919-verslag van die Direkteur van Besproeiing, word die riviergebied as volg beskryf:

About midway between Upington and Keimoes however, the bed slope steepens and in a length of five miles, the fall in the river exceeds 120 feet. Where this drop takes place, the river is at its widest and ramifies into a maze of large and small channels, which forms innumerable islands.¹

Die eilande het almal sekere eienskappe wat ooreenstem: Dit is saamgestel uit lae ryk alluviale grond, het 'n digte boomgroei, veral op die groter eilande, met oorwegend struikgroei en riet, papkuil, watergrasse en rivierwilgers.² Die alluviale grond bestaan uit 'n baie fyn sediment, wat saamgestel is uit klei, slik en fyn sand.³

¹ SAB, Sentrale Regeringspublikasies (SRP), band 6/107, Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 28 - '20, Verslag van die Direkteur van Besproeiing, 01/04/1918 - 31/04/1919, p. 25.

² P.J. Cornelissen, *'n Geografiese studie van die besproeiingsnederstelling op Kanoneiland*, (M.A.-verhandeling Universiteit van Stellenbosch, 1950), p. 1.

³ P.K. Zawada & A.M. Smith, "The 1988 Orange River flood, Upington region, Northwestern Cape Province, RSA", *Terra Nova*, vol. 3, no. 3, pp. 318 & 323.

Moolman is van mening dat die eilande deur erge erosie en jare se afsetting gevorm is.⁴

Cornelissen haal J.H. Wellington aan wat dié uitspraak bevestig:

Most of the islands appear to have originated by the deposition of silt to leeward of a hard fragment of gneiss projecting upwards from the river bed... tree sand shrubs bind the deposit, windblown sand helps to raise the level and the island becomes more or less permanent.⁵

Hierdie argument word gesteun deur Kanthack, wat na sy ondersoek van die eilande in die Oranjerivier in 1909 aangeteken het dat die eilande op 'n soliede granietlaag gevorm is, met ryk alluviale en slikgrond wat deur jare se afsetting 'n laag vrugbare grond gevorm het. Hy was van mening dat nie alle dele van die eilande geskik was vir landbou nie, maar dat die geskikte gedeeltes ongeveer 15 voet diep was.⁶

Burger en Deist beskryf die grond op die rivierterras as swaar en donker vrugbare slikgronde.⁷

Onlangse grondontledings wat in Skanskopeiland gedoen is, toon aan dat die grond steeds baie vrugbaar is, met genoeg voedingstowwe en dat die grondsamesstelling bestaan uit fyn sand, klei en slikdeeltjies.⁸

Die eiland is nie baie groot in vergelyking met ander besproeiingseilande in die omgewing, soos byvoorbeeld Kanoneiland nie en is ongeveer 3 km suid van Keimoes en 44 km wes van Upington geleë. Die eiland strek van oos na wes oor 'n afstand van 8 km en het tans 'n totale besproeibare oppervlakte van 470ha. Dit is uitgemeet in 68 besproeiingserwe van sowat 7 ha elk, soos die oorspronklike kaart van Bain in Bylae B aandui.⁹

⁴ J.H. Moolman, "The Orange River, South Africa...", p. 662.

⁵ P.J. Cornelissen, 'n *Geografiese studie...*, p. 1.

⁶ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verslag, F.E. Kanthack, 17/07/1909, pp. 1 - 2.

⁷ J. Burger & J. Deist (red.), *Wingerdbou in Suid-Afrika*, p. 63.

⁸ C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014, [Landboukundige beampte, CBLP, Keimoes, Charl Baard Landbouprodukte]; G.A. Visser, persoonlike mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 10/10/2013.

⁹ Sien Bylae B, p. 390, Oorspronklike kaart van Skanskopeilandnederstelling, LORC 1451/38, geteken deur landmeter A.G. Bain, ca. 1938, in besit van G.A. Visser; SNBA, Departement van Besproeiing, 1954-waterinlystingrekord vir Skanskopeiland; SNBA, Aktesondersoek nr. 1058, 08/12/1961; Republiek van Suid-Afrika, Departement van Waterwese: Skanskopeiland, lys van belasbare oppervlakte, 2010; Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org, omskakeling na morg: 1 morg = 0,856532 ha., [geraadpleeg 22/10/2013].

Skanskopeiland is na oorlewering vernoem na die klipkop Skanskop op die plaas Koms, suid van Skanskopeiland. Die eiland is deur die boere van dié plaas as weiding vir hulle vee gebruik en hulle het na die eiland verwys as *Skanskop-se-eiland*.¹⁰



Figuur 3.1: Die klipkoppie, Skanskop, op die plaas Koms, waarna Skanskopeiland vernoem is.¹¹

3.1.2 Die rivier en omgewing

Die Oranjerivierkom is die grootste rivierkom in Suid Afrika en ontspring in die Lesotho-Hoogland, in Mont-aux-Sources (Berg van Fonteine)¹² waarvandaan dit ongeveer 2300 km vanaf die oorsprong tot by die uitmonding in die Atlantiese Oseaan, by Alexanderbaai strek.¹³ Die rivier vloei weswaarts deur verskillende streke met geleidelik verminderde reënval en toenemende dorheid, en laat sy swaar slikbelaaide water teen die oewers na.¹⁴

¹⁰ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 6.


¹¹ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹² Anon, "Things to do at Royal Natal National Park," http://www.nature-reserve.co.za/royal-natal-national-park_activities.html, [geraadpleeg 22/09/2014].

¹³ Republic of South Africa, Department of Water Affairs, General location map of the Orange River Basin, by <http://www.dwa.gov.za/Orange/rm017m6.aspx>, [geraadpleeg 10/03/2010].

¹⁴ RSA, DVI, *’n Magtige rivier getem*, p. 7.

Naby Douglas in die Noord-Kaap vloei die Vaalrivier in die Oranjerivier. Die gebied van die samevloeiing by Douglas tot by die uitmonding van die rivier in Oranjemund staan bekend as die Benede-Oranjeriviergebied.¹⁵



Figuur 3.2: Benede-Oranjeriviergebied.¹⁶

Die Benede-Oranjerivier waarbinne Skanskop geleë is, is 'n landstreek van kontras. Al langs die soom van die rivier is gevestigde wingerd en wisselbougrond, wat intensief besproei word met die water van die Oranjerivier.¹⁷ Van Niekerk noem die rivier met reg die hartaar van die Noordweste, omdat die lewegewende water oorsprong sou gee aan 'n reeks besproeiingsnedersettings vanaf Boegoeberg tot ver verby Augrabies.¹⁸ Gemiddelde reënval is 250 mm per jaar, maar dit gebeur dikwels dat oormatige reëns tydens die rypwordperiode en oestyd voorkom.¹⁹

Te midde van die dor en wye vlaktes, het die Oranjerivier in die Benede-Oranje sy pad uit die graniet, gneis en kwartsiet oor jare heen gekerf en deur afsetting aan weerskante ongeveer 'n 3 km breë strook vrugbare alluviale oewergrond gevorm, waar daar intensiewe landbou plaasvind.²⁰

¹⁵ A. Erlea *et al.*, "A preliminary basin profile of the Orange, Senqu river", April, 2005, pp. 1 - 44.

¹⁶ Republic of South Africa, Department of Water Affairs: "General location map of the Orange River Basin", http://www.dwa.gov.za/Orange/low_orange/default.aspx, [geraadpleeg 10/03/2010].

¹⁷ Republic of South Africa, Department of Water Affairs, "General location map of the Orange River Basin", <http://www.dwa.gov.za/Orange/rm017m6.aspx>, [geraadpleeg 10/03/2010].

¹⁸ A.A.J. van Niekerk, *Kanoneiland...*, p. 21.

¹⁹ J. Burger & J. Deist, *Wingerdbou...*, p. 63.

²⁰ P.K. Zawada & A.M. Smith, "The 1988 Orange River flood...", p. 317.

In die hoofstroom loop die rivier op 'n granietbank en oral steek groot rotse uit, wat kenmerkend van die rivier is.²¹ Dikwels vorm die granietbank 'n uitstaande klipplaat wat 'n klein eiland in die rivier vorm.

Zawada en Smith beskryf die gedeelte van die rivier ongeveer 40 km wes van Upington tot by Keimoes as volg:

The Orange River can be classified as a perennial, dryland, sinuous, braided or compound river which flows through a semi desert.²²

Die eilande wat tussen Upington en Keimoes gevorm is sluit onder meer Skanskopeiland, asook Kanoneiland, sowel as Keimoeseiland, Bradwell-eiland, Smiteland, Langklaaseiland, Rooikop- en Brakboseiland in. Die rivier kronkel verby Friersdale, waar ook talle eilande gevorm is, verby Kakamas en Marchand, om uiteindelik by Augrabies in 'n smal granietrvyn skouspelagtig die 191 m na benede te stort in 'n diep poel van 43 m. Daarvandaan volg die rivier 'n pad na Alexanderbaai, waar dit uitmond in die Atlantiese Oseaan.²³



Figuur 3.3: Augrabies waterval: 2011-vloed.²⁴



Figuur 3.4: Augrabies waterval.²⁵

Die rivier speel 'n uiters belangrike rol in volhoubare menslike vestiging in die streek. Sonder die rivier is daar geen sprake van enige menslike aktiwiteite nie. Rondom die rivier was altyd lafenis vir mens en dier. Nomadiese inboorlingstamme het reeds sedert die vroegste jare in die gebied rondgetrek en in die omgewing van die rivier oorgestaan.²⁶ Die olifantjagter Jacobus Coetsè het

²¹ P.J. Cornelissen, 'n *Geografiese studie...*, p. 3.

²² P.K. Zawada & A.M. Smith, "The 1988 Orange River flood...", p. 318.

²³ A. Erlea *et al.*, "A preliminary basin profile ...", p. 20.

²⁴ R. Fourie, per e-pos ontvang, 02/03/2011.

²⁵ Anon, "Inspired by photos", <http://experiencenortherncape.com/visitor/explore-the-northern-cape/inspired-by-photos>, [geraadpleeg 21/05/2014].

²⁶ I. P. du Plooy, *NG kerk Marchand, die eerste vyftig jaar...*, p. ii.

in 1760 die rivier by Goodhouse as “de groote rivier”²⁷ beskryf en so het dit in die volksmond gebly. Die jaar daarop, in 1761, skryf die landmeter, Carel Brink, dat die bewoners die rivier “Ein” of ook “Chanie” noem. Naby Douglas het die vroeëre bewoners van die “Noe Gariep” gepraat.²⁸

Met die reisiger R.J. Gordon se besoek in 1779 aan die gebied vandag bekend as Upington, het hy die Gyzikoas, of Tweelingvolk - so genoem omdat hulle twee tale kon praat en die produk van bloedvermenging was - teen die rivier aangetref.²⁹ Gordon het die rivier die Oranjerivier gedoop, ter ere van die Nederlandse Prins Willem van die koningshuis van Oranje.³⁰ Turton beskryf die geleentheid as volg:

In the evening, the party launched Col. Gordon's boat, and hoisted the Dutch flag. Col. Gordon proposed to drink the States' health, that of the Prince of Orange, and the Company. After this, he named the river in honour of the Prince.³¹

Noord van die Gariep, of Grootrivier, was die woonplek van die nomadiese Korana.³² Die gebied is 'n semi-woestyn binne 'n uitgestrekte savannalandskap. 'n Paar kilometer van die groen en lowerryke rivieroewer, is die omgewing dor en klipperig, met die kenmerkende bossieveld van die streek, waarop Boerbokke en Dorperskaap floreer. Uiters droë en warm somers, waar die temperature maklik styg tot 40°C, word afgewissel met winters wat bitter koud raak met temperature tot so laag as -5°C.³³

Hier groei seldsame plante soos die kokerboom (*Aloe dichotoma*), die kraalaalwyn (*Aloe claviflora*), *Aloe hereoensis* en *Aloe gariepensis*.³⁴

²⁷ A.K. Cornelissen, *Langs Grootrivier, grepe uit die kleurrike geskiedenis van die Noordweste*, Upington, 1987, p. 2.

²⁸ A.K. Cornelissen, *Langs Grootrivier...*, p. 2.

²⁹ A.K. Cornelissen, *Langs Grootrivier...*, p. 14.

³⁰ A.A.J. van Niekerk, *Kanoneiland...*, p. 13.

³¹ A.R. Turton *et al.*, “A hydropolitical history...”, p. 101.

³² A.K. Cornelissen, *Langs Grootrivier...*, p. 15.

³³ D.J. McDonald, “Draft environmental impact report for the proposed establishment of a new concentrating solar power plant in Northern Cape Province”, <http://www.ccaenvironmental.co.za/Current%20Projects/Downloads/Keimoes/Appendix%20D.3%20-%20Botanical%20Assessment.pdf>, [geraadpleeg 21/05/2010].

³⁴ B. van Wyk & G. Smith, *Guide to Aloes of South Africa*, pp. 36, 82, 146, 176.

Die olienhoutboom (*Olea europaea* subsp. *africana*) is inheems aan die gebied.³⁵ Kenmerkend van die landskap is die reuse, uiters geharde kameeldoringbome (*Acacia erioloba*).

Henkel het met sy ondersoek in 1908 die volgende boomsoorte op eilande tussen Upington en Keimoes aangeteken: Karee (*Rhus lancea*), Swartbas (*Diospyros whyteana*), Oliehout (*Olea europaea* subsp. *africana*), Haak-en-steekboom (*Acacia tortillis* subsp. *heteracantha*), Doringboom (*Acacia horrida*), Kameeldoringboom (*Acacia erioloba*), asook die Abiekwa (*Tamarisk articulata*).³⁶

Ander boomstruik wat hier voorkom is die *Boscia albitrunca*, ook plaaslik bekend as die “Witgat”, die Rivierboswilg, (*Combretum erythrophyllum*), die Swarthaak, (*Acacia mellifera* subsp. *detinens*) en die klapperbos (*Nymania capensis*).³⁷



Figuur 3.5: Tipiese plantegroei van die omgewing, die Swarthaak (*Acacia mellifera* subsp. *detinens*).³⁸

³⁵ B. van Wyk & P. van Wyk, *Identifiseer die bome van Suider-Afrika*, p. 123.

³⁶ SAB, ACT, vol. 8, lêer 470, vol. 4, verwysingsnr. 6834/101, verslag, Henkel, “Orange River Islands”, 03/03/1908, p. 3.

³⁷ South African National Parks, “Augrabies Falls National Park”, <http://www.sanparks.org/parks/augrabies/conservation/ff/vegetation.php>, [geraadpleeg 15/04/2010].

³⁸ D.J. McDonald, “Draft environmental impact report for the proposed establishment of a new concentrating solar power plant in Northern Cape Province”, <http://www.ccaenvironmental.co.za/Current%20Projects/Downloads/Keimoes/Appendix%20D.3%20-%20Botanical%20Assessment.pdf>, [geraadpleeg 21/05/2010].



Figuur 3.6: Kraalaalwyn (*Aloe claviflora*).³⁹



Figuur 3.7: *Aloe gariepensis*.⁴⁰

Ook die Jan-twak bos (*Nicotiana glauca* - 'n indringerplant afkomstig uit Suid-Amerika)⁴¹ verdien vermelding, aangesien die nedersetters die plant se blare meermale aangewend het vir medisinale gebruike en die takke gebruik is om skuilings mee op te rig.⁴² Die tipiese plantegroei van die gebied is in oorvloed in die vestigingsjare op Skanskopeiland gevind.

Die eiland was nie orals ewe ruig nie. Die meeste plantegroei het na aan die water voorgekom – veral waar die dongas en natuurlike sloepe was. Reuse kameeldoringbome het verder weg op die droër grond gestaan, waarskynlik omdat die wat teenaan die water gestaan het, met vloede weggespoel is. Op die aanliggende Kanoneiland is bome aangeteken waarvan die spreidende takke ongeveer 107 tree (98 m) in omtrek was, met 'n hoogte van ongeveer 50 voet (15 m).⁴³

³⁹ D.J. McDonald, "Draft environmental impact report for the proposed establishment of a new concentrating solar power plant in Northern Cape Province", <http://www.ccaenvironmental.co.za/Current%20Projects/Downloads/Keimoes/Appendix%20D.3%20-%20Botanical%20Assessment.pdf>, [geraadpleeg 21/05/2010].

⁴⁰ D.J. McDonald, "Draft environmental impact report for the proposed establishment of a new concentrating solar power plant in Northern Cape Province", <http://www.ccaenvironmental.co.za/Current%20Projects/Downloads/Keimoes/Appendix%20D.3%20-%20Botanical%20Assessment.pdf>, [geraadpleeg 21/05/2010].

⁴¹ Invasive Specialist Species Group (ISSG), "Global invasive species database", <http://www.issg.org/database/species/ecology.asp?si=1453&fr=1&sts=&lang=EN>, [geraadpleeg 23/08/2010].

⁴² E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; J.A. Pool, Persoonlike geskrifte, in besit van outeur, 15/06/2013. Sien hoofstuk 6, afdeling 6.9.5, p. 296.

⁴³ Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org, omskakeling 1 voet = 0.4048 meter en 1 tree = 0.9144 meter, [geraadpleeg 22/10/2013]



Figuur 3.8: Jan-twakboom (*Nicotiana glauca*).⁴⁴

Wingerdbou vorm vandag die hoofboerdery-aktiwiteit op Skanskopeiland. Wisselbou soos lusern, mielies en koring vorm vandag, in teenstelling met vroeër, 'n klein onderafdeling van die boerdery-aktiwiteite.⁴⁵

Omdat die gebied hooggeleë en redelik vloedvry is as gevolg van die oprigting van noodwalle, leen die eiland hom uitstekend tot besproeiingsboerdery. Ten spyte van gereelde hoogwater en vloedtye van die Oranjerivier, is Skanskopeiland sedert sy ontstaan in 1938 nog net tweemaal, in 1974 en 1988, oorstrom.⁴⁶ Die bou-erwe en noodwalle op die eiland is uitgemeet na aanleiding van die 1925-vloedmerk, wat 23.85 voet⁴⁷ (ongeveer 7,27 m) by Skanskopeiland bereik het.⁴⁸

⁴⁴ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁴⁵ G.A. Visser [voorsitter Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 1992 - 2009], mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 05/07/2010.

⁴⁶ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, November 1974, "Verslag van werksaamhede in 1974"; Notuleboek Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 14/03/1988, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad.

⁴⁷ Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org, omskakeling 1 voet (vt.) = 0.4048 meter (m).

⁴⁸ Kaart nr. LORC 1123/35, opgetrek deur G.T. Richie, 14/11/1935, in besit van G.A. Visser; Mondelinge mededeling deur J.J.C. Smit, Skanskopeiland, 09/09/2010; G.A. Visser [voorsitter Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 1992 - 2009], mondelinge mededeling Skanskopeiland, 05/07/2010.

Dit is interessant dat die Januarie en Februarie 2011-vloede, wat die landboubedrywighede erg ontwig en baie skade aan infrastruktuur aangerig het, vlakke van ongeveer 7,8 m en 7,6 m bereik het, wat min of meer met die vloedhoogtes van 1925 ooreengestem het.⁴⁹

Die water het in 2011 ongeveer een derde van die eiland oorstrom.⁵⁰ Daar moet wel in ag geneem word dat daar in 1925 geen noodwalle bestaan het nie.

Die nedersetting is vandag 'n vooruitstrewende gemeenskap. Waar daar in 1938 met die aanvangsjare 63 nedersetters was wat elkeen 'n erf besit het, is daar vandag net 12 grondeienaars a.g.v. die konsolidasie van erwe om groter boerdery-eenhede te vorm.⁵¹ Hiervan is sewe grondeienaars nasate van die oorspronklike nedersetters.



Figuur 3.9: Skanskopeiland.⁵²

⁴⁹ DWA, D. van der Spuy, "D7005, D7003, Discharge Rating; further improvement of rating tables using acoustic doppler stream gaugings," *Flood Studies*, Augustus 2011. [Dokument per e-pos verskaf deur D. van der Spuy, Specialist Engineer, Directorate Hydrological services, 04/06/2013.]; Republic of South Africa, Department of Water Affairs, <http://www.dwa.gov.za/Hydrology/FRGraph.aspx?Station=D7H005EC&Type=Flow>, [geraadpleeg 07/02/2011].

⁵⁰ G.A. Visser [voorsitter Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 1992 - 2009], mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 06/03/2011.

⁵¹ Republiek van Suid-Afrika, Departement van Waterwese: Skanskopeiland, lys van belasbare oppervlakte, 2010.

⁵² J.C. Eggers, Persoonlike fotoversameling, Rooikopeiland.

3.2 Verkenning en beplanning 1921 - 1935

3.2.1 Vroeë ondersoeke

Verskeie dokumente en korrespondensie wat in die argief van die Upington streekkantoor van Departement Waterwese gevind is, asook kaarte van verkenningstogte gee bepaalde aanduidings dat daar voor 1933 'n diepgaande ondersoek gedoen is deur die Departement van Lande na die moontlikheid van 'n besproeiingsnederstelling op Skanskopeiland.⁵³ Navorsing in die Sentrale Argiefburo bevestig die ondersoeke.

Die staat het vanaf 1904 verskeie ondersoeke na die gebruik van die kroongrond op die Oranjerivier-eilande geloods, waartydens sommige opgemeet is.⁵⁴ Die ondersoek van Kanthack is die beste gedokumenteer, soos reeds in hoofstuk 2 bespreek is.⁵⁵

In 1923 is daar in opdrag van die Departement van Lande 'n volle inspeksie onderneem van al die eilande in die Oranjerivier. Die kommissie van ondersoek het die ernstige armoede onder blanke inwoners van die gebied beklemtoon:

[T]here is dire poverty among the white population among the Orange River, some of the families as a matter of fact suffering from want of food...⁵⁶

Die kommissie het hieroor aanbeveel dat daar veel eerder plaaslik werk geskep moes word deur besproeiingsprojekte as om die gebied se arm mense na ander armoedeverligtingsprojekte te verskuif.⁵⁷

Skanskopeiland is met dié ondersoek deur landmeter W.J. Golightly geïnspekteer, wat 'n gunstige rapport ten opsigte van die eiland se vrugbaarheid en besproeiingspotensiaal gelewer het. Die geskatte koste van die ontwikkeling was egter baie hoog. Die aanbeveling ten opsigte

⁵³ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, (SV), brief, G.G. Whysall - B.F.H. van der Westhuizen, 02/08/1951.

⁵⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470/1A, verwysingsnommer: D/10/555/05, verslag, 23/10/1905, p. 2; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, F.E. Kanthack - W.J. Davidson, 15/12/09; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verslag aan die Siviele Kommissaris van Gordonia, 04/04/1910, pp. 1-3; M. de Beer, *Keimoes en Omgewing...*, p. 95.

⁵⁵ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, brief, F.E. Kanthack - W.J. Davidson, 15/12/09; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verslag aan die Siviele Kommissaris van Gordonia, 04/04/1910, pp. 1 - 3; Sien hoofstuk 2, afdeling 2.4.1, pp. 39 - 40.

⁵⁶ SAB, ACT, band 6, lêer 470, vol. 8, verslag, D.P. Liebenberg, E.B. Watermeyer & P.A.B. Faure, "Disposal of the islands in the Orange River, Division Kenhardt", 15/01/1923, p. 8.

⁵⁷ SAB, ACT, band 6, lêer 470, vol. 8, verslag, D.P. Liebenberg, E.B. Watermeyer & P.A.B. Faure, "Disposal of the islands in the Orange River, Division Kenhardt", 15/01/1923, p. 8.

van Skanskopeiland is gemaak dat die staat die eiland moes ontwikkel en dat erwe slegs aan kapitaalkragtige persone verkoop moes word.⁵⁸

Dié ondersoek van die Departement van Lande, wat voor die verwoestende vloed van 1925 gedoen is, het 'n ander prentjie van die eiland geskets as na die vloed, toe Skanskopeiland in Augustus 1925 weer opgemeet is deur D.F. Marais en die sirkelingenieur van die Departement Besproeiing, G.R. Runcimann.⁵⁹

Die kaart van die eiland, wat na die opmeting geteken is, toon die moontlike ontginning van die gebied as besproeiingsgrond deur die staat. Sketse op die kaart wys eerstens dat daar aanvanklik beplan was om die water vanaf die aanliggende Rooikopeiland na Skanskopeiland toe te gelei deur middel van 'n kanaalsisteem en 'n duikpyp⁶⁰ deur die rivier en tweedens 'n beplanning van 'n kanaalstelsel op die eiland.⁶¹

Die kaart skets die eiland as 'n baie ruwe beboste gebied wat as gevolg van die vloed diep erosieslote en hoë duine gehad het. Die terrein sou slegs deur aansienlike uitgawes van die staat vir landboudoeleindes bewerkbaar gemaak word,⁶² soos die berekende koste van £5,000 vir dié projek aangedui het.⁶³

Redes vir hierdie besluit is klaarblyklik in die volgende gesetel: A.D. Lewis, die Direkteur van Besproeiing se teenkanting teen besproeiingskemas in areas wat baie vloedonderhewig is;⁶⁴ die droogte, wat enersyds koste van armoedeverligting vergroot het, en andersyds die loop van die

⁵⁸ SAB, ACT, band 6, lêer 470, vol. 8, verslag, D.P. Liebenberg, E.B. Watermeyer & P.A.B. Faure, "Disposal of the islands in the Orange River, Division Kenhardt", 15/01/1923, pp. 10 - 11.

⁵⁹ DWASU, (SV), band M.37, vol. 2, opsomming van die geskiedenis van Skanskopeilandnederstelling, p. 1; DWASU, (SV), verwysingsnr. 4051/K.51, verslag, F.C. Hugo, seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 1.

⁶⁰ 'n Sifon is 'n duikpyp wat water vanaf 'n hoër vlak, deur 'n laagte, tot op ongeveer dieselfde hoogte as sy beginpunt aan die anderkant van die laagte neem vanwaar die oop kanaal dan weer verder vloei. [Inligting per e-pos verskaf deur J.J. Momberg, Hoofuitvoerende beampte, Vaalharts Water, 2014/03/06.]

⁶¹ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 1670/M.31, brief, H.L. Horn-Direkteur van Besproeiing, 26/03/1956. [Dié aanname word bevestig deur 'n skriftelike opsomming van die geskiedenis van Skanskopeilandbesproeiingsnederstelling soos gevind in die streekargief op Upington.]


⁶² J.J. Strydom, *Kanoneiland*, pp. 4 - 5; Kaart van Skanskopeiland, LORC. 167, geteken deur landmeter A.G. Bain, LORC 1451/38, ca. 1937, in besit van G.A. Visser.

⁶³ DWASU, (SV), band M.37, vol. 2, opsomming van die geskiedenis van Skanskopeilandbesproeiingsnederstelling p. 1; SAB, ACT, band 6, lêer 470, vol. 8, verslag, "Disposal of the islands in the Orange River, Division Kenhardt", 15/01/1923, pp. 10 - 11.

⁶⁴ SAB, ACT, band 6, lêer 470, vol. 8, "Aanbevelings van die kommissie van ondersoek na die Oranjeriviereilande", p. 1.

rivier geaffekteer het, het veroorsaak dat die hoë staatsuitgawe van 'n besproeiingsaanleg nie geregverdig was nie.

Vrese het bestaan dat grondspekulante die grond sou opraap en aan armes sou onderverhuur.⁶⁵ 'n Verdere rede was dat die koste om Skanskopeiland bewerkbaar te maak, so hoog geskat is, dat die Departement van Besproeiing nie daarvoor kans gesien het nie.⁶⁶




Figuur 3.10: Kaarte 1 - 2: 1900-kaart van die afdeling Kenhardt. Skanskopeiland is geleë binne die Oranjerivier, met die plase Koms en Neilers Drift suid van die eiland.⁶⁷

⁶⁵ SAB, ACT, band 6, lêer 470, vol. 8, "Aanbevelings van die kommissie van ondersoek na die Oranjeriviereilande", p. 2.

⁶⁶ SAB, ACT, band 6, lêer 470, vol. 8, verslag, D.P. Liebenberg, E.B. Watermeyer & P.A.B. Faure, "Disposal of the islands in the Orange River, Division Kenhardt", 15/01/1923, pp. 10 - 11.

⁶⁷ L. Bester, "Skanskop Island Report...", p. 3.

Skanskopeiland is in 1930 vanweë die eiland se besondere boomryke groei deur die distriksbosboubeampte as 'n uitstekende bron vir houtvoorraad vir die groeiende gemeenskap van Keimoes en selfs vir die nedersetting op Kakamas beskou.⁶⁸ Die onderstaande kaart dui die boomrykheid aan:



Figuur 3.11: Die rooi gedeeltes dui die afgebakende bosgebied op die eilande in die Oranjerivier aan.⁶⁹

Turton is van mening dat daar na 1930 hernieude druk op die staat geplaas is om blanke werkloosheid te verlig. Reeds van 1927 het openbare druk op die staat toegeneem om die toenemende werkloosheid te verlig met die vestiging van besproeiingskemas, onder meer teen die Oranjerivier.⁷⁰ Die NGK het van sy amptelike mondstuk, *De Kerkbode*, gebruik gemaak om die saak van hervestiging van armblankes op die platteland te bevorder. Daar is veral melding gemaak van die voordeel van besproeiing aan die Oranjerivier. Hofmeyr, 'n predikant van die NGK, wat in 1927 verskillende gemeentes en nedersettings langs die Oranjerivier, soos onder meer Neilersdrift, Keimoes en Louisvale en Friersdale, asook Kakamas besoek het, het in dieselfde jaar in *De Kerkbode* 'n emosionele pleidooi aan die regering gerig om besproeiing teen die rivier te verhoog om sodoende armoede onder blankes te verlig:

⁶⁸ SAB, Direkteur van Bosbou, 1903 - 1964 (FOR), band 190, lêer 253, vol. 194, lêer 313/10, verslag, "The Islands between Prieska and Kakamas with special reference to Jackson's and Schanskop Islands", P.C. Kotze - Conservator of Forests, 05/02/1930.

⁶⁹ L. Bester, "Skanskop Island Report...", p. 5.

⁷⁰ SAB, LBD, band 2327, vol. 1, lêer. R3419, verslag, H. Du Toit, "The Orange River and Poor Whites," p. 1.

Op die eilande tussen Upington en Kakamas wat ook aan die regering behoort, kan nog honderde famielies [sic] woon. As die nodige voorsiening om die water op die grond te bring gemaak word, kan Oranjerivier nog duisende famielies [sic] dra en die Regering sal 'n weldaad aan die land bewys en hul plig aan die volk doen deur van die besproeiing langs die Grootrivier 'n nasionale saak te maak en op 'n nasionale skaal aan te pak.

Hofmeyr het sy pleidooi só afgesluit:

Die Oranje Rivier, die Nyl van Suid-Afrika, roep ons toe: Langs my oewers is daar 'n oorvloed van kos vir Suid-Afrika se kinders. Kom en bewerk my en ek sal duisende voed.⁷¹

Dié oproep van Hofmeyr het sy weg na die Departement van Lande en Departement van Arbeid gevind, wat 'n opinie van kundiges hieroor gevra het. Die versigtige uitsprake hierna dui aan dat die moontlikheid sterk oorweeg is, maar dat die koste daaraan verbonde steeds die grootste hindernis was:

The scheme has always appeared an ideal one for solving a great deal of our poor white problem, but we have to look well before we leap, because our large irrigation schemes as well as our settlement schemes have, under different South African Governments, not been very encouraging.⁷²

In 1930 het die Besproeiingskommissie weer die planne vir die besproeiingsnederstelling op Skanskopeiland aangevra, maar die planne is vir 'n tweede maal opskuif.⁷³

Volgens Turton is daar vanaf alle forums druk op die regering uitgeoefen hieroor:

Demands were not only made by the public at large, but also in parliament, at congresses of farmers and irrigators, in the press and various other fora.⁷⁴

⁷¹ J.W.L. Hofmeyr, "Oranjerivier, die Nyl van Suid-Afrika", *De Kerkbode*, 06/07/1927, p. 16.

⁷² SAB, LBD, band 2327, vol. 1, lêer R3419, brief, Sekretaris van Landbou - H. S. du Toit, hoof, afdeling van Landbou opleiding en uitbreiding, 27/08/1927.

⁷³ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verwysingsnr. 4051/K.51, verslag, F.C. Hugo, seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 1; DWASU, (SV), band M.37, vol. 2, opsomming van die geskiedenis van Skanskopeilandnederstelling, p. 1.

⁷⁴ A.R. Turton *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 168.

Daarby is die verslag van die Carnegiekommissie in 1932 gepubliseer, waarin die regering versoek is om werkloosheid met besproeiingskemas te verlig.⁷⁵ Die Volkskongres het in 1934 hierdie versoek herhaal en hernieuwe druk is op die regering geplaas om met besproeiing werk te skep en die blanke Afrikaner op die platteland te hou.⁷⁶ Al hierdie eise tot optrede het tot die bou van die Boegoebergdam en -kanaal, asook die ontwikkeling van die Vaalharts-skema (1934 - 1938) gelei.⁷⁷

Die bekende J.D.(Vader) Kestell het voorts in 1932 'n reeks artikels oor oplossings vir die armblankeprobleem in *De Volksblad* gepubliseer, waarin hy pleit dat regeringshulp slegs tydelik van aard moet wees. Die aksie was "Saamwerk, Helpmekaar, Redmekaar".⁷⁸ In Desember 1932 het die Direkteur van Besproeiing uiteindelik opdrag gegee dat die eiland ontgin word, maar dat staatskoste beperk moet word.⁷⁹ Die staat het besluit om Skanskopeiland op 'n droë land-basis beskikbaar te stel vir besproeiing, met die minimum hulp van die staat. Dié stap het beteken dat die kopers self verantwoordelik sou wees vir die skep van die noodsaaklike infrastruktuur op die eiland vir besproeiingsdoeleindes. Alvorens die projek as lewensvatbaar beskou kon word, moes daar heelwat ondersoeke en intensiewe beplanning gedoen word.⁸⁰

D. Reitz, die Minister van Lande van daardie tyd,⁸¹ was 'n sterk voorstaander van besproeiingsprojekte en het soms hewige teenkanting van die opposisie hieroor ondervind. Nie net het hy hom reeds vanaf 1925 daarvoor beywer dat die Departement van Lande en Besproeiing saamsmelt nie,⁸² maar het hy ook in 1933 vir die tweede maal as Minister van

⁷⁵ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. xxviii - xxxi; J.R. Albertyn, *Die armblanke...*, p. 142.

⁷⁶ P. du Toit (samesteller), *NGK-verslag van die Volkskongres...*, p. 280.

⁷⁷ A.R. Turton *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 171.

⁷⁸ E.P. du Plessis (samesteller), *'n Volk staan op...*, p. 93.

⁷⁹ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verslag, F.C. Hugo, Seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, verwysingsnr. 4051/K.51, 06/03/1954, p. 1; DWASU, (SV), band M.37, vol. 2, opsomming van die geskiedenis van Skanskopeilandnederstelling, 31/12/1932, p. 1.

⁸⁰ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verslag, F.C. Hugo, Seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, verwysingsnr. 4051/K.51, 06/03/1954, p. 1; DWASU, (SV), opsomming van die geskiedenis van Skanskopeilandnederstelling, 31/12/1932, p. 1.

⁸¹ Republiek van Suid-Afrika, (RSA) Parlementêre register 1910 - 1984 (PR), [D. Reitz was Minister van Lande in die tydperk 31/03/1933 - 07/01/1935], p. 19; W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, p. 701.

⁸² G. J. Calitz, *Deneys Reitz, 1882 - 1944, Krygsman Avonturier en Politikus*, (Ph.D., Universiteit van Pretoria, 2008), p. 342.

Lande, tesame met die portefeulje Besproeiing, sy plek in die regering ingeneem.⁸³ Uit die lang en hewige Volksraadsdebat van 29 April 1934 kan afgelei word dat besproeiingsprojekte inderdaad gelei het tot 'n polemieks in die Volksraad. Reitz het ten spyte van teenstand uit die geledere uit die Volksraad die koste van die talle besproeiingskemas verdedig en het argumenteer dat die staat se geringe finansiële hulp aan lewensvatbare besproeiingsplanne 'n "groot indirekte wins vir die samelewing sal afwerp." Sy siening van besproeiing was dat dit noodsaaklik was om in 'n land waar daar waterskaarste is, waterbronne intensief te gebruik, ofskoon dit sou beteken dat die staat besproeiing in 'n minder of meerdere mate subsidieer.⁸⁴

3.2.2 *Eerste stappe: Die rol van die staat in die vestiging van die nedersetting op Skanskopeiland*

Die vestiging van die nedersetting op Skanskopeiland was 'n tydsame proses met baie voorbereidings. Die brug oor die hoofstroom, Groblersbrug, wat in 1934 voltooi is, het toegang tot Skanskopeiland baie vergemaklik.⁸⁵

Petisies deur C.W.A. Baard (1935), met handtekeninge tot so ver as Suidwes-Afrika (Namibië), asook deur L.B.W. Compaan (1937), het die staat versoek om Skanskopeiland ten behoeve van die armblankes oop te stel vir 'n besproeiingnedersetting.⁸⁶ Compaan se versoekskrif het veral die posisie van die armblanke beklemtoon:

Ons almaal [sic] sonder uitsondering is behoeftige Afrikaners en geeneen van ons besit grond, ons leef meestal op huurgronde en daar bly ons, ons het geen vooruitsigte om selfstandige burgers te word wat ons eie vasgoed besit, en dit is ons strewe om ons weg sonder Staatstroeteling deur die wêreld te vind.⁸⁷

Die petisie beaam die sentiment wat die Carnegiekommissie en die Volkskongres op Kimberley uitgespreek het jeens die negatiewe impak van staatsafhanklikheid.


⁸³ RSA, PR, [D. Reitz was Minister van Lande in die tydperk 18/03/1921 - 29/06/1924 en 31/03/1933 - 07/01/1935], p. 19.

⁸⁴ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad...*, 29/03/1934, deel 22, kol. 1767.

⁸⁵ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 119.

⁸⁶ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, petisie, L.B. Compaan - A.P.J. Fourie Minister van Lande, 02/08/1937; *Skanskopeiland, 1938 - 1978*, (ongep.), p. 1; H.S.B. Basson, *Skanskop, my grootwordplekkie*, (ongep.), p. 2.

⁸⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, petisie, L.B. Compaan - A.P.J. Fourie, Minister van Lande, 02/08/1937.



Figuur 3.12: Petisieskrif van L.B.W. Compaan, namens inwoners van die omgewing.⁸⁸

Die regering wat reeds sedert 1934 'n nuwe beleid teenoor besproeiingsnedersettings gevolg het, deur 'n bepaalde teenprestasie van die nedersetters te verwag, het die minimum hulp aan die voornemende nedersetters op Skanskopeiland gebied. Die nedersetting moes deur die

⁸⁸ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, petisie, L.B.W. Compaan en ander – A.P.J. Fourie, 08/08/1937.

nedersetters ontwikkel word en die staat het 'n teenprestasie van inkomste uit belasting van die nedersetters verwag.⁸⁹

In Junie 1933 het die staat die bal aan die rol gesit toe G.R. Ritchie, die sirkelingeieur van die Benede-Oranjerivier, opdrag gegee is om 'n voorlopige ooreenkoms met die sindikaat van Rooikopeiland aan te gaan om die hoofkanaalstelsel en uitkeerwerk oor te neem en te verbeter, sodat die kapasiteit groot genoeg sou wees om aan Rooikopeiland sowel as aan die aanliggende Skanskopeiland voldoende besproeiingswater te kon voorsien.⁹⁰

Daar moes egter kompensasie vir die serwituutregte op die Rooikopeilandkanaal aan die sindikaat uitbetaal word. Die onderhandelinge sou nagenoeg twee jaar duur voor daar 'n ooreenkoms vir die kompensasiebedrag bereik sou word.

Aanvanklik het die Rooikopeilandsindikaat gevra dat 'n leningsbedrag, verskuldig deur die sindikaat aan die Departement van Lande, ter waarde van £1,900 afgeskryf moes word.⁹¹ Die staat het die bedrag as te hoog beskou en 'n teenaanbod van £500 gemaak,⁹² wat deur die sindikaat afgewys is. Die sindikaat het hierop die aanbod verlaag na £1,000,⁹³ wat die staat weer van die hand gewys het.

Vervolgens het die sindikaat in 1934 die eiland te koop aangebied aan die staat teen £26,250. Die staat het egter voet by stuk gehou en die aanbod van £500 herhaal, met dien verstande dat die staat die serwituutregte op die kanaal sou verkry, insluitend die reg om die bestaande grondkanaal te vergroot en dat die sindikaat en die begunstigdes van die water uit die kanaal, verantwoordelik sou wees vir alle onderhoud van die waterwerke.

⁸⁹ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Senaat, derde sitting, sewende parlement*, 11 Januarie - 4 Mei 1935, deel 25, kol. 686.

⁹⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, notule van vergadering, G.R. Ritchie - Rooikopeiland sindikaat, 30/06/1933; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, "Notariële Akte van Serwituut", 29/03/1939; DWASU, (SV), band M.37, vol. 2, opsomming van die geskiedenis van Skanskopeilandnederstelling, p. 2.

⁹¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, S. Malan, Rooikopeilandsindikaat - F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing, 08/11/1933.

⁹² SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing - S. Malan, Rooikopeilandsindikaat, 20/09/1934.

⁹³ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, S. Malan, Rooikopeilandsindikaat - F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing, 08/11/1933.

Genl. J.C.G. Kemp, Minister van Lande,⁹⁴ het intussen opdrag gegee dat daar opnuut 'n ondersoek gedoen moes word na ander maniere waarop watervoorsiening aan Skanskopeiland kon geskied, soos onder meer waterleiding vanuit Brakboseiland, Keimoes of Neilersdrif. Voorts het hy ook 'n studie gelas om die potensiaal van 'n hidro-elektriese kragopwekking by die Friersdale waterval te ondersoek.⁹⁵

Die Rooikopeilandsindikaat het aan die begin van 1935 bes gegee met die serwituutstryd en die staat se aanbod van £500⁹⁶ kompensasië vir die water- en serwituutregte op die kanaal aanvaar.⁹⁷ Die serwituut is eers in 1939 geregistreer.⁹⁸ Die kanaal in Rooikopeiland en alle ander uitkeerwerk waaraan die Departement van Besproeiing gewerk het, ook die duikpyp wat water vanaf Rooikopeiland na Skanskopeiland gelei het, het met hierdie registrasie staatswaterwerke geword. Die staat het hiermee volle reg op en toegang tot die waterwerke in Rooikopeiland verkry.⁹⁹

3.3 Voorbereidende werk deur die staat: 1935 - 1937

Die basiese beplanning wat reeds in 1925 deur Marais en Runcimann gedoen is, is in aanmerking geneem met die nuwe beplanning, maar omdat die 1925-vloed erge verspoelings in Skanskopeiland tot gevolg gehad het, moes daar egter heelwat aanpassings gemaak word met die 1932-ontwerp.

Daar kan daar ook met redelike sekerheid aanvaar word dat die 1934-vloed, wat die droogte gebreek het, in die eiland ingestoot het en erosie vererger het, aangesien die eiland nog onbewoon was en oor geen noodwalle beskik het nie. Na aanleiding van die vloedskade wat

⁹⁴ RSA, PR, p 15. [J.C.G. Kemp was Minister van Lande in die tydperk 08/01/1935 – 05/09/1939].

⁹⁵ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verwysingsnr. 4051/K.51, verslag, F.C. Hugo, seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 1; DWASU, (SV), band M.37, vol. 2, opsomming van die geskiedenis van Skanskopeilandnederstelling, p. 1.

⁹⁶ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, Vierde sitting, Negende Parlement, deel 60, 21/02/1947 - 25/04/1947, kol. 2228.

⁹⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, verwysingsnr. C.979, brief, S. Malan, Rooikopeilandsindikaat - F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing, 17/01/1935; DWASU, (SV), band M.37, vol.4, ooreenkoms van waterregte serwituut tussen Rooikopsindikaat en staat, 1934.

⁹⁸ DWASU, (SV), band M.37, vol. 2, "Notariële Akte...", p. 3. [Die ooreenkoms tussen Rooikopeiland en die staat met betrekking tot die serwituutreg van die waterleiding.]

⁹⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. C.979, brief, J.M. McIntosh, Sekretaris van Justisie - Direkteur van Besproeiing, 09/01/1949, pp. 1 - 4; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. C.979, brief, J.M. McIntosh, Sekretaris van Justisie -Direkteur van Besproeiing, 23/03/1949, p. 1.

nog sigbaar was, was noodwalle 'n onontbeerlike beskerming vir die eiland en moes die strukture teen ekstra koste bygevoeg word.¹⁰⁰

3.3.1 Voorbereiding in Rooikopeiland

Die eerste stap om die nedersetting 'n werklikheid te maak, was om 'n voorlopige beplanning en begroting vir die projek op te stel. Die beplan was om die water deur Rooikopeiland se uitkeerwerk¹⁰¹ te bring, dan deur die systroom met 'n duikpyp tot op die hoogste punt in Skanskopeiland, vanwaar die nedersetters dan self die kanale moes bou om die water na die erwe toe te gelei. G.R. Ritchie, die plaaslike ingenieur van die Departement Besproeiing, het die voorlopige uitgawe in 1935 op £23,000 bereken, baie hoër as die berekening van 'n dekade gelede. Arbeid, asook die besonder moeilike terrein, was twee bepalende faktore in die berekening van die uitgawes.¹⁰²

Die gebruik van blanke arbeid was nie altyd volhoubaar nie. Alreeds in 1923 het A.D. Lewis, die Direkteur van Besproeiing, opgemerk dat die koste verbonde aan die uitsluitlike gebruik van blanke arbeiders verantwoordelik was vir meer as 35% van die totale koste van die skema by Hartebeespoortdam. Lewis het daarby in sy jaarlikse verslag van 1935 verwys na die probleme wat met die volhoubaarheid van blanke arbeid by die Boegoebergskema ondervind is, vanweë die vooruitgang in die land en die konstante vraag na arbeid. Die tekort aan arbeid is opgelos deur anderskleurige arbeiders in diens te neem.¹⁰³ Ritchie het sy begroting as volg verduidelik:

[T]he main reason, no doubt, is that the recent experience in the construction of these schemes with white labour has compelled me to put in high general charges and high unit costs.¹⁰⁴

Benewens die arbeid was daar ander kwessies wat die uitgawes verhoog het. Weens die oorgroeide omgewing en geweldige erosie op die eiland was daar feitlik geen grond beskikbaar

¹⁰⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, verslag, G.T. Ritchie, 13/07/1933; DWASU, (SV), band M.37, vol. 2, opsomming van die geskiedenis van Skanskopeilandnedersetting, p. 1.

¹⁰¹ 'n Uitkeerwerk is 'n kleinerige stuwal in 'n stroom/rivier met 'n trompsluis of -sluise daarin aan een oewer van die stroom. Water vloei dan deur die trompsluis tot in die beginpunt van die kanaal. [Inligting per e-pos verskaf deur J.J. Momberg, Hoofuitvoerende beampte, Vaalharts Water, 2014/03/06.]

¹⁰² DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 26/M.36, brief, G.R. Ritchie - F.T. Patterson, 12/12/1935.

¹⁰³ A.R. Turton *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 171.

¹⁰⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. M.36, brief, F.T. Patterson, - Sirkel-ingenieur, 12/10/1935.

vir die opsleep van kanaalwalle op Skanskopeiland nie.¹⁰⁵ Rooikopeiland was grotendeels onder besproeiing en het heelwat harde klipgrond gehad, met min grond om die kanaalwalle mee op te sleep.¹⁰⁶

Die omvang van die uitgawe was nie aanvaarbaar vir die Minister van Lande nie en daar is nogmaals ander moontlikhede ondersoek om water op 'n goedkoper wyse na Skanskopeiland te gelei. Die keuse het uiteindelik om praktiese redes op Rooikopeiland geval. Nie net was daar 'n bestaande grondkanaal op die eiland wat koste-effektief sou inwerk op die begroting nie, maar was dit makliker om die water tot by Skanskopeiland te bring, omdat die waterleiding na Skanskopeiland deur 'n systroom sou geskied.

Dié voorstel het 'n drieledige staatsbetrokkenheid tot gevolg gehad: Die konstruksie en verbetering van die waterwerke vanaf die aanliggende Rooikopeiland tot by die hoogste punt in Skanskopeiland, sou deur die Departement van Besproeiing onderneem word, terwyl die verkoop van die erwe op Skanskopeiland en die vestiging van nedersetters op die eiland deur die Departement van Lande onderneem sou word.¹⁰⁷ Die Departement van Arbeid was uiteraard betrokke met sy verbintenis tot werkskepping vir die blanke werkloses.¹⁰⁸

Die verbeterde kanaal sou voorts tot voordeel wees van die boere op Rooikopeiland, wat reeds grond onder besproeiing gehad het. Daarbenewens sou die staat se aandeel in die skema slegs die konstruksie en verbetering van die waterwerke vanaf die aanliggende Rooikopeiland tot by die hoogste punt in Skanskopeiland wees, wat 'n aansienlike besparing vir die staatskas sou meebring. Die nedersetters van Skanskopeiland sou egter steeds die verantwoordelikheid vir die skep van enige verdere infrastruktuur en waterwerke op die eiland moes dra.

¹⁰⁵ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 190/1071, brief, Resident-ingenieur, Besproeiing, M. Ackerman - Direkteur van Besproeiing, 30/11/1935.

¹⁰⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, (SV), verwysingsnr. 26/M.36, brief, G.R. Ritchie - Direkteur van Besproeiing, F.T. Patterson, 12/12/1935.

¹⁰⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, Sirkel-ingenieur - Klerk-in-beheer, Louisvale Besproeiingsuitbreidingskema, 01/11/1939; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 26/M.36, brief, G.R. Ritchie - Direkteur van Besproeiing, F.T. Patterson, 12/12/1935; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 4051/K.51, verslag, F.C. Hugo, Seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 2.

¹⁰⁸ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, J.B. Kotze - E.E. Kieser, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 07/01/1938.

Dié beleid van selfwerkzaamheid wat van toepassing was op die nedersetters van Skanskopeiland, is telkens in korrespondensie bevestig:

I note that your Minister has decided that irrigation works to be constructed by this Department should be limited to bringing water on the highest point on Schanskop Island and that any distributing furrows or protection works required thereon should be carried out by the purchasers of the plots.¹⁰⁹

Op hierdie wyse is daar 'n poging aangewend om staatsbetrokkenheid tot die minimum te beperk en die nedersetters aan te moedig om eienaarskap van die ontwikkeling te aanvaar. Die staatsmasjinerie was stadig en eers in April 1935 het die Gekose Komitee op Kroongrond aanbeveel dat Skanskopeiland vir besproeiing oopgestel moet word en het die parlement daarop die verkoop van die kroongrond in Skanskopeiland gemagtig:

Die verkoop uit die hand van die hoewes op Schanskopeiland, geleë in die Oranjerivier, afdeling Kenhardt, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, aan sodanige persone as wat die Landraad mag aanbeveel en onderhewig aan sodanige terme en voorwaardes as wat die regering geskik mag ag.¹¹⁰

Die voorstel is deur die Senaat in dieselfde jaar bekragtig.¹¹¹

Alhoewel die staat besluit het om Skanskopeiland nie as 'n staatswaterwerk te ontwikkel nie, was daar tog 'n simpatieke houding teenoor die nuwe nedersetting. Kemp het persoonlik in 1935 'n besoek aan die eiland gebring om hom van die omstandighede op die eiland en die besproeiingsmoontlikhede te vergewis, alvorens hy die beplanning goedgekeur het. Hyself het aanbevelings ten opsigte van die kanaaluitleg gedoen, ten einde die besproeiingpraktyk makliker te maak.¹¹²

¹⁰⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 24722, diensbrief nr. 470/14, waarin die besluit uiteengesit is; 21/11/1935; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 200/176, brief, Direkteur van Besproeiing, F.T. Patterson - Sekretaris van Lande, 11/03/1936.

¹¹⁰ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad...*, deel 25, 18 Maart - 4 Mei 1935, kol. 5473; Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Senaat, derde sitting, sewende parlement*, 11 Januarie - 4 Mei 1935, deel 25, kol. 709.

¹¹¹ SAB, Argiefgroep van Besluite van Uitvoerende Raad (URU), bandnr 1666, Minuut nr. 2113, Kantoer van die Eerste Minister, 09/07/1937; Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Senaat...*, deel 25, 11 Januarie - 4 Mei 1935, kol. 709.

¹¹² DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, brief, Direkteur van Besproeiing, F.T. Patterson - Sirkel-ingenieur, 12/10/1935.

Omdat die Departement van Lande reeds met drie ander besproeiingsprojekte besig was, kon daar nie vroeër aandag aan die Skanskopeilandprojek gegee word nie.¹¹³ In Julie 1937 het die kantoor van die Eerste Minister die goedkeuring vir die verkoop van erwe op Skanskopeiland uitgereik.¹¹⁴ Die kooptransaksies kon nie in daardie jaar afgehandel word nie, aangesien die waardering van die erwe en die verkoopsvoorwaardes nog nie voltooi was nie. Laasgenoemde is op 31 Maart 1937 afgehandel, waarna die erwe in dieselfde jaar in die *Staatskoerant* geadverteer is.¹¹⁵

Die taak om die bestaande kanaal op Rooikopeiland te vergroot en te versterk, is feitlik onmiddellik na Kemp se besoek in 1935 aangepak onder die toegewyde toesig van W.A. Murray, die sirkelingenieur van die Departement van Besproeiing.¹¹⁶ Murray en Ritchie was beide ingenieurs van die Departement Besproeiing. Die sirkel- of raadgewende ingenieur het met die beplanningsfase van 'n projek gewerk, terwyl die plaaslike of konstruksie-ingenieur gemoeid was met die konstruksiefase van 'n projek.¹¹⁷

Die weeklikse verslae en werksregisters wat Murray noukeurig op datum gehou het, bevestig dat slegs blanke arbeiders as werkspanne gebruik is. Take wat in die registers aangeteken is, het onder meer die bou van kofferdamme, asook uitgrawings en boorwerk in die rotslae ingesluit.¹¹⁸ In die eerste werksregister van 4 Januarie 1936 is aangeteken dat daar 116 blanke arbeiders, insluitende voormanne, opsigters en ambagsmanne, in diens geneem is. Een van die voormanne, nl. E.H.J. Siepker, sou later die eerste voorsitter van Skanskopeiland se bestuursraad word.¹¹⁹

¹¹³ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing - S. Malan, Sekretaris, Rooikopeilandsindikaat, 28/01/1935.

¹¹⁴ SAB, URU, band 1666, Minuut nr.2113, Kantoor van die Eerste Minister, 09/07/1937.

¹¹⁵ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 19-1938, Verslag van die Departement van Lande, 31/03/1937, p. 29.

¹¹⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 2271, brief, F.T. Patterson - M. Ackerman, 11/02/1936; SNBA, afskrif serwituutooreenkoms Skanskopeiland - Rooikopeiland, 06/08/1949.

¹¹⁷ Sirkel-ingenieur en Sektie-ingenieur is een en dieselfde posbenaming wat gebruik was vir die hoof van die Administrasiekantoor (Sirkelkantoor) van die Departement van Waterwese in elkeen van die ou provinsies. Die benaming het voortgeduur toe die RSA nege provinsies gekry het. Resident-ingenieur (*Resident Engineer*) is eintlik 'n anglisisme vir Plaaslike Ingenieur, die benaming van die hoof van 'n konstruksiespan wat kanale of damme bou. Hierdie konstruksiespan is dan meesal tydelik op 'n plek en sodra die projek, gewoonlik 'n Witskrif-werk wat deur die Parlement goedgekeur is, afgehandel is, verskuif dit na 'n volgende projek. [Inligting per e-pos verskaf deur J.J. Momberg, Hoofuitvoerende beampte, Vaalharts Water, 2014/03/06.]

¹¹⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 24722, W.A. Murray, weeklikse verslag, nr. 2, 4/01/1936.

¹¹⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. F190, verslag, "Progress programme, Skanskop Irrigation Scheme", 23/03/1936.

Die weeklikse verslae van 1935 en 1936, dui aan dat die beplande verbetering van die kanaal in Rooikopeiland vir vroeg in Januarie 1936 geskeduleer was, maar die taak om die duikpyp deur die rivier te lê, is egter reeds op 28 Desember 1935 aangepak, omdat die riviervlak baie laag was en die watervloei stadig was. Hierdeur was heelwat minder kofferdamme nodig en is baie tyd en geld gespaar.¹²⁰

Die sifon of duikpyp was 'n waterleiding deur die rivier wat water van die een eiland na die ander eiland gebring het. Dit het uit 'n aantal groot sementpype, wat op die bodem van die rivier gelê is om die water deur die rivier te gelei, bestaan. Die water is dan weer met pype uitgehewel tot by 'n verdelingspunt, waarvandaan die water na die onderskeie kanale versprei het.



Figuur 3.13: Bouwerk aan die sifon of duikpyp.¹²¹

Die voltooiing van die duikpyp op 8 Februarie 1936,¹²² was 'n belangrike fase wat afgehandel was, aangesien die riviervloei op daardie tyd nog nie deur damme geregleer is nie.

Somerreëns kon soms onverwagse hewige vloede veroorsaak, wat die werk tot stilstand kon bring of heeltemal kon verspoel. Murray se vorderingsverslag aan die einde van Maart gee ook

¹²⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 190/23, W.A. Murray, weeklikse verslae, 1935 - 1936, 08/01/1936.

¹²¹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 517/M36, fotoversameling: 1936 - 1941.

¹²² DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 24722, W.A. Murray, weeklikse verslag nr. 8, 15/02/1936.

’n aanduiding dat hy met ’n begrip te doen gekry het, waarvoor hy nie ’n Engelse term kon vind nie. Die afsit¹²³ van die kanaal wat gebou moes word, is bloot aangeteken as “afsits”.¹²⁴

Die verbetering van die Rooikopeiland-kanaal het sy eiesoortige probleme opgelewer. ’n Tekort aan grond het die ingenieurs genoop om dele van die kanaal te sementeer. Waar grond nodig was vir die kanaalwal, is dit sonder meer verhaal van die bewerkte grond van huurders teen die kanaal. Die bedrag van £500 wat vir serwituutregte betaal is, is as regverdiging hiervoor voorgehou.¹²⁵

Behalwe vir die weeklikse onderbrekings sodat die boere op Rooikopeiland hul gewasse kon natlei, was daar ook ’n probleem met volhoubare sementvoorsiening van die Suid-Afrikaanse sementfabrieke. Met die kostebesparings wat die lae watervlak meegebring het, was dit nie wenslik om die projek te onderbreek om vir plaaslike sementbesendings te wag nie en is daar van ingevoerde sement gebruik gemaak.¹²⁶

Voorts het seisoenreëns en hoogwater ook vir heelwat benoude oomblikke en onderbrekings gesorg.¹²⁷ Die Vaalrivier was op daardie tydstip (1936) in vloed en dringende telegramme is gestuur om die vloedwater by Boegoeberg sover moontlik terug te hou, sodat die water nie die byna voltooide werk kon verspoel nie.¹²⁸

Daarby het Ritchie en Murray die konstruksie van die kanaal verskillend benader. Ritchie wou die kanaal op die wyse van Boegoeberg se kanale bou, omdat hy van mening was dat die draadnetwerk enige krake in die sementwand van die kanaal egalig sou versprei en

¹²³ ’n Afsit, ook “weggooi” genoem, is ’n struktuur of geut in die kanaal waar oortollige water in die stroom-op gedeelte van die kanaal na die rivier toe “weggegooi” word, of terug na die rivier gelei word, om nie die kanaal stroom-af van die afsit te oorlaai nie. Gewoonlik word die kanaalsnit stroom-af van die afsit kleiner omdat minder verbruikers stroom-af van water voorsien moet word en die stroom-op verbruikers reeds klaar bedien is. [Inligting per e-pos verskaf deur J.J. Momberg, Hoofuitvoerende beampte, Vaalharts Water, 2014/03/06.]

¹²⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. F190, verslag, “Progress programme, Skanskop Irrigation Scheme”, 23/03/1936.

¹²⁵ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 8/M.36, brief, G.T. Ritchie - F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing, 09/01/1936.

¹²⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 7/M.36, brief, M. Ackerman, Resident-ingenieur - F.T. Patterson Direkteur van Besproeiing, 08/01/1936.

¹²⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 190/379, W.A. Murray, weeklikse verslag nr. 24, 12/01/1936.

¹²⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, telegram, M. Ackermann - Departement Besproeiing, Pretoria, 8/01/1936.

kanaalbreuke en -lekke sou voorkom.¹²⁹ Sy metode het verskil met die metode wat Murray aanbeveel het:

The R.E.[resident-engineer Murray] suggests a thickness of 6 inches for walls and floor throughout with reinforced cement spaced 12 inches apart both ways and placed in the centre of the thickness of concrete...

en

I [Circle Engineer Ritchie] would suggest that instead of the proposed flume¹³⁰ the bed and sloping sides of the canal be lined on the embankment with a three inch thickness of concrete reinforced with a 3 inch square mesh of netting made locally of No. 8 fencing wire.¹³¹

Hierdie meningsverskil het die werk met byna 10 dae vertraag. Die oorhoofse ingenieur, Ackerman, het egter Murray se metode verkies, omdat die versterkte 6 dm. kanaalwand beide water en gronddruk van die wand sou kon absorbeer.¹³²

¹²⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 8/M.36, brief, G.T. Ritchie - F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing, 09/01/1936. [Die Boegoebergkanaal was uitgegrawe met 'n plat bodem en skuins sye, in vorm van 'n trapesium. Aanvanklik is slegs die sanderige gedeeltes met beton beklee asook die lugkanaalgedeeltes, "flumes", en gedurende 1950's/1960's is die volle betonbekleding gedoen. Inligting per e-pos verskaf deur J.J. Momberg, Hoofuitvoerende beampte, Vaalharts Water, 2014/03/06.]

¹³⁰ Gewoonlik word met 'n "flume" 'n lugkanaal bedoel wat bo-oor 'n sandloop of smal laagte vanuit die veld (en derhalwe loodreg op die kanaalroete) soos 'n Romeinse akwaduk die kortste reguit pad neem. [Inligting per e-pos verskaf deur J.J. Momberg, Hoofuitvoerende beampte, Vaalharts Water, 2014/03/06.]

¹³¹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 8/M.36, brief, G.T. Ritchie - F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing, 09/01/1936.

¹³² DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 40, brief, M. Ackerman - F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing, 14/11/1936. [Dit was die praktyk om staalbewapening in die betonvoering van kanale te plaas in die vorm van 'n "staal draadmat". Dit kon 'n mat wees van gevlegte sagte staaldraad of in party gevalle is selfs jakkalsdraad (ogiesdraad) gebruik. Later is fabriekvervaardigde gesweisde mat-draad (met vierkantige blokke) vir bewapening gebruik. Inligting per e-pos verskaf deur J.J. Momberg, Hoofuitvoerende beampte, Vaalharts Water, 2014/03/06.]



Figuur 3.14: Versterkte kanaal in Roikopeiland onder konstruksie.¹³³

7077-11/8/36-100-100, Name of Work SKANSKOP IRRIGATION SCHEME, Form I.D. 230.

Weekly Report No. 16, Week ending 11th April, 1936.

MATERIALS DELIVERED.	Weather.	River Flow.	Specie.
	SUN.		
	MON.		
	TUES.		
See L.E.I.S.	WED.	Weekly Report No. 56.	
	THURS.		
	FRI.		
	SAT.		

FEATURE.	NUMBER OF MEN EMPLOYED.								TOTAL.
	CHIEFS STRUCTURES.	POUNTERS AND CLASHES.	ARTISANS OTHERS.	Handymen OTHERS.	ARTISANS OTHERS.	LABOURERS WHITE.	LABOURERS COLOURED AND NATIVE.	CONTRACTORS EMPLOYED.	
Structures	2		5			43			50
Canal Excavation	1		2			54			57
Crusher			1			11			12
Sick & Absent						11			11
TOTAL	3		8			118			130

PROGRESS AND PRINCIPAL EVENTS.

Structures:- Concrete Road Bridge erected at Ch.14310' and abutments cast for main road bridge at Ch.15200'. Outlets placed at Chs.12000' and 14350'. Pitching of Outlets, backfilling and placing pipes for same and pitching of bridges in progress.

Canal Excavation:- Trimming of existing canal in progress Ch.1500' - Ch.7700', excavation Ch.11600' - Ch.11750'; completed excavation Ch.11750' - Ch.12100'; and Ch.14700' - Ch.15100'.

Crusher:- 41 cu. yds. stone crushed during week.

Figuur 3.15: Voorbeeld van 'n weeklikse verslag.¹³⁴

¹³³ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 516/M36, fotoversameling: 1936 - 1941.

¹³⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 276/M.36, weeklikse verslag, W.A. Murray, 11/04/1936.

Te midde van die werksdruk het die positiewe gesindheid van die Direkteur van Besproeiing jeens die voornemende erfhouers op Skanskopeiland deurgeskemer in sy korrespondensie met die plaaslike ingenieurs:

I am well aware that the ruling of the Minister for Lands makes no provision for the plots on Schanskop island, but it is thought that a number of off-take sluices may have to be built in the large furrow to serve the owners of Rooikop island. An order for a number of 9" and 12" sluices has just been placed for the outlets on the Uppington Island Scheme. If all these are not required in the near future, the Resident Engineer could divert some of them to Schanskop...¹³⁵

Murray se nougesette aantekeninge en registers skets 'n duidelike beeld van die harde en meedoënlose werk, asook die probleme wat hulle ondervind het. 'n Kostestaat van Maart 1936 met die totale bedrag van £5,093-8/6 (vyfduisend-drie-en negentig pond, 8 sjielings en ses pennies), het nie net werksaamhede soos ontbossing, uitgrawings, walle stoot, die grawe en uitgrawingswerk van die kanaal "fluming", die bou van kofferdamme en vervoer aangedui nie, maar het ook items soos lone, werksbeserings, onderhoud, asook administratiewe en landmeterskoste ingesluit.¹³⁶ Die beplanning was om die werk aan die Rooikopkanaal en uitkeerwerk teen die einde van April 1936 af te handel, maar met al die vertragings is dit eers teen 6 Junie 1936 afgehandel, teen 'n koste van ongeveer £6,800.¹³⁷

¹³⁵ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 724, brief, M. Ackerman - F.T. Patterson, Direkteur van Besproeiing, 15/11/1936.

¹³⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, Schanskop irrigation scheme cost summary, M.36, 24/4/1936, p. 2.

¹³⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. M36/1, W.A. Murray, weeklikse verslag nr. 25, 07/06/1936; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 4051/K.51, verslag, F.C. Hugo, Sektie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 2; DWASU, (SV), verwysingsnr. 200/176, brief, G.R. Ritchie - M. Ackerman, 11/03/1936.



Figuur 3.16: Links: Die sifon of duikpyp gesien vanaf Rooikopeiland. In die agtergrond is die duine wat later platgesleep is, te sien.¹³⁸

Figuur 3.17: Regs: Die konstruksie van die inkeerwerk uit die rivier na die kanaal in Rooikopeiland.¹³⁹

G.A. Siepker,¹⁴⁰ die bestuurder van Rooikopeiland en ook lid van die sindikaat wat Rooikopeiland besit het, het in Januarie 1936 aansoek gedoen om die pos van superintendent of assistent-superintendent van die beoogde Skanskopeiland besproeiingskema. Sy aansoek is in 'n politieke trant geskryf en het hy Reitz, Minister van Landbou en Bosbou,¹⁴¹ byna direk aan vroeëre beloftes herinner m.b.t. moontlike aanstelling as superintendent of soortgelyke pos by die Skanskopeilandskema, wat hy teenoor Siepker gemaak het met 'n vorige besoek aan Rooikopeiland:

As you know I have always been a supporter of the old S.A.Party, [South African Party] now of course of the United Party.¹⁴²

Dié korrespondensie gee heelwat insig in die rol wat die politiek van die dag in besluitneming gespeel het, veral vanuit die openbare oogpunt. Die Direkteur van Besproeiing het wel mettertyd die aanstelling van Siepker vir 'n paar maande gemagtig ten einde die werk te bespoedig¹⁴³ en hy is as toesighouer oor die bou van die nuwe kanaal en die vergroting van die bestaande kanaal teen 10/- per werksdag aangestel.¹⁴⁴ Hy was egter 'n teleurgestelde man,

¹³⁸ DWASU, (SV), fotoversameling: 1936 - 1941. [Geen lêernommer gevind nie.]

¹³⁹ DWASU, (SV), fotoversameling: 1936 - 1941. [Geen lêernommer gevind nie.]

¹⁴⁰ G.A. Siepker was die vader van E.H.J. Siepker, wat die eerste amptelike verkose voorsitter van Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad was.

¹⁴¹ RSA, PR, p. 19 [D. Reitz was Minister van Landbou en Bosbou in die tydperk 8/01/1935 - 07/11/1938]; W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese ...*, p. 701.

¹⁴² DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 190/136, brief, G.A. Siepker - D. Reitz, 23/01/1936.

¹⁴³ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 2271, brief, Direkteur van Besproeiing - Ritchie, 10/02/1936.

¹⁴⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 190/121, brief, G.R. Ritchie - M. Ackermann, 12/02/1936.

aangesien hy verag het om as Superintendent van Lande aangestel te word.¹⁴⁵ Na verloop van tyd is Siepker as 'n opsigter oor die projek aangestel, teen die salaris van £10 per maand.¹⁴⁶

Korrespondensie tussen die besproeiingsdepartement en die resident-ingenieur van die Upingtoneilande-skemas, het telkemale klem gelê op die idee van selfwerkzaamheid van die voornemende nedersetters. Nieteenstaande die vooropgestelde selfwerkzaamheid en die voortdurende vermanings om kostes te bespaar, was daar 'n opmerklieke besorgdheid van die ingenieur dat die kanale korrek uitgemeet en gebou moes word, sodat dit ekonomies doeltreffend sou wees en die nedersetters daarby kon baat:

In spite of this Department's intention to leave to the persons, to whom the lots are sold, the matter of constructing the necessary furrows on the island itself, it is nevertheless considered desirable to guard against the canals on the Island [sic] being constructed uneconomically or unsuitably...¹⁴⁷

Kemp, wat die besorgdheid gedeel het, het opdrag gegee dat 'n komitee die eiland moes besoek ten einde voorstelle te maak vir die uitleg van die kanale en die erwe.¹⁴⁸ Op 30 April 1936 het die komitee, bestaande uit die superintendent van Karos-Boegoebergnedersetting A.S. Brink, 'n landmeter, A.G. Bain,¹⁴⁹ F.P.S. le Roux as verteenwoordiger van die Kaapse Landraad, Baard (vermoedelik C.W.A. Baard) en 'n besproeiingsingenieur die eiland besoek om aanbevelings rondom die uitleg van die eiland te maak.¹⁵⁰ Verskeie dokumente gee aanduidings dat alle uitmeet- en opmeetwerk wat deur die ingenieurs in 1935 tot 1936 met die uitlê en verbetering van die Rooikopwaterwerke en Skanskopduikpyp gedoen is, met die kettingmetode gedoen

¹⁴⁵ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 190/136, brief, M. Ackermann - G.R. Ritchie 19/02/1936; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 159.M/36, brief, G.R. Ritchie, Ingenieur, Louisvale Extension Scheme, 01/01/1938; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 12/01/1938.

¹⁴⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 200/176, brief, G.R. Ritchie - M. Ackermann, 11/03/1936.

¹⁴⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 6312, brief, M. Ackermann - G.R. Ritchie, 27/03/1936.

¹⁴⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 6312, brief, M. Ackermann - G.R. Ritchie, 27/03/1936.


¹⁴⁹ J.D. van Zyl, afgetrede landmeter van Lutz en Van Zyl landmeters, Upington, mondelinge mededeling, 01/03/2013: A.G. Bain was 'n gerespekteerde landmeter in die omgewing. Hy het tydens die Tweede Wêreldoorlog die rang van majoor geniet en is na die oorlog as 'n kundige op sy gebied beskou deur die Landmeter-generaal, wat groot agting vir Bain se werk gehad het.

¹⁵⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, "Toekenning van persele op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt", F.S. Le Roux - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 20/04/1937, pp. 1 - 2; DWASU, (SV), brief, verwysingsnr. 6312, M. Ackermann - G.R. Ritchie, 27/03/1936; Landmeter-generaal, Streekargief: Vrystaat en Noord-Kaap, Bloemfontein (LGB), verwysingsnr. S7800/R, kostestaat - A.G. Bain, opmetingswerk in Skanskopeiland, September 1936 - Januarie 1937.

is.¹⁵¹ Die kettingmetode was 'n erkende landmetersmetode wat vir die opmeet van grond gebruik is. Daar bestaan verskeie tipe landmeterskettings. In lande wat onderhewig was aan Engelse invloed, soos Suid-Afrika, is bykans alle opmetingswerk voor 1960 met die Gunther-ketting gedoen.¹⁵² Dié landmetersketting, wat in 1620 deur 'n Engelse landmeter, Edmund Gunther, ontwerp is, was 'n ketting met 'n lengte van 66 vt. en wat saamgestel was uit 100 skakels, elk 0.6 vt. of 7.92 dm. lank. Die lengte van 66 vt. is gebruik omdat 10^2 kettings gelykstaande was aan 1 akker. Tagtig Gunther-kettinglengtes was gelykstaande aan 1 myl. Die apparaat is nie net in Engeland gebruik nie, maar het ook in Amerika inslag gevind. Dit was 'n baie eenvoudige, maar uiters doeltreffende meet-apparaat.¹⁵³ Die kettingmetode is egter nie vir die opmeet van Skanskopeiland gebruik nie, aangesien die eiland in Kaapse voet opgemeet is.¹⁵⁴



Figuur 3.18: Gunther se landmetersketting.¹⁵⁵



Figuur 3.19: Gerhard Anton Siepker, bestuurder van Rooikopeiland.¹⁵⁶

Gedurende die week van 12 September 1936 is voorbereidings getref om met die werk by die inlaat- en verdelingswerke op Skanskopeiland te begin.¹⁵⁷

¹⁵¹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verskeie dokumente dui die afstand en meting van die kanaalverbeterings met ch. (chain) aan.

¹⁵² J.D. van Zyl, afgetrede landmeter van Lutz en Van Zyl landmeters, Uppington, mondelinge mededeling, 01/03/2013.

¹⁵³ H.L. Field, *Landscape surveying*, p. 18; B.C. Punmia *et al.*, *Surveying* vol. 1. p. 41; T.U. Taylor, *Surveyor's handbook*, p. 1; W. Gurley, *A Manual of the principle instruments used in American engineering and surveying*, p. 245.

¹⁵⁴ Oorspronklike kaart van Skanskopeilandnederstelling, LORC 1451/38, geteken deur landmeter A.G. Bain, ca. 1938, in besit van G.A. Visser.

¹⁵⁵ Anon, "Gunther's Chain, 19th century", <http://www.sciencemuseum.org.uk/images/I056/I0323831.aspx>, [geraadpleeg 22/05/2014].

¹⁵⁶ M. de Beer, *Keimoes en Omgewing...*, p. 84.

¹⁵⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. L18/190, W.A. Murray weeklikse verslag nr. 38, 12/09/1936.


Op 10 Oktober 1936 het Murray in sy verslag aangedui dat die hoofkeerwal voltooi is:

Main weir complete during week. Cofferdam for right bank portion of weir, foundations cleaned and add 82' of weir placed. Pitching and concrete for left flank embankment completed. Main weir complete in every aspect. Camp shifted to intake on Saturday 10th. Concrete placed during week 27 yds. Total concrete placed in weir 86 yds.¹⁵⁸

Die volgende stap was om water uit die rivier te keer en na die inkeerwerk op Rooikopeiland te gelei.

3.3.2 *Water uitkeer vra bekwame hande*

Die talle gange en systrome wat die rivier gevorm het, het die taak bemoeilik om die water suksesvol en ekonomies na Skanskopeiland toe te gelei. 'n Goeie begrip van die samevloeiing van die strome waar die uitkeerpunt beplan is, was noodsaaklik. Verkenning is daarom te voet aangepak.



Figuur 3.20: Die roete waarlangs die water uitgekeer is om aan Rooikopeiland en Skanskopeiland water te voorsien.¹⁵⁹

¹⁵⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. L39/190, W.A. Murray weeklikse verslag nr. 42, 10/10/1936.

¹⁵⁹ Anon, Google Earth, <http://itouchmap.com/?r=googleearth&ml=-28.71667&mg=20.96667&mt=Skanskopeiland%2C%20South%20Africa>, [geraadpleeg 27/10/2012]. Kaart gemanipuleer deur C.G. Visser.

Ritchie noem dit die “usual complicated Orange River business of diverting water”. Die water is vanuit Sonopspruit afgekeer, waar Murray die inkeerwerke gebou het.¹⁶⁰ Die inkeerwerk staan vandag steeds bekend as Murray-se-dam. Die aangehegte kaart, asook grafiese voorstelling gee maar ’n geringe aanduiding van die omvang van die taak, aangesien die omgewing sewe-en-sewentig jaar gelede nog ruig en onbewerk was. Visser verduidelik hoe die stelsel werk:

Die water word uit die hoofstroom gekeer deur ’n keerdam of stuwal, Murray-se-dam, wat die stroom opdam en uitkeer in ’n systroom met ’n kleiner vloei-helling as die hoofstroom, Sonopspruit. Die water vloei dan met ’n kleiner vloei-helling as die rivier en word die syspruit waardeur die water gelei word, geleidelik hoër as die riviervlak gehewel deur ’n reeks keerwalle, totdat dit uiteindelik heeltemal hoër as die rivier se vloei-vlak uitstyg, vanwaar dit in ’n kanaalstelsel bokant die rivier uitgekeer word in die kanaalstelsel van Rooikopeiland.¹⁶¹

3.3.3 Opmeting en waardasie

Bain het tussen September 1936 en Januarie 1937 die eiland in erwe opgedeel en uitgemeet, asook die kanaaluitleg gedoen.¹⁶² Die kostestaat vir die opmeetwerk dui aan dat hy die eiland vier keer vanaf 30 April 1936 tot 20 Januarie 1937 besoek het. Die koste verbonde aan die opmeetwerk was £1,681/11-6.¹⁶³ Teen die einde van 1937 was die koste wat die Departement van Besproeiing met Skanskopeiland aangegaan het bereken op £9,470.¹⁶⁴

Die twee eilande word uit een hoofkanaal benat. Daar bestaan twee 30-duimduikpype (sifons) in die kanaal. Die eerste duikpyp, Siepker se duikpyp, loop deur ’n leegte in Rooikopeiland en die tweede duikpyp gaan deur die systroom wat Rooikopeiland en Skanskopeiland skei. Ongeveer 1,430 vt. van die uitloop van die tweede duikpyp word die water in twee kanaalstelsels verdeel,

¹⁶⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 811/M.36, brief, G.R. Ritchie - Direkteur van Besproeiing, 27/08/1936.

¹⁶¹ G.A. Visser [voorsitter Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 1992 - 2009], mondelinge mededeling Skanskopeiland, 05/07/2010.

¹⁶² Oorspronklike kaart van Skanskopeilandnederstelling, LORC 1451/38, geteken deur landmeter A.G. Bain, ca. 1938, in besit van G.A. Visser.

¹⁶³ LGB, verwysingsnr. S7800/R, kostestaat - A.G. Bain, opmetingswerk in Skanskopeiland, September 1936 - Januarie 1937.

¹⁶⁴ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 10-'40, Verslag van die Direkteur van Besproeiing, 01/04/1938 - 31/04/1939, p. 22.

nl. die Skanskopsuid-kanaal en die Skanskopnoord-kanaal.¹⁶⁵ Bain het voorsiening gemaak vir 'n noordelike kanaal, 'n suidelike kanaal en 'n kleiner sykanaal aan die suidelike kant, wat slegs 5 erwe bedien.¹⁶⁶ Mondelinge oorlewering toon aan dat Lutz met Bain verskil het oor die uitleg van die kanaal, deurdat Lutz ten gunste van een sentrale kanaal was soos dit in Brakboseiland die geval was, wat volgens hom minder vloedskaie tot gevolg sou hê. Die rivier kon dan bloot instoot soos die watervlak styg, slik neerlaat en weer terugsak, sonder om geforseerde watererosie deur kragtige verspoelings te veroorsaak.¹⁶⁷



Figuur 3.21: Die verdeling van water in die noord-en suidkanaalsisteem.¹⁶⁸

Die vloed van 1974 was die eerste vloed na die groot 1925-vloed, wat Skanskopeiland feitlik geheel oorspoel het. Voor 1974 was daar telkens vloedskaie, veral by die elmbooggedeelte van die noordelike Skanskopeilandkanaal aan die hoofstroom teenaan erf 26, asook by onderpunt van die eiland teenaan erwe 63 en 67. Die geweldige verspoelings van die 1974- en 1988-vloede, wat skade

¹⁶⁵ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verslag, G.L.H. Bott, "Verdeling van water in Skanskopeiland", 25/04/1949; G.A. Visser [voorsitter Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 1992 - 2009], mondelinge mededeling Skanskopeiland, 05/07/2010.

¹⁶⁶ Oorspronklike kaart van Skanskopeilandnederstelling, LORC 1451/38, geteken deur landmeter A.G. Bain, ca. 1938, in besit van G.A. Visser.

¹⁶⁷ CGVPA, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

¹⁶⁸ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

aan die noodwalle en landerye gebring het, het vroe laat ontstaan of Lutz se sienswyse nie dalk korrek was nie.¹⁶⁹

In hierdie tyd het Le Roux en Brink die waardasie van die erwe gedoen en aanbevelings aan die Departement van Lande gedoen. Uit hierdie verslag kom interessante inligting na vore. Die koste van die voorbereiding van die grond en die uitgrawe van die kanale is op ongeveer £10,000 bereken. Hiervan sou die nedersetters £5,000 self moes betaal, wat op 'n gemiddeld van £9 per morg sou uitwerk vir die ongeveer 550 morg landbougrond.

Le Roux het die erwe, wat op 'n vry water-basis toegeken sou word, in drie klasse verdeel op grond van die gehalte van die grond:

Klas	Koste sonder voorbereidingskoste	Koste minus nedersetter se voorbereidingskoste van £9	Indeling van erwe
Klas C	£15	£6	Erwe 61 en 63
Klas B	£20	£11	Erwe 3, 7 en 26
Klas A	£25	£16	Orige landboupersele

Tabel 3.1: Indeling van die erwe volgens gehalte.

Voorts het Le Roux aanbeveel dat erwe 65 en 66 vanweë die beboste en verspoelde omstandighede nie uitgegee word nie. Boonop het daar spruite en sloepe deur dié erwe geloop, wat baie arbeid sou verg om die erwe bruikbaar te maak. Nog 'n faktor wat die erwe se gebruik belemmer het, was die gevaar van vloedverspoelings a.g.v. die natuurlike spruite wat deur die erwe loop. Dié waarneming is met elke vloed reg bewys. Bou-erwe is gewaardeer teen 10/-, behalwe in gevalle waar bou-erwe goeie landbougrond insluit. Die pryse het ook opmeet- en waardasiekoste ingesluit. Daarby het Le Roux, met die ekonomiese status van die aansoekers in ag geneem, aanbeveel dat die Kaapse Landraad sy sitting met die keuring van aansoekers op Keimoes moes hou, om op die wyse aansoekers persoonlik te ontmoet.¹⁷⁰ Interessante voorstel van Le Roux was om 'n aanvangslening aan die nedersetter te gee, op voorwaarde dat die eerste drie morg binne die eerste jaar gelyk gemaak moes word.¹⁷⁰ Die

¹⁶⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 1106, brief, Direkteur van Besproeiing – M. Ackerman, 18/12/1935.

¹⁷⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, "Toekenning van persele op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt", F.S. Le Roux - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 20/04/1937, pp. 1 - 2.

lening sou by die koopsom gevoeg word. Die drie morg is gestipuleer omdat daar op daardie tydstip aanvaar is dat 'n gemiddelde gesin uit drie morg bewerkte grond 'n lewe kon maak.¹⁷¹

Hierdie voorstelle, wat deur die Kaapse Landraad aanvaar en aanbeveel is by die Minister van Lande, bevestig die staat se voorneme om selfwerkzaamheid in alle opsigte toe te pas.¹⁷²

3.3.4 Superintendent van Lande aangestel

Dit was gebruikelik om 'n mentor vir 'n nedersetting aan te stel. Die staat se keuse het op die bekwame Albert Sebastiaan Brink,¹⁷³ die Superintendent van Lande vir die Karos-Boegoebergnedersetting, asook die Olyvenhoutdriftnedersetting geval.¹⁷⁴ Brink is in 1883 gebore in die omgewing van Mosselbaai. In 1910 is hy na Kakamas, waar hy ongeveer in 1918 in Schröder sultanas suksesvol gevestig het. Hy het homself bewys as 'n vernuftige administrateur en raadgewer van verskeie kleiner en groter besproeiingsnedersittings. Vanaf 1938 tree hy op as Superintendent van Lande¹⁷⁵ vir die Kanoneiland- en Skanskopbesproeiingsnedersetting, waarna hy terug is na Kakamas, om daar in dieselfde hoedanigheid te werk tot ongeveer 1951. Vanaf 1955 - 1960 dien hy as senator in die Unie-parlement. Hy tree daarna af in Brakbos-eiland, op die plaas Sultana. Brink was alombekend as die vader van die sultanaboerdery in die Benede-Oranjerivier¹⁷⁶ en 'n uitstekende druiweboer.¹⁷⁷

¹⁷¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, i.s. huur van Swart Piet-eiland, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - J.S. Rossouw, 22/12/1938.

¹⁷² SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Kaapse Landraad, 27/04/1937.


¹⁷³ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 159.M/36, brief, G.R. Ritchie - Ingenieur, Louisvale Extension Scheme, 01/01/1938; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 12/01/1938; SAB, ACT, band 8, vol. 4, lêer 470/14, verwysingsnr. 470/134, brief aan Sekretaris van Lande, 16/10/1937.

¹⁷⁴ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 6-29, Rapport van Departement van Lande, 01/04/1927 – 31/03/1928, p. 32.

¹⁷⁵ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, V. Rudd, Sekretaris van Lande- Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 17/11/1937.

¹⁷⁶ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 194; Unie van Suid-Afrika, UG6-29, Rapport van Dept. van Lande, 1 April 1927 - 31 Maart 1928, p. 32.

¹⁷⁷ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 6-29, Rapport van Departement van Lande, 1 April 1927 - 31 Maart 1928, p. 32.



Figuur 3.22: Links: A.S. Brink.¹⁷⁸

Figuur: 3.23: Regs: A.G. Bain, landmeter.¹⁷⁹

3.4 Proklamasie van Skanskopeiland as selfwerksame besproeiingsnederstelling

Die nuwe nederstelling is amptelik aangekondig met die kennisgewing in die *Staatskoerant* van 3 September 1937, waarvolgens 64 landbou-erwe op Skanskopeiland te koop aangebied is. Daarin was 'n duidelike voorwaarde van selfstandigheid en eiehulp. Die koopprys van die erwe, wat elk uit 'n besproeiingserf en bougrond vir 'n huis bestaan het, het gewissel tussen £53 en £152, wat die opmeetkoste daarvan ingesluit het.¹⁸⁰ Die erwe is hierna landswyd geadverteer, soos onder meer in die koerante soos *Die Suiderster* en aansoeke is ingewag.¹⁸¹

3.4.1 Onmiddellike eienaarskap

Die *Staatskoerant* het die basiese voorwaardes van koop duidelik aangetoon. Onmiddellike eienaarskap deur die nedersetters het die Skanskopeiland-nederstelling uniek gemaak. By Kakamas het die kerk die eenaar van die grond gebly en elke gesin moes jaarliks 'n klein bedrag as huurgeld betaal.¹⁸² By die staatsbesproeiingskemas soos die van Hartbeespoort en Vaalharts was 'n proef- en huurtydperk van toepassing voordat die nedersetters die grond kon koop.¹⁸³ By Skanskopeiland kon 'n grondlose persoon onmiddellik 'n grondbesitter word, onder die

¹⁷⁸ M. Brink, Persoonlike fotoversameling, Brakboseiland.

¹⁷⁹ B. Klaassen, Persoonlike fotoversameling, Bain's House, Upington.

¹⁸⁰ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, Julie - September 1937, kennisgewing nr. 1350, pp. 742 - 743.

¹⁸¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Sekretaris van Lande, 23/08/1937.

¹⁸² C. Cornell, "The lower reaches of the Orange River", *The Geographical Journal*, vol. 57, no. 4, April, 1921, p. 242.

¹⁸³ A.S. Du Plessis, "'n Evaluering van staatsbetrokkenheid...", pp. 35 - 36; L. van Vuuren, "Vaalharts, a garden...", p. 24.

voorwaarde dat die grond bevredigend bewerk sou word. Die grond moes ook binne 'n bepaalde tyd afbetaal word.¹⁸⁴

Die erwe kon vir ses weke vanaf datum van publikasie in die *Staatskoerant*, of solank enige van die erwe vakant gebly het, gekoop word. Die voornemende kopers moes aansoek doen by die Departement van Lande en sou gekeur word op meriete. Afskrifte van die aansoekvorms en verkoopsvoorwaardes was verkrygbaar by die Superintendent van Lande van die Karosnederstelling, A.S. Brink, of by die magistraat in Uppington. Die voltooide vorms moes weer by die magistraat, enige vrederegter, of by die Inspekteur van Lande ingehandig word, wat dit na die Provinsiale Verteenwoordiger van die Departement van Lande in Kaapstad sou stuur.¹⁸⁵ Sommige erwe was groter as die ander, maar het 'n bou-erf ingesluit. Die kleiner erwe se bou-erf was apart. Anders as by die gesubsidieerde staatsnedersettings, soos onder meer by die Vaalharts- en Boegoebergstaatswaterskema,¹⁸⁶ is hier geen behuising voorsien nie en was dit die verantwoordelikheid van die nedersetter.

Die grond is ingevolge Wet nr. 8 van 1922, wat 'n wysigingswet op die Kroongrond-nederzettingwet van 1912 was, van die hand gesit. Die wet het in kort voorsiening gemaak vir verkoop van kroongrond in die Kaapprovinsie en aan die Goewerneur-generaal die bevoegdheid gegee om kroongrond, soos gedefinieer in die Crown Disposal Land Act 15 of 1887, te verhuur, of te verkoop, of in ruil te gee vir ander grond in private besit. Albei huise van die parlement moes egter goedkeuring aan sodanige verhuur, verkoop of ruiltransaksies gee.¹⁸⁷ Daarvolgens kon die nedersetters na die verloop van 5 jaar op die kroongrond, aansoek doen om die kroongrondbrief, mits die waarde van eiendom en verbeteringe op eiendom, nie minder as £400 werd was nie.¹⁸⁸

¹⁸⁴ C.G. Visser & J.A. du Pisani, "Die vestiging van Skanskopeilandbesproeiingnederstelling...", p. 112.

¹⁸⁵ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, nr., kennisgewing 1350, 03/09/1937, Julie - Sept. 1937, p. 743.


¹⁸⁶ R.T.J. Lombard, "Stigting van die Vaalhartsbesproeiingskema...", p. 18.

¹⁸⁷ Unie van Suid-Afrika, *Buitengewone Staatskoerant*, deel XLVIII, nr. 1236, kennisgewingnr. 843, 27/05/1922, p. iii.

¹⁸⁸ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 22-1934, Rapport van die Departement van Lande, 01/04/1932 - 31/03/1933, p. 27.



Figuur 3.24: Tipiese behuising vir nedersetters by Vaalhartsstaatwaterskema.¹⁸⁹



Figuur 3.25: Tipiese behuising vir nedersetters by Boegoebergstaatwaterskema.¹⁹⁰

3.4.2 Die aansoek- en keuringsproses

Voornemende kopers kon 'n aanduiding gegee het van watter erf hulle sou verkies, maar suksesvolle aansoekers is volgens mondelinge mededeling voetstoots geplaas op erwe.¹⁹¹ Die keuringsproses van die nedersetters aan wie erwe op Skanskopeiland toegeken is, het van 4 tot 7 November 1937 op Keimoes plaasgevind.¹⁹² 'n Keurkomitee wat onder die Kaapse Landraad geressorteer het, het die keuring waargeneem en is bygestaan deur die lede van die Karos-Boegoeberg-kontrolekommissie wat onder meer A.S. Brink, A. Viljoen, P. Cilliers (voorsitter), E. de Waal en M. van Staden ingesluit het.¹⁹³

Daar was 107 aansoekers, waarvan 85 opgedaag het vir die persoonlike onderhoud met die keurkomitee. Baie aansoekers het vir bepaalde erwe aansoek gedoen, sommige vir dieselfde erf. Ander was weer bereid om voetstoots geplaas te word op die erwe.¹⁹⁴ Vir party erwe, wat baie ru en vol diep sloepe en slote was, is daar glad nie aansoek gedoen nie.

¹⁸⁹ J.H. Moolman, "The Orange River...", p. 669.

¹⁹⁰ J.H. Moolman, "The Orange River...", p. 667.

¹⁹¹ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.M.C. Venter in mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

¹⁹² SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, notule, Kaapse Landraad, 4 - 6 November 1937. verwysingsnr. 470/14.

¹⁹³ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Superintendent Karos-nedersetting, 15/11/1937; CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.M.C. Venter in mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012; Skanskopeilandbestuursraad, *Skanskopeiland, 1938 - 1978*, p. 2.

¹⁹⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, C.W.A. Baard - Kaapse Landraad, insake toekenning van 64 erwe, Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, verwysingsnr. 470/14/, 30/10/1937.

Die Landraad het swaar steun geplaas op C.W.A. Baard, wat self 'n aansoeker was, se aanbevelings omdat hy bekend was met die meeste van die aansoekers.¹⁹⁵ Voorts het Baard die komitee daarop attent gemaak dat sekere aansoekers met die oog op winsbejag aansoek om die grond gedoen het en het hy voorgestel dat die grond aan die behoeftige aansoekers toegeken moes word.¹⁹⁶

Die meeste nedersetters het 'n aanbeveling van die vrederegter van hul distrik ingedien. E.H.J. Siepker is deur Ritchie aanbeveel op grond van sy goeie kennis en ondervinding met besproeiingswerke en is as 'n aanwinst vir die nedersetting beskryf.¹⁹⁷ Vir die staat was dit belangrik om seker te maak dat diegene wat grond ontvang het, geskikte kandidate was wat 'n sukses van die boerdery kon maak.¹⁹⁸ Aanmerkings wat oor die applikante gemaak is, bevestig dat die huwelikstatus en bates deel was van die kriteria waarvolgens aansoekers gekeur is.¹⁹⁹

In lyn met die filosofie van selfwerkzaamheid, soos reeds in hoofstuk 1 bespreek is,²⁰⁰ moes voornemende nedersetters in die eerste plek nie leeglopers wees nie, maar oor deursettingsvermoë beskik, asook die vermoë en bereidwilligheid om hard te werk.

Uit aanmerkings van die Kaapse Landraad se verslag oor die keuring, blyk dit dat die grootste persentasie aansoekers nie 'n goeie indruk op die keurkomitee gemaak het nie.²⁰¹

¹⁹⁵ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, notule, Kaapse Landraad, 4 - 6 November 1937 verwysingsnr. 470/14.

¹⁹⁶ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, C.W.A. Baard - Kaapse Landraad, insake toekenning van 64 erwe, Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, verwysingsnr. 470/14/, 30/10/1937.

¹⁹⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, C.W.A. Baard - Kaapse Landraad, insake toekenning van 64 erwe, Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, verwysingsnr. 470/14/, 30/09/1937; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedulelys vir applikasies vir 64 erwe op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, pp.1 - 17.

¹⁹⁸ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, Sekretaris van Lande - C.H.H. Mollet, 14/06/1939.

¹⁹⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Kaapse Landraadsitting, Keimoes, 04/11/1937 - 06/11/1937, p. 1.

²⁰⁰ Sien hoofstuk 1, afdeling 1.2.2, pp. 7 - 8.

²⁰¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Sekretaris, Minister van Handel en Nywerheid, 31/12/1937.

D.P. 5.6012-1947-5-50 000. 5. D.L. 95.

DEPARTMENT OF LANDS. DEPARTEMENT VAN LANDE.

APPLICATION FORM.

For a holding under the Land Settlement Act, 1912, as amended, to be filled in by an applicant and returned (a) for Transvaal, to the Secretary for Lands, Pretoria, and (b) for Cape of Good Hope, Natal and Orange Free State to the Provincial Representative of the Department of Lands at Capetown, Pietermaritzburg and Bloemfontein, respectively, either direct or through the office of any Magistrate to whom the applicant may be known, for the Magistrate's recommendation.

The Department has a staff dealing specially with applications and inquiries for land and prospective settlers desirous of obtaining information with regard to land settlement are advised to apply for such information direct to the Department of Lands Union Buildings, Pretoria, or to the Provincial Representative, Department of Lands, at Capetown, Pietermaritzburg or Bloemfontein.

Any officer of the Department of Lands or of a Magistrate's Office will assist an applicant to complete this form.

Applicants must definitely answer all questions. A stroke of the pen opposite the question cannot be accepted as an answer.

AANSOEKVORM.

Applikante vir 'n houe ingevolge die Kroongrond Nederzettingen Wet, 1912, soos gewysig, moet hierdie vorm invul en terugstuur (a) vir Transvaal, aan die Sekretaris van Lande, Pretoria, en (b) vir Kaap die Goeie Hoop, Natal en Oranje-Vrystaat aan die Provinsiale Verteenwoordiger van die Departement van Lande, onderskeidelik te Kaapstad, Pietermaritzburg en Bloemfontein, of regstreeks of deur die kantoor van 'n Magistraat, aan wie die applikant bekend is, vir sy aanbeveling.

Die Departement het 'n personeel wat spesiaal aansoeke en navrae betreffende grond behandel, en aanstaande nederzettere wat met betrekking tot grondbesetting inligting verlang, word aangeraai om direk aan die Departement van Lande, Uniegebou, Pretoria, te skryf of aan die Provinsiale Verteenwoordiger Departement van Lande te Kaapstad, Pietermaritzburg of Bloemfontein.

Elke besoppte van die Departement van Lande of van 'n Magistraatskantoor sal 'n applikant behulpzaam wees om hierdie vorm in te vul.

Applikante moet 'n bepaalde antwoord gee op alle vrae. 'n Pensstreep teenoor 'n vraag kan nie as 'n antwoord aangeneem word nie.

1. Name in full (BLOCK LETTERS).....
Naam voluit (DRUKLETTERS).....
2. Permanent Address (for correspondence).....
Permanente adres (vir korrespondensie).....
3. Applicant's present occupation.....
Toenwoordige beroep van applikant.....
4. Nationality and where born.....
Watter nasionaliteit en waar gebore.....
5. Applicant's age last birthday..... Date of birth.....
Die ouderdom van applikant op sy laaste verjaarsdag..... Geboortedatum.....
6. Married or single.....
Getroud of ongetroud.....
(a) If married, number, sex and ages of children (if any).....
Indien getroud, vermeld die getal, geslag en ouderdom van die kinders (as daar is).....
(b) How many of applicant's children are living with him and are dependent on him?.....
Hoeveel van applikant se kinders woon by hom en is van hom afhanklik?.....
(c) If married, state whether in community of property or under ante-nuptial contract. (If A.N.C., state No. and date and where registered.)
Indien getroud, vermeld of applikant in gemeenskap van goedere of op huweliksvoorwaarde getroud is. (Indien H.V.K., vermeld No. en datum en waar geregistreer.).....
7. (a) If this application has reference to a privately-owned farm, for the purchase of which the applicant applies under section eleven of the Land Settlement Act, 1912 (as amended), i.e. the Contributory-Purchase Scheme, state whether applicant or his wife is related to the seller of such privately-owned land. If so, state relationship.
(b) Has the applicant entered into any contract relating to the purchase of such privately-owned farm? If so, such contract must be submitted together with this application.
(c) As hereof application is made in terms of the Land Settlement Act, 1912 (as amended), i.e. the Contributory-Purchase Scheme, state whether applicant or his wife is related to the seller of such privately-owned land. If so, state relationship.
(d) Has the applicant entered into any contract relating to the purchase of such privately-owned farm? If so, such contract must be submitted together with this application.
(e) As hereof application is made in terms of the Land Settlement Act, 1912 (as amended), i.e. the Contributory-Purchase Scheme, state whether applicant or his wife is related to the seller of such privately-owned land. If so, state relationship.
(f) Has the applicant entered into any contract relating to the purchase of such privately-owned farm? If so, such contract must be submitted together with this application.
8. Name, number and district of holding applied for.....
Naam, nommer en distrik van die houe waarom aansoek gedoen word.....
9. Number and date of Gazette Notice.....
Nommer en datum van kennisgewing in Staatskoerant.....
10. In case of application to take cession of a lease of Government land, give name of leasee.....
As die aansoek gedoen word om 'n huurkontrak van Staatsgrond oor te neem, vermeld die naam van die huurder.....

Figuur 3.26: Voorblad van die aansoekvorm.²⁰²

Trouens, uit hierdie verslag blyk dit dat die Landraad nie veel hoop vir sukses gehad het nie, soos die volgende aanmerking te kenne gee:

Insake die applikante dien gesê te word dat die meerderheid baie swak is, so swak dat dit uiters moeilik was om al die erwe toe te ken.²⁰³

Die Landraad het soms vreemde versoeke ontvang, wat gegrond was op die tydgenootlike politiek, waar mense wat die regerende party ondersteun het, aanbeveel is en moes die

²⁰² SNBA, aansoekvorm soos gevind in die Skanskopeiland Nederzettingbestuursraad se argief.

²⁰³ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Kaapse Landraadsitting, Keimoes, 04/11/1937 - 06/11/1937, p. 2.

Landraad selfs aan die betrokke Minister verslag doen oor die keuring.²⁰⁴ So ver vasgestel kon word, is hierdie versoeke nie toegestaan nie. Die grootste meerderheid van die aansoekers was armblankes wat geen grond of heenkome gehad het nie.

Daar was enkele uitsonderings, waar erwe toegeken is aan persone wat nie werklik verarm en grondloos was nie.²⁰⁵ Mondelinge herinnering het aangedui dat dié bepaalde nedersetters beter erwe bekom het, alhoewel amptelike dokumente die teendeel bewys het.²⁰⁶ Dit blyk uit navorsing dat van hierdie nedersetters werklik bekwame boere was en tot voordeel van die nuwe nedersetting was.

Die aansoekskedulellys toon aan dat sommige van die bepaalde nedersetters juis gekeur is met die oog daarop om as aansporing vir die verarmde nedersetters te dien, soos bv. Siepker en Baard.²⁰⁷ Die Landraad het byvoorbeeld 'n hoë dunk van Baard gehad, wat in 1937 deur die Departement van Lande aangewys is om tesame met die landmeter en Superintendent van Lande die inspeksie van Skanskopeiland te onderneem.²⁰⁸

Dié argument word ondersteun deur die opmerklike leierskap wat deur dié bepaalde nedersetters in die gemeenskap van Skanskopeiland getoon is.²⁰⁹ Dit blyk egter volgens die aansoekskedule dat die bepaalde nedersetters nie enige eiendom besit het ten tye van die vestiging van Skanskopeiland nie.²¹⁰ Die keuringsbeleid weerspieël die aanbeveling in die verslag van die Volkskongres van 1934, wat klem gelê het op selfstandige denke, wat kon lei tot volhoubare opheffing:

²⁰⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, N.J.J. Badenhorst - A.P.J. Fourie, 12/12/1937; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Sekretaris, Minister van Handel en Nywerheid, 31/12/1937.

²⁰⁵ CGVPA, Onderhoude; A_02, J.J.C. en E.C.C. Smit, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; C_04, F.P. Smit, Upington, 11/06/2010; C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010; C_04, J.D.S. Barnard, Kakamas, 01/06/2010. Mondelinge mededeling, E.W. Visser, Omstaan, Skanskopeiland, 22/06/2010.

²⁰⁶ CGVPA, Onderhoude; J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.M.C. Venter in mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

²⁰⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedulellys vir applikasies vir 64 erwe op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt pp. 1 – 17.

²⁰⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 6312, brief, M. Ackermann – G.R. Ritchie, 27/03/1936.

²⁰⁹ Opgemerkt in verskeie notules van Skanskopeiland Nedersettingsbesproeiingsraad, 1938 - 1943; CGVPA, Onderhoude; A_02, J.J.C. en E.C.C. Smit, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; C_04, F.P. Smit, Upington, 11/06/2010; C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010; C_04, J.D.S. Barnard, Kakamas, 01/06/2010. Mondelinge mededeling, E.W. Visser, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

²¹⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedulellys vir applikasies vir 64 erwe op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, pp. 1 – 17.

Dit [die kongres] dring daarop aan dat die nedersetters nie moet uitgesoek word op grond van behoefte alleen nie, maar dat voortgegaan word om alleen persone op nedersettings te plaas wat uitgesoek is as in staat om selfstandig te boer...²¹¹

Alhoewel die verkoop van die erwe op Skanskopeiland nie volgens die Kroongrond-nederzettingwet van 1912 [Land Settlement Act 1912] geskied het nie, maar, soos vroeër vermeld,²¹² op die basis van Wet nr.8 van 1922, het die keuring volgens dieselfde kriteria plaasgevind as by staatsnedersettings.²¹³ 'n Oorspronklike aansoekvorm toon dat die keuringsproses op bykans dieselfde grondslag as die van die Vaalharts-staatwaterskema geskied het.²¹⁴ Voornemende nedersetters op Skanskopeiland moes 'n standaardaansoekvorm van die Departement van Lande vir 'n hoewe kragtens die gewysigde Kroongrond Nederzetting Wet van 1912 voltooi.

Die wet wat vir staatsnedersettings soos die van die Vaalharts-staatwaterskema gebruik is, het bepaal dat die aansoekers skriftelik aansoek doen. Kriteria waarvolgens die nedersetters gekeur is, was onder meer dat die kandidate ten minste 18 jaar oud moes wees, die grond moes bewoon en bewerk, goeie karakter moes toon en genoeg moes besit om 'n begin te kon maak.²¹⁵

Ander inligting wat op die aansoekvorm verskaf moes word, was eerstens biografiese besonderhede, soos die aansoeker se beroep, huwelikstaat en aantal kinders. Verder was daar vrae oor die aansoeker se vorige ondervinding van boerdery, of hy voorheen of op daardie tydstip grond gehuur of besit het en watter soort boerdery hy beoog het om op die hoewe te bedryf. Die aansoeker moes ook inligting oor sy finansiële posisie verskaf, naamlik of hy 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon of pensioentrekker is, asook 'n staat van sy beskikbare kapitaal (kontant, vee, gereedskap en vaste eiendom) en skulde.²¹⁶

²¹¹ P. du Toit (samesteller), *NGK-verslag van die Volkskongres...*, p. 280.

²¹² Sien afdeling 3.4.1, p. 96.

²¹³ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad...*, deel 60, 1947/02/21 - 1947/04/25, kol. 2228.

²¹⁴ Skanskopeiland Nederzettingbestuursraad Argief (SNBA), aansoekvorm nr. DL 95.

²¹⁵ D. Troskie, "Lessons from the past...", p. 6.

²¹⁶ CGVPA, Unie van Suid-Afrika, Departement van Lande, aansoekvorm vir 'n hoewe.



Figuur 3.27: C.F. Pool by sy donkiewa²¹⁷

Hy moes verklaar dat hy in staat was om binne drie maande die toegekende grond in besit te neem en dat hy tevrede was dat die koopprys van die hoewe redelik en billik was en dat hy nie sou aansoek doen om 'n herwaardering van die waarde daarvan nie.²¹⁸ Dit verklaar waarom soveel huurders hul gesinne aanvanklik by familieleden of elders gelos het, om sodoende eers 'n leefbare aanleg te probeer skep.

Geen getuigskrif oor die morele karakter van aansoekers is vereis nie, hoewel sommige van die aansoekers wel getuigskrifte aan hulle aansoekvorms geheg het, om hulle kanse vir die toekenning van 'n erf te verbeter.²¹⁹ Die aansoekskedule toon aan dat getuigskrifte en aanbevelings aangeteken is vir die grootste meerderheid van die meer as honderd aansoekers.²²⁰ Voorts moes die voornemende nedersetters op Skanskopeiland oor die basiese benodighede, soos 'n span donkies, 'n graaf, 'n skrapper en dies meer beskik om te help met die gelyksleep van die grond en die bou van die kanale. 'n Bietjie kapitaal om 'n klein boerdery van die grond te kry, was noodsaaklik. Hulle “moes darem genoeg besit om 'n begin te maak”.²²¹

²¹⁷ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

²¹⁸ CGVPA, Unie van Suid-Afrika, Departement van Lande, aansoekvorm vir 'n hoewe.

²¹⁹ In CGVPA is voorbeelde van sulke getuigskrifte, bv. getuigskrif van I.J.G. Greeff, 21/09/1937.

²²⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedulelys vir applikasies vir 64 erwe op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, pp. 1 – 17.

²²¹ CGVPA, onderhoud C_04, F.P. Smit, Upington, 11/06/2010.

In hoofsaak het die keuring gefokus op hardwerkendheid en ywer, met die oog op die vestiging van 'n volhoubare en selfstandige gemeenskap. Eerlikheid was deurslaggewend in die keuringsproses. Die verslag van die Landraad behandel bepaalde gevalle waar aansoekers nie eerlik was omtrent hulle vaardighede en bates nie en daarom nie in aanmerking gekom het vir die erwe nie.²²²

Trouens, die nedersetters is nie beskou as 'goewermentsnedersetters' nie, maar as private eienaars, wat hulle hul eie weg moes baan om die eiland bewerkbaar te maak.²²³

Die nuwe besproeiingsnedersetting op Skanskopeiland sou ook vir die plaaslike hoërskool tot voordeel strek, soos die verwysings in die notules van Hoërskool Keimoes se skoolkomitee, op 25 Augustus 1933 en 17 November 1933, na die vooruitsig op landbougrond in Skanskopeiland bevestig. Landbou is in 1936 as skoolvak in Hoërskool Keimoes ingevoer, nadat dit tydelik as 'n halwe vak aangebied is.²²⁴ Om reg te laat geskied aan die praktiese opleiding was 'n landbou-erf noodsaaklik. Alreeds in 1935 het die skool by die Minister van Lande, J.C.G. Kemp,²²⁵ aansoek gedoen om 'n stuk grond in Skanskopeiland te bekom.²²⁶

In 1936 het die Departement van Lande in die behoefte voorsien toe daar 'n stuk grond op Skanskopeiland aan die Onderwys Trustees oorgedra is, om praktiese landbou-opleiding aan jong seuns te gee.²²⁷ Die optrede was tipies in die tradisie van die voorstelle wat deur die Carnegiekommisie (1932) en die 1934-Volkskongres gemaak is.²²⁸

²²² SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Kaapse Landraadsitting, Keimoes, 04/11/1937 - 06/11/1937, p. 2.

²²³ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Sekretaris, Minister van Handel en Nywerheid, 31/12/1937.

²²⁴ Hoërskool Keimoes Notuleboek, 25/08/1933 & 17/11/1933.

²²⁵ RSA, PR, [J.C.G. Kemp was Minister van Lande in die tydperk 8/01/1935 - 05/09/1939], p. 15; W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese...*, p. 440.

²²⁶ SAB, ACT, band 15, lêer 470/208, brief, E.E. Kieser, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 05/07/1949; Hoërskool Keimoes Notuleboek, 16/05/1935.

²²⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Kaapse Landraadsitting, Keimoes, 04/11/1937 - 06/11/1937, p. 1; SAB, URU, band 1766, Minuut nr.3283, Kantoer van die Eerste Minister, 16/11/1938; Hoërskool Keimoes Notuleboek, 17/11/1933.

²²⁸ E.P. du Plessis (samesteller), *'n Volk staan op...*, p. 84.

12

Ek kan sertifiseer dat. Ek soek
 Greef Jr. goed ken, hy is een
 hardt- werkende Persoon en goed
 van gedrag en is daar blywing
 van dat ^{hy} as Land Bouwer een
 sukses sal wees ik is of was baie
 jare in een noue verbinding met
 die Land Bouwers in die Eilande
 en was ook Voorseter van die
 Vrege Eiland Komitee daarom in
 derhalwe was ik gedurig in aan-
 rakking met Greef en kan hom
 met die Grootste Vriendelike ^{hied} aan-
 bevel.
 C. P. Hauckorn
 Friessdale
 21 Sept 1934
 Orkney

Figuur 3.28: Getuigskrif van I.J.G. Greeff.²²⁹

3.4.3 Koopvoorwaardes

Benewens die feit dat geen aansoeker reeds grond van sy eie mag besit het nie, moes die arme ook nie 'n staatslastige gewees het nie. In hierdie opsig het die staat geleer uit die ervaring by Hartbeespoort. Aanvanklik is by Hartbeespoort beoog om voorkeur aan nedersetters met beskikbare kapitaal te gee. Nuwe wetgewing, in die vorm van die Landbank Wetten Verdere Wijzigings (no. 32 van 1924), is egter by die Hartbeespoortdamskema toegepas, wat dit vir mense sonder kapitaal en met min opleiding of vaardighede moontlik gemaak het om op kroongrond gevestig te word. Gevolglik het Hartbeespoort 'n nedersettingskema vir die hervestiging van kapitaallose en hawelose armblankes geword, wat ontwikkeling daar gestrem het. Die staat was verplig om skuld af te skryf, rentekoerse van lenings aan nedersetters te

²²⁹ E. de Vries, Persoonlike Argief (EDVPA), Skanskopeiland.

verlaag en die terugbetalingstydperk te verleng. Daardie nedersetting het eers na dekades behoorlik begin funksioneer, nadat die staat baie geld aan hulpverlening bestee het.²³⁰ By Skanskopeiland wou die staat nie weer dieselfde fout begaan nie. Die koopvoorwaardes was streng, maar het aan die hardwerkende kandidaat genoeg tyd gegun om te vestig en daarna sy verpligtinge teenoor die staat na te kom.

Die *Staatskoerant* het die basiese voorwaardes van koop duidelik aangetoon. Dit was onder meer die volgende:

- i. Gedurende die eerste drie jaar vanaf die verkoopdag hoef geen betalings gemaak te word nie; vanaf die vierde jaar moet rente teen twee persent en vanaf die vyfde jaar teen drie persent per jaar op die koopprys of enige balans daarvan jaarliks vooruitbetaal word; vanaf die sesde jaar moet die koopprys in twintig gelyke paaielemente betaal word, tesame met rente teen 3 en 'n halwe persent per jaar.
- ii. Die Goewerment onderneem nie om enige perseel van besproeiingswater te voorsien nie.
- iii. Die aanlê, onderhoud en instandhou deur kopers, van bestaande of toekomstige besproeiingswerke.
- iv. Voorsiening vir die eventuele instelling van 'n Besproeiingsraad vir Skanskopeiland.²³¹

Dit het daarop neergekom dat die koopsom van die erwe ingevolge die koopkontrak oor 'n tydperk van 25 jaar terugbetaalbaar was. Sodra die koopprys en rente daarop betaal was, sou 'n kroongrondbrief aan die erfhouer uitgereik word. Voorts kon die koper ook 'n kroongrondbrief bekom deur een tiende van die koopprys en alle rente daarop te betaal en 'n eerste verband ten gunste van die staat te registreer, asook die koste van die verbandakte te betaal.²³²

Daar was egter die voorbehoud dat tot tyd en wyl die koopprys ten volle vereffen is, die grond na bevrediging van die Minister van Lande bewerk moes word en kon daar van tyd tot tyd

²³⁰ A.S. du Plessis, "n Evaluering van staatsbetrokkenheid...", pp. 35 - 37.

²³¹ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, vol. 109, nr. 1348, 03/09/1937, Julie – Sept. 1937, p. 743.

²³² SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, kennisgewing, Departement van Lande, 16/08/1937; DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, afskrif van Skanskopeilandkoopkontrak, p. 2.

inspeksies gedoen word op die grond deur 'n aangewese amptenaar van die Departement van Lande. Indien die erwe nie goed bewerk was nie, sou dit die erfhouer ontnem word.²³³

Ander bepalings van die koopkontrak het gehandel oor die verantwoordelikhede van die staat en die van die nedersetter. Dit het onder meer voorsiening gemaak dat die staat, tot tyd en wyl 'n beheerliggaam vir die eiland ingestel sou word, die koste van die noodwalle, wat as beskerming teen die gereelde vloede sou dien, sou dra en ook die instandhouding daarvan sou onderneem. Sodra die beheerliggaam ingestel is, sou die verantwoordelikheid daarvoor by die bepaalde raad berus.²³⁴

Daarteenoor was die besproeiingswerke en alle instandhoudingswerk daarvan die gemeenskaplike verantwoordelikheid van die erfhouers op Skanskopeiland en is dit duidelik gestel dat die staat nie die verantwoordelikheid daarvoor gedra het nie, soos verwoord in die koopkontrak:

Die Goewerment onderneem nie om die erf van besproeiingswater te voorsien nie en aanvaar geen aanspreeklikheid vir die onderhoud en instandhouding van die besproeiingswerke wat reeds gebou is of nog in die toekoms gebou sal word, of enige gedeelte daarvan nie, of vir enige verlies of skade, direk of indirek, wat as gevolg van vermindering of uitputting van die watervoorraad gely mag word, en sal verder uitdruklik vrygestel wees van die betaling van skadevergoeding vir enige verlies van water of vir ander skade veroorsaak deur enige breek, lekkasie, deursyfering of oorstroming van water van enige deel van die besproeiingswerke, of die toespoeling van uitkeerdamme, kanale of sifons, of deur iets anders.²³⁵

Die staat se bydrae was derhalwe hoofsaaklik tegniese en administratief van aard: Die staat het die koste gedra om water tot op die eiland te bring en het die siftingsproses van die nedersetters gefasiliteer. Hierna het die staat deur die mentorskap van die staatsaangestelde Superintendent van Lande, sy teenwoordigheid op administratiewe en toesighoudende wyse

²³³ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - W.A. Stadler. [Geen datum]; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - D.J. Roux, 10/03/1939; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, J.H. Holland, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Superintendent, Olyvenhoutsdrift nedersetting, 14/04/1938; DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, afskrif van Skanskopeilandkoopkontrak, p. 2.

²³⁴ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, afskrif van Skanskopeilandkoopkontrak, p. 3.

²³⁵ DWASU, (SV) band M.37, vol. 4, afskrif van Skanskopeilandkoopkontrak, pp. 3 - 4.

gehandhaaf, sonder enige finansiële bydrae aan die nedersetters. Subsidies aan die nedersetters is as lenings beskou en sonder uitsondering teruggevorder.

Die verslag van die Departement van Lande, i.v.m. *Oranjeriviereiland-skemas* (verwysende na eilande wat in die vorige jaar verkoop is) sowat 'n jaar en 'n half na die verkoop van die grond op Skanskopeiland, het dié beleid ten opsigte van menslike vestiging op Skanskopeiland bevestig:

Die voorwaardes van die verkoopaktes, kragtens welke die grond gehou word, is opgestel met die doel om 'n gees van selfstandigheid by die kopers aan te kweek en daarom word hulle baie tyd gegee om hulle persele te ontgin, sonder om hulle van die begin af met swaar finansiële verpligtinge te belas.²³⁶

Die keuse van nedersetter het as kriteria derhalwe ook 'n "gees van selfstandigheid" ingesluit, wat deur die aanbevelings van die Carnegiekommissie asook die Volkskongres onderskryf is.²³⁷

Die meerderheid van die nedersetters was behoeftige mense wat as gevolg van omstandighede buite hul beheer verarm en ontheemd was en wat 'n heenkome gesoek het. Sommige het as bywoners gewerk op plase, ander het 'n stukkie grond gehuur by 'n boer in die omgewing. Die drang na eie grond was deel van hulle genetiese samestelling. Dit was 'n wyse van bestaan waaraan hulle gewoond was.

E.C.C. Smit vertel dat haar vader 'n delwer was, waarna hy by die Boegoebergskema gewerk het tydens die bou van die dam. Daarna was hy waterfiskaal op Louisvale, vanwaar hy aansoek gedoen het om die grond in Skanskopeiland.²³⁸ E.W. Visser se vader, N.J. Visser, was 'n huurling op 'n veeplaas.²³⁹

J.M.C. Venter vertel dat haar vader, D.J. Kruger, een van die pioniernedersetters, op daardie tydstip werksaam was by Boegoeberg, waar die gesin in groot armoede geleef het. Hy het vanaf Boegoeberg per fiets na Skanskopeiland gery, 'n afstand van ongeveer 180 km, om die grond op Skanskopeiland te besigtig en aansoek te doen om 'n erf.²⁴⁰ Venter onthou die lang en

²³⁶ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 23-1940, Verslag van die Departement van Lande, 31/03/1939.

²³⁷ P. du Toit (samesteller), *NGK-verslag van die Volkskongres...*, pp. 226 & 280; J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. xxviii - xxxi; J.R. Albertyn, *Die armblanke...*, p. 142; CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010.

²³⁸ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

²³⁹ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

²⁴⁰ J.M.C. Venter, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

vermoeiende tog vanaf Boegoeberg na Skanskopeiland, na sy suksesvolle aansoek. Haar vader het sy afgeleefde vragmotor se enjin verkwansel aan 'n slagter, ses donkies gekoop en van die bak 'n wa gebou om al die huisraad, die hoenderhok, sy familie en die kajuitgedeelte van die vragmotor te vervoer. Venter en haar suster het die bokke aangejaag. Naby die teenswoordige Zwartkop, ongeveer 30 km van Skanskopeiland af, het die boer oornagstaanplek aan die familie verskaf en ook voedsel aangebied. Die volgende dag het die boer se muile die uitgeputte trekdonkies oor die steil bulte gehelp.²⁴¹

Nog 'n nedersetter, B.M.N. Steyn, was ook werksaam by Boegoeberg, maar het na die voltooiing van die dam in die nabygeleë Koms²⁴² as handlanger by 'n plaaslike boer gehelp met dorswerk om die gesin aan die lewe te hou. Die gesin het in 'n sinkhuis op die plaas gewoon.²⁴³ Ander nedersetters soos Hayes, Momberg en E.H.J. Siepker het as huurlinge op Rooikopeiland gewerk,²⁴⁴ terwyl sommige nedersetters uit die omliggende eilande by Friersdale gekom het en ander veral uit die omstreke van die Kaapprovinsie, soos in afdeling 3.4.4 bespreek word.²⁴⁵

Nie al die erwe is onmiddellik toegeken nie. Die Landraad het aanvanklik 60 erwe toegewys, nadat gekeurde aansoekers kop uitgetrek het. B.J. Momberg het voorheen op Beenbreek by Onseepkans gewerk en daarna gehelp om die Straussburg-Olyvenhoutsdrifkanaal te bou. Later het hy 'n erf op Rooikopeiland gehuur en voltyds geboer. Na 'n haelstorm sy koringoes vernietig het, het hy aansoek gedoen om een van die orige drie erwe op Skanskopeiland, wat in 1938 in die *Staatskoerant* en landswye koerante geadverteer is.²⁴⁶ Sy aansoek vir erf 38 het geslaag, soos die van A.X. Compion vir erf 1.²⁴⁷

²⁴¹ J.M.C. Venter, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

²⁴² Koms is 'n wyk van Neilersdrif, buite Keimoes, waar besproeiingsgrond, asook baie veeplase geleë is.

²⁴³ CGVPA, A.E. van Zyl, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

²⁴⁴ B. Strydom, Persoonlike geskrifte, per e-pos aan outeur verskaf, 29/08/2013; J.J. Momberg, Persoonlike geskrifte, per e-pos aan outeur verskaf, 29/06/2013; DWASU, (SV), band M.31, vol. 1, verwysingsnr. F190, verslag, "Progress programme, Skanskop Irrigation Scheme", 23/03/1936.

²⁴⁵ M.C.B. Smit, "Noord-Kaapland families" uitgegee deur die *Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika*, November 2010, p. 5. Sien ook afdeling 3.44, pp. 110 - 111.

²⁴⁶ J.J. Momberg, Persoonlike geskrifte, 29/06/2013; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verwysingsnr: 20037, kennisgewing van verkope, Sekretaris, Afdelingsraad, Kenhardt - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 30/08/1938; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, koerantknipsel, *Die Burger*, 22/04/1938.

²⁴⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, Provinsiale verteenwoordiger van Lande - P.J. Benade, 02/03/1938.

Erf 56 is aan Hayes toegesê. Hayes het die advertensie van die erf per toeval in 'n koerant raakgesien nadat hy een aand per fiets op pad huis toe was en toe daarvoor aansoek gedoen.²⁴⁸ Die toekenning van erwe aan Compion, Hayes, en Momberg is in Junie 1938 gedoen.²⁴⁹

Inligting uit die aansoekskedule dui daarop dat die aansoekers se aardse besittings maar karig was. Die skedule van die voornemende aansoekers het telkens die bates en laste van elkeen getoon. By heelwat van die aansoekers was daar werklik geen bates nie, of so min as twee grawe. Ander het 'n bietjie kontant gehad, 'n skraper en 'n span donkies met 'n paar stuks vee, of 'n koringoes op hande. Daar was diegene wat heelwat vee gehad het, wat daarop dui dat hulle trekboere was, soos J.H. Agenbag van Wallekraal, Namakwaland. Voorts is die grootte van die gesin wat versorg moes word aangeteken tesame met die geslag en ouderdomme van die kinders. Die meeste aansoekers was ordentlike en godvresende mense, elkeen met die diep begeerte na 'n eiendom, waarmee hy na behore vir homself en sy gesin kon sorg.²⁵⁰

Dit blyk uit verskeie korrespondensies van die nedersetters met die plaaslike komitee en latere bestuursraad, dat die grootste persentasie nie goed geskoold was nie. In 1949, twaalf jaar na die aanvang van die besproeiingsnedersetting, bevestig Murray dié aanname in korrespondensie met die Direkteur van die Besproeiing.²⁵¹

3.4.4 *Herkoms, ouderdomverspreiding en erftoekenning van nedersetters*

Die gekeurde pioniernedersetters van Skanskopeiland was nie net vanuit die onmiddellike omgewing afkomstig nie. Plekke van herkoms was onder meer uit die omstreke van Namakwaland en die Roggeveld, Boegoeberg, Keimoes, Kakamas, Friersdale, Upington, Kenhardt, Calvinia, Prieska, Piketberg en Fraserburg.²⁵²

²⁴⁸ B. Strydom, Persoonlike geskrifte, per e-pos aan outeur verskaf, 29/08/2013.


²⁴⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verwysingsnr: 470/14, CW/AW, notule Kaapse Landraad, 01/06/1938 - 03/06/1938; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verwysingsnr: 20037, kennisgewing van verkope, Sekretaris, Afdelingsraad, Kenhardt - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 30/08/1938.

²⁵⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedulelys vir applikasies vir 64 erwe op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, pp. 1 - 17.

²⁵¹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, W.A. Mackenzie - Direkteur van Besproeiing, verwysingsnr. 1334/K.51-M.36, 31/12/1949.

²⁵² M.C.B. Smit, "Noord-Kaapland families...", pp. 1 - 21.

Die grafiese voorstelling in grafiek 3.1 gee 'n aanduiding van die verspreiding van herkoms.



Grafiek 3.1: Grafiese uiteensetting: Herkoms Keimoes en omgewing.²⁵³

Die volgende fotobeeld in fig 3.29 – fig.3.39 gee 'n aanblik van die gemiddelde pioniernedersetter.



Figuur 3.29: J.H. Agenbag en sy eggenote Dinie, van Wallekraal, Namakwaland.²⁵⁴



Figuur 3.30: P.A.H.M. Louw en sy eggenote Chrissie. Let op na die riethuis.²⁵⁵

²⁵³ M.C.B. Smit, "Noord-Kaapland families...", pp. 1 - 21. Verskeie onderhoude: CGVPA, P.Z.van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; 27/04/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.M.C. Venter in mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012; onderhoud nr. A_02, J.J.C. en E.C.C. Smit, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; onderhoud nr. C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010; C_04, J.D.S. Barnard, Kakamas, 01/06/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 26/01/2014.

²⁵⁴ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.


²⁵⁵ E.S. Louw, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.




Figuur 3.31: I.J.G. Greeff.²⁵⁶



Figuur 3.32: E.H.J Siepker en sy eggenote, Alice.²⁵⁷



Figuur 3.33: J.J.C. Smit.²⁵⁸



Figuur 3.34: M. Pool, eggenote van H. Pool.²⁵⁹



Figuur 3.35: H. Pool.²⁶⁰



Figuur 3.36: W.G. Myburg en eggenote.²⁶¹



Figuur 3.37 en Figuur 3.38: N.J. en C.F.M. Visser.²⁶²



Figuur 3.39: G.J. Smit.²⁶³

²⁵⁶ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

²⁵⁷ A.J. Siepker, *Siepker*, p. 64.

²⁵⁸ J.J.C. Smit, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

²⁵⁹ J. de Swart, Persoonlike fotoversameling, Birchleigh.

²⁶⁰ J. de Swart, Persoonlike fotoversameling, Birchleigh.


²⁶¹ H. Van Wyk, Persoonlike fotoversameling, Vanderbijlpark.

²⁶² M.C.B. Smit, Persoonlike fotoversameling, Kuilsrivier.

²⁶³ M.C.B. Smit, Persoonlike fotoversameling, Kuilsrivier.

Twee ouderdomspopulasies kan uit die ouderdomme soos in die aansoekskedule aangedui, onderskei word.²⁶⁴ Die populasie tussen 20 en 35 jaar het 'n gemiddelde ouderdom van sowat 31 jaar getoon; terwyl die populasie van 35 tot 60 jaar 'n gemiddelde ouderdom van 49 jaar aangedui het. Die gemiddelde ouderdom van die volle groep was derhalwe 40 jaar.

Grafiek 3.2 gee 'n uiteensetting van die ouderdomspopulasie.



Grafiek 3.2: Ouderdomspopulasie.²⁶⁵

Die uitleg van die eiland het voorsiening gemaak vir 'n skool en polisiestasie. Soos vroeër genoem, is daar geen grond afgestaan aan 'n kerkdenominasie nie, omdat daar nie daarom aansoek gedoen is nie.²⁶⁶ Die Landraad was ook van mening dat Skanskopeiland na genoeg aan die dorp was vir kerkbywoning.²⁶⁷ Uit hierdie gegewens blyk dit dat daar gepoog is om 'n selfstandige en ekonomies-volhoubare gemeenskap in Skanskopeiland te vestig.

Hiermee was die rol van die staat in die vestiging van Skanskopeiland nie heeltemal afgehandel nie. Alhoewel die nedersetters hierna as private kopers die verantwoordelikheid gehad het om die eiland in 'n ekonomies-volhoubare nedersetting te omskep, sou die staat steeds in die agtergrond die ontwikkeling bestuur deur middel van die Superintendent van Lande.

²⁶⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedulelys vir applikasies vir 64 erwe op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, pp. 1 - 17.

²⁶⁵ Grafiek saamgestel met vergunning uit M.C.B. Smit, *Noord-Kaapland Families*; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedulelys vir applikasies vir 64 erwe op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, pp. 1 - 17.

²⁶⁶ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, C.W.A. Baard - Kaapse Landraad, insake toekenning van 64 erwe, Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, 30/10/1937.

²⁶⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Kaapse Landraadsitting, Keimoes, 04/11/1937 - 06/11/1937, p. 1. Aangedui op die oorspronklike kaart deur A.G. Bain, LORC 1451/38, ca. 1937 geteken, in besit van G.A. Visser.

NAME VAN DIE ERFHOUEERS VOLGENS ERFNOMMERS

Nr.	Erfhouer	Nr.	Erfhouer
1	Compion, A.X.	35	Pool, C.F.
2	Liebenberg, W.F.R.	36	Kruger, D.J.
3	De Vos, J.J.	37	Stadler, W.A.
4	Steyn, B.M.	38	Momberg, B.J.
5	Smit, J.J.P.	39	De Vos, P.W.
6	Hollenbach, D.J.	40	Nortje, P.A.
7	Greef, I.J.G.	41	Compaan, L.B
8	Van Zyl, A.P.	42	Myburg, J.P.
9	Marais, C.P.	43	Louw, F.S
10	Van der Westhuizen, B.F.H.	44	Fourie, J.J.
11	Pool, H.	45	Booyesen, L.J
12	Coetzee, A.	46	Siepkker, E.H.J.
13	Swiegers, G.G.	47	Crafford, B.P.
14	Patterson, G.	48	Knouwds, S.J.P.
15	Baard, C.W.A.	49	Hanekom, J.J
16	Myburg, W.G.	50	Smit, J.J.A.
17	Agenbag, J.H.A.	51	Smit, W.S.
18	Le Roux, D.M.	52	Van Heerden, H.H.
19	Erasmus, M.G.	53	Louw, P.A.H.M.
20	Van Zyl, A.I.	54	Liebenberg, C.R.
21	Visser, N.J.	55	Barnard, M.C.
22	Steenkamp, E.A.N.	56	Hayes, J.
23	Hanzen, W.F.	57	Louw, G.P.
24	Van Zyl, E.J.J.	58	Van Rooyen, M.M.B.
25	Smit, J.J.C.	59	Smit, J.E.F.
26	Strauss, D.J.	60	Burger, B.F.
27	Grobler, G.C.	61	J.P. Coetzee [Kuhn, S.H.] ²⁶⁸
28	De Vos, F.	62	Maritz, J.J.
29	Swanepoel, D.J.	63	Vakant
30	Smit, G.J.	64	Du Preez, P.D.
31	Du Plessis, F.A.W.	65	Vakant
32	Crafford, J.L.	66	Vakant
33	Roux, D.J.	67	Gereserveer skool
34	Wiese, J.B.	68	Landbou-erf

Tabel 3.2: Name en erfnummers van die nedersetters.²⁶⁹

²⁶⁸ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, J.H.H. – Kaapse Landraad, 04/03/1939. J.P. Coetzee het in September 1938 met toestemming van die Minister van Lande sy erf teruggegee en die erf is aan S.H. Kuhn toegeken wat reeds vroeër vir 'n erf op Skanskopeiland aansoek gedoen het.

²⁶⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, A.S. Brink – Magistraat, Upington, "Skanskopeiland, lys van koopaktes", 31/05/1938.

3.5 Die rol van die nedersetter 1938 - 1940

Die 63 suksesvolle aansoekers het die taak gehad om die ruwe vrugbare Skanskopeiland wat nog nie vantevore bewerk is nie en 'n woesteny van dongas, bome, bosse en slote was, te tem tot vrugbare landbougrond. Dié ontwikkeling sou in twee fases geskied: eerstens die fase waar slegs blanke arbeid gebruik is om die kanale uit te grawe, die eiland te ontbos en gelyk te spoel en sleep; tweedens het die verdere ontwikkeling van die eiland na 1940 met behulp van bruin arbeid geskied, toe verdere gelyksleep en ontbossing plaasgevind het. In 2010 het die 93-jarige Erasmus die eiland só onthou:

Ek het hom [Skanskopeiland] gesien soos die Here hom geskape het. Dit was puur [sic] sloepe en bosse. Die houte, met die bome so oormekaar.²⁷⁰

Erasmus se aanmerking word deur die verslag in 1930 van die Bosboubeampte bevestig, waarin Skanskopeiland vanweë die baie bome as uitstekende bron van houtvoorsiening vir Keimoes en Kakamas geïdentifiseer word.²⁷¹ 'n Vroeë kaart van Skanskopeiland toon die sloepe en spruite wat die eiland deurkruis het.²⁷² Hier het geen maklike taak op die nedersetters gewag nie. Die hoofkanaal se uitgrawingswerk op Skanskopeiland, wat vanaf die duikpyp oor 'n afstand van vier kilometer sou strek, is beskryf as 'n baie duurder projek as die projek by die bo-eiland-gedeelte by Kanoneiland, omrede die rowwe terrein met baie duine en rotsbanke waardeur die kanaal sou moes gaan:

Skanskop is different from the Upper Portion of Cannon Island, in so far that the topography and hilly nature of the former Island is concerned.²⁷³

Brink, die aangewese Superintendent van Lande, wou homself eers vergewis van die omstandighede van die Skanskopeilandbesproeiingskema en het in Januarie 1938, voor hy met die organisasie van die werk begin het die nodige inligting van Murray aangevra.²⁷⁴

²⁷⁰ CGVPA, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010.

²⁷¹ SAB, Direkteur van Bosbou, 1903 - 1964 (FOR), band 190, lêer 253, vol. 194, lêer 313/10, verslag, "The Islands between Prieska and Kakamas with special reference to Jackson's and Schanskop Islands", P.C. Kotze - Conservator of Forests, 05/02/1930, p. 2; Sien afdeling 3.2.1, p. 70.

²⁷² SAB, FOR, band 190, lêer 253, vol. 194, lêer 313/10, I.G.M. Elder, Departement van Bosbou, kaart, ca 1906. Sien afdeling 3.2.1, p. 72.

²⁷³ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, Sekretaris van Lande en Volkswelsyn - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 04/08/1937.

²⁷⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 612/190, brief, A.S. Brink - W.A. Murray, 27/01/1938.

’n Voorlopige komitee, bestaande uit C.W.A. Baard, A.P. van Zyl, D.J. Strauss en E.H.J. Siepker, is deur Brink aangewys om as die werksvoormanne op te tree.²⁷⁵ Die eerste genotuleerde vergadering van dié komitee is op 3 Januarie 1938 gehou, waartydens die beplanning vir die skep van die infrastruktuur gedoen is. Die vergadering is onder die twee groot kameeldoringbome gehou waar die grofsmid, M.G. (Martiens) Erasmus, se opelug-werkswinkel was. Die bome staan om die rede steeds bekend as die “Blaasbalkbome”.²⁷⁶



Figuur 3.40: Die blaasbalkbome.²⁷⁷

E.H.J. Siepker,²⁷⁸ wat as voorsitter opgetree het, het oor sterk leierseienskappe beskik en was bekend met kanaaluitgrawingswerk, aangesien hy reeds vanaf 1936 as voorman²⁷⁹ werksaam was by die verbeterings van die Rooikopeilandkanaal, soos reeds genoem,²⁸⁰ waarna hy in 1938 aangestel is as die waterfiskaal van die Rooikop- en Skanskopeilandkanaal.²⁸¹

Die komitee het opdrag gekry om met die welsynsbeampte op Upington in verbinding te tree i.v.m. die subsidie wat toegeken is aan die erfhouers, wat die moontlike aanstelling van ekstra

²⁷⁵ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, E.E. Kieser -Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - A.S. Brink, Superintendent, Karos-Nedersetting, 12/01/1938. [Hierna word na Siepker verwys as E.H.J. Siepker, om verwarring met sy vader, G.A. (Anton) Siepker te voorkom.]

²⁷⁶ CGVPA, M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010.

²⁷⁷ E.C. Visser, Persoonlike fotoversameling, Potchefstroom.

²⁷⁸ Om verwarring tussen G.A. Siepker en E.H.J. Siepker te voorkom, word deurgaans voorletters vir hierdie persone gebruik.

²⁷⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. F190, verslag, G.R. Ritchie, “Progress programme, Skanskop Irrigation Scheme”, 23/03/1936.


²⁸⁰ Sien afdeling 3.3.1, p. 82.

²⁸¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, G.R. Ritchie - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 24/01/1939; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. Ele/190/1244, brief W.A. Murray - E.J. Siepker, 05/12/1938.

arbeid ingesluit het, asook die sleep van die noodwalle. Die afvaardiging moes voorts uitvind wanneer die werksaamhede op die eiland kon begin en het per telegram navraag by die Minister van Lande gedoen daaroor:

Wanneer sal engineer[sic] beskikbaar wees vir aanvang van Skanskop kanaal.

Aanzoekers angstig om werksaamhede te aanvaar.²⁸²



in Bestuurs vergadering van Skanskop
eiland was gehou op 3 Jan 1938.
Hulle vaardig Mnr C. Baard en J. Strauss af om die
Welvaarts beaampte te Uppington te spreke
1^{ste} Omtrent Ouboude toegeken aan die
erfbouers 2^{de} Die opnueming van
half onbekwame werkelose 3^{de} Inligting
omtrent die sleep van noodwalle
4^{de} Wanneer werk in aanvang kan neem
Daarna word die Sekr. gelas om die
magistraat en Welvaarts beaampte op te be-
ruim gestigte tyd om te ontmoet te be-
paal.
Die volgende telegram is aan die
Minister van Lande gestuur:
"Wanneer sal engineer beskikbaar wees
vir aanvang van Skanskop kanaal?
Applikante angstig om werksaamhede te
aanvaar." Trips na Uppington op phone &
Telegram. Antwoord betald 2/10
Opbelling 1/6 : Skrifwaternet 4/6. = 19/1
Skr. moet in kas of geleentheid werking
al gevaardigdes te verwag

Figuur 3.41: Eerste notule inskrywing, 3 Januarie 1938.²⁸³

²⁸² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 03/01/1938.

²⁸³ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, Notuleboek, 03/01/1938 – 19/10/1949.

Dit het enersyds aangetoon dat die nedersetters die verantwoordelikheid vir die opbou van die infrastruktuur aanvaar het en besef het dat hulle 'n kans gegun word om 'n selfstandige lewe te voer. Andersyds het dit bevestig dat die staat steeds tegniese en raadgewende hulp aan die nedersetters verleen het.

Die afvaardiging het vroeg in Januarie 1938 gerapporteer dat die Departement van Arbeid gelas het dat alle arbeid uitsluitlik deur die blanke nedersetters self verrig moes word en dat geen anderskleurige arbeid toegelaat sou word nie.²⁸⁴ Dié beleid is toegepas om aan armblankes werk te gee en sodoende armoedeverligting toe te pas. Indien die fisiese toestand van 'n nedersetter van so aard was dat hy nie kon werk nie, moes hy 'n blanke plaasvervanger gestuur het, maar dan moes die nedersetter vir sy plaasvervanger 2/9d. [twee sjelings en nege pennies] per dag inbetaal het.²⁸⁵

Die Departement van Lande het voorts geen gereedskap aan die nedersetters op Skanskopeiland voorsien nie, maar het wel onderneem om ekstra arbeid te voorsien en aan die erfhouers 'n subsidie ten opsigte van hulle arbeid toe te ken.²⁸⁶

Die heersende dagloon vir blanke werkers op daardie tydstip was 5/6d. [vyf sjelings en 6 pennies] per werksdag. Die subsidiestelsel waarmee die nedersetters gehelp is, het eerstens daaruit bestaan dat die Departement van Lande die nedersetters bloot 'n halwe dagloon van 2/9d.²⁸⁷ sou betaal vir die dae wat hulle gewerk het. Die halwe dagloon is as 'n subsidie beskou, sodat die nedersetters aan die lewe kon bly tydens die aanvangswerk. Die ander gedeelte van die loon van 5/6d. is beskou as die nedersetter se bydrae tot sy opheffing en die opbou van die eiendom wat hy bekom het.²⁸⁸ Dié stelsel is gebruik omdat die Departement van Lande van mening was dat die nedersetter op so 'n wyse verantwoordelikheid en eienaarskap sou aanvaar vir die opbou van die eiland:

²⁸⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, kennisgewing, Sekretaris van Arbeid - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 14/02/1938.

²⁸⁵ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 03/01/1938.

²⁸⁶ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, kennisgewing, Sekretaris van Arbeid - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 22/02/1938.

²⁸⁷ Skryfwyse van pond, sjieling en pennies volgens J. Small, "Die Desimale geldstelsel en die onderrig daarvan", *Lantern*, Sept., 1960, pp. 32 - 34 & 96; M. Barrow, "British life and culture, old English money", <http://resources.woodlands-junior.kent.sch.uk/customs/questions/moneyold.htm>, [geraadpleeg 06/05/2014].

²⁸⁸ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, J.B. Kotze - E.E. Kieser, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 07/01/1938.

The idea of employing the allottees themselves on the work is to ensure that it be carried out by those who are directly interested.²⁸⁹

Tweedens het die Departement van Arbeid sestig blanke arbeiders voorsien om met die kanaaluitgrawingswerk te help.²⁹⁰ Dié mense was werklose armblankes wat deur die Departement van Arbeid se kantoor van Volkswelsyn op Upington voorsien en betaal is. Die getroude werklose blanke arbeiders is die volle loon van 5/6d. per werksdag betaal, terwyl die ongetroudes 'n dagloon van 4/- [vier sjielings] betaal sou word.²⁹¹ Die subsidie sou slegs vanaf 2 Februarie 1938 tot 31 Maart 1938 geldig wees, tensy anders deur die Superintendent van Lande bepaal.²⁹²

Die notuleboek se gereelde inskrywings gee heelwat insig in die omstandighede van die nedersetters op Skanskopeiland. Benewens die sterk debat oor die gebruik van anderskleurige arbeid, word daar in Januarie 1938 'n eerste verwysing na armblankes gevind. Die besluitnemende rol wat sommige nedersetters gespeel het, kom ook na vore:

[M]nr. v. Zyl dwing om volk in te werk, maar mnr. Baard en du Plessis veg om die arme blanke in te sit, want hulle het hulp nodig.²⁹³

Dié verwysing bevestig dat armblankes by die Skanskopeilandprojek gebaat het. 'n Verdere aanduiding van die omstandighede van die nedersetters is die verwysing na die "swakker erfhouer" en arm nedersetters, wat nie die bedrag van 2/9d. kon inbetaal om 'n plaasvervanger vir die arbeid te gee nie.²⁹⁴

Die nedersetters het nie oor genoegsame kapitaal beskik om noodwalle op te sleep en kanale uit te grawe nie. Daarom het die komitee verstoë tot die staat gerig om die koste van die noodwalle en die kanaal te absorbeer. Strauss het dikwels 'n leidende rol saam met Baard in besluitneming gespeel:

²⁸⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verwysingsnr. 470/134, brief aan Sekretaris van Lande, 16/10/1937.

²⁹⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, Sekretaris van Arbeid - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 25/02/1938.

²⁹¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verwysingsnr. 470/134, brief aan Sekretaris van Lande, 16/10/1937.

²⁹² SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, verwysingsnr. 470/134, brief, W.D. Norval - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 8/10/1937; SAB, ACT, band 8, vol. 4, 470/14, brief aan Sekretaris van Lande, 16/10/1937; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 15/01/1938.

²⁹³ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 12/01/1938.

²⁹⁴ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 12/01/1938.

Mnr. Strauss sê om die hele moeilike kwessie op te los, moet ons veg dat die staat die kanaal en die noodwalke maak en 'n deputasie kan beter daartoe aandrwing [sic].²⁹⁵

Voorts moes elke nedersetter minstens 6/- [ses sjielings] bydra tot die onkoste van die deputasie na die staat. Die bydrae het die nedersetter se verpligting t.o.v. die nuwe eiendom beklemtoon en bygedra om aan hulle 'n gevoel van eiewaarde te gee.²⁹⁶

Die deputasie het klaarblyklik sukses behaal, want die Departement van Arbeid het ingestem om al die gereedskap vir die werksaamhede te voorsien. Alhoewel die Minister van Arbeid nie baie genoeg daarmee geneem het nie, is die voorsiening van gereedskap en sement goedgekeur en nie as 'n lening beskou nie, maar as deel van die subsidie aan die nedersetters. Daar is egter gemaak om kostes laag te hou.²⁹⁷

Tydens 'n openbare vergadering op 29 Januarie 1938 is die subsidiestelsel en werksprogram aan die nedersetters verduidelik. Brink het die geleentheid benut om die nedersetters in sy amptelike hoedanigheid as Superintendent van Lande toe te spreek. Hy het die besondere betekenis van die besproeiingsprojek as 'n opheffingsgeleentheid beklemtoon en die gewigtheid van die taak wat voorlê beklemtoon.

Die werksvoorman, (Fritz) Lutz, asook W.A. Murray, wat sou optree as die toesighoudende besproeiingsingenieur van die Departement van Lande, is aan die vergadering voorgestel.²⁹⁸ Lutz was 'n vakman wat onder meer dikwels deur die Departement van Lande gebruik is om brûe te bou en was 'n seun van die bekende J.J. Lutz.²⁹⁹ Brink, wat reeds bekend was met die omgewing en die mense, het tydens die vergadering 'n amptelike plaaslike komitee met goedkeuring van die nedersetters aangewys:

“Mnr. Brink het 'n komitee gekies, Baard, van Zyl, Strauss, Siepker en Marais, deur wie al die werk gedoen moet word.”³⁰⁰

²⁹⁵ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 12/01/1938.


²⁹⁶ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 12/01/1938.

²⁹⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, Sekretaris van Arbeid - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 25/02/1938; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 12/01/1938.

²⁹⁸ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 29/01/1938.

²⁹⁹ E. Lutz, mondelinge mededeling, 25/07/2011.

³⁰⁰ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 29/01/1938.



Figuur 3.42: Subsidiestelsel soos verduidelik deur die Departement van Arbeid.³⁰¹

Die verkiesing van Baard en Strauss, asook Siepker op die plaaslike komitee, was opnuut 'n aanduiding van hulle sosiale status binne die mikrogemeenskap op die eiland. Sommige van die bestuurslede, soos Siepker en Baard, was redelik geletterd, soos afgelei kan word uit die korrespondensie wat die twee nedersetters met die verskeie staatsdepartemente gevoer het. E.H.J. Siepker het tot std. 8 gevorder. Sy vrou, Alice, wat as sekretaressie opgetree het vir die

³⁰¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verwysingsnr. B511/217/2-2, kennisgewing subsidiestelsel, Departement van Arbeid.

plaaslike komitee, was 'n gekwalifiseerde onderwyseres. Mondelinge getuienis dui aan dat die nedersetters na die Siepker-egpaar en Baard opgesien het, omdat hulle oor 'n groter mate van geleerdheid beskik het as die deursnee nedersetter en as leiers uitgestyg het.³⁰² Siepker het op 'n gereelde basis met Murray in verbinding getree oor probleme met die kanaal en het die werking van die Departement goed begryp.³⁰³ Baard dra steeds die eretitel as “Vader van Skanskopeiland”, omdat hy hom intens beywer het om Skanskopeiland as besproeiingsgebied vir die armblankes oop te stel.³⁰⁴ Volgens Strauss se seun was sy vader nie geletterd nie en het sy moeder die korrespondensie namens hom gedoen. Hy meen dat sy vader ten spyte daarvan gesag afgedwing het en daarby 'n goeie boer en administrateur van sy boerdery was.³⁰⁵



Figuur 3.43: W.A. Murray.³⁰⁶



Figuur 3.44: F. Lutz.³⁰⁷

Brink het op sy beurt as mentor van die gemeenskap 'n baie bepalende rol in die klein samelewing van Skanskopeiland gespeel. Benewens sy raadgewende funksie het hy baie bygedra om die werksaamhede in Skanskopeiland te koördineer. Notule-inskrywings en amptelike korrespondensie dui daarop dat Brink aan die nuwe gemeenskap goeie leiding verskaf het en hom daartoe beywer het om die landbouontwikkeling en die welsyn van die

³⁰² J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

³⁰³ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, brief, E.H.J. Siepker - W.A. Murray, verwysingsnr. ELE/190, 05/12/1938; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 1067, brief, E.J. Siepker - W.A. Murray, 3/3/1939.

³⁰⁴ SNBA, *Skanskopeiland, 1938 -1978*, (ongep.), p. 1.

³⁰⁵ A.C. Strauss, mondelinge mededeling, Upington, 06/06/2013.

³⁰⁶ DWASU, Fotoversameling: 1936 – 1947. [Geen liasseernommer op die lêer gevind nie.]

³⁰⁷ E. Lutz, privaat fotoversameling, Stellenbosch.

nedersetters van Skanskopeiland te bevorder.³⁰⁸ Brink het ook nie gekroom om deur middel van streng reëls en regulasies die werksaamhede te organiseer en op geoliede wiele te laat loop nie. Deur hierdie optrede het hy die nedersetters se vertrouwe gewen. Sy bydrae het heelwat gedoen om die nedersetting op 'n geordende en wettige manier te laat ontwikkel.³⁰⁹ Sy mentorskap het nie net die opheffing van die nedersetters positief bevorder nie, maar het ook tot die vooruitgang van die nedersetting as gemeenskap gelei. Die nedersetters het op 'n ordelike manier 'n gemeenskaplike doel nagestreef wat tot die ekonomiese vooruitgang van elke individu en die gemeenskap as geheel gelei het. Daaruit het die drang na sukses en vooruitgang, asook 'n kollektiewe samelewingsbewussyn onder die nedersetters posgevat.³¹⁰ Brink het in die sukses van die nedersetting geglo en sodoende 'n gees van selfvertroue by die nedersetters gekweek. Brink se meelewing met die wel en wee van die nedersetters het hom aansien laat verwerf onder die gemeenskap.³¹¹

3.5.1 Kanaaluitgraving en sleepwerk

Nadat die beplanning en administratiewe reëlins afgehandel is, was die organisasie en uitvoering van die werksaamhede op die eiland die volgende stap.³¹² Die nedersetters was tevrede met die subsidiestelsel wat deur die Departement van Arbeid aangebied is en was ywerig om met die groot taak om die eiland leef- en bewerkbaar te maak, te begin.³¹³

Die uitgrawe en opsleep van die kanale, asook die gelyksleep van die ruwe gebied sodat dit besproeibaar kon wees, was 'n moeisame en tydrowende taak. Die uitgraving van die kanale, wat reeds uitgemeet was deur Bain en deur die Departement van Besproeiing afgesteek is, was 'n belangrike aspek van die voorbereiding vir landbouproduksie.³¹⁴

³⁰⁸ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, E.E. Kieser - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - A.S. Brink, Superintendent, Karos-Nedersetting, 12/01/1938; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. ELE/190, brief, E.H.J. Sieper - W.A. Murray, 05/12/1938; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 1067, brief, E.J. Sieper - W.A. Murray, 03/03/1939.

³⁰⁹ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

³¹⁰ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 10; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

³¹¹ J.J. Momberg, Persoonlike geskrifte, per e-pos gestuur, 29/06/2013.

³¹² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 07/02/1938.

³¹³ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 14/02/1938.

³¹⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, "Toekenning van persele op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt", F.S. Le Roux - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 20/04/1937, p. 1.



Figuur 3.45: Die opsleep van noodwalle en die kanaal was 'n prioriteit. Links agter is 'n nedersettershuis sigbaar.³¹⁵

Dit was 'n dringende werk, omdat geen spoelwerk of enige landbouaktiwiteit moontlik was sonder watervoorsiening deur die kanale nie. Daarby het die nedersetters gesinne gehad vir wie daar gesorg moes word. Teen hierdie tyd het die meeste gesinne alreeds in Skanskopeiland in opslaanhuisies, sakskuilings of riethuise gewoon.³¹⁶

Dit is opmerklik dat foto's van die tydgenootlike ontwikkelings by die arbeidskolonie op Kakamas aanduidings gee van die gebruik van implemente soos trekkers met skrapers om erwe gereed te maak vir besproeiing.³¹⁷

Die nedersetters op Skanskopeiland het niks anders as osse, muile of donkies, grawe, bakskrapers en plankskrapers gehad om mee te werk nie. Soos vroeër by Kakamas,³¹⁸ Boegoeberg en Vaalharts,³¹⁹ moes die nedersetters op Skanskopeiland die besproeiingskanale eiehandig met pik en graaf uitgrawe. Geen hulp van buite is gehuur nie, buiten die toegewing van die werklose blanke arbeiders soos ooreengekom met die Departement van Arbeid.³²⁰

³¹⁵ DWASU, Fotoversameling: 1936 - 1947. [Geen liasseernommer op die lêer gevind nie.]

³¹⁶ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, E.E. Kieser, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Superintendent van Lande, Olyvenhoutsdrift nedersetting, 04/05/1939; CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.D.S. Barnard onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010.

³¹⁷ DWASU, Fotoversameling, Kakamas-arbeidskolonie, 1938. [Geen liasseernommer op die lêer gevind nie.]

³¹⁸ J.H. Moolman, "The Orange River...", p. 671.

³¹⁹ L. van Vuuren, "Vaalharts, a garden...", p. 24.

³²⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, E.E. Kieser, provinsiale Verteenwoordiger van Lande - W.A. Stadler, 10/03/1939; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, E.E. Kieser, provinsiale Verteenwoordiger van Lande - D.J. Roux, 10/03/1939; H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 6; CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.D.S. Barnard onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010.



Figuur 3.46: 'n Sleepspan op Skanskopeiland met die sandduine in die agtergrond.³²¹

Die werksregister van N.J. Visser, wat as voorman aangestel is, bevestig dat daar slegs van die nedersetters en werklose blanke armes as arbeiders gebruik gemaak is. Alhoewel die meeste aangetekende name dié van die nedersetters is, verskyn daar heelwat name wat nie deel was van die pioniernedersetters van Skanskopeiland nie.³²²



Figuur 3.47: Nedersetters en ander werkers besig om die suidkanaal op Skanskopeiland uit te grawe.³²³

³²¹ B. Strydom, Persoonlike fotoversameling, Pretoria.

³²² N.J. Visser, Persoonlike Argief (NJVPA), werksregister, N.J. Visser, Februarie 1938 - November 1939.

³²³ H.S.B. Basson, Persoonlike fotoversameling, Carolina.

Ofskoon die staat se bedoeling met die dagloontoekenning van 2/9d. aan die nedersetters daarop gemik was om die beginsel van selfwerkzaamheid te bevorder en staatsvaderlikheid teen te werk, was die bedrag al inkomste wat die nedersetters gehad het vir die maande wat hulle die kanaaluitgrawingswerk gedoen het.³²⁴

Gereken teen die bedrag van £12 p.m. wat in 1939 erken is as die broodlyn, was dit 'n uiters karige bedrag, waarmee hulle skaars hul gesinne kon onderhou.³²⁵ As erfhouer moes die skool sy deel doen en arbeid voorsien met die uitgrawingswerk van die kanaal op Skanskopeiland.

Daarbenewens was die skool self verantwoordelik, soos enige van die nedersetters, vir die gelyksleep van die landbou-erf. Tydgenootlike skoolnotules bevestig die daaglikse loon van 2/9d. wat vir arbeid betaal is:

Komitee besluit Departement te vra 2/9 toe te ken per dag aan iemand wat die Skoolkomitee verteenwoordig.³²⁶

By soortgelyke staatswaterskemas van daardie tyd was die dagloon van die konstruksiewerke by die Boegoebergdam en -kanaal (1929 - 1932), waar net armblankes as arbeiders aangestel is, 2/- (twee sjielings), met 6 pennies bonus per dag wat hulle gewerk het. Die bonus is in 'n posspaarbankrekening inbetaal en kon net onttrek word indien hulle diens beëindig is.³²⁷ Die dagloon was dieselfde bedrag as by Skanskopeiland, maar die verskil was dat daar by dié skema huisvesting in die vorm van tente en opslaanhuse, asook gratis mediese sorg deur die staat verskaf is, wat nie by Skanskopeiland van toepassing was nie. Daarbenewens was die dagloon vir die blanke nedersetters op Skanskopeiland dieselfde bedrag as wat aan anderskleurige arbeiders op Vioolsdrif en Beenbreek in 1934 betaal is. Blanke arbeiders op Vioolsdrif en Beenbreek is 4/8d [vier sjielings en agt pennies] per dag betaal. Die skema is in 1934, twee jaar voor die Skanskopeilandprojek, aangepak en gee 'n goeie aanduiding van die heersende dagloon vir konstruksiewerke van daardie tyd.³²⁸

³²⁴ CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.D.S. Barnard onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010.

³²⁵ J. de Villiers, "Socio-ekonomiese dimensies van Suid-Afrika in die dekade 1930 – 1940...", p. 167.

³²⁶ Hoërskool Keimoes Notuleboek, 17/03/1938.

³²⁷ A.R. Turton *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 171.

³²⁸ A.R. Turton *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 172; L. van Vuuren, "Buchuberg, built on...", p. 27.

Volgens Troskie is aan die blanke arbeiders by die Vaalharts-staatswaterskema (1934 - 1938) 'n dagloon van 5/3d. per dag betaal, waarvan 1/6d. gespaar is en 1/9d. afgetrek is vir voedselvoorsiening aan die arbeiders. Alhoewel werkers slegs 2/- per dag elke twee weke betaal is, het hulle steeds meer ontvang as die arbeiders op Skanskopeiland, deurdat hulle gedwing was om te spaar en dat daar voedsel voorsien is. Voorts is ook opheffingswerk onder die werkers gedoen. Nie net is gratis mediese sorg en ontspanningsgeriewe voorsien nie, maar ook is gesubsidieerde winkels beskikbaar gestel vir die werkers. Daarbenewens is daar ook voorsiening gemaak vir geletterdheidsklasse vir werkers saans na werk.³²⁹ Arbeiders by staatswaterskemas is dus heelwat anders behandel as die by die ontwikkeling op Skanskopeiland.

Die kanaaluitgrawingswerk het nie sonder probleme verloop nie. By sommige erwe soos bv. by erf 25, moes die kanaal gedeeltelik verlê word, waar 'n blousandsloep³³⁰ geloop het.³³¹ By ander gedeeltes, veral waar daar |khom-klip,³³² 'n gelaagde poreuse klipbank en rotslae was, was dit onmoontlik om die kanaal in die plekke uit te grawe en is die rots soms met plofstof uitgeskiet.³³³ Soms is daar deur die klipbank met die hand geboor. Dit het behels dat daar met 'n tipe ysterbeitel in die klip gekap is. Een persoon het die ysterbeitel vasgehou, terwyl 'n ander die beitel met 'n hamer geslaan het, totdat daar deur die klipbank "geboor" is. By tye is so 'n gat met water gevul om die gelaagde klipbank sag te maak. Dan is die klip uitgebreek en verder uitgegrawe.³³⁴

Nieteenstaande die armoede was daar probleme met volhoubare arbeid en is daar 'n boete gehef op afwesigheid van werk:

³²⁹ D. Troskie, "Lessons from the past...", p. 7.

Blousand is baie poreus en was nie geskik om 'n grondkanaal te dra nie. Daarby was die sloep dieper as die uitgemete kanaal en kon die kanaal nie soveel opgesleep word nie. [G.A. Visser, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 15/06/2013.]

³³¹ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 18/08/2010; SNBA, handgetekende kaart van verlegging.

³³² L. Namaseb, Inligting per e-pos verskaf, "28/03/2014. |Khom"-klip is 'n poreuse klip en nie baie hard nie. Die woord se oorsprong is vanuit die ~~+~~Khomani-taal. [Dr. Levi Namaseb is lektor aan Universiteit van Namibië en 'n kundige op die gebied van inheemse tale, spesifiek m.b.t. Khoekhoegowab.] Sien ook hoofstuk 6, afdeling 6.9.1, p. 283

³³³ Mondelinge mededeling, J.J.C. Smit, Skanskopeiland, 09/09/2010; A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.

³³⁴ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 09/09/2010.

[D]at elke erfhouer wat afwesig is sonder plaasvervanger minstens 6/ beboet sal word vir elke afwesige dag. Die erfhouers het dit goedgekeur.³³⁵

Die redes vir dié gereelde afwesigheid was klaarblyklik daarin gesetel dat die hitte byna onuithoudbaar was en dat die erfhouers ook besig was om 'n leefbare opset vir die families te skep.

Voorts was die harde werk liggaamlik uitputtend,³³⁶ veral omdat baie van die mense op 'n karige dieet geleef het. Party was bloot belangeloos en sprekend van die Landraad se uitspraak oor die gehalte van die kandidate.³³⁷

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21
121 B. de Vries	1	1	1	3	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
125 P.A. V. Strauss	1	1	1	3	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
W. G. L. L. L.	1	1	1	3	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
111 L. de Vries	1	1	1	3	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
152 B. de Vries	1	1	1	3	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
H. de Vries																					
29 Jan 1939	die 28/1/39																				
B. de Vries																					
25 B. de Vries	die 28/1/39																				
W. G. L. L. L.																					
die 25 Jan 1939	die 28/1/39																				
die 26 Jan 1939	die 28/1/39																				

Figuur 3.48: Die werkregister van N.J. Visser dui die gebruik van plofstof aan.³³⁸

³³⁵ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 29/01/1938 en 23/02/1938.

³³⁶ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 2.

³³⁷ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.M.C. Venter in mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

³³⁸ NJVPA, Werksregister N.J. Visser, Februarie 1938 – November 1939.

Dikwels is sulke nedersetters streng aangespreek en verwys na die voorwaardes van die koopkontrak, wat bepaal het dat die kopers verantwoordelik is vir die aanlê en instandhouding van die kanale en ander waterwerke.³³⁹

Die nedersetters is almal betrek by die skep van infrastruktuur. Nie almal was ewe bekwaam of geskik vir harde arbeid nie, maar daar is verwag dat elke man dieselfde *gewig* werk moes doen.

Die werkers is daarom in vier afdelings gegroepeer vir die uitgrawingswerk van die kanaal:

- Die boom-uitgrawers;
- die span wat slote en dongas toegespoel het;
- die span wat kanaalwalle met donkies en skrapers opgesleep het; en
- laastens die groep wat die kanale uitgegrawe het. Dié groep was na mondelinge oorlewering, die fisies swakker groep.

Kanaalwalle is waar nodig eers opgesleep met osse, muile of donkies en bakskrapers, waarna die kanaal uitgegrawe is. W.F. Hanzen vertel hieroor dat donkiespanne en bakskrapers gebruik is vir die opsleep van die kanaalwalle en dat sy vader in die proses sy twee donkiespanne beheer het bloot deur met hulle te praat:

’n Donkie leer net soos ’n mens. Hy weet ál wat jy met hom praat.³⁴⁰

M.C.B. Smit vertel dat sy vader en die ander nedersetters ontsettend hard gewerk het, want alles moes met die hand gedoen word. Donkies en muile is ingespan en was die nedersetter se handlanger om die sleep- en uitgrawingswerke te verrig. Hy verduidelik so hieroor:

Hul enigste 'kragtoerusting' was ’n span muile of donkies. Perde is selde gebruik want hulle kon nie so aanhoudend hard werk nie. Deur ’n kruising met ’n donkie kon jy die energie van ’n perd en die uithouvermoë van ’n donkie kombineer – al was die dier onvrugbaar.³⁴¹

Die donkie se rol in die oopstel van die landbouggebied teen die Grootrivier, is legendaries. In 1898, toe die eerste blanke besproeiingsnedersetting aan die rivier begin is, is die grond

³³⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, E.E. Kieser, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - W.A. Stadler, D.J. Roux, J.B. Wiese, G. Patterson, A.P. van Zyl, 10/03/1939.

³⁴⁰ CGVPA, onderhoud C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010.

³⁴¹ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, per e-pos aan outeur verskaf, 29/06/2013.

aanvanklik met donkies gelyk gesleep. Op Upington is ’n monument ter herinnering aan die bydrae van die donkie om die gebied teenaan die Oranjerivier bewerkbaar te maak, opgerig.



Figuur 3.49: Die kanaalwalle word opgesleep met bakskrapers.³⁴²

Voorrade na die nuwe nedersetting is met donkiewaens aangery. Cornelissen bring só hulde aan die donkie se rol langs die Oranjerivier:

Sonder hom sou die natuur die mense na hongersnood en bedelary gedryf het.³⁴³

Elke nedersetter het geweet hoe ver hy sy diere kon dryf. Die diere is goed versorg, want hulle moes elke dag die harde sleepwerk verrig. J.J.C. Smit vertel dat die donkiespanne tydens die grondslepery en kanaaluitgrawingswerk baie swaar gekry het. As dit naby uitspantyd kom in die namiddag, het die donkies, wat andersins maar geduldig en gedwee gewerk het, begin skree.³⁴⁴

M.C.B. Smit vertel verder daaroor:

As Ma met ’n kan koffie van die huis af kom, is daar bietjie gerus en het die trekdiere soms ’n ’nose bag’ aangekry. Dit is ’n klein seilsak wat oor die dier se mond getrek en met twee rieme agter die nek vasgemaak is. Daar is ’n handvol

³⁴² Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, *Skanskopeiland, 1938 - 1998*, p. 5.

³⁴³ A.K. Cornelissen, "Die donkie langs die Grootrivier", *Jaarboek, Africana Vereniging van Pretoria*, 2002, vol. 46, nr. 19, p. 27.

³⁴⁴ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan.

mielies in die sak gegooi en die muil kon, deur te buk en die sak teen die grond te druk, alles opeet sonder om 'n pit te mors.³⁴⁵

Dikwels is daar bietjie dagga saam met die voer gegee om die diere te stimuleer, soos die vertellings van Cornelissen en Momberg bevestig.³⁴⁶

3.5.2 Verwydering van bome

Vandag word groot bome gemaklik verwyder met gespesialiseerde verskuiwingsmasjinerie. Gesofistikeerde tegnologie soos laserapparaat en -skrapers maak die verskuiwing en gelyksleep van grond maklik. Na die 1988- en 2011-vloede is die herstelproses van die landerye en heropbou van die infrastruktuur bespoedig deur die gebruik van beskikbare gespesialiseerde tegnologie.

Tydens die vestigingsera van Skanskopeiland het die aanlê en vestiging van die infrastruktuur en landerye egter op 'n heel ander wyse verloop toe gevorderde tegnologie nog nie beskikbaar was nie. Al gereedskap tot die nedersetters se beskikking vir dié ontsaglike taak was, soos reeds genoem, 'n span donkies, muile of osse, bak- en plankskrapers, pikke, grawe en byle.



Figuur 3.50: Donkiespanne sleep boomstompe weg.³⁴⁷

Die verwydering van bome, waarvan sommige reusagtig was, was die eerste aspek van die voorbereiding van die eiland vir landbouproduksie. Die hele proses om bome, veral reuse ou kameeldoringbome uit te haal, het ongelooflike harde werk geveer. Mondelinge mededeling

³⁴⁵ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, per e-pos aan outeur verskaf, 29/06/2013.

³⁴⁶ Sien hoofstuk 4, afdeling 4.3.3, p. 171.

³⁴⁷ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 138.

bevestig dat daar in die beginjare van die nedersetting nie van die inheemse bevolking gebruik gemaak is om die groot kameeldoringbome uit te haal nie, maar dat die taak deur die nedersetters self verrig is tot ongeveer 1945, waarna daar van bruin arbeid gebruik gemaak is.³⁴⁸

’n Groot boom het ’n volwasse man maklik verdwerg. W.F. Hanzen, wat sy pa as opgeskote seun gehelp het om bome uit te haal, vertel watter reuse taak dit was:

Om ’n kameeldoringboom uit te haal, moes die pen- en sywortels afgekap word. Dit het weke geneem om ’n groot boom se wortels oop te grawe en af te kap en dan die boom met ’n span donkies om te trek, dit uit die gat te lig en die gat weer toe te gooi. Die boom is in stompe gekap en weggesleep of opgesaag vir brandhout.³⁴⁹

Soms is die geweldige groot bome se wortels bloot van een kant af oopgegrawe en uitgekap, tot die boom na die teenoorgestelde kant geval het. Daarna is die penwortel verder oopgegrawe en verbrand, waarna die stam met ’n treksaag kleiner gesaag en vir brandhout gebruik is.³⁵⁰ Kinders moes hulle deel bring en is ingespan om te help met die uithaal en opsaag van die bome. Daar is meermale nie onderskeid gemaak tussen geslag nie. Volgens Barnard het sy en haar broer dikwels tydens skoolvakansies gehelp om bome uit te haal. Venter en haar suster moes dikwels na skool inspring en boomwortels help uitgrawe, sodat haar vader kon aangaan met sleepwerk op die erf.³⁵¹ Afgesien van die verwydering van bome, het die proses om die grond bewerkbaar en besproeibaar te maak, uit twee fases bestaan: Spoelwerk en sleepwerk.

3.5.3 Spoelwerk en sleepwerk

Die kanale is ongeveer aan die einde van 1938 voltooi.³⁵² Daarmee was die regering se subsidiehulp met arbeid afgehandel. Brink, wat die bestuursverkiesing in Augustus 1939 bygewoon het, het die lede wat na twee jaar uitgetree het, lof toegeswaai vir die “groot werk”

³⁴⁸ CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01, Skanskopeiland, 07/03/2010.

³⁴⁹ CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01, Skanskopeiland, 07/03/2010.

³⁵⁰ J.M.C. Venter, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

³⁵¹ CGVPA: J.M.C. Venter, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

³⁵² SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, V. Rudd, Sekretaris van Lande - D. Kruger, 11/08/1938; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, Superintendent - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande 28/12/1938.

wat met sukses voltooi is.³⁵³ Die nuutverkose lede van die plaaslike komitee was G.J. Smit, F.A.W. du Plessis, N.J. Visser, E.H.J. Siepker en B.M.N. Steyn. Siepker het sy posisie as voorsitter behou.³⁵⁴

Die nedersetters was hierna self verantwoordelik vir enige instandhoudingswerk.³⁵⁵ Dit stem ooreen met die verslae van die Direkteur van Besproeiing, wat aandui dat daar slegs tot 1940 uitgawes m.b.t. Skanskopeiland se besproeiingnedersetting aangegaan is.³⁵⁶ Teen 1940 het dié bedrag op £9,997 [negeduisend negenhonderd sewe-en-negentig pond] te staan gekom. Na die voltooiing van die kanale was daar genoeg water beskikbaar sodat die nedersetters voltyds met die gelykmaak van die erwe kon begin. Jare se natuurlike vloede het die eiland met goeie slikafsetsels, maar ook hoë sandgrondbulte, diep erosieslote, walle en sloepe gelaat.³⁵⁷

Spoelwerk is 'n tegniek wat by gebrek aan masjinerie, waterkrag aangewend het om sloepe toe te spoel en duine plat te spoel, sodat die grond met die planksrapers gelyk getrek kon word.³⁵⁸ Spoelwerk was een van die goedkoopste, maar moordendste maniere om grond te verskuif, slote toe te spoel en gelyk te maak.



Figuur 3.51: Sleepspanne in die Kakamas-arbeidskolonie. So is daar met baksrapers gewerk in Skanskopeiland.³⁵⁹

³⁵³ CGVPA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, Notuleboek 10/08/1939.

³⁵⁴ CGVPA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, Notuleboek 10/08/1939.

³⁵⁵ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, E.E. Kieser- Sirkel-ingenieur, 10/08/1938.

³⁵⁶ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 65-'1950, Verslag van die Direkteur van Besproeiing, 01/04/1948 - 31/04/1949, p. 19. [In 1940 is £9,997 teenoor uitgawes vir Skanskopeiland aangetoon.]

³⁵⁷ CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010.

³⁵⁸ CGVPA, onderhoud nr. C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010; CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010.

³⁵⁹ DWASU, Fotoversameling: 1936 – 1947. [Geen liasseernommer op lêer gevind nie]

Sommige erwe was meer bebos en vol spoelduine en het meer werk as ander gehad. Afgesien van die gemeenskaplike verantwoordelikheid ten opsigte van die kanaaluitgrawings, was elke nedersetter persoonlik verantwoordelik vir die skoonmaak en gelyksleep van sy eie erf.

Soos reeds genoem het die 1906-kaart van die Oranjeriviereilande die netwerk van sloepe in die eiland aangetoon,³⁶⁰ wat steeds met die aanvang van Skanskopeiland deur die uitgemete erwe geloop het.³⁶¹ Die nedersetters het nou voor die haas bo-menslike taak te staan gekom: Om hierdie hoë duine weg te spoel en die dongas en sloepe op te vul met spoelwerk.

Op hierdie tydstip het die nedersetter se boerdery bloot uit 'n bestaansboerdery bestaan en was daar nog geen gereelde inkomste nie. Die empatie wat Brink met die nedersetters van Skanskopeiland gehad het, het met die gelykmaak van die erwe weer na vore gekom. Brink het besef dat die nedersetter nie by magte was om die koste van hierdie taak, wat met hande-arbeid verrig moes word, op sy skouers te neem nie. Daarom het Brink die aanbevelings wat hy en Le Roux gedoen het tydens die waardasie van die eiland,³⁶² weer onder die aandag van die betrokke staatsdepartement gebring, naamlik dat daar 'n bedrag van £20 per morg vir spoelwerk op die meer gelyke erwe en £25 per morg vir erwe met hoë duine en dongas aan die nedersetters toegeken moes word. Brink het sewe erwe aangewys wat uitermate baie spoelwerk sou verg om bewerkbaar te maak, terwyl die orige erwe makliker bewerkbaar gemaak sou word.³⁶³

Die staat het ingestem tot finansiële hulp, maar was egter ongenaakbaar oor die terugbetaling: Die nedersetters was private kopers en nie 'goewermentsnedersetters' nie, daarom was hulle verantwoordelik vir die koste. Die bedrag is as 'n voorskot of lening toegestaan vir die eerste drie morge wat gelyk gemaak is, maar die volle bedrag is by die koopsom gevoeg.³⁶⁴

³⁶⁰ Sien hoofstuk 3 afdeling 3.2.1, p. 73.

³⁶¹ SAB, FOR, band 190, nr. 253, vol. 194, lêer 313/10, I.G.M. Elder, Departement van Bosbou, kaart, ca 1906.

³⁶² Sien hoofstuk 3, afdeling 3.3.3, p. 94.

³⁶³ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, A.S. Brink - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 16/07/1938.

³⁶⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Sekretaris, Minister van Handel en Nywerheid, 31/12/1937; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - A.S. Brink, Superintendent van Lande, 18/07/1938; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, V. Rudd, Sekretaris van Lande - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 16/08/1938; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, V. Rudd, Sekretaris van Lande - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 16/08/1938.

Die uitgawe met betrekking tot die vestiging van die waterwerke vir Skanskopeiland was reeds te hoog en die staat was nie van plan om nog uitgawes aan te gaan nie.³⁶⁵

J.J.C. Smit bevestig dat daar 'n aanvangslening vir die gelykmaak van die grond aan die nedersetters toegeken is, wat moes terugbetaal word. Soos blyk uit Smit se herinneringe het sy vader se erf, waarop hy nou nog boer, £22 [twee-en twintig pond] gekos. Die terugbetaalbare besproeiingslening wat sy vader aangegaan het, was ten bedrae van £60 [sestig pond]. Die bedrag is by die koopsom gevoeg en was terugbetaalbaar oor vyf-en-twintig jaar.³⁶⁶ Dié praktyk word voorts bevestig met die rekeningstaat (sien fig. 5.52) wat Visser van die staat ontvang het vir die gelyksleep van sy erf.³⁶⁷ Die beleid van selfwerkzaamheid is sonder uitsondering by Skanskopeiland toegepas.

Nog 'n voorbeeld is die eerste drie morge van die skoolerf wat die skool met geleende geld in 1938 gelyk gemaak het. Die bedrag van £90 is by die winkelier White geleen onder die borgskap van verskeie lede van die onderwyspersoneel en die publiek. Nadat die drie morg gelyk gemaak is, is daar op die grond eers koring gesaai en daarna lusern. Die grond is deur die landbouleerlinge bewerk onder die hand van die bekwame J.J. Hendriks, die landbou-onderwyser, en die skuld is gou afbetaal.³⁶⁸

Die skoolnotules van Hoërskool Keimoes (1938 – 1941) skep 'n sigbare beeld van die tydsame proses om die kanale uit te grawe en erwe gelyk te maak, asook die hoë koste daaraan verbonde. Die skool het die gelyksleep van die skoolerf op tender uitgegee. Die tender wat aanvaar is en sekerlik nie die hoogste tender was nie, is bereken op £40 per morg. Slegs een gedeelte of trap is gesleep en sou 8 maande duur om te voltooi.³⁶⁹ Mettertyd is die ander gedeelte van die skoolerf gelykgesleep. Nedersetters van Skanskopeiland het onder meer getender vir die werk.³⁷⁰

³⁶⁵ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, J.H. Holland, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - A.S. Brink, Superintendent van Lande, 11/04/1938.


³⁶⁶ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

³⁶⁷ NJVPA, kwitansie, Provinsiale Verteenwoordiger van die Departement van Lande - N.J. Visser, 13/12/1939.

³⁶⁸ *Hoërskool Keimoes Jubileumblad*, 1904 - 1954, p. 39.

³⁶⁹ Erwe is aanvanklik deur die pioniernedersetters vanaf die riviervlak in trappe gesleep, sodat die volle erf ten tye van hoogwater nie in geheel oorstroom sou word nie. Die laagste trap was teen die oewer geleë. Mettertyd is die trappe afgewerk en die erwe op een vlak gesleep.

³⁷⁰ Hoërskool Keimoes Notuleboek, 7/07/1938.



Figuur 3.52: Kennisgewing dat die vergoeding van die arbeid by die koopsom van die erf gevoeg is.³⁷¹

Dit was noodsaaklik om 'n gedeelte van die landbou-erf vinnig ontbos en gelyk te kry, sodat daar met die plant van gewasse begin kon word. Voedsel vir eie gebruik en vir 'n inkomste moes

³⁷¹ NJVPA, brief, verwysingsnr. 20020, Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande - N.J. Visser, 13/12/1939.

so gou moontlik geproduseer word. Daarom is daar deur die winter gewerk om die grond gereed vir die plantseisoen te kry.³⁷²

3.5.4 Spoelwerk

Die meeste nedersetters op Skanskopeiland het nie oor geleerdheid en uitgebreide finansiële bates beskik nie, maar wel oor 'n omvattende praktiese kennis oor hoe om die natuur maksimaal as hulpmiddel aan te wend. Reeds met die vestiging van die arbeidskolonie vir armes op Kakamas in 1898, sowel as op eilande aanliggend aan Keimoes en die spontane nedersetting op Kanoneiland in 1928, het pioniers van dié nedersettings, met behulp van water uit die Oranjerivier, baanbrekerswerk gedoen op die gebied van grondvoorbereiding en grondverskuiwing.³⁷³ Gevolglik kon die nedersetters van Skanskopeiland dié metodes, wat reeds in die omgewing gebruik is, aanwend om erwe gelyk te spoel en sloepe op te vul.

Cornelissen skryf dat dié manier van grondverskuiwing groot hoeveelhede grond sinvol verskuif het:

In 'n verbasend-korte [sic] tyd word 'n enorme oppervlakte so afgespoel – veel sneller en veral goedkoper as wat dit met 'n skrapper afgesleep kan word.³⁷⁴

Die term 'spoel' of 'spoeling', het in Engels 'n plek gevind. Benewens die gebruik van die term 'spoeling' in Kanthack se verslag in 1909, word dit voorts ook in Moolman se artikel (1946), asook in korrespondensie van die Besproeiingsdepartement gebruik.³⁷⁵ Kanthack beskryf die spoelwerk op die aangrensende Rooikopeiland so:

Sandhills over 80' high have been 'spoeled' down into sluits which have been silted up.³⁷⁶

Vaardige en pragmatiese denke was bepalend vir die sukses van spoelwerk, wat op byna dieselfde prinsiep gewerk het as wanneer daar 'n sandkasteel met 'n grag gebou word op die

³⁷² CGVPA, onderhoud C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010; Onderhoud A_01, P.Z. van Wyk, Skanskopeiland, 08/08/2010.


³⁷³ P.J. Cornelissen, *'n Geografiese studie...*, pp. 105 - 110; Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 22-1934, Verslag van die Departement van Lande, 01/04/1932 - 31/03/1933, Staatsdrukker, Pretoria, 1934, p. 198.

³⁷⁴ P.J. Cornelissen, *'n Geografiese studie...*, p. 109.

³⁷⁵ J.H. Moolman, "The Orange River...", p. 669; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 425/190, brief, W.A. Murray - Plaaslike ingenieur, 09/08/1937.

³⁷⁶ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verslag, F.E. Kanthack, 17/07/1909, p. 2.

strand en weggespoel word deur die branders. Dit was belangrik dat die spoelman die veranderende aard van die omgewing waarbinne hy werk, heeltyd korrek moes interpreteer. Trouens, hy moes 'n sterk aanvoeling ontwikkel om die bepaalde spoelmetode doeltreffend vir grondverskuiwing toe te pas. Instinktiewe ingenieursvernuf is hiermee deur 'n groep onopgeleide mense toegepas.



Figuur 3.53: Diagram van spoelwerk.³⁷⁷

Spoelwerk was 'n planmatige doelgerigte proses om grond te verskuif en slote op te vul. 'n Spoelvoor moes gegrawe word, die spoelwater moes met 'n spoeldam beheer word en die spoelman moes die sandbult met 'n graaf planmatig afsteek, om op dié wyse die spoelwerk tot sy voordeel aan te wend. Die proses het vereis dat die spoelman binne in die water moes staan en het (soos geïllustreer in figuur 3.53) soos volg verloop:

- 'n Voor word vanaf die kanaal tot by die bult wat weggespoel moet word, gemerk (a) op skets, gegrawe. Dan word daar 'n spoeldam, gemerk (b), gemaak waarin die water gehou word, wat saam met die ronding van die bult loop.
- Die water word al teen die bult gehou en die grond word dan teen die voet van die duin weggesteek met 'n graaf – gemerk (c) – totdat die bult inkalfde. Die ingekalfde bult se grond word dan deur 'n tweede spoelsloot – gemerk (d) – weggelei na die sloep, waar dit die sloep opvul. Die sloep word dan afgeblok met 'n grondwal tot op die vlak waar dit moet opgevol word. In die afblok-wal - gemerk (e) - word 'n

³⁷⁷ Hoërskool Keimoes Gedenkblad 1903 - 2003, p. 43.

oopgesnyde 44 gallon drom geplaas wat die funksie van 'n waterpyp vervul, sodat die oortollige water wat oorbly nadat die grond afgesak het, weer na die onopge vulde sloepdeel teruggelei word.³⁷⁸



Figuur 3.54: Spoelwerk in Kakamas, Renosterkop. Spoelmanne besig om die spoelsloot te versterk. Soortgelyke spoelwerk is in Skanskopeiland gedoen.³⁷⁹

Wat vandag as 'n besondere vaardigheid beskou word, is in daardie jare as 'n alledaagse werk ervaar. J.J.C. Smit beskryf spoelwerk soos hy dit ervaar het as jong seun:

Die water moet met 'n kromte om die sandwal wat jy wil wegvat kom. Hy kan nie anders nie, want hy moet hom vreet. Jy steek hom met 'n graaf af en die grond wat in die water val, vat die water dan weg tot die wal eendag instort. Dan gee pad jy. Snaaks, as die wal wil val maak hy so liggies 'n waaisandjie, net so effense sandjie, dan kan jy maar weet die wal wil val. Dan moet jy spring. Dan wemel dit van die skerpioene.³⁸⁰

Die bulte wat so gespoel is, was dikwels hoër as ses tot agt meter. Indien die sandbult verkeerd val, was weke se werk daarmee heen. Onhandigheid kon die spoelman duur te staan kom en goeie bo-grond wegspoel. Boonop was dit lewensgevaarlik, soos Hanzen nog goed onthou:

My pa spoel toe van voordagmôre [sic] af. Aan die onderpunt van die erf was 'n diep donga wat hy wou toespoel. So staan en spoel hy en hy steek nog so, toe

³⁷⁸ CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010.

³⁷⁹ DWASU, Fotoversameling, 1936 - 1947. [Geen liasseernommer op lêer gevind nie.]

³⁸⁰ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 18/03/2013.

tuimel die hele massa grond af in sy spoelsloot. Die sloot wat gespoel was, was seker al so 2 m breed, soos hy reeds die grond afgesteek het. Hy spring toe weg om nie toe te val nie. Nou dam die water op. As die spoelkanaal sou breek, sou al die kosbare grond wegspoel. Dit gebeur toe ook. Ek kom met 'n emmertjie kos en koffie aan. "Pa, die wal breek," sê ek. Die spoelsloot val toe. Hy wou dit nie laat breek nie, want dan spoel al die kosbare grond weg. Hy steek die grond vreeslik oop, so vinnig as wat hy kan. Hy gryp my, druk my in die gat waar die wal gebreek het en gooi my bene toe met grond, as 'n lewende wal. Dit was winter en ek het net 'n kort broekie aangehad. So het ek gestaan, met die grond tot bo my knieë, tot hy die wal kon red. Toe het hy my uitgetrek en huis toe gestuur om droog aan te trek. Só het ons groot geword. Dit was harde dae.³⁸¹

Dit was diep in die winter. Die trauma van daardie gebeurtenis het 'n diep emosionele letsel op Hanzen se gemoed gelaat, wat steeds tot uiting kom na verloop van jare.



Figuur 3.55: Hoë sandduine op Skanskopeiland is met waterkrag weggespoel soos die by Kakamas.³⁸²

Meermale is die groter kinders van die nedersetters ingespan om te help met die sleep van die erwe en spoelwerk. Barnard vertel dat sy dikwels die bakskrapeer moes hanteer as haar pa erwe

³⁸¹ CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01, Skanskopeiland, 07/03/2010.

³⁸² H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 218.

gesleep het.³⁸³ Venter bevestig die praktyk met haar vertelling dat sy haar vader dikwels behulpsaam was met die spoelwerk.³⁸⁴

Nadat die grond se onegaligheid gelyk gespoel is, moes daar met die gelyksleep van die grond begin word. Dikwels is sleepwerk na die dag se arbeid op die kanale of elders, in die maanlig gedoen.³⁸⁵

3.5.5 Sleepwerk

Die uitsleep en gelyksleep van die erwe was op sigself 'n fyn kuns. Die val van die grond, wat moes reg wees vir vloedbesproeiing, is met die oog geskat. In die meeste gevalle was die val van die grond presies geskat, sodat water ongehinderd kon vloei tydens vloedbesproeiing. Sommige nedersetters kon die val van die grond met sy oog net so goed skat as wat vandag se laserskrapers dit kan doen.³⁸⁶ J.J.C. Smit beskryf die aanhoudende werk as volg:

Ons het nie ure geken nie. Daar is gewerk van sonop tot sononder. Van Maandagmôre tot Saterdagmiddag is daar gesleep.³⁸⁷

Die implemente wat tot die nedersetters se beskikking was vir die sleepwerk, was bak- en plankskrapers wat deur donkies of muile getrek is. 'n Bakskrapeer is 'n implement wat bestaan uit 'n ysterbak wat bykans soos 'n reuse graaf lyk, met twee houthandvatsels, die sterte, waardeur die skep- en uitgooi-aksie deur die stuurman, die persoon wat die skrapeer stuur, beheer word. Aan die onderkant het dit twee ysters gehad waarop dit teen die grond kon skuur, sodat die ysterbak nie so maklik kon deurskuur nie.

Die skrapeer is in die ongelyke grond gestee en die bak vol grond geskep. Die vol bakskrapeer is soos 'n slee deur die trekdiere gesleep tot waar dit uitgereg is om ander ongelyke dele op te vul. Die trekdiere het die omgekeerde skrapeer weer tot by die skeppunt gesleep. Gewoonlik was daar 'n riem aan een van die handvatsels vasgemaak, waaraan die stuurman die sterte weer

³⁸³ CGVPA, J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010.

³⁸⁴ J.M.C. Venter, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

³⁸⁵ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

³⁸⁶ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

³⁸⁷ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

kon terugtrek, sodat die skraper weer kon grond skep. Die grond is finaal met die plankskraper ge"dress",³⁸⁸ sodat die erf met vloedbesproeiing kon natgelei word.

Die plank-of blokskraper, bekend as die Kakamasplank, is deur die nedersetters van Kakamas na aanleiding van die groot houtskoffel wat deur osse of donkies getrek is, ontwerp en eerste daar gebruik.³⁸⁹ Cornelissen beskryf die implement só:

Dit is 'n werktuig van plank, sowat 1'6" breed en 5'-7' lank met twee sterte om dit te hanteer, en staal lem van 5" om dit maklik in die grond te laat ingaan.³⁹⁰


Hy verduidelik dat die skraper gemaak was van twee planke, ongeveer 1 dm. dik, 12 dm. breed, met die lengte bereken volgens die donkiekrag en krag van die man wat dit gestuur het. 'n Ses voet-skraper is deur ses donkies getrek en 'n tien voet-skraper deur tien donkies. Die skraper is stabiel gemaak deur vier of meer stroke van ou karvere met boute vas te heg om bv. 'n twee voet hoë skraper te maak. 'n Ou waband is onder oor die lengte van die skraper vasgeheg en twee handvatsels (die sterte) is met vier boute elk vasgeheg, net so wyd dat die man wat die skraper se stert moet beheer dit met gemak kan hanteer. Die handvatsels staan vertikaal in die lug vir die finale gelyksleep, maar aan die begin trek die man wat die skraper beheer die skraper terug, sodat dit 'n knop grond kan uitsteek en dit weer na 'n holte sleep, waar dit uitgegooi word deur die skraper aan die stert na vorentoe te stoot. Die trekkettings wat ewe lank is, word aan twee ringe aan die skraper vasgeheg. Waar die kettings bymekaarkom, is die donkietuig se agterswingels ook vas.³⁹¹ Die implement is vir die finale afronding met sleepwerk gebruik. Die plankskraper is net soos die bakskraper deur die twee sterte gestuur deur die persoon wat die skraapwerk gedoen het. Dit steek 'n baie groot vrag grond op 'n keer en kon op dié manier 'n groot klomp grond per dag van die hoër na die laer dele verskuif.

³⁸⁸ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013: "Dress" beteken die finale fase van gelyksleep, sodat die vloedbesproeiing kon plaasvind.

³⁸⁹ A.K. Cornelissen, *Langs Grootrivier...*, p. 63; CGVPA, onderhoud A_01, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, Skanskopeiland, 08/08/2010.

³⁹⁰ P.J. Cornelissen, *'n Geografiese studie...*, p. 108.

³⁹¹ A.K. Cornelissen, "Die donkie langs...", p. 30; CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01, Skanskopeiland, 07/03/2010; J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010.



Figuur 3.56: Links: 'n Bakskraper: Regs: 'n Plankskraper.³⁹²

So het grondverskuiwing plaasgevind in die beginjare.³⁹³ Sou 'n mens dit met vandag se implemente vergelyk, is die bakskraper gelykstaande aan 'n skopgraaf of damskrop wat agter 'n trekker gehaak word en hidroulies beheer word. Die plankskraper is moontlik die voorloper van vandag se lasertegnologie waarmee grond gelyk getrek word. Ferreira is van mening dat 'n soortgelyke houtskraper ook in Namakwaland gebruik is waarmee gronddamme geskraap is.³⁹⁴ Die gelykspoel en -sleep van die erwe was 'n langdurige proses en die eilandgrond is eers in die periode 1948 tot 1951 ten volle gelyk gemaak.³⁹⁵

Dit was onophoudelike moordende werk. Dokumente toon minstens een persoon aan wat in September 1938 sy erf teruggegee het, omdat hy nie meer kans gesien het vir die harde werk nie. Dié erf is in September 1939 aan die 54-jarige S.H. Kuhn toegeken.³⁹⁶ Kuhn is verplig om 'n bedrag van £7 te betaal as sy bydrae tot die konstruksiewerk op die eiland.³⁹⁷

Saans, met uitvaltyd, onthou Basson, was die gesigte stroef gespan van moegheid en die bitter reuk van sweet het die mans omgewe. Mondelinge mededeling bevestig egter dat 'n sterk gees van samehorigheid, 'n nuutgevonde eiewaarde, en die vooruitsig van eiendom die nedersetters se innerlike dryfvere was.³⁹⁸

³⁹² C.G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

³⁹³ CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010.

³⁹⁴ G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste, stoflike...*, pp. 67 - 68.

³⁹⁵ CGVPA, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010.

³⁹⁶ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol.5, brief, J.H.H. (van onbekend) - Kaapse Landraad, 04/03/1939; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, Skedule vir applikantelys vir erf 61, 04/03/1939.

³⁹⁷ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol.5, brief, E.E. Kieser, Provinsiale Verteenwoordiger van Departement van lande – S. H. Kuhn, 15/04/1939.

³⁹⁸ CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01, Skanskopeiland, 07/03/2010; J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 7/04/2010; H.S.B. Basson, onderhoud nr. B, Skanskopeiland, 21/05/2010.

Basson vertel dat die mans die hele dag gekrom oor 'n graaf gestaan het en meestal sopnat was, want hulle was heeldyd in en uit die water om keerwalletjies te maak:

Saans het die mans die sweetreuk van die dag se arbeid die huise ingebring. Daar was net een genade; aanhou, uithou en doen, winter en somer met net een wete: Ons wil vooruit!³⁹⁹

Dit het nie met almal ewe voorspoedig gegaan nie. Korrespondensie aan die plaaslike lid van die Volksraad bevestig egter dat daar dikwels struwelings, groot moedeloosheid en wanhoop onder sommige nedersetters geheers het en dat armoede dikwels oorheersend was in hulle daaglikse bestaan.⁴⁰⁰ Sommige nedersetters kon nie die daaglikse swoeg hanteer nie en moes streng aangespreek word. Siepker het die probleme herhaaldelik aan Brink gerapporteer. Dit blyk dat die probleem van agterstallige werk, belangeloosheid, asook verwaarlosing van die erwe telkens onder dieselfde groep nedersetters voorgekom het.⁴⁰¹

3.5.6 Opbou en vooruitgang

In die tweede week van September 1939 was die Tweede Wêreldoorlog in Europa reeds in volle swang. Suid-Afrika het op 4 September 1939 as lid van die Britse Statebond toegetree tot die oorlog. Die neutraliteitskwessie het die land in 'n politieke krisis gedompel. Genl. J.B.M Hertzog het as Eerste Minister bedank a.g.v. 'n mosie van wantroue in sy regering en genl. J.C. Smuts het vir die tweede maal die land se Eerste Minister geword.⁴⁰² Die oorlog het ook die klein gemeenskap van Skanskopeiland geraak.

Al die oorlogspraatjies het op die kinders 'n diep indruk gemaak. E.W. Visser onthou hoe sy as jong dogter, onder die wakende oog van 'n buurvrou, moes kouse brei vir die soldate wat aan die oorlog deelgeneem het. Basson vertel só oor haar belewenis van die oorlog:

Die dag met die vertrek van die soldate – eers na Pretoria en daarvandaan 'noorde' toe – het aangebreek. Keimoes se stasie was volgepak van soldate, moeders, kinders en kleurlinge [sic]. Die kinders almal grootoog oor hierdie

³⁹⁹ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 10.

⁴⁰⁰ H.S.B. Basson, onderhoud nr. B, Skanskopeiland, 21/05/2010; CGVPA, onderhoud C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010; SNBA, brief, Skanskopeiland - Nedersettingsbestuursraad - J. Conradie, 10/03/1953.

⁴⁰¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, E.H.J. Siepker - A.S. Brink, 21/02/1939.

⁴⁰² D.W. Kruger (red.), *Geskiedenis van...*, p. 545.

belangrike gebeurtenis en ander weer, omdat hulle vir die eerste maal 'n trein gesien het. Daar is vooraf afgespreek en toe die trein met petswaaiende soldate by die stasie uitstoom, het almal '*Wish me luck as you wave me goodbye*' gesing. Sing is ook nie die woord nie, want almal het begin huil - die moeders oor hulle mans of seuns en die kinders het maar sommer gehuil omdat almal gehuil het.⁴⁰³

Aktiewe weermagdiens het 'n welkome finansiële aanvulling tot die boerdery gebring. Nedersetters soos P.W. de Vos, Hollenbach en W.G. Smit het óf hul grond onderverhuur óf die boerdery in die vroue en kinders se hande gelos en aangesluit by die Suid-Afrikaanse Weermag om as soldate ekstra geld te verdien.⁴⁰⁴



Figuur 3.57: Links: P.W. de Vos.⁴⁰⁵

Figuur 3.58: Regs: J.P. Myburg en eggenote.⁴⁰⁶

Sommiges het ook ná die oorlog by die plaaslike bystandsmag aangesluit.⁴⁰⁷ Nie almal het teruggekeer nie. Hollenbach het in die oorlog gesneeu, waarna die kroongrondbrief van die erf in 1948 in sy vrou se naam toegeken is. Sy het daarna nog 'n rukkie volgehou met die boerdery, waarna die erf verkoop is.⁴⁰⁸

⁴⁰³ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 11.

⁴⁰⁴ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, pp. 10-11.

⁴⁰⁵ H.S.B. Basson, Persoonlike fotoversameling, Carolina.

⁴⁰⁶ H.van Wyk, Persoonlike fotoversameling, Pretoria.

⁴⁰⁷ M.C.B. Smit (MCBSPA), persoonlike argief, Kuilsrivier.

⁴⁰⁸ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 16/07/2011.

3.5.7 Nuwe bestuur bring nuwe reëls

Nadat die basiese infrastruktuur voltooi is, het die nuutverkose plaaslike komitee op 'n openbare vergadering op 14 September 1939 nuwe reëls aan die nedersetters voorgelê wat tot voordeel van die eiland se “openbare vooruitgang” sou dien.⁴⁰⁹ Die eerste saak was om openbare oproeping⁴¹⁰ vir kanaal- en padonderhoud in te stel.

“Oproeping” was 'n term om arbeid uit die geledere van die nedersetters te gebruik, (op te roep) vir onderhoudswerk aan die kanale en pad. Hierdie gebruik om vir alle noodsaaklike instandhoudingswerk 'n sisteem van oproeping te gebruik, waaronder die plaaslike komitee die persoonlike arbeid van die erfhouers en ook die gebruik van hul diere kosteloos kon oproep, was reeds by Kanoneiland in gebruik.⁴¹¹ Oproeping is mettertyd laat vaar en die arbeid is deur die bestuursraad vergoed. M.C.B. Smit onthou die praktyk só:

Die opgaardamme hoër op in die rivier is later gebou en destyds was die water veel meer troebel as vandag. Baie water het deur die grondwalle van die kanale gesyfer, die kleideeltjies daarin is deur die sand uitfiltreer en het die loop stadig toegeslik. Hierdie aanpaksel moes verwyder word; wat net kon gebeur as die kanaal leeg is. Elke erfhouer was verantwoordelik vir die stuk kanaal oor sy grond, en almal is opgeroep vir die groot skoonmaak op die dag wat vooraf deur die bestuur vasgestel is.⁴¹²

Die werksverdeling het op 'n interessante wyse geskied:

Die werkers val in, elkeen merk vir hom 'n moot so lank as sy graaf, steek die klei af en gooi die sooie met sy graaf op die wal uit. As sy vak skoon is, kan hy ontstaan. Alle klei gaan op die een wal, want daar was altyd 'n voetpaadjie op die ander een. En moenie dink dat 'n korter graaf jou 'n voordeel met 'n kleiner moot sal gee nie: teen die middag werk daai korter steel met jou rug.⁴¹³

⁴⁰⁹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 14/09/1939.

⁴¹⁰ Die term is tans nog in gebruik in Skanskopeiland en omgewing.

⁴¹¹ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 22-1934, Rapport van die Departement van Lande, 01/04/1932 - 31/03/1933, p. 198.

⁴¹² M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte.

⁴¹³ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte.

Smit vertel voorts dat die grootste oproeping geskied het wanneer Rooikopeiland se kanale skoongemaak moes word. Skanskopeiland het vir die vergunning dat die watervoorsiening vanuit Rooikopeiland se kanaal kom, twee-derde deel van die onderhoud van die Rooikopeilandkanaal gedra. Daar was toe al meer as twintig jaar se klei opgehoop en die top van die wal ver bo die bodem van die kanaal.⁴¹⁴

Die openbare oproepingstelsel het 'n gevoel van mede-verantwoordelikheid vir die gesamentlike bate, Skanskopeiland, by die nedersetters gekweek. Selfs al het 'n nedersetter se erf nie aan 'n kanaal gegrens nie, was hy verplig om sy deel met oproeping by te dra. Die heffing van boetes van hoogstens 10/- [10 sjielings] vir die afwesigheid van die oproeping sonder 'n bekwame plaasvervanger, het die verpligting onderskryf. Die notule van die bestuursvergadering van 14 September 1939 beskryf die reël as volg:

Erfhouer wat nie aan 'n kanaal grens [nie], sal ander dele kry wat oor kroongrond loop. Na so 'n oproeping sal die bestuur die kanaal nagaan.⁴¹⁵

Voorts is daar besluit dat elke erfhouer pro-rata 'n deel in die finansiële kas van die eilandbestuur moet stort, wat bevestig dat daar uit eie geledere fondse vir instandhoudings- en administrasiekoste gegenereer is.⁴¹⁶ Instandhouding is beskou as die gemeenskaplike aanspreeklikheid van al die nedersetters en is georganiseer deur die plaaslike komitee van die eiland. Die optrede het aan elke nedersetter gedeelde eienaarskap van die eiland gegee en die beginsel van selfwerkzaamheid versterk. Daar is veral sterk klem gelê op die skoonhou van die kanaalwal wat oor elke erf loop en 'n verbod geplaas op enige aanplant van bome of belemmering van die kanaalwal binne 15 vt. van die kanaal.

Uit die notules van 1939 is daar heelwat aanduidings van die tipe reëls en regulasies wat die plaaslike komitee uitgevaardig het. In September 1939 is die eerste verwysing na anderskleurige arbeid gevind, waar die besluit geneem is dat enige "kleurling pondokke" verskuif moes word om besmetting van die kanale te voorkom.⁴¹⁷ Daarby is geen nedersetter

⁴¹⁴ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte.

⁴¹⁵ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 14/09/1939.

⁴¹⁶ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 14/09/1939.

⁴¹⁷ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 14/09/1939.

toegelaat om bywoners op die erwe aan te hou nie. So 'n oortreding is deur die Superintendent van Lande persoonlik aangespreek.⁴¹⁸

Daarbenewens is daar ook bepaal dat alle krale van die kanaalwalle en teenaan die eilandpad verwyder moes word na plekke wat deur die bestuur goedgekeur is, sodat die water, wat ook as huiswater gedien het, nie sanitêr besmet kon word nie.⁴¹⁹



Figuur 3.59: Maagkoors het nedersetters in Skanskopeiland, soos bv. C.F. Pool, aangetas.⁴²⁰

Sanitasie het baie aandag geniet vanaf owerheidsweë. Spesiale vergaderings is gehou deur die Superintendent van Lande, tesame met 'n gesondheidsbeampte om nedersetters op die korrekte toepassing van sanitasie attent te maak.⁴²¹ Selfs in daaropvolgende vergaderings is melding gemaak van “sanitêre reëls” wat in die eiland onder nedersetters gesirkuleer is.⁴²²

Die rede vir hierdie optrede was vermoedelik gesetel in die voorkoms van maagkoors, die gevreesde buikloopsiekte, wat in daardie jare in Skanskopeiland toegeslaan het.⁴²³ Heelwat nedersetters het die siekte opgedoen. Boererate het die omloop gedoen om die siekte te bekamp.⁴²⁴

⁴¹⁸ NJVPA, brief, A.S. Brink - N.J. Visser, 09/02/1939.

⁴¹⁹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 14/09/1939.

⁴²⁰ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

⁴²¹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 24/02/1941.

⁴²² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 21/08/1940.

⁴²³ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 1.

⁴²⁴ Sien hoofstuk 6, afdeling 6.9.5, p. 297.

Die noodwalle was teen 1941 nog nie klaar opgesleep nie. Die plant-, saai- en oeswerk asook om die grond gelyk te sleep, was belangriker.⁴²⁵ Waterleibeurte was telkens onder bespreking. Leibeurte was 'n knaende knelpunt en het tot baie onmin tussen die nedersetters gelei. Die nedersetters was steeds besig met spoelwerk⁴²⁶ en kon dus nie 'n ander man se leiwater gebruik vir sy spoelwerk nie. Ongeduld oor water het menigmaal uitloop op kwaai buurmanskap. Die bestuur het in 'n poging om die geskilpunte hieroor op te los, besluit dat net die bestuur die leibeurte kon verander en dat enigiemand wat uit sy beurt sou lei, met £2-10 [twee pond en tien sjelings] beboet sou word.⁴²⁷ Waterleibeurte sou in die bestaan van Skanskopeiland vir gereelde onderlinge twis tussen nedersetters lei, soos later bespreek in hoofstuk 4.⁴²⁸ Mettertyd het die beurtstelsel 'n bepalende invloed op die verkoopswaarde van die erwe gehad. 'n NawEEK-leibeurt was nie 'n waardetoevoeging tot 'n erf nie. Erwe met weeksleibeurte was gesogte erwe en daar is dikwels ook 'n hoër geldwaarde aan so 'n erf gekoppel.⁴²⁹

Een van die belangrikste besluite wat die bestuur geneem het, was die heffing van belasting. Skanskopeiland het op hierdie tydstip oor geen amptelike bestuursraad, wat onder 'n wetgewing aangestel is, beskik nie. Nietemin het die bestuur besluit dat daar vanaf Januarie 1940 belasting ten bedrae van £1-00 [een pond] per jaar op elke erfhouer gelê sou word.⁴³⁰ Die totale bedrag was betaalbaar aan die afdelingsraad op Kenhardt, waaronder Skanskopeiland geressorteer het. Dié opgelegde belasting gee 'n aanduiding dat die nedersetters 'n redelike leefbare bestaan kon voer na twee jaar van die nedersetting. Hulle het selfversorgend geraak en was nie meer 'n las vir die staat nie, maar kon 'n bydrae, hoe gering ook al, tot die staatskas lewer.

In 1941 skets die kollektelys vir die jaarlikse dankoffer van die plaaslike NG kerk 'n beeld van 'n gemeenskap wat nie meer bakhand by die kerkdeur staan nie, maar nou kon bydra tot die

⁴²⁵ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 24/02/1941.

⁴²⁶ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 22/08/1940.

⁴²⁷ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 14/09/1939.

⁴²⁸ Hoofstuk 4, afdeling 4.5, pp. 188 - 192.

⁴²⁹ G.A. Visser [voorsitter Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 1992 - 2009], mondelinge mededeling Skanskopeiland, 02/06/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 16/07/2011.

⁴³⁰ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad Notuleboek, 14/09/1939.

kerkgemeenskap se onderhoud. Die bydraes, wat gewissel het van 'n geldelike bydrae tot 'n halwe sak koring, was sprekend van die vordering van die nedersetters.⁴³¹

Die daaropvolgende aantal jare was gekenmerk deur vooruitgang onder die nedersetters: Netjiese woonhuise is opgerig op bou-erwe.⁴³² Sommige nedersetters het moderne voertuie en implemente aangeskaf.⁴³³ Die meeste nedersetters het 'n mentaliteitsverandering ondergaan en nuwe selfvertroue verkry as grondeienaars.⁴³⁴



Figuur 3.60: Ertjies word gedors, m.b.v. arbeiders, ca. 1947.⁴³⁵



Figuur 3.61: N.J. Visser by sy lusernhark, c.a. 1942.⁴³⁶

Nieteenstaande die sigbare vooruitgang, was daar heelwat onderlinge twis en struweling onder die nedersetters, tussen die nedersetters en die bestuursraad, tussen die bestuursrade van

⁴³¹ NJVPA, kollektelys, April 1941.

⁴³² E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, in besit van outeur, 03/04/2013; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

⁴³³ E. de Vries, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁴³⁴ SNBA, Aktesondersoek nr. 1058, 08/12/1961.

⁴³⁵ M.C.B. Smit, Persoonlike fotoversameling, Kuilsrivier.

⁴³⁶ M.C.B. Smit, Persoonlike fotoversameling, Kuilsrivier.

Friersdale en Rooikopeiland en Skanskopeiland, meestal oor watertekort. Die watertekort wat in Skanskopeiland ondervind is, was grootliks te wyte aan onbeheerde watergebruik deur Rooikopeiland se nedersetters, asook gereelde droogtes in die opvangsgebied, wat gelei het tot die onstabiele vloei van die rivier.⁴³⁷

Die selfvertroue en selfstandigheid wat die nedersetters binne minder as tien jaar verwerf het, sou aanleiding gee tot die bereiking van 'n groot mylpaal, naamlik die verkryging van 'n selfstandige bestuursraad deur middel van spesiale wetgewing, wat aan Skanskopeiland onafhanklikheid van die staat gebring het.⁴³⁸ Hierdie wetgewing was die keerpunt in die staat se beskermende betrokkenheid by die nedersetting op Skanskopeiland.

⁴³⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, brief, E.H.J. Siepker - Sirkel-ingenieur, verwysingsnr. 91, 27/12/1941.

⁴³⁸ Unie van Suid-Afrika, Departement van Lande, kennisgewing, Superintendent van Lande - Skanskopeiland, Plaaslike komitee, 18/05/1948.

HOOFSTUK 4

Vroeë ontwikkeling 1941 - 1949 en die begin van winsgewende produksie

4.1 Waterprobleme

Die moontlikheid om Skanskopeiland as 'n besproeiingsdistrik te verklaar is alreeds in 1940 ondersoek, maar Ritchie, wat met die nedersetters en hul omstandighede bekend was, het aan die hand gedoen dat 'n bestuursraad soortgelyk aan die van Kanoneiland, die eiland en sy eiesoortige omstandighede beter sou pas.¹ Derhalwe is daar in 1941 besluit dat Skanskopeiland, soos Kanoneiland, eerder deur 'n bestuursraad beheer moet word en is die aansoek om 'n besproeiingsraad te stig, eers uitgestel omdat die staat se aandag vir eers op die oorlog gefokus het.² Die lang begeerde selfstandigheid sou eers in 1947 'n werklikheid word.³

Aan die begin van Februarie 1941 het die besprekings in bestuursvergaderings gewentel om die uitsleep van noodwalle waarmee die nedersetters steeds besig was, die skoonmaak van kanaalwalle en die onderhoud aan die eilandpad, asook die kwessie van behuising vir die bevolking wat as arbeid aangewend is. In hierdie tydperk het waterbeurte en twis oor watertekort notule-inskrywings oorheers.⁴ Alhoewel die notules van Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad tussen 1940 en 1948 uit die notuleboek verwyder is, ontvou die gebeure in die tydperk 1941 - 1949 uit die streeksargief van die Departement Waterwese.

In Desember 1941 was die riviervlak baie laag en is daar 'n ernstige watertekort in Skanskopeiland ondervind.⁵ Dit was hoogsomer en met dagtemperatuur wat dikwels diep in die 40°C gestaan het, het die gewasse op die land doodgebrand. Leiwater is beperk tot die broodnodige. Staanwater, of rivierstaan, soos dit genoem is, het die wel en wee van die nedersetters bedreig.⁶

Smit se jeugherinneringe aan die staanwater in die veertigerjare skets 'n beeld van die mismoedigheid wat die droogte meegebring het:

¹ DWASU, (SV), band M.37, vol. 2, Opsomming van die geskiedenis van Skanskopeiland, p. 1.

² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 24/02/1941.

³ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verslag, verwysingsnr. 4051/K.51, F.C. Hugo, Seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 2.

⁴ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 24/02/1941.

⁵ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 24/02/1941.

⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, brief, E.H.J. Siepker - Sirkel-ingenieur, verwysingsnr. 91, 27/12/1941.

Maar die droogte was een lang uitgerekte marteling. Eers is daar net 5 in plaas van 10 lei-strale, en jou beurt verminder van twee tot een dag per week. Twee weke later is dit net 12 uur, dan net 6 uur; van 10 in die aand tot 4 in die môre... Pa probeer om deur te haal wat hy kan, maar jy sien hoe julle koring verskroei en jy is magteloos om iets daaraan te doen. Hier en daar sit 'n boer 'n pomp op om water uit 'n kuil te trek, maar geld en geskikte liggings is min. Dis al reëntyd in Transvaal, maar hier gebeur niks nie. Ons wag. En dan loop dit soos 'n veldbrand: 'Die water kom!' Ek onthou die middag toe ons op Groblersbrug gaan wag, en gesien het hoe die kuile skielik lewe kry toe die eerste waters begin instoot. Ek onthou hoe die mense se gesigte gelyk het; en hoe stil hulle was.⁷

Teen die begin van 1942 was die toestand kritiek en het die ingenieur van die Departement van Besproeiing na ondersoek bevind dat Murray-se-dam, 'n keerwal in die rivier soos beskryf in hoofstuk 3,⁸ nie hoog genoeg is om water in Sonopspruit uit te keer nie, met die lae vloeivlak van die rivier, soos dit op daardie tydstip die geval was. Ritchie het aanbeveel dat 'n hoër uitkeerwal teen 'n koste van £350 gebou moes word.⁹ Die staat het die voorstel afgekeur.¹⁰

Die waterprobleme het wyd uitgekring. Die Friersdale-nedersetters het die watertekort op Friersdale toegeskryf aan Skanskopeiland se besproeiingpraktyk, die opdam van die rivier, asook keerwalle van Kanoneiland en Skanskopeiland.¹¹ Daarby het onmin tussen Rooikopeiland en Skanskopeiland se bestuur sterk toegeneem.¹²

⁷ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 29/06/2013.

⁸ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.3.2, p. 92.

⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 65/M36, brief, Whysall-Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 83/M36, 20/01/1942; verslag, G.R. Ritchie - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 04/02/1942.

¹⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 470/14, brief, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Sirkel-ingenieur, 04/03/1942.

¹¹ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 134.

¹² DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 91, brief, E.H.J. Siepker - Sirkel-ingenieur, 27/12/1941; SNBA, brief, E.H.J. Siepker - Superintendent van Lande, 10/04/1948; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1528/K.51/M.36, brief, G.L.H. Bott - Direkteur van Besproeiing, 09/02/1949; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.



Figuur 4.1: Tipiese voorkoms van die lae riviervlak na die afloop van stormwater.¹³

4.1.1 Probleme met Friersdale

Korrespondensie tussen die sirkelingenieur van die Benede-Oranjeriviersirkel, en die Besproeiingsdepartement vertel 'n verhaal van baie onenigheid langs die rivier. Die duikpyp wat deur die syloop van die Oranjerivier gelei is om aan Skanskopeiland water te voorsien, was na die Friersdale-nedersetters se mening verantwoordelik vir die watertekort wat hulle in die droogtejare, wanneer die riviervlak laag was, ondervind het, omdat die duikpyp die watertoevoer na hulle afgesny het.¹⁴

Alreeds in September 1941 het C.J.S. Mackay, die assistent-ingenieur van Besproeiing, saam met twee lede van Friersdale se besproeiingsraad die riviergebiet rondom die Skanskopduikpyp gaan ondersoek om die oorsaak van die watertekort op te spoor. Friersdale se uitkeerwerke het twee bronne van watervoorsiening gehad: Die rivierloop noord van Rooikopeiland en die rivierloop tussen Skanskopeiland en Rooikopeiland.

Alhoewel die rivier met droogtetye in al die lope min water gehad het, het Mackay se verslag aangedui dat die Skanskop-duikpyp, wat bo-op die rotsbodem van die rivier gelê is, wel die water kan opdam ten tye van waterskaarste en so watertoevoer van Friersdale-boere afsny.¹⁵ Die krisis kon ook volgens beide Ritchie en Mackay ontloot word deur die uitlaat van die Vaalrivier en Boegoebergdam te verhoog, sodat die water sy normale vloekoers kon neem.

¹³ DWASU, Fotoversameling: 1936 – 1947. [Geen liasseernommer op lêer gevind nie.]

¹⁴ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 138.

¹⁵ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 799/G.27. verslag, "Construction of river flow at Skanskop siphon", C.J.S. Mackay, assistent-ingenieur, (geen datum).

Voorlopig is toe besluit om in geval van akute watertekort in Friersdale, 'n tunnel onder deur die Skanskopduikpyp te grawe, sodat water deurgelaat kon word.¹⁶

Ritchie het die saak weer in Januarie 1942 ondersoek en was van mening dat die oorsaak van watertekort eerder te vinde is in die talle keer- of studamme wat in die rivier gebou is deur die staat en private persone sedert 1935, wat dalk die loop van die rivier kon verander het. Die verandering van vloeikoers het meegebring dat die water nie in die regte keerdam vloei om water aan die Friersdale-nedersetting te bring nie. Sy voorstel was om 'n deurgang vir die water te bou sodat dit telkens in die regte keerdam loop.

Foto's en kartering¹⁷ van die rivierlope het Ritchie se mening bevestig dat die Skanskop-duikpyp nie verantwoordelik was vir die tekort aan water in Friersdale nie. Ritchie het met sy ondersoek in Januarie 1942 bewys dat die rivierlope in droogtetye reeds voordat die water die duikpyp van Skanskopeiland kon bereik, droog gestaan het.¹⁸



Figuur 4.2: Die duikpyp tussen Skanskop- en Rooikopeiland.¹⁹

Ofskoon hy op 31 Desember 1941 tesame met 'n afvaardiging van die Friersdale-boere die sifon by Skanskop gaan ondersoek het en aangedui het dat die duikpyp geen belemmering vir die

¹⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 83/M.36, verslag, W.A. Murray, "Verdeling van water, Skanskopeiland", 03/01/1942.

¹⁷ DWASU (SV), band M.36, vol. 2, L.O.R.C. 1692/41, kaart, Friersdale Irrigation Board, "Locality plan & section of Skanskop Siphon", 23/01/1941.

¹⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 1022/M.36, verslag, G.R. Ritchie - Direkteur van Besproeiing, 19/12/1941; DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 55/M36, verslag, G.R. Ritchie - Direkteur van Besproeiing, 16/01/1942.

¹⁹ DWASU, Fotoversameling: 1936 – 1947. [Geen liasseernommer op lêer gevind nie.]

Friersdale-watervoorsiening inhou nie, het hulle aangedring dat die duikpyp oopgemaak moes word om watervloei te vermeerder.²⁰ Hiermee was die saak vir die Departement van Lande afgehandel.

Die Friersdale-nedersetters was alombekend vir hulle humeur en eiegeregtigheid en het in 'n dringende telegram ernstige beswaar aangeteken en aan Ritchie gevra dat die duikpyp oopgeskiet moes word.²¹ Ten spyte daarvan dat Skanskopnedersetters die keerdamwal in die nag opgepas het om te voorkom dat die wal beskadig sou word, het Friersdale daarna die reg in eie hande geneem en 'n keerdamwal onderkant Skanskopeiland met plofstof oopgeskiet.²²

Die waterverdeling tussen Rooikopeiland en Skanskopeiland het voorts gesorg vir 'n voortdurende geskil oor water.

4.1.2 *Probleme met Rooikopeiland en watervoorsiening*

Skanskopeiland het sy water via Rooikopeiland se kanaal gekry en Skanskopeiland se nedersetters was onderworpe aan gereelde “oproeping” om Rooikopeiland se kanale van die opgedamde slik wat deur die modderwater van die rivier veroorsaak is, skoon te maak, soos reeds bespreek in hoofstuk 3.²³ Hierdie ooreenkoms is gegrond op die serwituut-ooreenkoms, wat die staat met Rooikopeiland in 1933 gesluit het.²⁴

Rooikopeiland het 163 morg onder besproeiing gehad, teenoor Skanskopeiland se 512 morg besproeiingsgrond. Dit het meegebring dat Skanskopeiland geregtig was op twee-derdes van die water in die kanaal. Onenigheid oor onvoldoende watertoevloei na Skanskopeiland, veral met die tye van waterskaarste, het meermale voorgekom. In 'n poging om die probleem op te los, het die twee rade skriftelik ooreengekom dat Skanskopeiland twee-derdes van alle

²⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 1022/M.36, brief, G.R. Ritchie - Direkteur van Besproeiing, 19/12/1941; DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 55/M36, verslag, G.R. Ritchie - Direkteur van Besproeiing, 16/01/1942.

²¹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 1022/M36, telegram, sekretaris, Friersdale-besproeiingsraad - G.R. Ritchie, 15/10/1941.

²² J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

²³ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.5.7, pp. 144 - 147.

²⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, Notariële Akte..., 29/03/1939; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, ooreenkoms tussen Rooikopeiland en Skanskopeiland, 1949.

onderhoudskostes van die kanaal in Rooikopeiland sal dra, vir die voorreg om die twee-derde deel van die water deur Rooikopeiland se kanale te kry.²⁵

Die Skanskopeilandnederstellers het voortdurend by die bestuursraad gekla oor die tekort aan water in hul leibeurte. Ten einde raad het E.H.J. Siepker aan die sirkel-ingenieur geskryf dat Rooikopeiland se kanaal twee maal die hoeveelheid water neem as wat deur die duikpyp vloei, maar dat die water ten spyte daarvan altyd te min is vir Skanskopeiland se behoeftes. In 'n poging om die opslukking van die kanaal te beheer, is die kanaal drie maal per jaar gedurende Januarie, Mei en September skoongemaak.²⁶

Die Departement van Lande het 'n ondersoek gelas na die watervloei na Skanskopeiland. Ritchie het 'n aanbeveling gemaak dat die uitkeerwerke by Sonopspruit aangepas moes word om die watervloei in die Rooikopeilandkanaal te verhoog, teen 'n beraamde koste van £350.²⁷ Hy was van mening dat die nederstellers op Skanskopeiland mettertyd sou leer om ekonomies te besproei en dan sou vind dat die water van 20 kusek genoegsaam was vir hul behoeftes. By nadere ondersoek was dit egter duidelik dat Rooikopeiland se boere na willekeur gelei het.²⁸

E.H.J. Siepker het gereeld skriftelike klagtes oor watertekort en die gedrag van die Rooikopeilandnederstellers aan die Departement van Lande gerig. Onwettige sluise is sonder toestemming in Rooikopeiland se hoofkanaal ingesit en dikwels laer as die voorgeskrewe hoogte.²⁹ Skanskopeiland kon daardeur nie sy regmatige deel van die water kry nie. Daarby het Rooikopeiland ook nie sy regverdige aandeel tot die onderhoud en skoonmaak van die kanaal nagekom nie.³⁰

'n Moedelose Siepker het onder meer aan F.C. Hugo, die Superintendent van Lande, geskryf dat Rooikopeilandnederstellers die grond aan die kanaalwal, waarop die staat 'n serwituut laat

²⁵ SNBA, brief, Sekretaris, Skanskopeiland Nederstellingbestuursraad - G.P. Kotzé, 09/01/1964; DWASU, (SV), band M.36, vol.2, verwysingsnr. 83/M36, brief, G. Whysall - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 20/01/1942.

²⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 91, brief, E.H.J. Siepker - Sirkel-ingenieur, 27/12/1941.

²⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 83/M.36, memorandum, "Skanskop Island: Water Supply", G.R. Ritchie - Superintendent van Lande, 20/01/1942.

²⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 2, verwysingsnr. 21/M, brief in potlood geskryf deur Ritchie, 1942, [volle datum beskadig].

²⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1528/K.51/M.36, brief, G.L.H. Bott - Direkteur van Besproeiing, 09/02/ 1949; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, E.A.N. Steenkamp - Superintendent van Lande, 08/11//1949.

³⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 470/14, brief, Provinsiale verteenwoordiger van Lande – E.H.J. Siepker, 10/03/1944.

registreer het, weggegrawe het tot teen die kanaalwand; dat Rooikopeilandboere “belemmerings” op die kanaalwal aangebring het, soos onder meer veekrale, aanplantings van bome, asook ekstra sluise wat die kanaalwand verswak het. Skanskopeiland se nedersetters moes telkens die skade herstel met die oproeping, maar teen heelwat ekstra koste.³¹ Hy het sy lot as volg bekla:

Met die laaste oproeping van kanaalskoonmaak het eienaars van persele baie moeilikheid en twis veroorsaak, ook die werkspartye met allerlei soorte dreigemente gemolesteer om vertraging in die uitvoering van hulle werk teweeg te bring.³²

31 mei 1943		31 juni 1943	
Rooi Kap oproeping		J. Lamm	1
Koel Erf Vandewall	4	A. Bougen	1
W. Liebenberg	1	B. Crafford	4
A. P. Vangyl	1	S. Kraaiwerd	1
B. Vwestengen	1	J. van der Smit	1
F. Mastek	1	P. Lamm	1
W. Vangyl	1	M. Lamm	4 1/2
J. van der Smit	1	M. Vangyl	1
D. Leraar	1	B. J. Burger	1
M. Rasmis	1	J. J. Marek	1
A. J. Vangyl	1	P. J. Visser	1
M. Visser	1	A. Kampejan	1
E. Steenkamp	1	C. Marais	1
W. Hengen	1	H. Pool	4
H. van der Smit	1	H. Agenbos	1
H. Vangyl	1	P. Petersen	1
J. Visser	1	C. Boord	1/2
C. F. Pool	1	J. van Willem	4
D. Kriger	1	P. Graker	1
G. de Vries	1		
J. Campaen	1		

Figuur 4.3: 1943-register van N.J. Visser t.o.v. die “oproeping” om kanale in Rooikopeiland te gaan skoonmaak.³³

Sieper het voorts berig dat Skanskopeiland 16 dae aan oproeping gespandeer het, met 60 man, teen die koste van £250, terwyl Rooikopeiland net met 22 man gewerk het.³⁴

³¹ SNBA, brief, E.H.J. Sieper - F.C. Hugo, 10/04/1948.

³² SNBA, brief, E.H.J. Sieper - F.C. Hugo, 10/04/1948.

³³ NJVPA, Werksregister 1943, N.J. Visser.

³⁴ SNBA, brief, E.H.J. Sieper - F.C. Hugo, 10/04/1948.

Dié optrede en gesindheid het Skanskopeiland se oproepingswerk in Rooikopeiland baie bemoeilik.

M.C.B. Smit onthou die uitwerking van die onmin as volg:

Daar het een van Rooikop se boere eendag vir oom Eugene Siepker bygeloop. Die man wou net handgemeen raak en oom Eugene was maar aan die skraal kant. Toe staan oom Rooi-Smit nader, lig sy arm en gee die man 'n vuishou reg voor die kop. Daar was geen bloed nie, maar die Rooikopper het op sy rug onder in die kanaal gelê. En hy is maar so met die kanaal langs vort.³⁵

Hugo het die nedersetters op Skanskopeiland heelhartig in die saak teen Rooikopeiland ondersteun.³⁶ Die Departement van Lande het 'n sterk bewoorde brief aan die sekretaris van die Rooikopeilandsindikaat gerig om die onregmatige optrede te staak en onwettige sluise te verwyder.³⁷

Skanskopeiland se bestuursraad het ten einde raad deur middel van hul prokureurs aansoek gedoen by die Departement van Besproeiing dat Rooikopeiland onder beheerde leibeurte gebring moet word, sodat daar gekontroleerde waterverbruik kon plaasvind.³⁸

In 1945 het Rooikopeiland 'n besproeiingsraad gestig nadat die eiland tot 'n besproeiingsdistrik verklaar is. Die bestuursliggaam is ingestel volgens die bepalinge van die Besproeiingswet nr. 8 van 1912.³⁹ Alhoewel die besproeiingsraad van Rooikopeiland in kennis gestel is dat hulle die beheer, onderhoud en kontrole van waterverspreiding van die kanaal sou moes administreer, is die beheer en onderhoud van die kanaal op Rooikopeiland, wat ook aan Skanskopeiland water voorsien, nooit amptelik aan Rooikopeiland se besproeiingsraad oorgedra nie. Die kwessie het meegebring dat Rooikopeiland en Skanskopeiland se besture gesamentlik verantwoordelik was vir die beheer en onderhoud van die kanaal.

³⁵ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

³⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 42, brief, F.C. Hugo - E.H.J. Siepker, 19/03/1944.

³⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, S. Malan - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 22/02/1944.

³⁸ DWASU, Rooikopeiland-versameling, (RV), band K50 – 2, Smitseiland en Rooikopeiland, 1940 - 1959, vol. 1, 1947 – 1954, brief, Kuhn en Truter - Sektie-ingenieur, Dept. Besproeiing, 11/01/1949.

³⁹ DWASU, (SV), band., M.37, vol. 2, verwysingsnr. 4051/K.51, verslag, F.C. Hugo, Sektie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 2.

Die Direkteur van Besproeiing het hierdie moeilike probleem na die regsadviseurs van die Departement van Lande verwys.⁴⁰ Die regsadviseurs was van mening dat die beheer en kontrole van die waterwerk by Skanskopeiland berus het en nie by Rooikopeiland nie. Die rede hiervoor was gesetel in die wet van Skanskopeiland, bepaling 8 (1), wat bepaal het dat alle bestaande waterwerke wat binne of buite die grense van Skanskopeiland geleë was en wat vir watervoorsiening op Skanskopeiland opgerig is, aan Skanskopeiland oorgedra is.⁴¹ Die serwituut vir die waterleiding wat die staat by die Rooikopeilandsindikaat in 1933 gekoop het, is ook met die skep van die Skanskopwet aan die bestuursraad van Skanskopeiland oorgedra. Die staat het slegs die eienaarskap van die waterwerk besit, terwyl Skanskopeiland die serwituut besit het.⁴²

Hierdie uitspraak het die Departement van Lande in 'n dilemma geplaas. Die Direkteur van Besproeiing het 'n voorstel oorweeg om wel die beheer en onderhoud aan Rooikopeiland te gee, met die voorbehoud dat die besproeiingsraad van Rooikopeiland aan Skanskop hul regmatige aandeel in die water sou gee en dat 'n proporsionele verdeling van die onderhoud gedoen moes word tussen die twee rade.⁴³ Sy regsadviseurs het hom gelyk gegee, maar aanbeveel dat die kwessie van 'n werkbare ooreenkoms deur die fasilitering van 'n onafhanklike amptenaar met die twee rade hanteer moes word.⁴⁴ Dié onbenydenswaardige taak het Murray te beurt geval.⁴⁵ Daarbenewens moes hy die regverdige verdeling van water tussen die twee rade uitwerk.

Rooikopeiland se besproeiingsraad het geen geheim gemaak van hulle afkeer jeens die Skanskopeilandnedersetters nie. Sterk bewoorde korrespondensie deur die bestuur van Rooikopeiland is aan die Direkteur van Besproeiing gestuur om hul misnoeë met Skanskopeiland se teenwoordigheid op hul eiland en teenkanting van 'n gesamentlike bestuursraad uit te spreek. Hul openlike minagting teenoor Skanskopeiland is so uitgespreek:

⁴⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. C.979, brief, J.M. McIntosh, Sekretaris van Justisie - Direkteur van Besproeiing, 23/03/1949, pp.1-4.

⁴¹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 80/3521/70, brief, J.M. McIntosh, Sekretaris van Justisie - Direkteur van Besproeiing, 09/04/1949, p. 1.

⁴² DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 80/3521/70, brief, J.M. McIntosh, Sekretaris van Justisie - Direkteur van Besproeiing, 09/04/1949.

⁴³ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. C.1339, brief, J.M. McIntosh, Sekretaris van Justisie - Direkteur van Besproeiing, 19/04/1949.

⁴⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. C.1339, brief, J.M. McIntosh, Sekretaris van Justisie - Direkteur van Besproeiing, /29/04/1949.

⁴⁵ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, verwysingsnr. 209/K.51, Direkteur van Besproeiing - W.A. Murray, 14/05/1949.

Die bestaan van Skanskop verkies 'n gesamentlike Raad, maar die Rooikop Publiek is nie ten gunste hiervan, daar Skanskop Bestuur geen respek te betoon aan eiendomme van Rooikop waar dit die Serwituut raak. Om hierdie redes verkies die Rooikop Raad en Publiek om alleen te staan afhanklik van Skanskop ten einde hulle eiendomme wat vir hulle baie geld en arbeid kos te beskerm, die Rooikop Raad bestaan reeds jare voor Skanskop Bestuursraad waarom sal hulle nou hulle regte prys gee vir 'n baie jonger lichaam [sic].⁴⁶

In Januarie 1949 het die bestuursraad van Skanskopeiland 'n formele klagbrief oor die waterleiwessie deur middel van die prokureur aan die seksie-ingenieur gerig en gevra dat Rooikopeiland se boere onder 'n leibeurtstelsel geplaas word.⁴⁷

Rooikopeiland se onvermoë tot samewerking oor watersake het wyer gekring as net Skanskopeiland. Waterskaarste het Skanskopeiland genoop om saam met Keimoes se dorpsraad te werk om twee oorlope by die Keimoes-Currieskampdam, naby Geelkop te bou. Die dam het nie net aan Keimoes sy water voorsien nie, maar het ook die spruite wat aan Rooikop- en Skanskopeiland water voorsien in tye van waterskaarste, gevoed.⁴⁸ Die munisipaliteit het die kwessie as volg aan Skanskopeiland se bestuursraad verduidelik:

Die sluis wat Keimoes van water voorsien, sal gestuit word in so 'n mate, dat die water deur gravitasie oor die damwal kan stort en nog u gebied se kanale kan voed.⁴⁹

Een oorloop sou aan die dorp water voorsien, terwyl die ander oorloop aan Rooikop- en Skanskopeiland water sou voorsien. Rooikop- en Skanskopeiland het 'n ooreenkoms geteken om saam met Keimoes se munisipaliteit, volgens 'n pro rata-bepaling van die besproeibare morge, elkeen 'n derde van die koste te dra. Skanskopeiland se aandeel het £27-14-3 beloop, wat nogal 'n groot bedrag vir daardie tyd was.⁵⁰

⁴⁶ DWASU, (RV) band KV50 – 2, vol. 1, brief, A.J. Duvenhage - Direkteur van Besproeiing, 24/01/1949.

⁴⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1814/M36, brief, G.J. Kuhn en Truter - Seksie-ingenieur, Laer-Oranjerivier, 11/01/1949.

⁴⁸ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 29/11/1949.

⁴⁹ SNBA, brief, verwysingsnr. 1/W/3, Stads-klerk, Keimoes Munisipaliteit - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 15/07/1949.

⁵⁰ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, vergadering, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Keimoes Munisipaliteit, 19/10/1949; SNBA, rekening, verwysingsnr. 1/W/3, Keimoes Munisipaliteit - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 29 Augustus, 1949.

Sommige Rooikopeilandboere het egter op hul eie die oorloop probeer vergroot om meer water na Rooikopeiland toe oor te spoel en dit sodoende te beskadig. Die munisipaliteit het daarop besluit om die ooreenkoms tussen die belangegroep nieig te verklaar en gedreig om die oorloop weer toe te maak.⁵¹ Skanskopeiland se bestuursraad was kennelik benoud oor die gevolge hiervan, omdat dit sou beteken dat Skanskop feitlik geen water in tye van droogte sou hê nie. Skanskopeiland se bestuursraad het besluit om 'n nuwe ooreenkoms met die munisipaliteit aan te gaan, ten einde toegang tot water te kon behou.⁵²

Die dilemma was egter dat Rooikopeiland op 'n onwettige wyse lae sluise in die kanaal geïnstalleer het, wat tot gevolg gehad het dat Rooikopeiland se boere die laaste gebruikswater van Skanskopeiland kon afkeer. Al het Rooikopeiland dan geen bydrae gelewer tot die vergroting van die oorloop nie, sou hulle steeds vry gebruik van water hê.⁵³

Aan die einde van 1949 was die bestuursraad van Skanskopeiland moeg vir al die twis oor water en het 'n duidelik uiteengesette klagbrief aan die Superintendent van Lande gerig aangaande Rooikopeiland se optrede. Die kwessie van die sluise wat so laag ingesit is dat dit die huishoudelike water van Skanskopeiland afgesny het ten tye van laagwater en Rooikopeiland se verbreking van die ooreenkoms met Keimoes se munisipaliteit, was die hoofklagtes.⁵⁴

Vanaf 1949 is daar pogings aangewend deur die Departement van Lande om Rooikopeiland en Skanskopeiland tot 'n vergelyk te laat kom oor die onderhoud en beheer van die kanaal op Rooikopeiland, sodat die staat die kanaal aan Rooikopeiland kon oorhandig om te bestuur en te onderhou.⁵⁵ 'n Informele ooreenkoms is in Augustus 1949 tussen die twee rade bereik, maar Murray was van mening dat die losse ooreenkoms met die eerste droogte van nul en gener waarde sou wees.⁵⁶ Die formele ooreenkoms sou egter eers in 1954 in samewerking met die staat gedoen word.

⁵¹ SNBA, brief, stadslerk, verwysingsnr. 1/W/3, 14/11/Keimoes Munisipaliteit - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 1949.

⁵² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, vergadering, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Keimoes Munisipaliteit, 19/10/1949; DWASU, (RV), band K50 – 2, vol. 1, brief, E.A.N. Steenkamp - Superintendent van Lande, 17/11/1949.

⁵³ DWASU, (RV), band K50 – 2, vol. 1, brief, E.A.N. Steenkamp - Superintendent van Lande, 17/11/1949.

⁵⁴ DWASU, (RV), band K50 – 2, vol. 1, brief, E.A.N. Steenkamp - Superintendent van Lande, 17/11/1949.


⁵⁵ DWASU, (RV), band K50 – 2, vol. 2, verwysingsnr. 4051/K.51, voorlegging, "Rooikopeiland en Skanskopeiland besproeiingskemas, voorlegging vir uitbeton van kanale", 06/04/1954, p. 2.

⁵⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, verwysingsnr. 209/K.51, W.A. Murray - Direkteur van Besproeiing, 25/08/1949.

4.2 Dreinerings van die eiland voor 1950

Die streeksargief van die Departement Waterwese bevat nie baie inligting oor enige dreineringswerk wat voor 1950 op die eiland gedoen is nie. Daar word wel melding gemaak van drie sugslote op die eiland, waarvan twee natuurlike dreineringslote is wat die water terug in die rivier gedreineer het. Omdat daar geen inligting vir die periode 1941 tot 1948 in die notuleboek van Skanskopeiland beskikbaar is nie, word daar benewens dokumente uit die streeksargief, staatgemaak op die briewe van die nedersetters⁵⁷ en mondelinge getuienis om 'n beeld van gebeure in hierdie tydperk te vorm.⁵⁸

Vroeë kaarte, soos die in 1906 en 1925, toon die natuurlike dreineringslote op die eiland aan. Die hoofdreineringsloop of blousandsloop, soos dit algemeen bekend gestaan het en steeds onder ouer inwoners bekend is, het ongeveer in die middel van die eiland deurgeloopt en het tot gevolg gehad dat die kanaal by erf 25 verlê moes word, met die aanlê van die eiland.⁵⁹ Dit was 'n vlak dreineringsloop en die watervlak het saam met die riviervlak gestyg en gesak.



Figuur 4.4: Natuurlike dreineringsloope in die eiland, ongeveer 1906.⁶⁰

Sommige erwe, soos erf 10 het van die begin af met 'n ernstige verbrakkingsprobleem te kampe gehad. Die bestuursraad het in 1946 'n poging aangewend om die verbrakking te keer deur 'n sugslot te grawe op die noorde- en westekant van die erf wat aangeheg het by die bestaande

⁵⁷ SNBA, brief, I.J.G. Greeff - T. Mitchell, Seksie-ingenieur, Laer-Oranjerivier seksie. 27/12/1955;

⁵⁸ J.A. Pool, mondelinge mededeling, 15/06/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/07/2013.

⁵⁹ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

⁶⁰ L. Bester, "Skanskop Island Report...", p. 5.

sugsloot teenaan erwe 3 - 7.⁶¹ Die water van die sloot is onderdeur die kanaal met 'n pypleiding geneem. Die sloot was nie baie diep nie, omdat dit deur 'n baie klipperige strook gegrawe is. Whysall was van oordeel dat die sloot geen doel gedien het nie:

Hierdie sugsloot is nutteloos want die waterpeil in dit [sic] is slegs 18 duim tot 2 voet laer as die grond.⁶²

Teenaan die 5 erwe, nrs. 3 – 7 het 'n natuurlike dreineringsloot geloop wat die 5 erwe van die ander erwe geskei het. Tydens veldwerk wat gedoen is in Skanskopeiland, is die spoor van die natuurlike dreineringslote gevolg, wat deur die landerye geloop het. Rietpolle wat oral op die soom van die natuurlike dreineringslote groei, asook die brakgedeeltes van sekere gebiede, bevestig die mondelinge getuienis van die ligging van die sloepe.⁶³ As die topografie van die eiland van naderby beskou word, wil dit voorkom asof die vyf erwe aanvanklik 'n aparte eilandjie was, wat mettertyd aan Skanskopeiland geheg het deur opslikking, soos die geval is by erf 26. Die waarneming is deur korrespondensie van Murray gesteun.⁶⁴

In 1946 is daar by die staat aansoek gedoen om dreinerings. Die staat het verbrakking as 'n daadwerklike probleem beskou en staatshulp is verleen met die beplanning van die dreinerings.⁶⁵ Die dreinerings is as 'n staatswerk beskou omdat die aansoek deur die Departement van Lande ingedien is⁶⁶ en die staat het die ingenieursdienste verskaf:

Deurdat hierdie applikasie deur die Departement van Lande ingedien is, is daar geen koste aan verbonde nie.⁶⁷

In 1946 het die raadgewende ingenieurs L.A. Mackenzie en V.T. Taylor die bestuursraad gehelp met die beplanning daarvan.⁶⁸ Daar is beplan om een nuwe sugsloot te grawe en die twee bestaande dreineringslote te verleng. Een hiervan was die natuurlike dreinerings van die

⁶¹ DWASU, (SV) band M.37, vol. 4, verslag, C. Cox, Sektie-ingenieur - Direkteur van Waterwese, 21/11/1956.

⁶² DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verslag, G. Whysal, Direkteur van Besproeiing, verwysingsnr. 1644/M.36, 02/08/1951.

⁶³ Veldwerk deur navorser in Skanskopeiland gedoen, 04/01/2013 - 07/02/2013.

⁶⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1181/M.36, brief, W.A. Murray - V.C. Taylor, 05-11-1946.

⁶⁵ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1181/M.36, brief, W.A. Murray - Sektie-ingenieur, Oranjeriviersektie, 31/10/1946.

⁶⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1181/M.36, brief, W.A. Murray - Sektie-ingenieur, Oranjeriviersektie, 12/11/1946.

⁶⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1271/M.36/VCT/JP, brief, V.C. Taylor - Superintendent van Lande, 12/11/1946.

⁶⁸ SNBA, brief, I.J.G. Greeff - T. Mitchell, Sektie-ingenieur, Laer-Oranjeriviersektie. 27/12/1955.

blousandsloep wat met 'n pyplyn wat teenaan erf 21 geloop het, na die rivier verbind is, om die water terug na die rivier te dreineer.⁶⁹

Die drie dreineringslote sou gesamentlik die oortollige water terug na die rivier toe dreineer.⁷⁰ Die projek is eers in 1951 ten volle uitgevoer.

Die sugslot teenaan erf 7 wat deur die nedersetters gegrawe is en aan die onderpunt van erf 7 in die rivier gedreineer het, het heelwat verligting gebring vir die verbrakking van die eiland, veral by erf 10 en ook erf 1. Die dreinering verrig vandag steeds die funksie, alhoewel pragmatiese dreineringsisteme intussen ook aangebring is.⁷¹

Greeff, die eienaar van erf 7, het die bestuursraad jare lank verkwalik vir die onwettige beskadiging van sy eiendom. Greeff was van mening dat die sugslot onwettig oor sy eiendom gegrawe is, dat hy besproeibare grond ontnem is, asook dat die vloedbeskermingswal wat sy erf moes beskerm daardeur verswak is. As uitvloeisel van die dispuut het hy enige verbetering aan die dreinering van die vyf erwe in die wiele gery.⁷² Hierdie saak asook die dreinering wat na 1950 gedoen is, sal in hoofstuk 5 meer volledig bespreek word.⁷³

⁶⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1181/M.36, brief, W.A. Murray - Seksie-ingenieur, Oranjerivierseksie, 31/10/1946.

⁷⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1181/M.36, brief, W.A. Murray - Seksie-ingenieur, Oranjerivierseksie, 31/10/1946; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1181/M.36, brief, W.A. Murray - Seksie-ingenieur, Laer-Oranjerivierseksie, 12/11/1946.

⁷¹ G.A. Visser [voorsitter Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 1992 - 2009], mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 15/06/2013.

⁷² SNBA, briewe, I.J.G. Greeff - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 09/10/1953; 04/07/1952; 07/01/1951; 11/01/1951; 16/04/1951; 27/08/1951; 08/12/1951; 07/04/1951; 17/03/1952; 06/08/1952; 08/06/1953; 19/10/1953; 15/10/1953; 30/10/1953; 10/11/1953; 13/11/1953; 19/12/1953; 29/10/1954; 30/11/1954; 23/03/1955; 30/03/1955; 23/08/1955; 09/01/1956; 21/05/1956; 01/11/1956; 09/11/1956; 19/11/1956; 26/11/1956; 03/12/1956; 30/12/1956; 07/02/1957; 27/03/1957; 07/04/1957; 20/04/1957; 21/08/1957; 14/11/1957; 17/11/1957; 14/03/1958; 19/10/1958; 14/11/1958; 05/11/1958; 25/04/1960; 16/05/1961; 12/10/1963; 08/06/1967; 23/06/1967; 08/08/1967; I.J.G. Greeff - Minister, 16/09/1953; SNBA, I.J.G. Greeff - Meester van die Hooggeregshof - 31/07/1952; I.J.G. Greeff - Minister, 20/11/1950; I.J.G. Greeff - Minister, 16/09/1953; I.J.G. Greeff - Departement van Besproeiing, 27/12/1955; I.J.G. Greeff - Seksie Ingenieur, 20/01/1960.

⁷³ Sien hoofstuk 5, afdeling 5.3.4.2, pp. 214 - 218.

4.3 *Vordering en probleme in die boerdery*

4.3.1 *Verbouing van gewasse*

Die landbouproduksie in die omgewing van Keimoes, het hoofsaaklik gefokus op lusernproduksie. Lusernhooi was die bes betalende produk van daardie tyd, omdat dit binne 'n ses weke siklus gesny en gebaal kon word. Periodieke droogtes het ook die vraag na lusernhooi verhoog, veral van veeboere weerskante van die rivier.⁷⁴ Hopkins is van mening dat die opbrengs van ongeveer 6 tot 8 morg 'n gesin van ses kon onderhou, maar dat daar dan geen speling was vir enige ekstras nie.⁷⁵ Dit was daarom verstaanbaar dat die nedersetter nie die kans wou waag om sy erf met beter betalende gewasse te beplant, wat minder gereeld geoes kon word nie.

Die wisselwerking tussen die vraag en aanbod van lusernhooi was 'n bepalende faktor vir die nedersetters se suksesvolle verbouing van lusernhooi. Die vraag na lusernhooi was goed, maar die bemerking van die produk verder as die nabye omgewing van die rivier het sy eie probleme geskep, omdat die markte ver was en bergingsfasiliteit vir groot hoeveelhede lusernbale beperk was.⁷⁶

Lusern het gesorg vir 'n bestendige kontant-inkomste. Momberg het bv. in Maart 1943 'n goeie snit van 220 lusernbale gebaal.⁷⁷ Ter staving hiervan toon G.A. Siepker van Rooikopeiland se boekhouding aan dat die prys van lusern vir die boekjaar 1942 - 1943 baie goed was. Hy het uit 'n totale inkomste van £770 die bedrag van £400 vir lusern ontvang. Die berekening is gedoen op die prys van 5/- en 4/9 vir 100 lb. lusern. Sy inkomste uit koring vir dieselfde boekjaar was slegs £23 vir 20 sakke koring en £120 uit wyn.⁷⁸

Siepker het die wynkelder reeds voor 1939 begin. Dit was 'n gebruik onder die dorps- en eilandboere om wyndruiwe soos hanepoot- en kristaldruiwe by Siepker se kelder in Rooikopeiland in te lewer, waar brandewyn, bekend as die Keimoes Blitz of Keimoesdop, teen betaling gestook is vir eie gebruik. Aan elke boer is 'n lisensie toegeken vir 30 gelling brandewyn per jaar. Siepker se seun onthou sy besoeke aan die kelder só:

⁷⁴ A.A.J. van Niekerk, *Kanoneiland...*, p. 44.

⁷⁵ H.C. Hopkins, *Kakamas, uit die wildernis...*, p. 191.

⁷⁶ H.C. Hopkins, *Kakamas, uit die wildernis...*, p. 198.

⁷⁷ B.J. Momberg, boekhouding, 01/06/1947 - 1948.

⁷⁸ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 167.

We often visited the cellar to see how brandy was distilled and sometimes tasted some. A teaspoonfull of 'naloop', just as it dripped from the pipe, with a mouthfull of water afterwards, burned all the way down to one's stomach.⁷⁹

Bankverslae van Uppington se Standard Bank-tak dui aan dat lusern in 1943 - 1945 die grootste bron van kontantinkomste in die gebied was, nl. £200,000 vir onderskeidelik 1943 en 1944 en £420,000 in 1945. Daarteenoor staan die inkomste gegenereer uit koring heelwat minder: £75,000 vir 1943, £104,000 vir 1944 en £122,000 vir 1945. Die verslae sluit die inligting van die Keimoes-tak, wat in 1940 gevestig is, ook in.⁸⁰



Figuur 4.5: Boerderybedrywighede. Let op die inheemse arbeid.⁸¹



Figuur 4.6: I.J.G. Greeff met 'n moderne lusernsnymasjien. Let op na die nuut opgesleepte noodwal.⁸²

⁷⁹ A.J. Siepker, *Siepker*, p. 57.

⁸⁰ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 167.

⁸¹ Foto in besit van A.A.R. Bruwer, A. Momberg en S.C. Schreuder.

⁸² E. de Vries, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

Wisselbou is toegepas. Koring is vanselfsprekend eerste gesaai, omdat dit die noodsaaklike broodmeel voorsien het. Die boerdery het geleidelik ontwikkel en gaandeweg is kontantgewasse soos ertjies, bone, katoen en mielies verbou.⁸³

Vrugtebone is in Skanskopeiland aangeplant en het al langs die kanaal gestaan. Die boerderytake was baie soos dié van vandag: Waterlei, lusern sny en hark, snoei van vrugtebone, bemesting, die oes en droog van vrugte.⁸⁴ Die volgende aantekening uit Momberg se private boekhouding gee 'n goeie beeld van die tipe landboubedrywighede wat op die tydstip beoefen is. Die inskrywing verwys ook na die belastinge en rente wat betaalbaar was:

Koring grond ploeg. Groot maak. Sny. Gerwe ry, mied pak. Dors. Vervoer. Sakke. Koste.

- Lusern besproei, sny, hark, hoop maak. Loshooi ry, pres bale[sic] ry. Draad.
- Vrugte Bome Besproei bemes Snoei (droog Koste) Swael Sakke Vervoer. [sic]
- Rosyntjies Besproei bemes Snoei droog koste swael Sakke vervoer.
- Onkruid [sic] bestryding. Oproeping. Draadloos lisensie. Wielbelasting.
- Wegbelasting. Twee volk. [sic] Erf rente. Ruspe gif.⁸⁵

Wingerd is met verdrag gevestig. 'n Skole-inspekteursverslag maak melding dat daar in 1944 in Skanskopeiland reeds 8 morg onder wingerde was.⁸⁶ Momberg se boekhouding toon dat hy alreeds in 1942 wingerd verbou het.⁸⁷ Mondelinge getuienis meen dat sultanadruiwe vir droogdoeleindes reeds vroeg in die 1940's deur Momberg en Strauss geplant is en dat die eerste druiwe wat geplant is in Skanskopeiland, hanepoot- en kristaldruiwe was.⁸⁸ De Beer meen dat Brink die skoolerf op Skanskopeiland in 1942 van sultanastokke voorsien het. Laasgenoemde wingerd was in 1992 steeds in produksie.⁸⁹

J.J. Momberg bevestig hierdie uitsprake, maar meen dat sy vader eers teen 1945 die eerste sultanadruiwe op sy perseel aangeplant het, met steggies wat hy by A.S. Brink gekry het. Dit was ongeveer 'n halfmorg en is op die mandjiestelsel gesnoei soos dit eertyds in die Boland gedoen

⁸³ H.S.B. Basson, *Skanskop...*p. 4; *Hoërskool Keimoes Gedenkblad 1903 - 2003*, Inspekteursverslag; S.J.G. Hofmeyr, p. 43.

⁸⁴ B.J. Momberg, boekhouding 01/06/1947 - 1948.

⁸⁵ B.J. Momberg, boekhouding 01/06/1947 - 1948, [spelling en skryfwyse is oorspronklik die van outeur].


⁸⁶ *Hoërskool Keimoes Gedenkblad 1903-2003*, Inspekteursverslag; S.J.G. Hofmeyr, p. 43.

⁸⁷ B.J. Momberg, boekhouding, 01/06/1947 - 1948.


⁸⁸ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; A.C. Strauss, mondelinge mededeling, Upington, 21/06/2013; J.J. Momberg, Persoonlike geskrifte, 31/05/2013.

⁸⁹ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 171.

is.⁹⁰ Sultana teen die Oranjerivier is tot in die laat twintigerjare nog nie opgelei nie en as bosstok op die mandjiestelsel opgelei deur die lote op so 'n wyse op te vleg, sodat die druiwelote in 'n mandjievorm groei. Daar is geglo dat sultanas langdraers (lote) moet hê om trosvorming te bevorder en daarom is 5 - 6 lote met snoeityd in 'n mandjievorm gevleg.⁹¹ Geen amptelike bevestiging van die jaartal van die eerste aanplantings sultanadruiwe in Skanskopeiland kon gevind word nie.



A



B

Figuur 4.7: Wingerd-opleistelsel op die mandjiestelsel A en B.⁹²

Dikwels moes die hele gesin inspring en help. Dit was nie vreemd dat kinders of die vroue dikwels tou gelei het of katoen geoes het nie, dit was bloot 'n landelike leefwyse. Daar is ook deur almal hand bygesit om vrugte te oes en te verwerk.

Meermale het sommige van die nedersetters by meer vooruitstrewende nedersetters gewerk deur koring of lusern te sny of katoen te pluk, soos die boekhouding van Visser in 1942 wat aantoon dat hy 'n byverdienste gemaak het deur vir ander koring te sny. Daar is ook aantekeninge gevind van die inheemse bevolking wat as arbeiders in diens geneem is op sy erf.⁹³

⁹⁰ J.J. Momberg, Persoonlike geskrifte, 31/05/2013.

⁹¹ J.H. van der Westhuizen, *Geskiedkundige oorsig van snoei- en opleimetodes van wingerd in Suid-Afrika* (Stellenbosch, Elsenburg Landboukollege, s.a.), p. 8.

⁹² J.H. van der Westhuizen, *Geskiedkundige oorsig ...*, p. 9.

⁹³ NJVPA, Boekhouding, N.J. Visser, 03/04/1942.

4.3.2 Vervoer

Vervoer was in daardie dae 'n groot probleem, omdat die padverbinding tussen Upington en Keimoes 'n grondpad met swaar duinsand was, wat moeilik gery het.⁹⁴ Spoorverbinding het sy eiesoortige probleme gelever. Die smal spoorlyn wat tussen Upington en Kakamas gebou is, is in 1926 voltooi, maar die smalspoorlokomotief, genoem die Koffiepot, was nie geskik vir die swaar lusernvrage wat dit moes vervoer nie.⁹⁵ Hopkins maak die volgende opmerking oor die probleme met die smalspoortrein:

Nadat die trein gekom het, bly handel in lusernhooi maar 'n 'pyntensie',⁹⁶ soos die mense sê.⁹⁷

Die spoorlyn is eers in 1949 na jarelange pleitskrifte met 'n breër spoorlyn vervang, waarna die vervoer vergemaklik is.⁹⁸



Figuur 4.8: Die smalspoortrein wat tussen Kakamas en Upington gereis het en lusern vervoer het.⁹⁹

⁹⁴ CGVPA, F.P. Smit & J.J.C. Smit, onderhoudnr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; J.A. Pool, mondelinge mededeling, 15/06/2013.

⁹⁵ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 115; H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 182.

⁹⁶ Pyntensie is 'n verwringing van die woord penitensie, wat dui op 'n onaangename taak of straf.

⁹⁷ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 198.

⁹⁸ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 115.

⁹⁹ C.G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

4.3.3 Inspeksies

’n Bykomende faktor wat ’n rol gespeel het om die boerderypraktyk op Skanskopeiland te stimuleer, was die gereelde inspeksies deur die Departement van Lande wat onderneem is om die gehalte en vooruitgang van die erfboerdery te kontroleer.¹⁰⁰

S.C. Schreuder vertel dat daar op ’n keer inspeksie deur ’n departementele amptenaar by haar vader, B.J. Momberg, gedoen is, waartydens ’n daggaplantjie tussen die lusern gevind is. Dit het bontstaan gekos om ’n geloofwaardige verduideliking te gee, aangesien dit ’n aanvaarbare praktyk was om dagga in die diere se voer te meng.¹⁰¹ M.C.B. Smit vertel meer oor die gebruik van dagga as kragvoer vir die diere:

Die lappie grond agter die kanaal op die rivier se wal was op daardie stadium nog nie bewerk nie. Daar was darem al ’n sluis en mens kon water lei – en daar het Pa ’n klompie daggaplante gehad. Daar het dikwels ’n handvol daggablare saam met die mielies in die ‘nose bag’ beland. Net om die diere bietjie te motiveer. Ek sal nie kan sê of dit ’n algemene praktyk was nie, want die grootmense het nie daarvoor gepraat nie.¹⁰²

Die praktyk word bevestig deur Momberg, in ’n onderhoud met Cornelissen, waar Momberg vertel dat die opkikkerkrag van dagga op die donkiediere alombekend was. Hy meen toe om dié raat op sy moeë diere toe te pas. So gooi hy toe ’n goeie handvol dagga oor die diere se voer. ’n Rukkie later het vier van sy span van twaalf diere ‘dood’ gelê met sulke groot sweetdruppels op hul lywe. Dit was ’n groot slag. Toe hy later weer gaan kyk, was die vier reeds op hulle pote, maar goed smoordronk. ’n Tweede toets met net ’n klein bietjie dagga het die donkies so uitgelate gemaak, dat hulle in die tuig moes vasgehou word. Dié verhaal is bevestig deur Momberg se seun, J.J. Momberg.¹⁰³

¹⁰⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1644/M.36, verslag, G. Whysall, Direkteur van Besproeiing, 02/08/1951; J.A. Pool, Persoonlike geskrifte, 15/07/2013; CGVPA, F.P. Smit & J.J.C. Smit, onderhoudnr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

¹⁰¹ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoudnr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.

¹⁰² M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

¹⁰³ A.K. Cornelissen, “Die donkie langs...”, p. 27; J.J. Momberg, Persoonlike geskrifte, 31/05/2013.

4.3.4 Koöperasies en staatsinstellings stimuleer die boerdery

Die Oranje Koöperasie Bpk. is op 1 Junie 1937 tot stand gebring na die samesmelting van die Louisvale Ko-operatiewe Maatskappy Bpk. en Uppington Ko-operatiewe Lusern Maatskappy Bpk.¹⁰⁴ Die koöperasie het hoofsaaklik gesteun op lusernproduksie deur die boere, terwyl die boere weer afhanklik was van die bemaking van hul produk deur die koöperasie. Daar was derhalwe 'n dimensie van interafhanklikheid tussen die boer en die sakeman. Die koöperasie en ander instellings wat die boer se produk aangekoop het, het 'n sterk ondersteunende rol gespeel om die ontwikkeling van die landbou op Skanskopeiland te orden en te stimuleer.

Die besigheid Solomon en Miller het ook lusernhooi aangekoop en was in kompetisie met die koöperasie. Dikwels het hulle 'n raps meer betaal as die koöperasie en het "goodfors"¹⁰⁵ aan verkopers van lusern uitgereik.

Die Oranje Koöperasie het sy lede mettertyd verbied om aan sy mededingers te lewer.¹⁰⁶ Smit onthou dat daar dikwels struweling was oor die inlewering van lusernhooi.

Soms was daar ook struwelinge tussen die erfhouers. Soos oor die Koöperasie. As jy 'n lid was, moes jy natuurlik jou produkte daar lewer. Maar Solomon en Miller het ook 'n stoor gehad waar hulle lusern ontvang het. As die buiteveld droog en die vraag groot is, het 'die Jode' 'n hoër prys aangebied as "die Kopperasie" wat meer op bestendigheid gefokus het – en 'n vraggie bale het soms maar deurgeglip na hulle toe. Min boere het hul eie vervoer gehad en moes iemand huur om sy oes aan te ry. Nuus van die verraad het dus vinnig uitgelek, en die sondebok het in 'n vuur van verontwaardiging gebrand. Maar nie té lank nie. Almal het besef dat geldnood 'n man dinge teen sy sin laat doen¹⁰⁷

Die Suid-Afrikaanse Droëvrugtekoöperasie het in 1939 'n ontvangsdepot vir droëvrugte in Louisvale opgerig waar droëvrugte soos sultanas, hanepootrosyntjies en perskes ingeneem is. Vanaf 1947 is daar ook 'n verpakkingsaanleg vir die vrugte opgerig.¹⁰⁸

¹⁰⁴ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, pp. 165 - 166.

¹⁰⁵ 'n 'Goodfor' was soortgelyk aan 'n koopbewys. [M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.]

¹⁰⁶ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 166.

¹⁰⁷ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

¹⁰⁸ M. de Beer, *Keimoes en omgewing...*, p. 169.

Die daaropvolgende aantal jare was gekenmerk deur vooruitgang onder die meeste nedersetters. F.P. Smit vertel dat heelwat van die nedersetters gaandeweg gebruik gemaak het van Landbanklenings. Die Landbank, (Land and Agricultural Bank) is 'n staatsinstelling wat in 1912 deur die Unieregering tot stand gebring is. Die Landbank het aan die nedersetters hulp verleen deur die nodige kapitaal voor te skiet, met meer voordele aan verbonde as die lenings by kommersiële banke.

Lenings is aangewend vir die aankoop van vee en grond, asook implemente teen 'n laer rentekoers en langer terugbetalingstermyn.¹⁰⁹ Daar kan ongelukkig nie met sekerheid vasgestel word wanneer die eerste nedersetters op Skanskopeiland begin het om van dié lenings gebruik te maak nie. Die vroegste bewyse van aansoeke om Landbanklenings aan nedersetters wat in die bestuursraadsargief gevind is, is op 5 November 1948 (J.L. Crafford), 8 Februarie 1949 (L.B. Compaan) en 27 Julie 1949 (C.F. Pool), wat die lenings aangewend het om hul erwe te betaal en daarmee 'n kroongrondbrief te ontvang. In dié opsig het 'n staatsinstelling ook 'n bepalende rol in die vooruitgang van die nedersetters en die boerdery gespeel.

Heelwat kroongrondbriewe is in die tydperk 1938 – 1948 uitgereik. Verskeie kroongrondbriewe is veral in 1947 ten gunste van erfhouers uitgemaak. Sommige is daarna aan 'n nuwe erfhouer verkoop en getranspoteer.¹¹⁰ As voorbeeld is die erf en bou-erf, nrs. 47 en 113, van B.P. Crafford op dieselfde dag as wat die kroongrondbrief ten gunste van hom geregistreer is, aan C.P. du Plessis getranspoteer. So ook die grond van G.G. Swiegers aan L.J. Erasmus.¹¹¹ Swiegers se grond is verkoop aan 'n nuwe intrekker. Die ouderdom van Swiegers ten tye van die verkoop in 1947 was ongeveer 50 jaar en dié van Crafford 58 jaar. Die koopprys van Swiegers se grond was £201. Swiegers het kwalik 10 jaar geboer. As versagting kan genoem word dat Swiegers se vrou in 1944 oorlede is en dat hy na mondelinge getuienis nie kans gesien het om aan te gaan met die boerdery nie.¹¹²

¹⁰⁹ P.L. Wickens, "Agriculture" in F.L. Coleman (ed.), *Economic History of South Africa*, p. 81.

¹¹⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, kroongrondbrief, verwysingsnr. Sett.20046, 22/08/1947; CGVPA, F.P. Smit, onderhoudnr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.J.C. Smit, onderhoudnr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

¹¹¹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, kroongrondbrief, verwysingsnr. Sett.20012/3432/M.36, 30/12/1947.

¹¹² M.C.B. Smit, *Noord-Kaapland...*, p. 16 ; Skanskopeiland-begraafplaas; J.A. Pool, mondelinge mededeling, 15/06/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

Met die meer moderne implemente, soos dorsbakke, trekkers, snymasjiene, harke en baalmasjiene het die boerdery makliker geword. Daar was ook dikwels komiese oomblikke wat saam met die vooruitgang gekom het, soos M.C. B. Smit uit sy jeug onthou:

Een van die eerste trekkers in die eiland was, sover ek onthou, oom Cloudie Marais s'n. So 'n oranje ene met wye wiele voor. Hy het daardie ding gery soos 'n 'Hell's Angel' sy *Harley*. Hom selfs laat 'wheelie' ook. As die ploegskaar in die grond sak, laat hy die koppelaar vinnig los. En as die voorwiele so van die grond af oplig, dan lag oom Cloudie uit sy maag. Met die krag van die trekker kon hy die ploegskaar natuurlik dieper laat sak as wat met diere moontlik was. Hy het Skanskop se grond soos dit aan die begin was, weer van onder af uitgelig.¹¹³

Die vooruitgang het meegewerk aan 'n verandering in die status van die nedersetter. Die status van staatsafhanklike is verander na dié van 'n belastingbetaler. Hy kon met trots sy beroep aangee as erfhouer of boer. Wanneer daar gekyk word na die likwidasie- en distribusierekening (1947) van N.J. Visser na sy afsterwe, word daar na hom verwys as "landbouwer". Op die staat se belastingaanslagvorme van 1948 is die erfhouers se beroep as boer aangedui.¹¹⁴ Dit het ook op ander vlakke van die samelewing gerealiseer. As voorbeeld hiervan is die nedersetter N.J. Visser se beroep in 1945 as "boer" aangedui op 'n dokument van die Suid-Afrikaanse Weermag.¹¹⁵

¹¹³ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

¹¹⁴ NJVPA, eerste en finale likwidasie en distribusierekening van die boedel van wyle N.J. Visser; NJVPA, C.F. Visser, Verklaring vir persoonlike belasting, 1948.

¹¹⁵ NJVPA, dokument van aktiewe diens in die Unieweermag van N.J. Visser, 10/10/1945.

This certificate is incomplete unless there are other written up or filed through in this. Alterations in the written portion of the certificate must have the initials of the officer who signed it. Veranderinge in die geskrewe gedeelte van die sertifikaat moet deur die onderskryfende offiser gesondteer word.

Medals and decorations gained over the period covered by this certificate.
Medalje en dekorasies verwerf gedurende die tydperk waartoe die sertifikaat gaan.

Quatuor medaille

HIS DESCRIPTION AT THE TIME OF HIS ENLISTMENT WAS AS FOLLOWS :- SY BESKRYWING TEN TYDE VAN SY INSKRYWING WAS AS VOLG :-	
Age Ouderdom	43 JR 9mae
Height Lengte	5'7 7 am
Complexion Gelaatskleur	Brown
Eyes Oë	Blue
Hair Hare	Dark
Trade Beroep of ambag	Boat
Marks or Scars, whether on face or other parts Kentekens of littenens op gesig of op ander of the body liggaamsdele	

Campuses during the period covered by the certificate.
Ydelinge vir die tydperk waartoe die sertifikaat gaan.

Quatuor medaille
 1914-15

D.D. 527.

Figuur 4.9: Dokument van aktiewe diens in die Unieweermag van N.J. Visser.¹¹⁶

Die implikasie hiervan is dat die nedersetters, wat voorheen geen eiendom besit het nie, en dikwels die status van 'n swerwer gehad het, 'n verhoogde status verwerf het as dié van 'n grondbesitter. Greeff beskryf homself in korrespondensie met die bestuursraad as 'n erfhouer.¹¹⁷

Die nedersetters het nie van erwe of persele gepraat nie, soos Basson dit onthou:

Nee, gronde was die woord, want was dit dan nie gronde wat deur die regering aan ons toegeken is nie. Na die depressiejare en vreeslike armoede was dit vir die eilandbewoners hul eerste stukkie eie: 'n vastrapplek om weer eens 'n begin te maak.¹¹⁸

4.3.5 Invloed op die nedersetters

Die geleentheid om landbougrond op Skanskopeiland te bekom, het aan die meeste nedersetters 'n kans gebied om hulself op te hef, by wyse van selfwerkzaamheid, waardeur hulle die agting en erkenning in die breër gemeenskap verkry het. Aanvanklik was daar geen

¹¹⁶ NJVPA, dokument van aktiewe diens in die Unieweermag van N.J. Visser, 10/10/1945.

¹¹⁷ SNBA, brief, I.J.G. Greeff - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 20/11/1948.

¹¹⁸ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 4.

diepgaande sosiale standverskille binne die nedersetting nie. Almal was behoeftig en het 'n gemeenskaplike doelwit gehad om deur selfwerkzaamheid die eiland tot 'n lewensvatbare boerdery-omgewing te omskep. Elkeen se werk en bydrae het dieselfde gewigswaarde gehad.

Daar is wel mondelinge getuienis dat die onmeetlike armoede en die gebrek aan infrastruktuur tot gevolg gehad het dat sommige van die nedersetters 'n minderwaardige mentaliteit ontwikkel het teenoor dié wat beter daaraan toe was, of in ander besproeiingsgebiede of in die dorp gewoon het.¹¹⁹ Met die groei en opbou van die nedersetting het die arm nedersetter 'n beter selfbeeld ontwikkel wat die gees van minderwaardigheid vervang het en was daar by die meeste nedersetters die hunkering na sukses en prestasie.¹²⁰

Die Minister van Lande, sen. A.M. Conroy, het in 1947 sy duidelike tevredenheid ten opsigte van die prestasievlak van die nedersetting uitgespreek. Tydens die bespreking van die wetsontwerp op die Skanskopeilandnedersetting wat voorsiening sou maak vir die skep van 'n selfstandige bestuursraad, was dit opmerklik dat die nedersetters binne die eerste dekade van die nedersetting 'n ekonomies-selfstandige en selfversorgende gemeenskap geraak het. Hieroor het sen. Conroy gesê:

Die nedersetters op Skanskop maak 'n baie goeie bestaan: Hulle doen baie goed.

In die seisoen van 1945-'46 bv. het hulle ooste 'n bedrag van £41,000 ingebring.

Gemiddeld £650 per nedersetter het hulle gemaak in daardie jaar.¹²¹

Dié uitspraak word ondersteun deur die nougesette persoonlike boekhouding van Momberg, wat in die boekjaar 1946 - 1947 met koring, lusern en perskes 'n inkomste van £629-14-10^d [seshonderd-nege-en-twintig pond, veertien sjielings en tien pennies] gegenereer het.

N.J. Visser se eenvoudige boekhouding dui dieselfde tendens aan. In 1944 was hy gelisensieer vir 'n vragmotor wat in 1947 verseker is teen 15/- [vyftien sjielings].¹²² In konteks met die omgewing waarbinne hy geleef het, is die boedel van Visser, wat vaste bates ter waarde van £1,399-9-2^d [eenduisend driehonderd nege-en-negentig pond nege sjielings en twee pennies]

¹¹⁹ J.J.C. & E.C.C. Smit, mondelinge onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 01/05/2010; M. Compion, mondelinge mededeling, 02/07/2013.

¹²⁰ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4.

¹²¹ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad...*, deel 60, 1947/02/21 - 1947/04/25, kol. 2228.

¹²² NJVPA, dokument nr. EE7/1/47, bestuurslisensie N.J. Visser, 18/07/1944; Suid-Afrikaanse Trust en Assuransie Maatskappy, Beperk.

beslaan het, 'n afdoende bewys dat hy uit 'n eenvoudige bestaanseconomie gevorder het tot 'n selfstandige bestaan, waarbinne hy redelike bates kon bekom.

Sommige nedersetters het ander maniere gevind om hul inkomste aan te vul en het dikwels met smouswerk op die omliggende plase 'n ekstra inkomste gegenereer. Daaruit het 'n sekondêre nywerheid gegroei, soos dié van die seun van B.M.N. Steyn, wat 'n algemene handelaarbesigheid in Skanskopeiland gevestig het.¹²³

4.4 Skanskopeiland verkry selfstandige bestuursmagte

4.4.1 Behoeftte aan selfstandigheid

Teen 1947 het die erfhouers op Skanskopeiland die behoefte ondervind om selfstandige bestuursmagte te ontvang en is herhaaldelike aansoeke aan die staat gerig om deur middel van wetgewing 'n amptelike selfstandige bestuursliggaam vir die eiland te skep.


Een voorbeeld hiervan word gevind in 'n brief van B.F. Burger wat namens die nedersetters aan die Direkteur van Besproeiing geskryf is, waarin daar navraag gedoen is omtrent die stigting van 'n Waterraad of Besproeiingsraad vir Skanskopeiland.¹²⁴

Waterleibeurte was 'n konstante frustrasie vir die nedersetters en het deels aanleiding gegee tot die behoefte aan 'n wettig verkose bestuursraad, sodat daar 'n amptelike liggaam was wat leibeurte wettig kon afdwing en waterkwessies kon aanspreek. Groot dele van die erwe was teen 1946 gelykgesleep, alhoewel in trappe. Dit het meegebring dat daar meer landerye onder besproeiing was, wat 'n groter behoefte aan water geskep het.¹²⁵

¹²³ B.M.N. Steyn, Persoonlike geskrifte, in besit van outeur, 27/06/2013; Sien hoofstuk 6, afdeling 6.7, pp. 275-277.

¹²⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 21272, brief, B.F. Burger namens die nedersetters - Direkteur van Besproeiing, 02/01/1946.

¹²⁵ SNBA, brief, I.J.G. Greeff - Superintendent van Lande, 15/05/1946.



Figuur 4.10: Erkenning van ontvangs van die brief van I.J.G. Greeff
aangaande die wettige bestuurraad van Skanslopeiland.¹²⁶

Nog 'n voorbeeld was die brief van Greeff aan die Departement van Lande met dieselfde versoek om selfstandige bestuur.¹²⁷ Die rede vir die aansoek was, soos dié van Burger, om die gebruik van water met georganiseerde en vasgestelde waterleibeurte te koördineer en te verdeel, sodat elke eienaar sy regmatige deel water kon kry.

¹²⁶ EDVPA, brief, I.J.G. Greeff – Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 15/05/1946.

¹²⁷ SNBA, brief, I.J.G. Greeff - Minister van Lande, 05/04/1946.

Greeff het sy saak so gestel:

Die water op Skanskopeiland is onderling in beurte verdeel, maar aangesien die erfhouers hulle nie almal by voorwaarde bepaal nie, bring dit geen oplossing aan die skaarste van water op die onderste erwe nie.¹²⁸

Uit die versoeke om selfstandige bestuur, blyk dit dat die nedersetters graag inspraak wou hê in die besluitneming oor die bestuur van die eiland.

4.4.2 Die Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947

Met die Tweede Wêreldoorlog iets van die verlede, kon die staat weer aandag aan sake soos Skanskopeiland se selfstandigheid gee.¹²⁹ Die eerste beweging in die rigting van 'n wettig verkose bestuursliggaam was die gesprek in Maart 1946 tussen die seksie-ingenieur, V.T. Taylor en die bestuursraad van Skanskopeiland om die totstandkoming van 'n wettige bestuursliggaam vir die eiland te bespreek.¹³⁰ Die Direkteur van Besproeiing het in die middel van 1947 aan die seksie-ingenieur geskryf dat die Departement van Lande reeds besig was met die beplanning vir die samestelling van 'n bestuursraad wat Skanskopeiland sou bestuur en beheer.¹³¹

Daarby het die staat gevoel dat die tyd ryp is om selfstandige status aan die nedersetting toe te ken. Die Minister van Lande, sen. A.M. Conroy, het tydens 'n Volksraadsdebat in April 1947 oor die wetsontwerp van die Wet op Skanskopeiland, hieroor die volgende gesê:

Reeds in die begin van die oorlog al het die nedersetters aansoek gedoen vir hulle eie bestuur. Ons kon dit nie voorheen aan hulle gee nie, maar ek kom nou by die eerste geleentheid om hulle hul eie bestuursraad daar te gee.¹³²

¹²⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 21272, brief, B.F. Burger, namens Skanskopeiland erfhouers - Direkteur van Besproeiing, 02/01/1946.

¹²⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, p. 2, 03/01/1944. [Slegs parafering van naam gebruik, ontvanger se naam onleesbaar.]

¹³⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 76/M.36, brief, V.C. Taylor - Direkteur van Besproeiing, 24/01/1946; DWASU, (SV), verwysingsnr. 697/M.36, brief, V.C. Taylor - Direkteur van Besproeiing, 11/03/1946; brief, V.C. Taylor - Direkteur van Besproeiing, verwysingsnr. 21272, 18/7/1947.

¹³¹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 21272, brief, Direkteur van Besproeiing - Seksie-ingenieur, 27/06/1947.

¹³² Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad...*, deel 60, 21/02/1947 - 25/04/1947, kol. 2228.

Die staat was met reg trots op boerderygemeenskap van Skanskopeiland wat in bykans tien jaar ontwikkel het tot 'n ekonomies-volhoubare nedersetting. Goeie begeleiding deur die staat het die nedersetters in staat gestel om hierdie ontwikkelingsvlak te bereik.

Spesiale wetgewing het aan Skanskopeiland se bestuursliggaam dieselfde mag as 'n besproeiingsraad besorg. Die wetgewing wat aan Skanskopeiland 'n onafhanklike bestuursraad besorg het, is goedgekeur op 8 Mei 1947.¹³³ Die Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, hierna genoem die Skanskopwet, het van krag geword met die publikasie daarvan in die *Staatskoerant* van 9 April 1948 onder kennisgewing nr. 723.¹³⁴

Die wet omskryf die gebied van Skanskopeiland as volg:

a) Die plaas Skanskop, afdeling Kenhardt, groot 700 morge; b) Besproeiingserf no.1 Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, groot 11.6655 morge; c) Besproeiingserf no.67, Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, groot 1.0467 morge; d) Besproeiingserf no.68, Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, groot 9.4496; e) Besproeiingserf no.67A, Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, groot 1.0433 morge; f) Sodanige grond as wat die raad van tyd tot tyd mag verkry.¹³⁵

Die wet maak voorsiening vir die volgende:

[D]ie instelling en samestelling van 'n bestuursraad met die naam Skanskop-nedersettingsbestuursraad om die Skanskopnedersetting te bestuur en te beheer; om die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van daardie raad te omskrywe; om sekere grond en sekere regte en verpligtings van die Regering aan daardie raad oor te dra; en om vir ander daarmee in verband staande aangeleenthede voorsiening te maak.¹³⁶

¹³³ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad...*, deel 60, 1947/02/21 - 1947/04/25, kol. 2228.

¹³⁴ SAB, ACT, band 15, lêer 470/208, *Staatskoerant*, kennisgewingnr. 723, 09/04/1948; Departement van Lande, kennisgewing, 23/07/1948; SNBA, brief, Superintendent van Lande - Skanskopeiland, Plaaslike Komitee, 18/05/1948.

¹³⁵ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 11. [Die oorspronklike skryfwyse is gevolg soos aangedui in die beskrywing van Wet nr. 24 van 1947. Die grootte van 11.6655 morg beteken derhalwe ongeveer 11,6 morg; die grootte van 9.4466 morg beteken ongeveer 9.4 morg en die grootte van 1.0433 morg dui op ongeveer 1 morg.]

¹³⁶ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 1. [Afskrif van wet gevind in die Skanskop Nedersettingsbestuursraad Argief.]

Die Skanskopwet het voorts voorsiening gemaak vir die instelling van 'n bestuursliggaam. Die bestuursliggaam is op 22 Oktober 1948 deur die Uitvoerende Raad van die parlement geproklameer onder die naam 'Skanskopnedersettingsbestuursraad'. Die proklamasie sou op 1 November 1948 van krag word.¹³⁷ Hierna sal daar verwys word na die bestuursliggaam as die bestuursraad.

Die volgende magte en bevoegdhede is deur die wet aan die bestuursraad verleen:

Die bestuursraad is volgens die wet 'n regspersoon, wat as eiser en verweerder in sake kon optree en wat ook grond kan verhuur, huur, koop, besit, verkoop, skenk of verruil. Die transaksies kon slegs plaasvind indien die Minister van Lande dit sou goedkeur, asook twee derdes van die eienaars instem. Die opbrengs van sulke transaksies mag slegs bestee word met die goedkeuring van die Minister van Lande en die twee-derde instemming van die eienaars.¹³⁸

Die wet verleen aan die bestuursraad die mag om personeel aan te stel op kontrakbasis, soos bv. 'n sekretaris of waterfiskaal. Die persoon mag egter nie op die bestuursraad dien nie, aangesien geen lid van die bestuursraad vergoeding mag ontvang nie.¹³⁹

Die bevoegdhede wat aan die bestuursraad opgelê was, was om deur verstandige optrede die nedersetting te beheer en te bestuur; die besproeiingswerke te onderhou en te beheer; om alle rivierwalle, kanale, spruite en dreineringslote binne of langs die grense van die nedersetting teen vloedbeskadiging en grondverspoeling te beskerm en om die rivier se natuurlike plantegroei langs kanale en spruit in stand te hou en te bewaar; om krale en strukture van die kanaalwalle te verwyder. Sou die bestuursraad in gebreke bly om dit uit te voer, kon die Minister stappe neem om die werk op koste van die bestuursraad te voltooi.¹⁴⁰

Die bestuursraad kon belastinge hef in oorleg met en goedkeuring van die Minister van Lande.¹⁴¹ Die bestuursraad was volgens die wet nr. 8 van 1912, die Besproeiings en

¹³⁷ SAB, ACT, band 15, lêer 470/208, proklamasie van Skanskop Nedersettingbestuursraad, 22 /11/ 1948; SAB, ACT, band 15, lêer 470/208, *Staatskoerant*, kennisgewing nr. 4084, 07/01/1949; SNBA, (SV), verwysingsnr. 42, brief, Superintendent van Lande - E.H.J. Siepker, 26/07/1948.

¹³⁸ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 3.

¹³⁹ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 3 en p. 9.

¹⁴⁰ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 3.

¹⁴¹ SAB, ACT, band 16, lêer 470/214, brief, O.V. Fourie, Streeksverteenvoordiger, Departement van Lande – E.A.N. Steenkamp, Sekretaris, Skanskop Nedersettingsbestuursraad, 17/12/1955.

Bewaringswet, 1912, verplig om belastinggelde gedeeltelik of volledig aan vloedbeskermingswerke te bestee.

Herstel- en onderhoudswerk is deur die bestuursraad self onderneem en uit die belastinggelde betaal.¹⁴² Die bestuursraad, wat reeds voor die verkiesing onmin op Skanskopeiland moes hanteer, het besef dat die openbare mening oor die bestuursraad se bevoegdheid verdeeld was en het daarom nie staatgemaak op oproeping, waarvoor die heelhartige samewerking van die publiek nodig was nie.¹⁴³

Voorts was die bestuursraad ook verantwoordelik vir die higiëne en sanitasiebestuur van die eiland; goedkeuring van enige strukture of geboue; en ook die afbreek van sodanige strukture indien dit tot nadeel van die inwoners sou wees.¹⁴⁴

Die bestuursraad kon reëls uitvaardig wat onder meer betrekking het op die volgende: Gemeenskaplike weiveld en verhuring daarvan; verdeling van water, bou en oprig en instandhouding van geboue en verbeterings vir gemeenskaplike gebruik; instandhouding van paaie, behalwe dié onder die provinsiale administrasie; die bou van brûe oor kanale; die voorkoming van die besoedeling van water; die beheer van ongewenste diere deur te skut of te brandmerk; en die uitroeiing van skadelike onkruid. Boetes van hoogstens £20 kon opgelê word vir enige oortredings van die reëls soos hierbo genoem.¹⁴⁵

Alle grond is aan die bestuursraad oorgedra, met uitsluiting van die reeds verkoopte grond; grond wat die staat vir 'n openbare doel uitgehou het soos bv. die gereserveerde grond vir 'n skool; en enige ander grond wat die Minister van Lande sou uitsluit, soos bv. erf 70 en gedeelte van erf 91, wat vir die Departement van Besproeiing uitgehou is, is aan die bestuursraad oorgedra en die beheer sou in werking tree op die datum waarop die wetgewing in die *Staatskoerant* aangekondig sou word.¹⁴⁶

¹⁴² SAB, ACT, band 16, lêer 470/214, brief, Superintendent van Lande - Sekretaris van Lande, 15/03/1949; SAB, ACT, band 16, lêer 470/214, brief, P.W. Voight, Sekretaris van Lande - Superintendent van Lande, 22/02/1949.

¹⁴³ SAB, ACT, band 16, lêer 470/214, brief, Sekretaris van Lande - Minister van Lande.

¹⁴⁴ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 5.

¹⁴⁵ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 5.

¹⁴⁶ SAB, ACT, band 15, lêer 470/208, brief, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 14/04/1949; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 21272, brief, Direkteur van Besproeiing - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 27/06/1947.

Voorts is alle serwitute en ander reg tot besproeiingswerke wat die staat besit het of kon uitoefen, met die inwerkingtree van die wet aan die bestuursraad oorgedra en gevestig in die bestuursraad. Dit het meegebring dat die eiland nou onder die beheer en bestuur van 'n amptelike en wettig verkose bestuursraad sou val en die bestuursraad daardeur selfstandig kon belastings hef en bestuur kon toepas.¹⁴⁷

4.4.3 Samestelling van die bestuursraad

Die bestuursraad is saamgestel uit vyf lede wat elke tweede jaar gekies word deur die stemgeregtigde eienaars bo een-en-twintig jaar.¹⁴⁸ 'n Raadslid beklee sy amp totdat sy dienstermyn verby is, of totdat hy bedank of sterf, maar is herkiesbaar. Elke eenaar, wat een-en-twintig jaar of ouer was, kon deelneem aan die verkiesing. Die kieser kon soveel stemme uitbring as wat daar lede is, maar mag nie meer as een stem ten gunste van dieselfde kandidaat uitbring nie. Drie lede van die raad het 'n kworum op vergaderings gevorm. Enige persoon wat genomineer is, moes sy skriftelike toestemming vir sy nominasie en diens op die raad verskaf.¹⁴⁹

As 'n kieser nie die vergadering kon bywoon om te stem nie, kon hy 'n volmagvorm invul, wat 24 uur voor die verkiesing ingehandig moes word by die voorsitter of sekretaris.¹⁵⁰ 'n Raadslid moes voldoen aan sekere bepalings voor hy hom verkiesbaar as raadslid kon stel: Hy moes 'n grondeenaar wees, asook ouer as een-en-twintig jaar. Hy moes ook onderneem om vergaderings by te woon en die belange van die eiland voorop te stel. Met elke verkiesing moes 'n kennisgewing van die verkiesing ten minste een maand voor die verkiesingsdatum in Afrikaans, sowel as Engels in die *Staatskoerant*, asook die nuusblaai van die streek geplaas word.¹⁵¹

Die voorsitter, of by sy afwesigheid die ondervoorsitter, of waar beide voorsitter of ondervoorsitter afwesig was, die waarnemende voorsitter, moes altyd by vergaderings teenwoordig wees. Die voorsitter het by staking van stemme, benewens sy beraadslagende stem, ook die beslissende stem gehad. Die Minister het steeds die bevoegdheid gehad om

¹⁴⁷ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, pp .8 - 9.


¹⁴⁸ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 9.

¹⁴⁹ SNBA, verwysingnr. 42, brief, Superintendent van Lande - E.H.J. Siepker, 26/07/1948.

¹⁵⁰ SNBA, handgeskrewe nota van Siepker, 9/07/1948; SNBA, verwysingnr. 42, brief, Superintendent van Lande - E.H.J.Siepker, 26/07/1948.

¹⁵¹ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 9.

bepaalde regulasies uit te vaardig rakende die verkiesing van lede, byeenroep van vergaderings van die bestuursraad en van eienaars, die prosedure vir die heffing van belasting, die boekhouding van die bestuursraad en die reëling en prosedure vir die byeenroep van vergaderings van stemgeregtigde eienaars t.o.v. sake wat die nedersetting raak.¹⁵²



Figuur 4.11: E.H.J. Siepker: wettig-verkose voorsitter.¹⁵³

4.4.4 Eerste verkiesing van die bestuursraad


Die Departement van Lande het streng bepalinge gehad ten opsigte van die reël van die eerste bestuursverkiesing. Daar moes ook 'n kennisgewing van die datum van die vergadering in die *Staatskoerant* verskyn het. Die verkiesing is in die *Staatskoerant* van 9 Julie 1948 onder kennisgewing nr. 1409 afgekondig. Vervolgens moes al die nedersetters een maand vooraf kennis gegee word, dat die bestuursraadverkiesing op 24 Augustus 1948 om 11-uur aan huis van E.H.J. Siepker, op perseel 46 in Skanskopeiland gehou sou word.¹⁵⁴

Die bestuursraadverkiesing was vir die nedersetters 'n belangrike saak. Vir die eerste maal sedert die ontstaan van die eiland, het die erfhouers die geleentheid gehad om 'n wettig verkose beheerliggaam, wat die eiland selfstandig sou bestuur, te kies. Die bestuur sou die erfhouers se spreekbuis wees en hul belange op die hart dra. Die gemeenskap van Skanskopeiland het vir tien jaar 'n gemeenskaplike doel nagestreef, nl. om individuele eiendom te bekom, dit bewerk- en bewoonbaar te maak en onafhanklik van die staat te funksioneer.

¹⁵² SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 11.

¹⁵³ Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, *Skanskopeiland, 1938 - 1998*, p. 10.

¹⁵⁴ SNBA, afdruk van kennisgewing in die *Staatskoerant*, nr. 1409, 9/07/1948.



Figuur 4.12: Kennisgewing: Verkiezing van die Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad.¹⁵⁵

Die ideaal van onafhanklikheid het 'n hoogtepunt bereik met die selfstandige bestuur van die eiland. Die leiers wat verkies is, was die natuurlike leiers onder die groepie nedersetters. Hulle het saam hard gewerk, swaar gekry en opgebou en het in die groei- en ontwikkelingsproses ook hulle leierseienskappe geslyp. Die vaardighede wat hulle in die proses verwerf het, kon nou in diens van die gemeenskap gestel word. Die bestuurslede en die gemeenskap van Skanskopeiland het die omstandighede waarbinne Skanskopeiland ontwikkel is, eerstehands ervaar en begryp.

Die openbare vergadering waartydens die bestuursraad verkies is, is gehou onder die voorsitterskap van F.C. Hugo, die Superintendent van Lande.¹⁵⁶

¹⁵⁵ SNBA, afskrif van kennisgewing in die *Staatskoerant* van die eerste bestuursverkiezing.

¹⁵⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 80/3521/70, kennisgewing, Departement van Lande - Skanskopnedersetting, 02/01/1946.

As 'n kieser nie die vergadering kon bywoon om te stem nie, kon hy, soos die wet vereis en hierbo genoem, 'n volmagvorm invul wat 'n sekere tyd voor die verkiesing ingehandig moes word by E.H.J. Siepker, of G.J. Smit, wat dit aan die kiesbeamptes moes oorhandig.¹⁵⁷ F.C. Hugo, die verteenwoordiger van die Departement van Lande wat die verkiesing hanteer het, het die eerste wettig-verkose bestuurslede aangekondig, nl. E.H.J. Siepker (voorsitter) G.J. Smit, J. Smit, P.W. de Vos en J.J. Fourie.¹⁵⁸ Die instelling van die bestuursraad is sedert 1 November 1948 van krag, na kennisgewing daarvan in die *Staatskoerant* van 7 Januarie 1949.¹⁵⁹

4.4.5 Werksaamhede van die bestuursraad

Skanskopeiland se bestuursraad het dadelik met sy administratiewe take en organisasie begin. Die bestuursraad het 'n beroep op die publiek gedoen om "vooruitstrewend, verdraagsaam en tot vooruitgang van die eiland te werk".¹⁶⁰ Die bestuurspligte en -magte is streng volgens die voorgeskrewe prosedures uitgevoer.

Voor die aanvaarding van die Skanskop Nedersettingswet is geen notule onderteken nie. Ná die amptelike totstandkoming van die bestuursraad in 1948 is daar vir die eerste maal begin om amptelik notule te hou met 'n presensielys, verskonings en ondertekening daarvan deur die voorsitter, E.H.J. Siepker, asook die sekretaris.¹⁶¹

Vanaf 1948 het die bestuursraad amptelike rekeninge aan grondeienaars gestuur vir boetes en agterstallige boetes. Die agterstallige boetes is gereeld deur die plaaslike prokureursfirma namens die bestuursraad ingevorder.¹⁶²

Die bestuursraad het 'n waterfiskaal aangestel onderhewig aan die goedkeuring van Rooikopeiland se besproeiingsraad. Daar is ook besluit om 'n permanente sekretaris aan te stel teen die salaris van £5 per maand.¹⁶³ Ten einde die regte besluite oor belastingheffings op arbeidwoonbuurte, geboue, honde en fietse te neem, het die bestuursraad ook die raad van

¹⁵⁷ SNBA, handgeskrewe nota van Siepker, 9/07/1948; SNBA, verwysingnr. 42, brief, Superintendent van Lande - E.H.J. Siepker, 26/07/1948.

¹⁵⁸ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 28/08/1948.

¹⁵⁹ SAB, ACT, band 16, lêer 470/214, amptelike brief aan G.J. Kühn en Truter, 21/02/1949; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 393/M.36, afdruk, *Staatskoerant*, 07/01/1949.

¹⁶⁰ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 28/08/1948.

¹⁶¹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 28/08/1948.

¹⁶² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 25/09/1948.

¹⁶³ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 11/08/1949.

Kanoneiland wat alreeds vanaf 1928 bestaan en in 1939 selfstandige bestuur,¹⁶⁴ soortgelyk aan die van Skanskopeiland ontvang het, hieroor geraadpleeg.

Die bestuursraad het die samestelling en uitvaardiging van die plaaslike regulasies vir Skanskopeiland, soos die van Kanoneiland, as 'n dringende saak beskou. Daarsonder kon die bestuursraad nie wet en orde in die mikrosamelewing handhaaf nie. Dit is in samewerking met die prokureursfirma, G.J. Kühn en Truter, asook die Departement van Lande opgestel en verfyn en eers in 1950 geïmplementeer.¹⁶⁵ Die rede hiervoor was dat die staat eers die proklamering van die wettige bestuursraad van Skanskopeiland in die *Staatskoerant* wou publiseer, voor die plaaslike regulasies goedgekeur kon word.¹⁶⁶ Hierdie afdeling sal in hoofstuk 5 verder bespreek word.¹⁶⁷

4.5 Kwessies en klagtes

Korrespondensie in dié tyd spreek soms van ongeduld en wrywing, selfs diepgaande twiste, soos dit menigmaal binne enige samelewing aangetref word. Kwessies soos verbrakking, waterleibeurte en veral waterstelery word dikwels aangehaal en was meermale die oorsaak van kwaai buurmanskap.¹⁶⁸

Verbrakking van die erwe en watervoorsiening was twee groot probleme. Veral nedersetter I.J.G. Greeff het gereeld klagtes in die verband aan die bestuur van Skanskopeiland gerig. Die optrede van Greeff sou in die vyftigerjare 'n hoogtepunt bereik, nadat hy sy klagte na die Departement van Lande en die Minister van Lande verskuif het.¹⁶⁹

¹⁶⁴ A.A.J van Niekerk, *Kanoneiland...*, p.37.

¹⁶⁵ SAB, ACT, band 16, lêer 470/214, brief, G.J. Kühn en Truter - Superintendent van Lande, 16/11/1948; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 12/10/1948; SNBA, verwysingsnr. HT/RA, brief, H.F.G. Truter - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 22/11/1950.

¹⁶⁶ SAB, ACT, band 16, lêer 470/214, brief, Superintendent van Lande - G.J. Kühn en Truter, 10/12/1948.

¹⁶⁷ Sien hoofstuk 5, afdeling 5.3.1, pp. 207-208.

¹⁶⁸ SNBA, brief, I.J.G. Greeff - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 01/10/1948; brief, H. Pool - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 18/04/1948; brief, D. M. le Roux - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 19/10/1948; brief, J.J. Fourie - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 11/02/1949.

¹⁶⁹ SNBA, briewe, I.J.G. Greeff - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 01/10/1948; 20/11/1948; 27/11/1948; 26/08/1949.

Die nuwe status van die bestuursraad is deur die nedersetters met respek hanteer. Briewe toon aan dat die aanspreekvorm, tipies van die tyd, hoogdrawend was.¹⁷⁰ Die bestuursraad is aangespreek as “Waarde heere”[sic], “Geagte Raad” en soms afgesluit met ’n eerbetoning, soos byvoorbeeld in nedersetter B.F.H. van der Westhuizen se brief aan die bestuursraad oor die verbrakking van sy erf:

Aan die Bestuursraad Skanskopeilandt

Wordt hierbij vriendelijk versoek om na vermoë mij te kom ontmoet op mij erf omtrent die brak gronde ik is gewillig om te betaal vir mij klipgronde al kan ik dit nie bewerk nie, maar ik verlang hulp bij die wat onherstelbaar is En wat nie gebreik wordt nie,

Mit alle erkentlijkheden en eerbied aan die Raad BFH van der Westhuyzen [sic].¹⁷¹

Sommige grondeienaars het selfs ’n naamstempel laat maak om korrespondensie mee te stempel, soos I.J.G. Greeff. Twis tussen bure was niks nuuts nie, maar dikwels was die omstandighede van so aard, dat die klagbrief selfs ’n draai by die Superintendent van Lande gemaak het.¹⁷² Dit is geduldig terugverwys vir beslegting na die bestuursraad, met die vermaning om nie die Departement van Lande met sulke kleinlikhede te belas nie.¹⁷³

WATERVERDELING EN NOGMAALS WATERVERDELING WAS DIE HOOFOORSAAK VAN ONDERLINGE TWISTE. Dié kwessie sou tot ’n kookpot lei wat aan die einde van 1948 oorgekook het en oorgespoel het na 1949. Onenigheid oor waterverdeling het gelei tot ’n dispuut onder die bestuursraadslede.¹⁷⁴ Eienaars van erwe teen die suidelike kanaal het die bestuursraad beskuldig van onregverdige

¹⁷⁰ SNBA, verskeie briewe soos die volgende, I.J.G. Greeff - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 01/10/1948; F. Fischer - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 27/6/1948; P.W. de Vos - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 18/12/1948; B.F.H. van der Westhuizen - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 05/08/1949; J.J.A. Smit - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 06/01/1949; P.J. Grobler - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 10/09/1949.

¹⁷¹ SNBA, brief, B.F.H. van der Westhuizen - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 05/08/1949 [Spelling gelaat soos oorspronklike brief].

¹⁷² SNBA, brief, H. Pool - Superintendent van Lande, 18/04/1948.

¹⁷³ SNBA, verwysingsnr. 42, brief, W. Olivier, Superintendent van Lande - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 29/04/1948.

¹⁷⁴ SAB, ACT, band 17, lêer 470/216, brief, gerig aan Minister van Lande vir bekragtiging van aanstellings [skrywer se naam onduidelik], 22/02/1949.

waterverdeling. Bestuursraadslede soos P.W. de Vos het as gevolg van verskille met die bestuursraadslede reeds in 1948 sy bedanking uit die bestuursraad ingedien.¹⁷⁵

Dié kwessie het nie net De Vos se bedanking tot gevolg gehad nie, maar ook J.J. Fourie en J.J.A. Smit as bestuursraadslede.¹⁷⁶ Hieruit het 'n krisis ontstaan, want die bestuursraad wat uit vyf lede bestaan het, het hierna nie meer 'n kworum van lede gehad vir enige besluitneming nie. Die bestuursraad het hiermee in duie gestort en was nie meer verteenwoordigend van die nedersetters nie.¹⁷⁷ Streng gesproke was dié optrede 'n mosie van wantroue in die bestuursraad.

Die bestuursraad het die gebeure in 'n ernstige lig beskou en het Murray van die Departement van Lande versoek om as onafhanklike arbiter 'n onafhanklike ondersoek te kom doen op die bestuursraad se koste, sodat die geskil besleg kon word.¹⁷⁸

Volgens Murray was die hooforsaak oor die onenigheid in die voorsiening van water gesetel. Murray het die vrees uitgespreek dat sake kan hande uitruk op die eiland.¹⁷⁹ Hugo het Murray se mening beaam:

Die oorsaak van hierdie bedankings is die algehele waterskaarste teen die Oranjerivier, en die feit dat, nou dat daar wel water is, wil al die besproeiërs gelyk water lei en hulle nie bepaal by die waterverdeling en beurte soos deur die Raad ingestel nie.¹⁸⁰

Die Minister van Lande het hierna drie lede aanwys wat die termyn moes voltooi.¹⁸¹ B.J. Burger is dadelik as derde lid aangewys, sodat die bestuursraad weer kon funksioneer.¹⁸² Daarna is L.J.

¹⁷⁵ SAB, ACT, band 17, lêer 470/216, kennisgewing, E.H.J. Siepker, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad - F.C. Hugo, Superintendent van Lande, 21/01/1949; SNBA, brief, P.W. de Vos - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 18/12/1948.

¹⁷⁶ SAB, ACT, band 17, 470/216, kennisgewing, E.H.J. Siepker, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad - F.C. Hugo, Superintendent van Lande, 24/01/1949; SNBA, brief, J.J. Fourie - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 11/02/1949.

¹⁷⁷ SAB, ACT, band 17, 470/216, brief, F.C. Hugo, Superintendent van Lande - P.W. Voight, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 14/02/1949.

¹⁷⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad - Seksie-ingenieur, 03/01/1949.

¹⁷⁹ SAB, ACT, band 17, 470/216, brief, W.A. Murray - Visser [geen aanduiding wie Visser is nie], 14/02/1949.

¹⁸⁰ SAB, ACT, band 17, 470/216, brief, F.C. Hugo, Superintendent van Lande - P.W. Voight, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 14/02/1949.

¹⁸¹ SAB, ACT, band 17, 470/216, handgeskrewe brief, [ontvanger en sender onleesbaar, geen datum].

¹⁸² SAB, ACT, band 17, 470/216, telegram, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 15/02/1949.

Booyesen en C.P. Marais deur die bestuursraad aangewys as nuwe lede en die besluit is deur die Minister van Lande bekragtig.¹⁸³

P.W. de Vos het egter ten spyte van die ondersoek 'n petisie, namens ses-en-dertig grondeienaars aan die suidelike kanaal, teen die bestuursraad by die Minister van Lande ingedien. Die petisie het die frustrasie van die grondeienaars met die aanhoudende watertekort verwoord.¹⁸⁴ Die bewering is gemaak dat ses-en-dertig grondeienaars aan die suidelike kanaal nie hulle regmatige leibeurte ontvang nie. 'n Afskrif van die petisie en klagbrief is na die bestuursraad gestuur. Die petisie het aangedui dat die nedersetters reeds aan die bestuursraad in die verband geskryf het, verskeie versoeke gerig het om die saak te besleg, maar dat daar geen reaksie daarop was nie. Die staat wou nie betrokke raak hierby nie, omdat die Skanskopwet aan die bestuursraad die bevoegdheid en beheer oor waterverdeling gegee het.¹⁸⁵

Sommige nedersetters se frustrasie met die watertekort en die swak hantering daarvan deur die bestuursraad, was so erg dat hulle hul klagtes direk aan die Minister van Lande gerig het.¹⁸⁶

Die nedersetters, onder die leiding van De Vos, het hulle saak baie emosioneel oorgedra:

Nou, Edelaagbare, het ons die punt behaal om te vergaan, of om tot ons Vader te gaan.... Ons oortuiging is so sterk ons vertrouwe in u so groot, dat ons besluit het om u te nader. As ons genade by u het en u ons vergun om ons klagtes met tekeninge en opmetings van gronde en die lys met name aan te stuur, sal ons op u antwoord wag.¹⁸⁷

Daarop is die kwessie ook aan die Superintendent van Lande, Hugo, voorgelê, waarop die klaers terugverwys is na die bestuursraad vir beslegting van die saak.

¹⁸³ SAB, ACT, band 17, brief, 470/216, F.C. Hugo, Superintendent van Lande - P.W. Voight, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 19/02/1949; SAB, ACT, band 17, brief, gerig aan Minister van Lande vir bekragtiging van aanstellings, [skrywer onduidelik], 22/02/1949.

¹⁸⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, petisie, P.W. de Vos vir suid-kanaal erfhouers - Minister van Lande, 07/02/1949; SAB, ACT, band 17, 470/216, petisie, P.W. de Vos vir suid-kanaal erfhouers - Minister van Lande, 07/02/1949.

¹⁸⁵ SAB, ACT, band 17, 470/216, brief, P.W. Voight, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Superintendent van Lande, 16/02/1949.

¹⁸⁶ SAB, ACT, band 16, 470/214, brief, J. S. Knouwds - Minister van Lande, 12/06/49.

¹⁸⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, petisie, P.W. de Vos vir suid-kanaal erfhouers - Minister van Lande, 07/02/1949.

In Februarie 1949 is Murray amptelik deur die Direkteur van Besproeiing aangestel om klagtes oor waterleibeurte en watervoorsiening in Skanskopeiland te ondersoek,¹⁸⁸ n.a.v. die klagtes en petisie. Die assistent-ingenieur, G.L.H. Bott, was hom behulpsaam. Murray se verslag het die onmin oor die watertekort aan 'n verskeidenheid redes toegedig: Nie alleen was die watertekort wat Skanskopeiland ondervind het gedeeltelik verantwoordelik vir die onmin nie, maar het hy ook aanbeveel dat die suidelike kanaal bietjie dieper gemaak moes word, sodat die water teen 'n steiler gradiënt sou val. Daarby was hy van mening dat Rooikopeiland se onbeheerde gebruik van water, grotendeels verantwoordelik was vir die watertekort in Skanskopeiland. Murray was voorts van mening dat die bestuursraad van Skanskopeiland nie die blaam moes dra nie:

In conclusion I beg to add that I have had a great deal of contact with Skanskop Island owners, and that water distribution, drainage and all other irrigation matters have in my opinion been very well handled to date.¹⁸⁹

Om die verdeling van water by Rooikopeiland na Skanskopeiland te vergemaklik, is daar voorgestel dat daar twee meetsluise teen £10 elk, ongeveer 10 vt. stroom-af van die bestaande verdelings gebou word. Daarby moes 'n oorloop by die inloop van die eerste pyp op die Rooikop-Skanskopeilandkanaal gebou word, met 'n afleivoor. Die doel hiervan was om die beheer van die kanaal te vergemaklik.¹⁹⁰

Die beraamde koste hiervan was £480. Hiervoor moes die bestuursraad 'n besproeiingslening en subsidie van £320 aanvra. Die bestuursraad van Skanskop het besluit om op 'n openbare vergadering die saak van die lening en ook die van die sugslote binne die eiland te bespreek.¹⁹¹ Die aansoek om 'n lening en ook die uitgrawe van die sugslot, is deur die grondeienaars goedgekeur. Die grondeienaars het hulle daadwerklike hulp, arbeid en ook geldelike bydrae vir die grawe van die sugslot aangebied, aangesien dit dreinerings van die eiland sou bevorder en

¹⁸⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, aanstellingsbrief van Murray as inspekteur in ondersoek na waterprobleme in Skanskopeiland, 21/02/1949.

¹⁸⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 6/M.36, verslag, Murray - Direkteur van Besproeiing, 01/04/1949; SAB, ACT, band 17, 470/216, brief, L.A. Mackenzie, Direkteur van Besproeiing - Minister van Lande, 08/04/1949.

¹⁹⁰ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verslag, G.L.H. Bott, "Verdeling van water in Skanskopeiland", 25/04/1949; DWASU, (SV), brief, E.A.N. Steenkamp, sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad - Seksie-ingenieur, 13/08/1949.

¹⁹¹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraadnotules, 24/02/1941; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, E.A.N. Steenkamp, Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad - Seksie-ingenieur, 13/08/1949.

tot voordeel van die hele nedersetting sou wees.¹⁹² Die Skanskopeilandbestuursraad het in samewerking met Rooikopeiland £320 as die twee-derde aandeel van die onkoste, op 'n besproeiingslening aangevra. Rooikopeiland sou slegs een-derde van die werk betaal, soos ooreengekom tussen die twee rade. Die lening sou oor tien jaar terugbetaal moes word.¹⁹³

Die Direkteur van Besproeiing het nie die lening aan Skanskopeiland goedgekeur nie, omdat die eiland nie 'n besproeiingsraad gehad het nie, maar onder 'n spesiale wet 'n bestuursraad was. Daarby kon Rooikopeiland se besproeiingsraad slegs aansoek doen vir so 'n lening, indien die twee rade tot 'n formele ooreenkoms sou kom t.o.v. waterverdeling, beheer en onderhoud. Rooikopeiland sou ook die verantwoordelikheid vir die lening moes dra. Om alles te kroon sou die lening net oorweeg kon word indien die beheer en kontrole van die kanaal wat as 'n staatswaterwerk beskou is, aan Rooikopeiland se bestuur oorgedra is.¹⁹⁴

Murray het skerp gereageer op hierdie voorwaardes. Nie net het hy die besluit as politiekery afgemaak nie, maar het hy ook die stadige pas waarteen besluite geneem is, gekritiseer. In sy brief het hy ook geïmpliseer dat Kanoneiland en Kakamas, wat ook onder spesiale wetgewing bestuur word deur bestuursrade, makliker lenings toegestaan is, omdat hulle politieke toue getrek het. Hy het sy spyt uitgespreek dat die gewone departementele kanale nie die saak kon hanteer nie. Murray se slotopmerking daaroor het boekdele gespreek:

Most of our irrigators are poorly educated men, of little experience. Complications such as servitudes, loans and subsidies are real problems to our local boards.¹⁹⁵

Murray het die laaste woord vir 1949 oor die saak te sê gehad. Die kwessie van die lening sou in 1950 hervat word.

¹⁹² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 24/02/1949.

¹⁹³ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, E.A.N. Steenkamp, sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Seksie-ingenieur, 13/08/1949.

¹⁹⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 21272/4, L.O.R.C, brief, Direkteur van Besproeiing – Sirkel-ingenieur, 23/11/1949.

¹⁹⁵ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 1334/K.51M.36, brief, W.A. Murray - Direkteur van Besproeiing, 31/12/1949.

4.6 *Apartheid vind weerklank in die koopakte*

Met die Nasionale Party aan bewind na die 1948-verkiesing, was D.F. Malan as Eerste Minister stewig in die saal.¹⁹⁶ Die land sou hierna 'n nuwe politieke rigting inslaan. Die beleid van die regerende party het gefokus op aparte ontwikkeling van al die rasse in Suid-Afrika. Dié beleid is ook van toepassing gemaak in alle koopaktes, grondbriewe en transportaktes, ook die van die nedersetters op Skanskopeiland.

Na goedkeuring van die Uitvoerende Raad en die toestemming van die Eerste Minister, is die nie-vervreemding en beswaringsvoorwaardes in alle bestaande koopaktes, grondbriewe en transportaktes gekanselleer, op voorwaarde dat dit vervang word deur die nie-blanke voorwaarde. Die voorwaarde het in beginsel daarop neergekom dat geen grond of eiendom aan 'n anderskleurige verkoop kon word, sonder die toestemming van die Goewerneur-generaal nie.¹⁹⁷ Die kopers of eienaars moes skriftelik aansoek doen by die Departement van Lande om die bepaalde voorwaardes op hul koopkontrakte te vervang met die nie-blanke voorwaarde.

4.7 *Die nedersetters se optrede dui op groei en selfstandigheid*

E.H.J. Siepker het in Mei 1949 sy bedanking as voorsitter en raadslid om gesondheidsredes ingedien.¹⁹⁸ Die gevolge van die ontevredenheid en spanning van die voorafgaande maande op sy gesondheid het dit vir hom onmoontlik gemaak om sy werk as voorsitter voort te sit.¹⁹⁹ Sedert 1935 het Siepker saam met Murray gewerk aan die Rooikopkanaal, eers as werksvoorman en waterfiskaal vir die Skanskopeiland-besproeiingsnedersetting, daarna as voorsitter van die werkskomitee en mettertyd as die wettig-verkose voorsitter van die amptelike bestuursraad.

Eugene Henry James Siepker is in 1949 oorlede, nadat hy 'n longkwaal opgedoen het. Hy en sy eggenote Alice, het hul lewe heelhartig gewy aan die eilandnedersetting se vestiging en vooruitgang.²⁰⁰ Ritchie, wat Siepker se keuring aanbeveel het, omdat hy in sy kundigheid en

¹⁹⁶ L. Koorts, *D.F. Malan and the rise...*, pp. 377 - 378.

¹⁹⁷ SAB, ACT, band 13, lêer 470/42, vol. 2, Minuut, Kantoor van die Eerste Minister, 14/11/1949; SAB, ACT, band 13, lêer 470/42, vol. 2, kennisgewing, E.H.J. Siepker - Superintendent, Oranjeriviernedersettings, 29/09/1949.

¹⁹⁸ SAB, ACT, band 17, lêer 470/216, brief, H.F.G. Truter - Superintendent van Lande, 26/06/1949; SAB, ACT, band 17, lêer 470/216, brief, F.C. Hugo - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 04/07/1949.

¹⁹⁹ SAB, ACT, band 17, lêer 470/216, brief, bedankingsbrief, E.H.J. Siepker - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 13 Mei 1949.

²⁰⁰ E.M. Siepker, persoonlike geskrifte, 03/04/2013.

ervaring ook 'n leier vir die nuwe nedersetting raakgesien het,²⁰¹ se opsomming van Siepker se karakter en leierskap is as korrek bewys. G.J. Smit het as waarnemende voorsitter opgetree totdat 'n nuwe verkiesing gehou kon word.²⁰²

Met die goedkeuring en proklamasie van die Skanskopwet is die eerste fase van ontwikkeling van die eiland afgesluit. Hiermee het die nedersetter nuwe regte onder die wet verkry. Nie alleen is hy vir die eerste maal wetlik beskryf as 'n grondeienaar nie, maar was hy 'n stemgeregtigde en kon hy deur middel van sy regmatige stem bepaal wie tot die bestuursraad van die eiland gekies word. Sy stem was bepalend in die heffing en spandering van belastinge. Na 1949 is daar in departementele korrespondensie verwys na die nedersetters as grondeienaars of erfhouers.²⁰³

Die nedersetters het geleidelik 'n eiewaarde ontwikkel wat aan hulle die selfvertroue gegee het om aan die bestuursraad en selfs aan die Minister te skryf en hulle griewe te lug. Uit korrespondensie kan afgelei word dat sommige nedersetters deeglik bewus was van die bepalinge van die nedersettingswet, hulle regte, asook die verpligtinge van die bestuursraad.²⁰⁴

Korrespondensie oor onderhoud, waterleibeurte en oproepings vir onderhoudswerk wat tussen 1938 en 1949 met die bestuursraad gevoer is, gee verdere aanduidings van vordering en groei van die nedersetting.²⁰⁵ Die bestuursraad is dikwels direk aanspreeklik gehou vir enige probleme, veral watertekort, soos die petisie aan die Minister van Lande bewys het.²⁰⁶ De Vos het byvoorbeeld byna 'n jaar na sy bedanking indringende vrae gevra oor die instandhouding en

²⁰¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedule, Applikasies vir 64 erwe op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, 27/10/1937.

²⁰² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraadnotules, 29/11/1949.

²⁰³ SNBA, brief, Departement van Lande - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, verwysingsnr. 470/139, 25/03/1949; SNBA, verwysingsnr. 470/214, brief, Departement van Lande - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 25/03/1949.

²⁰⁴ SNBA, brief, A.P. van Zyl - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 03/03 1949.

²⁰⁵ SNBA, brief, D. M. le Roux - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 19/10/1948; F. Fischer - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 27/6/1948; C.R. Liebenberg - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 19/08/1949; I.J.G. Greeff - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 01/10/1948; SAB, ACT, band 15, lêer 470/208, brief, J.S. Knouws - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 29/04/1949.

²⁰⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, petisie, P.W. de Vos vir suid-kanaal erfhouers - Minister van Lande, 07/02/1949.

skoonmaak van die kanaal oor sy erf.²⁰⁷ Die eerste tien jaar was moeilike jare, soos Maritz sy klagte oor watertekort afsluit:

So tien jaar is verby wat ons swaar kry met water, maar het darm[sic] gehoop dit sal beter gaan, en tot my spyt gaan dit slegter.²⁰⁸

Na tien jaar van boerdery onder die vlerk van die staat, het die nedersetters selfstandige denke ontwikkel en persoonlike groei ervaar. Alhoewel die nedersetters nie welvarend was nie, was daar 'n daadwerklike verbetering in die lewensomstandighede van die deursnee nedersetter.²⁰⁹

Alreeds vanaf 1941 is daar in notules opmerkings oor inheemse arbeid wat in diens geneem is deur die nedersetters, wat aandui dat hulle status van werkers na werkgewers verander het.²¹⁰ Hulle was nou belastingbetalers, 'n bate vir die staat, waardeur hulle bydrae tot voordeel van hulle boerdery en dié van die ander eilandbewoners aangewend is.

Ten spyte van natuurverwante terugslae soos waterskaarste, swak oeste of peste onder gewasse, het die nedersetter 'n persoonlike trots en selfbewustheid ontwikkel.

Klagtes en petisies rakende die probleme wat die nedersetters ondervind het, was kenmerkend van hierdie periode. Sosiale groeperings, mededinging onder mekaar en wantroue in die bestuursraad het posgevat onder die nedersetters.²¹¹

Dit is opvallend dat die verbetering in lewensomstandighede en die verhoogde eiewaarde gepaard gegaan het met die uitgesproke kritiek op die bestuursraad se optrede. Die gemeenskaplike doel om 'n nedersetting te vestig, die saamstaan en saam swaarkry om infrastruktuur te skep, het 'n kollektiewe samelewingsbewussyn geskep, waarbinne die sosiale grense vervaag het en almal gelyk was.

Ná die verkryging van selfstandige status in 1947 met die gepaardgaande statusverhoging as belastingbetaler en grondeienaar, het die gemeenskaplike doel om beter

²⁰⁷ SNBA, brief, P.W. de Vos - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 28/11 1949.

²⁰⁸ SNBA, brief, J.J. Maritz - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 13/12/1948.

²⁰⁹ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad...*, deel 60, 1947/02/21 - 1947/04/25, kol. 2228.

²¹⁰ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 24/02/1941.

²¹¹ SNBA, brief, J.J. Maritz - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 13/12/1948; SNBA, brief, A.P. van Zyl - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 03/03/1949; SNBA, brief, P.W. de Vos - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 28/11/1949.

lewensomstandighede te verwerf, verdwyn en het die nedersetter op sy eie behoeftes en persoonlike vooruitgang gefokus.

Hierna het die onus op die nedersetters berus om in samewerking met die bestuursraad die instandhouding en bestuur en vooruitgang van die eiland te onderneem en te bevorder.²¹² Met die onmin oor die waterkwessie en die gepaardgaande spanning voorlopig iets van die verlede, het daar nuwe uitdagings op die nedersetting gewag. Die weg na vooruitgang was nie sonder probleme nie, soos die uitbeton van die kanale en natuurrampe in die vyftigerjare sou bewys.²¹³ Dié projek sou die broodnodige gemeenskaplike doel verskaf wat die nedersetters tot doelgerigte samewerking sou dwing.

²¹² SNBA, Unie van Suid-Afrika, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, p. 1.

²¹³ Sentrale Argiefbewaarplek, (SAB), argiefgroep van Departement van Volkswelsyn (VWN) band 2641, lêernr. P6/29, verslag van S. Perholdt, Volkswelsynbeampte, Upington, "Verslag in sake persone vasgekeer deur vloedwater te Keimoes", 15/02/1955; SAB, VWN. band 2641, lêernr. P6/29, verwysingsnr. 18/12/8/2, verslag, "Armsorg aan oewerbewoners teen die Oranjerivier" Volkswelsynbeampte, Kimberley - Sekretaris van Volkswelsyn, Pretoria, 5/11/1955.

HOOFSTUK 5

Verdere ontwikkeling: 1950 – 1964

5.1 Die vyftigerjare

Vanaf die vyftigerjare het Skanskopeiland 'n tydperk van groei en ontwikkeling beleef. Die 1950's en 1960's was 'n tydperk van ongekende wêreldwye ekonomiese groei. Die groei van internasionale markte, dus ook die vraag na kommoditeite, het ook 'n effek in die plaaslike sfeer gehad, veral ook in gemeenskappe soos Skanskopeiland, wat landbouprodukte produseer het. Suid-Afrika in die algemeen, ook die nedersetters op Skanskopeiland, was derhalwe besonder goed geposisioneer om in die wêreldwye ekonomiese oplewing te deel.

Plaaslik is Skanskopeilandbestuursraad se magte uitgebrei om aankope of verhuring van grond in te sluit. Voor die proklamering van die Skanskop Nedersettingswet is sulke aangeleenthede deur die Departement van Lande hanteer. Grondeienaars se aansoeke om grond aan te koop of te huur, is nou deur die Departement van Lande terugverwys na die bestuursraad.¹

Die bestuursraad het daarby die finansiële en administratiewe bestuur van die eiland waargeneem. Die jaarlikse begroting wat deur die bestuursraad opgestel is, is op 'n openbare vergadering vir goedkeuring aan die gemeenskap voorgelê.

Benewens die uitoefening van die selfstandige bestuursmagte, is die infrastruktuur op die eiland grotendeels verbeter. Hier is derhalwe sprake van 'n tweede fase van ontwikkeling op die eiland.

Elke eienaar is aanspreeklik gehou vir die oortredings van die reëls en regulasies soos deur die Skanskopwet en die plaaslike regulasies neergelê, soos die talle boetes wat deur die prokureursfirma H.F.G. Truter opgelê aan persone wat met waterbeurte oortree het, of nie waterbelasting betyds betaal het nie, aandui.²

¹ SNBA, brief, F.J. de Vries - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 23/09/1948; H.F.G. Truter - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 31/07/1950; H.F.G. Truter - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 17/02/1953; H.F.G. Truter - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 31/07/1950; H.F.G. Truter - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 07/04/1960.

² SNBA, briewe, H.F.G. Truter - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 14/03/1951; 13/03/1950; 20/03/1950; 19/01/1952; 19/02/1952; 17/03/1953; 04/02/1953; 12/10/1953; 24/02/1956; 29/02/1956; 05/03/1958; SNBA, 21/11/1952; H.F.G. Truter - J.H.B. Agenbag, 19/02/1952;

Hieronder is 'n voorbeeld van die tipiese begroting wat die bestuursraad jaarliks moes opstel:

Kanaal onderhoud op Skanskopeiland (twee maal per jaar)	£85
Kanaalwerk Rooikopeiland (twee maal per jaar)	£85
Paaie	£80
Twee beton brûe	£40
Bou en instandhouding van sugslote	£90
Gereedskap	£10
Transport	£30
Sekretaris se salaris	£60
Addisioneel:	£75
	<u>£553</u>
Belasting per morg	17/6 ^d
Vir oproeping met kanaalonderhoud sou elke erfhouer 10/- per 100 jt. betaal word. Belasting is op 17/6d. per morg gehef.	

Tabel 5.1: *Tipiese begroting van Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 1951.*³

Reglemente, gelykstaande aan munisipale reglemente, is deur die bestuursraad opgestel en geïmplementeer.⁴ Voorts is daar nie net 'n amptelike ooreenkoms in 1954 met Rooikopeiland ten opsigte van die waterverdeling gesluit nie, maar is die grondkanale ook in 1958 met beton uitgevoer.⁵ Daarby is waterwerke oor die algemeen verbeter, brûe is op die besproeiingserwe oor die kanale gebou⁶ en die eiland se pad is as 'n afdelingsraadpad geklassifiseer en onderhou.⁷ Dit was egter ook 'n ramspoedige dekade vir die nedersetters. Natuurrampe soos vloed en laat ryp⁸ het die nedersetters dikwels moedeloos gehad.

³ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 13/10/1950.

⁴ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 12/10/1948; SNBA, verwysingsnr. HT/RA, brief, H.F.G. Truter - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 22/11/1950.

⁵ DWASU, Rooikopeiland versameling (RV), band K50 – 2, vol. 2, verwysingsnr. K.51/108/131, brief, E.K. Goosen, Direkteur van Waterwese - P.M.K. le Roux, Minister van Waterwese, voorlopige oorhandigingsooreenkoms, Rooikopeiland - Skanskopeiland, 03/04/1959, p. 1; DWASU, (RV), band K50 – 2, vol. 2, verwysingsnr. K.51/M.36, Formele oorhandigingsooreenkoms, Rooikopeiland - Skanskopeiland, 26/06/1958, p. 1.

⁶ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 15/08/1958.

⁷ SNBA, verwysingsnr. R/3/1/1/1, brief, P. Mocke, Sekretaris, Kenhardt Afdelingsraad - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 29/01/1966.

⁸ SAB, Argief van Departement van Nasionale Welsyn, (VWN), band 2641, lêer P6/29, vol. 3, verwysingsnr. 23/12/8/2, verslag, G. Nortjé, Beampte-in-bevel, Volkswelsyn, "Noodleniging as gevolg van vloedskade, 15 Oktober 1957", 17/10/1957; Z.P. van Wyk, mondelinge mededeling, Keimoes, 11/10/2013.

5.2 *Natuurrampe in 1955 en 1957*

Omdat die rivier nie standhoudend was nie, het daar met buitengewone hoë reënval in die Vaal- en Oranjerivier se opvangsgebied, dikwels vloedtoestande in die Benede-Oranjerivier ontstaan.

Die nedersetters, asook inwoners van Keimoes en omgewing, was bekend met die vloedtoestande wat hulle gereeld ervaar het.⁹ Le Roux vermeld 'n haas ongeloofbare verhaal omtrent die optrede van 'n nedersetter en sy gesin tydens die 1934-vloed in die aanliggende Klip-eiland in Friersdale:

Mnr. Coetzee het met die 1934-vloed 'n sinkstellasie 12 vt. hoog in 'n boom gemaak, waarop hy met vrou en kinders vanaf Donderdag tot Sondag moes verkeer, terwyl die waters die stam van die boom omring. Interessant is dat hy selfs sy stoof en 'n bed daar bo gehad het.¹⁰

Uit die vloedregisters van die Departement van Waterwese blyk dit dat die grootste vloed tot dusver in 1874 in die Noord-Kaap voorgekom, toe 11,300 kumek water by Hopetown en 13,000 kumek op Upington gemeet is. Dit het neergekom op 'n grondhoogte van 12.93 m water wat by Upington aangeteken is. Met die vloed van Maart 1925 is 7,140 kumek aangeteken, terwyl die drie jongste vloede die volgende meting aandui: 1974-vloed sowat 8,315 kumek; die 1988-vloed ongeveer 7,403 kumek en die 2011-vloed tot by 4,802 kumek gemeet het.

'n Interessante opmerking wat in hierdie vloedregister gemaak is, dui daarop dat die vloed van 1988 byna die vloedhoogte van 1874 se volume water herhaal het. Die damme in die rivierstelsel het egter daartoe bygedra om die vloedwater te beheer. Volgens van der Spuy is die statistiek vanaf 1874 – 1925 data wat nie deur die Departement van Waterwese geverifieer kon word nie en word bloot vir interessantheid hieronder aangedui terwyl vloedhoogtes na 1930 geverifieerde statistiek.¹¹

⁹ DWA, D. van der Spuy, "D7005, D7003, Discharge Rating; further improvement of rating tables using acoustic doppler stream gaugings", *Flood Studies*, Augustus 2011. [Dokument per e-pos verskaf deur D. van der Spuy, Specialist Engineer, Directorate Hydrological services, 04/06/2013.]

¹⁰ SAB, ACT, band 13, lêer 470/42, vol. 2, brief, F.S.P. le Roux - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, 13/03/1935.

¹¹ DWA, D. van der Spuy, "D7005, D7003, Discharge Rating; further improvement of rating tables using acoustic doppler stream gaugings", *Flood Studies*, Augustus 2011. [Dokument per e-pos verskaf deur D. van der Spuy, Specialist Engineer, Directorate Hydrological services, 04/06/2013.]; RSA, DVI, *'n Magtige rivier...*, p. 18.

Jaar	Q (m ³ /s)	G. H.	Datum	Opmerking
1873/1874	>13,000	>12.93	1874-02-02	Hoogste vloedhoogte aangeteken in Upington. Die water het teenaan die teenswoordige stasie gelê.
1880/1881	≈13,000	≈12.93	Geen datum beskikbaar nie	
1897/1898	≈10,500	≈11.10	Geen datum beskikbaar nie	
1917/1918	≈3,095 ≈4,056	≈6.325 ≈7.163	1917 - 1912 1918 - 2001	
1919/1920	≈5,500	≈8.230	1920-03-08	
1924/1925	≈7,140	≈9.27	1925-03	Bain dui die vloedhoogte van 1925 by Skanskopeiland aan as 7.23 m. ¹²
1933/1934	6,583		1934-01-07	
1947/1948	3,851	6.995	1948-03-24	
1954/1955	4 463	7.483	1955-02-05	
1956/1957	4,450	7.473	1957-09-30	
1965/1966	3,981	7.102	1966-01-26	
1966/1967	6,072	8.611	1967-02-06	
1973/1974	8,315	9.94	1974-03-07	Vloedhoogte gelyk aan die vloedhoogte van 1925. Skanskopeiland het behalwe vir sommige hooggeleë bou-erwe heeltemal oorstrom.
1987/1988	7,403	9.426	1988-02-28	Die vloed het hoofsaaklik sy oorsprong uit die Oranjerivier. Daar is bevind dat die k/m ³ /s so hoog as 13,200 sou wees sonder die damme. Skanskopeiland het behalwe vir sommige hooggeleë bou-erwe heeltemal oorstrom.
2009/2010	3,135	6.364	2010-02-08	
2010/2011	4,802	7.737	2011-01-14	Ongeveer een-derde van Skanskopeiland het oorstrom

Tabel 5.2: Statistiek van vloedhoogtes gemeet by Upington.¹³

In 1948 het die vloedwater in Keimoes opgestoot tot in die hoofstraat. Die water het slegs die onderste gedeeltes van Skanskopeiland oorstrom.

¹² Oorspronklike kaart van Skanskopeilandnederstelling, LORC 1451/38, geteken deur landmeter A.G. Bain, ca. 1938, in besit van G.A. Visser.

¹³ DWA, D. van der Spuy, "D7005, D7003, Discharge Rating; further improvement of rating tables using acoustic doppler stream gaugings", *Flood Studies*, Augustus 2011. [Dokument per e-pos verskaf deur D. van der Spuy, Specialist Engineer, Directorate Hydrological services, 04/06/2013.]



Figuur 5.1: Keimoes se hoofstraat oorstrom tydens die 1948-vloed.¹⁴

Skanskopeiland se noodwalle het op hierdie tydstop bestaan uit twee hoofnoodwalle: Melkboomkop aan die noordekant wat die hoofstroom afgekeer het en die suidelike noodwal by erf 7. Die opgesleepte kanaalwalle het op ander plekke gefunksioneer as noodwalle.¹⁵

Die jaar 1955 het 'n dubbele ramp vir die boerderygemeenskap gebring: Vloed én laat ryp. Die vloed wat die Benede-Oranjerivier-gebied in Februarie 1955 getref het, het groot skade aangerig aan die omgewing en boerderye. Die meeste eilande in die Oranjerivier was afgesny van die buitewêreld.¹⁶

Uit 'n vloedverslag van die Departement van Volkswelsyn blyk dit dat daar op Eksteenskuil 520 mense en op Friersdale 240 mense, asook op Kanoneiland 'n onbekende aantal mense in dringende nood verkeer het. Die toegangsbrûe is oorstrom en hangbrûe vernietig. Die waterkrag was so sterk dat daar nie van skuite gebruik gemaak kon word om kosvoorrade aan te vul nie. Die Departement van Verdediging het die Suid-Afrikaanse Lugmag aangewend om kosvoorrade aan die eilande te voorsien.¹⁷

¹⁴ G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

¹⁵ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 23/02/2014.

¹⁶ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verslag, S. Perholdt, Volkswelsynbeampte, Upington, "Verslag in sake persone vasgekeer deur vloedwater te Keimoes", 15/02/1955, p. 1.

¹⁷ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verslag van S. Perholdt, Volkswelsynbeampte, Upington, "Verslag in sake persone vasgekeer deur vloedwater te Keimoes", 15/02/1955, p. 1.; SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, memorandum uit Speaker se kantoor, S. J. Jurgens - Departement van Volkswelsyn, 15/02/1955.

Die vloed, met 'n grondhoogte van 7,48 m,¹⁸ het sommige gebiede baie verspoel, sodat heelwat oewerboere sonder 'n inkomste met erg verspoelde grond gesit het. Blanke gesinne, sowel as werkers en ander inheemse bevolking, is finansiële deur die Departement van Volkswelsyn bygestaan waar dit nodig was.¹⁹



Figuur 5.2: Kospakkies is deur die staat verskaf aan mense in nood tydens die 1955-vloed in die Benede-Oranjegebied.²⁰

Die Departemente van Volkswelsyn, Lande, Landbou en Besproeiing het saamgespan en aan die oewerboere staatshulp verleen om landerye te herstel, arbeidskoste te dra en het ook voer aan diere verskaf.²¹ Waar die nood om lewensmiddels hoog was, is rantsoenbriewe vir voedsel voorsien.²² Slegs een aansoek om hulp van die staat vanuit Skanskopeiland is opgespoor. Die aansoek is egter deur die staat afgewys, omdat daar nie afdoende bewys was van enige

¹⁸ DWA, D. van der Spuy, "D7005, D7003, Discharge Rating; further improvement of rating tables using acoustic doppler stream gaugings", *Flood Studies*, Augustus 2011. [Dokument per e-pos verskaf deur D. van der Spuy, Specialist Engineer, Directorate Hydrological services, 04/06/2013.]

¹⁹ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. 43/12/8/2/, verslag, "Hulpverlening aan noodlydendes weens vloedskade Oranjerivier", Volkswelsynbeampte, Upington, S. Perholdt - F. Brümmer, Sekretaris, Departement van Volkswelsyn, 22 /08/1955.

²⁰ G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

²¹ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. S.W.P., 6/29, verslag, V. Morris, "Noodleniging as gevolg van vloed - en rypskade Upington-gebied", 05/09/1956, p. 1.

²² SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. S.W.P., 6/29, verslag, V. Morris, "Noodleniging as gevolg van vloed - en rypskade Upington-gebied", 05/09/1956, p. 1.

noemenswaardige vloedskade nie en daardie nedersetter klaarblyklik oor genoegsame bates beskik het om sy familie te versorg.²³

Skanskopeiland het danksy strategies-geplaasde noodwalle totale oorstroming vrygespring. Die vloed het net die onderpunt van Skanskopeiland oorstrom, asook die hoogs kwesbare noodwal teenaan erf 26 beskadig.



Figuur 5.3: 'n Beeld van die 1955-vloed, kloksgewys van links bo: Rantsoene word verpak; Dankbare vasgekeerde inwoners ontvang kospakkies wat per valskerm afgegooi is; Die vloedwater oorspoel Groblersbrug.²⁴

Daarby het die vloedwater heelwat skade aan die erwe, ander noodwalle en gewasse by die oorstroomde gedeeltes aangerig.²⁵ Die bestuursraad het die vloed-oorspoelde eilandpad by die onderste erwe op eie koste met die hulp van vrywilligers herstel. Eienaars van die onderste

²³ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. S.W.P., 6/29, verslag, V. Morris, "Noodleniging as gevolg van vloed - en rypskade Upington-gebied", 05/09/1956, p. 1.

²⁴ G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

²⁵ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verslag, C. Cox - Direkteur van Besproeiing, 02/03/1956.

erwe, nrs. 59 en 64, is deur die bestuursraad hulp verleen met die herstel van die skade aan hulle erwe.²⁶

Met dié vloed het die rivier sy ou lope teruggeneem en diep skeure deur erf 63 gespoel. Die bestuursraad het versoek gerig aan die Departement van Lande om 'n noodwal teenoor erf 63 op te rig, asook om die noodwal by 61 te herstel om sodoende 'n herhaling van die skade aan die onderpunt van Skanskopeiland te voorkom.²⁷ Die staat het 'n subsidie toegestaan en die noodwal by erf 61 is deur die bestuursraad met die hulp van die eienaars en vrywilligers herstel.²⁸

Die natuur het in die vyftigerjare sy rugkant na die Benede-Oranjerivier gedraai. Asof die vloedskade nie genoeg was nie, is die nedersetters van Skanskopeiland op 14 en 15 Oktober 1955 getref met laatryp wat die breër Oranjeriviergebied getref het. Gewasse is erg beskadig en die wingerd-oes is vernietig.²⁹ Die eerste inkomste vir die moedelose nedersetters was die katoen-oes van Junie 1956.³⁰ 'n Berig in *Die Burger* van 24 Oktober 1955 het die lid van die Volksraad vir Gordonia, J.H. Conradie, aangehaal waarin hy staatshulp vir die boere op die Oranjerivier-eilande bepleit het:

Die landerye wat net begin herstel het na die vloedskade vanjaar, is weer totaal verwoes deur ryp.³¹

Die nedersetters was egter te trots om staatshulp te vra. Daar was nedersetters wat na hierdie terugslae nie weer die boerdery kon volhou nie. Nedersetters soos Stadler het in 1955 sy grond vrywillig verkoop en het met sy gesin in die nabygeleë Koms gaan woon, waar hulle onder moeilike omstandighede 'n bestaan gemaak het.³² Twee jaar later, in 1957, het die rivier weer

²⁶ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 16/05/1955.

²⁷ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verslag, C. Cox - Direkteur van Besproeiing, 02/03/1956; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 16/06/1955.

²⁸ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verslag, Seksie-ingenieur - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 18/05/1961, p. 1.

²⁹ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. S.W.P., 6/29, verslag, G. Nortjé, Beampte-in-bevel, Volkswelsyn, "Noodleniging as gevolg van vloedskade, 15 Oktober 1957", 05/09/1956, p.1; Z. P. Van Wyk, mondelinge mededeling, Keimoes, 11/10/2013.

³⁰ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. 18/12/8/2, verslag, "Armsorg aan oewerbewoners teen die Oranjerivier", Volkswelsynbeampte, Kimberley - Sekretaris van Volkswelsyn, Pretoria, 5/11/1955, p. 2.

³¹ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. 18/12/8/2, verslag, "Armsorg aan oewerbewoners teen die Oranjerivier", Volkswelsynbeampte, Kimberley - Sekretaris van Volkswelsyn, Pretoria, 5/11/1955, p. 1.

³² B. Hanekom, mondelinge mededeling, Elim-eiland, Friersdale, 25/08/2014.

vloedhoogte bereik. In 'n verslag van die Departement van Volkswelsyn, het die onwilligheid om van staatshulp gebruik te maak duidelik na vore gekom:

Die feit dat geen blanke gedurende die 1955-rypskade om sodanige hulp aangeklop het nie, is betekenisvol. Die gemeenskap het diegene wat tydens die vloedskade vroeër daardie jaar vir staatshulp aangeklop en ontvang het, kwalik geneem omdat hulle hul so 'verneder' het.³³

G. Nortjé, die plaaslike Volkswelsynbeampte, berig dat die swaar jare en afhanklikheid van die staat voor die nedersetting op Skanskopeiland begin is, aan die pioniernedersetters 'n afsku aan staatsafhanklikheid gegee het:

Daar word nog steeds met baie smaad gepraat en verwys na diegene wat gedurende 1933 met 'rou patats en gaar klere' bevoordeel was. Materiële bystand in 'armsorg' vorm mag 'n soortgelyke nasleep hê, soos byvoorbeeld die 'growwe meelbegunstigdes'.³⁴

Staatshulp is derhalwe met versigtigheid uitgedeel aan diegene wat werklik groot nood beleef het.³⁵ Die 1957-vloedwater, met 'n grondhoogte van 7.473 m, bykans dieselfde hoogte as 1955, het soos voorheen aan die onderste gedeelte van Skanskopeiland, waar erwe 61 - 65 geleë is, die meeste skade aangerig. *Die Burger* het berig dat Keimoes die ergste deur die vloedwaters getref is:

Baie boere sou vanjaar die eerste goeie oes kom maak na 1955. Dit het twee jaar gekos om die nuttelose sand weggewerk te kry tot op die ryk grond. 'n Derde van Keimoes se boere is so goed as geruïneer.³⁶

Die vloed het lank geduur. Op 9 Oktober 1957 het *Die Burger* berig dat hernieuwe vloedwaters die Benede-Oranje bedreig.³⁷

³³ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. S.W.P., 6/29, verslag, G. Nortjé, Beampte-in-bevel, Volkswelsyn, "Noodleniging as gevolg van vloedskade, 15 Oktober 1957", 05/09/1956.

³⁴ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. S.W.P., 6/29, verslag, G. Nortjé, Beampte-in-bevel, Volkswelsyn, "Noodleniging as gevolg van vloedskade, 15 Oktober 1957", 05/09/1956.

³⁵ SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verslag, brief, Volkswelsynsbeampte, Kimberley - Volkswelsynbeampte, Upington, 17/11/1957.

³⁶ *Die Burger*, "Boere juig toe die Oranje sak", p. 1, 02/10/1957.

³⁷ *Die Burger* "Oranje styg al hoër: Skool 'n eiland," p. 1, 08/10/1957.

Die bestuursraad het hulle nogmaals na die staat gewend vir die herstel van die noodwal. Ten spyte van vertoë deur die bestuursraad en die eienaars, asook die huurders van die erwe, was die Departement van Waterwese van mening dat daar nie 'n sterk, permanente noodwalstruktuur aan die onderpunt van die eiland gebou kon word nie, aangesien dit die eilande, veral die Friersdale- en Onderstekomseilande oorkant die eiland sou affekteer.³⁸ Dié argument is deur die Friersdale-boere onderskryf, wat hewig kapsie gemaak het omdat daar in 1955 noodwalversterkings aan die onderpunt van Skanskopeiland opgerig is. Die Departement van Waterwese was van oordeel dat erwe 64 en 65 opgeoffer moes word, omdat dit te erg vloed onderhewig is en dat groot skade met elke vloed aangerig word. Die mening is ook gehuldig dat die natuurlike lope deur erf 65 en 66 nie versteur of toegesleep moet word nie.³⁹



Figuur 5.4: Die oorstroomde brug wat Keimoeseiland met die dorp verbind in 1957.⁴⁰



Figuur 5.5: Die brug wat Keimoeseiland met die dorp verbind ten tye van droogte.⁴¹

³⁸ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verslag, Seksie-ingenieur - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 18/05/1961, p. 2; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 06/02/1955.

³⁹ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verwysingsnr. 591/M36, brief, G.P. Stemmet, Friersdale Aksiekomitee - Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad 19/08/1955; DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verslag, Seksie-ingenieur - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 18/05/1961, p. 2.

⁴⁰ G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Keimoës.

⁴¹ G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Keimoës.

5.3 Enkele sake uit die notules 1950 - 1964

5.3.1 Plaaslike reglemente

Die plaaslike reglemente is na die verfyning daarvan, vir 'n geruime tyd aan die gemeenskap van Skanskopeiland beskikbaar gestel vir enige voorstelle of kommentaar.⁴²

Daarna is die reglemente eers deur die Minister van Lande goedgekeur,⁴³ waarna dit in die *Staatskoerant* van 19 Januarie 1951 aangekondig is en onmiddellik van krag was.⁴⁴

Die reglemente het handel oor die algemene gesondheid en sanitasie, oprig van geboue, water en waterwerke, besighede en die algemene funksionering van die eilandgemeenskap.⁴⁵

Die bepalings i.v.m. die water het byvoorbeeld die bestuursraad se reg op toesig oor die verdeling en verspreiding van water bevestig. Leibeurte kon slegs deur die bestuursraad gereël of verander word. Enige verandering aan sluise moes ook deur die bestuursraad goedgekeur word.⁴⁶

Dié regulasies het baie streng voorskrifte oor plaaslike higiëne bevat. Slegs enkele voorbeelde word hieronder genoem:

Losstaande ablusiegeriewe mag nie nader as 100 vt.⁴⁷ van die kanaal wees nie. Elke eienaar moes oor so 'n gerief beskik, of na skriftelike kennisgewing binne drie maande een oprig. Geen werkershuise mag nader as 75 vt. van die kanaal opgerig word nie. Sulke behuising kon net met die goedkeuring van die bestuursraad opgerig word.⁴⁸

Streng beperkings is op die verwydering en berging van menslike en dierlike afval geplaas.

Enige menslike afval moes dieper as 2 vt., soos deur die bestuursraad bepaal is, op die

⁴² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 17/08/1950.

⁴³ SAB, ACT, band 16, lêer 470/215, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - H.F.G. Truter, 10/11/1950.

⁴⁴ SAB, ACT, band 15, lêer 470/208, kennisgewing van regulasies vir Skanskopeiland-nedersetting, 1947 [Datum onvolledig op dokument]; Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, nr. 122, 19/01/1951, p. 8.

⁴⁵ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, nr. 122, 19/01/1951, p. 8.

⁴⁶ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, nr. 122, 19/01/1951, p. 9.

⁴⁷ Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org, een voet (vt.) is gelyk aan 0.3048 meter (m), [geraadpleeg 22/10/2013].

⁴⁸ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, nr. 122, 19/01/1951, p. 8.

aangewese plek begrawe word. Dit was veral van toepassing op nagvuil, waar die emmerstelsel gebruik is vir ablusies.⁴⁹

Elke erfhouer moes sy werf, stalle, krale, hoender- en varkhokke tweeweekliks skoonmaak. Dierlike afval, soos mis wat vir bemesting gebruik is, moes elke maand verwyder word na die betrokke besproeiingspersele waar dit gebruik sou word. Alle ander afval moes in 'n bedekte vullisgat of -put opgegaan word en behoorlik met grond toegemaak word, sodra die put vol was.⁵⁰

Die slag van diere op die boupersle is verbied en die proses mag slegs by die slagpale of slaghuis plaasgevind het.⁵¹ Byna al die nedersetters het hierdie reël oortree, omdat daar gereeld vir huisgebruik geslag is. Daar is egter sorg gedra om ver van die huis te slag en die afval diep te begrawe.⁵²

Alle besighede wat op die eiland opgerig is of sou word, was onderworpe aan die plaaslike reglemente van die eiland.⁵³ Talle briewe wat aan die bestuursraad geskryf is oor twis met die bure, watervoorsiening, higiëniese toestande en bouwerk het daarop gedui dat die nedersetters kennis gehad het omtrent die reglemente.⁵⁴ Met die daarstel van reglemente het die bestuursraad sy beheer oor Skanskopeiland uitgebrei en verstewig.

5.3.2 Landbou-erf vir die Primêre Skool Neilersdrif

Soos genoem in hoofstuk 3,⁵⁵ het die staat vroeg in 1935 landbougrond aan die skole toegewys. Die grond, nl. 'n bou-erf, nr. 67a, asook besproeiingserwe nrs. 67 en 68 is in 1937 aan die

⁴⁹ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, nr. 122, 19/01/1951, p. 8.

⁵⁰ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, nr. 122, 19/01/1951, p. 8.

⁵¹ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, nr. 122, 19/01/1951, p. 8.

⁵² CGVPA, F.P. Smit, onderhoudnr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.J.C. Smit, onderhoudnr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/07/2013.

⁵³ Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, nr. 122, 19/01/1951, p. 10.

⁵⁴ SNBA, brief, W.S. Smit - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 21/09/1951; SNBA, brief, G.P. Steyn - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 03/11/1951; SNBA, brief, H.F.G. Truter, Prokureur - Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 23/01/1952; SNBA, brief, I.J.G. Greeff - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 08/06/1953; SNBA, brief, A.X. Compion - Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 17/05/1955; SNBA, brief, T. van Zyl - Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 12/06/1956; SNBA, brief, J. Hayes - Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 20/11/1959; SNBA, brief, L.B. Compaan - Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 9/12/1956.

⁵⁵ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.4.2, p. 104.

onderwyskuratore van die Kaapprovinsie oorgedra.⁵⁶ Erf 68, wat 9.4496 morg groot was, is as landbou-erf aan Hoërskool Keimoes gegee, terwyl 67a en 67 as bouperseel en standplaas uitgesit is vir 'n toekomstige skool.

Die bestuursraad het in 1950 die laerskool in Neilersdrif tegemoetgekom met landbougrond, nadat die skoolhoof van die Primêre Skool Neilersdrif by die bestuursraad aansoek gedoen het om bewerkbare grond op Skanskopeiland. Hoërskool Keimoes het reeds 2 morg van erf 91 bewerk. Tydens 'n openbare vergadering is daar eenparig besluit om die orige gedeelte van die erf 91 aan die Primêre Skool Neilersdrif toe te sê, waarmee hulle hul fondse kon aanvul, omdat dit in belang van Skanskopeiland se kinders sou wees. Die onderwysdepartement het die aanspreeklikheid vir alle opmetings- en oordragskoste aanvaar.⁵⁷

Erf 67, wat aanvanklik nie deur die skool benut is nie, is deur die nedersetter van erf 21 op sy eie koste gelyk gemaak en bewerk. Die erf was op 'n hoek teenaan erf 21 geleë. In ruil daarvoor het hy vir 5 jaar gratis gebruik van die grond gehad. Omdat die Primêre Skool Neilersdrif aanvanklik nie in die erf belang gestel het nie, is die erf tot 1951 deur die bestuursraad verhuur.⁵⁸ Vanaf 1951, nadat die bestuursraad perseel 91 aan die skool geskenk het, het die skool net perseel 91 bewerk en perseel 67 vir hul eie inkomste verhuur.⁵⁹ Die grond is in 1964 teruggetransporeer aan die staat, wat dit weer aan Skanskopeiland oorgedra het.⁶⁰

In 1952 is erf 138, wat 1.9778 morg groot was, ook aan die onderwyskuratore van skoordistrik van Gordonia oorgedra vir openbare onderwysdoeleindes en het die Primêre Skool Neilersdrif die stukkie grond ook bewerk.⁶¹

Die Departement Besproeiing het 'n gedeelte van erf 91 en erf 70 uitgehou vir eie gebruikdoeleindes, soos byvoorbeeld 'n woning van die waterfiskaal.⁶²

⁵⁶ SAB, URU, band 2997, Minuut nr. 3283, Kantoer van die Eerste Minister, 08/12/1938.

⁵⁷ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 28/08/1950 & 22/10/1950.


⁵⁸ SNBA, brief, F.G. Visser - Provinsiale Verteenwoordiger, 15/07/1964; SNBA, brief, E.A.N. Steenkamp, Sekretaris - Streeksverteenvoordiger, Departement van Lande, 12/10/1964.

⁵⁹ SNBA, verwysingsnr. 43, brief, skoolhoof, Primêre Skool Neilersdrif, S.J. Benade - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 07/02/1951.

⁶⁰ SNBA, brief, F.G. Visser - Provinsiale Verteenwoordiger, 15/07/1964; SNBA, brief, E.A.N. Steenkamp, Sekretaris - Streeksverteenvoordiger, Departement van Lande, 12/10/1964.

⁶¹ SAB, URU, band 2997, Minuut nr. 2011, Kantoer van die Eerste Minister, 18/08/1952.

⁶² L. Bester, "Skanskop Island Report...", p. 13.



Figuur 5.6: Kaart van die gedeeltes wat aan die skole afgestaan is.⁶³

5.3.3 Onderhoud van die eiland

Instandhouding van die paaie is deur die bestuursraad onderneem. Slegs 7 km van die pad, tot sover die skoolbus gery het, is deur die Afdelingsraad van Kenhardt onderhou. Die orige 9 km moes die bestuursraad self onderhou. Sluise het onderhoud geverg en is gereeld in die winter behandel teen roes. Herstelwerk aan die kanaal is gereeld op raadskoste onderneem. Fondse vir hierdie werk is gegeneer deur belastinggelde te hef. Daarby moes die bestuursraad klagtes en probleme van die nedersetters na die beste van hul vermoë bestuur.⁶⁴

⁶³ L. Bester, "Skanskop Island Report...", p. 13.

⁶⁴ SAB, Argief van die Departement van Waterwese (WW), band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, verslag i.v.m. Skanskopeiland, E.A.N. Steenkamp & O.J. Erasmus - G.P. Kotzé, 9/06/1964.

5.3.4 Probleme en klagtes van die nedersetters

Die bestuursraad het, sover hy by magte was, gepoog om die nedersetters se griewe aan te spreek. Die optrede van die raad was nie altyd geslaagd nie en soms bevooroordeeld. Vir sommige nedersetters was die bestuursraad se pogings nie voldoende nie en het hulle hul dikwels na hoër gesag gewend. As voorbeeld hiervan is die klagtes van die erfhouers in verband met watervoorsiening, asook nedersetters Greeff en Van der Westhuizen se klagtes ten opsigte van waterleibeurte en dreinerings.⁶⁵ 'n Kort oorsig oor hierdie probleme gee 'n aanduiding van die bestuursraad se hantering daarvan.

5.3.4.1 Waterleibeurte ingestel

Voortdurende klagtes oor watertekort deur die vyf nedersetters wat deur die takkanaal van water voorsien word en ook ander nedersetters, het die bestuursraad genoop om waterleibeurte in te stel vir die drie kanaalvertakings.⁶⁶

Die leibeurtstelsel het soos volg gewerk: Die erfhouers wat vanuit die takkanaal besproei, is onder beurt geplaas, soos die ander erfhouers op die noord- en suidkanaal. Die takkanaal, wat kleiner was as die noordelike en suidelike kanaal, kon slegs twee strale van 6" hanteer. Elke erfhouer was op 'n 6"-straal per leibeurt van 48 uur geregtig. Die erwe is daarom ingedeel in 'n beurtstelsel wat aan twee erwe op 'n slag water gegee het.

⁶⁵ SNBA, briewe, I.J.G. Greeff - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 07/01/1951; 08/12/1951; 04/07/1952; 09/10/1953; 13/11/1953; 29/10/1954; 01/11/1956; 20/12/1956; 05/11/1958; 14/11/1958; SNBA, briewe, B.F. H. Van der Westhuizen - Sekretaris Nedersettingbestuursraad, 02/03/1951; SNBA, brief, H.F.G. Truter, prokureur namens B.M.N. Steyn - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, verwysingsnr. HT/RB, 23/01/1952; SNBA, brief, C.R. Liebenberg - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 15/10/1955; SNBA, brief, F.S. Louw - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 17/04/1954; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 05/12/1950; SNBA, brief, J.J. Maritz - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 02/03/1951; SNBA, brief, J.J. Maritz - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 02/03/1951; SNBA, brief, H.F.G. Truter prokureur namens B.M.N. Steyn - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, verwysingsnr. HT/RB, 23/01/1952; SNBA, brief, C.R. Liebenberg - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 15/10/1955; SNBA, brief, F.S. Louw - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 17/04/1954; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 08/02/1957; SNBA, afskrif, brief, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, geen datum; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 21/02/1956; SNBA, briewe, I.J.G. Greeff - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 07/01/1951; 08/12/1951; 04/07/1952; 09/10/1953; 13/11/1953; 29/10/1954; 01/11/1956; 20/12/1956; 05/11/1958; 14/11/1958; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, B.F.H. van der Westhuizen - J.H. Conradie, 29/06/1951.

⁶⁶ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 05/12/1950; SNBA, brief, J.J. Maritz - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 02/03/1951; SNBA, verwysingsnr. HT/RB, brief, H.F.G. Truter prokureur namens B.M.N. Steyn - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 23/01/1952; SNBA, brief, C.R. Liebenberg - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 15/10/1955; SNBA, brief, F.S. Louw - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 17/04/1954.

Die verdeling het aan erwe nrs. 3 en 4 op 'n Maandag en Dinsdag 'n 48-uur leibeurt gegee, aan erwe nrs. 4 en 5 op 'n Woensdag en Donderdag ook 'n 48-uur leibeurt en aan die laaste erf, nr. 7, 'n Vrydag en Saterdag 48-uur leibeurt met een straal water gegee. Die ander straal is na die hoofkanaal gelei om aan die onderste erwe, wat ook net elk een straal met die Vrydag en Saterdagleibeurte gekry het, genoeg water te voorsien.⁶⁷

Elke erfhouer moes eers die takkanaal se inlaat oopmaak voordat hy kon lei en weer toesien dat die inlaat toegemaak word. Alvorens hy sy erfsluis toemaak, moes die water eers afloop, om te voorkom dat die onderste erfhouer se grond verspoel.⁶⁸

I.J.G. Greeff, eienaar van erf nr. 7, se groot klagte teen die bestuursraad was dat hy die volle twee strale wat die takkanaal kon hanteer, wou gebruik.⁶⁹ Greeff se klagtes oor watertekort in sy leibeurt, het die bestuursraad voortdurend geteister.⁷⁰

⁶⁷ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 05/12/1950; SNBA, brief, J.J. Maritz - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 02/03/1951; SNBA, brief, J.J. Maritz - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 02/03/1951; SNBA, verwysingsnr. HT/RB, brief, H.F.G. Truter, prokureur namens B.M.N. Steyn - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 23/01/1952; SNBA, brief, C.R. Liebenberg - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 15/10/1955; SNBA, brief, F.S. Louw - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 17/04/1954.

⁶⁸ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 05/12/1950 SNBA, verwysingsnr. HT/RB, brief, H.F.G. Truter, prokureur namens B.M.N. Steyn - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 23/01/1952; SNBA, brief, C.R. Liebenberg - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 15/10/1955; SNBA, brief, F.S. Louw - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 17/04/1954; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 05/12/1950; G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 19/05/2013.

⁶⁹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 05/12/1950; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 08/02/1957; SNBA, brief, I.J.G. Greeff - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 08/06/1953.

⁷⁰ SNBA, briewe, I.J.G. Greeff - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 07/01/1951; 08/12/1951; 04/07/1952; 09/10/1953; 13/11/1953; 29/10/1954; 01/11/1956; 20/12/1956; 05/11/1958; 14/11/1958.

Die hoofkanaalstelsel, wat verdeel in 'n noord- en suidkanaal, gee aan die noordelike en suidelike kanaal elkeen afsonderlik 10 strale water, wat die bestuursraad ingedeel het in Maandag- en Dinsdag-leibeurt van 10 strale en 'n Woensdag- en Donderdag-leibeurt van 10 strale en Vrydag- en Saterdag-leibeurt met 11 strale, omdat die takkanaal se een straal bygevoeg is.⁷² Dié leibeurtstelsel word steeds in Skanskopeiland gebruik.⁷³

5.3.4.2 Verbrakking en dreinerings

Verbrakking en dreinerings, wat in hoofstuk 4 bespreek is,⁷⁴ was steeds 'n groot probleem. Verskeie nedersetters het verbrakking van saagrunder ondervind. Die dreinerings wat die bestuursraad aangebring het, was nie voldoende nie.⁷⁵ Een voorbeeld hiervan is B.F.H. van der Westhuizen, wat erf nommer tien gehad het.⁷⁶

Van der Westhuizen het hom ten einde raad na die plaaslike lid van die Volksraad (L.V.), J.H. Conradie, gewend. Hy het 'n emosionele klagbrief aan Conradie gerig, waarin hy om hulp gevra het.⁷⁷ Die klagte het tot gevolg gehad dat Conradie die Departement van Lande versoek het om die saak te ondersoek.⁷⁸

Whysall, die seksie-ingenieur, het met sy ondersoek bevind dat die erf eerstens as gevolg van sy ligging reeds brak en versuip is. Die erf het in 'n holte gelê, ongeveer 10 vt. (3.048 m)⁷⁹ onder die kanaalvlak. Daarby was die aanliggende erf ook hoër as Van der Westhuizen se erf. Die bestuursraad se poging tot dreinerings was nie geslaagd nie, omdat die dreineringspyp slegs 18 dm. (ongeveer 46 cm)⁸⁰ onder die grondvlak geleë is as gevolg van die klipperige grond. Whysall was van mening dat die erf binne enkele jare onekonomies sou wees as gevolg van die

⁷² G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 19/05/2013; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 08/02/1957.

⁷³ G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 19/05/2013; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 08/02/1957; L. Basson, sekretaresse Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, Skanskopeiland, 22 Oktober 2013.

⁷⁴ Hoofstuk 4, afdeling 4.2, pp. 163 -165.

⁷⁵ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 24/07/51.

⁷⁶ Suid-Afrika, (Republiek), Departement van Waterwese, Akteskantoorondersoek nr. M.36, om besproeibare oppervlakte in Skanskopeilandnedersetting vas te stel, 08/12/1961.

⁷⁷ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, B.F.H. van der Westhuizen - J.H. Conradie, 29/06/1951.

⁷⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr. 21272, brief, Direkteur van Besproeiing - Seksie-ingenieur, 18/07/1951.

⁷⁹ Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org, een voet (vt.) is gelyk aan 0.3048 meter (m), [geraadpleeg 25/10/2013].

⁸⁰ Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org, een duim (dm.) is gelyk aan 2.54 sentimeter (cm), [geraadpleeg 25/10/2013].

verbrakking. Hy het bevind dat 3 ½ morg van die 6 ¼ morg bewerkbare grond onbewerkbaar en brak was.⁸¹ Volgens sy waarneming was die grond egter nie verbrak as gevolg van die kanaal wat deurgesyfer het nie, maar eerder vanweë die toesleping van ou slote en sloepe deur die noordelike deel van die erf, wat die natuurlike dreineringsbelemmering het,⁸² soos gesien kan word in die kaart by figuur 4.4.⁸³

Skanskop,
29ste Junie 1951.

A.D.V.J.H. Conradie
Spiekerskantoor
Kaapstaad.

Geagte A.D.V. Conradie De U. toe ter handt in antwoord diende Bayhe dankie A.D.V. vir u vriendelyke antwoordt dit word hoog wardeer ik het die Plaaslyke Bestuur gesien in hule het ook hul verlang gegee maar geagte A.D.V. As ik moet gehelp word deer hule dan sal ek net bly waar ek is wat hule kon niks aan die Kanaal dien nie wat dan sal hule hom moet hoen of uit goy in dit sal te veel kos maar geagte A.D.V. Conradie as ik net gehelp kan word moet een Sapsudie van £70 of 80 pont dan sal ik die Erf kan Reg maak dit is Bayhe min maar dan meen ek die ander sal ik Probeer om Self te Staen Geagte A.D.V. een mens probeer tog voorentoe maar as jy dan te agter is dan moet jy tog hulp soek die werk van die kanaal deer die Erf is te Grood in sal te veel kos die Belelik sal daar teen seker skop ik sien Beetir laat ik maar my Erf Probeer om reg te maak as om te ver koop in een Ront looper te wees of gee dan aan my Al der dom sons ik kan een Erf te koop kry 10 morg vir £1700 dan kan ik een lewe maak maar ik is te arem Bayhe Bayhe Dankie A.D.V. Conradie vir u groote erkenlyk hyt in u spoedige antwoordt.

U Afwagtende friendt

B.F.H. v.d. Westhuizen.

As ik dan By niks kan gehelp word nie laat ik dan maar Bly in my Elende tot die dood een verandering maak.

Figuur 5.8: Klagtebrief; B.F.H. van der Westhuizen.⁸⁴

⁸¹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr.1644/M36, brief, Seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 02/08/1951.

⁸² DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, verwysingsnr.1644/M36, brief, Seksie-ingenieur - Direkteur van Besproeiing, 02/08/1951.

⁸³ Hoofstuk 4, afdeling 4.2, figuur 4.4: p. 163.

⁸⁴ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, B.F.H. van der Westhuizen – J.H. Conradie, 29/06/1951.

Dreinerings wat vir die bestuursraad en die betrokke nedersetters heelwat hoofbrekens besorg het, was die sugslot wat die eilandgedeelte by die vyf erwe moes dreineer.⁸⁵ Die sugslot was die bestuursraad se verantwoordelikheid, volgens bepalings van die Wet op Skanskopeiland.⁸⁶ Daar was veral wrywing tussen nedersetter I.J.G. Greeff en die bestuursraad oor die raad se hantering van die bepaalde sugslot.⁸⁷ Soos in alle dispute, was hier ook twee kante van die saak. Nie net het Greeff se houding en gesindheid teenoor die bestuursraad probleme geskep nie,⁸⁸ maar het die bestuursraad ook in gebreke gebly om die korrekte prosedure te volg met die skep van 'n serwituut om die sugslot oor Greeff se grond uit te grawe.⁸⁹

Die sugslot het deur die onderpunt van Greeff se grond in die rivier uitgeloop. Teenaan erf 7 het 'n gedeelte kroongrond gelê waardeur die dreineringsloot oorspronklik gegrawe moes word. Die stuk kroongrond is deur die landmeter oopgelaat om as 'n gewone spruit te funksioneer in tye van hoogwater. Hierdie sugslot kon egter slegs met groot moeite en koste deur die kroongrond gegrawe word, omdat die grond 'n baie harde kliplaag gehad het, wat alleen met dinamiet losgeskiet kon word. Die kortste pad na die rivier was oor Greeff se erf.⁹⁰ Die bestuursraad het aanvanklik toestemming by Greeff gekry om die sloot deur sy grond te grawe, omdat hy die gedeelte grond nie bewerk het nie. Die verhouding het egter mettertyd versuur, nadat Greeff kennis gegee het dat hy die grond wil bewerk en dat die sloot met dreineringspype vervang moes word, alvorens hy sy grond kon bewerk.⁹¹

Die bestuursraad het nie aan sy versoek gehoor gegee nie en die sloot oopgelaat sonder om die pype te lê. Greeff het daarop deurgang aan die bestuursraad geweier en die grond omhein. Die strook is deur sy bokke as weiding gebruik, wat meegebring het dat die sugslot vertrap is en dreinerings belemmer is. Nadat die bestuursraad in Julie 1952 weer die sloot begin skoonmaak het, het Greeff die werkers verjaag en gepoog om die sloot toe te sleep. Op regsadvies het

⁸⁵ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956; band M.37, vol. 4, (SV), verslag, C. Cox - Direkteur van Waterwese, 21/11/1956.

⁸⁶ SNBA, Unie van Suid-Afrika, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, artikel 6(1)d, p. 5.

⁸⁷ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956.

⁸⁸ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956; DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verslag, C. Cox - Direkteur van Waterwese, 21/11/1956.

⁸⁹ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verslag, C. Cox - Direkteur van Waterwese, 21/11/1956.

⁹⁰ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verslag, C. Cox - Direkteur van Waterwese, 21/11/1956; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956.

⁹¹ SNBA, afskrif, brief, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, geen datum; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956; DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 131/M/36, verslag, C. Cox - Direkteur van Besproeiing, 06/05/1956.

Greeff egter weer die sloot oopgegrawe.⁹² Die bestuursraad het vroeg in September 1952 aan Greeff kennis gegee om 'n hek in die heining aan te bring, sodat hulle toegang kon kry om die pype te lê. Greeff is getipeer as 'n besonder moeilike persoon, wat gedurig teen wette en aktes opgetree het.⁹³ Greeff het op sy beurt die bestuursraad beskuldig van onregmatige en onwettige optrede, wat nie gestrook het met die klousules in die koopakte nie.⁹⁴

Greeff het hierna geweier dat sy grond betree mag word of vir dreinerings gebruik mag word, omdat daar eerstens nie 'n serwituut daarvoor geregistreer was nie en omdat daar wel 'n ander deurgang vir die sugsluit na die rivier by 'n gedeelte kroongrond was. Onderhandelings tussen die bestuursraad en Greeff het op 'n dooie punt uitgeloop.⁹⁵ Greeff het sy saak voortdurend aan die Minister van Lande, die seksie-ingenieur en selfs aan die Direkteur van Besproeiing gestel.⁹⁶ Greeff het as volg hieroor aan C. Cox, die seksie-ingenieur, geskryf:

Geen ooreenkoms is wettig aangegaan nie. Tot nogtoe[sic] is geweld gepleeg en inbreek [sic] op eiendoms Regte [sic].⁹⁷

Cox het aan die begin van 1956 aanbeveel dat die bestuursraad deur middel van 'n prokureur 'n serwituut oor Greeff se erf laat registreer. Daardeur is gepoog om aan die bestuursraad die wettige mag te gee om die sugsluit oor sy erf te grawe. Die bestuursraad was egter van mening dat die Skanskopwet aan hulle die nodige mag verleen om sonder enige toestemming op te tree en het staatgemaak op die Minister van Lande om hulle te steun in hul optrede.⁹⁸

⁹² DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 131/M/36, verslag, C. Cox - Direkteur van Besproeiing, 06/05/1956; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956; SNBA, verwysingsnr. JDM/HG, brief, J.D. Möller, prokureur en notaris - Skanskopnedersettingsbestuursraad, 27/02/1956.

⁹³ SNBA, afskrif, brief, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, [geen datum]; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956.

⁹⁴ SNBA, brief, I.J.G. Greeff - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 23/05/1956.

⁹⁵ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956.

⁹⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, I.J. G. Greeff - S. Ravenscroft, Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, 14/08/1952; DWASU, (SV), brief, I.J.G. Greeff - Minister van Lande, 30/09/53; DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, brief, I.J.G. Greeff - Landmeter - Generaal, 13/08/1952.

⁹⁷ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, brief, I.J.G. Greeff - T.C. Mitchell, Seksie-ingenieur, 27/12/1955.

⁹⁸ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verslag, C. Cox - Direkteur van Waterwese, 21/11/1956; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956; SNBA, brief, Sekretaris, Departement van Waterwese, P.K. Goosen - J.H. Conradie, 13/11/1956, p. 1.

Cox het hiermee verskil en hom as volg oor die dispuut tussen Greeff en die bestuursraad uitgespreek:

Die raad was die mening toegedaan dat sy Edele, die Minister of iemand met gesag, hom die reg kan verleen om sonder hierdie prosedure uit te voer of enige verdere moeite te doen, inbreek [sic] op mnr. Greeff se erf te doen. Hierdie is tipies van die houding van 'n aantal rade en besproeiers hierlangs.⁹⁹

Die bestuursraad het in hierdie geval in gebreke gebly om op 'n wettige wyse te werk te gaan en sy magte oorskry. Cox was ook van mening dat al sou die bestuursraad die regte prosedure gevolg het in verband met die verkryging van die serwituut oor Greeff se grond, die probleem op 'n goedkoper en meer doeltreffende manier opgelos kon word.¹⁰⁰

Die nedersetters het op hul beurt geleer om op hulle regte te staan en het nie 'n slaafse aanvaarding van die bestuursraad se optrede nagevolg nie. Voortgesette onderhandelinge tussen Greeff en die raad het weer misluk, deurdat hy nie beweeg kon word om toestemming te verleen vir die uitgrawe van 'n sugslot oor sy eiendom nie.¹⁰¹ Die bestuursraad het daarop die seksie-ingenieur, Cox, gevra om 'n beraming van die koste van die deurgrawe van die sugslot deur die kroongrond te maak. Cox se beraamde koste vir die dreinerings was £551.¹⁰²

Die dreinerings is in 1956 voltooi en die pyplyn is verleng om verby Greeff se erf te strek tot waar dit in die rivier kon dreineer.¹⁰³ Die finale koste van die dreinerings het £323-18-5 beloop.¹⁰⁴

Ten spyte van Conradie se pleidooi om subsidie vir die dreinerings, is dit nie toegestaan nie, omdat daar nie voor die aanvang van die werk daarvoor aansoek gedoen is nie. Die bestuursraad het hiermee 'n dure les geleer, in die sin dat die uitoefening van sy magte streng volgens wet en die regte prosedures moes geskied en was verplig om die koste van die sugslot uit die nedersettings se rekening te betaal.¹⁰⁵

⁹⁹ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verslag, C. Cox - Direkteur van Waterwese, 21/11/1956.

¹⁰⁰ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verslag, C. Cox - Direkteur van Waterwese, 21/11/1956.

¹⁰¹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 21/02/1956.

¹⁰² SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 22/11/1956.

¹⁰³ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 22/11/1956.

¹⁰⁴ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, kostestaat van sugslot, 08/02/1957.

¹⁰⁵ SNBA, brief, F. Cox - Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 11/04/1957.



Figuur 5.9: Links: Sugsloot wat vol water staan voor 1956.¹⁰⁶



Figuur 5.10: Regs: Werkers besig om die sugsloot uit te grawe, 1956.¹⁰⁷

5.4 Kanale met beton uitgevoer

5.4.1 Aansoek om besproeiingslening

Teen 1953 was die verbrakking in Skanskopeiland van so 'n ernstige aard, dat boerderybedrywighede daaronder begin ly het. Die grondkanale het die verbrakking klaarblyklik vererger, deurdat water heeltyd deurgesyfer het na die laerliggende dele.¹⁰⁸ Die bestuursraad van Rooikopeiland het alreeds in 1953 formeel aansoek gedoen dat die kanaal in die eiland met beton uitgevoer moet word in samewerking met die Departement van Besproeiing. Die voorwaarde van die goedkeuring van 'n lening aan Rooikopeiland was dat die bestuur as 'n besproeiingsraad moes registreer.¹⁰⁹

¹⁰⁶ E. de Vries, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹⁰⁷ E. de Vries, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹⁰⁸ SAB, ACT, band 15, lêer 470/208, brief, E.A.N. Steenkamp, Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, 18/11/1953.

¹⁰⁹ SAB, URU, band 2245, Minuut nr. 2068, Kantoor van die Eerste Minister, proklamasie van Rooikopeiland as besproeiingsdistrik, 10/07/1945.

Nadat Rooikopeiland as besproeiingsraad geregistreer het, het die staat die koste van die betonkleding ter waarde van £11,000 gedra.¹¹⁰ Die werk aan die kanaal op Rooikopeiland is teen November 1954 voltooi.¹¹¹

Die bestuursraad van Skanskopeiland, wat terselfdertyd as Rooikopeiland op 18 November 1953 'n aparte aansoek om die betonkleding van die kanale aan die Departement Besproeiing gerig het, het alles in die stryd gewerp om die kanale op staatskoste met beton uit te voer.¹¹² Skanskopeiland sou egter die betonkleding op eie koste moes doen, omdat die eiland nie as 'n besproeiingsraad soos Rooikop- en Brakboseiland geregistreer was nie.¹¹³ Die bestuursraad het nie die fondse daarvoor gehad nie, veral aangesien daar voortdurend onderhoudswerk op die eiland en die Rooikopeilandkanaal moes gedoen word en plaaslike belastinge nie voldoende was om die koste van die betonkleding te dra nie. 'n Subsidie van die staat was daarom van uiterste belang, omdat die betonkleding van die 65,000 vt. kanaalsisteem noodsaaklik was om die verbraking van die eiland te beheer.¹¹⁴ Voorts moes daar ook oorvalle, afsette en sluise met meetkaste en brûe gebou word.

Cox se aanvanklike berekening vir die projek was £39,000¹¹⁵ en het £2,000 ingesluit vir nuwe duikpyple.¹¹⁶ Die bestuursraad het 'n afvaardiging bestaande uit G.J. Smit, T. van Zyl en A.P. van Zyl gestuur om die Minister van Waterwese, P.O. Sauer,¹¹⁷ persoonlik te ontmoet om die probleem van die finansiering van die betonprojek te bespreek.¹¹⁸ Skanskopeilandbestuursraad het terselfdertyd 'n dringende aansoek om 'n lening en subsidie hiervoor by die staat ingedien. Dié optrede het tot gevolg gehad dat die Minister van Waterwese, wat

¹¹⁰ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 1690/M.36, verslag, C. Cox - Direkteur van Besproeiing, 26/03/1956, p. 2.

¹¹¹ SAB, ACT, band 15, lêer 470/208, brief, Direkteur van Besproeiing - Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, 09/11/1954.

¹¹² DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 1690/M.36, verslag, C. Cox - Direkteur van Besproeiing, 26/03/1956, p.2.

¹¹³ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 6020/M.36, brief, seksie - ingenieur, C. Cox - Sekretaris, Skanskopeiland Bestuursraad, 06/06/1956.

¹¹⁴ SNBA, versoekskrif, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Gekose komitee oor besproeiingsake, 10/09/1963.

¹¹⁵ SNBA, verwysingsnr. 285/M.36, brief, seksie - ingenieur, C. Cox - Sekretaris, Skanskopeiland Bestuursraad, 06/06/1956.

¹¹⁶ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 05/06/1956.

¹¹⁷ RSA, PR, p. 20. [P.O. Sauer was Minister van Waterwese in die tydperk 13/07/1956 tot 22/10/1958.]

¹¹⁸ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 05/06/1956.

Skanskopeiland besoek het om hom te vergewis van die probleme met die kanaal, die nedersetting graag tegemoet wou kom.¹¹⁹

Die bestuursraad het hul pleidooi aan die regering as volg uiteengesit:

Besproeiingserwe op Skanskopeiland word met water uit die Oranjerivier besproei. Water loop oor Rooikopeiland in 'n kanaal (n staatswaterwerk) tot by Skanskopeiland. Dit word nou voorgestel om kanale op Skanskopeiland met beton te beklee om die kanaalstelsel oor die algemeen te verbeter om sodoende beter beheer oor die distribusie van water toe te laat, hoë instandhoudingskoste uit te skakel, die mees doeltreffende distribusie en dreineringsstelsel aan te bring, waterverliese tot die minimum te beperk en brak-ontploffing te bestry.¹²⁰

Cox het die noodsaaklikheid van die verbetering besef en 'n uitgebreide verslag opgestel waarin die voor- en nadele van die betonkleding aan die Direkteur van Besproeiing voorgelê is.

Daarvolgens sou die betonkanale nie die brakprobleem enigsins oplos nie, maar het hy tog die proses wel sterk aanbeveel en ondersteun, omdat dit 'n positiewe invloed op die boerdery in geheel sou hê.

Nie net sou die betonkleding van die kanale die inkomste per morg verhoog nie, maar sou dit bydra om die arbeids- en onderhoudskoste te besnoei, die knellende watertekort te verlig en so die waarde van die grond te verhoog.¹²¹ Die finale berekening was £28,000. Deur bemiddeling van adv. J.H. Conradie en Cox, is die koste met 33¹/₃% deur die staat gesubsidieer. 'n Hoër subsidie sou deur albei huise van die parlement goedgekeur moes word.¹²²

Die besproeiingslening is op 5 Augustus 1957 goedgekeur en 'n lening van £28,000 is op 13 Desember 1957 geregistreer.¹²³ Die lening was met halfjaarlikse paaielemente terugbetaalbaar

¹¹⁹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 27/05/1956.

¹²⁰ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, formele aansoek om besproeiingslening, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad - Minister van Besproeiing, 28/06/57.

¹²¹ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 1690/M.36, verslag, C. Cox - Direkteur van Besproeiing, 26/03/1956, pp. 1 - 8.

¹²² SAB, URU, band 3694, Minuut nr. 1696, Kantoor van die Eerste Minister, toekenning van besproeiingslening aan Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 05/08/1957; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad notuleboek, 11/10/1956.

¹²³ SAB, URU, band 3694, Minuut nr. 1696, Kantoor van die Eerste Minister, toekenning van besproeiingslening aan Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 05/08/1957; SNBA, verwysingsnr. 261/57/B, brief, Adjunk-Staatsprokureur - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 03/01/1958.

oor 30 jaar. Hierby is die rente vir 'n dertigjaar-termynlening van terugbetaling gevoeg.¹²⁴ Die bestuursraad het hierop 'n rekening by die plaaslike Standardbank op Keimoes oopgemaak waarin die leningsbedrae van die Departement van Waterwese gedeponeer sou word en waaruit alle betalings gedoen moes word.

JCC/HVZ. ID. 531.

Telegraphic Address: "IRRIGATION." Verwys in antwoord asbl. na
In replying please quote
258/M.36.



UNIE VAN SUID-AFRIKA. - UNION OF SOUTH AFRICA.

Seksie-ingenieur, Circle Engineer,
Besproeiingsdepartement, Irrigation Department,
Uppington. Uppington

Tel No. 305. 6 Junie, 1956

Die Sekretaris,
Saalskop Bestuursraad,
Pos Neilersdrift.

Waarde Heer, i/s : VOORGESTELDE KANAAL EN ALGEMENE VERBETERINGS.


Soos deur u voorsitter versoek, word die volgende inligting betreffende die voorgestelde verbeterings verstrekkend :-

(1) Die koste van skema soos deur hierdie kantoor voorgestel word as volg beraam.

Verandering Slepker duikpyp	£ 1300
Verandering Skanskop duikpyp	£ 2000
Betonbekleding kanale, afsitte, kontrole strukture.	£ 31,765
Verbeterings sugslote	£ 1000
Onvoorsiene uitgawes	<u>£ 2,935.</u>
	<u>£39,000.</u>

Die voorstelle is onlangs voor die Direkteur van Besproeiing gelê vir oorweging. Hy mag die ontwerp of kosteraam wysig na sy goedgevallen. Byvoorbeeld die grootste enkele item in my kosteraam is 44,000 vk. jrts. betonbekleding wat teen 'n eenheidskoste van 12/6 per vk. jaart bereken was. Die Direkteur mag die ontwerp verander en sodoende hierdie hoeveelheid wysig, of hy mag 'n hoër eenheidskoste aanneem, ens.

(2) Die ander probleem waarvoor 'n oplossing moet verkry word (die gewysigde waterwette wat nog voor die Parlement moet gelê word sal seker die oplossing verskaf) is die feit dat onder die bestaande wetgewing daar nie 'n besproeiingslening aan bestuursrade, soos Skanskop en Kanoneiland, toegestaan kan word nie sonder 'n verband op vaste eiendom.

Die Uwe,


SEKSIË INGENIEUR,
LAER ORANJE RIVIER SEKSIË.

Figuur 5.11: Kosteberekening van betonbekleding van Skanskopeiland se kanaalstelsel.¹²⁵

¹²⁴ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 2172/4, brief, R.L. de Villiers, Direkteur van Waterwese - C. Cox, Seksie - ingenieur, 20/08/1957; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 27/05/1956.

¹²⁵ SNBA, kosteberekening, Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - F.Cox, 06/06/1956.

5.4.2 *Wersaamhede begin*

Daar is op 2 Oktober 1957 met die betonbekleding in Skanskopeiland begin. 'n Konstruksie-ingenieur van Waterwese was verantwoordelik vir die oorhoofse toesig oor die kanaalwerk.¹²⁶ Die bestuursraad, wat as plaaslike toesighouers opgetree het, was ook verantwoordelik vir die aanry van sand en sement. Dié take is deur die raad op tender uitgegee. Baie nedersetters het hierby baat gevind en kon iets ekstra verdien.¹²⁷

Twee bestuursraadslede is aangestel om toesig te hou oor die twee werkspanne, 'n grondspan en 'n sementspan. G.J. Smit is as hoofvoorman by die sementwerk aangestel teen 'n salaris van £42 per maand, lewenskoste¹²⁸ ingesluit.¹²⁹ L.J. Booysen is as 'n ploegbaas, 'n voorman oor die brûe en sluise asook die grondwerk, aangestel teen £42 per maand, wat ook lewenskoste ingesluit het.¹³⁰ Omdat 'n raadslid volgens Skanskopeiland se wet nie vergoeding mag ontvang nie en daar Smit en Booysen se kundigheid meer werd was met die bou van die kanale as op die bestuursraad, het hulle bedank uit die bestuursraad en die werk by die kanale aanvaar.¹³¹

Dit was 'n reuse taak, waarin groot presisie en boerevernuf saamgespan het. M.C.B. Smit, seun van G.J. Smit, vertel dat sy vader knap was met bouwerk en 'n paar geboue in en om Keimoes eiehandig opgerig het.¹³² Nadat Smit bevorder is as hoofwerksvoorman, is sy salaris

¹²⁶ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 01/07/2013; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 15/04.1958.

¹²⁷ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 19/08/1957; SNBA, brief, F. Fischer - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 22/08/1957; SNBA, brief, B.M.N. Steyn - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 21/08/1957; SNBA, brief, F. Fischer - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 22/08/1957; SNBA, brief, J. & S.A. Esterhuysen - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 22/08/1957; SNBA, brief, A.P. van Zyl - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 30/05/1958; SNBA, brief, A.P. van Zyl - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 30/09/1957.

¹²⁸ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 22/10/2013. [Lewenskoste is 'n bybetaling wat getroude mans ontvang het, soos bv. predikante en onderwysers.]; SAB, FOR, band 190, lêer 253, verwysingsnr. F.1487, A/313, verslag, Hoofbosbewaarder - Burgerlike kommissaris, 07/07/1908. [Lewenskoste word hier beskryf as 'n bedrag wat by die jaarlikse salaris van staatsamptenare gevoeg word om vir die stygende lewenskoste voorsiening te maak.]

¹²⁹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 12/03/1958.

¹³⁰ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 30/05/1958; SNBA, brief, Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - L.J. Booysen, 16/04/1958.

¹³¹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 12/03/1958.

¹³² M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 01/07/2013; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 15/04.1958.

dienooreenkomstig aangepas tot £50 per maand.¹³³ Kort daarna is S.A. Esterhuizen bykomend aangestel as 'n toesighouer, om die werkslas te verlig.¹³⁴

Sommige nedersetters het ook hulp verleen met vervoer en talle ander take wat die betonkledingsproses meegebring het.¹³⁵ 'n Derde voorman, C.J. Pool, is mettertyd aangestel, om die werk te bespoedig. Die administrasie het op die skouers van die bestuursraadsekretaris geval. Vir sy bykomende werkslading is 'n addisionele bedrag van £8 per maand aan hom toegestaan.¹³⁶

Smit onthou dat sy vader aan hom vertel het hoe die betonproses verloop het:

Alle werk is gedoen rondom paraboliese vorms van staal, ongeveer 5 cm breed en met 'n dwarslat bo. Die vorms is so 2 m van mekaar in lyn en op die regte hoogte in die loop van die kanaal opgerig. Grond is van die walle in die kanaal se loop gegooi en deeglik teen die walle vasgestamp met die vorms as gids. Die volgende stap was om die grond met 'n spesiale reihout, wat by elke punt op naasliggende vorms rus, tot die diepte van die vorm se buitekant uit te 'sny' en uit die kanaal te verwyder. Dan is die grond teen die walle finaal vasgestamp en afgerond. Nou is die beton gegiet. Die proses het sy eie probleme gelever: As die mengsel te nat is, loop alles na onder. As dit te droog is, kan dit nie behoorlik vasgestamp word nie. Die beton is gegiet, en weer met 'n ander reihout afgewerk – maar nou tot die binnekant van die vorm. Dit laat dan 'n voering van sement wat finaal met houttroffels opgevrywe is.¹³⁷

¹³³ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 15/04/1958.

¹³⁴ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 11/06/1958.

¹³⁵ DWASU (SV), band M.37, vol. 6, Skanskopeiland, staat van betalings vir Februarie 1959, uitgereik deur C. Cox, 13/08/1959.

¹³⁶ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 24/01/1958.

¹³⁷ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 01/07/2013.



Figuur 5.12: Die wyse waarop die kanaal se betonkleding met die parabool gedoen is, gefotografeer tydens herstelwerk.¹³⁸

Teen April 1958 was daar al 11,000 vt. kanaal van die beplande afstand van 50,000 vt. met beton uitgevoer.¹³⁹ Die betonwerk aan die kanale is in Junie 1958 voltooi.¹⁴⁰ Met voltooiing van die werk sou die subsidie wat toegestaan is, teen die lening gekrediteer word. Die finale som het die bedrag van £ 28,936.3.6. beloop. Die staat het na die voltooiing van die werk 'n derde van die totale uitgawe, nl. £9,537.1.2, teen die lening van £28,000 betaal. Die bestuursraad sou dan net verantwoordelik gewees het vir die terugbetaling van twee-derdes van die finale koste, waarby die rente vir 'n 30 jaar-termyn van terugbetaling toegevoeg is.¹⁴¹ Die eerste paalement was betaalbaar op 1 Junie 1960.¹⁴²

5.4.3 Vereffening van skuld

Die nedersetting het baie swaar gekry om die leningskuld, wat met 'n heffing op die waterbelasting gedelg is, af te betaal.¹⁴³ Moedeloosheid het gesprek uit die pleidooi wat aan die LV vir Gordonia, G.P. Kotzé, in 1964 gerig is:

'n Jaarlikse bedrag van R2,548.00 word deur hierdie Raad betaal wat beteken 'n totaal van R76,440.00 oor 30 jaar. Jaarliks moet die Raad 'n belasting hef van

¹³⁸ C.G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹³⁹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 15/04/1958

¹⁴⁰ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 04/06/1959.

¹⁴¹ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 108/187/4, brief, Direkteur van Waterwese - Seksie-ingenieur, Upington, 14/07/1959.

¹⁴² DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 108/187/4, Aktuariële tabel nr. 7, 20/11/1959.

¹⁴³ SAB, WW, band 120, lêer K 4/78/120, verwysingsnr. 1017, teleks p. 11/35, "Verslag i.v.m. Skanskopeiland", 9/06/1964; SNBA, verwysingsnrs. 108/187/4 en 7 - 1959/60, Aktuariële tabel, 31/12/1959.

R4.50 per morg om hierdie bedrag te bekom. Bykomstig moet nog begroot word vir administrasiekoste, instandhouding van sugslote, $\frac{2}{3}$ van alle koste wat mag ontstaan met die onderhoud van die Rooikopkanaal waarvandaan ons water kom; instandhouding van paaie.¹⁴⁴

Die lening is egter ten spyte van baie petisies deur die bestuursraad en bemiddeling van die opeenvolgende verkose lede van die Volksraad nl. J.H. Conradie, G.P. Kotzé en S.W. van der Merwe¹⁴⁵ aan die Minister van Waterwese, nooit ten volle afgeskryf nie. In 1965 is daar 'n bedrag van R15,076.24, plus opgehoopte rente ten bedrae van R1,861.68 afgeskryf, onderhewig aan die voorwaarde dat die bestuursraad nie 'n hoër waterbelasting sou hef as staatswaterskemas elders in die Benede-Oranjerivier nie, soos byvoorbeeld die by Boegoeberg.¹⁴⁶ Die bestuursraad was hierna nog 'n bedrag van R20,463.00 verskuldig, wat oor 'n tydperk van 25 jaar in gelyke halfjaarlikse paaielemente van R712.50 terugbetaal moes word, beginnende 1 Januarie 1966.¹⁴⁷ Die staat was van mening dat 'n algehele afskrywing van die lening die hele balans van waterbelastingheffing teen die Benede-Oranjerivier sou versteur. Voorts het die staat ook die argument aangevoer dat die afskrywing nie werklik verligting vir die nedersetters sal bring nie, omdat die erwe te klein was om 'n behoorlike bestaan te verseker en nie meer as 'n ekonomiese eenheid beskou kon word nie.¹⁴⁸ Die laaste paaielement van die lening is in 1989 betaal.¹⁴⁹

¹⁴⁴ SAB, WW, band 120, lêer K 4/78, verslag i.v.m. Skanskopeiland, E.A.N. Steenkamp & O.J. Erasmus - G.P. Kotzé, 9/06/1964. [Met die aansoek om die lening is daar steeds van die Britse geldstelsel gebruik gemaak. Na 1961 het die desimale stelsel in werking getree en het alle dokumente in Suid-Afrikaanse randwaarde verslag gedoen.]

¹⁴⁵ SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, verwysingsnr. K 4/78/120, Petisie afskryf van lening; SNBA, Versoekskrif 1963, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Gekose komitee oor besproeiingsake, 10/09/1963; SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, brief, G.P. Kotzé - P.O. Nothnagel, Privaatsekretaris van Minister van Waterwese, 03/11/1964; SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, kennisgewing van die indien van petisie ter afskrywing van die besproeiingslening van Skanskopeilandnederstelling, 02/02/1965; SNBA, verwysingsnr. AM/37, kennisgewing van ontvangs van petisie, M. Pieterse, Persoonlike Klerk, Ministerie van Binnelandse Sake - L.J. Booysen, voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 16/02/1971.

¹⁴⁶ SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, verwysingsnr. S4/78, memorandum, Onderhoud G.P. Kotze, L.V. Gordon, 18/11/64, p. 6; SNBA, verwysingsnr. 108/187/4, brief, Sekretaris van Waterwese - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 20/07/1965; DWASU, (SV), Skanskopeilandbestuursraad, band K/4/187, vol. 1, verwysingsnr. 108/87/4, brief, J. du Randt - T. Mundell, verslag, "Bespreking, Skanskopeiland; Afskrywing van lening", 01/03/1971.

¹⁴⁷ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 06/08/1965; SNBA, verwysingsnr. 108/187/4, brief, Sekretaris van Waterwese - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 20/07/1965.

¹⁴⁸ SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, verwysingsnr. S4/78, memorandum, Onderhoud G.P. Kotze, L.V. Gordon, 18/11/64, p. 6.

¹⁴⁹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, spesiale raadsvergadering, 05/12/1989.

5.5 Vooruitgang en groei

5.5.1 Volhoubare ontwikkeling

Ten spyte van die natuur se onvoorspelbaarheid, het die boere op Skanskopeiland vorentoe gebeur en het die eiland stadig maar seker ontwikkel. Heelwat gevestigde eienaars het gronde verkoop en weggetrek, sommige het gesterf en nuwe eienaars het in hulle plek gekom.¹⁵⁰

As voorbeeld van die vooruitgang van die nedersetters kan verwys word na die aansoek in 1953 van drie nedersetters, C.F. Pool, P. du Preez en L.B.W. Compaan, om die onbewerkte erwe aan die onderent van Skanskopeiland te koop. Die bestuursraad het egter verkies om die raadserwe eerder te verhuur.¹⁵¹

Die statistiek verkry uit die 1954-waterinlystingstabel, asook die aktekantoorondersoek van 1961, dui op die groei en volhoubaarheid van die nedersetting:

	1938	1954	1961
Aantal pioniers	63	37	32
% pioniers	100%	59%	51%
Pionier-erf na seun		7	7
% Pionier-erf na seun		11%	11%
Pioniers meer as een erf		3	3
% pioniers meer as een erf		5%	5%
Nuwe erfhouers		16	21
% nuwe erfhouers		25	33

Tabel 5.3: Statistiek volgens 1954 waterinlystings en 1961-aktekantoorondersoek.¹⁵²

Die erwe het gegroei in waarde. As voorbeeld kan daar verwys word na erf 43 wat in 1956 verkoop is teen £450, d.w.s. £5.62 per morg.¹⁵³ Die koopprys waarteen dié erf in 1937 geadverteer is, was £129.¹⁵⁴

¹⁵⁰ SNBA, Departement van Besproeiing, 1954-waterinlystingrekord vir Skanskopeiland.

¹⁵¹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 27/01/1953.

¹⁵² SNBA, Departement van Besproeiing, 1954-waterinlystingrekord vir Skanskopeiland; SNBA, aktesondersoek nr. 1058, 08/12/1961.

¹⁵³ DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, verwysingsnr. 1690/M.36, verslag, C. Cox - Direkteur van Besproeiing, 26/03/1956, p. 8.

¹⁵⁴ Unie van Suid-Afrika *Staatskoerant*, vol. 109, nr. 1348, 03/09/1937, Julie - Sept. 1937, p. 743.

’n Ekonomiese ondersoek deur die Departement van Landbou-ekonomie en Bemaking na die winsgewendheid en volhoubaarheid van Skanskopeiland het in 1958 - 1959 bevind dat die gemiddelde netto-inkomste per morg ongeveer £43.40 per jaar beloop het. Die bruto-inkomste van ’n 9 morg perseel was ongeveer £90 per morg per jaar, wat £827 in totaal beloop het. Die totale boerdery-uitgawe het gemiddeld per eenheid op £519.5 te staan gekom. Die interdepartementele studiegroep wat die ondersoek onderneem het, het nie lank daarna nie, in 1964, die bedrag van R1,500.00 – R2,000.00 per jaar as ’n realistiese inkomste per gesin gestel.¹⁵⁵ Hieruit kan afgelei word dat die nedersetters nie meer behoeftig was nie, maar terselfdertyd nie ’n hoë mate van welvaart beleef het nie. Hulle het ’n beter lewenskwaliteit gehad, maar het steeds gebuk gegaan onder finansiële druk as gevolg van natuurrampe, wisselende markpryse en stygende insetkoste.¹⁵⁶



Figuur 5.13: C.F. Pool en eggenote Baba.¹⁵⁷



Figuur 5.14: D.J. Kruger en eggenote Johanna.¹⁵⁸

Twintig jaar na die vestiging van die nedersetting was 37 van die oorspronklike nedersetters, ongeveer 59%, nog steeds aktief in ’n volhoubare boerdery en was almal se belasting op datum.¹⁵⁹ Volgens ’n aktesondersoek van 1961 is daar 27 kroongrondbriewe binne die eerste tien jaar uitgereik aan nedersetters op Skanskopeiland, wat beteken dat hulle volwaardige grondeienaars was. Daarby het sommige nedersetters reeds meer as een erf besit.¹⁶⁰ Dié prestasie is ’n stawende bewys dat die nedersetters met harde selfwerksaamheid vir hulself

¹⁵⁵ SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, verwysingsnr. S4/78, memorandum, onderhoud G.P. Kotze, L.V. Gordon, 18/11/64.

¹⁵⁶ SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, verslag vergadering, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Amptenare van Departement van Besproeiing, 21/04/1964.

¹⁵⁷ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

¹⁵⁸ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

¹⁵⁹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, Belastingopgawe - 1958.

¹⁶⁰ SNBA, aktesondersoek nr. 1058, 08/12/1961.

binne 'n dekade 'n beter lewe geskep het. In 1961 was 32 (51%) van die pioniers nog aktief in die boerdery, terwyl daar steeds 7 pioniers was wat die grond na hul seuns oorgedra het.

Daar het nie 'n verhoogde persentasie gronduitbreiding sedert 1954 plaasgevind nie, wat toegeskryf kan word aan opeenvolging van natuurrampe soos vloede en swaar ryp wat boerderybedrywighede en uitbreiding gekortwiek het.¹⁶¹ Daarby was die onderliggende vrees vir armoede steeds teenwoordig by die meeste nedersetters.¹⁶²

Die nedersetters het in 1964 hulself as nuttige burgers beskou wat 'n aanwinst vir die land se ekonomie was en ook hulle deel as landsburgers kon bydra.¹⁶³ 'n Verslag van die Departement van Waterwese in 1964, waarin die afskryf van die besproeiingslening bepleit word, beskryf die nedersetters van Skanskopeiland as hardwerkende boere wat 'n redelike bestaan voer.¹⁶⁴

In 1964 is 'n inkomste hoofsaaklik uit lusern, asook katoen en tot 'n minder mate uit lensies en wingerd gegenereer.¹⁶⁵ Waar die bruto gemiddelde inkomste per erf in 1956 op ongeveer £1,000 per eenheid of £125 per morg bereken is, het dit in 1964 gestyg tot R300.00 – R400.00 per morg per jaar.¹⁶⁶ Die nedersetters wat met min lewensmiddels en kapitaal eiendom op Skanskopeiland bekom het, het deur jare van waterskaarste, vroeë ryp, reën en vloede daarin geslaag om 'n redelike bestaan te voer.¹⁶⁷

¹⁶¹ SNBA, aktesondersoek nr. 1058, 08/12/1961.

¹⁶² C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4.

¹⁶³ SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, verslag i.v.m. Skanskopeiland, E.A.N. Steenkamp & O.J. Erasmus - G.P. Kotzé, 9/06/1964, p. 3.

¹⁶⁴ SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, teleks, verwysingsnr. P/11/35, hoofingenieur Waterwese, H.C. Stegmann - Sekretaris van Waterwese, 19/01/1964.

¹⁶⁵ SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, verslag vergadering, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Amptenare van Departement van Besproeiing, 21/04/1964.

¹⁶⁶ SAB, WW, band 120, K4/71/1, lêer K 4/78/120, verwysingsnr. WW. K4/71/1. K 4/78/120, versoekskrif, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad - Gekose komitee oor besproeiingsake, 09/01/1964.

¹⁶⁷ Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 29/11/1949; SAB, verwysingsnr. P/11/35, teleks, hoofingenieur Waterwese, H.C. Stegmann - Sekretaris van Waterwese, 19/01/1964; SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. S.W.P., 6/29, verslag, G. Nortjé, Beamppte-in-bevel, Volkswelsyn, "Noodleniging as gevolg van vloedskade, 15 Oktober 1957", 17/10/1957.



Figuur 5.15: Die woning van C.F. Pool, ongeveer 1948 gebou.¹⁶⁸

5.5.2 Die gebruik van inheemse arbeid op die eiland

Aanvanklik het die finansiële status van die pioniernedersetters geen ruimte gelaat vir die aanstelling van arbeidshulp nie. Na die voltooiing van die kanaaluitgrawings, wat in opdrag van die staat slegs deur die pioniernedersetters en ander blanke werklose mans gedoen is, word daar melding gemaak van die gebruik van inheemse bevolking wat vir arbeiddoeleindes aangestel is. Volgens Visser het haar vader sedert 1940 van bruin arbeid gebruik gemaak in die boerdery. J.J.C. Smit bevestig dat sy vader ook bruin arbeid op sy erwe ongeveer vanaf 1941 gebruik het.¹⁶⁹ Die arbeid is veral gebruik in die gelyksleep van die erwe.

Die eerste amptelike verwysing na die gebruik van die inheemse bevolking as arbeid word in September 1939 in die notuleboek gevind.¹⁷⁰ Verdere verwysings na die voorwaardes vir die oprig van werkershuise, asook die bruin woonbuurt, die 'kroek', bevestig die gebruik van inheemse arbeid.¹⁷¹

Amptelike werksregisters van die bestuursraad dui aan dat die bestuursraad van inheemse arbeid gebruik gemaak het vir algemene onderhoudswerke soos onder meer die uitgrawing van die sugslot in 1949, padonderhoud, asook oproeping vir kanaalonderhoud by Skanskopeiland en Rooikopeiland.¹⁷²

¹⁶⁸ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

¹⁶⁹ E.W. Visser, mondelinge mededeling, 19/03/2014; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, 02/08/2013.

¹⁷⁰ Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, Notuleboek 14/09/1939.

¹⁷¹ Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, Notuleboek 23/08/1940; Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, Notuleboek 14/02/1941.

¹⁷² SNBA, Tydregister, 30/09/1949 – 27/01/1958; SNBA, Tydregister, Departement van Waterwese, 16/08/1958; SNBA, brief, A.P. van Zyl – Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 11/02/1959.

Mettertyd het die aanstel van bruin arbeid vir landboudoeleindes 'n inkomste verskaf aan werklose bruin mans. Indiensneming van werkers het met die intensiewe bewerking van die grond 'n noodsaaklikheid geword. Daar is veral tydens oestye, hetsy druiwe, of wisselbougewasse, van bykomende arbeid gebruik gemaak. Huisvroue het van die vroue gebruikgemaak om te help met huis- en kombuiswerk.

Alhoewel daar in pas met die tyd, nie 'n hoë loon betaal is nie, was daar nietemin 'n goeie verhouding tussen werkgever en werknemer. Die afleiding word gemaak uit die volhoubare indiensneming van werkers op die eiland. Familienaam soos Van Wyk, Van Neel, Eiman, Koopman, Jordaan, Verster, Rooi, Afrikaner, De Klerk en Slinger is ou ingesetenes op die eiland.¹⁷³

Die bruin arbeider het 'n onontbeerlike bydrae gelewer tot die tweede fase van die ontwikkeling van die eiland, waarsonder die intensiewe bewerking van die grond op daardie tydstip nie moontlik was nie.


5.5.3 *Damme in die Oranjerivier - 'n nuwe era breek aan*

Aan die begin van 1962 het die Minister van Waterwese, P.K. le Roux, aangekondig dat daar 'n uitgebreide ontwikkelingsprogram vir die Oranjerivier beplan word. Die ambisieuse beplanning het die bou van drie damme in die Oranjerivier in die vooruitsig gestel. Voorts is die ontwikkeling van hidroëlektriese krag ook in die beplanning ingesluit.

Slegs twee van die drie beplande damme is uiteindelik voltooi, nl. die Hendrik Verwoerddam (Gariëpdam) en die P.K. le Roux-dam (Vanderkloofdam). Totdat die damwal van die destydse Hendrik Verwoerddam in September 1970 afgesluit is, was die Boegoebergdam met sy voltooiing in 1929 die grootste mensgemaakte versperring in die Oranjerivier.¹⁷⁴

¹⁷³ J.J.C. Smit, C.N. Erasmus, E.W. Visser, N.J. Visser, C.P. du Plessis bevestig dat die familienaam die van die eerste inheemse arbeid op die eiland is.

¹⁷⁴ RSA, DVI, *'n Magtige rivier...*, p. 7.



Figuur 5.16: Die Gariepdam.¹⁷⁵



Figuur 5.17: Die Vanderkloofdam.¹⁷⁶

Die bou van die damme het 'n nuwe era vir besproeiing in die Benede-Oranjerivier en elders aangebreek en het die finale fase van ontwikkeling vir Skanskopeiland gebring. Na die voltooiing van die Vanderkloofdam in 1977¹⁷⁷ het die standhoudende watervloei in die rivier groter stabiliteit binne die boerdery en voorspoed en ontwikkeling vir die Benede-Oranjevallei gebring.¹⁷⁸ Namate meer wingerd gevestig is en die prysstruktuur daarvan verbeter het, is wisselbou, wat baie arbeidsintensief is, uitgefaseer en is die erwe op Skanskopeiland vandag (2014), na 76 jaar van nedersetting, grotendeels onder wingerd, waaruit 'n goeie inkomste gegenerereer word.¹⁷⁹

Die meeste nedersetters het met hul volgehoue ywer gepoog om 'n volhoubare boerdery op te bou, waarby die nedersetting en die nasate van die nedersetters kon baat vind. Die volhoubaarheid van die nedersetting, asook die uitwerking van die pioniernedersetters se selfwerkzaamheid en volgehoue hardwerkendheid op hul nasate se lewenskwaliteit, sal in hoofstuk 7 meer volledig bespreek word.

¹⁷⁵ RSA, DWA, "Gariepdam", http://www.dwaf.gov.za/orange/Mid_Orange/gariep.htm

¹⁷⁶ RSA, DWA, "Vanderkloofdam", http://www.dwaf.gov.za/orange/Mid_Orange/vanderkl.htm, [geraadpleeg 22/05/2014].

¹⁷⁷ RSA, DWA, "Vanderkloofdam", http://www.dwaf.gov.za/orange/Mid_Orange/vanderkl.htm, [geraadpleeg 09/08/2013].

¹⁷⁸ RSA, DWA, "Vanderkloofdam", http://www.dwaf.gov.za/orange/Mid_Orange/vanderkl.htm, [geraadpleeg 09/08/2013].

¹⁷⁹ G.C. Kalp, Oranjerivierwinkelders (OWK) en Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD) Wingerdkundige, Keimoes area, verslag, 27/10/2013.

HOOFSTUK 6

Kultuurhistoriese aspekte van die samelewing op Skanskopeiland

6.1 Enkele aspekte oor kultuur en kultuuroordrag

Die kultuurhistoriese aspekte van die samelewing op Skanskopeiland, vorm 'n deel van die geheelbeeld van die nedersetting op Skanskopeiland. Tydens die navorsingsproses is kleinnode blootgelê, wat lig werp op die volgehoue historiese identiteit wat onder die nasate van die pioniernedersetters aanwesig is. Die nalatenskap van die stoflike en geestelike kultuurerfenis is 'n bepalende faktor in die proses wat die historiese bewussyn van die vestigings- en ontwikkelingstydperk van Skanskopeiland lewendig hou. Hierdie hoofstuk sal derhalwe op aspekte van die kultuurhistoriese erfenis fokus.

Skanskopeiland manifesteer as die oerlandskap waarmee die nasate van die pioniernedersetters se historiese bewussyn gevorm is. Kinder- en jeugervarings en belewenisse is ingeprent in die geheue van die nasate en gee aanleiding tot 'n bepaalde groepsgebondenheid en terughunkering na die plek van grootword.

Van Jaarsveld is van mening dat beeldvorming van die herinneringe by die individu 'n sekere mate van selfbewussyn veronderstel. Dit hou in dat sy 'geskiedenis' nie bloot die som van losstaande gebeurtenisse is nie, maar vorm dit 'n reeks aaneengeskakelde gebeure waarmee hy in sy denke verbande vorm en daardeur samehang en eenheid in die geheel van die uitgesoekte feite vorm.¹

In sy herinnering word indrukke van die verlede versamel en omvorm tot die beeld van dit wat hy beleef het. Die wisselende beelde van sy lewensloop word vir die persoon 'n selfdeurleefde geskiedenis of historiese ruimte. Hierdeur skep die mens 'n sinryke eie verledenswerklikheid. Dit is dikwels 'n subjektiewe verledebeeld wat nie krities deurdink is nie en deur sy eie emosies, waardestelsel en ideale gekleur is.²

Tipiese voorbeelde van die verledenswerklikheid wat deur die grootste persentasie nasate van Skanskopeiland gehandhaaf word, is die volgende aanmerkings wat in jeugherinneringe oor

¹ F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy geskiedenis*, pp. 2, 63.

² F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy...*, p. 6.

Skanskopeiland gemaak is: Smit noem Skanskopeiland “ons eiland”³; Nel skryf: “Vir my is dit die mooiste eiland”⁴; Visser maak die uitspraak: “Dit was ons plek. Dit is nou nog ons plek. Dis waar my wortels is.”⁵ Basson sien Skanskopeiland as haar “grootwordplekkie”. Sy sluit haar jeugherinneringe af met die volgende woorde:

Ek is trots op my mense vir wat hulle op Skanskop gedoen het en nog steeds vermag. Vloede het gekom en gegaan maar het ons telkens net hefter teen mekaar gebind.⁶

Van Jaarsveld maak die uitspraak dat die mens van sy geboorte af groot word binne ’n bepaalde historiese atmosfeer, wat ’n gemeenskaplike samesyn skep wat almal op daardie tydstop omvat:

Deur sy geboorte en opvoeding word hy lid van die gemeenskap en deur beleving, ervaring en eiewerksaamheid word hy mededraer van die geskiedkundige bestaan.⁷

Die verlede neem dus onbewustelik in hom gestalte aan.⁸ Daarby word sekere geheuebeelde van die kinderjare lewendig gehou met byvoorbeeld die handhawing van bepaalde streekstaal en uitdrukkings, voorbereiding van bekende voedsel of verhale uit die kinderjare, asook die rivier, waaraan inderwaarheid persoonlike eienskappe toegedig word. Olwig bevestig dat verbondenheid aan ’n plek versterk word deur handhawing van taal, gebruike en optrede.⁹

In die meeste nasate se herinneringslewe word Skanskopeiland as ’n plek van geborgenheid gesien en is daar ’n historiese bewustheid aan die plek van grootword.

³ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 01/07/2013.

⁴ C.J. Nel, Persoonlike geskrifte, 03/07/2013.

⁵ W. Visser, mondelinge mededeling, 31/08/2014.

⁶ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 1 & 17.

⁷ F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy...*, pp. 9 - 10.

⁸ F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy...*, p. 10.

⁹ K.R. Olwig, “Childhood, artistic creation and the educated sense of place”, *Children’s environments Quaterley*, vol. 8, no. 2, p. 4.

Measham meen dat die landskap waarin 'n persoon opgegroeï het, onlosmaaklik verbonde is aan sy identiteit as mens:

The environments of our childhoods - the meaning-laden places where we explored, played, and tried to make sense of the world around us - form a "primal landscape" from which we compare and interpret future environments.¹⁰

Hier is dus sprake van 'n diep emosionele verankering aan Skanskopeiland wat deur die meeste tweede en derde generasie nasate van die pioniernedersetters ervaar word. Kruger haal Relph aan wat in sy werk, *Place and Placelessness*, argumenteer dat plek 'n belangrike rol speel in die vorming van individuele en groepsverbondenheid, geborgenheid, asook individuele en groepsidentiteit:

They are important sources of individual and communal identity and are often profound centres of human existence to which people have deep emotional and psychological ties.¹¹

Die verbondenheid aan 'n plek waar 'n persoon opgegroeï het, die sg. 'sense of place' of omgewingsbewussyn, word derhalwe gevorm as gevolg van die interaksie met die landskap; die kenmerkende natuurelemente; die mense, die taal en gebruike, asook die invloed van bepaalde kultuurelemente.

Olwig druk dié verbintenis so uit:

Sense of place implies a certain distance between self and places that allows the self to appreciate the place.¹²

Woods druk die ontstaan van 'n omgewingsbewussyn as volg uit:

People develop a "sense of place" through experience and knowledge of a particular area. A sense of place emerges through knowledge of the history,

¹⁰ T.G. Measham, "Learning about environments: The significance of primal landscapes", *Environmental Management*, vol. 38, no. 3, p. 433.

¹¹ L.E. Kruger, *Understanding place as a cultural system*, (unp. Ph.D., University of Washington, 1996), p. 9.

¹² K.R. Olwig, "Childhood, artistic creation...", p. 4.

geography and geology of an area, its flora and fauna, the legends of a place, and a growing sense of the land and its history after living there for a time.¹³

Hierdie uitspraak is van toepassing op die grootste persentasie tweede en derde generasie nasate van Skanskopeiland, soos die bywoningsyfer van die 75-jarige bestaansfees in 2013 aangetoon het.¹⁴ Die emosionele band met Skanskopeiland figureer steeds sterk onder afstammelinge van die pioniernedersetters.

Ferreira huldig die standpunt dat kultuurgeskiedenis van wesenlike belang vir die mens en sy historiese bewussyn is:

Sonder kultuurgeskiedenis het ons weinig kennis van wie ons is of hoe die groep waaraan ons behoort, ontstaan het. Dit is die opgetekende gebeure of gebruike wat emosies, waardes en ideale genereer.¹⁵

Die begrip kultuur bevat 'n veelheid van betekenisse.¹⁶ Kirsten haal Sobrevilla aan wat verduidelik dat die woord "kultuur" van die Latynse *cultura* kom, wat op sy beurt van die werkwoord *colo* afgelei is. *Colo* beteken oorspronklik "versorg", "behou", "bewoon", "vereer", "versier".¹⁷ Kultuur kan gesien word as die mens se omvorming van die natuur, tot sy eie voordeel.

Kultuur, meen Coetzee, begin reeds in die klein waar twee mense saam 'n gesin vorm. Wat by ouers lewensgebruike is, word vir die kinders tradisie. Op hierdie manier word tradisies van generasie tot generasie oorgedra, dikwels deur middel van mondelinge tradisie en herinnering. Bouvorme, gebruikswyses, speletjies, liedjies, gesegdes en vele meer word op die wyse tot kultuur geskep. Die bepaalde kultuur bind die individu aan die gemeenskap.¹⁸

¹³ T.A. Woods, "Making sense of place", Sense of place Inc., <http://www.makingsenseofplace.com/about-place.htm>, [geraadpleeg 2014/09/02].

¹⁴ Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, Statistiek van Skanskopeiland 75-jarige feesnaweek, 13 - 15 September 2013. Die bywoningsyfer was 210 persone.

¹⁵ O.J.O. Ferreira, "Taak van die kultuurhistorikus", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunstgeskiedenis*, vol. 2, nr. 2, April, 1988, p. 102.

¹⁶ P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die Afrikaner*, pp. 8 - 10.

¹⁷ J.M. Kirsten, "Verskuiwinge in die eietydse kulturbegrip", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 2, nr. 2, Jan., 1985, p. 4.

¹⁸ A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur, inleiding tot die studie van Volkskunde*, p. 12.

Grobbelaar ondersteun hierdie siening. Hy sien die huisgesin as die hoofbron van kultuuroordrag. Binne die beskutte bekendheid van die gesinskring leer die kind van kleinsaf die kultuur van sy mense aan.¹⁹

Verskillende sedes, gewoontes, of oorgelewerde tradisies of maatskaplike instellings vorm deel van die mens se kultuur.²⁰ Coetzee haal Linton aan wat as volg argumenteer oor die definisie van kultuur:

It refers to the total way of life of any society...²¹

Burden redeneer dat kultuur die skeppingsproses en die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens is.²²

Kapp beklemtoon op sy beurt dat kultuur alle skeppinge en uitinge van die menslike gees, hand en verstand omvat en dat dit in 'n baie ingewikkelde verhouding tot alle lewensfasette van die mens staan.²³ Coetzee som kultuur op as die gemeenskaplike tradisies wat 'n gemeenskap op die geestelike en stoflike gebied verwerf het.²⁴

Grobbelaar beaam die siening van Coetzee en meen dat daar twee tipes kultuur onderskei kan word: Eerstens die stoflike kultuur, wat alles insluit wat die mens deur arbeid op aarde tot stand bring, soos onder meer werktuie, wapens, gebruiksartikels, wonings, meubels, asook bedrywe soos slag en bak.²⁵ Tweedens die geestelike kultuur wat dinge soos rympies, danse, liedjies, speletjies, vertellings en gebruike, asook religie insluit.²⁶ Elke skeppingsdaad is op sigself 'n kultuurdaad.²⁷

Die proses van kultuurvorming is nie staties, of van verbygaande aard nie, maar word lewendig gehou deur die mens se optrede. Volgens Swart is die mens gedurig besig om opnuut te skep

¹⁹ P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die...*, p. 34.

²⁰ A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, p. 1.

²¹ A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, p. 1.

²² M. Burden, "Die metodologie van kultuurgeskiedenis", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 14, nr. 2, Nov., 2000, p. 19.

²³ P.H. Kapp "Ontstaan en ontplooiing van die Afrikaanse kultuur", deel 1, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 1, nr. 2, Julie, 1984, p. 27.

²⁴ A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, p. 2.

²⁵ P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Deel 1, Mens en Land*, p. 13; A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, p. 2.

²⁶ P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Deel 1...*, p. 13; A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, p. 2.

²⁷ P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die...*, p. 11.

en te beleef. Voorts is die proses van interaksie nie net tussen mens en natuur nie, maar is daar ook 'n wisselwerking tussen reeds geskepte menslike kultuur en die mens se reaksie hierop. Kultuur is dus simbool van die mens se, en is self, verruiming, vermeerdering, voortsetting, beweging en verskeidenheid.²⁸

Vir die doeleinde van hierdie studie word hier gekonsentreer op die geestelike en stoflike kultuur wat met die vestiging en ontwikkelingsproses van Skanskopeiland posgevat het onder die pioniernedersetters. Die stoflike en geestelike kultuurerfenis vorm 'n belangrike onderdeel van hierdie studie. Daar sal opsommend gekyk word na die faktore wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van 'n eiesoortige leefkultuur, die unieke rivierkultuur, asook die handhawing van die vroeë kultuurskeppinge binne die hedendaagse samelewing op Skanskopeiland.

6.1.1 Mondelinge onderhoude en herinneringe

*"We are, all of us, people of memory."*²⁹

Die kultuurhistoriese inligting in hierdie hoofstuk is hoofsaaklik uit mondelinge onderhoude bekom. Voorts het jeugherinneringe van die nasate van die pioniernedersetters 'n groot bydrae tot die opteke van die bepaalde navorsingsmateriaal gelewer. Die onderhoude het dikwels emosionele oomblikke opgelewer, veral waar intense herinneringe aan die moeilike aanvangsjare opgeroep is.

Die jare van armoede en ongerief sonder elektrisiteit en moderne ablusies, die eenvoudige leefwyse sonder 'n ryke verskeidenheid voedsel of luukse artikels word in die herinnering van die grootste persentasie mense wat verbonde is aan Skanskopeiland, gekoester as 'n persoonlike erfenis en bousteen. Die herinnering daaraan word beskou as 'n verrykende toevoeging tot hul lewe.

Mouton meen dat mondelinge onderhoude 'n dieper waarde toevoeg tot die herinnering aan die verlede.

²⁸ M.J. Swart, "Wese van kultuur met besondere verwysing na die Afrikaner", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, vol. 1, nr. 4, Des., 1987, p. 338.

²⁹ J. R. Neff, The centre for Civil War research, Resources, www.civilwarcenter.olemiss.edu/resources_theory.shtml, [geraadpleeg 28/04/2010].

Oral interviews provide the rich texture of the individual experience of historical events.³⁰

Mondelinge tradisie en herinneringe het 'n stewige plek op die kultuurhistoriese navorsingsbank ingeneem.

Herinneringe is trouens 'n bousteen van die historiese bewussyn van die mens en die samelewing waartoe hy behoort. Pretorius beskryf mondelinge tradisie as van besondere betekenis vir die navorser, veral waar geen geskifte oor 'n bepaalde saak nagelaat is nie. Hy meen dat persone wat mondelinge inligting verskaf, meestal deel vorm van die tradisiegetroue gemeenskap waarin mondelinge oorlewering 'n groot rol speel.³¹

Mondelinge tradisie is van groot belang vir die oordrag van kultuur. Tradisie en herinnering vorm die basis van die mens se historiese bewussyn en sy of haar geborgenheid binne die groep. Sonder herinnering oor wie die mens is en waar die mens vandaan kom, is die menswees sonder 'n gemeenskapsgevoel. Coetzee meen dat tradisie omskryf kan word as 'n gemeenskaplike lewensopvatting, daad of instelling wat oor die grense van die verlede uitreik na die toekoms.³²

Tempelhoff bevestig die waardevolle bydrae van mondelinge mededeling in die opteken en bewaring van kultuurerfenis:

[V]ir die proses van kultuuroordraging van een generasie na 'n ander, of een groepering na 'n ander, is mondelinge herinnering van groot belang. Die historikus behoort besorg te wees oor meer as net die oordraging van feite oor wat in die verlede plaasgevind het.³³

Herinnering aan die verlede en die verwerking daarvan, is elke dag onbewustelik en bewustelik deel van die mens se bestaan. Tempelhoff meen dat herinneringe letterlik die resultaat is van persoonlike menings en die skepping van 'n indruk wat onregstreeks of regstreeks as geskiedenis openbaar gemaak word. Die herinnering kom dan voor as 'n verpersoonlikte

³⁰ M. Mouton & H. Pohlandt-McCormick, "Boundary crossings: Oral history of Nazi-Germany and Apartheid South Africa: A Comparative Perspective", *History Workshop Journal*, no. 48, (Autumn 1999), p. 45.

³¹ J.C. Pretorius, "'n Bronne-indeling...", p. 8.

³² A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, pp. 6 - 7.

³³ J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede...*, p. 158.

gedagte van die individu en eers wanneer daar 'n mate van kohesie oor die herinnering posvat, word dit deel van die tradisie van 'n gemeenskap.³⁴

Herinnering manifesteer in die alledaagse gebruiksgoed; resepte wat mondelings oorgedra is van geslag tot geslag, tradisies, volksliedere, speletjies, rympies en enige artefakte uit die bekende en onbekende verlede.³⁵ Neff se kommentaar oor herinnering aan die verlede sluit goed hierby aan:

We are, all of us, people of memory. Our daily lives are shaped by our individual and collective past. What is new and novel is interpreted through a filter made up of previous experience and recollection. How we think about ourselves and our world today is inextricably linked to how we have thought about ourselves and our world.³⁶

Opeengestapelde herinneringe gee gestalte aan 'n bepaalde omgewingsbewussyn. Die manier hoe die mens oor homself en die omgewing om hom dink, hetsy op die terrein van geskiedenis of die geestesgesondheid, is dig verweef met die mens se persoonlik-saamgestelde herinneringsversameling. Hutton merk op dat die kuns van herinnering nie net 'n bruikbare vaardigheid vir die mens is nie, maar ook 'n manier is waarop die mens sy leefwêreld kan verstaan.³⁷ Die mondelinge mededeling aan die pioniersera op Skanskopeiland wat van generasie tot generasie oorgedra word, dien as voorbeeld van dié uitspraak.

Mondelinge herinneringe is die gesproke woord van die individu oor gebeure uit die verlede.³⁸ Dit is die stories van die individu se verlede soos hy dit beleef het en ervaar het. Van Jaarsveld noem so 'n reeks gebeurtenisse skakels in die pad wat afgelê is.³⁹ Vilanova haal Bertaux aan wat mondelinge geskiedenis as lewensgeskiedenis beskou.⁴⁰

Ofskoon hierdie hoofstuk bepaalde kultuurhistoriese gebruike en sake bespreek, is die stoflike en geestelike kultuur van die samelewing op Skanskopeiland deurlopend vervleg in die

³⁴ J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede...*, p. 143.

³⁵ P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die...*, pp. 78 - 91.

³⁶ J. R. Neff, The centre for Civil War research, Resources, www.civilwarcenter.olemiss.edu/resources_theory.shtml, [geraadpleeg 28/04/2010].

³⁷ P.H. Hutton, *History as the art of memory*, p. 29.

³⁸ J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede...*, p. 147.

³⁹ F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy...*, p. 2.

⁴⁰ M. Vilanova, "International Oral History", *History Workshop Journal*, vol. 39, no. 1, Spring, 1995, p. 69.

vestigingsgeskiedenis van die eilandgemeenskap. In die dokumentering hiervan is daar grootliks gesteun op mondelinge herinnering, omdat heelwat van die kultuurhistoriese gebruike slegs deur mondelinge tradisie oorgedra is.

Ferreira meen dat geen samelewing sonder 'n voorstelling van sy verlede kan bestaan nie.⁴¹

Hierdie hoofstuk poog om 'n voorstelling te gee van die daaglikse lewe van die pioniernedersetter, asook die oordra en voortleef van bepaalde tradisies.

6.2 *Faktore wat bygedra het tot die skep van 'n eiesoortige kultuurerfenis op Skanskopeiland*

Die pioniers het van verskillende landstreke gekom. Elkeen van hierdie streke het oor sy eiesoortige kultuur beskik, wat die pioniernedersetter saam met hom na Skanskopeiland gebring het. Deur die toevoeging van die verskillende kultuuruitdrukkings tot die gemeenskaplike kultuurhistoriese biblioteek van die eiland is 'n bepaalde historiese ruimte geskep waarbinne die individu onlosmaaklik deel van die gemeenskap geraak het en sodoende 'n omgewingsbewussyn ontwikkel het. Dit mag op talle aspekte van toepassing wees, soos byvoorbeeld geestelike, godsdienstige, ekonomiese en kulturele vlak.⁴²

Die stryd om te bestaan, meen Coetzee, het 'n bepaalde invloed op die geaardheid van die pionier. Mense word meer ernstig, sorgsaam, maar afsydig en geslote.⁴³ Die geografiese omgewing waarbinne die pioniernedersetters hul bevind het, het bepaald veel meer as die gewone fisiese en geestelike inspanning vereis om dit te omskep in 'n leefbare omgewing. Uiteraard het hierdie vestiging die nedersetter van talle pretensies gestroop, veral omdat daar armoedige omstandighede geheers het en daaglikse oorlewing ter sprake was. Voorts is daar geleef van die natuur en uit die natuur. Hieruit het eerder 'n volkse leefwyse as 'n gestileerde leefwyse na vore gekom vanweë die harde natuur, die stryd om die daaglikse brood te voorsien en die leefwyse om uit min iets tot stand te bring.⁴⁴

Die groep wat hier gevestig het, het 'n unieke kollektiewe historiese identiteit gevorm, omdat elkeen 'n aandeel gehad het in die skep van die infrastruktuur waaruit gesamentlik voordeel

⁴¹ O.J.O. Ferreira, "Taak van die...", p. 101.

⁴² F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy...*, p. 4.

⁴³ A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, p. 30.

⁴⁴ A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, p. 82.

getrek is. Coetzee haal Herkovitz aan wat van mening is dat kultuur deels bestaan uit die totale moontlikhede wat die mens verwerf het as lid van 'n groep. Dit sluit kennis, kuns, wet, godsdienst, sedes en tegniek in. Omdat die historiese identiteit deur die groep as geheel verwerf is, het dit ontwikkel as die groepstradisie. Tweedens dat kultuur ook bepaal word as dit wat in die omgewing ingevoer is deur die mens. Derdens kan kultuur gesien word as die versameling gedragstrukture van die groep.⁴⁵

Grobbelaar redeneer dat die mens se kultuur eers ten volle ontplooi wanneer hy in sosiale verband met ander mense leef. Voorts het die aard van die omgewing of kultuurbodem 'n beduidende invloed op die karakter en vorming van die kultuur en dien as stimulus vir 'n eiesoortige kultuurskepping.⁴⁶

Elke mens is uniek en het sy eiesoortige karakter. Daarom sal nie een persoon die kultuur presies dieselfde beleef en ervaar as die volgende persoon nie. Kultuur is nie 'n homogene en statiese element nie. Kultuur word in 'n feitlik oneindige verskeidenheid kulturele uitdrukkingsvorme ontplooi. Daar is verskillende vlakke van kultuur in sferes van die individu, die gesin, die gemeenskap, die streek. Hier word slegs 'n paar tipiese kenmerke van die kultuurerfenis van Skanskopeiland uitgelig.

6.3 *Stoflike kultuur*

6.3.1 *Die aard van die stoflike kultuurerfenis*

Stoflike kultuurprodukte is 'n belangrike bron van kennis aangaande die lewe van die mens in vergange tye.⁴⁷ Die stoflike kultuur van 'n gemeenskap of samelewing berus onder meer op die mens se strewe om sy lewe aangenaam en gemaklik te maak. Grobbelaar meen dié kultuur sluit alles in, wat die mens met sy ledemate in die natuurwêreld tot stand bring.⁴⁸

Stoflike kultuurerfenis dui op 'n wye versameling van kultuuroordrag: Woningbou en oprigting van buitegeboue, insluitende versiering, vloere, mure, deure en alles wat verband hou met die oprigting van die woning. Voorts is die werf-uitleg met sy buitegeboue en krale, meubels, kleredrag, vervoer, asook volkshandwerkkuns (bv. versiering van kaste met

⁴⁵ A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, p. 2.

⁴⁶ P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Deel 1...*, pp. 15 - 17.

⁴⁷ J.C. Pretorius, "n Bronne-indeling...", pp. 1 - 9.

⁴⁸ P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Deel 1...*, pp. 10, 13.

koerantpapierpatrone, patrone in misvloer soos perskepitte) van belang. Volksbedrywe soos slag en bak, geheime resepte uit die plaaskombuis wat oor generasies heen oorgelewer is, asook die boerderybedrywighede en implemente, vorm deel van stoflike kultuurerfenis.⁴⁹

Sommige aspekte van die kultuurerfenis, soos onder meer bedrywe soos broodbak en slag, asook die verwerking van vrugte, is steeds deel van die alledaagse gebruike in Skanskopeiland. Die metode en werkswyse bly dieselfde, maar die toerusting is aangepas na die moderne gebruik. Grondvoorbereiding, oes, en snoei, word voortdurend volgens seisoene gedoen, maar het 'n verandering in die metode en werkswyse ondergaan met tyd. Die verlede manifesteer derhalwe voortdurend in die ou gebruike, wat aangepas is met die verloop van tyd, soos Hutton dit stel:

The art of memory, as it was understood in its classical formulation provided not only a usefull skill, but also a way of understanding the world.⁵⁰

Snyman meen dat materiële nalatenskap 'n neweproduk is van die proses van verandering in tyd, wat ten opsigte van 'n gemeenskap se lewe in 'n bepaalde geografiese gebied plaasgevind het en dat die insluiting van die materiële kultuur 'n noodsaaklike komponent van 'n geheelbeeld van die bepaalde samelewing is:

'n Studie wat 'n totale verledebeeld wil skep, behoort dus ook materiële kultuur in te sluit.⁵¹

Die mens se inwerking op die natuur gee geboorte aan beskawing.⁵² Daarbenewens stimuleer die natuur op sy beurt die mens se oorlewingsdrang, omvorm hom en ontsluit daardeur sy inisiatief en konkrete denke.⁵³ Die pioniers in Skanskopeiland het die natuurlike omgewing met behulp van die natuurkrag en selfwerkzaamheid omskep van 'n woesteny tot 'n volhoubare nedersetting, wat vir hulle en hul nasate tot voordeel was en steeds is.⁵⁴

6.3.2 Die rivier as konkrete kultuurvormer

⁴⁹ P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die...*, pp. 78 - 91.

⁵⁰ P. H. Hutton, *The art of memory*, p. 29.

⁵¹ P.H.R. Snyman, "Boekbespreking, *Die Noordweste, stoflike kultuuruiting van die streek se bewoners*", *Contree*, vol. 22, 1987, p. 1.

⁵² P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Deel 1...*, p. 19.

⁵³ P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Deel 1...*, p. 129.

⁵⁴ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", pp. 1 - 11.

“Garib, Ouman, ons ken jou nukke en grille.”⁵⁵

Die Oranjerivier, wat bepalend vir die ontstaan van die nedersetting was, het gesorg vir die vorming van ’n eiesoortige kultuur, deurdat die pionier genoodsaak was om in wisselwerking met die natuur sy daaglikse stryd om ’n bestaan te voer. Tydens onderhoud is gevind dat die rivier die groot gemene deler in die herinnering aan die beginjare was.

’n Voorbeeld hiervan is te vinde in Meyer se bespreking van die inwerking van die rivier in Van Rooyen se jeugherinneringe, waarin die direkte rol en invloed van die rivier op die pionier se lewe vergestalt word. Meyer haal Van Rooyen aan wat die wisselwerking tussen mens en rivier as volg beskryf:

Wat jy plant, moet jy aanhou natlei. Trek jy jou hand weg, vergaan alles, en die woestyn neem oor. So eenvoudig is die storie van die erflewe hier teen die Grootrivier.⁵⁶

Daarby moes die krag van water nooit onderskat word nie, soos die verwoestende vloede van 1925 en 1934 wat voor Skanskop se ontwikkeling hul merk gelaat het, asook die vloede wat na Skanskopeiland se vestiging die eiland getref het, nl. in 1955, 1957 en 1967, asook die groot vloed van 1974 en 1988 en laastens die vloed van 2011, bewys gelewer het.⁵⁷

Versorging en respek vir die natuur en sy krag was die pionier se sleutel tot sukses. Die rivier was voorts die behoud van die nedersetting. Die nedersetter het as gevolg van die hiërargie van eers water dan lewe, ’n kultuur van eerbied en respek teenoor die rivier ontwikkel. Die rivier was die voorsiener van die lewegewende water, terwyl die nedersetter as die opsiener en versorger van die lewe wat deur die rivier se water gebring is opgetree het. Die rivier het ’n bepaalde rol gespeel in die voortsetting van lewe.

Meyer wys op Van Rooyen se kommentaar hieroor, wat die inwerking van die rivier op die pioniersgemeenskap so omvat:

⁵⁵ D. Bird, Persoonlike geskrifte, in besit van outeur, 02/04/2000.

⁵⁶ S. Meyer, “Riviere as identiteitskonstrueerders”, *Literator*, vol. 27, nr. 3, Des. 2006, p. 58.

⁵⁷ DWA, D. van der Spuy, “D7005, D7003, Discharge Rating; further improvement of rating tables using acoustic doppler stream gaugings”, *Flood Studies*, Augustus 2011. [Dokument per e-pos verskaf deur D. van der Spuy, Specialist Engineer, Directorate Hydrological services, 04/06/2013.]

En oor alles hou Eyn-Gariep-Grootrivier die wag en die hoogste troef, hy wat die sentrale mag in jou bestaan is.⁵⁸

Die afhanklikheid van die rivier het derhalwe 'n kultuur van heerskappy en knegskap geskep.⁵⁹ Hierdeur het die rivier in die oë van die nedersetter 'n persoonlikheid van sy eie gehad, wat gerespekteer moes word.

So is die rivier ook met eerbied aangespreek: *Grootrivier, Ou Grote, Ou Gryse, Ouman, Ou Garib*. Bird spreek die rivier as persoon aan in sy herinneringe aan die vloed wat die 1933-droogte gebreek het:

Ouman, onthou jy hoe droog dit in 1933 was? Selfs die water uit jou kuile is gepomp na landerye. Die vore het gestaan. Vir drinkwater moes gorras gegrawe word. Ons onthou nog die dag toe die tyding kom dat jou waters besig was om aan te rol vanaf Prieska. Die prinsipaal het die skool verdaag en die kinders en onderwysers het hul na Groblersbrug gehaas. Toe jou eerste bruin water vergesel van stompe en dooie diere onder die brug deur tussen die klippe pad vat, het almal op die brug met trane in die oë spontaan 'Prys die Heer met blye galme' gesing. Die Noord-Kaap het weer gelewe. Spanne donkies en perde het weer die ploeg se voorwiel laat sing.⁶⁰

Die rivier was die bron waarom alles gedraai het. Dit was nie net speelplek en swemplek nie, maar was ook die lewensaar wat voorsien het.⁶¹ Die Grootrivier het op 'n natuurlike manier die nedersetter en sy gesin versorg. Die rivier het water voorsien om te drink en te reinig, maar ook om gewasse te besproei waarmee 'n lewe gemaak is. Daarby was die rivier die kragtige natuurwerktuig waarmee die gronde gelyk gespoel is. Riet, Jan-twakstokke, klei en spoelklippies wat van die oewer van die rivier gekom het, het vir behuising gesorg. Warm rivierklippe het hitte vir koue wintershande en -nagte verskaf. Vis uit die kuile was goeie voedsame kos.⁶² Mondelinge herinnering bevestig voorts gevalle waar modderwater die honger gestil het.⁶³

⁵⁸ S. Meyer, "Riviere as...", p. 59.

⁵⁹ S. Meyer, "Riviere as...", p. 60.

⁶⁰ D. Bird, Persoonlike geskrifte, 02/04/2000.

⁶¹ E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013.

⁶² E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 01/05/2010; A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013.

⁶³ M. Compion, mondelinge mededeling, 02/07/2013.

Die rivier het boonop lafenis en ontspanning gebied vir die kinders wat sorgelose dae teen die rivier met verlange onthou. Dae waar daar net pret gemaak is en op loom namiddae gekuier is, tye waar daar roekeloos met swemblokke van wilgerhout in die bruisende modderwater van die Oranjerivier geswem is.⁶⁴ 'n Swemblok was 'n stewige droë stomp van byvoorbeeld 'n rivierwilger of enige ander boom. Aan die voorkant is 'n vashoupen ingekap as die stomp nie 'n knoets vir die vashou gehad het nie. Daarmee is enige vloedwaters getrotseer.⁶⁵



Figuur 6.1: Jongmense ontspan teen die rivier.⁶⁶



Figuur 6.2: Die gevreesde 'rivierstaan'.⁶⁷

Aan die ander kant het Grootrivier ook die nedersetter nederig op sy knieë gehou. Diep dankbaar vir water na die reddelose staanwater-maande. Bevrees vir die krag van die vloede. Altyd geanker in 'n diep geloof in die Hemelse Vader wat sal voorsien, want hulle hele bestaansekerheid was gekoppel aan die beskikbaarheid van die rivier se water.

Van Rooyen verwys na die jare by die Kakamas-arbeidskolonie na die Grootrivier as “die troewel water wat ons lewe is”.⁶⁸ Meyer beskou dié aanmerking as die erkenning van 'n bestaansafhanklikheid van die rivier. Soos die nedersetters by Kakamas, het ook die pioniernedersetter van Skanskopeiland se verhouding met die rivier berus op 'n bestaansafhanklikheid. Sonder die rivier se water was daar geen boerdery in die dorre landstreek moontlik nie. Meyer haal Van Rooyen aan om die aspek van versorging deur die rivier te beklemtoon:

⁶⁴ A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013; B. Strydom, Persoonlike geskrifte, 06/07/2013.

⁶⁵ A.A.J. van Niekerk, *Kanoneiland*, p. 26.

⁶⁶ E.W. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁶⁷ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

⁶⁸ E. van Rooyen, *Met 'n eie siekspens, jeugherinneringe*, p. 1; Kyk ook S. Meyer, “Riviere as...”, p. 59.

Word jy in die nag wakker, hoor jy dié geruis, en jy raak weer houtgerus aan die slaap.⁶⁹

Die daarwees van die rivier het 'n bestaansgerustheid meegebring, soos Bruwer bevestig:

Ons het groot respek vir ou Grootrivier gehad as die bruisende modderwater verby stroom. Snags het ons gelê en luister na die gesuis van die vloedwater.⁷⁰

Bird beskryf sý gewaarwording oor die rol van die rivier in die nedersetter se lewe so:

Garib, sing maar jou lied oor stroomversnellings heen. Jy is ons lewe, jy laat ons beseef dat die Hoër Hand jou hier geplaas het tot redding en instandhouding van mens en dier.⁷¹

Die rivier was 'n deurslaggewende faktor vir die voorspoed of teenspoed in die nedersetter se lewe. Smit, asook Visser en Basson bevestig dat die nedersetter se wel en weë onlosmaaklik aan die rivierwater se standhoudende vloei gekoppel was:

Ons was hier, ons kon hier bly, omdat ou Grootrivier hier was.⁷²

Soos Van Rooyen verduidelik, het 'n kind teen die rivier veranker groot geword, met die kultuur dat 'n toekoms nie iets werd is sonder 'n verlede nie; dat elke ding sy wortels het en dat die wortels gevoed en gekoester moet word as jy wil oes.⁷³ Net so is daar deur die proses van opbou in Skanskopeiland by die pioniernedersetters 'n kultuur en mentaliteit van medeskepper en onderhouer geskep; hier het die pionier en sy nasate deel van die oerproses van versorging, voed en oes geword. Die nedersetters wat in wisselwerking met die rivier en na aan die rivier geleef het, het 'n diep geborgenheid ervaar. M.C.B. Smit verduidelik so:

Saans kon ek in my bed op die stoep lê, luister hoe die Rivier[sic] suis en veilig voel.⁷⁴

⁶⁹ S. Meyer, "Riviere as...", p. 57; Kyk ook E. van Rooyen, *Met 'n eie Siekspens*, p. 1.

⁷⁰ A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013.

⁷¹ D. Bird, Persoonlike geskrifte, 02/04/2000.

⁷² E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 01/05/2010; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; H.S.B. Basson, *Skanskop, my...*, p. 16.

⁷³ E. van Rooyen, *Met 'n eie...*, p. 236.

⁷⁴ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

Die nasate van die pioniernedersetters van Skanskopeiland het 'n gevestigde herinnering aan die rivierwater se kom en gaan, die sandlope, die oes- en snoeityd, asook die erbarming van die rivier oor mens en dier.



Figuur 6.3: Die hoofstroom van die Oranjerivier teenaan Skanskopeiland.⁷⁵

Die gereelde hoog- en laagwater, of somtyds vloede, dra daartoe by dat die erfboer steeds 'n eerbied vir die rivier beleef en die wete dat die rivier die hartklop van die eiland is, nog altyd ervaar word.

Ofskoon die grootste persentasie nasate hul vandag op ander plekke bevind as Skanskopeiland, is dit juis die rivier as kultuurelement wat as 'n onlosmaaklike historiese skakel dien om hul verbintenis met Skanskopeiland lewendig te hou.⁷⁶

⁷⁵ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁷⁶ Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, Statistiek van Skanskopeiland 75-jarige feesnaweek, 13 - 15 September 2013. Die bywoningsyfer was 210 persone.

6.4 Die werf en woning

*“Geheue vorm deel van geskiedenis en andersom.”*⁷⁷

Die pioniernedersetters se eerste prioriteit was om in ’n ordelike samelewing te leef en daarom het hulle gepoog om vir hul gesinne ’n onderdak te skep met die beperkte middels tot hul beskikking.

6.4.1 Behuising

Die eilandboere het aanvanklik eenvoudige strukture opgerig om as huisvesting te dien.

Sommige nedersetters het in seiltente of sakhuise gebly. Die wat beter af was, het in ’n sinktent gebly.⁷⁸ Die sinktent was ’n tipe voorafvervaardigde opslaanhuis wat hoogstens twee vertrekke gehad het. In die hoogsomer was die hitte byna onuitstaanbaar. Baie huisies was van natuurlike materiaal soos riet gebou.⁷⁹

Gaandeweg het die tipiese huisie van die omgewing oral opgeskiet: ’n Skuins platdak, verdeel in drie kamers en dalk ’n stoepie, van rousteen gebou.⁸⁰ Die huis is mettertyd vergroot soos die behoefte dit bepaal het. ’n Eenvoudige gewel het soms die huis versier.⁸¹



Figuur 6.4: Riethuis van ’n nedersetter op Kanoneiland, soortgelyk aan riethuise wat aanvanklik op Skanskopeiland opgerig is.⁸²



Figuur 6.5: Tipiese nedersetterwoning.⁸³

⁷⁷ I. Groenewald, “Die problematiek van onthou...”, p. 1.

⁷⁸ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, brief, E.E. Kieser, Provinsiale Verteenwoordiger van Lande - Superintendent van Lande, 04/05/1939; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/07/2013.

⁷⁹ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A _02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C _04, Upington, 11/06/2010.

⁸⁰ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

⁸¹ CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C _04, Upington, 11/06/2010.

⁸² R.W. Willcocks, *Die armblanke-vraagstuk...*, p. 179.

⁸³ E.C. Visser, Persoonlike fotoversameling, Potchefstroom.

Riethuise, waarin sommige nedersetters aanvanklik gebly het, was binne afgepleister met klei en het misvloere of boomgomvloere gehad. Dié tipe vloer is gemaak deur die taai gom van die doringbome te neem en in bietjie water op te los. Daarna is dit met klei en roet gemeng. Die grondvloere is dan daarmee gesmeer. Soos die vloer droog geword het, het die gomlaag verhard en 'n gladde blink voorkoms gehad.⁸⁴

Beide vloere moes weekliks gesmeer word om die voorkoms te behou. Grondvloere is voorberei deur die oppervlak nat te maak en vas te stamp. 'n Mengsel van klei en koringkaf is voorberei en met die voete getrap om dit te brei. Sodra dit goed genoeg gebrei is, is dit egalig oor die vasgestampte grondoppervlak gegooi en plat gemessel. Wanneer die vloer droog genoeg was, is daar 'n mengsel van beesmis en water met die hand oor die droë vloer gesmeer. Soms is patroontjies in die vloer gemaak, veral teen die rand van die vloer.⁸⁵ Misbolle is teen 1d. [een pennie] per bol verkoop vir dié doeleindes.⁸⁶

Verdelings binne in die huis is dikwels van sak gemaak wat met 'n kalkmengsel gesmeer is en hard geword het.⁸⁷



Figuur 6.6: Vooruitgang: Voltooide baksteenhuys op Skanskopeiland van die nedersetter P.W. de Vos, 1948.⁸⁸

⁸⁴ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010; CGVPA, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.

⁸⁵ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.

⁸⁶ SNBA, *Skanskopeiland, 1938 - 1978*, p. 6.


⁸⁷ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.

⁸⁸ H.S.B. Basson, Persoonlike fotoversameling, Carolina.

Later van tyd, met die verbetering van die lewensomstandighede, is daar beter behuising opgerig. Stene is uit klei gemaak en gebak deur die nat stene in 'n oond te pak en aan die brand te steek, byna soos 'n moderne steenmakery. Die klei het dan rooi gebrand, vandaar die rooi kleibakstene.⁸⁹ Die woning van E.H.J. Siepker was die eerste sementsteen-gepleisterde huis in die eiland en is ongeveer 1943 gebou.⁹⁰ E.M. Siepker onthou dit so:

My pa het eers die garage gebou met twee kamers aan. Een vir my broers en een vir my. My ouers het in die garage-gedeelte geslaap. Daar was 'n kombuis – baie klein. Later die swaelhok waarin ons perskes geswael het. Nadat ons daar ingetrek het, het my pa dadelik begin om huis te bou met sementstene.⁹¹

Voorts is 'n telefoonsentrale in die stewige woning ingerig.⁹² Teen 1948 is daar heelwat moderne wonings op die eiland opgerig. Woonhuise soos onder meer die van B.M.N. Steyn, P.W. de Vos, J. Hayes, D.J. Kruger en C.J. Pool, is na 1947 opgerig en dra vandag steeds die stempel van 1948 op die gewels. Die huise waarvan sommige steeds bewoon word, is mettertyd verbou en gemoderniseer om meer gerieflik te wees.



Figuur 6.7: Huisplan van N.J. Visser: Verskillende fases van uitbreiding, ca. 1941 - 1948.⁹³

⁸⁹ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.

⁹⁰ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

⁹¹ E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013.

⁹² E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013.

⁹³ CGVPA, huisplan geteken deur E.W. Visser, 12/07/2010.

Die woonhuise het byna almal 'n ruim stoep gehad, waar die huisbewoners dikwels in die warm somernagte geslaap het. Vertrekke het bestaan uit 'n voorhuis (sitkamer), een of meer slaapkamers en 'n kombuis. Sommige huise het 'n eetkamer gehad. Feitlik elke huis het 'n stoepkamer gehad, wat op een hoek van die stoep ingebou is.

Huise is gewoonlik op die hoër bourante bo die watervloedlyn opgerig. Sommige nedersetters soos onder andere F.S. Louw, D.J. Kruger, B.P. Crafford, I.J.G. Greeff, en N.S. Visser het hul huise op die erwe gebou. Visser het byvoorbeeld verkies om op die saai-erf te bly, omdat die bourant waar sy bou-erf uitgesit is, ver van sy erf af was en hy per muilkar moes ry om daar te kom. Daarby was dit tydrowend om die diere telkens in- en uit te span. Hy het ook verkies om naby sy erf te wees, veral omdat daar snags lusern gebaal moes word of water gelei moes word. Die ligging was ook gerieflik naby die watervoor of kanaal, sodat huiswater met redelike gemak tot by die huis gebring kon word. Visser het die area waarop hy die huis opgerig het opgesleep, sodat die gebou bo die erf uitgelig is.⁹⁴



Figuur 6.8: Woonhuis (ca. 1943) van E.H.J. Siepker, waar die eerste wettige bestuursverkiezing gehou is. Die stoep is later aangebou.⁹⁵

Met geen elektrisiteitsverbinding na die eiland toe nie, was die pioniernedersetters aangewese op kerse asook olie- en gaslampe. Kragtoevoer na die eiland is in 1979 voltooi, waarna die woonhuise almal met elektriese lig en ander apparaat toegerus is.

Vandag is daar veral aan die bo-punt en in die middel van die eiland ruim, moderne wonings opgerig deur die nasate van die nedersetters wat steeds hier boer of woon. Wonings van die pioniernedersetters aan die onderpunt van die eiland is verval en van sommige staan slegs

⁹⁴ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/07/2013.

⁹⁵ E.C. Visser, Persoonlike fotoversameling, Potchefstroom.

murasies. Hierdie oorblyfsels staan egter steeds daar as materiële oorblyfsels van die kultuurhistoriese erfenis van die nedersetting.



Figuur 6.9: B.M.N. Steyn voor sy woning.⁹⁶



Figuur 6.10: Ruim wonings is opgerig vanaf 1948.⁹⁷

Teen 1947 was daar soveel arbeiders by die nedersetters werksaam, dat daar 'n aparte woonbuurt vir hulle gereserveer is. Die woonbuurt is op bou-erf nr. 91 gevestig. Die bou-erf, wat agter 'n rantjie geleë was, is deur die Departement van Lande aan die bestuurskomitee verhuur teen £1 per jaar.⁹⁸ Die area word vandag deur die bestuursraad aan 'n erfhouer verhuur, wat dit steeds as behuising vir arbeiders gebruik.

6.4.2 Sanitasie

Netheid was van besondere belang vir die grootste persentasie van die nedersetters. Soos blyk uit mondelinge onderhoude was die meeste gesinne baie noulettend op persoonlike netheid.⁹⁹ Daar is ook sterk klem gelê op higiëniese sanitasiegeriewe, alhoewel daar aan die beginjare nie sprake was van 'n buitehuis of badkamer vir ablusies nie.

Aanvanklik is die kombuis of slaapkamer aangewend as badkamer en die wye veld gebruik vir enige ablusies. Sommige nedersetters het van meet af van 'n emmerstelsel gebruik gemaak, wat

⁹⁶ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁹⁷ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁹⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 3, Direkteur van Besproeiing - Provinsiale Verteenwoordiger van Lande, verwysingsnr. 21272, 18/07/1947.

⁹⁹ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010; J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoudnr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010.

dan geledig is in 'n spesiale put baie ver weg van die huis, waaroor kalk gestrooi is vir ontsmetting.¹⁰⁰

Sanitasie was 'n saak waaraan heelwat aandag gegee is. In Augustus 1940 dui 'n notule-inskrywing daarop dat die inwoners, asook die bestuursraad van Skanskopeiland tydens 'n openbare - en bestuursraadvergadering deur Gutsche, die Superintendent van Lande, aangespreek is in verband met "die uiters dringendheid van sanitêre doeltreffendheids[sic] geriewe". Die oprigting van krale en enige ablusiegeriewe op die kanaal is verbied.¹⁰¹

Hieruit kan afgelei word dat nie al die pioniernedersetters die ablusies altyd higiënies hanteer het nie en dat dit in 'n problematiese kwessie ontaard het. Dié saak is deur die bestuursraad aangespreek deur middel van 'n omsendbrief wat die reëls en regulasies vir sanitasieriewe van die eiland uiteengesit het. Die optrede dui daarop dat die bestuursraad en die Departement van Lande saamgewerk het om waterbronne van die eiland te beskerm teen kontaminasie wat kon aanleiding gee tot die verspreiding van aansteeklike siektes soos maagkoors.

So gou as wat daar 'n redelike behuising geskep is, het nedersetters by wyse van puttoilette, genoem die buitehuisie, *longdrop* of kleinhuise, asook soms met die emmerstelsel voorsiening gemaak vir ablusies.¹⁰² Die gerief was gewoonlik binne loopafstand van die huis opgerig, maar nooit bo die kanaal se vlak nie, sodat die dreinerings daarvan nie die waterbronne kon kontamineer nie. Soms is dit as deel van die onontbeerlike dam gebou.¹⁰³

Die meeste nedersetters het 'n poging aanwend om ten spyte van hul omstandighede 'n voorbeeld te stel vir hulle kinders deur netjies en skoon op die persoon te wees. 'n Gereelde bad was egter vir baie 'n luukse.

Barnard vertel dat hulle gesin, waar daar nege kinders was, net drie maal per week gebad het in 'n groot sinkbad. Alternatiewe dae is daar gewoonlik saans net gewas. Badwater is gedeel onder

¹⁰⁰ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.

¹⁰¹ Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraadnotules, 21/08/1940.

¹⁰² CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/07/2013.

¹⁰³ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/07/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Erf 25, Skanskopeiland, 29/07/2013.

gesinslede. Ander gesinne het slegs een maal per week gebad, terwyl daar saans gewas is. Sommige nedersetters het 'n aparte buite-badkamer gehad waar hulle gebad het.¹⁰⁴

Soos in elke samelewing, was hierdie klein samelewing sosiaal gelaag, sodat daar onder 'n klein persentasie nedersetters sprake was van 'n bepaalde agtergeblewenheid, wat oorgedra is na die volgende generasies.

Die hedendaagse sanitasie word steeds deur die erfhouer voorsien en onderhou. Moderne spoel- en dreinstelsels maak die onderhoud makliker. Woonhuise is toegerus met nuwerwetse bad-, toilet- en stortgeriewe.

6.5 Die huishouding

*"Memory is life, borne by living societies founded in its name."*¹⁰⁵

Die algemene huishouding was die vrou se domein. Mondelinge vertellings roep 'n tydperk in herinnering van die verlede waartydens die huisvrou haar vaardighede onder moeilike omstandighede op 'n bekwame wyse moes aanwend om sodoende 'n geborge tuiste vir haar gesin te skep.

6.5.1 Watervoorsiening

Lopende water was vir die huisvrou 'n luukse in die eerste jare. Dit was nie so eenvoudig om water vir huisgebruik te bekom nie. Huiswater is meermale met 'n emmer by die rivier of by die naaste kanaal geskep, of weekliks met dromme na die woning aangery.¹⁰⁶ Basson vertel dat haar moeder dikwels eienaardige planne moes maak om skoon huiswater te bekom:

Die enigste kanaal met lopende water was ongeveer 'n myl van ons huis. Om water vir die huis te bekom, moes Mammie dan die twee waterremmers neem, die melkbok met 'n riem om haar lyf vasmaak en my ook nog saampiekel, want alleen kon ek nie tuis bly nie. Soms, op 'n snikhete dag, as ek te moeg geword het

¹⁰⁴ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010; J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06 Kakamas, 01/06/2010.

¹⁰⁵ C. Akoma, "The "Trick" of Narratives: History...", p. 4.

¹⁰⁶ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/07/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Erf 25, Skanskopeiland, 29/07/2013.

vir die lang pad, het sy my tesame met haar swaar vrag en moeitevolle gang met die bok, geabba en het die meeste water in die emmers uitgestort.¹⁰⁷

Skoon afgesakte water was voorts nie vanselfsprekend nie. Die huisvrou is telkemale met modderige of baie troebel water gekonfronteer, veral as die watervlak laag was of die rivier gestaan het.¹⁰⁸ Watersuiweringsmetodes het as 'n eiesoortige kultuur in die omgewing na vore tree.

Water vir huishoudelike gebruik is met 'n handvol fyngestamppte perskepitte gesak. Die droë pitte is oopgebreek en die sagte binnekern uitgehaal en fyngemaal. 'n Klein handjievol fyngemaalde pitte is in die emmer water gegooi en die water is dan vinnig omgeroer. Die modderdeeltjies het in die draai van die water afgesak bodem toe en binne 'n oomblik was die water afgesak.¹⁰⁹ Macdonald teken dié bepaalde praktyk van die afsak van modderwater teen die Oranjerivier, reeds in 1913 aan:

A lesson in household science: Take the core of a peach-stone. Put it in a bottle of Orange River water. In five minutes it is clear and sweet, and fit to drink.¹¹⁰

Hierdie gebruik het gou aanleiding gegee tot entrepreneurskap. Die wat perskes gehad het, het die pitte verkoop teen 6d. [ses pennies] per emmertjie.¹¹¹

Tydens mondelinge onderhoude is daar 'n geamuseerdheid en 'n tipe trots oor hierdie eenvoudige manier van watersuiwering by respondente te bespeur. Perskepitte was nie die enigste manier waarmee water afgesak is nie. 'n Ander metode was om bietjie sout en melk in die water te gooi en vinnig om te roer.¹¹² Wasgoedwater is soms skoon afgesak deur 'n geklitste eiergeel in te roer en die skoon water af te gooi.¹¹³ Skoon water is 'blink' water genoem. Met verloop van tyd is water na die huis aangelê. Aanvanklik is 'n waterput naby die huis gebou wat

¹⁰⁷ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 16.

¹⁰⁸ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

¹⁰⁹ P.S. Compaan, Persoonlike geskrifte, 23/06/2013.

¹¹⁰ W. Macdonald, *The conquest of the Desert*, p. 16.

¹¹¹ SNBA, *Skanskopeiland, 1938 - 1978*, p. 6.

¹¹² CGVPA, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010.

¹¹³ CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010.

vol geloop het met kanaalwater vanuit die kanaal. Daarvandaan is die water na die gebruikstenk en huis gepomp of met 'n watervoortjie na die tuinery om die werf gelei.¹¹⁴

Gaandeweg, soos lewensomstandighede verbeter het, is 'n suiweringsstelsel by huise aangebring wat water vir huishoudelike gebruik gesuiwer het. Die stelsel het bestaan uit twee watertenke. Water is in die eerste tenk ingepomp en 'n week laat staan, sodat die water kon afsak en dan na die gebruikstenk gepomp, waarvandaan die water huis toe gelei is deur 'n pypstelsel. Waterafsaakmiddels soos aluin is gebruik in plaas van die primitiewe metodes soos hierbo genoem.



Figuur 6.11: Die watertenk teenaan die huis het vir die huisvrou sake vergemaklik.¹¹⁵

Dié stelsel is steeds in gebruik by die wonings wat van kanaalwater gebruik maak en nie oor boorgatwater beskik nie.¹¹⁶ Die suiwerings- en afsakmiddels word vandag meestal by die plaaslike landboukoöperasie aangekoop. Voorts word chloor aangewend om water vir huisgebruik te suiwer.

6.5.2 Voedselkultuur

*“Vir spys en drank sê ons u dank
Ons prys u Naam, O Heer.”*¹¹⁷

In die tegnologiese en virtuele wêreld waarbinne ons beweeg, vloei die moderne mens se lewe van een fase na 'n ander. Binne hierdie kunsmatig-sinvolle bestaan is daar min of geen tyd om in

¹¹⁴ CGVPA, foto in besit van outeur.

¹¹⁵ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹¹⁶ G. A. Visser, mondelinge mededeling Skanskopeiland, 05/07/2010.

¹¹⁷ R. Coetzee, *Spys en drank*, 'n tradisionele tafelgebed wat vroeër jare gewoonlik gesing is, aangeteken op die skutblad.

diepte te besin oor die selfbewussyn of die historiese bewussyn nie. Globalisering van wêreldkulture bring mee dat mense maklik identiteitlose wêreldburgers word en dat daar in kultuurverband 'n massa-geheueverlies plaasvind.

Met die noem van handelsname en ander soos byvoorbeeld *Mrs Balls* blatjang of mieliepap, biltong, of rooibostee aan 'n Suid-Afrikaanse wêreldburger, is daar onmiddellik 'n herinnering aan Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse bekende verlede ter sprake. Dié simbole kenmerk 'n bepaalde kultuur-identiteit waartoe talle Suid-Afrikaners onbewustelik en bewustelik behoort. Dit is inderdaad ook van die belangrikste huiskos op die wenslys van menige Suid-Afrikaanse emigrante. Op dieselfde wyse vorm korrelkonfyt, stroopsoet rooi gestoofde kwepers, geurige soetsuurdeegbrood met varkvet en peper gesmeer deel van die kulturele identiteit van die nasate van die pioniernedersetters op Skanskopeiland.

6.5.2.1 Vleis

Nedersetters wat dit nie breed gehad het nie, het in die beginjare merendeels op 'n dieet van soetsuurdeegbrood en vis geleef.¹¹⁸ In die rivier is gereeld vis soos byvoorbeeld karp, geelvis en babers gevang.¹¹⁹ Ander met wie dit beter gegaan het of dalk familie in die buitewêreld gehad het wat vee aangehou het, kon soms 'n slagding vir die huishoudelike gebruik slag.¹²⁰

Mettertyd het die nedersetters 'n klompie kleinvee, soos skaap of melkbokke aangehou. Diere is in 'n kraal redelik weg van die huis en die kanaal gehou, om die besoedeling van water in die kanaal te voorkom. Diere is vir huisgebruik geslag.

Die slagproses het gewoonlik ver van die huis plaasgevind, onder die vlak van die watervoor. Omdat daar in die beginjare geen verkoelingsgeriewe beskikbaar was nie, is daar net voor sononder geslag. Die vars vleis, hoofsaaklik bok- en skaapvleis, is bewaar deur die vleis in te sout terwyl dit nog klam en vars was. Saans, as die koel rivierluggie getrek het, is die vars vleis uitgehang op die stoep en soggens douvoordag afgehaal, dig toegedraai in doeke of 'n dik

¹¹⁸ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

¹¹⁹ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010; CGVPA, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010.

¹²⁰ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

kombers en onder 'n bed bewaar.¹²¹ 'n Slagding het op dié wyse 'n volle week bewaar gebly sonder om sleg te word. Niks is vermors nie:

Op slagdag is die harslag gaargemaak. Die volgende dag is die skoon afval geurig opgekook. Die oortollige vet is uitgebraai en die kaiings as 'n lekkerny geëet, veral saam met brood of 'n soetigheid. Die skoon vet is gebottel en gebruik om mee brood te knie en ook as smeer aangewend.¹²²

Die vet wat nie vir voedseldoeleindes gebruik is nie, is in 'n houer gebêre vir die maak van seep. Seep is gekook in 'n swart pot op die oop vuur. Netjiese wit stene boerseep was 'n teken van 'n vrou se bekwaamheid.¹²³

Hoender is geslag net voor gebruik om bederf van die vleis te voorkom. Vark en bees is slegs in die winter geslag en elke deel van die karkas is gebruik.

6.5.2.2 Verkoeling van voedsel

Mettertyd is daar 'n koelkas buite gebou wat m.b.v. watervloei voedsel verkoel het. Die koelkas het bestaan uit 'n houtraamwerk op pote wat 'n dubbele wand van sifdraad gehad het waarin steenkool geplaas is.¹²⁴ Die deur was van hout, met binne-in rakke waarop bederfbare voedsel geplaas is. Bo-op was daar 'n sinkbak met gate met spykers ingekap waarin daaglik water gegooi is. Die water het dan stadig afgedrup, deur die spykergate, oor die steenkool en so 'n koelkamer gevorm.¹²⁵

'n Ander variasie was 'n koelkas wat van sement- en bakstene gebou is en aangeheg is aan die stoep en muur van die huis. Die verkoeling het op dieselfde beginsel as die losstaande koelkas gewerk.¹²⁶ Die verkoeler is die "safe" genoem. Die primitiewe verkoelingsstelsel is later van tyd nadat die ekonomiese omstandighede van die pioniernedersetters verbeter het, vervang met

¹²¹ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010.

¹²² CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; J.A. Pool, Persoonlike geskrifte, 15/07/2013.

¹²³ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010; P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010.

¹²⁴ CGVPA, foto in besit van outeur.

¹²⁵ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.

¹²⁶ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.


gas- en paraffienverkoelingeriewe. Nadat Skanskopeiland van elektrisiteit voorsien is, het elektriese kombuisapparaat die uitgediende gas- en paraffientoerusting vervang.¹²⁷

6.5.2.3 *Verskeidenheid op die tafel*

Die nedersetters het gou 'n groter verskeidenheid voedsel vir huisgebruik verbou. Die wat groentetuine gehad het, het 'n groot verskeidenheid op die spyskaart gehad.¹²⁸ Groente is volgens die seisoen aangeplant. Veral pampoen en boontjies is gedroog en vir tye gebêre wanneer groente skaars was. Feitlik elke nedersetter het 'n melkbok of 'n melkkoei gehad wat in die suiwelbehoefte voorsien het.



Figuur 6.12: P. W. de Vos met die koeler (safe) in die agtergrond.¹²⁹



Figuur 6.13: 'n Soortgelyke voorbeeld van 'n koeler soos in Skanskopeiland gebruik.¹³⁰

Vrugte soos kwepers en perskes was volop en het as “toekos”¹³¹ die soettand bevredig. Dis ingemaak vir die skaars tye. Vandag nog is die stroopsoet rooi gestoofde kwepers 'n gunsteling winterkos en eie aan die streek.¹³² Die voorbereiding van die kwepers en perskes word nog altyd op dieselfde manier gedoen as in die tyd van die pioniernedersetters. Die navorser kon na

¹²⁷ CGVPA, F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; G. A. Visser, mondelinge mededeling Skanskopeiland, 05/07/2010.

¹²⁸ E.M. Sieper, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013.

¹²⁹ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹³⁰ E. Venter, “My tante, my paspoort”, *Die Burger* in bylaag By, 11/09/2010.

¹³¹ “Toekos” is 'n term wat gebruik word vir gekookte bykos, soos groente en stysel.

¹³² Sien resepte in Bylae A, figuur A1.

'n intensiewe soektog in bekende resepteboeke,¹³³ asook op verskeie webwerwe nie 'n soortgelyke resep vir die gestoofde kwepers vind nie.



Figuur 6.14: Soetsuurdeegbrood en korrelkonfyt.¹³⁴



Figuur 6.15: Ingelegde perskes.¹³⁵

Sultanakonfyt of korrelkonfyt, soos dit algemeen bekend staan, word in die streek waarbinne Skanskopeiland geleë is nie volgens 'n bepaalde resep gekook nie, maar volgens die suikersmaak van die druif. Indien die druif baie soet is word daar met 'n skatting suiker bygevoeg, anders as die metode wat erkende resepte aanbeveel.¹³⁶ Na mondelinge herinnering is die resep so aangepas omdat witsuiker in die beginjare van druiweproduksie, wat saamgeval het met die na-oorlogse jare, 'n duur en skaars artikel was. Moolman bevestig die verskynsel:

Weens die skaarste aan suiker in die paar jaar direk na die oorlog kon konfyt egter toe nie in groot hoeveelhede gekook word nie.¹³⁷

Dié praktyk is steeds geldend in Skanskopeiland, omdat mondelinge tradisie dit so oorgedra het. Die resep hiervoor is vroeër aan die navorser deur 'n pioniersvrou oorgedra.¹³⁸ Die verhouding van die suiker se gewig tot die druif se gewig word steeds bepaal deur die

¹³³ S.J.A. de Villiers, *Kook en Geniet*; M. van Wyk, *Kos wat ons ken*; A. Human, *Lekker vir later*; S. van H. Tulleken, *The Practical Cookbook for South Africa*.

¹³⁴ C.G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹³⁵ C.G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹³⁶ S.J.A. de Villiers, *Kook en Geniet*, p. 539; M. van Wyk, *Kos wat ons ken*, p. 83; A. Human, *Lekker vir later*, p. 74.

¹³⁷ A. M. Moolman, *Landbouydskrifte as kultuurhistoriese bron - 'n studie van Die Landbouweekblad en die Farmer's Weekly (1945 - 1961) aan die hand van 'n aantal geselekteerde kultuuraspekte*, (MA-verhandeling, Stellenbosch, 1990).

¹³⁸ CGVPA, geskrewe resep van C.F.M. Visser, in besit van navorser, datum onbekend.

suikergehalte van die duiwe. Voorts is daar ook 'n atjar of blatjang van die sultanaduiwe gekook. Die bepaalde resep is deur elke vrou aangepas na gelang van die verlangde smaak.¹³⁹

Kinders was tevrede met eenvoudige lekkernye, soos lemoene wat in die winter volop was, asook bruin suiker wat gereeld in groot maat aangeskaf is, soos Strydom vertel:

'n Groot goiingsak vol bruin suiker met heerlike groot klonte het altyd agter die kombuisdeur gestaan en het gesorg vir die soetheid in ons lewe.¹⁴⁰

6.5.2.4 Kookgeriewe

J.J.C. Smit vertel dat kos merendeels in 'n driepoot-pot in 'n buite-kookskerm gemaak is en brood op die oop vuur of bakoond voorberei is. Voorts is daar dikwels 'n kookskerm uit asbostakke gemaak.¹⁴¹ Ferreira bevestig die praktyk as 'n Namakwalandse praktyk en beskryf die tipe kookskerm wat in Namakwaland onder meer uit platbos, kombersbos of litjiesbos gevorm is, as volg:

Kookskerms is gewoonlik naby die agterdeur opgerig, met die ingang weg van die heersende windrigting. Hulle is rond of ovaal van vorm, sestig tot negentig sentimeter hoog, met die mure ongeveer vyf-en-veertig tot sestig sentimeter breed en die binneruim ongeveer drie tot vier meter in deursnee.¹⁴²

Die tipe materiaal wat vir so kookskerm gebruik is, het van plek tot plek verskil.¹⁴³

J.J.C. Smit bevestig voorts die praktyk dat die kookskerm ook aangewend is as sitplek en eetplek. Die trommel met kombuis- en huishoudelike ware is ook binne die ruimte van die kookskerm geberg. Andersins is voedsel op die Dover-stoof wat die standaardstoof van daardie tyd was,¹⁴⁴ voorberei.

¹³⁹ Sien resep in Bylae A, figuur A3, p. 389.

¹⁴⁰ B. Strydom, Persoonlike geskrifte, 06/07/2013.

¹⁴¹ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

¹⁴² O.J.O. Ferreira, "Kookskerms", in G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste, stoflike ...*, pp. 104-105.

¹⁴³ O.J.O. Ferreira, "Kookskerms", in G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste, stoflike ...*, pp. 104-105.

¹⁴⁴ CGVPA, J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/07/2013.

‘Trekpadkos’,¹⁴⁵ soos ’n bredie van vleis, enige groente soos patats, lensies en ertjies wat binne seisoen beskikbaar was, sop en die tipiese brood van die omgewing, asook soetsuurbrood, was die daaglikse spyse. ‘Togrys’ is ’n vleisbredie met rys en aartappels wat in die vleissous gekook is.¹⁴⁶



Figuur 6.16: Kookskerm van platbos, soortgelyk aan die asboskookskerm in Skanskopeiland in die omgewing van Soebatsfontein, Namakwaland.¹⁴⁷

Nedersetters soos Visser, het aanvanklik ’n buite-oond gebou nadat hulle in Skanskop ingetrek het, waarin brood gebak is. Daarna het hy ’n eenvoudige beskutte buite-kombuis ingerig langs een symuur van die huisie, waar hy ’n selfgeprakseerde stoof met ’n skoorsteen ingebou het.

Soos ek maar onthou – ek was nog nie vyf toe ons hier gekom het nie – het my pa twee muurtjies soos ’n kaggel opgebou. Die muurtjies was hoër as die vuurherd-gedeelte en bo-op het hy ’n sinkplaat, wat hy plat gekap het en waaruit twee sirkels gesny is, gesit. Daarin het twee swart driepoot-potte gepas waarin my ma gekook het. Daar was selfs ’n skoorsteen ingebou.¹⁴⁸

Die buitekombuis was nie groot nie, soortgelyk aan die inham van ’n kaggel, ongeveer 2 m x 3 m in omtrek. Nadat hy ’n eenvoudige drielertrek-huis vir sy gesin opgerig het, is die primitiewe stoof en buite-kombuis vervang met ’n binnenshuise kombuis en Dover-stoof.¹⁴⁹

¹⁴⁵ Bredie met vleis, rys of kluitjies van brooddeeg word tradisioneel trekpadkos genoem omdat alles tradisioneel in een pot oor ’n oop vuur gekook is.

¹⁴⁶ CGVPA, E.W. Visser, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010; J.D.S. Barnard, onderhoud nr.C_06, Kakamas, 01/06/2010.

¹⁴⁷ O.J.O. Ferreira, “Kookskerms”, in G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste, stoflike...*, p. 105.

¹⁴⁸ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 19/02/2014.

¹⁴⁹ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/07/2013.

6.6 Brood – 'n kultuur op sy eie

*"Memory is as much a reflection of what happened as a construction and interpretation of what happened."*¹⁵⁰

Só skryf Mouton oor die waarde van herinnering. In die beginjare was brood 'n stapelvoedsel vir baie nedersetters. Brood was trooskos. Reeds sedert Bybelse tye is brood sinoniem met geestelike en fisiese versorging.

Koring is deur die nedersetters verbou vir eie gebruik (broodmeel) en ook as 'n inkomste. Hanzen vertel dat sy vader 24 sakke koring, die kosvoorraad vir die volle jaar, in 'n sinktenk geberg het. Een sak meel het 203 lb.¹⁵¹ geweeg; die meel self het 200 lb. en die sak 3 lb. geweeg.¹⁵² Soms is die meel vir brood by die meulhuis in Neilersdrif en andersins by die meule van die Rooms-Katolieke sendingstasie in Keimoes gemaal.¹⁵³ Volgens Hanzen het daar nooit miet in gekom nie, aangesien die tenk in die vol son gestaan het wat oorlewing vir enige insekte onmoontlik gemaak het.¹⁵⁴

Dikwels is 'n sak mielies vir 'n sak bruinbroodmeel by die meule op Keimoes geruil.¹⁵⁵ Daarmee is soetsuurdeegbrood en roosterkoek gebak. Dié gebak het kultuurtradisies geword wat steeds mondelings van generasie tot generasie oorgedra word.

Vansina meen dat mondelinge tradisie ten minste van een generasie na 'n ander oorgedra moet word en beskou kan word as 'n reeks historiese dokumente wat almal verlore is, behalwe die laaste oordrag daarvan, omdat daar met elke oordrag van die inhoud, iets van die oorspronklike verlore gaan.¹⁵⁶

As voorbeeld hiervan kan daar gelet word na die bestaanswerklikheid waarbinne die nasate van die pioniernedersetters van Skanskopeiland hulle bevind. Sekere tradisies uit die pioniernedersetters se verledensleefwyse is nooit skriftelik opgeteken nie, maar mondelings van een geslag na die ander oorgedra. As voorbeeld van so 'n kultuurtradisie en vaardigheid wat

¹⁵⁰ M. Mouton & H. Pohlandt-McCormick, "Boundary crossings...", p. 47.

¹⁵¹ Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org, 1 pond is gelyk aan 0.45359237 kilogram, [geraadpleeg 22/10/2013].

¹⁵² CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

¹⁵³ CGVPA, J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010.

¹⁵⁴ CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01, Skanskopeiland, 07/03/2010.

¹⁵⁵ B. Strydom, Persoonlike geskrifte, 06/07/2013.

¹⁵⁶ J. Vansina, *Oral tradition as History*, pp. 28 - 29.

mondelings oorgedra is en steeds gebruik word, kan verwys word na die voorbereidingsproses van soetsuurdeegbrood, roosterkoek, askoek en doebooï. Alhoewel die bakproses vandag aangepas is by die moderne tyd en die kultuur van bakoond-stook verlore geraak het, is die voorbereidingsproses steeds dieselfde as sewe-en-sewentig jaar gelede.¹⁵⁷

Baie maal was daar in sommige huishoudings geen ander voedsel as brood nie¹⁵⁸ en was daar heel dikwels 'n byna algehele gebrek aan genoeg voedsel. Pool roep daardie dae in herinnering as hy vertel:

My pa het gereeld epileptiese aanvalle gekry en kon dan nie by die voor werk nie.
Hy moes sy dagloon afstaan aan 'n plaasvervanger. Daar was geen geld vir kos nie.
My ma [Baba Pool] het aan my vertel dat sy baie aande gaan slaap het deur op haar maag te lê, met haar hande onder haar maag, om die hongerpyne te stil.¹⁵⁹

Ofskoon sulke herinneringe wat inderwaarheid lewensgeskiedenis is, bepaalde emosies en onaangename verledenswerklikhede weer na die oppervlak bring, is dit juis die bindgom met die plek van grootword, asook 'n bepaalde element in die vorming van 'n omgewingsbewussyn.¹⁶⁰ Groenewald meen dat die verlede 'n sekere insig in die toekoms bied en dat geheue deel vorm van geskiedenis en ook andersom.¹⁶¹

6.6.1 Soetsuurdeegbrood

Soetsuurdeegbrood staan in die omtrek bekend as boerbrood. Tulleken gee 'n basiese resep vir 'Zoetzuurdeeg' in haar kookboek *The Practical Cookbook for South Africa*.¹⁶² Resepte is ook in Coetzee en Van Wyk, asook Human en De Villiers se bekende kookboeke gevind.¹⁶³ Die wyse van voorbereiding verskil egter van die manier waarop dit deur die vorige generasies en die huidige generasie op Skanskopeiland gedoen is, omdat die resep oor geslagte heen deur mondelinge tradisie oorgedra is. Die bak van die brood word deur die ou inwoners van

¹⁵⁷ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

¹⁵⁸ CGVPA, onderhoud nr. A_02, J.J.C. en E.C.C. Smit, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

¹⁵⁹ J.A. Pool, Persoonlike geskrifte, 15/06/2013.

¹⁶⁰ M. Vilanova, "International Oral...", p. 69.

¹⁶¹ I. Groenewald, "Die problematiek van onthou...", p. 1.

¹⁶² S. van H. Tulleken, *The Practical Cookbook for South Africa*, 1923, p. 7.

¹⁶³ S.J.A. de Villiers, *Kook en Geniet*, pp. 87 - 88; M. van Wyk, *Kos wat ons ken*, p. 109; A. Human, *Uitsoekresepte*, p. 108; S. van H. Tulleken, *The Practical Cookbook for South Africa*, p. 7.

Skanskopeiland as 'n blote roetine beskou. Smit gee sy mening omtrent die roetine van die bak van brood:

Dis baie moeilik om 'n ding wat vir jou 'n gewoonte in jou kop is, reg neer te skryf.¹⁶⁴

Brood is diep veranker aan Skanskopeiland se verlede en dra by tot die verbondenheid aan die plek van grootword. Die bak van die soetsuurdeegbrood laat 'n gekoesterde gevoel ontstaan by die nasate van die pioniernedersetters, omdat dit die simbool van versorging en geborgenheid was. Dit is sprekend van 'n eenvoudige leefwyse met min behoeftes, maar genoeg om liggaam en gees te versorg. Vars gebak of uitgedroog, was dit goeie kos. Die brood het 'n unieke smaak en geur. Die geur wat in die huis lê wanneer dit vars gebak word, is op sigself 'n katalisator wat herinneringe uit die verlede by die ouer mense ontsluit.

Die brood is met skaap- of varkvet met bietjie peper geëet, of met 'n soetigheid soos heuning of konfyt, indien dit beskikbaar was.¹⁶⁵ Vir Bruwer roep die brood 'n hunkering na die verlede op:

Ek het nog verlange na die lekker brood met goudgeel botter van die Jersey-koeie en heuning uit my pa, Ben Momberg, se byekorwe.¹⁶⁶

6.6.2 Die bakoond

Elke huis het 'n stoof of bakoond gehad. Die bakoond het maklik tussen tien en veertien brode geneem en is op 'n spesiale manier gebou. Barnard, wat haar vader gehelp het met die bou van sulke oonde, vertel so:

Eers is die voetstuk opgebou so groot soos die oond moes wees. Dan is daar 'n ry stene opgebou ongeveer 80 cm hoog, wat 'n bak vorm wat vol gegooi word met rooi duinsand. Die doel van die sand is om te help om die hitte van die warm oond te behou. Potklei, sand en koringkaf is gebrei en gebruik vir pleisterwerk. Die mengsel is ten minste een week voor gebruik "ingesuur" [aangemaak] soos sement. Deur die week is dit gebrei tot dit die regte dikte bereik het. 'n Vloer van die kleimengsel van ongeveer 10 cm dik word bo-oor die sandlaag gegooi. Dan is

¹⁶⁴ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010.

¹⁶⁵ A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013.

¹⁶⁶ A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013.

die mure opgebou met rooibakstene om daardeur die ronding of skuinste van die oond te vorm. Dit is met die kleimengsel afgepleister. Daar moes baie versigtig te werk gegaan word met die pleistering van die binnekant. Voor die oond vir die eerste maal gebruik is, moes die oond “ingebak” word. Dit is gedoen deur vuur te maak en dan alle droë kleistukkies wat nog binne is, af te brand, sodat die oond glad is aan die binnekant. Die oonddeur was somtyds enige tipe plaat of partykeer ’n werklike deur met skarniere, wat voor die deuropening geplaas is om die hitte binne te hou. Voor by die deuropening is ’n tipe platform opgebou waarop die brood uit- en ingeskuif word.¹⁶⁷

Braaksma beaam Barnard se beskrywing van die bou van so ’n bakoond.¹⁶⁸ Voorts word die metode van pleister deur Braaksma se waarneming ondersteun:

Die pleisterklei is berei deur twee dele klei, en twee dele spoelsand wat gesif is met nat beesmis te meng en water by te voeg om die verlangde sagtheid te kry. Die klei word gebrei deur die mengsel deur trekdier te laat deurtrap, of as dit min is, sommer self deur te trap. Met die oog op te vinnige verwerking is in baie gevalle kaf in die pleisterklei gemeng. Die toevoeging van vesel gee aan die klei ’n strukturele sterkte, wat dit gepas gemaak het vir ’n bakoond, waar baie hitte ter sprake is.¹⁶⁹

Om die oond voor te berei vir broodbak, word daar ten minste twee ure voor die brood gebak moes word, vuur gemaak in die oond. Sodra die kole reg was, word die kole uitgekrap. Die temperatuur is getoets deur die arm in te steek en in die oond te hou tot hitte reg voel – sommige sê ongeveer 10 tellings. Enige openings is toegepleister met klei. Indien die oond te warm was, is ’n klein opening by die deur gelos sodat die hitte kan ontsnap. Aan die agterkant van die oond word ’n steendikte gaatjie oopgelos. Na die brood in die oond ingesit is, is dit eers ’n tydjie oopgelos en dan toegedruk met ’n steentjie wat mooi daarin pas. Die brood is ongeveer 1 ½ uur gebak tot gaar. Elke vrou het haar eie oond geken en geweet hoeveel hout om te gebruik.¹⁷⁰

¹⁶⁷ J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06 Kakamas, 01/06/2010.

¹⁶⁸ G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste, stoflike...*, p. 51.

¹⁶⁹ G. van der Waal-Braaksma & O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste, stoflike...*, pp. 95 - 96.

¹⁷⁰ CGVPA, J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010.

’n Broodskop en ’n krapyster is gebruik om die broodpanne uit die oond te trek en die kole uit te krap. J.J.C. Smit onthou dat sy moeder brood in die beginjare in ’n Laurel paraffienblik-broodpan, wat bedek is met ’n sinkdeksel, in ’n gat in die grond gebak het. Sy het kole in die gat gegooi, die broodpan bo-op geplaas en dan weer ’n bietjie kole op die sinkdeksel gegooi. So het die brood dan gaar gebak.¹⁷¹

Brood wat sy varsheid verloor het, is in growwe brokstukke gebreek, gedroog en soos beskuit geëet. Soms is die brood vir uitdroogdoeleindes gebak en is daar meer vet bygevoeg.¹⁷² Onder die omgewing se mense staan die uitgedroogde brood bekend as ‘droëbrood’ en is steeds ’n geliefde lekkerny.

Die insuur en bak van die brood was ’n tydsame proses. Die insuur moes al die vorige aand geskied en soms het die suurdeeg nie suksesvol gerys nie. Daar is dan na die naaste buurvrou gedraf vir ’n bolletjie deeg om gou brood mee te knie, of sommer op die stoof of oop vuur roosterkoeke te maak.¹⁷³ M.C.B. Smit bevestig die gebruik:

Vandag nog onthou ek die geur van die roosterkoeke wat my Ma bo-op die stoof gaargemaak het die oggende toe die suurdeeg nie wou rys nie.¹⁷⁴

Die kultuurerfenis van die bak van soetsuurdeeg- of boerbrood word vandag steeds toegepas, waardeur die eiesoortige koskultuur van die streek bewaar word vir die nageslag.

¹⁷¹ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

¹⁷² CGVPA, J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010; P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/07/2013.

¹⁷³ CGVPA, J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010; A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/07/2013.

¹⁷⁴ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.



Figuur 6.17: Bo, links: Insuurproses; middel: Oorsuurmengsel; regs: Knie; Onder, links: Bakproses; middel: Soetsuurdeeg, regs: "Auntie" se paraffienblikpan.¹⁷⁵

Die paraffienblik-broodpan is 'n materiële artefak wat getuig van 'n tyd in die verlede waar geld skaars was en 'n bepaalde waarde en respek aan gebruiksgoedere gekoppel is. Niks is weggegooi wat as 'n gebruiksartikel aangewend kon word nie. By gebrek aan broodpanne, is een gallon paraffienkanne vaardig omskep in 'n broodpan. Soms is die paraffienkan as 'n dubbele broodpan aangewend en is die twee brode sy-aan-sy in die panne geplaas. Die brode is dikwels "rondombrood"¹⁷⁶ genoem. Die robuuste voorkoms van die pan is simbolies van 'n tyd in die verlede waar baie gebruiksgoed handgemaak is. Dit moes prakties en sterk wees om by die leefwyse aan te pas. Die houtkis waarin 5-gallon paraffien-blikke vervoer is, is bruikbaar aangewend as houtkis.¹⁷⁷ Sommige van die kiste is kunstig omskep in bruikbare meublement. Hierdie materiële artefakte roep die handeling en gebruike van die pioniernedersetter derhalwe in herinnering.

6.6.3 Roosterkoek, doebooi en askoek

Magdalena Magrieta Eiman, 'n boorling uit die Kalahari en een van veertien kinders, het die resep van roosterkoek, asbrood en doebooi mondeling oorgedra. Eiman beskik oor 'n natuurlike

¹⁷⁵ C.G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹⁷⁶ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 6.

¹⁷⁷ Sien figuur 6.22, p. 278.

waardigheid en is trots op haar herkoms. Wanneer Eiman, met die kleinnaam Lena,¹⁷⁸ die resep oordra, is daar ook die onderliggende ryk-gelaagde verhaal van 'n eenvoudige bestaanswyse teenwoordig, wat deel vorm van die kulturele erfenis van die eiland. Roosterkoeke, askoek en doebooi is deur die nedersetters gemaak, veral in die aanvangsjare, toe 'n buite-kookskerm gedien het as die kombuis.

Eiman het as 12-jarige dogtertjie die tradisie van brood maak by haar moeder geleer op die plaas in die Kalahari, waar haar pa 'n skaapwagter was. Haar moeder het op haar beurt die vaardigheid van broodbraai weer by haar moeder geleer. Die lewenswyse was rustig en vleis volop. As jong kind het sy haar kom vestig in Skanskopeiland saam met haar ouers, wat in diens van die nedersetter M.G. Erasmus was. Eiman het die kuns van broodbraai aan haar dogter na haar tiende lewensjaar by wyse van mondelinge tradisie oorgedra. Al moes sy op 'n steen staan om te knie, "was die tyd reg om te leer". Eiman het 'snaaks gekry' [vreemd gevind] oor die formele oordra van die resep, maar sy het met 'n inherente wysheid die waarde van die onderhoud besef.¹⁷⁹

Roosterkoek was 'n integrale deel van die leefwyse van die nedersetters, maar veral ook van die inheemse bevolking in Skanskopeiland. Dis veldkos, trekpadkos, soos die pioniernedersetters dit ook geken het. Dis simbolies van 'n leefwyse waar mense na aan die natuur geleef het. Aanvanklik het die oordrag van die resep as mondelinge tradisie plaasgevind, binne 'n nie-literêre groep. Vandag, waar die nuwe geslag literêr-vaardig is, word dit nog steeds mondelings oorgedra, want tradisie het 'n daaglikse gewoonte van gebruikskos geword. Tog het hier iets verlore gegaan met die oordrag aan die nuwe geslag wat hulle in veranderde omstandighede bevind het en daarby moes aanpas. Hier is sprake van 'n reeks dokumente, wat van geslag tot geslag oorgedra is, maar wat nie een dieselfde is nie.¹⁸⁰ Die leefwyse het verander en die resep is aangepas by die moderne leefwyse: So byvoorbeeld is skaapvet deur olie vervang, die varsgemaalde meel van self-geproduseerde koring is deur voorafverpakte meel wat by die plaaslike supermark gekoop is, vervang.

¹⁷⁸ 'n Kleinnaam is die noemnaam van die persoon. Eiman het daarop aangedring dat dit in die studie genoem word dat haar kleinnaam Lena is. Sy is vernoem na haar ouma.

¹⁷⁹ CGVPA, M.M. Eiman, onderhoud nr. C_10, Skanskopeiland, 02/05/2010.

¹⁸⁰ J. Vansina, *Oral tradition as History*, pp. 28 - 29.

Die stadige proses van rys met tuisgemaakte suurdeeg is uitgeskakel deur die gebruik van kitsgis. Die wyse van voorbereiding en gaarmaak is egter steeds dieselfde as jare gelede.¹⁸¹

Die oorsprong van roosterkoek, doebooï en asbrood is moeilik te bepaal, aangesien dit oor generasies heen voorberei en deur mondelinge tradisie oorgedra is deur beide die nedersetters en die inheemse bevolking.

6.6.3.1 Basiese deegmengsel

Die basiese deegmengsel word vir al drie die broodtipes gebruik. Die metode van voorbereiding is as volg deur Eiman verduidelik:

Was eers hande en maak naels skoon, só het my ma my geleer. Vat die bruinbroodmeel, dan gooi jy in so volgens die gewig van die skottel en die verstand. Gooi suurdeeg volgens jou meel in (Eiman het 4 koppies meel en 2 teelepels kitsgis gebruik). Gooi jou soutjies oor. Hy moenie te vars wees nie. Voeg genoeg sterk louwarm water by om 'n vaste deeg te kan knie. Knie vir hom tot hy nou reg is met skaapvet of bietjie olietjies (Eiman het kookolie gebruik; die knieproses het ongeveer 10 minute geduur). Die deeg moet net lekker wees. Laat staan deeg dig toegemaak teen 'n warm plek sodat hy kan rys tot die skottel mooi vol is. Die deeg rys nie twee keer nie, dan is hy te fyn.¹⁸²

6.6.3.2 Roosterkoek

Eiman verduidelik hoe om te werk te gaan om roosterkoek met die basiese deegmengsel te maak:

Maak die deeg op en druk plat met die handpalm. Die vuur moet sagte kole hê. (Lena kon nie die hitte verduidelik nie, sy moes dit wys en voel). Plaas deegkoeke op die rooster en laat oprys tot onderkors mooi bruin is. Keer dit om en rooster tot gaar. Broodjies word op die sye gedraai om egalig alkant gaar te word.¹⁸³

Die tipiese kenmerke van roosterkoek is 'n geurige broodjie, met 'n gaterige tekstuur en 'n krakerige kors wat skroeiplekke van die warm kole wys.

¹⁸¹ CGVPA, M.M. Eiman, onderhoud nr. C_10, Skanskopeiland, 02/05/2010.

¹⁸² CGVPA, M.M. Eiman, onderhoud nr. C_10, Skanskopeiland, 02/05/2010.

¹⁸³ CGVPA, M.M. Eiman, onderhoud nr. C_10, Skanskopeiland, 02/05/2010.



Figuur 6.18: Links: Knieproses; Middel: Braaiproses; Regs: Roosterkoek.¹⁸⁴

6.6.3.3 Roosterkoek sonder rysmiddel

Visser onthou dat haar moeder roosterkoek sonder rysmiddel gemaak het deur bloot harde skaapvet in die meel in te werk, byna soos met die tegniek wat met die maak van blaardeeg gebruik is. Visser verduidelik:

Mammie het haar meel in 'n bak gegooi en klompie harde skaapvet gevat – dit is die uitgebraaide binnevet van skaap. Dié is eenkant gerasper. Dan het sy meel met 'n bietjie sout en lou water tot 'n stywe deeg aangemaak, so effe geknie, waarna sy die koeke een-een gemaak het. Mammie het 'n baie groot hand gehad. Sy het elke keer net genoeg deeg geneem, sodat as die deeg plat gedruk is, die koek haar hand vol gelê het. Die deegbol is oopgedruk en daarin is 'n bietjie gerasperde hardevet gestrooi en weer toegevou. Die deegkoek is dan bietjie platgedruk en die proses is dan herhaal. Daarna is die deegkoek toegevou en platgedruk, weer toegevou en platgedruk tot die deeg deurgewerk is. Ek sien nou nog hoe werk sy dit vinnig met haar vingers deur. Die roosterkoek is van haar hand op die braairooster geplaas en gaar gebraai. Die eindresultaat was byna 'n roosterkoek met blaardeeg. 'n Mens kon die roosterkoek net warm van die kole af eet, want dit was baie geil (ryk).¹⁸⁵

Die gebruik van 'n handvol-grootte roosterkoek het van die veeboer-dae gespruit, toe die skaapwagter sy rantsoen by die boer ontvang het en 'n goeie voedsame porsie moes kry. Visser onthou dat uitgebraaide hardevet gewoonlik gebruik is om die panne mee te smeer. Dié vet was beter om panne mee te smeer as sagte vet en het 'n heerlike bruin korsie gelew. ¹⁸⁶

¹⁸⁴ C.G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

¹⁸⁵ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/02/2014.

¹⁸⁶ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/02/2014.

Die manier van roosterkoek maak, wat deur mondelinge tradisie oorgedra is van moeder na dogter, het geen vaste resep nie. Die resep berus op aanvoeling. Vanweë die hoë vetinhoud is die tipe roosterkoek deur die volgende generasies nie as gesond beskou nie en het die geheim van die voorbereidingsmetode met die oordrag daarvan verlore gegaan. Dié roosterkoekresep is 'n tipiese kultuurerfenis van die Noord-Kaap en Namakwalandse streke, omdat die oorsprong in die trekboer- en veeboerleefwyse geleë is. Die verlies van die oorspronklike resep is derhalwe tot nadeel van die bewaring van die kultuurhistoriese erfenis van die streek.

6.6.3.4 Doebooi

Daar is ook kluitjies van die meel gemaak en bo-op 'n vleis- en groentebredie met baie sous, genoem 'lang sous', geplaas. Die kluitjies is 'doebooi'¹⁸⁷ genoem – vermoedelik na aanleiding van 'doughboy' soos sommige plaaslike inwoners asook inwoners van die nabygeleë Kalahari daarna verwys.¹⁸⁸ Sommige praat van doebelooi (die ouer mense praat van doughboy), terwyl Coetzee daarna verwys na die gereg as 'potkluitjie' of 'doodgooi'.¹⁸⁹

Eiman verduidelik die maak van doebooi:

Dieselfde deeg word in bolletjies gerol platter gedruk en soos kluitjies bo-op in die vleis- en groentebredie geplaas. Die vleis moet 'n lang sous hê (baie sous) sodat die sousies in die deeg intrek. Die deksel word styf opgepas en nie oopgemaak nie sodat die deeg kan rys in die pot. Die vuur moet stadig wees.¹⁹⁰

Die deegkors is gewoonlik gebruik waar vleis min was en die sous baie. Baie monde is dan met min gevoed. Die kors is ook oor soet droëperskes gebruik en was 'n gewilde toekos.¹⁹¹

¹⁸⁷ In die omstreke van Skanskopeiland word van doebooi gepraat, daarom word die term gebruik.

¹⁸⁸ A. du Plessis, "Kalahari-kos", *Landbouweekblad*, 25 April 2014, p. 102.

¹⁸⁹ R. Coetzee en V. Miros, *Koekemakranka, Khoi-Khoi kultuurgoed en kom-kuier-kos*, p. 110.

¹⁹⁰ CGVPA, M.M. Eiman, onderhoud nr. C_10: Skanskopeiland, 02/05/2010.

¹⁹¹ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/07/2013.



Figuur 6.19: Lena Eiman en haar familie.¹⁹²

6.6.3.5 Askoek

Gebruik die basiese deegmengsel om die askoek voor te berei. Eiman verduidelik die metode:

Maak die deeg op en druk plat met die handpalm. Plaas deegkoekies op sagte askole en strooi bietjie meeltjies bo-oor. Gooi dan bietjie warm askole bo-oor en dan bak jy hom so gaar. As die bo-kors mooi gaar is, dan keer ons hom maar net weer om dat hy anderkant ook gaar word. Sit maar weer bietjie askooltjies bo-oor. En dan is dit nou asbrood.¹⁹³

Met min geriewe tot hulle beskikking is hierdie brood ontwikkel tot 'n kulturele fynproewersgebak van die streek. Deur die mondelinge oordrag van die tradisionele manier van voorbereiding oor generasies heen, word die erfenis in stand gehou as 'n eiesoortige streekskultuur.

Die wyse van die aanmaak-, knie- en bakproses is kennis wat eerstehands oorgedra is deur mondelinge tradisie: Die vou van die hand om die bereide deeg, die onbewustelike kennis dat die deeg genoeg geknie is, die eerbiedige vorming van die broodjie, die gaarmaakproses oor die kole, word met hierdie oordrag 'n besonderse kultuurnalatenskap wat slegs van persoon tot persoon oorgedra en so bewaar kan word. Die voorbereiding is simbolies van die mens se verbondenheid aan die natuur.

¹⁹² E.C. Visser, Persoonlike fotoversameling, Potchefstroom.

¹⁹³ CGVPA, M.M. Eiman, onderhoud nr. C_10, Skanskopeiland, 02/05/2010.

Die bepaalde broodkultuur was vroeër uniek aan bepaalde streke van Suid-Afrika. Resepte wat in die hedendaagse buitелugtydskrifte beskikbaar is, maak dié kultuurerfenis deel van die moderne buitелugonthaalkultuur.

Die tradisie om kos in 'n kookskerm voor te berei en die gaarmaak daarvan oor die oop kole, is 'n vaardigheid wat oor geslagte heen tot 'n fyn kuns ontwikkel is. Dié vaardigheid het elke pioniersvrou aan moedersknie geleer.

Vandag is dié tradisies deur die moderne geslag oorgeneem en aangepas tot 'n gewilde onthaal- en ontspanningskultuur. Die kultuurerfenis van die kookskerm kom in die hedendaagse tyd na vore in die braailapa-kultuur, waar daar gesellig om 'n vuur gekuier word en die kos stadig voorberei word. Daardeur word die leefwyse van die verlede weer van toepassing gemaak in die moderne leefstyl en dui op 'n onbewustelike terughunker na 'n eenvoudige leefwyse wat verby is.

Terselfdertyd is die potjiekoskultuur op sy beurt 'n moderne weergawe van die trekpadkos, waar alle voedsel in die swart pot oor die vuur gehang is. Dié bepaalde kultuurerfenis is nie beperk tot Skanskopeiland en die omstreke van Keimoes nie, maar word oor die hele Suid-Afrika gevind.

6.7 *Algemene handelaar*

'Gawie se winkel' staan voorop in baie nasate se jeugherinneringe.¹⁹⁴ Die winkel, wat as *G.P. Steyn Algemene Handelaar en Produktekooper* bekend gestaan het, was vir baie jare 'n landmerk in die eiland. In 1949 het die bestuursraad 'n 'kafé'-lisensie aan G.P. (Gawie) Steyn, seun van die nedersetter B.M.N. Steyn, toegestaan. Steyn het daarna as 'n algemene handelaar sy besigheid aan die bo-punt van Skanskopeiland bedryf.¹⁹⁵

Steyn het dikwels plaaslik-geproduseerde produkte ingekoop soos ertjies en katoen, op die basis dat hy helfte van die waarde in kontant betaal, maar vir die ander helfte moes die

¹⁹⁴ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4.

¹⁹⁵ SNBA, brief, Kuhn en Truter - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 11/07/1948; SNBA, brief, G.P. Steyn - Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 13/12/1949.

verkoper produkte by sy winkel koop. Op hierdie wyse het koper en verkoper by so 'n transaksie gebaat.¹⁹⁶

B.M.N. Steyn vertel meer:

Daar was alles wat nodig was vir die normale huishouding. Van lampe tot 'n onderrok, van fietsparte tot paraffien. Handwerkgare en selfs twee soorte masjiengare, *Sheen*, en nog 'n ander een wat ek nie sy naam kan onthou nie. Roltwak en sigarette. Sjokolade van alle soorte. Ek onthou nog die groot bokse en kleineres, party met lint om. Dit wat nie aangehou is nie, kon bestel word.¹⁹⁷

Die lekkergoedrak het 'n ruim verskeidenheid lekkers, asook mooi verpakte sjokolade gehad waaruit 'n kliënt kon kus en keur.¹⁹⁸ 'Los lekkers'¹⁹⁹ is in 'n papierkardoesie toegedraai en was vir baie kinders 'n hoogtepunt van die inkopies by 'Gawie se winkel', soos dit algemeen genoem is. Later van tyd het die winkel ook 'n slaghuis bedryf. Die eilandmense het by die winkel 'n rekening gehad en op gereelde basis gaan 'afreken'. Met afrekening is daar dikwels 'n klein vaal kardoesie met lekkergoedklontjies verniet saamgegee.²⁰⁰ Op die wyse is die verhouding tussen koper en verkoper opgebou en versterk en het Steyn die winkel opgebou tot 'n florerende besigheid.

Die winkel, wat tot laat in die 1980's bedryf is, het steeds 'n bepaalde plek in die herinneringe van die nasate aan Skanskopeiland.


¹⁹⁶ B.M.N. Steyn, Persoonlike geskrifte, 27/06/2013; B. Strydom, Persoonlike geskrifte, 06/07/2013.

¹⁹⁷ B.M.N. Steyn, Persoonlike geskrifte, 27/06/2013.

¹⁹⁸ B.M.N. Steyn, Persoonlike geskrifte, 27/06/2013.

¹⁹⁹ Los lekkers was die goedkoper lekkers, wat per gewig aangekoop is by die groothandelaars en in glasbottels of vertoonrakke uitgestal is. Gewoonlik was daar 'n wye verskeidenheid beskikbaar wat die vaardige hand in 'n gedraaide kardoesie verpak het.

²⁰⁰ B. Strydom, Persoonlike geskrifte, 06/07/2013.



Figuur 6.20: Aansoek om 'n winkellisensie, G.P. Steyn.²⁰¹



Figuur 6.21: G.P. Steyn agter in die middel, saam met sy broers en susters.²⁰²

6.8 Materiële artefakte as stoflike kultuurerfenis

Verskillende huishoudelike materiële artefakte, byvoorbeeld 'n skaal en koffiemeul, paraffienlamp, 'n naaldwerkskêr, asook 'n kappie, roep terug na die leefwyse van die pioniersverlede en ontsluit die menslike handelinge van die verlede. Die items, soos 'n praktiese stoepbank wat met die hand uit 'n verskeidenheid vrugtehout en transportwa-reste vervaardig is, asook die gebruikskis en kassie wat uit paraffienkiste vervaardig is, manifesteer op sigself as kulturele artefakte wat herinner aan die moeilike opgroei- en pioniersjare, waarbinne daar uit min 'n lewe geskep moes word.

Pretorius beklemtoon die waarde wat sulke voorwerpe vir navorsing inhou:

Vir die kultuurhistorikus is die inligting wat uit voorwerpe ingewin kan word met betrekking tot die mense wat die voorwerpe gemaak en gebruik het, hulle lewenspatrone en -houding, hulle herkoms en hulle skeppingsvermoë, van groot belang.²⁰³

²⁰¹ SNBA, verwysingsnr. 39/Kuhntruter, aansoek, G.J. Kuhn en Truter – Superintendent Oranjerivier nedersettings, 16/01/1949.

²⁰² J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

²⁰³ J.C. Pretorius, "n Bronne-indeling vir...", p. 7.

By die aanblik van dié artefakte is daar onmiddellik gesamentlike gelaagde herinneringe onder die nasate van die pioniernedersetters opgeroep en 'n samehorigheidsgevoel geskep wat geslote bly vir buitestaanders. Die items slaag daarin om die kollektiewe historiese bewussyn wat steeds onder die nasate van die pioniernedersetters bestaan, te verskerp.



Figuur 6.22: Links: Paraffienkis as gebruiks-artikel.²⁰⁴



Figuur 6.23: Regs: Kassie gemaak van paraffienkis. Let op die tekens van die paraffienkis op die kassie.²⁰⁵

Die ontwerp van die tipiese kappie van die streek, bekend as die Boerekappie,²⁰⁶ was anders as dié van die Voortrekkerkappie. Dié tipe kappie word vandag steeds in Namakwaland se omstreke opgemerk, veral onder die vroue uit die inheemse bevolking. Die vroue kon almal 'n basiese kappie maak. Sommige kappies was baie meer kunstig versier as ander.

²⁰⁴ C.G. Visser. Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

²⁰⁵ C.G. Visser. Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

²⁰⁶ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 01/05/2010.



Figuur 6.24 en figuur 6.25: Die skêr wat al byna 100 jaar oud is. Die kappie soos deur die pionier vroue gedra.²⁰⁷

Die skêr wat al byna 100 jaar oud is, toon slytasie aan die handvatsel wat die resultaat is van jare se gebruik. Die skerp punt is stomp verweer en die middelpunt se klinknael onstabiel van gebruik. Daarmee is alle naaldwerk oor twee geslagte heen gedoen. As deel van 'n jong bruid se skraal trousseau, was die skêr alreeds 'n gebruiksitem gewees, oorgedra van moeder na dogter.²⁰⁸ Hutton beskou materiële artefakte as 'n fisiese herinnering aan die leefwyse van die verlede:

Life's continuity is to be found in this imagined structure of one's life journey.²⁰⁹

Binne die herinneringe lê 'n dieper vlak van 'n woordelose onthou wat manifesteer as 'n gemeenskaplike bewustheid van die bepaalde kultuurhistoriese verlede. Tydens groepsonderhoude met die kinders van die pioniernedersetters wat reeds ouer as 75 jaar is, is daar waargeneem dat die respondente sekere gebeure in herinnering roep met slegs lyftaal, handgebare of bloot enkele woorde. Lyftaal en gesigsuitdrukkinge het aangedui dat die respondente die verlede spontaan as hulle eie historiese bewussyn toe-eien en nie altyd bereid is om die persoonlike of gesamentlike gewaarwordings in terme van die herinnering te deel nie.²¹⁰ Soms was die herinnering aan die swaarkry-tydperk 'n belewenis wat respondente moeilik herroep het en nog moeiliker gedeel het, soos die geval van Pool se moeder wat honger gely het,²¹¹ of soos Hanzen, wie se vader hom as stut vir die gebreekte spoelvoor gebruik het.²¹²

²⁰⁷ C.G. Visser. Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland; CGVPA, items in argief.

²⁰⁸ P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/09/2013.

²⁰⁹ P.H. Hutton, *The art of memory*, p. 374.

²¹⁰ CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01 Skanskopeiland, 07/03/2010; E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/07/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

²¹¹ Sien afdeling 6.6, p. 265.

Andersyds was daar hoogs-emosionele herinneringe waar die tyd van diepe armoede en ernstige broodgebrek blootgelê is.²¹³

Volgens Grundlingh en Huigen was die Franse sosioloog Halbwachs van mening dat kollektiewe herinneringe inhou dat elke individu persoonlike herinneringe besit, maar tegelykertyd deel het aan groepsherinneringe:

’n Mens onthou as individu, maar is daarin nie alleen nie. Die milieu waarin jy opgegroeï het en leef, vorm ’n raamwerk wat die vorm en inhoud van herinneringe en daarmee saam identiteite help bepaal.²¹⁴

Tempelhoff ondersteun die argument en meen dit is ’n uitgebreide netwerk van sosiale waardes, sedes en ideale van dimensies van die groep waaraan die persoon behoort.²¹⁵ Die stelling is ook van toepassing op die nasate van die Skanskopeiland-pioniers. Elke individu besit eie persoonlike herinneringe oor die verlede, maar is nie alleen daarin nie. Dit is deel van die handeling van die groep.

Pretorius merk op dat wanneer tradisies hul betekenis verloor en ’n groep nie hul identiteit meer daaraan kan ontleen nie, die historiese besef vanselfsprekend verdwyn:

Die gevolg is dat die bevolking in ’n eindelose hede leef, terwyl die verlede ’n onbegryplike rareiteitskabinet word. Moderne mense ontleen hulle identiteit nie meer aan die geskiedenis van die groep waartoe hulle *de facto* behoort nie, maar aan die lewenstyl en die kultuur van die groep waartoe hulle wil behoort.²¹⁶

Groepsherinneringe word gedeel en vorm daardeur ’n historiese samelewingsbewussyn binne die bepaalde omgewing van Skanskopeiland. Die groepsherinneringe word veral versterk deur die gedeelde kulturele erfenis. Mouton meen dat herinnering die mens se ervarings uit die verlede omvat:

²¹² Sien hoofstuk 3, afdeling 3.5.4, p. 140.

²¹³ CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01 Skanskopeiland, 07/03/2010; E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.S. Louw, onderhoud nr. D_06, Keimoes, 01/07/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

²¹⁴ A. Grundlingh & S. Huigen, *Van Volksmoeder tot Fokofpolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*, p. 2.

²¹⁵ J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede...*, p. 145.

²¹⁶ O.J.O. Ferreira, “Kultuurgeskiedenis by ’n kruispad”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 11, nr. 2, Nov., 1997, p. 118.

Memory is the medium of that which is experienced, just as the earth is the medium in which ancient cities lie buried.²¹⁷

Die herinneringe van die verledenswerklikheid hou derhalwe die gebeure uit die verlede lewend en versterk sodoende die kulturele nalatenskap.

6.9 Geestelike kultuur

Alhoewel die geestelike kulturele erfenis van die pioniernedersetters deurlopend ingewef is in die vestigings- en ontwikkelingsgeskiedenis van die pioniernedersetters op Skanskopeiland, is daar gepoog om die meeste van die geestelike kultuurhistoriese gegewens in hierdie afdeling geordend byeen te bring.

Die ontginde materiaal sluit onder meer aspekte van die volgende in: volksgeneeskunde; volksnatuurkunde; lewensvorms soos geboortes, doop, die opvoeding van die kind tuis en by die skool; kinderspel, jongmensvermake, tydverdrywe soos swem en kuier by rivier; asook gebruike met dood en begrafnis.²¹⁸ Hierby kan ook byname, gesegdes, uitdrukkings en raaisels wat 'n kultuur van sy eie geword het, gevoeg word.

6.9.1 Byname en spreuke; raaisels en uitdrukkings, asook vertellings

6.9.1.1 Byname

Bynaam-gee was 'n algemene praktyk in Skanskopeiland en word steeds toegepas. Meermale was byname gekoppel aan 'n bepaalde gebeurtenis, karaktergesteldheid, of voorkoms. Baiemaal was dit spottenderwys toegeken: Byname van nedersetters, soos onder meer *Piet Suutjies*; *Swart Barnard*; *Tier*; *Rooi Stefaans*; *Rooi Sarel*; *Hartjie Erasmus*; *Ou Soutes*, *Ronnes*, *Duikerjan*, *Piet Pypderm*, *Koos Muis*, *Velkop*, *Sjieling*, asook *Ben Bles*, het onder nedersetters die rondte gedoen. Sekere families was onder 'n groepsnaam bekend soos bv. die *Grysbokke*, die *Gemsbokke* of die *Sandvoete*.²¹⁹ Sommige hiervan was op persoonlike omstandighede gemik en was kwetsend van aard. Nasate van diegene wat die byname as 'n belediging ervaar het, beleef steeds die negatiewe gevoel wat die noem van die byname meebring.²²⁰ *Isak Handjies* was

²¹⁷ M. Mouton & H Pohlandt-McCormick, "Boundary crossings...", p. 45.

²¹⁸ P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die...*, pp. 78 - 91.

²¹⁹ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/02/2014.

²²⁰ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4.

byvoorbeeld die naam van 'n gestremde bruinman met net een hand wat homself onderhou met soldeerwerk en het veral stukkende huisware met sy soldeerwerk weer bruikbaar gemaak.²²¹

6.9.1.2 Spreuke, uitdrukkings en taal

Spreuke is dikwels deur mondelinge tradisie van vorige generasies oorgedra, soos byvoorbeeld die volgende spreuk oor 'n allesweter: *'n Vlieënde kraai het wat, 'n sittende kraai het net sy gat.*²²²

Sommige uitdrukkings het spontaan ontstaan na aanleiding van optredes of gebeure, soos byvoorbeeld: *Hy het 'n stadige asem* (iemand wat stadig werk). Uit die aard van die vestigingsproses het ook nuwe uitdrukkings ontstaan wat gekoppel is aan die werksaamhede op die eiland: *Rivierstaan* of *staanwater* was 'n tipiese uitdrukking teen die rivier wat sprekend was van die omstandigheid wat dit verwoord het.

Momberg se persoonlike geskrifte bevat 'n kultuurskat van uitdrukkings wat alreeds onder die jonger generasie aan die uitsterf is:

Smaaklike kos is aangedui met die volgende uitspraak: *Die kos smaak oor die voorspoor.*

Groetwoorde is dikwels gekoppel aan die tyd van die dag, soos byvoorbeeld, *agtermiddag*, wat die gebruikelike woord was waarmee 'n persoon in die middag gegroet is.

Swak maniere is uitgewys met die volgende gesegde: *Hy het saam met die donkies uit die veld gekom.* Die uitdrukking is ook gebruik om 'n uiters beskroomde persoon aan te toon.

'n Skaam en teruggetrokke persoon is *verskimmeld* genoem

Lelike naaldwerk, byvoorbeeld met 'n winkelhaak is as volg uitgedruk: *Ek het die broek se winkelhaak (skeur) toege-!Qam.* (Sien betekenis van “!Qam” hieronder.)

'n Lang en maer persoon is aangedui as *'n regte tuienaald*, terwyl 'n vernielsugtige persoon 'n *rewien* genoem is.

'n Lamleilige meubelstuk of voertuig of fiets is soos volg aangedui: *Sy fiets /stoel kankema omtrént.*

²²¹ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/02/2014.

²²² E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/02/2014.

’n Bokkapater is ’n *kêrelbok* genoem.

Sou ’n persoon binnekort êrens heen reis, is die uitdrukking *kortendag* gebruik, byvoorbeeld: *Hy moet kortendag Kaap-toe ry.*²²³

Na ’n lui persoon is minagkend verwys: *[Jan] staan en dooilam vandag.*²²⁴

Gesprekke tussen vroue is dikwels begin met die aanknopingsin: “*Wat het jy gewerk vandag?*”, want niemand was ooit ledig nie. So byvoorbeeld het die volgende uitdrukking vir vinnig werk ’n verbintenis met die oproepingpraktyk:²²⁵ “*Vandag is weer omstaan op hierdie werf*”.²²⁶ ’n Tipiese uitdrukking wat ook in die omstreke van Keimoes, Kanoneiland en Kakamas steeds onder die ouer inwoners gebruik word en as gewoontespraak bestempel kan word, is die beklemtoning na ’n sin met die woorde “*hóór jy*”, byvoorbeeld: *Die lusern sal voor brêkfis moet omgekeer word, hóór jy*. Dié gewoontespraak is nie net ter sprake by ’n vraagsin nie, maar word veral by ’n gewone stelsin gebruik as beklemtoning van die feite.²²⁷

Sekere omgangstaal dui op die invloed van die inheemse tale.²²⁸ Die volgende gebruikstaal is volgens Namaseb en Haacke ’n erfenis van die N|uuki (ǀKhomani)-taal, wat veral in die Kalahari Gemsbok Nasionale Park-omgewing gepraat word:

- Ghabba – hol item soos ’n beker: Afgelei van die woord *xawa/xaba* uit die N|uuki (ǀKhomani) wat ’n hol item of bakhand (om kos te ontvang) aandui.
- Hy is nog ’n !gho-koppie - ’n opgeskote kind: In N|uuki (ǀKhomani) verwys die woord na ’n klein kind.
- ǀkhom-vleis - sagte afgekookte vleis: In N|uuki (ǀKhomani) verwys die woord “ǀkhom” na die proses wanneer vleis baie sag gekook word en sodra dit gaar is, met ’n stamper fyn te maak.
- |Khom klip – die poreuse klipbank wat oor die eiland loop: In N|uuki (ǀKhomani) verwys die woord na ’n poreuse sagte klip wat breek wanneer dit op ’n harde klip gegooi word. Die klip is wisselend van kleur.

²²³ Elektroniese Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) <http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za> [geraadpleeg 17/10/2014]. “Kortendag” is volgens die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT, deel 7) opgeteken by Rehoboth, Noordwes-Kaapland, tans die Noord-Kaap genoem.

²²⁴ J.J. Momberg, Persoonlike geskrifte, 10/06/2014.

²²⁵ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.5.7, pp. 146 – 147.

²²⁶ G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 23/02/2014.

²²⁷ Uitdrukking opgeteken in Skanskopeiland en omgewing deur die navorser, 2014.

²²⁸ CGVPA, A.A.R. Bruwer & A. Momberg, mondelinge mededeling, 24/02/2014.

- “!Qam” beteken taai: In N|uuki(≠Khomani) dui die woord op ’n taai pap of iets wat taai is.
- Agarob – klein seuntjie.²²⁹ Afgelei van die woord *axaro(b)* wat ‘kind’ aandui.²³⁰

6.9.1.3 *Humoristiese vertellings en raaisels*

Skanskopeiland het soos elke streek sy humoristiese vertellings, asook raaisels wat volwassenes en kinders vermaak het. In die vertellings is daar altyd ’n persoon wat aan die kortste ent trek. Die vertellings en raaisels word aangehaal in Bylae C.²³¹

6.9.2 *Kinderspel*

Grobelaar dui aan dat kinderspel deel van die volkskultuur is. Die opgroeiende kind word van geboorte af geskool in kultuur ten opsigte van kinderspel, rympies en liederes wat deel word van sy persoonlike geestesbiblioteek. Die wiegeliedjie, die spel tussen ouer en kind, uittelrympies, en so meer, is deel van sy leerproses en die aanpassing by sy omgewing.²³² Mettertyd begin die kind met ander kinders sosialiseer en speel. Die speletjies en rympies het ’n onbewustelike uitwerking op sy algehele ontwikkeling en dra by tot die ontstaan van ’n omgewingsbewussyn. Spraakvaardigheid en oog-hand-voetkoördinasie vind baat hierby. Speletjies word veral van generasie na generasie oorgedra.

In Skanskopeiland is daar baie gespeel. Die kinderspel roep bepaalde omstandighede in herinnering. In die dae van vestiging, met min materiële besittings, was gekoopte speelgoed seldsaam en is die verbeelding kreatief ingespan. Die wye veld en omgewing was die speelgrond.

Dikwels het die kinders outentieke poppe uit mieliestronke gemaak. Garetolletjies, visblikkies en gras is gebruik om skoene mee te maak en met koerantpapier is hoede en handsakke gevou. Die spelery het die ontvlugtingspel van die jong kind geword waarmee die immergewilde huis-

²²⁹ CGVPA, A.A.R. Bruwer & A. Momberg, mondelinge mededeling, 24/02/2014.

²³⁰ L. Namaseb, Lecturer, Language and Literature Studies, Universiteit van Namibië, skriftelike mededeling. Die taalverwantskap word as N|uuki (≠Khomani) aangedui. [Per e-pos, 28/03/2014.]; W. Haacke, skriftelike mededeling, met gebruik van die volgende woordeboek; Haacke, W. & E. Eiseb, *A KHOEKHOEGOWAB DICTIONARY with an English-Khoekhoegowab Index*. [Haacke is van mening dat die woorde heel moontlik van die Khoi Khoi kom. Interessantheidshalwe noem hy dat die korrekte spelling van die Khoi Khoi (vir die taal) *Khoekhoe* or *Khoekhoegowab* is.] [Per e-pos, 28/03/2014.]

²³¹ Sien bylae C, p.393.

²³² A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, pp. 84 - 85; P.W. Grobelaar, *Volkslewe van die Afrikaner...*, p. 52.

huis of mevrou-mevrou gespeel is. Opmekaar-gestapelde pesbosse, of rolbosse, het dikwels huisies vir die huis-huis-spel geword.²³³ Basson vermeld ook speletjies soos *Blikaspaai*, *Swartvark*, *Swartpiet* en *Ellie Rose* wat deur die groter kinders gespeel is.²³⁴

Buitelugspeletjies wat deur die kinders in Skanskopeiland gespeel is, is veral bekend onder die ouer mense. Talle springspeletjies, uitvang- en klipgooispeletjies was 'n belangrike afleiding vir die kinders, maar word selde vandag nog gespeel.²³⁵ Coetzee argumenteer dat 'n jong kind allermens gebonde is aan tradisie. Tog is daar 'n onbewustelike oordrag van tradisie.²³⁶ Heelwat van die spelvorms is erfgoed, wat tesame met kinderrympies en gesegdes oorgedra is aan opvolgende generasies. Hiervan getuig speletjies soos *Hasie Ablou*, *Toktokkie*, *Bakoondjie* en *Klippie*. Die klipspeletjies is veral smiddae en skoolpouses gespeel. Albasterspeletjies soos *Kransie en Gaatjie* was baie gewild onder kinders.²³⁷ Netbal, wat tydens skoolure geoefen is, was 'n gesogte skoolsport vir die laerskooldogters.

Rugby was baie gewild onder die seuns. Momberg vertel dat die half-gespoelde erwe wat nog nie gesaai was nie en die diep spoelslote heerlike speelplek vir die seuns was:

Ons seunskinders van die omringende persele het party Saterdag rugby gespeel op die groot, plat sandbank wat gevorm was in die laagte wat toegespoel moes word. Ons was so drie man aan 'n kant en het vanuit die diep spoelslote op die hoërliggende grond uitgedraf op die 'veld'.²³⁸

Die rivier was 'n gewilde ontspanningsarea. Almal kon swem. Dit was geen kuns vir 'n kind van Skanskopeiland om met 'n swemblok van wilgerhout te swem nie. Kinders het dikwels skelm by die rivier gaan speel, terwyl die jongmense graag teen die rivieroewer gekuier het.²³⁹

²³³ CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.

²³⁴ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 14.

²³⁵ CGVPA, J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06 Kakamas, 01/06/2010; P. Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/02/2014.

²³⁶ A. Coetzee, *Die Afrikaanse volkskultuur...*, p. 84.

²³⁷ *Hoërskool Keimoes Gedenkblad 1903 - 2003*, pp. 58 - 59.

²³⁸ J.J. Momberg, Persoonlike geskrifte, 31/05/2013.

²³⁹ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010; B. Strydom, Persoonlike geskrifte, 06/07/2013; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 27/07/2013.

Bruwer vertel meer:

Ou Grootrivier was ons lewensaar. Ons speelplek en ons swemplek. Ons kon heerlik *Hasie Ablou* speel op die sandbanke of klein vissies vang in die staande poele.²⁴⁰

Hasie Ablou was 'n geliefde kinderspel. Kloppers se volkskundige kaart van die speletjie, dui die verskillende name aan wat die verskillende streke aan die spel geheg het. Alhoewel die spel redelik eenders gespeel is in al die streke, verskil die benaming daarvan bv. *Hasie Ablou*, *Hasie Abdol*, *Hasie Ablo*, *Hasie Aboel*, selfs *Appeltjies*, asook *Katsels* wat moontlik ontwikkel het uit die Engelse benaming *Castles are blue*.²⁴¹



Figuur 6.26: Netbalspan van 1946 met twee Skanskopdogters: Agter, tweede van regs: E.W. Visser; Voor, regs: E. Siepker.²⁴²




Figuur 6.27: Eerste rugbyspan van Hoërskool Keimoes, 1945, met twee van Skanskopeiland se seuns: Middel, heel regs: A. Siepker; Agter, derde van links: B. Siepker.²⁴³

²⁴⁰ A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013.

²⁴¹ M.H.O. Kloppers, *'n Kultuurhistoriese opname van volkspeletjies in die Moot*, (ongep. Ph.D., Universiteit van die Witwatersrand, 1956), pp. 159 - 160.

²⁴² M.C.B. Smit, Persoonlike fotoversameling, Kuilsrivier.

²⁴³ *Hoërskool Keimoes Gedenkblad 1903 - 2003*, pp. 30.





Figuur 6.28: Kaart van verspreiding van die kinderspel Hasie Ablou in Suid-Afrika.²⁴⁴

’n Interessante waarneming van die kaart toon dat die verspreiding van die benaming *Hasie Ablou* ooreenkomste toon met die herkoms van die pioniernedersetters.

²⁴⁴ M.H.O. Kloppers, *’n Kultuurhistoriese opname van volkspeletjies...*, p. 160.

Hieronder volg 'n grafiese uiteensetting van sommige van die kinderspel.




1. Apparaat:
 - a) 1 x plat gladde rivierklip wat kan gly oor die sand.
 - b) 'n Plat leiklip $\pm 19\text{cm}$ in deursnee
 - c) 'n Klein ronde klippie so groot soos 'n groterige albaster

2. Spel:
 - a) Plaas klein klippie op plat klip
 - b) Speelveld:


As A die klein klippie afgooi moet B dit so gou as moontlik probeer terugplaas en probeer om daarna C en D, wat hul plat klippe optel, aan te raak. Doen hy dit, is daardie een wie se klip aangeraak is, weer wagter. Niemand mag sy klip gryp en hardloop voordat almal nie klaar gemaak het nie.

Albasters




Doel: Maal, en die een wat naaste lê, skiet of gooi eerste. Elke albaster wat jy uit die krans uitgooi, is joune. Gooi jy mis, dan skiet die een wat tweede lê.

Kransie



Die een wat eerste lê, skiet met sy voorvinger die pitte na die ring. Skiet hy syne in, dan gaan hy aan en skiet ook die ander s'n in. Op die streep is nie in nie.

Gaatjie



Die een wat eerste lê neem al die gemaakte pitte en probeer om dit daar vanaf in die gaatjie te rol. Die pitte wat hy inrol is syne - die wat nie in is nie, neem no.2 dan en probeer hulle inrol. 'n Variasie is dat elke speler die pitte wat hy nie kon ingooi nie, met 'n tuigring probeer raak. Die wat hy raak is ook syne.

6.9.3 Onderwys

Uiteenlopende gewaarwordinge word by die nasate ervaar met die ontsluiting van herinneringe aan die skoolgaanjare. Gevoelens van armoedige ellende afgewissel met die van sorgvrye dae vol pret en die liefdevolle koestering is opgeteken.²⁴⁶ Skoolgaan was deel van grootword in die eiland. Geleerdheid vir hul kinders was van groot belang vir die pioniernedersetters. Kinders is aanvanklik met Compaan se donkiewa skool toe vervoer.²⁴⁷ Wintertye is daar 'n kolepan op die wa gelaai as verweer teen die bitter koue en die skoenlose kinders.²⁴⁸ Die rivier het ook voorsien: Rivierklippe is verwarm om hande warm te hou in die winter.²⁴⁹ Heelwat persoonlike herinneringe en mondelinge mededelings het bevestig dat daar 'n rivierklippie in die kole of in die oond warm gemaak is en dig in papier of 'n lap toegedraai. Dit is dan in die kind se sak gestee om die hande warm te hou in die winter. Hierdie gebaar was sprekend van versorging en liefde teenoor 'n kind. Die optel van 'n rivierklip in die hand, bring aan die nasate 'n hernieude gewaarwording van liefdevolle versorging en geborgenheid mee.²⁵⁰ Terselfdertyd roep dit die tye van armoede in herinnering.

Die kinders wat binne drie myl van die dorp gebly het, (sowat 4.8 km²⁵¹) moes per voet by die skool kom.²⁵² Skanskopeiland se kinders het merendeels tot standerd ses by die Primêre Skool

²⁴⁵ Verduideliking oorgedra deur D. Bird en E. Swenson (sr.) en opgeteken deur C.G. Visser in *Hoërskool Keimoes Gedenkblad 1903 - 2003*, pp. 58 - 59.

²⁴⁶ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4.

²⁴⁷ CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01 Skanskopeiland, 07/03/2010; J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; J.D.S. Barnard, onderhoud nr.C_06, Kakamas, 01/06/2010; F.P. Smit, onderhoud nr.C_04, Upington, 11/06/2010; P. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoudnr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; A.A.R. Bruwer, A. Momberg & S.C. Schreuder, onderhoud nr .B_03, Keimoes, 09/09/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

²⁴⁸ CGVPA W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01 Skanskopeiland, 07/03/2010; E.C.C. Smit, onderhoud nr.A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; J.D.S. Barnard, onderhoud nr.C_06, Kakamas, 01/06/2010; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

²⁴⁹ J.A. Pool, Persoonlike geskrifte, 15/07/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

²⁵⁰ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; J.A. Pool, mondelinge herinnering, Omstaan, Skanskopeiland, 17/07/2013; H. Grebe, telefoongesprek, 20/02/2014; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland 19/03/2014.

²⁵¹ Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org, 1 myl is gelyk aan 1.6 kilometer (km.). (geraadpleeg 2014/09/25).

²⁵² Hoërskool Keimoes Notules, 21/07/1943.

Neilersdrif skoolgegaan, waarna die wat verder skoolgegaan het na die hoërskool in Keimoes gegaan het.²⁵³



Figuur 6.30: *Die Primêre Skool Neilersdrif.*²⁵⁴

Vanaf 1941 het Van Schalkwyk, wat in daardie selfde jaar 'n bouperseel in Skanskopeiland bekom het, die kinders met die skoolbus, 'n vragmotor met 'n wit seilkap, alombekend as die 'skoollorrie', na die onderskeie skole vervoer.²⁵⁵ Daar was heelwat kinders in Skanskopeiland. Net binne die boonste twee kilometer van die eiland was daar vyftig kinders wat op hierdie wyse vervoer is.²⁵⁶ Smit beskryf die vragmotor so:

Die vragmotor se seilkap het weerskante 'n venstertjie gehad. Daar was 'n lang bank teen elke kant met 'n plat bank in die middel, waar kinders rug aan rug moes sit. Kleiner kinders moes tussen die rye staan en maar vashou.²⁵⁷

Met die wat die kinders te veel geraak het vir die 'skoollorrie' het een van die nedersetters, F.A.W. du Plessis, die hoërskoolkinders van en na die padaansluiting na Keimoes met sy muilwaentjie vervoer. Daar het Van Schalkwyk se bus hulle weer opgelaa.²⁵⁸

Die fases van skoolvervoer neem steeds 'n belangrike plek in die herinneringsargief van veral die tweede generasie nasate in.

²⁵³ Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, *Skanskopeiland, 1938 - 1998*, pp. 3 - 4.

²⁵⁴ E.W. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

²⁵⁵ Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, *Skanskopeiland, 1938 - 1998*, pp. 3 - 4; SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 24/02/1941.

²⁵⁶ Hoërskool Keimoes Notules, 21/07/1943.

²⁵⁷ A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

²⁵⁸ SNBA, E.A.N. Steenkamp, Persoonlike geskrifte, 1998.



Figuur 6.31: E.W. Visser (9).²⁵⁹



Figuur 6.32: F.G. Visser (10).²⁶⁰



Figuur 6.33: H.S.B. de Vos (Basson).²⁶¹

Kollektiewe herinneringe hieroor vorm 'n onderlinge onuitgesproke band tussen die nasate wat deel gehad het aan die ervaring. Gedeelde en groepsherinneringe wat met mondelinge onderhoude oorgedra is, bevestig die hegte herinneringsverbintenis en is waarneembaar in gebare en onvoltooide uitsprake soos: “Onthou jy nog?...”, “Ja-nee, jong, dit was swaar dae...” en dies meer, wat bloot met kopknikke, lag en handgebare opgevolg is.

Connerton meen dat kollektiewe herinneringe as bindstof van 'n gemeenskap dien:

For what binds together recent memories is not the fact that they are contiguous in time, but rather the fact that they form part of a whole ensemble of thoughts common to the group, to the group with which we are in relationship at present or have been in some connection in the recent past.²⁶²

Alhoewel die grootste meerderheid pioniernedersetters skaars st. 3 geslaag het, was daar uitsonderings soos bv. Baard en die Siepkers. E. M. Siepker onthou dat geleerdheid vir haar

²⁵⁹ M.C.B. Smit, Persoonlike fotoversameling, Kuilsrivier.

²⁶⁰ M.C.B. Smit, Persoonlike fotoversameling, Kuilsrivier.

²⁶¹ H.S.B. Basson, Persoonlike fotoversameling, Carolina.

²⁶² P. Connerton, *How societies remember*, p. 37.

ouers 'n hoë prioriteit was. Hulle was beide uitsonderlike mense wat geglo het dat niemand geleerdheid van 'n mens kon ontnem nie en dat dit die sleutel tot sukses was.²⁶³



Figuur 6.34: 'n Groepie skoolkinders.²⁶⁴



Figuur 6.35: Die skoollorrie: F. Van Schalkwyk en eggenote.²⁶⁵

6.9.4 Kerklike terrein

Sondae was tradisioneel 'n rusdag. Daar was volgens mondelinge getuienis 'n merkwaardige geloofsaanvaarding van mekaar. Dit sluit in lidmate van die NGK, Rooms-Katolieke Kerk, die Volle Evangelie Kerk en enige ander verskillende denominasies waaraan die eilandbewoners behoort het. Sommige nasate van die nedersetters wat in die Rooms-Katolieke kerke was, het egter 'n herinnering dat hulle wel uitgeskuif is deur die ander en met versigtige verdraagsaamheid t.o.v. hul geloof behandel is.²⁶⁶ Kerklik het Skanskop by Keimoes ingeskakel. Vir nagmaal en geleentheidsdienste is daar steeds na Keimoes gegaan.²⁶⁷ Skanskopeiland is in 1938 as 'n nuwe wyk verklaar van die NGK-gemeente van Keimoes en is verteenwoordig op die kerkraad deur twee nedersetters.²⁶⁸

Na verloop van tyd is dienste in Neilersdrif in 'n sinksaal gehou, waar Keimoes se predikant, ds. J.C.G. Burger, eenmaal 'n maand 'n diens gehou het vir Neilersdrif, Rooikop- en Brakboseiland,

²⁶³ E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013.

²⁶⁴ W. Visser, Persoonlike fotoversameling, Midstream, Centurion.

²⁶⁵ *Hoërskool Keimoes Gedenkblad...*, p. 19.

²⁶⁶ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/09/2013.

²⁶⁷ E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/09/2013.

²⁶⁸ Nederduits Gereformeerde Kerk, Keimoes gemeente, notule, 11/02/1938.

Skanskop- en Smitseiland wat onder Keimoes se gemeente geval het.²⁶⁹ Verder is daar wyksdienste en katkisasie gehou by verskeie huise op die eiland.



Figuur 6.36: F.A.W. du Plessis.²⁷⁰

Later is die kerkdienste ook in die eiland aan huis van F.A.W. du Plessis gehou, waar behalwe kerkdienste, katkisasie plaasgevind het en kinders gedoop is. Hieroor skryf Basson die volgende:

Sy huis was op 'n rotsblok en lank voordat ek geweet het dat hy werklik in sy lewe 'n goeie man was, het ek hom in my kindergemoed as 'n Christen uitgesonder, want was sy huis dan nie op 'n rots gebou nie?²⁷¹

In 1949 het Skanskop, tesame met die omliggende eilande suid van die hoofstroom, Neilersdrif, Rooikop, Brakbos, Koms en Koekoeb afgestig as Neilersdrif-gemeente. Verskeie nedersetters is ook verkies as kerkraadslede.²⁷²

Baie van die jeug het aan die *Strewers*, 'n Christelike organisasie soortgelyk aan die hedendaagse *Afrikaanse Christelike Studentevereniging (ACSV)* behoort. Hulle het gereeld Bybelstudies gehou en dikwels saam met ander jongmense piekniek in die veld gehou.²⁷³

²⁶⁹ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 10.

²⁷⁰ C.P. du Plessis, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

²⁷¹ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 10.

²⁷² Nederduits Gereformeerde Kerk, gemeente Neilersdrif, notule, 09/12/1949.

²⁷³ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/09/2013.



Figuur 6.37: Eerste kerkgebou wat ook as saal gedien het van die nuwe NGK Neilersdrif gemeente.²⁷⁴

6.9.5 Siektes, geboortes, sterftes en volksgeneeskunde

Dokters was skaars in die omgewing. Geneeshere was op Upington en Kakamas beskikbaar en het 'n wyd-uitgestrekte gebied bedien. Dr. J. du Toit van Kakamas het as die distriksgeneesheer een maal per maand pasiënte in Neilersdrif gesien. Vir ernstige gevalle het Du Toit uitgery na Skanskopeiland, maar anders moes die pasiënt op eie stoom na Kakamas of Upington gaan vir behandeling. Die noodsaaklike taak as tandarts, is deur 'n O. Schwaner wat sonder enige opleiding daarin was, verrig. In 1943 het Keimoes uiteindelik 'n eie dokter gekry. Dr. Visser (voorletters onbekend) het spreekkamers gehad waar die landdroskantoor vandag staan.²⁷⁵

In 1945 het 'n privaathospitaal, die Cartertonse Verpleeginrigting, onder die bestuur van dr. D. Carter en sy vader, waar pasiënte behandel is, in Keimoes geopen. Die hospitaal was langs die huidige laerskool geleë.²⁷⁶

Geboortes in Skanskopeiland is meestal deur M.E. (Lenie) Louw, die plaaslike vroedvrou, asook verpleegster Booysen hanteer, alhoewel sommige vroue vroegtydig dorp toe vertrek het sodat die bevalling deur die plaaslike dokter hanteer kon word.²⁷⁷ Van die herinneringe dui daarop dat moeders na geboorte ten minste tien dae gelê het, terwyl ander respondente bevestig het dat hul moeders na die geboorteproses natuurlik voortgegaan het met hul daaglikse take.²⁷⁸

²⁷⁴ C.G. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

²⁷⁵ M. de Beer, Keimoes en omgewing..., p. 6.

²⁷⁶ M. de Beer, Keimoes en omgewing..., p. 178.

²⁷⁷ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 7.

²⁷⁸ CGVPA, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/09/2013; H. Grebe, mondelinge mededeling, 20/02/2014.

Soos enige klein samelewing, was daar in Skanskopeiland ook vroue wat goeie kennis gehad het van die werking van kruiemedisynen en boererate. Louw was byvoorbeeld alombekend vir haar slag met dié medisyne, soos Basson bevestig:

Tant Lenie Louw het ons almal toentertyd met rooi lanventel [sic], wit dulsies [sic], groenamara en wonderkroon gedokter.²⁷⁹

Coetzee argumenteer dat volksgeneeskunde, waar meestal van kruienkennis en -medikasie, asook boererate gebruik gemaak is om algemene siektes mee te behandel, uit die oorlewingsdrang gebore is. Dié kultuur van kruiemedikasie en boererate is met mondelinge tradisie oorgedra van moeder na dogter. Hy is van mening dat die rondtrekkende boerebevolking vroeër self die verpleging van siekes moes waarneem en dat hulle daardeur ervaring en 'n taamlike uitgebreide kennis van siektes en geneesmiddels opgedoen het.²⁸⁰

Siektes is deur die huisvrou uit 'n huisapteek en met boererate gedokter. Coetzee meld dat die medisynetrommel met die egte Hollandse medisyne, gewoonlik 'n eenvoudige beskrywing van die verskillende siektes en die gebruik van die medisyne gehad het. Daardeur het die vrou heelwat kennis van algemene kwale en die behandeling daarvan opgedoen.

Die huisapteek het bestaan uit twee tipes geneesmiddels; eerstens vir inwendige gebruik, soos wit dulsies, bruin en rooi dulsies, rooi laventel, groen amara, lewensessens, haarlemensis, en dies meer. Een groot lepel vol was 'n standaarddosering vir enige kwaal. Die tweede tipe was smeergoed vir hoofsaaklik uitwendige gebruik, alhoewel sommige ook inwendig gebruik is. Dit het onder meer kasterolie, lynolie, terpentyn bevat wat met byewas gemeng is vir 'n smeermiddel.²⁸¹ Boegoebrandewyn is as 'n kleinood beskou in elke huisapteek en is slegs as noodmaatreël teen erge pyn aangewend. Volgens Coetzee was boegoe se medisinalen waarde goed bekend onder die inheemse bevolking.²⁸² Grobbelaar meen egter dat die "Hollandse medisyne" eintlik Duits-Halliese medisyne was wat in die trommeltjies verpak is by 'n weeshuis in Halle, tesame met 'n instruksieboekie vir die gebruik daarvan. Voorts was Lennon se

²⁷⁹ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 7.

²⁸⁰ A. Coetzee, *Ons Volkslewe, Volkskundige opstelle*, pp. 95, 105 – 106.

²⁸¹ A. Coetzee, *Ons Volkslewe...*, pp. 127 - 129. [A. Coetzee haal die Voortrekker L.C. de Klerk aan wat die huisapteek beskryf as medisyne opgemaak in flessies, wat mens afsonderlik koop, of in blikkies, soos kamfer, haarlemmerolie, seneblare, boegoe en ander.]

²⁸² A. Coetzee, *Ons Volkslewe...*, p. 125.

medisynetrommel net so bekend en toegerus met talle medisynebotteltjies waarmee die huisvrou bykans enige kwaal kon dokter.²⁸³

Vroeë resepteboeke soos die van E.J. Dykman, *Die Suid-Afrikaanse Kook-, Koek- en Resepteboek*, uitgegee in 1890, het 'n byvoegsel gehad waar verskeie middels, rate en tuisbehandelings teen siektes uiteengesit is. Die boek het sewentien drukke beleef.²⁸⁴ Op dié wyse is eerstehulpkennis van die huisapteek en kruie bekend gestel aan 'n groter omgewing.

Omdat dokters nie altyd onmiddellik beskikbaar was nie, was die huisvrou in Skanskopeiland dikwels op eie hulp en ervaring aangewese vir eerstehulp en moes sy terugval op die middels en kennis tot haar beskikking. Skerpioensteek is byvoorbeeld behandel deur die liggaamsdeel soos 'n voet, enkel of hand wat gestek is, in suiwer paraffien te dompel.²⁸⁵ By gebrek aan paraffien, is daar teruggeval op die boereraat om 'n kruie-vomeermiddel te brou, waarmee die gif uit die gestel gedwing is. Basson beskryf die behandeling wat toegepas is vir 'n skerpioenbyt as volg:

Sabiena en ek moes hardloop om melkbos te gaan pluk. Dié is toe soos 'n tee getrek en Mammie moes om die beurt melkboswater en warm asyn drink wat haar vreeslik baie laat vomeer het, ten einde die gif uit haar gestel te kry.²⁸⁶

Wildeals en wynruit was medisinale kruie wat getroetel is in die kombuistuin. Dit is vir talle maagkwale aangewend. Onkruid het ook sy plek in die toepassing van noodhulp gehad. Die pioniers het 'n sterk geloof in die geneeskrag van die Jan-twakbos gehad. Een onfeilbare raat teen pyn, veral gewrigspyne of hoofpyn, was om die blare van die struik as pleister aan te wend. Olie soos kasterolie of soetolie is op die blare gesmeer, waarna die blare op die aangetaste deel geplaas is. Die blarepleister is daarna met 'n lapverband vasgedraai. Die proses is deur die loop van die dag met vars blare herhaal. Daarbenewens was 'n kopkrans van Jan-twaktakke, vanweë die sterk reuk van die blare, gevleg, wat 'n uitstekende muggie- of muskietweerder was. Die raat word vandag steeds deur die inheemse bevolking op die eiland

²⁸³ P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Boerewysheid, Deel 6*, pp. 126 - 127.

²⁸⁴ A. Coetzee, *Ons Volkslewe...*, p. 98.

²⁸⁵ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

²⁸⁶ H.S.B. Basson, *Skanskop...*, p. 7.

en omgewing gevolg. Die pioniers het die blare ook aangewend as 'n raat teen mastitis by melkkoeie.²⁸⁷

Nog 'n onkruid wat vir medisinale doeleindes aangewend is, is die sade van die olieboom (*Datura stramonium*). Die onkruidsaad se pitte is gestroop en met dop en al in die warm as gegooi. Daarna is die doppe afgevryf en die kerne fyn gemaal. Die olierige pasta is as smeermiddel vir wonde en skurwe plekke gebruik, veral op die kop, maar was veral suksesvol teen kopluis, omdat die olie die nete doodgemaak het. Grebe vertel voorts dat haar moeder die olie uit die sade gemeng is met paraffien om 'n smeersalf te maak en uitstekend was om gebarste hakke mee te dokter.²⁸⁸

Seer oë en luis was 'n algemene probleem onder kinders. Daar moet in ag geneem word dat besmetting waarskynlik onder die skoolkinders plaasgevind het en oorgedra is na die gemeenskap.

Maagkoors het in die veertigerjare toegeslaan in Skanskopeiland. Gevalle van maagkoors is ook in omliggende besproeiingsgebiede aangeteken.²⁸⁹ Die voorkoms van die siekte strook met die uitsonderlike aandag wat in 1940 -1941 aan sanitasie gegee is. 'n Raat teen die gevreesde maagkoors het as volg gelui:

1 kopie [sic] kookwater, 1 teelepel Kramfater [sic], 1 teelepel Rooi poeier, 1 teelepel Hafmansdrupels [sic], 1 Witdulsies, 1 teelepel Rooi laventel, 1 de Serd [sic] lepel suiker.²⁹⁰

Spesifieke sterfgevalle en datums van die siekte se voorkoms kon nie opgespoor word nie. Slegs foto's van gevalle wat mondelinge getuienis van maagkoorsgevalle bevestig het, gee 'n aanduiding van die siekte. Die Departement van Gesondheid in Kimberley, waar die rekords van sterfgevalle gehou word, kon geen inligting hieroor verskaf nie, aangesien die rekords na tien

²⁸⁷ M. Green, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 19/02/2014; H. Grebe, mondelinge mededeling, 20/02/2014.

²⁸⁸ H. Grebe, mondelinge mededeling, 20/02/2014.

²⁸⁹ J.A. Pool, mondelinge mededeling, 15/06/2013.

²⁹⁰ NJVPA, dokument in besit van N.J. Visser.

jaar vernietig word.²⁹¹ Ander bronne wat geraadpleeg is, het aangedui dat inligting oor sterfgevalle geklassifiseerde inligting is en nie vrygestel word aan die publiek nie.²⁹²

Alkoholisme was ten spyte van die armoede 'n probleem in sommige huisgesinne. Mondelinge getuienis het sommige nedersetters uitgesonder wat ernstig met die probleem geworstel het.²⁹³ Sommige van die gevalle word in die skedulelys van die aansoekers bevestig.²⁹⁴

Geboortes en sterftes is deel van die mens se lewensloop. Die begraafplaas op Skanskopeiland was daarom 'n noodsaaklikheid en is slegs vir die inwoners van Skanskopeiland beskikbaar gestel. Die nedersetters het gereeld die verlies van hul geliefdes ervaar.

Kinders en suigeling het soms onder tragiese omstandighede gesterf soos verdrinkings in die kanaal, ongelukke en onbehandelde siektetoestande.²⁹⁵ Dié sterfgevalle is meestal in Skanskopeiland se begraafplaas te ruste gelê.²⁹⁶



Figuur 6.38: Sterfgevalle onder babas en kleuters was nie ongewoon nie.²⁹⁷

Afgestorwe nedersetters is meestal in die kerkhof van die eiland begrawe, want die eiland was waar hulle 'n tuiste gevind het. So byvoorbeeld was Visser die eerste pioniernedersetter wat op

²⁹¹ P. Ncumisa Ndlovu, Northern Cape Department of Health, Information Management Unit, Kimberley [Gekontak 03/07/2013].

²⁹² E. Brits, gesondheids- en wetenskapsjoernalis van Media24, mondelinge mededeling, 19/06/2013.

²⁹³ CGVPA, J.J.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010.

²⁹⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedule, Applikasies vir 64 erwe op Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, 27/10/1937, p. 1 - 17.

²⁹⁵ K. Skinner, Persoonlike geskrifte, per e-pos aan outeur verskaf, 05/03/2013; J.A. Pool, Persoonlike geskrifte, 15/07/2013.

²⁹⁶ Inligting verkry uit Skanskopeiland-begraafplaas.

²⁹⁷ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

die eiland gesterf het, slegs 8 jaar na die aanvang van die nedersetting. Sy weduwee het verkies om hom in Skanskopeiland te begrawe, omdat sy Skanskopeiland as haar tuiste beskou het.²⁹⁸ Begrafnisse is deur die hele gemeenskap beleef. Almal was bekend met mekaar en het die gesinslede van die afgestorwene met raad en vriendskap bygestaan.²⁹⁹

Die kerkhof is deur die bestuursraad versorg as deel van die onderhoudspligte op die eiland en toegekamp om diere uit te hou wat die grafte vertrap het.³⁰⁰ L.J. Booysen is as die opsigter van die kerkhof aangestel. Vir dié diens het hy £3 per maand ontvang as salaris en hy is £1 per graf betaal. Sy pligstaat het die maak van graftes of toesig tydens die opmaak van graftes, die versorging van die terrein en die natlei van die bome ingesluit.³⁰¹ Die kerkhof word steeds deur die bestuursraad van die nedersetting in stand gehou.



Figuur 6.39: Die begraafplaas op Skanskopeiland.³⁰²



Figuur 6.40: 'n Gesin rondom die graf van 'n geliefde.³⁰³

²⁹⁸ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/07/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

²⁹⁹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 05/12/1950; SNBA, brief, J.J. Maritz - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 02/03/1951; SNBA, brief, H.F.G. Truter prokureur namens B.M.N. Steyn - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, verwysingsnr. HT/RB, 23/01/1952; SNBA, brief, F.S. Louw - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 17/04/1954; SNBA, brief, C.R. Liebenberg - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 15/10/1955; SNBA, briewe, I.J.G. Greef - Sekretaris, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 07/01/1951; 08/12/1951; 04/07/1952; 09/10/1953; 13/11/1953; 29/10/1954; 01/11/1956; 20/12/1956; 05/11/1958; 14/11/1958.

³⁰⁰ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad notuleboek, 25/05/1950.

³⁰¹ SNBA, Skanskopeiland Nedersettingbestuursraadnotules, 25/05/1950.

³⁰² C.N. Erasmus, Persoonlike fotoversameling, Upington.

³⁰³ E.W. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

6.10 *Gemeenskapsbetrokkenheid en sosialisering*

Die meeste nedersetters het baie empatie met mekaar gehad. Ten spyte van karige lewensmiddels was 'n gees van mededeelsaamheid kenmerkend onder die nedersetters wat met mekaar gesosialiseer het.

Armoede was die gemeenskaplike faktor en 'n gelykmaker in die samelewing binne Skanskopeiland. Daar is wel opgesien na meerderes, soos blyk uit die feit dat daar uit die nedersetters leiers na vore gekom het. Vriendskappe is op gemeenskaplike waardes geskoei. Sondagmiddae, na rustyd, het bure en vriende by mekaar gaan kuier.³⁰⁴

Na mondelinge oorlewering was daar wel 'n sosiale verdeling tussen die inwoners van die boonste deel van die eiland en dié van die onderste deel. Daar het ook 'n tipiese klasseverdeling tussen die grondbesitters en dié sonder grond ontstaan.³⁰⁵

Die gemeenskap het in relatiewe vrede onder mekaar gewoon en gewerk. Daar was wel uitsonderings waar kwaai-vriendskap sosialisering negatief beïnvloed het. Meermale het rusies oor waterleibeurte gehandel, soos in hoofstuk 4 aangedui.³⁰⁶

Ferreira meen dat kultuurgeskiedskrywing skeppende en/of herskeppende arbeid is waardeur die verlede-waarheid (soos dit werklik was) in historiese waarheid (soos die kultuurhistorikus dit gerekonstrueer het) omgeskep word.³⁰⁷

6.11 *Die vrou, steunpilaar en onbetwiste versorger*

Die pionievrou en moeder van Skanskopeiland verdien vermelding vir die ondersteunende rol wat sy gespeel het in die aanvangsjare. Nie net het sy haar man bygestaan nie, maar was haar optrede bepalend vir die behoud van die gesin. Die plek wat die moeder in die huisgesin ingeneem het, het onmiskenbaar 'n groot invloed in die vorming van die meeste nasate se omgewingsbewussyn jeens Skanskop gehad.³⁰⁸

³⁰⁴ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 01/05/2010; A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013.

³⁰⁵ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 01/05/2010; CGVPA, J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010.

³⁰⁶ Sien hoofstuk 4, afdeling 4.5, pp. 187-192.

³⁰⁷ O.J.O. Ferreira, "Taak van die...", p. 100.

³⁰⁸ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4.

Die tipiese Skanskopeiland-vrou moes haar weg vind binne 'n patriargale samelewing. Die versorging van die gesinne het op die skouers van die vroue gerus. Grobbelaar argumenteer dat die tipiese pioniersvrou deur die jare die hoeksteen van huislike lewe was en die belangrike taak gehad het om die huisgesin tot 'n hegte eenheid te smee, ten spyte van verswarende sosio-ekonomiese omstandighede.³⁰⁹ Sonder haar kon die pioniernedersetters nie die baanbrekerspad loop en die ontberinge die hoof bied nie. As sy kameraad, raadgever en vertroueling het sy 'n groot invloed op die man uitgeoefen.

Dié argumente is steeds geldig vir die pioniernedersetters van Skanskopeiland se vrou. Alhoewel sy die man se gesagsposisie as hoof van die huis aanvaar het, was die grootste persentasie vroue hul mans se gelyke. Juis as gevolg van die gesamentlike ontberinge van die armoedige beginjare, het haar bydrae nie minder gewig gedra as dié van haar man wat fisiese arbeid ten opsigte van die skep van die infrastruktuur gelewer het nie.



Figuur 6.41: Links: Baba Pool, eggenote van C.F. Pool.³¹⁰

Figuur 6.42: Regs: Dinie Myburg, eggenote van J.P. Myburgh.³¹¹

Haar volgehoue ondersteuning het die ontbering van die vestigingsproses draaglik gemaak. Sy was die aanmoediger, die versorger, die trooster, wat selfopofferend gearbei het op die erwe saam met haar man, indien dit nodig was.³¹²

Die pioniersvrou het eienskappe soortgelyk as die van die volksmoeder-ideaal getoon. Afrikanerhistorici het die benaming "volksmoeder" geskep om na die self-opofferende optrede

³⁰⁹ P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Deel 1...*, p. 156.

³¹⁰ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes

³¹¹ J.P. van Wyk, Persoonlike fotoversameling, Vanderbijlpark.

³¹² E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013.

van vroue tydens die Anglo-Boere-oorlog te verwys en die rol van die vrou verromantiseer.³¹³
Blignaut beskryf die eienskappe wat aan die sogenaamde volksmoeder toegedig is, as volg:

Die 'social stock of knowledge' oor die *volksmoeder*, en daarmee saam die 'standaard' of 'ideaal' waaraan Afrikanervroue se optrede in die samelewing van die eerste helfte van die twintigste eeu gemeet is, het onder andere ingesluit 'n sterk sin vir godsdiens, bravade, 'n sin vir onafhanklikheid en vryheid, die gees van selfopoffering, self-onderhoud, 'huismoederlikheid', woekering met talente, integriteit, reinheid en die daarstel van 'n voorbeeld vir ander.³¹⁴

Hy is van mening dat die argetipe volksmoeder geskep is deur onder meer die gewoontes, gedeelde interpretasies, roetines, sosiale prosesse, verdeling van arbeid en die verstaan van geslagtelike verskil deur die samelewing.³¹⁵

Die onderstaande gedig van die rubriekskrywer “Boerbok”, gerig aan “Nig Marta” soos gepubliseer in Landbouweekblad van 1919 en aangehaal deur Moolman, onderskryf die tydgenootlike openbare mening oor die plek van die Afrikanervrou in die samelewing, nl. die van tuisteskepper:

Die liewe Marta van ons blad
Ag foei tog, waar 'n vrou aan vat
Daar voel jij al te gou
Dat hier 'n man onhandig is,
En dat hij seker en gewis
Net alles sal verbrou.

En daarom kom hul ekspert nou
En leer aan elke nooi of vrouw
Hoe sij die bees moet voed.
Hoe sij met vrouwepolitiek,

³¹³ L. Maritz, “‘KODESA, Is dit die nuwe kopseerpil?’ ’n Ondersoek na die Afrikanervrou se politieke ingesteldheid in die 20ste eeu”, *Litnet Akademies: 'n Joernaal vir die Geesteswetenskappe*, vol. 9, nr. 1, 2012, p. 236; C. Blignaut, *Volksmoeders in die kollig: 'n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954*, (ongepub. M.A.-verhandeling, Noordwes-Universiteit, 2012), p. 53.

³¹⁴ C. Blignaut, *Volksmoeders in die kollig...*, p. 62.

³¹⁵ P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Deel I...*, p. 156.

Die huis hanteer, aandraai die briek
As dit afdraande moet.³¹⁶

Volgens Grobbelaar is die tradisionele Afrikanermoeder se gesagstruktuur van vroeg af geskoei op eerbied en liefde.³¹⁷ Die tipiese pioniersvrou op Skanskopeiland het haar huishouding met gesag en bekwaamheid bestuur en die huishoudelike domein, waarbinne die familie versorg is, volgens 'n streng roetine beheer. Nie net was die moeder ook vir die dogters se vaardigheid ten opsigte van die huishouding verantwoordelik nie, maar was sy ook 'n emosionele beskutting vir haar kinders. Sy het haar kinders binne 'n geborge familiekring grootgemaak.³¹⁸ In sommige huisgesinne was die maatskaplike omstandighede baie swak. Tog is die liefdevolle versorging van die moeder telkens benadruk.³¹⁹



Figuur 6.43: Annie Steyn en eggenoot B.M.N. Steyn.³²⁰

Min kinders het die werklike omvang van die armoede besef. Eers toe hulle veel ouer was, het hulle besef dat dit juis die moeder was wat, ten spyte van die armoede, met haar volgehoue diensbaarheid en liefdevolle versorging van die gesin, 'n gebalanseerde vormingstydperk geskep het waarbinne hulle kon opgroei. M.C.B. Smit bevestig die stelling:

My ouers het nooit daarvan gepraat dat ons arm was nie. My maters het nie juis veel meer of minder as ons gehad nie – so ons het nie armer as hulle gevoel nie.³²¹

Die grootste meerderheid van die vroue was voorts bekwame sieketroosters en opvoeders van hul kinders, asook bedrewe tuisteskeppers. Waar die man die broodwinner en voorsiener was,

³¹⁶ A.M. Moolman, *Landbouydskrifte as kultuurhistoriese...*, pp. 22 - 23.

³¹⁷ P.W. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy kultuur, Deel I...*, p. 157.

³¹⁸ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4.

³¹⁹ SAB,VWN, verwysingsnr: W.1063, verslag van vakkundige beampte, 04/10/1958.

³²⁰ J.A. Pool, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

³²¹ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

was hulle die onbetwiste versorgers van hulle gesinne. Haar huishouding het sy met vernuftige bekwaamheid bestuur en uit die minste die meeste geskep. Byna elke vrou kon klere maak, veral manskler. Sommige was begaafde naaldwerksters en bekend vir hul besondere vaardigheid met die naald, veral met geleentheidsdrag soos trourokke.³²²



Figuur 6.44: Chrissie Louw, eggenote van P.A.H.M. Louw.³²³



Figuur 6.45: Dys Smit, eggenote van J.J.C. Smit.³²⁴



Figuur 6.46: Links: Kittie Visser, eggenote van N.J. Visser.³²⁵

Die vroue was geestelik baie sterk, aards gebrei, gelowig geskoei, emosioneel taai. Hulle moes binne moeilike maatskaplike en finansiële omstandighede die gesin voed, klee en versorg. Die vroue was meestal meer bekwaam met lees en skryf as hul mans.³²⁶ As anker en steunpilaar van die huisgesin, het die vroue nie net stabiliteit in die huis gebring nie, maar was sy die planmaker wat haar volle deel in die produksieproses gebring het.³²⁷ Die pluk van katoen, oes van mielies, of selfs boontjies rol, was deel van die seisoengerigte boerderytake van die vrou.³²⁸

³²² A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, 22/06/2013; B. Strydom, Persoonlike geskrifte, 06/07/2013.

³²³ E.S. Louw, Persoonlike fotoversameling, Keimoes.

³²⁴ Skanskopeiland, 1938 - 1998, p. 10.

³²⁵ Skanskopeiland, 1938 - 1998, p. 11.

³²⁶ M.C.B. Smit, mondelinge mededeling, 25/06/2014.

³²⁷ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4; B. Strydom, Persoonlike geskrifte, 06/07/2013; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

³²⁸ J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

Bevestigde gevalle is opgeteken van vroue wat gehelp het met toulei tydens sleepwerk en grondvoorbereiding.³²⁹

Sonder die vroue sou die mans die ontbering en fisiese arbeid moeilik kon hanteer.³³⁰ Die grootste persentasie vroue was geestelik sterker as die mans en het sy aan sy met die mans gewerk om sukses te verseker. Kenmerkend van die gemiddelde nedersettersvrou was haar sonderlinge moed en ongekeende uithouvermoë, asook 'n buigbare aanpasbaarheid by wisselende omstandighede.³³¹ Hanekom bring hulde aan haar moeder wat onder moeilike omstandighede die gesin bymekaar gehou het. Sy bevestig dat sonder hul moeder daar nie sprake van 'n hegte huisgesin sou wees nie.³³² Vroue wat hulle mans vroeg in hul lewe verloor het, het dikwels volgehou met die boerderypraktyk, ten spyte van droogtes en watertekort.³³³

Onderhoude, asook inligting uit die vraelyste bekom, getuig nie net van die sterk karaktertrekke van die vroue, hulle liefdevolle en saggeaarde geaardheid nie, maar ook dat sommige van hulle moeilike vroue was, dikwels ongeduldig, maar onverbete in die stryd om te bestaan.³³⁴

Strydom merk die volgende op oor die vrou van die Kanoneiland-pioniernedersetter:

[S]y wat soms self agter daardie sewe-agt voet-skraper [sic] stap of die osse of die donkies met die sweep drywe, sy is sy moed en inspirasie.³³⁵

M.C.B. Smit gee sy mening omtrent die vroue uit sy kinderjare:

As ek nou terugdink aan die ooms wat ek kleintyd geken het, onthou ek veral gebeure en sêgoed waaroor mens nou kan lag. Hulle was deur die bank

³²⁹ CGVPA, J.D.S. Barnard, onderhoud nr. C_06, Kakamas, 01/06/2010; P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; E.S. Louw, onderhoud nr. D_06, Keimoes, 01/07/2013; E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.A. Pool, Persoonlike geskrifte, 15/07/2013.

³³⁰ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/09/2013; M.C.B. Smit, mondelinge mededeling, 25/06/2014.

³³¹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4.

³³² B. Hanekom, mondelinge mededeling, Elim-eiland, Friersdale, 25/08/2014.

³³³ N.J. Visser, Persoonlike geskrifte, per e-pos aan outeur verskaf, 28/06/2013; M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/09/2013.

³³⁴ M. van Sittert, Persoonlike geskrifte, in besit van outeur, 07/07/2013.

³³⁵ J.J. Strydom, *Kanoneiland*, p. 46.

hardkoppig, meestal dwars, soms selfs roekeloos – elkeen ’n karakter op sy eie.

Maar die tannies was anders; hulle was buite sag, maar binne ondenkbaar taai.³³⁶

Die vroue moes dikwels in die swaar jare hul man letterlik staan, wanneer mans buite die boerdery gaan werk het, om ekstra te kon verdien. Die plaaswerk is dan aan die vroue oorgelaat.³³⁷ Die geestelike waardes is dikwels deur die vrou aan die kinders oorgedra.³³⁸ Die volgende aanmerking gee ’n aanduiding van die diep emosionele gevoel wat die moeder se sorgsaamheid na verloop van baie jare ontlok het:

‘Dankie, Ma, vir dit wat jy vir my geleer het, bygestaan het en my gedetermineerd gemaak het om die hoogste sport te bereik.’ Al het ons swaar groot geword en daar soms nie iets was om te eet nie, het my ma altyd ’n plan gemaak.³³⁹

Die teenpool is ook waar: Sommige vroue was nie in staat om die harde pionierslewe te trotseer nie, omdat hulle nie emosioneel toegerus was vir die ontberings van die pionierslewe nie. Hulle het veel eerder in die dorp gebly en die mans het daaglik na Skanskopeiland gegaan om die werk te verrig.³⁴⁰ Die harde pionierslewe was ’n uiterste toets vir karakter en innerlike krag. Mondelinge mededeling lewer voorts getuigenis van vroue wat na kindergeboorte in ’n toestand van depressie verval het en nooit daarvan herstel het nie. Die huislike omstandighede van sulke gesinne het veel te wense oorgelaat.³⁴¹ Voorts was daar ’n klein persentasie van die vroue wat nooit uitgestyg het bo die armoede nie, maar eerder dieper verval het in ’n moeras van armoedige bestaan, wat ’n aanvaarbare leefwyse geword het. Die tipe leefwyse is na die daaropvolgende generasies oorgedra.³⁴²

Vroulikheid is hoog op prys gestel. Dikwels het die vroue meelsakke in seepsoda uitgekook, totdat dit spierwit was. Daarvan is lakengoed, kombuisvadoeke en pragtige damesonderklere

³³⁶ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

³³⁷ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 01/05/2010; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; Inligting verkry uit ontleding van vraelyste.

³³⁸ C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...,” respons op vraag D2 - D4.

³³⁹ C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...,” respons op vraag D2 - D4.

³⁴⁰ E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 01/05/2010.

³⁴¹ CGVPA, W.F. Hanzen, onderhoud nr. C_01, Skanskopeiland, 07/03/2010.

³⁴² C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...,” respons op vraag D2 - D4; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, 27/09/2013.

gemaak.³⁴³ Voorts was die kappie, wat die vroue gedra het om hulle vel teen die fel son te beskerm, 'n simbool van hul vroulikheid. Ten spyte van die daaglikse stryd om in die harde ongenaakbare wêreld 'n bestaan te maak, was dit noodsaaklik om steeds versorg te wees.³⁴⁴

Die gemeenskap van Skanskopeiland het voorts 'n paar uitsonderlike vroue opgelewer wat nie as die tipiese volksmoeder beskou kon word nie, maar eerder 'n kombinasie van die volksmoeder en beroepsvrou. Hulle het op 'n waardige wyse hul beroepe uitgeleef en diensbaar opgetree in die samelewing. Hulle was belese en besonder intelligent en het respek afgedwing deur hul persoonlikheid en teenwoordigheid. Een van dié vroue was H.J. Booysen, bekend as 'Nurse' Booysen, eggenote van nedersetter L.J. Booysen. Sy het haar beroep as 'n verpleegster op 'n waardige diensbare wyse uitgeleef. Smit se herinnering van Booysen spreek boekdele:

Kyk na tannie Booysen as voorbeeld. Ek weet nou nog nie wat haar regte naam was nie, sy was "Nurse Booysen" en klaar. Geen "tannie" vir haar nie. Sy was met oom Lourens Booysen getroud en het die gemeenskap as vroedvrou gedien. Hulle het eers in 'n driekamerhuisie op hul erf onder in die Eiland gewoon tot hulle later 'n groter een hoër op kon bou; een met 'n kamer wat vir kraamgevalle ingerig is. Hier is alle babas van Skanskop en plekke rondom gebore. En hier is ma en baba deur Nurse Booysen vir volle tien dae versorg. Die mense het altyd genoem dat die ma tien dae na die geboorte "gelê" het. Ek wonder vandag nog of sy regtig die hele tyd in die bed moes bly, en of dit nie maar 'n geleentheid was om liggaamlik en geestelik te herstel nie. En met die tien dae was die saak nie afgehandel nie; daar was nog die nasorg en ook allerhande ander siekes waar sy moes bystaan. Stel jou voor: dis Januarie en dis warm. Daar stap Nurse Booysen met haar gestyfde wit uniform, kouse en swart skoene in die eiland se stofpad om te gaan help. Sy dra haar tassie en die gestyfde wit kap wat tot op haar skouers hang, my rolmodel vir 'n professionele persoon. Sover ek weet het sy nooit 'n salaris van die staat ontvang nie. Toe ek eendag vir Pa vra waarom sy dit doen, was sy

³⁴³ CGVPA, E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 22/05/2010.

³⁴⁴ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", respons op vraag D2 - D4; E.W. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 01/05/2010.

antwoord: 'Omdat sy Nurse Booysen is.' Die hartseer is dat sy nooit 'n kind van haar eie gebaar het nie.³⁴⁵

Nog 'n voorbeeld van 'n vrou wat nie binne die tipiese begrensing van die volksmoeder geval het nie, was Alice Siepker, E.H.J. Siepker se vrou,. As 'n onderwyseres by die plaaslike laerskool in Neilersdrif, was haar bydrae tot die kinders se opvoeding, binne en buite die skool, legendaries. Sy was voorts tot 1949, met die heengaan van haar eggenoot, die sekretaresse van die bestuursraad en het die gereelde kennisgewings van vergaderings meermale te perd afgelewer. Haar persoonlikheid het gesag afgedwing en respek vereis,³⁴⁶ soos M.C.B. Smit vertel:

Sy was oom Eugene Siepker se vrou. By die skool was sy 'Juffrou Siepker' en daarbuite is sy 'Ant Alice' genoem. Niemand sou haar as 'Tannie' aanspreek nie, en min mense het geweet waarom sy ons skoolrapporte 'E. S. Siepker' geteken het. Ons het by die stop voor haar huis op die skoolbus geklim, maar sy het nooit op 'n winteroggend saam met ons om die asbosvuur gestaan om warm te word nie, en ek het haar nooit uit haar huis sien afkom nie. Sy was maar net daar voor in die bus langs oom Flip van Schalkwyk. Een middag het my (ouer) broer Gert en Frans Visser mekaar daar in die pad agter die bus getakel. Dit was hoofsaaklik 'n stoeiery op die grond. As ek reg onthou, was Frans meestal bo en ons toeskouers het elkeen sy man vurig ondersteun. Ant Alice het niks gesê nie; net wyd om die twee liggame gestap. Maar haar lyftaal sien ek vandag nog: 'Meng jou met semels!'.³⁴⁷

Sy het aan kinders 'n eiwaarde en selfrespek gegee, deur hulle talente te prys. Nie net het sy die belangrikheid van opvoeding en geleerdheid vir haar eie en ander kinders beklemtoon nie, maar het sy ook aan kinders 'n eiwaarde gegee, deurdat sy by hulle tuisgebring het dat armoede geen skande is nie. Hulle is geleer dat alhoewel hulle arm was, onhigiëniese gewoontes, ongemanierlikheid en slordige voorkoms onverskoonbaar was.³⁴⁸ Sy het nooit 'n kind se selftrots aangetas nie, maar veel eerder die karakter versterk.³⁴⁹ Siepker se dogter bevestig dat haar moeder 'n uitsonderlike vrou was wat loopbaangerig en prakties was, maar

³⁴⁵ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

³⁴⁶ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

³⁴⁷ E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013; M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

³⁴⁸ E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013.

³⁴⁹ E.C.C. Smit, onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013.

haarself as gelykwaardig met haar man beskou het. Sy was vir daardie tyd 'n geleerde vrou wat oor 'n onderwysdiploma beskik het.



Figuur 6.47: Alice Siepker, eggenote van E.H.J. Siepker.³⁵⁰

Deur haar volgehoue arbeid op die landerye en deelnemende rol in die bestuursraad, het sy 'n buitengewone sterk persoonlike identiteit ontwikkel en haarself as die gelyke van die mans, saam met wie sy gewerk het, beskou. Sy was 'n diensbare gemeenskapswerker wat veel eerder op die voorpunt van kerklike organisasies en die skool gearbei het, as wat sy in die kombuis wou staan. Siepker onthou dat haar moeder dikwels 'n leidende rol in die bestuur van die eiland gespeel het, aangesien sy sterker gefigureer het as haar vader, wat die voorsitter was. Haar moeder was 'n intelligente vrou, maar was nie sosiaal vaardig nie.³⁵¹ Alice Siepker het derhalwe haar verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap en ander aspirasies vergestalt binne die instansies waar sy leiding geneem het.

Smit bevestig die geestelike krag van die vroue:

Dis my oortuiging dat Skanskop sy pad geloop het omdat die tannies die innerlike krag gehad het.³⁵²

Die pioniersvroue se bydrae tot die vestiging en ontwikkeling van die eiland was derhalwe nie net in geestelike en stoflike versorging gesetel nie, maar ook in die sterk innerlike krag en verantwoordelikeheidsin wat die grootste persentasie van hierdie vroue uitgestraal het.

³⁵⁰ *Skanskopeiland, 1938 - 1998*, p. 9.

³⁵¹ E.M. Siepker, mondelinge mededeling, 24/02/2014.

³⁵² M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

HOOFSTUK 7

Die volhoubaarheid van die besproeiingsnederstelling op Skanskopeiland en die uitwerking van die opheffing op die nasate van die pioniernedersetters

Ferreira meen dat die geloof dat ons iewers vandaan kom, nou verbonde is aan die geloof dat ons iewers heen onderweg is. Hy merk op dat die geskiedwetenskappe bewys het dat die verlede, hede en die toekoms onlosmaaklik aan mekaar verbind is.¹ Hierdie uitspraak is ook van toepassing op die pioniernedersetters, hul nasate en die volhoubare boerdery op Skanskopeiland.

In hierdie hoofstuk sal die volhoubaarheid van die nederstelling en die invloed wat die opheffingsinisiatief van die pioniernedersetters op die nasate gehad het, in twee afdelings bespreek word.

Die eerste afdeling van hierdie hoofstuk sal slegs kortliks na die huidige omstandighede en vooruitgang van Skanskopeiland verwys. Die stand van die boerdery, soos in 2014, word meer volledig in Bylae D bespreek. Die bespreking sluit onder meer die vordering van die landboupraktik op Skanskopeiland in; probleme waarmee boere steeds te kampe het; asook die bydrae wat Skanskopeiland tot die plaaslike ekonomie lewer, veral met betrekking tot die produksie van rosyntjies en wyn. Werkskepping is 'n wye studieveld wat nog ontgin kan word, daarom sal dit slegs kortliks genoem word.

Die tweede afdeling bevat die rapportering van die verwerking van die vraelys en die interpretasie van die bevindings.

7.1 Skanskopeiland: Van 'n nederige begin in 1937 tot 'n vooruitstrewende besproeiingsnederstelling

Die besproeiingsnederstelling op Skanskopeiland het sedert sy ontstaan gegroei van 'n nederige begin tot 'n gesogte besproeiingsgebied. Nie alleen is daar boere op die eiland wat gehalteprodukte produseer nie,² maar vind daar trouens voortdurende vooruitgang en modernisering

¹ O.J.O. Ferreira, "Taak van die...", p. 104.

² G.C. Kalp, Oranjerivierwinkelders (OWK) en Droëvrugte Tegnieëse Dienste (DTD) Wingerdkundige, Keimoes area, mondelinge mededeling, OWK, Keimoes, 06/01/2014; S. Strauss, Bestuurder, Tegnieëse Dienste, Red Sun Raisins, mondelinge mededeling, 20/05/2014.

van die boerderypraktyk plaas. Die erwe in Skanskopeiland behaal goeie pryse in vergelyking met besproeiingsgrond in die onmiddellike omgewing.³

Soos aangedui in hoofstuk 2,⁴ was die grond in Skanskopeiland gesog en het dit reeds vanaf 1879 goeie pryse behaal.⁵ In 1909 is die grond teen die rivier, wat Skanskopeiland ingesluit het, as van die vrugbaarste landbougrond in die Unie beskryf.⁶ Teen 1932 het Wellington die gehalte van die grond in die Benede-Oranjerivier aangeprys en aangedui dat die grond hoog in aanvraag was.⁷

Ofskoon die pioniernedersetters met die aanvang van Skanskopeiland in 1938 min of geen bates gehad het nie, het hulle water en vrugbare grond tot hul beskikking gehad, wat met behulp van doelgerigte mentorskap ontwikkel is.

Daar is hoofsaaklik wisselbougewasse soos koring, mielies, katoen, ertjies en boontjies, asook lusern verbou. Lusern het elke ses weke 'n broodnodige kontantomset gebring. Die grondkanale is mettertyd met sementkanale vervang en bewerkingsmetodes is geleidelik aangepas na gelang van modernisering van die landboupraktyk. Die boere is in hierdie tyd geteister met vloedwater, ryp- en haelskade. Periodieke droogtes waartydens die rivier opgedroog het, is opgevolg deur hewige vloede wat die droogtes gebreek het.⁸

Dié onseker situasie het met die bou van die damme in die sewentigerjare verander. Erlea *et al* is van mening dat die bou van die damme die rivier se standhoudende vloei gestabiliseer het.

These dams form the major storage reservoirs along the Orange River and are essential for the regulation of stream flow in the lower Orange River.⁹

Na die hewige vloed van 1974 wat Skanskopeiland oorstroom het, het heelwat ouer eienaars hul grond verkoop omdat hulle vanweë hul ouderdom nie die weg oopgesien het om die skade

³ R.S. Brink, prokureur, R.S. Brink en Genote, Keimoes, mondelinge mededeling, 12/05/2014.

⁴ Sien hoofstuk 2, afdeling 2.4.1, p. 40.

⁵ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 91.

⁶ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verslag, "Orange River Islands, Upington to Kakamas", F.E. Kanthack, 17/07/1909, p. 1.

⁷ J.H. Wellington, "Land Utilization in South Africa...", p. 224.

⁸ Sien hoofstuk 5, afdeling 5.2, pp. 199 - 206.

⁹ A. Erlea *et al.*, A preliminary basin profile..., p. 19.

aan die erwe te herstel nie.¹⁰ Grondwisseling het plaasgevind en 'n jonger generasie het hiermee 'n plek in die boerdery ingeneem, om met nuwe ywer aan die verdere ontwikkeling van die eiland te werk.

Die erwe is na die 1974-vloed stelselmatig gelyk gesleep en die trapstelsel¹¹ uitgefaseer. Mettertyd het meer moderne bewerkingsmetodes posgevat en die wisselbougewasse is geleidelik met wingerdaanplantings vervang. Vandag is daar slegs 'n klein gedeelte van Skanskopeiland wat steeds onder wisselbougewasse is.¹²

7.2 *Rapportering en interpretasie van die vraelys*

7.2.1 *Algemene inligting*

Soos reeds in hoofstuk 2 genoem,¹³ was die besproeiingsnederstelling op Skanskopeiland, wat in 1937 deur die staat as 'n selfwerksame opheffingsinisiatief begin is, van meet af gemik op volhoubare opheffing van armblankes.¹⁴ Hier was geen sprake van aalmoese nie. Arm mense wat hier 'n heenkome gevind het, is die geleentheid gebied om deur persoonlike insette en finansiële bydrae, asook harde selfwerksaamheid hulself op te hef en deur verantwoordelike bestuur van hul eiendom, grondeienaars te word.¹⁵

Die empiriese studie het ten doel gehad om te bepaal of hierdie opheffingsinisiatief volhoubaar was en die nasate van die pioniernedersetters tot voordeel gestrek het. Vir dié doeleinde is 'n

¹⁰ G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 11/04/2014; C.P. du Plessis, Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 11/04/2014; B.M.N. Steyn, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 11/04/2014; P. Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoudnr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.M.C. Venter in mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012; A.A.R. Bruwer, Persoonlike geskrifte, in besit van outeur, 24/02/2014; J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013.

¹¹ Die trapstelsel is 'n praktyk wat in die aanvangsjare van Skanskopeiland gevolg is. Die praktyk het ontstaan as gevolg van die geleidelike gelyksleep van die erwe. Erwe is in verskillende vlakke (trappe) gesleep en nie as 'n eenheid gelyk gemaak nie. Die verskillende trappe is beplant met wingerd of 'n wisselbougewas.

¹² G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 11/04/2014; C.P. du Plessis, Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 11/04/2014; B.M.N. Steyn, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 11/04/2014.

¹³ Sien hoofstuk 2, afdeling 2.5.2, p. 58.

¹⁴ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, petisie, L.B. Compaan – A.P.J. Fourie, 02/08/1937; SAB, ACT, band 8, 470/14, vol. 4, E.E. Kieser – Privaatsekretaris, Minister van Handel en Nywerheid, 31/12/1937; SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, brief, J.H.H. (Van onbekend) - Kaapse Landraad, 04/03/1939.

¹⁵ DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, afskrif van Skanskopeilandkoopkontrak, p. 1.

vraelys as meetinstrument ontwerp om die effek van die opheffingsinisiatief op die nasate van die pioniernedersetters vas te stel. Die metode wat gevolg is, is in hoofstuk 1 beskryf.¹⁶

Best en Kahn verwys na die waarde van statistiek in kwantitatiewe navorsing as volg:

Statistics is a body of mathematical techniques or processes for gathering, organizing, analyzing, and interpreting numerical data. Because most research yields such quantitative data, statistics is a basic tool of measurement, evaluation, and research.¹⁷

Fouché en Delpont meen dat die gebruik van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing in dieselfde studie mekaar dikwels komplementeer en aanleiding gee tot 'n meer volledige en in-diepte begrip van die navorsingsprobleem.¹⁸ In hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsing om die wyer historiese wordings- en ontwikkelingsproses van die besproeiingsnedersetting te ondersoek.

Deur toevoeging van die kwantitatiewe navorsing is daar gepoog om 'n geldige en betroubare studie van die invloed van die armoede-opheffing van die pioniernedersetters op die tweede en derde generasies te doen. Babbie maak die volgende uitspraak oor die geldigheid van 'n bepaalde studie:

[T]he term validity refers to the extent to which an empirical measure adequately reflects the real meaning of the concept under consideration.¹⁹

Voorts toon Cohen et al die elemente aan wat na hul mening as essensieel vir die geldigheid van so 'n studie beskou kan word:

In quantitative data validity might be improved through careful sampling, appropriate instrumentation and appropriate statistical treatment of the data.²⁰

¹⁶ Sien hoofstuk 1, afdeling 1.9.1, pp. 18 – 19.

¹⁷ J.W. Best & J. V. Kahn, *Research in...*, p. 338.

¹⁸ C.B. Fouché en C.S.I. Delpont, in De Vos *et al.*, *Research at...*, p. 66.

¹⁹ E. Babbie & J. Mouton, *The practice of social...*, p. 123.

²⁰ L. Cohen *et al.*, *Research methods in Education*, p. 133.

Betroubaarheid vorm voorts 'n belangrike komponent van die geldigheid van die studie. Babbie meen dat betroubaarheid van 'n studie daarin gesetel is dat die toepassing van 'n bepaalde tegniek van toetsing telkens dieselfde resultaat sal lewer.²¹

Die respons van die vraelys, waarvan die data verwerk is deur die Statistiese Konsultasiediens van die NWU, sal in hierdie afdeling gerapporteer en die bevindings geïnterpreteer word. Sodoende kan die navorsingsvraag wat betrekking het op die vraelys, beantwoord word.

Hieronder volg 'n uiteensetting van die formaat van die vraelys en keuse van deelnemers aan die vraelys.

7.2.2 Die samestelling en formaat van die vraelys

Volgens De Vos *et al.* het vraelyste ten doel om feite en opinies van die respondente in te win.²² Die samestelling van die vraelys is met die inagneming van die bepaalde vereistes van 'n goeie vraelys gedoen, om sodoende die wetenskaplikheid en geldigheid van die bevindings te verseker.

Die vraelys is in A4-grootte met 'n maklik-leesbare skrif gedruk. Elke bladsy is slegs op een kant gedruk om die invul daarvan te vergemaklik.

Die tipe vrae het gewissel van gestruktureerde vrae, wat geslote vrae ingesluit het, tot ongestruktureerde vrae, soos bv. invulvrae en oop vrae. Invulvrae het 'n vaste antwoord vereis, terwyl geslote vrae 'n opsielys gehad het waaruit die respondente 'n keuse kon maak.

Die oop vrae het aan die respondent die geleentheid tot 'n persoonlike perspektief gebied, waartydens die respondent sy of haar eie ervarings en emosies kon neerskryf. Die oop vrae was gerig daarop om samewerking en deelname aan te moedig, asook op die insameling van gegewens en bepaalde opinies wat betrekking het op die beantwoording van die navorsingsvraag, wat nie vanuit die gestruktureerde vrae bepaal kon word nie.

Cohen *et al.*, meen dat oop vrae aan respondente die ideale geleentheid bied om 'n spontane verslag in hul eie woorde te skep, sonder die beperkings van 'n opsielys, soos wat byvoorbeeld

²¹ E. Babbie & J. Mouton, *The practice of social...*, p. 119.

²² De Vos *et al.*, *Research at...*, p. 186.

in geslote vrae voorkom. Response op oop vrae bevat dikwels outentieke en eerlike inligting wat andersins nie in die beantwoording van die vraelys na vore sou kom nie.²³

Die vraelys is met die hulp van deskundige advies van opgeleide personeel van die SKD opgestel en vooraf getoets ten einde moontlike tekortkominge uit te wys en daarop te verbeter. Met die ontwerp van die vraelys is aandag geskenk aan die eenvoudig-verstaanbare formulering van vrae om sodoende ooglopende foute uit te skakel. 'n Proeflopie waaraan 7 persone van verskillende ouderdomme deelgeneem het, het aangedui dat die vrae verstaanbaar was, die vraelys gemaklik en vinnig ingevul kon word en dat daar nie verwarring ten opsigte van die inhoud van die vrae was nie, wat prakties-buikbare terugvoering sou meebring. Persone wat aan die vooronderzoek deelgeneem het, is nie by die studiepopulasie ingesluit nie. Delport en Roestenburg meen dat so 'n proeflopie noodsaaklik is vir die geslaagdheid van so 'n vraelys:

No matter how effective the sampling or analysis of the result, ambiguous questions lead to non-comparable responses and vague questions to vague answers.²⁴

Voorts het terugvoering aangedui dat die vrae en aanwysings duidelik en ondubbelsinnig gestel is, die vraelys se lengte aanvaarbaar was en die ontwerp tegnies goed uiteengesit is met genoeg ruimte vir antwoorde by die invul- en oopvrae. Die beantwoording van die vraelys het nie meer as 15 minute in beslag geneem nie.

Delport en Roestenburg onderskei verskillende soorte vraelyste op grond van die insamelingsmetode: soos pos- en telefoniese vraelyste, elektroniese vraelyste, handpos vraelyste, vraelyste wat deur die navorser oorhandig is, of groepvraelyste.²⁵ Vir die doel van die studie is gebruik gemaak van pos- en elektroniese vraelyste wat aan die verskillende respondente gestuur is, sowel as handposvraelyste wat persoonlik oorhandig is aan respondente wat in die omgewing woon. Daarbenewens is 'n gefrankeerde koevert in die pakket geplaas, om terugsending te verseker. Die keuse van pos- en elektroniese vraelyste is

²³ L. Cohen *et al.*, *Research methods...*, pp. 321 & 330.

²⁴ C.S.L. Delport & W.J.H Roestenburg, in De Vos *et al.*, *Research at...*, p. 195.

²⁵ C.S.L. Delport & W.J.H Roestenburg, in De Vos *et al.*, *Research at...*, pp. 186 - 190.

gebruik vanweë die geografiese verspreiding van die respondente, soos aangedui in grafiek 7.3.²⁶

Die vraelys wat as 'n pakket aan die studiepopulasie gestuur is, het uit die volgende bestaan:

- Die vraelys (11 bladsye).
- 'n Inligtingsbrief wat die studie se titel en doel, bevestiging van nakoming van die etiese riglyne van die NWU, asook die navorser se kontakbesonderhede verskaf.
- 'n Inligtingsbrief wat die doel, prosedure, etiese riglyne, koste en betaling, voordele, vrae en toestemmingvorm van respondent bevat.
- 'n Lys met die pioniernedersetters se erfnommers.

Die vraelysinvuller/deelnemer is beskou as die respondent wat deel uitgemaak het van die studiepopulasie. Die ordening van die vraelyste het volgens die erfnommer van die pioniernedersetter geskied. Hierna is alle data verwerk en onder die bepaalde erfnommer geplaas. Die erfnommer was 'n belangrike faktor in die ordening van die vraelyste, omdat die deelname van die nasate van die pioniernedersetters hiervolgens gekategoriseer is.²⁷

7.2.3 Keuse van deelnemers

Omdat die studie 75 jaar na die aanvang van die nedersetting aangepak is, was daar uit die aard van die verloop van tyd nie meer oorlewendes van die pioniernedersetters wat tersaaklike inligting kon verskaf nie. Om dié rede is daar vir hierdie studie hoofsaaklik op die tweede en derde generasie van die nasate van die pioniernedersetters gefokus. Hoewel die pioniernedersetters nie meer leef en self kon deelneem nie, vorm hulle 'n belangrike onderdeel van die empiriese studie, omdat die deelnemers nasate van die pioniernedersetters is. Die profiel van die pioniernedersetters sal vervolgens bespreek word, sodat hulle binne die konteks van die studie geplaas kan word.

7.2.4 Die pioniernedersetters

Die pioniernedersetters, met wie ooreenkomste aangegaan is by die vestiging en ontwikkeling van Skanskopeiland as besproeiingsnedersetting, was uitsluitlik manlik, sommige ongetroud en

²⁶ Sien afdeling 7.3, p. 321.

²⁷ Verwerkte data van SKD, p. 1; Nasate adres- en kontrolelys soos opgestel deur navorser.

sommige getroud met 'n gesin.²⁸ Die bates van die pioniernedersetters was uiters min en het gewissel van slegs 'n span donkies en gereedskap, tot 'n paar stuks vee. Talle nedersetters het uitstaande skuld gehad.²⁹

Uit gegewens verkry van die Sentrale Argiefbewaarplek in Pretoria, kan met sekerheid afgelei word dat die drie-en-sestig pioniernedersetters, met uitsondering van 'n paar meer gegoede persone, hoofsaaklik uit armblankes bestaan het.³⁰

7.2.4.1 Ouderdom van die pioniernedersetters

Die toekenning van die erwe is in twee ouderdomgroepe gedoen. Die gemiddelde ouderdom van die groep nedersetters was 40 jaar, soos aangedui in hoofstuk 3.³¹

7.2.4.2 Geletterdheidsvlak van die pioniernedersetters

Die pioniernedersetters se vlak van geletterdheid was nie hoog nie. Slegs 'n klein persentasie van die nedersetters het 'n hoër opvoedings- en geletterdheidspeil gehad.³² Die skryfvaardighede van 'n groot persentasie van die pioniernedersetters was ondergemiddeld, soos blyk uit 'n wye verskeidenheid korrespondensie wat in die onderskeie argiefbewaarplekke gevind is.³³

Malherbe meld in die Carnegieverslag (1932) dat die onderwys van daardie tyd nie genoegsaam tred gehou het met die behoeftes van die tyd nie. Daarbenewens het die politiek van verengelsing afbreuk gedoen aan die vertroue in onderwys, en is onderwys derhalwe deur die

²⁸ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedule van aansoekers vir eiendom op Skanskopeiland, 27/10/1937, p. 1 - 17.

²⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, petisie, L.B. Compaan – A.P.J. Fourie, 02/08/1937: SAB, ACT, band 8, 470/14, vol. 4, Skedule van aansoekers vir eiendom op Skanskopeiland, 27/10/1937, p. 1 – 17.

³⁰ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, Skedule van aansoekers vir eiendom op Skanskopeiland, 27/10/1937, p. 1 - 17.

³¹ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.4.4, p. 113.

³² Verskeie onderhoude en mondelinge mededeling met die tweede generasie van die pioniernedersetters het die vlak van onderrig nie hoër as st. 3 geplaas nie, alhoewel sommige nedersetters st. 6 geslaag het: M.C.B. Smit in telefoniese onderhoud, 17/01/2014; CGVPA, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; 27/04/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.M.C. Venter in mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012; onderhoud nr. A_02, J.J.C. en E.C.C. Smit, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; onderhoud nr. C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010; onderhoud nr. C_04, J.D.S. Barnard, Kakamas, 01/06/2010; mondelinge mededeling, E.W. Visser, Omstaan, Skanskopeiland, 26/01/2014; SAB, ACT, band 8, lêer SWP 6/P9, vol. 3, verwysingsnr. W10/63, verslag van vakkundige beampte, Departement van Volkswelsyn, 04/10/1958.

³³ Korrespondensie van die pioniernedersetters soos gevind in die plaaslike argief van Skanskopeiland bevestig die aanname.

Afrikaner as van ondergeskikte belang beskou.³⁴ Sendingskole het in hoofsaak die leemte van onderwys op die platteland en verafgeleë gebiede gevul. Onderwys was daarom grotendeels godsdienstig van aard en in die afgeleë dele is dit dikwels deur onbekwame persone onderneem.³⁵ Voorts het die kinders van armblankes voor of met st. 6 uit die skool gegaan.³⁶ Onderhoude en argivale materiaal het bevestig dat hierdie toestand merendeels ook die geval was met die pioniernedersetters van Skanskopeiland.³⁷

Malherbe skryf as volg hieroor:

In die meer afgeleë dele van die land het hierdie type [sic] van onderwys presies net soos dit in die sewentiende eeu was, voortgeduur tot selfs later as 'n generasie gelede.³⁸

Onderwys het meestal daaruit bestaan om die basiese lees- en syfervaardighede te bemeester, met die oog op die aflegging van belydenis, of aanneming, soos dit in die volksmond bekend staan, omdat dit die sleutel was tot kerklidmaatskap, gebruik van sakramente, die huwelik en plek in die samelewing.³⁹ Ten tye van die Carnegieverlag, was die aanneming en lidmaatskap van die kerk steeds die vernaamste algemene maatstaf van opvoeding onder die armblankes.⁴⁰ Volgens Booyens was aanneming 'n aanduiding dat jongmense volwassenheid bereik het, om naas kerklidmaatskap ook hul plek in die burgerlike samelewing volwaardig vol te staan.⁴¹

Van der Merwe wys daarop dat Namakwaland, waaruit talle van die pioniernedersetters afkomstig was, baie afgeskeep was op die gebied van onderwys, vanweë die afgeleë ligging van die gebied. Teen 1904, berig Van der Merwe, was daar slegs 3 skole in Namakwaland. Kinders

³⁴ E.G. Malherbe, *Onderwys en die Armblanke*, Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Verslag van die Carnegiekommissie Deel III, Opvoedkundige verslag, pp. viii - x.

³⁵ E.G. Malherbe, *Onderwys en die Armblanke...*, p. 17.

³⁶ E.G. Malherbe, *Onderwys en die Armblanke...*, p. xii.

³⁷ CGVPA, P.Z. van Wyk en M.K. Erasmus, onderhoud nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010; 27/04/2010; F.P. Smit, onderhoud nr. C_04, Upington, 11/06/2010; J.M.C. Venter in mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012; onderhoud nr. A_02, J.J.C. en E.C.C. Smit, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; onderhoud nr. C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010; onderhoud nr. C_04, J.D.S. Barnard, Kakamas, 01/06/2010; mondelinge mededeling, E.W. Visser, Omstaan, Skanskopeiland, 22/06/2010; E. de Vries, mondelinge onderhoud, 11/07/2010; SAB, ACT, band 8, lêer SWP 6/P9, vol. 3, verwysingsnr. W10/63, verslag van vakkundige beampte, Departement van Volkswelsyn, 04/10/1958.

³⁸ E.G. Malherbe, *Onderwys en die Armblanke...*, pp. 17 - 18.

³⁹ B. Booyens, *Nagmaalsnaweek deur die jare, 'n kerkhistoriese studie*, p. 30.

⁴⁰ E.G. Malherbe, *Onderwys en die Armblanke...*, pp. 17 - 18.

⁴¹ B. Booyens, *Nagmaalsnaweek deur die jare...*, p. 30.

wie se ouers hulle nie kon leer lees en skryf of 'n onderwyser kon bekostig nie, moes ongeletterd bly.⁴²

7.3 Die teikenpopulasie en die studiepopulasie

Die teikenpopulasie het bestaan uit al die tweede en derde generasie-nasate van die drie-en-sestig pioniernedersetters, wat opgespoor kon word.⁴³

Aanvanklik is daar oorweeg om die vierde generasie by die ondersoek in te sluit, maar nadat daar met verskeie nasate uit die vierde generasie kontak gemaak is, is bevind dat dié generasie meestal geen tasbare herinnering aan die pioniernedersetters (eerste generasie) en die tweede generasie gehad het nie en bloot om sentimentele redes sou deelneem aan die vraelysondersoek. Die geldigheid en betroubaarheid van dié generasie se respons kon nie verseker word nie en daarom is besluit om nie die vierde generasie by die ondersoek in te sluit nie.⁴⁴

Dié twee groepe, die tweede generasie en derde generasie, het die studie besonder positief ervaar en die respons het 'n goeie deelnamesyfer getoon.⁴⁵

Daar is gepoog om soveel as moontlik van die oorspronklike pioniernedersetters se nasate op te spoor deur middel van 'n sneeubalsteekproef-metode. Aanvanklik is soveel moontlik plaaslike nasate gekontak, wat weer verwysings na nasate elders verskaf het. Die getal nasate wat opgespoor is, het telkens vermeerder.

Grafiek 7.1 skets 'n beeld van die soektog na die nasate van pioniernedersetters en watter persentasie uiteindelik opgespoor is.


⁴² P.J. van der Merwe, *Pioniers van die dorsland*, pp. 77 - 79.

⁴³ CGVPA, Nasate adreslys - 2013, pp. 1 - 23.

⁴⁴ CGVPA, Nasate adreslys - 2013, pp. 1 - 23.

⁴⁵ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap: die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnedersetting", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie. [Soos gedoen deur Noordwes-Universiteit (NWU), Statistiese Konsultasiediens (SKD).]

Grafiek 7.1: Resultaat van soektog na die nasate van die pioniernedersetters.



Nasate van vyf-en-veertig [71.43%] pioniernedersetters uit 'n moontlike getal van drie-en-sestig is opgespoor. Onder die groep wat nie opgespoor is nie, was daar onder meer 'n groep pioniernedersetters wat geen kinders gehad het nie a.g.v. faktore soos hoë ouderdom, kinderloosheid, sterfte of huwelikstatus. Daarbenewens was daar een pioniernedersetter wat slegs 'n paar maande op die erf werksaam was, waarna hy die erf geruil het vir 'n erf in die dorp.⁴⁶ Voorts was daar 'n persentasie pioniernedersetters waarvan geen nasate opgespoor kon word nie.


Twee van die nasate wat gekontak is, het geweier om 'n vraelys te ontvang en aan die studie deel te neem. Redes aangevoer was dat die vrae te persoonlik van aard was; dat sekere respondente nie meer met Skanskopeiland kon identifiseer nie, omdat daar te veel slegte herinneringe aan die armoedige jare bestaan het. Derhalwe is daar aan nasate van twee-en-veertig pioniernedersetters vraelyste uitgestuur.⁴⁷

Die deelnamepersentasie van die soektog word hieronder in grafiek 7.2 weergegee.

⁴⁶ M.C.B. Smit, "Noord-Kaapland families...", pp. 6, 11 & 14.

⁴⁷ CGVPA, Nasate adreslys - 2013, pp. 1 - 23.

Grafiek 7.2: Deelname aan vraelys.⁴⁸



Uit grafiek 7.2 is dit duidelik dat nie almal wat opgespoor is, deelgeneem het nie of die vraelyste teruggestuur het nie. Die deelnemende respondente was in die meerderheid.

Die teikenpopulasie het aanvanklik uit nege-en-sewentig persone bestaan, wat die nasate van twee-en-veertig [66%] pioniernedersetters verteenwoordig het.⁴⁹

Uit die teikenpopulasie was daar 3 respondente wat nie terugvoering op die vraelys gegee het nie.⁵⁰ Een respondent se vraelys kon nie gebruik word nie, omdat 'n onjuiste weergawe van die lewenstandaard weergegee is, wat die betroubaarheid van die data wat geïnterpreteer is, in gedrang sou bring.⁵¹

Die studiepopulasie was 75 in getal, wat die nasate van nege-en-dertig uit drie-en-sestig pioniernedersetters verteenwoordig het. Let daarop dat sommige nedersetters deur meer as een nasaat verteenwoordig is.

⁴⁸ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap: die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnedersetting", Vraelys statistiek, 2013.

⁴⁹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", Vraelys statistiek, 2013.


⁵⁰ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", Vraelys statistiek, 2013.

⁵¹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", Vraelys statistiek, 2013.

[Die navorser is goed bekend met die persoon wat steeds in Skanskopeiland woonagtig is, se omstandighede.]

Grafiek 7.3 gee 'n aanduiding van die geografiese verspreiding van die studiepopulasie. Hiervan is 26% in Keimoes en omgewing gevind, terwyl 74% elders in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, asook in Europa gevind is.⁵²

Grafiek: 7.3: Geografiese inligting van studiepopulasie.⁵³



7.4 Beskrywing van die vraelys

Kontakbesonderhede van respondente is op 'n aparte voorblad ingevul, om vertroulikheid wat deur die navorser onderneem is, te verseker.

Die vraelys is in vier afdelings opgedeel:

- biografiese inligting,
- opleiding en vaardighede,
- lewenskwaliteit,
- die nalatenskap van ouers.

Hieruit het die volgende na vore gekom:

- Die biografiese inligting van die respondent het geslag, ouderdom, verwantskap aan die pioniernedersetter en huistaal bepaal. Met hierdie afdeling is daar gepoog om relevante

⁵² C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", Vraelys statistiek, 2013.

⁵³ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", Vraelys statistiek, 2013.

persoonlike inligting rakende die respondente met betrekking tot hulle verbintenis met die pioniernedersetters te bekom.

- Afdeling A het gehandel oor opleiding, asook beroepsgroei en het die volgende ingesluit: Die hoogste kwalifikasie wat verwerf is en vlak van naskoolse opleiding wat ondergaan is. Vrae het gehandel oor die tipe opleiding, die vlak van opleiding en die finansiering van studies. Die tweede generasie (kinders) en derde generasie (kleinkinders) se data is apart beskryf.

Voorts is beroepskeuse en beroepsvaardigheid bepaal, die posvlak wat die respondent tans beklee of met aftrede beklee het, asook die mate waarin die respondent oortyd werk en beroepsopleiding ondergaan. Daar is ook vasgestel hoeveel respondente 'n eie onderneming besit.

- Afdeling B het gekonsentreer op die vaardighede wat ontwikkel is deur respondente en tipe ontspanning wat respondente ondersteun het. Hieronder het taalgeletterdheid, buitemuurse aktiwiteite soos sport en stokperdjies wat die respondente beoefen, geressorteer. Daardeur is gepoog om 'n oorsigtelike beeld van die algemene ontwikkeling en vaardighede van die respondente te bepaal, asook die tipe ontspanning wat die respondente kan bekostig.
- Afdeling C, wat die lewenskwaliteit van die respondente ondersoek het, het ten doel gehad om te bepaal of die nasate 'n beter lewensgehalte ervaar het as van die pioniernedersetters. Die tweede generasie (kinders) en derde generasie (kleinkinders) se data vir hierdie afdeling is apart beskryf.
- Afdeling D, wat gefokus het op die nalatenskap van die ouers en grootouers, het grootliks uit oop vrae bestaan, waar respondente persoonlike gewaarwordings en ervarings rondom hul ouers en grootouers kon beskryf.⁵⁴ Met die interpretasie hiervan is 'n kwalitatiewe benadering gevolg.

Met die ontwerp van die vraelys is daar gepoog om respondente wat naskoolse opleiding, sowel as indiensopleiding ontvang het, of geen opleiding gehad het nie, by die studie te betrek. Met die verwerking van die data het dit opgeval dat die respondente wat geen naskoolse

⁵⁴ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap: die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnedersetting", pp. 10 - 11.

opleiding ontvang het nie, van 'n aantal vrae uitgesluit was en dalk belangstelling in die vraelys kon verloor. Babbie dui egter aan dat die tipe probleem algemeen in 'n vraelys voorkom en verduidelik dat die tipe eksklusiewe vraag bekend staan as 'n opvolgvraag:

Quite often in questionnaires, certain questions will be relevant to some of the respondents and irrelevant to others. The subsequent questions such as these are called contingency questions.⁵⁵

Respondente wat nie hierdie vrae beantwoord het nie, is by die volgende afdelings betrek. As voorbeeld kan na die volgende vraagstelling in die vraelys verwys word: Afdeling A, vraag 1 tot vraag 4, waar opleiding bespreek word.⁵⁶

7.5 *Rapportering en interpretasie van resultate*

7.5.1 *Algemene opmerkings*

Die analise van die vraelys-data is gedoen met behulp van die rekenaarpakket SAS, soos genoem in hoofstuk 1.⁵⁷ Al die vrae is nie ontleed nie, omdat sommige vrae vir ander doeleindes gebruik is. Soos aangedui in die onderstaande rapportering van die vrae, is daar sekere keusevrae wat afsonderlik geanaliseer is. Die persentasies van die keuses gemerk, kan derhalwe nie optel tot by 100 nie. Hierdie opmerking sal herhaal word waar nodig in die rapportering van die vraelys.

Voorts is dit belangrik om daarop te let, dat by die tabelle wat gebruik is in die rapportering van vraag 13, die hoeveelheid respondente wat geantwoord het as N aangedui word. Die vraelys, asook die respons en bevindings van die vier afdelings sal vervolgens gerapporteer word.

7.5.2 *Biografiese inligting*

In die studiepopulasie was daar veertig manlike en vyf-en-dertig vroulike respondente. Hierdie respondente kan verdeel word in vier-en-dertig respondente uit die tweede generasie en een-en-veertig uit die derde generasie.⁵⁸

⁵⁵ E. Babbie & J. Mouton, *The practice of social...*, p. 241.

⁵⁶ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", pp. 2 - 3.

⁵⁷ Sien hoofstuk 1, afdeling 1.9.1, p. 18.

⁵⁸ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek: Studiepopulasie, p. 2.

Die huistaal is algemeen as Afrikaans aangedui. Die respons van die nasate van die pioniernedersetters was oor die algemeen bevredigend en het die pioniernedersetters goed verteenwoordig. Omdat die pioniernedersetters elkeen slegs een erf gehad het en die ordening van die vraelys volgens die bepaalde erfnummers geskied het, word vervolgens na erfnummers verwys om die verteenwoordiging te beskryf. Elke erfnommer verteenwoordig derhalwe ook 'n pioniernedersetter. Die verteenwoordiging van die erwe het gewissel vanaf 1 respondent per erf, met sommige erwe wat tot 2, 3, 5 of 7 respondente gehad het. Die hoogste verteenwoordiging per erf was 7 respondente, soos gevind by erf 42 en erf 22.⁵⁹


7.5.3 Afdeling A: Opleiding

Die studieopname om die hoogste kwalifikasie en opleiding te bepaal, is aangepak deur eerstens die vlak van skoolopleiding te bepaal. Daarna is die vlak van naskoolse en tersiêre opleiding bepaal. Die naskoolse opleiding is verdeel in indiensopleiding asook die verwerwing van 'n ambag.

7.5.4 Vraag A1

Grafiek 7.4 gee 'n aanduiding van die hoogste kwalifikasie wat deur respondente van die studiepopulasie verwerf is. Die opname sluit die hoogste kwalifikasie verwerf deur beide die tweede en derde generasie in.

Grafiek 7.4: Hoogste kwalifikasie wat verwerf is.




⁵⁹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek: Studiepopulasie, p. 2.

Die studieopname aangaande die hoogste kwalifikasie wat verwerf is, het aangetoon dat 38 respondente, ongeveer 51% van die studiepopulasie uitmaak, naskoolse onderrig ondergaan het, terwyl 23 respondente wat ongeveer 31% van die studiepopulasie uitmaak, gr.12 voltooi het.⁶⁰

7.5.5 Vraag A2

Grafiek 7.5 toon die vlak van hoogste naskoolse opleiding van beide die tweede en derde generasies.

Grafiek 7.5: Vraag A2: Hoogste naskoolse opleiding.



Grafiek 7.5 dui derhalwe aan dat 11 respondente uit die studiepopulasie, ongeveer 15%, wel gr. 10 voltooi het en dat slegs 2 respondente wat 2.7 % van die studiepopulasie uitmaak, se hoogste kwalifikasie Gr. 8 of minder was.⁶¹

7.5.6. Vraag A3


Die studieopname in grafiek 7.6 toon aan dat daar 20 [27%] respondente van die studiepopulasie is wat 'n diploma verwerf het, 11 [15%] wat 'n eerste graad behaal het en 8 [11%] wat 'n tweede graad behaal het, asook 3 [4%] wat 'n derde graad behaal het. Die aantal respondente wat tersiêre opleiding ontvang het, is 39, wat 52% van die studiepopulasie

⁶⁰ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie, p.4

⁶¹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie, p. 4.

verteenwoordig.⁶² [Let wel dat die keuses apart geanaliseer is en dat die persentasie derhalwe nie optel tot by 100 nie.]


Grafiek 7.6: Vraag A3: Hoogste tersiêre kwalifikasie.



7.5.7 Vraag A4

Grafiek 7.7 gee 'n uiteensetting van die finansiering van die tersiêre studie wat onderneem is.

Grafiek 7.7: Finansiering van tersiêre studie.



Hierdie opname toon aan dat 45% van diegene wat tersiêre opleiding gehad het, kontant kon studeer, terwyl 25% van die respondente hul studies met 'n beurs gefinansier het en 30% 'n lening daarvoor aangegaan het. Uit die opname blyk dit dat 3 [4%] respondente van beide 'n beurs en leningsfasiliteite gebruik gemaak het vir hul studie en 4 [5%] respondente het

⁶² C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie..., p. 4.

aangedui dat hulle met 'n beurs asook kontant hul studies gefinaliseer het.⁶³ *[Let wel dat die keuses apart geanaliseer is en dat die persentasie derhalwe nie optel tot by 100 nie.]*

7.5.8 Vraag 5: Beroepe en beroepsvaardigheid

Die vraag handel oor beroepe en beroepsvaardigheid wat verwerf is.

7.5.8.1 Vraag 5.1: Beroepsbesetting

Inligting verkry uit die verwerking van die vraelyste dui aan dat die respondente hulle in 'n verskeidenheid van beroepe, wat strek van 'n wetenskaplike loopbaan, die mediese rigting, argitektuur, loopbane in die regte en staatsdiens, onderwys, asook in die geestelike rigting gevestig het. Sommige respondente het hulle as ingenieurs bekwaam, werk in die inligtingstechnologie of volg 'n ambag. Voorts is daar 'n klein groep respondente wat steeds boer in Skanskopeiland.⁶⁴

7.5.8.2 Vraag 5.2 – 5.8

Vraag 5.2 het gefokus op die besit van 'n eie onderneming. Response op hierdie vraag het aangetoon dat ongeveer die helfte van die respondente 'n eie onderneming besit.⁶⁵

Vraag 5.3 tot vraag 5.8 het gefokus op werksetiek en hardwerkendheid in die bepaalde beroepsrigting. Vrae het gehandel oor die werksvlak van respondente, ure wat per dag gewerk word, die verantwoordelikheid ten opsigte van sy beroep en benadering ten opsigte van ontwikkeling binne die beroep. Daar is gepoog om vas te stel of die respondente oortyd werk, werk huis toe neem, naweke werk en ook opknappingskursusse bywoon om vaardighede te verbeter.

Die verwerkte respons het aangedui dat daar uit die studiepopulasie ongeveer 45% 'n gevorderde vlak en 41% die hoogste vlak in hul beroep beklee het. Daar was 59% wat meer as 8 ure daaglik aan hul werk bestee het, terwyl 36% van die respondente 6 tot 8 ure per dag gewerk het. Slegs 41% het aangedui dat hulle naweke werk en 37% het werk huis toe geneem

⁶³ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek: Studiepopulasie..., p. 4.

⁶⁴ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek: Studiepopulasie..., p. 5.

⁶⁵ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek: Studiepopulasie..., p. 4.

om te voltooi. Die helfte van die respondente, nl. 51%, het aangedui dat hulle gereeld oortyd werk. Uit dié groep het ongeveer 50% gereeld opknappingskursusse bygewoon. *[Let wel dat die keuses apart geanaliseer is en dat die persentasie derhalwe nie optel tot by 100 nie.]*

7.6 Afdeling B: Vraag 1 - 3

Hierdie afdeling se vrae het gehandel oor bepaalde vaardighede wat deur die respondente verwerf is. Die vlak van taalgeletterdheid, sportvaardigheid, asook die beoefening van stokperdjies is ondersoek.⁶⁶

Die sportsoorte en stokperdjies wat gelys is, is gespesialiseerde items wat nie net spesialis-toerusting vereis nie, maar ook 'n groot finansiële uitgawe meebring om suksesvol te beoefen. Hierdeur is bepaal of die respondent in staat was om bepaalde vaardighede te bemeester en ook of die respondent finansiël daartoe in staat is om die bemeestering en beoefening van die vaardigheid te bekostig. Sodoende kon daar ook 'n bepaling gemaak word van die finansiële stand van die respondent.

Die respons het aangedui dat feitlik al die respondente tweetalig is (Afrikaans en Engels). 'n Geringe aantal het aangedui dat hulle swart tale soos Zoeloe, Tswana en Sotho en Europese tale soos Duits, Frans en Nederlands magtig is. Duur aktiwiteite soos hengel, padwedlope, fietsry en besoeke aan gimnasia is merendeels deur 'n klein persentasie respondente beoefen. Stokperdjies wat deur 'n noemenswaardige aantal respondente beoefen is, is aangedui as musiek en fotografie. 'n Klein persentasie het kuns as stokperdjie aangedui.⁶⁷

7.7 Afdeling C

Afdeling C, vraag 1 tot 5, handel oor die lewenskwaliteit van die respondente. 'n Opname is gemaak oor luukse besittings, tipe vakansies, leesstof, aankoop van klerasie en voertuie, asook besit van eiendoms- en beleggingsportefeuljes.⁶⁸ Die vrae het gepoog om data te versamel wat aanduiders is van die lewensgehalte- en welvaartsvlak van die nasate. In 'n studie na die meting van welvaart van 'n samelewing, is die volgende deur Arrow *et al.* opgemerk:

⁶⁶ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", pp. 5 – 6.

⁶⁷ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek: Studiepopulasie..., pp. 7 - 12.

⁶⁸ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", pp. 6 – 10.

[W]hen scholars adopt intergenerational wellbeing as the object of interest, their presumption is that at any given date social well-being is not only the wellbeing of the current generation, but also the potential welfare of the generations that are to follow. The point is to ask whether the society under study is functioning sufficiently well to ensure that some measure of intergenerational wellbeing does not decline.⁶⁹

Alhoewel hier verwys word na 'n groter samelewing, is hierdie uitspraak ook van toepassing op die mikrosamelewing wat die pioniernedersetters op Skanskopeiland gevestig het.

7.7.1. Vraag C1: Luukse besittings

Data is versamel oor besittings, soos byvoorbeeld die aantal televisies en rekenaars en ander elektroniese apparate waaroor respondente beskik, ontspanningsgeriewe, soos 'n braailapa en swembad. Items wat onder dié vrae gelys is, word beskou as luukse uitgawes.⁷⁰ Die doel met hierdie vrae was oorwegend om die finansiële stand van die respondente vas te stel. Arrow *et al.* dui aan dat besittings en ontspanningsaktiwiteite as 'n indikator van persoonlike welvaart gesien kan word:

[T]he determinants of current wellbeing include such variables as consumption of various kinds, leisure activities and environmental amenity services.⁷¹

Die verwerkte respons het aangedui dat die respondente oorwegend goed toegerus is met 'n verskeidenheid elektroniese apparaat. Ongeveer die helfte beskik voorts oor ontspanningsgeriewe soos 'n swembad en braailapa.⁷²

⁶⁹ K.J. Arrow *et al.*, "Sustainability and the measurement of wealth", *Environment and Development Economics*, no. 17, p. 318.

⁷⁰ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", p. 6.

⁷¹ K.J. Arrow *et al.*, "Sustainability and the measurement of wealth...", p. 318.

⁷² C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek: Studiepopulasie..., pp. 12 - 14.

7.7.2. Vraag C2: Vakansies

Hierdie vraag het gepoog om data te versamel oor die wyse waarop respondente vakansie hou.⁷³ Die keuses is apart geanaliseer en die persentasie tel derhalwe nie op tot by 100 nie. Respondente het aangedui dat 56% graag kampvakansies in Suid-Afrika hou en 36% verkies om in die buurlande te kamp. 'n Beduidende aantal respondente, nl. 67% het aangedui dat hulle verkies om by die see uit te span. Ongeveer 30% respondente het aangedui dat hulle graag oorsee reis.⁷⁴ Vakansie sluit reis in, wat onkoste soos brandstof en verblyf en etes impliseer. Die interpretasie wat vanuit die data gemaak is, dui daarop dat 'n groot persentasie van die respondente se lewenstyl en lewenstandaard hulle toelaat om duur vakansies te onderneem.

7.7.3 Vraag C3 – C4: Algemene leesstof en tydskrifte

Vrae het gehandel oor die algemene leesstof en tydskrifte. Slegs 5% het aangedui dat hulle glad nie lees nie, terwyl die lees van ligte onspannings en religieuse lektuur, deur 60% van die respondente positief gemerk is. Voorts het 'n beduidende persentasie aangedui dat hulle persoonlike leesvoorkeur op die meer gesofistikeerde lektuur val: 48% respondente het aangedui dat hulle verkies om nie-fiksie te lees en 32% dat hulle biografieë lees.⁷⁵ Ofskoon populêre lektuur bo gesofistikeerde lektuur soos nie-fiksie en biografieë deur die meerderheid respondente verkies is, was die persentasie nie-lesende respondente uiters klein.

Smith meen dat alhoewel die aanname nie gemaak kan word dat meer ontwikkelde mense sekere lektuur verkies nie, daar wel daarop aanspraak gemaak kan word dat daar 'n sterk korrelasie tussen wye leespraktyk en die geletterdheidsvlak van 'n persoon is.⁷⁶ Dié uitspraak word bevestig deur 'n analise van die *National Adult Literacy Survey* data wat bevestig dat volwassenes wat 'n groter verspreiding van lektuur lees, bv. boeke, tydskrifte, koerante, ens. 'n beduidende hoër geletterdheidstelling aangeteken het as die volwassenes wat min lees.

⁷³ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", p. 7.

⁷⁴ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek: Studiepopulasie..., pp. 14 – 16.

⁷⁵ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", p. 7.

⁷⁶ M.C. Smith, "The real-world reading practices of adults", *Journal of Literacy Research*, vol. 32, no. 1, 2000, p. 27.

Smith argumenteer as volg oor die verklaring:

Although it is tempting to suggest that wide reading practices contribute to the further development of adults' literacy skills, it is also true that some level of skill is needed to engage in any reading practices.⁷⁷

In 'n leserstudie deur Snyman en Penzhorn onderneem, is bevind dat Afrikaanse romanlesers beskryf kan word as hoofsaaklik ingeligte, kreatiewe, middeljarige vroue met 'n besteebare inkomste wat bo-gemiddeld gekwalifiseer is en wye belangstellings het. Daarbenewens is daar bevind dat hulle aktiewe lesers is, wat ook ander genres lees en vir wie lees 'n baie belangrike deel van hul lewe uitmaak.⁷⁸

Slegs 4% van die respondente het aangedui dat hulle geen tydskrif lees nie. Daarenteen het buitelug, leefstyl en geestelike tydskrifte 'n goeie responssyfer gehad.⁷⁹ Dié tipe tydskrifte val in 'n hoër prysklas en kan daarom as 'n aanduider van 'n bepaalde leefstyl gesien word

7.7.4 Vraag C5: Aankoop van klerasie

Data is versamel oor die tipe klerewinkels wat ondersteun word.⁸⁰ Klerasie word deur 90% van die respondente by kettingwinkels aangekoop, alhoewel 30% aangedui het dat hulle ook by boetieks koop. Daarby het 12% aangedui dat hulle van modeontwerpers gebruik maak.⁸¹

7.8 Vraag 6 - 9

Hierdie vrae handel oor die aantal motorvoertuie wat die respondente besit.⁸² Hier is slegs 5% wat aangedui het dat hulle nie oor 'n voertuig beskik het nie, terwyl 88% aangedui het dat hulle oor 'n gesinsmotor beskik en 54% respondente het aangetoon dat hulle oor 'n bakkie beskik.

⁷⁷ M.C. Smith, "The real-world reading practices...", p. 27.

⁷⁸ M. Snyman & C. Penzhorn. "Leser en Konteks: 'n resepsiestudie oor Afrikaanse Romanse-lesers", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 51, nr. 2, Junie, 2011, p. 245.

⁷⁹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek: Studiepopulasie..., p. 16.

⁸⁰ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", p. 8.

⁸¹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie..., p. 17.

⁸² C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", pp. 8 - 9.

’n Groot aantal respondente het twee of meer voertuie aangedui.⁸³ Volgens Schüssler is die besit van een of meer voertuie ’n duidelike aanduider van welvaart.⁸⁴

7.9 Vraag 10 – 12

Hierdie vrae handel oor die besit van eiendom, soos huise, woonstelle, plotte en plase.⁸⁵

Volgens die verslag van die Survey of Consumer Finances (SCF) wat hoofsaaklik inligting omtrent huishoudelike en persoonlike welvaart in die VSA deur vraelyste versamel, is die besit van eiendom ’n belangrike aanduider van persoonlike welvaart.⁸⁶ Aron *et al.* bevestig dat residensiële eiendom in Suid-Afrika ’n oteenseglike aanduider van huishoudelike en persoonlike welvaartsgroei is.⁸⁷

Heelwat respondente het aangedui dat hulle eiendom besit, selfs meer as een. Die verwerkte data het die volgende aangedui: Dit blyk dat 53% van die respondente slegs een eiendom besit, terwyl 17% ’n tweede eiendom besit. Voorts besit 17% respondente vyf of meer eiendomme. Daarbenewens het 81% van die respondente aangedui dat hulle ’n huis besit, 23% besit ’n tweede huis en 24% besit ’n woonstel. Slegs 6% besit ’n strandeiendom. Data-insameling het aangedui dat 23% respondente ’n erf of plot besit, 19% respondente ’n eienaar van ’n plaas is en dat 14% van die respondente ’n tweede plaas besit. Slegs 21% van die respondente het aangedui dat die erf, plot of plaas geërf is.⁸⁸ Schüssler bevestig voorts dat die besit van eiendom, soos byvoorbeeld ’n huis, as ’n aanduider van persoonlike welvaart beskou kan word.⁸⁹ *[Let wel dat die keuses apart geanaliseer is en dat die persentasie derhalwe nie optel tot by 100 nie.]*

⁸³ C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...”, beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie..., pp. 17 – 19.

⁸⁴ M. Schüssler, “SA: Capitalist nation”, 16 July 2013, <http://www.moneyweb.co.za/moneyweb-economic-trends/sa-capitalist-nation>, [geraadpleeg 10/02/2014].

⁸⁵ C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...”, p. 9.

⁸⁶ G. Fries, M. Starr-McCluer & A.E. Sundén, “The measurement of household wealth using survey data, an overview of the survey of consumer finances”, *Federal Reserve Board of Governors*, March 1998, p. 5.

⁸⁷ J. Aron, *et al.*, “Estimating household-sector wealth in South Africa,” *South African Reserve Bank, Quarterly Bulletin*, June, 2006, pp. 61 - 72.

⁸⁸ NWU, SKD, Beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie..., pp. 19 - 21.

⁸⁹ M. Schüssler, “SA: Capitalist nation”, 16 July 2013, <http://www.moneyweb.co.za/moneyweb-economic-trends/sa-capitalist-nation>, [geraadpleeg 10/02/2014].

7.10 Vraag 13

Hierdie vraag het gehandel oor die besit van 'n beleggingsportefeulje.⁹⁰ Die data het getoon dat 81% van die respondente aangedui het dat hulle oor 'n beleggingsportefeulje beskik.⁹¹ 'n Beleggingsportefeulje kan beskou word as 'n betekenisvolle aanduiding van welvaart.⁹² Aron *et al.* bevestig die siening:

The financial assets incorporated in the calculation of wealth estimates for households in South Africa are deposits with banks and mutual banks, interest in pension funds and long-term insurers, participation mortgage bond schemes, unit trusts, equities, as well as government and public-enterprise stocks and corporate bonds.⁹³

Die afleiding kan gemaak word dat die 81% van die respondente wat oor 'n beleggingsportefeulje beskik, beter daaraan toe is as die 19% wat geen beleggingsportefeulje aangedui het nie.

7.11 'n Vergelyking in die opleidingsprofiel tussen die tweede en derde generasie

Die response van vraag A1, en vrae A3 en A4 is per tweede en derde generasie geanaliseer. Hierdeur is die opleidingsprofiel vergelyk, naamlik die hoogste vlak van kwalifikasie, naskoolse kwalifikasie en tersiêre onderrig. Om verbande tussen kategorieë veranderlikes te identifiseer, is phi-kwasiënte bereken, soos in afdeling 1.8 verduidelik.⁹⁴ Hiervolgens dui 'n phi-kwasiënt op 'n medium grootte verband tussen twee veranderlikes.

⁹⁰ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", pp. 9 – 10.

⁹¹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie..., p. 21.

⁹² J. Aron *et al.*, "Estimating household-sector wealth in South Africa", *South African Reserve Bank, Quarterly Bulletin*, June 2006, p. 63.

⁹³ J. Aron *et al.*, "Estimating household-sector wealth...", p. 63.

⁹⁴ Sien hoofstuk 1, afdeling 1.9.1, p. 18.

Tabel 7.1: Verband tussen hoogste kwalifikasie tussen tweede en derde generasie.

Vraag 3 c: A 1

Generasie	N	St.6/Gr 8 of minder	St.8/Gr 10	St.10/Gr 12	Naskools	Totaal	Phi-kwosiënt
Tweede Generasie	33	2.70	12.16	16.22	13.51	44.59	<0.440
Derde generasie	41	0.00	2.70	14.86	37.84	55.4	<0.440

*Phi-kwosiënt = 0.4400 – medium effek

*N = Aantal respondente wat geantwoord het

By bestudering van die tabel kan gesien word dat die tendens van hoogste kwalifikasie dui op meer mense wat naskoolse onderrig ontvang het by die derde generasie as by die tweede generasie, terwyl meer mense by die tweede generasie slegs graad 10 behaal het.

Tabel 7.2: Verband tussen hoogste tersiêre kwalifikasie tussen tweede en derde generasie.

Vraag 3c: A 3

Generasies	N	Diploma	Eerste graadkwalifikasie	Honneursgraad	M.A.-graad	Ph.D.-graad	Phi-kwosiënt
2de generasie	33	21.43	4.76	0,00	0.00	2.38	<0.4162
3de generasie	41	0.00	2.70	14.86	37.84		<0.4162

*Phi-kwosiënt = 0.4162 – medium effek

*N = Aantal respondente wat geantwoord het

’n Phi-kwosiënt van 0.4 is verkry as ’n vergelyking tussen die vlak van opleiding van die tweede en derde generasie gedoen is.

By nader bestudering van die tabel is dit duidelik dat daar ’n tendens is dat daar ’n groter persentasie hoër opleiding by die derde generasie is as by die tweede generasie. ’n Verdere tendens wat hieruit opgemerk is, naamlik dat daar ’n merkbare styging was in die vlak van naskoolse kwalifikasie by die derde generasie teenoor dié van die tweede generasie.⁹⁵

⁹⁵ C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...”, beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie..., p. 1.

Die tersiêre kwalifikasie van die derde generasie het veral aangedui dat 'n groter persentasie uit die derde generasie tersiêre onderrig ontvang het en hulle bekwaam het vir die arbeidsmark as dié uit die tweede generasie.⁹⁶

As gevolg van die styging in persentasies by die derde generasie beteken dit derhalwe dat die derde generasie se opleidingspeil met 'n praktiese effek van medium grootte beter was as die van die tweede generasie. Dit dui op 'n toenemend progressiewe vordering ten opsigte van tersiêre opleiding by die derde generasie.

7.12 Vraag 14 en 15

Die respondente is gevra om by hierdie vrae die persepsie van hul eie lewenstandaard en dié van hul ouers aan te dui.⁹⁷

Hierdie vrae is volgens Likert se skaal ontwerp, waarvolgens die respons op 'n skaal van 1 tot 10 gemerk is. Babbie beskryf die vraagformaat as volg:

The particular value of this format [Likert scaling] is the unambiguous ordinality of response categories.⁹⁸

Delpont en Roestenburg haal Neuman aan wat meen dat hierdie vraagformaat algemeen in opnames gebruik word om respondente se houdings teenoor sekere sake te meet.⁹⁹ Dié metode ken 'n numeriese waarde aan elke moontlike keuse toe. Die gemiddelde waarde, op 'n skaal van 1 tot 10, word dan vir die keuses van die respondente van die studiepopulasie bereken.¹⁰⁰

7.12.1 Uiteensetting van die stygende vlak van lewenstandaard tussen die eerste, tweede en derde generasies

Vraag 14 en 15 was bepalende vrae om die persepsies van die vlak van welvaart by die tweede en derde generasie te ondersoek. Die vrae is as meetinstrument gebruik om die verskil in persepsies van lewenstandaard tussen die onderskeie generasies te bepaal. Soos genoem in

⁹⁶ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie..., p. 1.

⁹⁷ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", p. 10.

⁹⁸ E. Babbie & J. Mouton, *The practice of social...*, p. 153.

⁹⁹ C.S.L. Delpont & W.J.H. Roestenburg, in De Vos *et al.*, *Research at...*, p. 212.

¹⁰⁰ J. Cohen, *Statistical power analysis for the Behavioural Sciences*, pp. 25 – 26.

afdeling 1.8,¹⁰¹ is van Cohen se effekgrootte d gebruik gemaak om verskille tussen die gemiddeldes van afhanklike groepe te kry, om sodoende die interpretasies te doen. Vir gemaklike lees van die tabelle en interpretasies word die uiteensetting wat reeds in afdeling 1.8 gegee is, hier herhaal:

Kriteria vir Cohen se effekgroottes is die volgende: klein effek: $d = |0.1|$; medium effek en waarneembaar met die blote oog: $d = |0.5|$; groot effek en prakties betekenisvol: $d \geq |0.8|$.

Tabel 7.3 en tabel 7.4 dui die gemiddeldes en effekgroottes aan:

Tabel 7.3: Cohen se effekgroottes vir verskille tussen eerste generasie en tweede generasie.

<u>Generasie</u>	<u>N</u>	<u>Gemiddeld</u>	<u>Standaard afwyking</u>	<u>d-waarde</u>
<i>Tweede generasie.</i>	33	6.64	1.83	1.04▼
<i>Eerste generasie</i>	33	3.97	2.03	

▼ *Prakties-betekenisvolle verskil*

*N = Aantal respondente wat geantwoord het

Met 'n gemiddelde punt van 6.64 op 'n 10-punt skaal is die tweede generasie van mening dat hulle lewenskwaliteit beter is as dié van die eerste generasie, wat 'n gemiddelde punt van 3.97 behaal het.¹⁰²

Cohen se d-waarde van 1.3 dui daarop dat die tweede generasie se persepsie is dat hulle lewenstandaard prakties-betekenisvol beter is as dié van die eerste generasie of oorspronklike nedersetters.

Tabel 7.4: Uiteensetting van die stygende vlak van lewenstandaard tussen die tweede en derde generasies.

<u>Generasie</u>	<u>N</u>	<u>Gemiddeld</u>	<u>Standaard afwyking</u>	<u>d-waarde</u>
3	37	7.57	1.28	1.3▼
1	35	5.83	1.67	

▼ *Prakties-betekenisvolle verskil*

¹⁰¹ Hoofstuk 1, afdeling 1.9.1, p. 18.

¹⁰² C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie..., p. 1.

Dit blyk hieruit dat die derde generasie van mening is dat hulle lewenskwaliteit met 'n gemiddelde punt van 7.57 op 'n 10-punt skaal, beter is as die van die tweede generasie, wat 'n lewenskwaliteit met 'n gemiddelde punt van 5.83 behaal het.¹⁰³ Die gegewens verkry uit die response op die vraelys dui derhalwe daarop dat daar 'n progressiewe styging in die opeenvolgende generasies se persepsie van hul eie lewenskwaliteit bestaan.

7.13 Vraag D

Hierdie afdeling handel oor die nalatenskap van die nasate se ouers en grootouers wat op Skanskopeiland gewoon het. Vraag D2 tot vraag D4 is kwalitatief geïnterpreteer.

Respondente is gevra om by vrae D2 tot D4, wat oop vrae was, 'n beskrywing te doen van hul persepsie van die ouers of grootouers (vraag D2), karaktertrekke van die ouers of grootouers (vraag D3), asook die geestelike nalatenskap van die ouers of grootouers (vraag D4).¹⁰⁴

Respondente is gevra om die beskrywing in hul eie woorde te doen. Alhoewel daar 'n beperkende ruimte aangedui is, het sommige respondente heelwat meer neergeskryf. Interessante insigte het hieruit na vore gekom. Herinnering wat met hierdie vrae ontsluit is, was van groot waarde vir die studie.

Respons op vraag D3 het 'n algemene persepsie van die pioniernedersetters laat blyk, wat met enkele uitsonderings gefokus het op die volgende:

Die meeste pioniernedersetters is deur hulle nasate beskou as eerlike hardwerkende mense, wat die geleentheid tot opheffing gebruik het om vir hulle en hul kinders 'n beter lewe te skep. Hulle het toekomsgerig gedink en wou graag vooruit gaan.¹⁰⁵ Smit het die persepsie in sy jeugherinnering bevestig:

Hulle was bereid om hulself geriewe te ontsê terwille van 'n beter toekoms vir hulle en hul kinders. Maar ek het nooit die gevoel gehad dat hulle dit as 'opoffering' beskou het nie – dit was maar hulle manier van bestaan.¹⁰⁶

¹⁰³ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie..., p. 1.

¹⁰⁴ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", pp. 10 – 11.

¹⁰⁵ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 - D4.

¹⁰⁶ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 01/07/2013.

Aan die ander kant het sommige respondente met uitgesproke teleurstelling melding gemaak van ouers wat nooit die mentaliteit van armoede kon afskud nie en nie visie gehad het om die erfboerdery winsgewend te maak nie; diegene wie se diep ingesette eng persepsies oor armoede hul vooruitgang gestrem het en wat nie oor waagmoed en innoverende denke beskik het om uit te brei nie. Hierdie pioniernedersetters se boerdery het gestagneer, omdat hulle nie die boerdery gemoderniseer en ontwikkel het met die verloop van jare nie. Hul kinders, die tweede generasie, was met verloop van tyd genoodsaak om die boerdery te verkoop, omdat dit nie meer winsgewend was nie en hulle nie oor die nodige kapitaal beskik het om verbeteringe aan te bring nie.¹⁰⁷ Die verkoop van die erwe was in alle gevalle vrywillig en die boerdery is nie gelikwideer nie.¹⁰⁸

Respons op vraag D3 het voorts 'n soortgelyke strekking getoon: Alhoewel baie arm en nie goed geskoold nie, het die grootste persentasie pioniernedersetters oor 'n inherente trots beskik wat aangevul is deur 'n sterk deursettingsvermoë. Hulle was gevul met 'n ambisie en dryfkrag om hul gesinne met min geld goed op te voed en te versorg. Kinders is oor die algemeen sterk aangemoedig om hulself beter te bekwaam as die ouers, wat geleerdheid hoog aangeslaan het. Daar is telkens melding gemaak van die liefdevolle versorging wat ouers aan hul kinders bewys het.¹⁰⁹ Die liefdevolle houding van ouers teenoor die kinders is ook bevestig in 'n verslag van die plaaslike maatskaplike beampte na die 1955-vloed.¹¹⁰

Die pioniernedersetters het 'n eenvoudige bestaan gevoer met min luukses. Die vrees vir 'n herhaling van die eertydse armoedige bestaan was altyd daar, soos Smit die mentaliteit verduidelik:

Dit was asof hulle 'n ingeboude weersin teen kwistigheid gehad het. Ek het nooit gevoel dat hulle na luukse goed hunker nie; dalk iets wat vir hulle mooi was of hul werk makliker sou maak – maar nie terwille van die gevoel van weelde nie. Hulle

¹⁰⁷ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 - D4.

¹⁰⁸ R.S. Brink, prokureur, R.S. Brink en Genote, Keimoes, mondelinge mededeling, 12/05/2014.

¹⁰⁹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 - D4.

¹¹⁰ SAB, ACT, band 8, lêer SWP 6/P9, vol. 3, verwysingsnr. W10/63, verslag van vakkundige beampte, Departement van Volkswelsyn, 04/10/1958.

was bang om te waag – wat mens kan verstaan as jy kyk na die onseker en hopelose omstandighede waaruit hul gekom het.¹¹¹

Sommige respondente het voorts die eienskap van regverdigheid aan hul ouers toegedig, terwyl ander melding gemaak het van die besondere humorsin waarom hul ouers beskik het, wat eie aan die rivierstreek is.¹¹²

Daarteenoor het sekere respondente nie net die sorgsaamheid van veral die moeder vermeld nie, maar as teenstelling die diep humeurigheid van die vader genoem en in sekere gevalle ook die afwesigheid van die vaderfiguur in die gesinslewe beklemtoon.¹¹³

’n Algemene respons, met enkele uitsonderings, is die algehele waardering van die respondente vir die harde selfwerkzaamheid en opofferings van die pioniernedersetters; dat die toegewydheid van die pioniernedersetters die tweede en derde generasie in staat gestel het om hulself te bekwaam en daardeur vir hul eie gesinne ’n goeie lewenstandaard te verseker.¹¹⁴

Die respons by vraag D4 wat handel oor die geestelike nalatenskap het sterk gefokus op die pioniernedersetters se religieuse beleving en uitlewing van geloof. Die deursnee pioniernedersetters was baie gemeenskapsgerig en het byvoorbeeld die kerkraadsamp hoog op prys gestel. Gemeenskapsdiens en sake rakende die kerk is met respek bejeën.

Die pioniernedersetters is oor die algemeen beskryf as diep gelowige mense wat hul godsdiens met oorgawe beoefen het. Die afhanklikheid van die natuur, met sy afwisselende gawes en teëspoed het die nedersetter se anker aan sy geloof versterk. Die tweede generasie het ’n bepaalde persepsie van hul ouers gehad ten opsigte van hulle nederige en kinderlike uitlewing van geloof, wat met groot agting beskryf is.

¹¹¹ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 01/07/2013.

¹¹² C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...,” interpretering van respons op vraag D2 - D4.

¹¹³ C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...,” interpretering van respons op vraag D2 - D4.

¹¹⁴ C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...,” interpretering van respons op vraag D2 - D4.

Die moeder is deur die meeste respondente uitgesonder as die versorger van die gesin en die hart van die huis. Besondere toegeneentheid is oor die algemeen teenoor die moederfiguur geopenbaar.¹¹⁵

7.14 *Geïntegreerde gevolgtrekking*

In hierdie gedeelte is terugvoer gegee oor die studieopname wat met die vraelyste as data-insamelingsinstrument gedoen is.

Die insameling van die data van die vraelys het met die volle toestemming van die respondente geskied. Elke respondent is mondelings en skriftelik ingelig oor die doel van die studie, asook die vertroulikheid van die studie. Deelname het op 'n vrywillige basis geskied. Die deelnemers se response is as vertroulik beskou.

Een vraelys wat gekontamineer is, is ingevul deur 'n tweede generasie-responent. Die respondent se leefwyse vergelyk steeds sterk met die armoede van die dertigerjare soos beskryf deur die Carnegieverlag. Alhoewel die bepaalde respondent st. 10 (gr. 12) met 'n goeie gemiddeld geslaag het en vaardig met syfers is, is die respondent as gevolg van die mentaliteit van armoede wat deur die ouers oorgedra is, vasgevang binne die armoedige bestaanswyse en nie by magte om die bepaalde leefkultuur af te skud nie. Die respondent het onjuiste inligting verskaf t.o.v. bekwaamheid, vaardigheid en leefwyse. Aangesien die respondent aan die navorser bekend is, is die inligting nie gebruik nie.

Daarbenewens blyk dit uit redes deur respondente gegee wat deel is van die studiepopulasie, maar nie bereid was om die vraelys in te vul nie, dat dié bepaalde tweede generasie-responente geen vooruitgang in hul lewe beleef het nie, maar die grond wat aan hulle nagelaat is, vrywillig verkoop het omdat hulle nie 'n winsgewende boerdery kon volhou nie. Die mentaliteit van vrees vir armoede is derhalwe oorgedra aan die tweede generasie. Voorts het nog 'n respondent wat nie bereid was om die vraelys in te vul nie, sy vrees en afsku vir sy vader se optrede teenoor hom en sy moeder uitgespreek. Dit blyk dat die swaarkry van die

¹¹⁵ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 - D4.

pioniertydperk letsels gelaat het wat steeds vandag deur sommige van die tweede generasie gedra word. Beide hierdie respondente het geen goeie verhouding met hul vaders gehad nie.¹¹⁶

Die aantal manlike en vroulike respondente het 'n goeie balans getoon, soos genoem in afdeling 7.5.2.¹¹⁷ Die gemiddelde ouderdom van die respondente was 59 jaar. Die 75 respondente het nege-en-dertig van die oorspronklike nedersetters verteenwoordig.¹¹⁸

Die tweede en derde generasie nasate het 'n hoër onderrigpeil as die pioniernedersetters gehad. Hulle het steeds individuele en kollektiewe herinneringe aan die vestiging van Skanskopeiland en die pioniernedersetters. Die tweede generasie beskik veral oor besondere groepsherinneringe, maar kon voorts bepaalde persoonlike herinneringe, wat van groot belang vir die studie is, oordra. 'n Klein persentasie van die nasate boer steeds op Skanskopeiland.¹¹⁹ 'n Groter persentasie het weggetrek om 'n lewe buite die boerdery te maak.¹²⁰

Uit die data verkry uit vrae A1 - A3 kan afgelei word dat onderrig en opleiding hoë prioriteit onder die nasate van die nedersetters geniet het. Die oop vrae het die hoë waarde wat die pioniernedersetters aan opleiding gekoppel is, bevestig. Die meeste pioniernedersetters het opleiding vir hul kinders as 'n prioriteit beskou en hul kinders aangemoedig om hulself te bekwaam in 'n beroep.¹²¹ Die tweede generasie het die waarde van opleiding en onderrig ook aan die derde generasie oorgedra. Uit die grafiek A1 - A3 kan bemark word dat daar by die derde generasie 'n stygende koers van opleiding aangedui word, wat toon dat die derde generasie baie ontvanklik was vir opleiding en onderrig en die geleentheid daartoe gebruik het.¹²²

Resultate verkry uit die analise van die bepaalde respons dui voorts aan dat onderwys en opleiding 'n stygende tendens onder die derde generasie getoon het. Meer respondente uit die

¹¹⁶ Korrespondensie in besit van outeur. Om etiese redes word die name van die spesifieke respondente nie verstrekk nie.

¹¹⁷ Sien afdeling 7.5.2, pp. 323 – 324.

¹¹⁸ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie, pp. 1 - 2.

¹¹⁹ Republiek van Suid-Afrika, Departement van Waterwese en Bosbou, Skanskopeiland, lys van belasbare oppervlakte, 2010.

¹²⁰ CGVPA, Nasate adreslys - 2013, pp. 1 - 23.

¹²¹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 - D4.

¹²² C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", beskrywende statistiek per 2de en 3de generasie, p. 1.

derde generasie het tersiêre opleiding ondergaan as die van die tweede generasie. Die derde generasie het grotendeels hulself buite die boerderypraktyk in 'n beroepsrigting bekwaam. 'n Kleiner groepering van die derde generasie het boerdery op Skanskopeiland voortgesit. Uit hierdie gegewens kan afgelei word dat onderrig en opleiding vir die grootste persentasie ouers van wesenlike belang was en dat die meeste ouers voorsiening gemaak het vir studiegeld, hetsy kontant of met lenings.

Die verwerkte data uit die vraelyste dui daarop dat die werksetiek en harde selfwerkzaamheid van die pioniernedersetters neerslag gevind het in die karaktergesteldheid en aard van die tweede en derde generasie. Uit die ontleding van die oop vrae kom die swaarkry deurlopend as 'n subteks na vore en word oorskadu deur die gedeelde trots wat albei generasies oor die gesamentlike prestasie van die gemeenskap ervaar.

Uit die analise van die data is dit opmerklik dat die tweede en derde generasie oor die algemeen 'n redelike mate van welvaart en 'n beter lewensgehalte ervaar as dié van die pioniernedersetters.

Mullis argumenteer dat lewensgehalte en die geestesingesteldheid baat vind by ekonomiese voorspoed:

Respondents with higher levels of income (earned and total), net worth, and economic resource adequacy are generally happier than respondents with lower levels of economic well-being.¹²³

Tussen die eerste en derde generasie is 'n beduidende styging in lewenskwaliteit. Die aanname word bevestig deur die verwerking van data soos aangedui in afdeling 7.12.1.¹²⁴ As gevolg van hulle welvaartspeil kon hulle natuurlik ook 'n groter bydrae maak tot die ekonomiese en maatskaplike welsyn van die gemeenskappe waar hulle gevestig was.

¹²³ R.J. Mullis, "Measures of Economic Well-Being as Predictors of Psychological Well-Being", *Social Indicators Research*, vol. 26, no. 2, Maart, 1992, p. 129.

¹²⁴ Sien afdeling 7.12.1, p. 335 - 337.

Daar was egter ook 'n aantal pioniernedersetters wat nooit die minderwaardige mentaliteit te bowe kon kom nie en wie se nasate steeds nie 'n goeie lewenskwaliteit ervaar nie. Hierdie groepering is egter in die minderheid.¹²⁵

Samevattend kan gesê word dat die meeste pioniernedersetters op Skanskopeiland deur toegewyde selfwerksame optrede, konserwatiewe leefwyse, met aanhoudende aanmoediging hul kinders geïnspireer het tot die skep van 'n beter lewe as wat hulle gehad het. Die pioniers se geestelike nalatenskap getuig van 'n sterk geloof, innerlike krag en uithouvermoë. Hul strewe na sukses, die hardwerkendheid en 'n goeie humorsin te midde van swaarkry¹²⁶ is tesame met hulle geestelike nalatenskap die fondament waarop hulle nasate se karakter gebou is en hul welslae en vooruitgang berus.

¹²⁵ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 - D4.

¹²⁶ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 - D4.

HOOFSTUK 8

Gevolgtrekking

Die uitspraak van die NGK wat as vertrekpunt vir die studie dien, naamlik dat die armblanke iemand is wat sy vermoë tot 'n selfstandige bestaan verloor het en nie in staat was om sonder hulpverlening van buite vir homself of sy gesin 'n leefbare bestaan kon skep nie, het 'n uiters somber beeld van die sosio-ekonomiese omstandighede van die armblanke geskets.¹ Die beoordeling van die armblanke se mentaliteit het per implikasie die sosio-ekonomiese toekoms van die daaropvolgende generasie ingesluit.

Daarteenoor is die opmerking gemaak dat opheffing wel moontlik was onder sommige van die armes.² Hierdie opmerking het weerklank gevind in die talle oproepe om armes op te hef, wat vanuit die NGK en openbare mening gedoen is. Die hoop om 'n generasie te red, moes nie beskaam nie.

Die talle armsorgprogramme van die NGK³ en die staatsopheffingsprojekte⁴ waarmee gepoog is om die armblanke-probleem te stuit, het bevestig dat die kerk en staat daadwerklik wou optree en die erns van die toestand besef het. Pogings waarby die staat betrokke was, het as gevolg van 'n staatsvaderlike inslag grootliks daarin misluk om ekonomies-selfstandige landsburgers te skep.⁵ Die NGK het op sy beurt 'n wakende oog oor die armsorgprojekte gehou, om sodoende so ekonomies moontlik opheffing suksesvol toe te pas, soos met die Kakamas-arbeidskolonie bewys is.⁶

Die vestiging van Skanskopeiland as besproeiingsnederstelling in die 1930's het verreikende gevolge vir die grootste persentasie pioniernedersetters en hulle nasate gehad. Hierdie opheffingsinisiatief wat in Skanskopeiland toegepas is, het gelei tot 'n volhoubare besproeiingsnederstelling, waarby arm mense gebaat het. Nie net is hulleself opgehef nie, maar het die inisiatief ook die tweede en derde generasie geraak.

¹ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 17; Sien hoofstuk 1, afdeling 1.2.1, p. 6.

² J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. 17.

³ Sien hoofstuk 2, afdeling 2.2, p. 28 - 33.

⁴ Sien hoofstuk 2, afdeling 2.3, p. 34.

⁵ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. xxviii – xxxi; F. Wilson & M. Ramphele, *Uprooting...*, p. 318.

⁶ Sien hoofstuk 2, afdeling 2.2.1, pp. 28 - 29.

Die opheffingsinisiatief op Skanskopeiland is nie op 'n staatsvaderlike grondslag aangepak nie. Die fokus was ook nie op staatshulp nie, maar wel op eiehulp. Hieruit moes 'n selfstandige gees uit die as ontstaan en geestelike, ekonomiese en morele rehabilitasie plaasvind. Armblankes is op hierdie wyse die geleentheid gegee om 'n eiendom te bekom deur middel van selfwerksame arbeid en so hulle sosio-ekonomiese omstandighede te verbeter. Die verantwoordelikheid van opheffing en 'n beter lewe vir hul en hul kinders was van meet af voor hulle deur gelê. Selfwerksaamheid is deur die staat aangemoedig, deurdat min finansiële hulp aan die nedersetters verskaf is en 'n teenprestasie verwag is.

Ofskoon die staat 'n wakende oog oor die aanvanklike ontwikkeling op Skanskopeiland gehou het, moes die nedersetter eienaarskap van sy bestaansgehalte aanvaar. Hulle is van die begin af nie as proefhuurders beskou nie, maar as private kopers, van wie daar verwag is om 'n deel van die konstruksiekoste te dra deur hul arbeid beskikbaar te stel.

Die doel van hierdie studie, wat handel oor 'n armoedeverligting-inisiatief wat tot 'n volhoubare landbougemeenskap ontwikkel het, was om menslike vestiging en ontwikkeling van Skanskopeiland te dokumenteer en vas te stel op watter wyse die vestiging plaasgevind het. Voorts is die pioniernedersetters, wat deur hul selfwerksame optrede vanuit 'n staat van inherente armoede tot 'n redelike mate van welvaart gevorder het, se optrede gedokumenteer en geïnterpreteer. Aspekte van die kulturele erfenis van hierdie gemeenskap is ook opgeteken. Daarby is die vlak van ekonomiese volhoubaarheid van die nedersetting ondersoek en bepaal tot watter mate die opheffingsinisiatief 'n invloed op die beroepsukses en lewenskwaliteit van die nedersetters se nasate gehad het.

Die navorsingsvrae wat hieruit spruit, fokus hoofsaaklik op die selfwerksame vestiging, opbou van die besproeiingsnedersetting, asook die invloed op die nasate se lewe:

- Waaruit het hierdie opheffingsinisiatief ontstaan?
- Wat was die invloed van die Carnegiekommissie se bevindings en die NGK op die opheffingsinisiatief?
- Watter rol het die nedersetter en die staat gespeel? Watter probleme moes die nedersetter oorbrug?
- Hoe is die natuur ingespan om te help met die menslike vestiging op die eiland?

- Watter besondere kultuurerfenis het die samelewing van Skanskopeiland nagelaat?
- Was hierdie opheffingsinisiatief ekonomies volhoubaar? Was daar enigsins sprake van welvaartskepping?
- Watter uitwerking het die opheffing op die pioniernedersetter en sy nasate se lewenskwaliteit gehad?

Om tot 'n gevolgtrekking te kom, moet elke vraag allereers apart benader word, alvorens die bevindings, wat tot 'n groot mate ineenvloei, as 'n geheel bespreek word.

Die omgewing van Skanskopeiland het hom uitstekend geleen tot besproeiingsboerdery. Die Oranjerivier-eilande rondom Keimoes is reeds teen 1906 ontgin, soos byvoorbeeld Rooikopeiland, wat op die pagstelsel bewerk is.⁷ Heelwat faktore het in die guns van besproeiingsboerdery langs die Oranjerivier getel. Hier was vrugbare slikgrond teen die rivieroewer, ryp vir bewerking, soos Frank se aansoek om die huur van die eiland in 1909 bewys het.⁸ Die rivier het nie deur 'n diep ravyn gevloei nie, wat die uithewel van die water vir besproeiing makliker gemaak het.⁹ Schröder se baanbrekerswerk met besproeiing in Upington en Keimoes,¹⁰ asook die suksesvolle besproeiingsboerdery by die Kakamas-arbeidskolonie,¹¹ was 'n goeie aanduiding van boerderygeleenthede wat in die omgewing bestaan het. Genoeg water was beskikbaar om kontantgewasse soos koring, lusern en boontjies, te verbou. Toegang tot die eiland is met die bou van die brûe vergemaklik.¹² Alhoewel markte vir produkte ver was, is die probleem van vervoer gedeeltelik uitgeskakel deur die treinspoor wat vanaf Upington na Kakamas gebou is.¹³

Ondersoeke wat in die vroeë twintigerjare van stapel gestuur is om die waarde van die eilande te bepaal, toon aan dat Skanskopeiland se grond van die beste en vrugbaarste in die omgewing was. Die staat was huiwerig om van die eiland 'n hawe vir armes te maak, nie net omdat die

⁷ SAB, ACT, band 13, lêer 470/4, verslag, Landmeter-generaal - Landsraad, 11/08/1908.

⁸ Sien hoofstuk 2, afdeling 2.4.1, p. 39.

⁹ SAB, LBD, band 2327, vol. 1, lêer R3419, verslag, H. Du Toit, "The Orange River and Poor Whites", p. 1.

¹⁰ SAB, LBD, band 2327, vol. 1, lêer R3419, J.W.L. Hofmeyr, "The Orange River, Nile of South Africa", p. 2.

¹¹ P. du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres...*, p. 281; J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. xxviii - xxxi; J.R. Albertyn, *Die armblanke...*, p. 142.

¹² SAB, LBD, band 2327, vol. 1, lêer R3419, verslag, H. du Toit, "The Orange River and Poor Whites", p. 2.

¹³ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 182; SAB, LBD, band 1682, lêer 1904/26, R.W. Thornton, "Memorandum on Agriculture, Orange River valley between Upington and Aughrabies Falls", pp. 1 - 2.

koste verbonde aan die infrastruktuur so hoog was nie, maar veral omdat die grond soveel potensiaal ingehou het. Ontwikkeling deur privaatkontrakteurs is meer wenslik geag.¹⁴

Watter faktore het dan aanleiding gegee daartoe dat dié gesindheid na 1930 verander het?

Turton dui aan dat daar na 1930 heelwat druk van die openbare mening, kerk en gemeenskap was om meer besproeiingsgeleenthede op die platteland te skep, waardeur arm mense gehelp kon word om 'n onafhanklike ekonomiese bestaan te voer.¹⁵

Na die samesmelting in 1933 het die Nasionale Party, wat die amptelike opposisie was, die lot van die armlankes as 'n prioriteit beskou en is die kwessie dikwels in die debatte van die parlement geopper.¹⁶

Die rol van die NGK met hierdie veranderde gesindheid moet nie onderskat word nie.

Toenemende druk van die NGK het meegehelp tot die vestiging van armlankes op Skanskopeiland. Deur die volgehoue betrokkenheid by armoedeverligting, was die kerk baie ingelig oor die sedelike en morele verval onder armlankes wat verstedelik het.¹⁷ Die NGK het hom om dié rede voortdurend daarvoor beywer om die armlanke uit die delwerye en die stad te hou, asook om die selfstandig-ekonomiese voorbestaan van die arme en sy nageslag te verseker. Na aanleiding van die artikels van Hofmeyr en Fourie wat in *De Kerkbode* van Julie 1927 verskyn het, het die staat dit sterk oorweeg om besproeiingsnedersettings teen die Oranjerivier te vestig.¹⁸ Korrespondensie van die Sekretaris van die Departement van Landbou dui aan dat Hofmeyr se pleidooi 'n betekenisvolle rol gespeel het in die oopstel van staatseilande teen die rivier vir besproeiingsdoeleindes, soos die van Skanskopeiland.¹⁹ Vader Kestell se pleidooie in *De Volksblad* het die nasionale bewustheid oor armsorg verskerp. Daar moet egter gelet word daarop dat in teenstelling met die waaksame oog van die NGK wat die Kakamas-projek suksesvol laat groei het,²⁰ die kerk met Skanskopeiland se ontwikkeling, soos

¹⁴ Sien hoofstuk 2, afdeling 2.4.1, p. 39; SAB, ACT, band 8, lêer nr. 470/4, verslag aan Sekretaris van Lande i.s. Oranjeriviereilande, 22/05/1916.

¹⁵ A.R. Turton *et al.*, "A hydropolitical history...", p. 168.

¹⁶ L. Koorts, *D.F. Malan and the rise...*, pp. 153 - 158.

¹⁷ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 25.

¹⁸ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.2.1, p. 72; J.W.L. Hofmeyr, "Oranjerivier, die Nyl van Suid-Afrika", *De Kerkbode*, 06/07/1927, p. 16.

¹⁹ SAB, LBD, band 2327, vol. 1, lêer R3419, verslag, H. du Toit, "The Orange River and Poor Whites", p. 1.

²⁰ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 28.

ander denominasies, alleen 'n ondersteunende rol op die geestelike en maatskaplike vlak gespeel het.

In Keimoes en omgewing het die armoede in die omgewing na die aanhoudende droogte in die laat twintigerjare sterk toegeneem. Onder sommige armes in die omgewing het selfs hongersnood geheers.²¹ Druk is op die staat uitgeoefen vanuit die plaaslike gemeenskap in vorm van petisies en versoekskrifte om armes op Skanskopeiland te vestig.

Twee bepalende gebeurtenisse het veral 'n beduidende rol in die vestigingsbeleid van Skanskopeiland gespeel. Eerstens het die Carnegiekommissie in 1932 'n beroep op die staat gedoen om die weg van die Kakamas-arbeidskolonie te volg, met meer soortgelyke besproeiingsnedersettings in die platteland, om sodoende aan die groot armblanke-populasie verligting te bring. Nadat die bevindings van hierdie ondersoek bekend gemaak is, is verdere druk op die staat geplaas deur die toenemende etiese en maatskaplike bewuswording onder die publiek en die media oor die erns van die armoede-probleem.²²

Tweedens het die afgevaardigdes van die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk wat in Oktober 1934 in Kimberley gehou is, voorstelle vir die hervestiging van armblankes op die platteland gemaak, wat ooreengestem het met die aanbevelings van die Carnegiekommissie. Hierdie belangrike konferensie het 'n bewuste verantwoordelikheid teenoor die blanke armes by die NGK, organisasies en ander afgevaardigdes wat die byeenkoms bygewoon het, geskep. Die ideaal was ekonomiese sowel as geestelike en morele rehabilitasie.²³ Daar kan derhalwe verseker aangeneem word dat die tydgenootlike regering kennis geneem het van hierdie voorstelle en versoeke.

Op watter wyse was die staat by die opheffingsinisiatief op Skanskopeiland betrokke?

Heelwat kleiner en groter besproeiingskemas is deur die regering aangepak, waardeur daar gepoog is om armoedeverligting te bring, maar die kleiner skemas het dikwels nie geslaag nie, juis as gevolg van te veel staatshulp aan armes. Die staat was nie begerig om meer mislukkings

²¹ SAB, ACT, band 6, lêer 470, verslag, D.P. Liebenberg, E.B. Watermeyer & P.A.B. Faure, "Disposal of the islands in the Orange River, Division Kenhardt", 15/01/1923; SAB, ACT vol. 13, lêer nr. 470/42, brief, F.S. le Roux & A.S. Brink – Provinsiale Verteenwoordiger, 07/07/1935.

²² J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating...*, p. xxviii – xxxi; J.R. Albertyn, *Die armblanke...*, p. 142.

²³ Sien hoofstuk 2, afdeling 2.5.1, p. 55.

op sy kerfstok te ryg nie.²⁴ Daar was derhalwe groot huiwering by die staat om besproeiingskemas wat armoedeverligting ten doel gehad het op die Oranjeriviereilande aan te pak, veral waar die staat vir die kostes moes instaan.²⁵

Ofskoon die verantwoordelikheid en eienaarskap vir die sukses van die onderneming op Skanskopeiland by die nedersetters berus het, het die staat 'n deurslaggewende rol gespeel om sukses te verseker.²⁶ Die staat het daarin geslaag om die projek met 'n fyn balans tussen hulp en eie hulp te hanteer en sodoende die nedersetter tot selfstandigheid te begelei, soos Fourie die ideaal met sy openingstoespraak tydens die Volkskongres uitgedruk het.²⁷

Die voorbereidende konstruksiewerk is deur die staat onderneem. Dit het behels dat die water tot op die hoogste punt in Skanskopeiland gebring is en die kanale op die eiland uitgemeet en afgesteek is.²⁸

Na die proklamasie van Skanskopeiland is die erwe uitgegee op die voorwaarde van selfwerkzaamheid en gegrond op 'n teenprestasie van die nedersetters. Dié beleid was in direkte teenstelling met die voorafgaande jare se beleid van staatshulp aan armes.²⁹ Die oogmerk was, in die gees van voorstelle gemaak deur die Carnegiekommissie en die Volkskongres, om 'n selfstandige en ekonomies-volhoubare nedersetting tot stand te bring, vry van staatshulp, asook om blanke armes in 'n selfversorgende posisie te plaas waar hulle kon deel word van die land se ekonomies-selfstandige verbruikers wat 'n beskaafde lewe lei.³⁰

Die staat se uitgawes was maar min in vergelyking met die bydrae tot ander besproeiingsnedersettings, waar baie byvoordele die nedersetters se vestiging vergemaklik het.³¹ Teen 1940 het dié uitgawes £9,997 [negeduisend negenhonderd sewe-en-negentig pond]

²⁴ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, 29/03/1934, deel 22, kol. 1766.

²⁵ SAB, ACT, band 6, lêer 470, verslag, D.P. Liebenberg, E.B. Watermeyer & P.A.B. Faure, "Disposal of the islands in the Orange River, Division Kenhardt", 15/01/1923, p. 8.

²⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol 1, verwysingsnr.200/176, brief, Direkteur van Besproeiing, F.T. Patterson – Sekretaris van Lande, 11/03/1936.

²⁷ Sien hoofstuk 2, afdeling 2.5.2, p. 55; P. du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres...*, p. 22.

²⁸ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 26/M.36, brief, G.R. Ritchie - Direkteur van Besproeiing, F.T. Patterson, 12/12/1935; DWASU, (SV), band M.37, vol. 4, verwysingsnr. 4051/K.51, verslag, F.C. Hugo, Sektie-ingenieur – Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 2.

²⁹ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 24722, diensbrief nr. 470/14, Direkteur van Besproeiing, – Sekretaris van Lande, 21/11/1935; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 200/176, brief, Direkteur van Besproeiing, F.T. Patterson – Sekretaris van Lande, 11/03/1936.

³⁰ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.3.1, pp. 55 – 56.

³¹ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.5.1, p. 126.

beloop.³² Die staat het egter deur die selfwerksame vestiging 'n merkwaardige bydrae tot armoedeverligting gelewer, omdat nie net persone sonder eiendom die geleentheid tot grondbesit verkry het nie, maar daar in die konstruksieperiode aan die pioniers en ander werklose armblankes werk verskaf is.³³

'n Beleid van 'geen werk geen betaling' is gevolg. Die voorwaarde van eiehelp en selfwerkzaamheid wat met hierdie vestiging gevolg is, is sonder uitsondering toegepas.³⁴ Druk is hiermee op die nedersetters geplaas om volle verantwoordelikheid en eienaarskap vir hul persoonlike welstand te aanvaar, in teenstelling met die staatsvaderlike beleid wat die staat voorheen toegepas het. Daarbenewens is daar ook onder die meerderheid nedersetters 'n werksetiek gevestig, wat oorgedra is na die volgende generasie.³⁵

Die staat se rol was dié van 'n beplanner en tegniese adviseur in 'n toesighoudende hoedanigheid. Die pioniernedersetter is deur die staat begelei op die weg na volle selfstandigheid. Deur die daarstelling van simpatiekgesinde raadgevende ingenieurs, mentors en toesighouers,³⁶ kon die nedersetters hulle voete vind en die mentaliteit van 'n minderwaardige staatslastige afskud.

In die eerste tien jaar is daar benewens gereelde inspeksies, toesighoudende en adviserende beheer deur die Superintendent van Lande uitgeoefen. Die konsekwente toepassing van die mentorskap van A.S. Brink, die aangewese Superintendent van Lande, het bygedra daartoe dat die bestuursraad, wat uit die geledere van die nedersetters verkies is, ordelike bestuur en beheer in die klein gemeenskap kon toepas. Hy het inderdaad die plek van 'n toegewyde mentor volgestaan. Die periode waartydens Brink die bestuurskomitee bygestaan het, het as leerskool en motivering vir die onervare pioniernedersetters gedien.

³² Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 65-'1950, verslag van die Direkteur van Besproeiing, 01/04/1948 - 31/04/1949, p. 19; DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 4051/K.51, verslag, F.C. Hugo, Sektie-ingenieur – Direkteur van Besproeiing, 06/03/1954, p. 1; DWASU, (SV), band M.37, vol. 6, opsomming van die geskiedenis van Skanskopeiland, p. 1.

³³ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.3.1, p. 81.

³⁴ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.4, p. 96.

³⁵ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 – D4.

³⁶ DWASU, (SV), band M.36, vol. 1, verwysingsnr. 2271, brief, F.T. Patterson – M. Ackerman, 11/02/1936; SNBA, afskrif serwituutooreenkoms Skanskopeiland – Rooikopeiland, 06/08/1949.

Voorts het die keuringskomitee met die keuse van nedersetters seker gemaak dat daar leiersfigure in die klein gemeenskap geplaas word wat inisiatief kon neem met die boerderypraktyk, bestuur van die nedersetting, asook die uitvoer van besluite, soos Brink se keuse van plaaslike bestuur bewys het.³⁷ Daardeur is die onseker en dikwels onervare pioniernedersetter gelei tot selfstandige denke en innoverende optrede, wat bygedra het tot die sukses van die nedersetting.³⁸

Die aanspreeklikheid wat die staat vir noodsaaklike onderhoudswerk aan die deur van die nedersetters gelê het, het bygedra tot die gevoel van eienaarskap en medeverantwoordelikheid vir die vooruitgang van die nedersetting. Die staat het met hierdie beleid daarin geslaag om 'n groep swak-geletterde nedersetters te begelei tot die onafhanklike bestuur van die nedersetting. Die staat se grootste bydrae was nie soseer geleë in die finansiële bydrae met die voorbereidings nie, maar juis in die ondersteunende en adviserende bystand, wat aan die pioniernedersetters die geleentheid gebied het om hulle eie vaardighede te ontdek en te ontwikkel. Die gekeurde nedersetters is as 'baie swak' bestempel.³⁹ Die pioniernedersetters was grotendeels half-geskoolde blanke armes sonder enige vaste inkomste. Met sy bepaalde bates en laste, asook die grootte van die deursnee gesin in ag geneem, was daar eintlik 'n skraal kans dat hierdie projek lewensvatbaar sou wees.⁴⁰

Die teendeel is egter bewys: Uit die skynbaar swak gehalte nedersetters was daar pioniers wat met moed en durf na vore getree het en daardeur die juk van armoede afgegooi het. Hulle het die geleentheid tot 'n beter lewe aangegryp toe hulle die kans gebied is om hulle positiewe eienskappe te ontwikkel tot hul eie voordeel.

Die staat het derhalwe 'n uiters belangrike plek in die ontwikkelingsfase ingeneem, deur hierdie groepie ongeskoolde, nedersetters met tegniese raad en hulp, finansiële bystand, alhoewel baie min, asook mentorskap te begelei op die pad na 'n ekonomiese volhoubare nedersetting. Per implikasie het die staat se optrede ook die daaropvolgende generasie se welstand beïnvloed.

³⁷ Sien hoofstuk 3, afdeling 3.5, p.115.

³⁸ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 4, verslag, Kaapse Landraad, 4 - 6 November 1937.

³⁹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/1, vol. 4, verwysingsnr. 470/14/, brief, Kaapse Landsraad, insake toekenning van 64 erwe, Skanskopeiland, afdeling Kenhardt, 30/10/1937.

⁴⁰ SAB, ACT, band 8, 470/14, vol. 4, Skedule van aansoekers vir eiendom op Skanskopeiland, 27/10/1937, p. 1 - 17; Sien hoofstuk 3, afdeling 3.4.2, p. 99.

Ten spyte van verswarende omstandighede, soos armoede, minderwaardigheid, onkundigheid en half-geskooldheid, het die pioniernedersetters met ongeken de durf en deursettingsvermoë die bykans onmoontlike verrig, deur die ruwe eiland binne tien jaar te omskep tot 'n selfstandige, ekonomies-lewensvatbare besproeiingsnederstelling.

Die natuurlike omgewing het talle struikelblokke in die pad van menslike vestiging gestel. Bome moes verwyder word, duine moes platgesleep word, paaie moes gemaak word. Die nedersetters het nie die gebruik van gespesialiseerde grondverskuiwingsmasjinerie gehad, soos wel in Kakamas in 1938 gebruik is nie.⁴¹ Alle vestigingswerk en kanaaluitgrawings tot ongeveer 1941, is deur die nedersetters en ander blanke werkloses met handarbeid verrig. Hulle praktiese bekwaamheid het tot hul voordeel gedien. In die sweet van hulle aangesig het die pioniers dus die wildernis "getem" en mettertyd die basiese infrastruktuur, in die vorm van onder meer kanale, pype, paaie, brûe, huise, store en sanitasiegeriewe, geskep wat die grondslag vir die boerdery en die verdere ekonomiese ontwikkeling van die eiland gelê het.

Die verslag van die kommissie insake verligting aan setlaars van 1934, verwys na die probleem van "staatsvaderlikheid", wat gelei het tot teleurstelling, omdat grond dikwels toegeken is aan persone sonder die nodige kapitaal, bekwaamheid of ywer.⁴² Die kommissie merk op dat die kriteria waaraan die sukses van so 'n nederstelling gemeet moet word, nie alleen aan die ekonomiese toestand van die nedersetters gemeet moet word nie, maar ook aan die sielkundige uitwerking wat dit op die nedersetters gehad het.⁴³ Aan dié stelling gemeet, het die vestiging op Skanskopeiland alle verwagting oortref. Die staat het daarin geslaag om die meeste nedersetters in 'n ekonomiese onafhanklike posisie te plaas, waar hulle bloot teenoor hulleself verantwoording moes doen en gemeenskaplike eienaarskap van die welslae of mislukking van die projek moes aanvaar. Daarbenewens het die grootste persentasie nedersetter met die verkryging van eiendom 'n mentaliteitsverandering ondergaan en 'n nuutgevonde selfversekerdheid en selfrespek ontwikkel. Die status as die van grondeienaars het 'n verreikende invloed op hul selfbeeld en eiewaarde gehad: Die nedersetter se status het verander van armlastige met geen of min bates, na die van 'n grondbesitter of "boer".⁴⁴ Die

⁴¹ H.C. Hopkins, *Kakamas...*, p. 219; DWASU, Fotoversameling 1930 - 1940. [Geen liasseernommer op lêer gevind nie.]

⁴² Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 25'35, Die verslag van die kommissie insake verligting aan setlaars, 1934, p. 56.

⁴³ Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 25'35, Die verslag van die Kommissie insake verligting aan setlaars, 1934, p. 56.

⁴⁴ NJVPA, bewys van N.J. Visser se weermagdiens, 09/10/1945.

status was grootliks bepalend vir die groei van die nedersetters se trots en karakter binne die breër gemeenskap, aangesien baie verkies is tot kerkraadslede, asook kommissies binne die verskillende kerke. Opsommenderwys het daar onder die grootste meerderheid nedersetters nie net ekonomiese rehabilitasie plaasgevind nie, maar het hulle ook 'n geestelike rehabilitasie ondergaan.

'n Uiteraard belangrike kriteria waarteen die sukses van die nedersetting gemeet kan word, is die aantal kroongrondbriewe wat binne die eerste tien jaar uitgereik is. Bykans 43% van die nedersetters het binne die eerste tien jaar grondbesitters geraak. Die aantal kroongrondbriewe, 27 in getal, is eerstens 'n bewys van grondeienaarskap en voorts 'n stawende bewys daarvan dat die nedersetters vir hulself 'n beter lewe geskep het.

Die meeste nedersetters het ontwikkel tot boere in eie reg binne die klein samelewing en het geestelike en matige ekonomiese welvaart ondervind. As grondbesitters was hulle nie meer afhanklik van die staat vir lewenshulp of enige kerklike sorg nie, maar selfstandige huisgesinne wat deel was van die ekonomie van die land.⁴⁵ Die meerderheid nedersetters was ook kredietwaardig en kon by die Landbank 'n lening aangaan. Daarby het hierdie nedersetter kapitaalkragtig geraak en kon hy hierdeur 'n redelike lewenstandaard handhaaf. Op hierdie wyse is hy sosiaal en maatskaplik gerehabiliteer. Hierdeur is die mentaliteit van armoede gebreek tot voordeel van die daaropvolgende generasies. Van Niekerk ondersteun dié mening wanneer hy oor die nedersetting by Kanoneiland skryf:

Ons was baie arm, maar ons was nooit bedelaars nie en nooit 'n las vir die staat nie. Ons het 'n bate geword.⁴⁶

Ekonomies beskou het nie net die nedersetter nie, maar ook die staat gebaat by die sukses van die nedersetting. Alhoewel die aantal nedersetters nie 'n beduidende getal armblankes was wat opgehef is nie, het hulle ontwikkel vanaf staatsafhanklikes tot belastingbetalers wat gevolglik 'n bydrae tot die staatskas kon lewer, hoe gering ook al.⁴⁷

⁴⁵ NJVPA; Eerste en finale likwidasië en distribusierekening van die boedel van wyle N.J. Visser; Verklaring vir persoonlike belasting, C.F.M. Visser, 1948 boekjaar.

⁴⁶ A.A.J. van Niekerk, *Kanoneiland, 1928 - 1978*, p. 99.

⁴⁷ NJVPA, eerste en finale likwidasië en distribusierekening van die boedel van wyle N.J. Visser; Verklaring vir persoonlike belasting, C.F. Visser, 1948 boekjaar; B.J. Momberg, boekhouding, 01/06/1947 – 1948.

Voorts kon die staat reeds in 1947, bykans tien jaar na proklamasie, aan die nedersetting onafhanklike status toeken.⁴⁸ Behalwe dat Skanskopeiland as nedersetting ekonomies selfonderhoudend geraak het, is daar in 1947 na die goedkeuring van Wet nr. 24 van Skanskopeiland, selfstandige bestuur aan die eiland toegeken.⁴⁹

Die Minister van Lande, A.M. Conroy het in 1947, tydens die bespreking van die wetsontwerp op die Skanskopeiland-nedersetting wat voorsiening sou maak vir die skep van 'n selfstandige bestuursraad, sy duidelike tevredenheid ten opsigte van die prestasievlak van die nedersetting uitgespreek met die opmerking dat die nedersetters binne die eerste dekade van die nedersetting 'n ekonomies-selfstandig en selfversorgende gemeenskap geraak het.

Die nedersetters op Skanskop maak 'n baie goeie bestaan: Hulle doen baie goed.

In die seisoen van 1945 - '46 bv. het hulle oeste 'n bedrag van £41,000 ingebring.

Gemiddeld £650 per nedersetter het hulle gemaak in daardie jaar.⁵⁰

Die inkomste van die nedersetters in 1946, 'n skrale 8 jaar na die aanvang van die nedersetting, is sterk 'n aanduiding van die sukses van hierdie projek. Daar was 'n geleidelike opwaartse beweging van ekonomiese ontwikkeling. Die erwe is gaandeweg in volle produksie gestel. Die armoede het nie oornag verdwyn nie. Tog het die ideaal van eie grond en 'n beter lewe as dié van kneg, swerwer of huurling, mettertied vir die nedersetters 'n werklikheid geword.

Werksekerheid en persoonlike eiendom het vir die pioniernedersetters groot verligting gebring ná die onstabiele swerwerslewe en armoedige bestaan wat hulle voorheen ervaar het.⁵¹ Deur 'n vaste inkomste uit die boerdery en met die sekuriteit wat die besit van eiendom hulle gebied het, sou hulle ook in staat wees om aan hulle kinders 'n beter toekoms te bied, anders as wat hulle ervaar het. Die hernieude opbloeit van Afrikanernasionalisme het ook 'n bydrae gelewer tot die versterkte werksywer, deurdadigheid van die nedersetters kon identifiseer met die

⁴⁸ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, deel 60, 1947/02/21 – 1947/04/25, kol. 2228.

⁴⁹ SNBA, Skanskop Nedersettingswet, Wet nr. 24 van 1947, Unie van Suid-Afrika, p. 1.

⁵⁰ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, deel 60, 1947/02/21 – 1947/04/25, kol. 2228.

⁵¹ CGVPA, onderhoud C_01, W.F. Hanzen, Skanskopeiland, 07/03/2010; J.M.C. Venter, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012; E.W. Visser, mondelinge onderhoud, Omstaan, Skanskopeiland, 19/02/2014.

eiesoortige ontwaking van die Afrikanervolk.⁵² Dit was op sigself ’n motivering tot vooruitgang. Dié drang na vooruitgang en opleiding is na die volgende generasie oorgedra.⁵³

Twintig jaar na die vestiging van die nedersetting was 39 van die oorspronklike nedersetters, wat 65% uitmaak, nog steeds in ’n volhoubare boerdery en was almal se belasting op datum met bykans 42% reeds grondeienaars.⁵⁴

Op maatskaplike gebied was die ontwikkeling aanvanklike stadig. Die pioniernedersetters was gewoon aan ’n eenvoudige leefwyse. Die mate van voorspoed wat hulle mettertyd beleef het, kon nie onmiddellik die eenvoudige bestaanswyse ophef nie, omdat dit ’n vasgelegde leefwyse was. Hierdie proses het geleidelik plaasgevind, in pas met die geestelike en ekonomiese ommekeer. Die plaaslike skoolnotuleboeke van 1939 – 1948 lewer getuienis van die strawwe armoede en gereelde hulpverlening aan talle kinders uit nedersettersgesinne van Skanskopeiland.⁵⁵ Die status van die kinders word as ‘baie arm’ aangegee.⁵⁶ Natuurrampe soos droogtes, vloede, ryp en hael het ’n merkbare invloed op die vooruitgang van die eilandgemeenskap gehad en het veroorsaak dat daar nog meer beperkend geleef is.⁵⁷ Sommige pioniernedersetters het min waagmoed getoon om uit te brei. Mondelinge en skriftelike getuienis het bevestig dat die vrees vir ’n armoedige bestaan nooit verdwyn het nie en innoverende denke gedemp het. Hierdie tipe denkwyse het veroorsaak dat daar baie min grondvermeerdering in die pioniernedersetters-era plaasgevind het.⁵⁸ Uitsprake dat die pioniernedersetters geleenthede om uit te brei laat verbygaan het uit vrees vir ’n herhaling van die armoedige bestaanswyse of dat hulle tevrede was met ’n kleinboerbestaan ter wille van ’n

⁵² J.J.C. Smit, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 16/07/2011; H.S.B. Basson, *Skanskop...*, pp. 10 - 11; E.W. Visser, mondelinge onderhoud, Omstaan, Skanskopeiland, 19/02/2014; M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013.

⁵³ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap", interpretering van respons op vraag D2 – D4.

⁵⁴ SNBA, belastingopgawe 1958; Aktesondersoek nr. 1058, 08/12/1961.

⁵⁵ Hoërskool Keimoes, Notuleboekinskrywings tussen 1936 - 1948.

⁵⁶ Name is aan outeur bekend, maar word om vertroulikheidsredes verswyg.

⁵⁷ SAB, VWN, band 2641, lêer P6/29, verwysingsnr. 18/12/8/2, verslag, "Armsorg aan oewerbewoners teen die Oranjerivier", Volkswelsynbeampte, Kimberley – Sekretaris van Volkswelsyn, Pretoria, 5/11/1955; SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. S.W.P., 6/29, verslag, G. Nortjé, Beampte-in-bevel, Volkswelsyn, "Noodleniging as gevolg van vloedskade, 15 Oktober 1957", 05/09/1956; Z. P. van Wyk, mondelinge mededeling, Keimoes, 11/10/2013; SAB, VWN, band 2641, vol. 3, lêer P6/29, verwysingsnr. S.W.P., 6/29, verslag, G. Nortjé, Beampte-in-bevel, Volkswelsyn, "Noodleniging as gevolg van vloedskade, 15 Oktober 1957", 05/09/1956.

⁵⁸ M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 02/07/2013; J.A. Pool, Persoonlike geskrifte, 15/07/2013; C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap", interpretering van respons op vraag D2 – D4.

bestaansekerheid, bevestig die aanname.⁵⁹ Die tweede generasie het meer waagmoed aan die dag gelê, meer selfversekerd geraak en grondbesit uitgebrei,⁶⁰ terwyl die derde generasie die boerdery op 'n wetenskaplike wyse bestuur.⁶¹

Ten spyte van hul beperkte bestaan, het die nedersetters geleidelik 'n redelike vlak van welvaart geniet. Alhoewel nooit welgesteld nie, kon hulle 'n goeie lewenstandaard handhaaf. Die besproeiingsnedersetting op Skanskopeiland kan beskryf word as 'n suksesvolle armoedeverligtingsprojek, waardeur die armblanke deur ywer 'n ekonomies-onafhanklike status verkry het. Dié stand van sake het veral daartoe bygedra dat daar 'n mentaliteit van trotse onafhanklike selfversorging gevestig is.

Met die verkryging van selfstandige bestuur het die nedersetter 'n wettige stem verkry om oor sy toekoms te besluit. Kritiese denke is ontwikkel deur die nedersetters wat op die bestuursraad gedien het, terwyl die nedersetter wat deel was van die algemene publiek, ook sy stem kon laat geld. Die nedersetter kon sy eiendom beskerm deur sy besluitnemende stem op vergaderings te gebruik, soos die ontevredenheid oor die waterleibeurte bewys het.⁶² Daarby het die eilandgemeenskap demokraties besluit om die koste aan te gaan om die kanale met beton uit te voer, tot voordeel van die individu, maar ook tot voordeel vir vooruitgang van die eilandgemeenskap. Met hierdie onderneming het die staat steeds die beginsel van selfwerkzaamheid toegepas, deurdat die grootste gedeelte van die koste deur die nedersetters betaal is.

Die noue sosiale omgewing waarbinne die samelewing van Skanskop gefunksioneer het, het 'n onbewustelike sielkundige druk op die meerderheid van die nedersetters geplaas om steeds beter te presteer. Dié benadering het tot 'n positiewe uitwerking op die kollektiewe selfbeeld van die grootste persentasie nedersetters gelei, wat, ten spyte van terugslae soos waterskaarste, swak oeste, ryp en hael, of peste onder gewasse, vorentoe gebeur het. Daarbenewens het die pioniernedersetters 'n trotse selfbewustheid ontwikkel ten opsigte van

⁵⁹ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap", interpretering van respons op vraag D2 – D4; J.A. Pool, Persoonlike geskrifte; M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 01/07/2013.

⁶⁰ SNBA: Aktesondersoek nr. 1058, 08/12/1961; SNBA, Departement van Besproeiing, 1975-waterinlystingrekord vir Skanskopeiland.

⁶¹ C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

⁶² Sien hoofstuk 4, afdeling 4.5, pp. 187 – 192.

hulle eiewaarde en grondbesitterskap. Die nedersetters in Skanskopeiland het daardeur 'n eiesoortige samelewing gevorm wat as 'n eenheid gefunksioneer het.

Die meerderheid van die nedersetters wat hier 'n heenkome in hul armoede kom soek het, is uit hul armoede gerehabiliteer deur selfwerkzaamheid en kon daarin slaag om die armoede en die slagoffermentaliteit af te skud en aan hulle kinders 'n behoorlike bestaan na te laat. Soos blyk uit mondelinge herinneringe en persoonlike geskrifte was daar 'n sterk drang onder die nedersetters om aan hulle kinders 'n beter lewe te voorsien.⁶³ Die kinders het byna almal 'n hoër vlak van onderrig ontvang as die meeste ouers.

Die ontwikkeling van die eiland het in drie fases plaasgevind. Die eerste fase was die tydperk van vestiging en oorlewing te midde van moeilike omstandighede. Die tweede fase is ingelui deur die infasering van selfstandige bestuur vir die eiland na die aanvaarding van die Wet op Skanskopeiland in 1947. Die derde fase van ontwikkeling het plaasgevind nadat die damme in die rivier gebou is en die rivier se vloei gestabiliseer is. Dié fase word gekenmerk deur die toepassing van moderne landboupraktyk, wat ontwikkeling en vooruitgang bespoedig het.

Opsommenderwys het die pioniernedersetters 'n ruwe, onontwikkelde gebied met uiterste arbeidsaamheid omvorm tot op 'n vlak van ekonomiese produktiwiteit. In samewerking met die staat en die mentorskap van Brink en sy opvolgers, is die nedersetting begelei tot selfstandige bestuur. Die aanwending van die rivier as natuurkrag het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die eiland. Die nedersetting is sonder enige eksploitering van inheemse bevolkingsgroepe gevestig, soos tipies was op ander vlakke van tydgenootlike ekonomiese ontwikkeling, soos byvoorbeeld die mynwese. Die grootste persentasie van die nedersetters was bereid om, ten spyte van persoonlike armoede en soms broodgebrek, te volhard ten einde 'n volhoubare voortbestaan vir hulle self en hulle nageslag daar te stel.

'n Kombinasie van gunstige eksterne en interne faktore het derhalwe tot die sukses van Skanskopeiland as besproeiingsnedersetting bygedra. Ekstern was die omgewingsfaktore (die relatiewe bestendige beskikbaarheid van water uit die rivier, asook die besondere vrugbaarheid van die grond) en die politieke klimaat van 'n goedgesinde regering vir wie die verligting van

⁶³ E.M. Siepker, Persoonlike geskrifte, 03/04/2013; M.C.B. Smit, Persoonlike geskrifte, 01/07/2013; H. Grebe, Persoonlike geskrifte, 06/07/2013; C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap", interpretering van respons op vraag D2 – D4.

blanke armoede 'n prioriteit was) gunstig. Intern was die mensekapitaal (die nedersetters wat gewillig deur mentorskap begelei is tot die basiese kennis en vaardighede om suksesvol te kan boer; die innerlike dryfveer wat die pioniernedersetters gehad het om hulle en hul gesinne se lewensomstandighede te verbeter, asook die sterk gemeenskapsgevoel van kollektiewe eienaarskap) 'n onontbeerlike bate. Die kumulatiewe effek van hierdie gunstige faktore was kragtig genoeg vir die nedersetters om as individue en as 'n gemeenskap die remmende faktore, soos die natuurlike omgewing wat nie landbougereed was nie, natuurrampe en karige ekonomiese hulpbronne, te oorkom en 'n sukses van die onderneming te maak.

Vandag lewer Skanskopeiland 'n sigbare ekonomiese bydrae tot die onmiddellike samelewing en omgewing. Nie net word daar op 'n volhoubare vlak werk verskaf aan die plaaslike bevolking nie, maar ook deur die toetrede tot die Suid-Afrikaanse wyn- en internasionale droogdruif produksie, waardeur daar ook verskeie beroepsmoontlikhede geskep word, soos bespreek in Bylae D.⁶⁴ Die grondslag daarvan is egter deur die volharding van die pioniernedersetters gelê. Die nageslag pluk vandag die vrugte van selfstandige armoedeverligting gegrond op teenprestasie.

Daar is afdoende bewys dat 'n volhoubare gemeenskap opgebou en nagelaat is deur selfwerkzaamheid. Reitz, Minister van Lande, se woorde dat besproeiing “groot indirekte wins vir die samelewing sal afwerp”,⁶⁵ was profeties ten opsigte van die besproeiingsnedersetting op Skanskopeiland.

Die pioniernedersetters van Skanskopeiland het weliswaar nie 'n unieke kultuurerfenis nagelaat nie, maar het sekere gebruike, taaluitinge en kookkuns as deel van die streekskultuur gevestig en met mondelinge tradisie oorgedra. Omdat soveel van die tweede en derde generasie elders gevestig is, is die handhawing van die kulturele erfenis deur die nageslag wat steeds op Skanskop woonagtig is, van groot belang vir die behoud daarvan.

Daarby is die rivier se waarde in die vestigingsproses as 'n mistieke kultuur na die tweede en veral na die derde generasie oorgedra. Die nasate van die pioniernedersetters het 'n

⁶⁴ Met die uitgebreide wyn- en droogdruifbedryf is talle nuwe beroepsgeleenthede geskep op plase, wynkelders en rosyntjieverwerkingsaanlegte. Daar word tans gebruik gemaak van 'n vryemarkstelsel t.o.v. die bemarking van rosyntjies, wat gelei het tot die ontstaan van heelparty rosyntjieverwerkingsmaatskappye; Sien Bylae D, p. 395.

⁶⁵ Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, 29/03/1934, deel 22, kol. 1766.

bewustelike band met die kulturele erfenis van die eilandsamelewing gevorm, omdat hulle, soos Van Jaarsveld dit stel, in 'n historiese atmosfeer ingebore is.⁶⁶

Ferreira druk die noodsaak van die volhoubare bewaring van die kultuurerfenis van 'n land, volk of streek so uit:

Wanneer tradisies hulle betekenis verloor en die verskillende bevolkingsgroepe hulle identiteit nie meer daaraan ontleen nie, verdwyn die historiese besef vanselfsprekend. Die gevolg is dat die bevolking in 'n eindelose hede leef, terwyl die verlede 'n onbegryplike rariteitskabinet word.⁶⁷

Die navorser is van mening dat daar met die dokumentering van die vestigingsgeskiedenis van die eilandgemeenskap, asook die kulturele erfenis, 'n waardevolle bydrae tot die instandhouding van die lewende geskiedenis van Skanskopeiland gemaak is. Waar die geskiedenis van die menslike vestiging op Skanskopeiland tot onlangs bloot as 'n mondelinge herinnering oorgedra is, is daar nou 'n sigbare bewys van die verlede.

Die empiriese studie wat as deel van hierdie studie onderneem is, het die sosio-ekonomiese gevolge van die opheffingsinisiatief ten opsigte van die tweede en derde generasie ondersoek met behulp van 'n gestruktureerde vraelys soos in hoofstuk 1⁶⁸ en in hoofstuk 7 beskryf.⁶⁹ Die resultate het aangetoon dat die generasies 'n duidelike opwaartse groei in die sosio-ekonomiese welvaart beleef het. Benewens 'n sterk werksetiek wat deur beide generasies onderskryf is, toon die ondersoek dat daar 'n stygende vlak van onderrig en opleiding is, vernaamlik in die derde generasie. Verwerking van die data het ook aangetoon dat die tweede en derde generasies 'n redelike vlak van vermoëndheid en 'n goeie lewenskwaliteit geniet.⁷⁰

Hierdie navorsing het enersyds bevestig dat die opheffingsinisiatief wat in 1937 begin is, steeds in 2014 'n positiewe uitwerking in die grootste persentasie van die tweede en derde generasies se lewenskwaliteit toon. Hierdie generasies handhaaf 'n produktiewe beroepslewe. Daarby bestaan daar ook by die tweede en derde generasie die persepsie dat hulle beter

⁶⁶ F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy...*, p. 64.

⁶⁷ O.J.O. Ferreira, "Kultuurgeskiedenis by 'n...", p. 118.

⁶⁸ Sien hoofstuk 1, afdeling 1.8.1, pp. 18 - 19

⁶⁹ Sien hoofstuk 7, afdeling 7.7.1, pp. 321 - 323.

⁷⁰ C.G. Visser, Interpretiering en verwerking van vraelys-ondersoek: "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...".

lewensomstandighede ervaar as hul ouers. Hieruit blyk dit dat die opheffingsinisiatief volhoubaar was en die meeste van die nasate van die pioniernedersetters tot voordeel gestrek het. Nie net het die meeste nasate 'n beter lewenskwaliteit ervaar nie, maar het die nasate ook aangedui dat hulle steeds 'n positiewe houding jeens Skanskopeiland ervaar. Dié houding is weerspieël in die bywoning van bykans al die respondente van die 75-jarige feesvieringe, wat in 2013 in Skanskopeiland gehou is.⁷¹

Andersyds het die studie aangetoon dat, soos in enige onderneming, daar nie sprake is van 'n ongekwalfiseerde suksesverhaal nie. Nie almal is geestelik, moreel en ekonomies gerehabiliteer nie. Daar was 'n klein persentasie pioniernedersetters wat nooit die armoedige bestaan kon agterlaat nie en wat hierdie mentaliteit van armoede aan hul nasate oorgedra het. Die vrees vir 'n terugkeer na 'n armoedige bestaan het as 'n remmende faktor in hul ontwikkeling ingewerk. Hierdie groep het min of geen ondernemingsgees getoon nie en ook geen groei en vordering getoon nadat die eiendom op hul naam oorgedra is nie.⁷²

Die grootste persentasie nasate wat volgehou het met die boerdery, of na naskoolse opleiding teruggekeer het na die boerdery op Skanskopeiland, handhaaf 'n goeie lewenstandaard. Daar is selfs sprake van 'n hoë mate van welgesteldheid en die handhawing van 'n hoë lewenspeil.⁷³ Konsolidasie van grond het daartoe gelei dat boere groter ekonomiese eenhede besit, waaruit 'n goeie lewe gemaak word.

Navorsing vir hierdie studie is vanuit 'n verskeidenheid bronne onderneem. Daaruit het bepaalde geleenthede vir verdere navorsing na vore gekom:

- Die verhouding tussen Rooikopeiland en Skanskopeiland was dikwels een van onmin en struweling. Dié verhouding, asook die staat se optrede as arbiter, bied 'n interessante veld vir ondersoek.
- Menslike vestiging in die Benede-Oranjerivier-eilandgroepe, soos Friersdale, die Onderstekoms-eilandgroep, asook eilande wat aan die inheemse bevolking toegeken is,

⁷¹ Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, Statistiek van Skanskopeiland 75-jarige feesnaweek, 13 - 15 September 2013. Die bywoningsyfer was 210 persone.

⁷² C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 - D4.

⁷³ C.G. Visser, "Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...", interpretering van respons op vraag D2 - D4.

behoort sover moontlik volledig gedokumenteer te word. Argiefmateriaal in die verband is reeds meer as 100 jaar oud. Die inligting is dikwels nie meer relevant nie, of raak vergete. Sommige dokumente in die Sentrale Argiefburo, die streeksargief van Departement Waterwese, asook die plaaslike argief van Skanskopeiland toon reeds tekens van verwerping. Die inligting is van groot waarde vir die plaaslike geskiedenis.

- Kleiner besproeiingskemas in die Noord-Kaap, soos byvoorbeeld Rooiberg naby Kenhardt, Nelskop naby Brandvlei, Van Wyk's Vley, die Smart-sindikaat naby Britstown, asook ander skemas teen die rivier, verdien om ondersoek en gedokumenteer te word. Besondere foto-materiaal in die verband is beskikbaar, maar die gevaar bestaan dat met verwaarloosing van plaaslike argivale bronne, die geskiedenis verlore sal gaan.
- Voorts behoort die inisiatief wat J.J. (Japie) Lutz aan die dag gelê het met betrekking tot die bou van kanale en opmetingswerk teen die Oranjerivier, gedokumenteer te word. Die uitsonderlike vakman se monumentale werk is bekend by besproeiingsnedersettings en dorpe in die Benede-Oranjerivier, maar is nog nie ten volle nagevors en opgeteken nie.

Het die besproeiingsnedersetting van Skanskopeiland enige waarde na 76 jaar van bestaan? Die feite spreek vanself: Skanskopeiland lewer 'n bepaalde bydrae tot die stimulering van die plaaslike ekonomie. Werkskepping, veral seisoengewys, dra by tot die stimulering van besighede in die dorp.⁷⁴ Daarbenewens word steeds nuwe werksgeleenthede geskep deur plaasbestuurders en -werkers op te lei en aan te stel. Plaaswerkers word begelei met geletterdheidsklasse, maatskaplike en meganiese, asook tegniese opleiding wat hul lewenskwaliteit en produktiwiteit verbeter.⁷⁵ Alhoewel nie almal daaraan deelneem nie, word die bestuursvermoë en kundigheidsvlakke op hierdie wyse verbeter tot voordeel van die boerdery, asook tot voordeel van die werker.

⁷⁴ P.C. van As, apteker, Keimoes apteek, mondelinge mededeling, 19/03/2014; L. Bray, bestuurder, Bray Spar, mondelinge mededeling, 19/03/2014.

⁷⁵ Verskeie kursusse word aan werkers op die eiland gebied in samewerking met Agri Management Africa. [Die kursusse word oorwegend in die plaaslike boereverenigingsaal aangebied en die boerderye in die omgewing word betrek.]

Skanskopeiland produseer wyndruiwe en rosyntjies van gehalte. Nie net word die kwaliteit in die lewering aan die plaaslike wynkelders gereflekteer nie, maar ook in die plaaslike en internasionale rosyntjiebedryf.⁷⁶

Die besproeiingsnederstelling op Skanskopeiland, wat 'n nederige begin gehad het in 1937, het ontwikkel tot een van die gesogte besproeiingsnedersettings langs die Oranjerivier en behaal uitstekende pryse vir goed-bewerkte erwe. Erwe in hierdie eiland waarop wingerd gevestig is, is in 2013 teen R130,000.00 per ha gewaardeer as gevolg van die goeie gehalte en vrugbaarheid van die grond, asook op grond van die produksie wat gelewer word.⁷⁷

Die model waarop die nederstelling gevestig is, nl. selfwerkzaamheid onder begeleiding van 'n mentor, het gelei tot verantwoordbare eienaarskap. Dit is 'n navolgenswaardige model en is betekenisvol in die landbou-omstandighede in Suid-Afrika vandag.

In die bestaanstydperk van die eiland was daar gevalle van vrywillige verkoping van erwe, te wyte aan verhuising, siekte of ouderdom.⁷⁸ Na die vloed van 1974 het sommige reeds bejaarde pioniernedersetters nie weer kans gesien vir die heropbou van die landerye nie en hul grond verkoop. Slegs twee gevalle van vrywillige verkoping as gevolg van finansiële probleme het in dié tyd plaasgevind. Daar is geen amptelike sekwestrasie op enige pioniernedersetter of nasaat beteken in die bestaan van Skanskopeiland nie, ten spyte van natuurrampe.⁷⁹ Daarbenewens word die bestuur van die eiland steeds met verantwoordelikheid en waardigheid onderneem deur 'n verkose bestuursraad.

Resultate verkry uit die empiriese navorsing, asook die bevinding van die kwalitatiewe studie, dui daarop dat die pioniernedersetters, in teenstelling met die tydgenootlike algemeen aanvaarde siening van die armblanke, deur selfwerkzaamheid, ywer en deursettingsvermoë daarin geslaag het om aan hulle en hul kinders 'n behoorlike bestaan te verseker.

⁷⁶ Sien in Bylae D, p. 395.

⁷⁷ M. Myburg, First National Bank (FNB), Eiendomswaardasie van erwe in Skanskopeiland, FNB Uptington, waardasiedatum 09/12/2013.

⁷⁸ CGVPA, F.P. Smit & J.J.C. Smit, onderhoudnr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010; J.A. Pool, mondelinge mededeling, 15/06/2013; CGVPA, A.A.R. Bruwer, A. Momberg en S.C. Schreuder, onderhoudnr. B_03, Keimoes, 09/09/2010; J.C. Smit, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 02/08/2013; CGVPA, E.W. Visser, mondelinge onderhoud, Omstaan, Skanskopeiland, 19/02/2014.

⁷⁹ R.S. Brink, Brink en Genote prokureurs, mondelinge mededeling, 19/02/2014.

Die natuurrampe en ander teenspoed ten spyt, het die besproeiingsnederstelling ontwikkel in 'n volhoubare boerderysamelewing. Ingevolge die jongste lys van belasbare oppervlaktes van die Departement Waterwese, behoort 66% van Skanskopeiland se landbougrond (bou-erwe uitgesluit) steeds aan sewe nasate van die oorspronklike erfhouers.⁸⁰

Op die keper beskou is die pioniernedersetters se nalatenskap nie alleen gesetel in die volhoubaarheid van die besproeiingnederstelling op Skanskopeiland nie, maar ook in die geestelike en ekonomiese rehabilitasie wat geboorte gegee het aan 'n onblusbare strewe na vooruitgang en groei wat deur die grootste persentasie van die tweede en derde generasie voortgedra word. 'n Volhoubare werksetiek, asook 'n mentaliteit van produktiwiteit en vooruitgang is geskep.⁸¹ Hierdie aanname word deur die uitkoms van die empiriese data bevestig. Om hierdie erflating voort te dra, is dit noodsaaklik om die herinneringe van die verlede só op te teken, dat daar 'n gebalanseerde verledenswerklikheid vir die nageslag agtergelaat kan word. Daardeur is ons mede-bewaarders van die waarheid oor die verlede en dra sodoende by om 'n kollektiewe geheueverlies te voorkom.

Van Jaarsveld meen dat daar oor geslagte heen 'n ononderbroke voortgang van periodes, fases en kultuurtydperke voorkom.⁸² Dié erfenis, waaronder ook die menslike vestiging op Skanskopeiland, staan vandag as rigtingaanduiders vir die nasate van die pioniers:

“Agter” ons mensheid lê daar 'n ontwikkelingsgang wat ons kan oorsien en waarin ons insig kan hê. Al is die oorsprong en einddoel vir ons onbekend, kan die klein stukkie bekende tog vir ons rigting toon ... en vir ons die moontlikhede van die toekoms openbaar.⁸³

Aangesien die nagedagtenis van en herinneringe aan die vestiging van die nedersetting besig is om saam met die ouer generasie uit te sterf, lê die verdienstelikheid van dié studie daarin dat die ryk verledekennis wat deur die ontginde bronmateriaal blootgelê is, nou opgeteken en bewaar is.

⁸⁰ Republiek van Suid-Afrika, Departement van Waterwese en Bosbou: Skanskopeiland, lys van belasbare oppervlaktes, 2010.

⁸¹ C.G. Visser, “Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap...”, interpretering van respons op vraag D2 - D4.

⁸² F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy...*, p. 40.

⁸³ F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy...*, p. 40.

BRONNELYS

PRIMÊRE BRONNE

OWERHEIDSARGIEFBEWAAARPLEKKE

Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria

Argief van die Departement van Landboutegniese Dienste 1920 – (ACT)

- ACT, band 6
- ACT, band 8
- ACT, band 13
- ACT, band 15
- ACT, band 16
- ACT, band 17

Argief van die Direkteur van Bosbou 1903 – 1964 (FOR)

- FOR, band 190/253

Argief van die Sekretaris van Landbou 1905 – 1973 (LBD)

- LBD, band 1682
- LBD, band 2327

Argief van die Departement van Lande 1882 – 1979 (LDE)

- LDE, band 3953

Argief van die Sentrale Regeringspublikasies (SRP)

- SRP, band 6/107

Argief van die Besluite van Uitvoerende Raad, 1910-1985 (URU)

- URU, band 1666
- URU, band 1766
- URU, band 2245
- URU, band 2997
- URU, band 3694

Argief van die Departement van Nasionale Volkswelsyn 1903-1972 (VWN)

- VWN, band 2461

Argief van die Departement van Waterwese, 1956 – (WW) *[Na die 2014-verkiesing het die benaming van die Departement Waterwese verander na Departement Water en Sanitasie.]*

- WW, band 20

Streeksargief van die Departement Waterwese, Upington. (DWASU)

Brakboseilandversameling (BV), band K.32, 1923 – 1964.

Rooikopeilandversameling (RV), band K.50 - 2, vol. 2 1940 – 1959.

Skanskopeilandversameling (SV) 1935 – 1976.

- Schanskop Island Scheme, band M.36, vol. 1 – 3, 1935 – 1953.
- Schanskop Island Scheme, band M.37, vol. 4 -6, 1954 – 1964.
- Skanskopeilandbestuursraad, band K/4/187, vol. 1 – 3, 1964 -

Streeksargief van die Departement Waterwese, Upington. (DWASU), Fotoversameling

DWASU, 1922 – 1935.

DWASU, 1931 – 1938.

DWASU, 1927 – 1941.

DWASU, 1939 – 1940.

Streekargief: Kantoor van die Landmeter-generaal, Vrystaat en Noord-Kaap, Bloemfontein (LGB)

Dokument verwysingsnr. S7800/R

ARGIEF VAN PLAASLIKE INSTANSIES

Hoërskool Keimoes notuleboeke

Notules 1936-1940.

Notules 1940-1948.

Nederduits Gereformeerde Kerk, gemeente Neilersdrift, notuleboek.

Notules 07/12/1949 - 10/07/1966.

Nederduits Gereformeerde Kerk, gemeente Keimoes, notuleboek.

Notules 15/01/1917 – 07/03/1961.

Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad argief 1938 – (ongeorden).

PERSOONLIKE ARGIEWE

De Vries, E., Persoonlike argief, (EDVPA), Skanskopeiland.

Bruwer, A.A.R., Boekhouding B.J. Momberg, 01/06/1942 – 1976.

Landman, E., Boekhouding G.A. Siepker, 1936 – 1942.

Lutz en Van Zyl Landmeters, Persoonlike argief, (LVZPA), Upington.

Smit, M.C.B., Persoonlike argief, (MCBSPA), Kuilsrivier.

Visser, C.G., Persoonlike argief, (CGVPA), Skanskopeiland.

Visser, N.J., Persoonlike argief, (NJVPA), Rooikopeiland.

STAATSPUBLIKASIES EN STAATSVERSLAE

Cape of Good Hope

Cape of Good Hope, *Report of the select committees*, vol. 11, 1906, F.S. Malan, (chairman), "Report of the Select Committee on the poor white question" (Cape Town, Cape Times Ltd., 1906).

Unie van Suid-Afrika

Debatte van die Volksraad

Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad, tweede sitting, sewende parlement*, deel 22, 26 Januarie - 4 Junie 1934 (Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1934).

Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad, derde sitting, sewende parlement*, 18 Maart - 4 Mei 1935, deel 25 (Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1935).

Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad, vierde sitting, negende parlement*, deel 60, 21 Februarie -15 April 1947 (Kaapstad, Unie-Volkspers Bpk., 1947).

Debatte van die Senaat

Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Senaat, derde sitting, sewende parlement*, 11 Januarie - 4 Mei 1935, deel 25 (Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1935).

Staatskoerant

Unie van Suid-Afrika, *Buitengewone Staatskoerant*, deel XLVIII, band 1223/1245, 1922 (Pretoria, The Government printing and stationary office, 1922).

Unie van Suid-Afrika, *Staatskoerant*, deel 109, band 2452/2467, Jul. - Sept. 1937 (Pretoria, Staatsdrukker, 1937).

Jaarverslae en rapporte

Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 6-29, *Rapport van Departement van Lande*, 01/04/1927 – 31/03/1928 (Pretoria, Staatsdrukker, 1929).

Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 22-1934, *Verslag van die Departement van Lande*, 01/04/1932 - 31/03/1933 (Pretoria, Staatsdrukker, 1934).

Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 25'35, *Die verslag van die kommissie insake verligting aan setlaars* 1934 (Pretoria, Staatsdrukker, 1935).

Unie van Suid-Afrika, U.G. 15-1936, *Jaarverslag van die Besproeiingskommissie*, 31/04/1936 (Pretoria, Staatsdrukker, 1936).

Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 19-1938, *Verslag van die Departement van Lande*, 31/03/1937 – 31/03/1938 (Pretoria, Staatsdrukker, 1939)

Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 23-1940, *Verslag van die Departement van Lande*, 31/03/1939 – 31/03/1940 (Pretoria, Staatsdrukker, 1940).

Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 10-'40, *Verslag van die Direkteur van Besproeiing*, 01/04/1938 – 31/04/1939 (Pretoria, Staatsdrukker, 1940).

Unie van Suid-Afrika, U.G. nr. 65-'1950, *Verslag van die Direkteur van Besproeiing*, 01/04/1948 – 31/04/1949 (Pretoria, Staatsdrukker, 1949).

Wette van die Unie van Suid-Afrika

Unie van Suid-Afrika, Wet nr. 24 van 1947, [Skanskop Nedersettingswet] (Pretoria, Staatsdrukker, 1947).

Republiek van Suid-Afrika

Republiek van Suid-Afrika, Parlementêre Register, 1910 - 1984 (Kaapstad, Parlementsuis, 1991).

Staatsverslae

Coleman T. & Van Niekerk, A., "Orange River Water integrated management plan, water quality in the Orange River", Orange Senqu River Commission (*ORASECOM*), nr.007/2007, Nov., 2007, pp. 1 - 27.

Erlea, A. *et al.*, "A preliminary basin profile of the Orange, Senqu river", Apr., 2005 (African Water Issues Research Unit, (*AWIRU*), University of Pretoria, 2005), pp. 1 – 44.

Republiek van Suid-Afrika, Departement van Inligting (DVI), '*n Magtige rivier getem* (Pretoria, Staatsdrukker, 1971).

Republiek van Suid-Afrika, Departement van Waterwese en Bosbou, "Lys van belasbare oppervlakte Skanskopeiland", 2010 [Dokument verskaf deur Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad].

Turton, A.R., Meissner. R., Mampane, P.M. & Sereme, O., "A hydropolitical history of South Africa's international river basins", *Report to the Water Research Commission*, WRC Report Nr. 1220/1/04, October 2004, African Water Issues Research Unit (*AWIRU*), University of Pretoria, pp. 1 - 432.

Van der Spuy, D., "D7005, D7003, Discharge Rating; further improvement of rating tables using accoustic doppler stream gaugings", *Flood Studies*, Augustus 2011, per e-pos verskaf

deur D. van der Spuy, Specialist Engineer, Directorate Hydrological services, 04/06/2013.
[Dokument, in besit van outeur.]

PERSOONLIKE GESKRIFTE (OPGETEKENDE HERINNERING IN BESIT VAN NAVORSER)

Basson, H.S.B., *Skanskop, my grootwordplekkie* (ongep., afskrif in besit van outeur).

Bird, D., 02/04/2000.

Bruwer, A.A.R., 22/06/2013.

Compaan, P.S., 23/06/2013.

Gorman, H., 05/05/2014.

Grebe, H., 06/07/2013.

Momberg, J.J., 31/05/2013.

C.J. Nel, 03/07/2013.

Pool, J.A., 15/06/2013.

Siepkker, E.M., 03/04/2013.

Skinner, K., 05/03/2013.

Smit, M.C.B., 29/06/2013.

Steyn, B.M.N., 27/06/2013

Strydom, B., 06/07/2013.

Van Sittert, M., 07/07/2013.

Visser, N.J., 28/06/2013.

Persoonlike dagboek

Wasserfall, J.J., 15/04/1917 -07/04/1920 (ongep.).

Persoonlike Resepteversameling

Visser, E.W., Persoonlike resepteversameling.

PERSOONLIKE FOTOVERSAMELINGS

Basson, H.S.B., Carolina.

Brink, M., Brakboseiland.

Bruwer, A.A.R., Momberg, A. en Schreuder, S.C., Keimoes.

De Swart, J., Birchleigh.
De Vries, E., Skanskopeiland.
Du Plessis, C.P., Skanskopeiland.
Erasmus, C.N., Skanskopeiland.
Eggers, J.C., Rooikopeiland.
Fourie, R., Keimoes.
Joubert, B., Pretoria.
Klaassen, B., Bain's House, Upington.
Louw, E.S., Keimoes.
Lutz, E., Stellenbosch.
Pool, J.A., Keimoes.
Smit, M.C.B., Kuilsrivier.
Smit, J.J.C., Skanskopeiland.
Van Schalkwyk, S., Pofadder.
Van Wyk, J.P., Vanderbijlpark.
Visser, A.J., Skanskopeiland.
Visser, C.G., Skanskopeiland.
Visser, E.C., Potchefstroom.
Visser, E.W., Keimoes;
Visser, G., Keimoes.
Visser, W., Centurion.

MONDELINGE, TELEFONIESE EN SKRIFTELIKE ONDERHOUDE EN MEDEDELINGS

Mondelinge onderhoude

Barnard, J.D.S., onderhoud nr. C_04 Kakamas, 01/06/2010. [Stemopname in besit van outeur.]

Bruwer, A.A.R., Momberg, A. en Schreuder, S.C., onderhoud nr. B_03, Keimoes, 09/09/2010.
[Stemopname in besit van outeur.]

Eiman, M.M., onderhoud nr. C_10, Skanskopeiland, 02/05/2010. [Stemopname in besit van outeur.]

Erasmus, M.K. en van Wyk P.Z., nr. A_01, Skanskopeiland, 08/08/2010. [Stemopname in besit van outeur.]

Hanzen, W.F., onderhoud nr. C_01 Skanskopeiland, 07/03/2010. [Stemopname in besit van outeur.]

Louw, E.S., onderhoud nr. D_06, Keimoes, 01/07/2013. [Stemopname in besit van outeur.]

Smit, J.J.C. en E.C.C., onderhoud nr. A_02, Omstaan, Skanskopeiland, 27/04/2010. [Stemopname in besit van outeur.]

Smit, F.P., onderhoud nr. C_04 Upington, 11/06/2010. [Stemopname in besit van outeur.]

Mondelinge mededeling

Bray, L., Bestuurder, *Bray Spar*, 19/03/2014.

Brink, R., Brink en Genote prokureurs, 19/02/2014; 12/05/2014.

Brits, E., Gesondheids- en wetenskapsjoernalis, Media24, 19/06/2013.

Bruwer, A.A.R., Momberg, A., 24/02/2014.

Compion, M., 02/07/2013.

Du Plessis C.P., voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, 01/05/2014 & 11/04/2014.

Green, M., Omstaan, Skanskopeiland, 19/02/2014.

Hanekom, B., Friersdale, Elim-eiland, 25/08/2014.

Kalp, G.C., Oranjerivierwynkelders (OWK) en Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD) Wingerdkundige, Keimoes, OWK, 06/01/2014.

Pool, J.A., Omstaan, Skanskopeiland, 15/06/2013.

Smit, J.J.C. Omstaan, Skanskopeiland, 18/08/2010; 09/09/2010; 16/07/2011/; 18/03/2013; 29/07/2013; 02/08/2013.

Strauss, A.C., Upington, 21/06/2013.

Van As P.C., Keimoes apteek, Keimoes, 19/03/2014.

Van Zyl, A.E., Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

Venter, J.M.C., Omstaan, Skanskopeiland, 08/10/2012.

Visser A.J., Omstaan, Skanskopeiland, 10/04/2014.

Visser, G.A. [Voorsitter Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, 1992-2009], Omstaan, Skanskopeiland, 11/04/2014; 05/07/2010; 01/05/2014; 23/02/2014.

Visser, E.W., Omstaan, Skanskopeiland: 01/05/2010; 22/05/2010; 27/07/2013; 22/10/2013; 19/02/2014; 19/03/2014.

Visser, W., Omstaan, Skanskopeiland: 31/08/2014.

Telefoniese mededeling

Grebe, H., telefoongesprek, 20/02/2014.

Lutz, E., telefoongesprek, 25/07/2011.

Ncumisa Ndlovu, P., Northern Cape Department of Health, Information Management Unit, Kimberley, telefoongesprek, 03/07/2013.

Siepkers, E.M., telefoongesprek, 24/02/2014.

Van Rooyen, R., hoofwrynmaker, Oranjerivier Wrynkelders, Keimoes, 09/10/2014.

Skriftelike mededelings

Basson, H.S.B., Onderhoud B. [Skriftelike onderhoud in besit van outeur.]

Haacke, W., Research Associate at Stellenbosch, per e-pos, 28/03/2014. [Skriftelike mededeling in besit van outeur.]

Namaseb, L., Lecturer, Language and Literature Studies, Universiteit van Namibië, per e-pos, 28/03/2014. [Skriftelike mededeling in besit van outeur.]

SEKONDÊRE BRONNE

GEPUBLISEERDE SEKONDÊRE BRONNE

Werksdokumente

Fourie, J., "The South African poor white problem in the early 20th century: lessons for poverty today", *Stellenbosch Economic Working Papers*:14/06, 2006, pp. 1 - 21.

Seekings, J., "The Carnegie Commission and the backlash against welfare state-building in South Africa, 1931-1937", *Working Paper Nr. 159, Centre for Social Science research*, May, 2006, pp. 1 - 38.

Boekpublikasies

Alcock, P., *Understanding poverty* (London, Macmillan Press, 1997).

Alhadeff, V., *A newspaper history of South Africa* (Cape Town, Interpak, 1988).

Babbie, E. & Mouton, J., *The practice of social research* (Cape Town, Oxford University Press, 2009).

Best, J.W. & Kahn, J. V., *Research in education* (Boston, Allan & Bacon, 1993).

Booyens, B., *Nagmaalsnaweek deur die jare, 'n kerkhistoriese studie* (Kaapstad, NG Kerk Uitgewers, 1982).

Bottomley, E., *Armblikes* (Kaapstad, Tafelberg, 2012).

Bredenkamp L. P., *Waar die wêreld wyd is* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2010).

Burger, J & Deist, J. (red.), *Wingerdbou in Suid-Afrika* (Kaapstad, CTP Drukkers, 2005).

Carnegiekommissie, *Die armblike-vraagstuk in Suid-Afrika*, deel 1, 2, 3 & 5 (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1932).

- Grosskopf, J.F.W., *Plattelandsverarming en plaasverlating*, deel 1.
- Wilcocks, R. W., *Die armblike*, deel 2.
- Malherbe, E. G., *Onderwys en die armblike*, deel 3.
- Albertyn, J. R. & Rothmann, M. E., *Sosiologiese verslag*, deel 5.

Coetzee, A., *Die Afrikaanse volkskultuur, inleiding tot die studie van Volkskunde* (Kaapstad, A. A. Balkema, 1953).

Coetzee, A., *Ons volkslewe, volkekundige opstelle* (Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1949).

Coetzee, J.H., *Verarming en oorheersing* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942).

Coetzee, R. & Miros, V., *Koekamakranka* (Pretoria, Lapa Uitgewers Edms. Bpk., 2009).

Coetzee, R., *Spys en drank* (Kaapstad, C. Struik Uitgewers Edms. Bpk., 1977).

Cohen, J., *Statistical power analysis for the behavioural sciences* (New York, Academic Press, & London, 1969).

Cohen, L., Manion, L. & Morrisson, K., *Research methods in education* (Oxon, Routledge, 2007).

Coleman, F.L. (ed.), *Economic history of South Africa* (Pretoria, HAUM, 1983).

Connerton, P., *How societies remember* (Cambridge, Cambridge University Press, 1989).

- De Beer, M., *Keimoes en omgewing, 'n kultuurhistoriese verkenning* (Pretoria, V & R Drukkery, Edms. Bpk. 1992).
- De Kock, M. H., *Economic history of South Africa* (Cape Town, Juta, 1924).
- De Kock, W.J., *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 1* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel Bpk., 1968).
- De Villiers, S.J.A., *Kook en geniet: Suid-Afrikaanse kook- en resepteboek* (Stellenbosch, S.J.A. de Villiers, 1978).
- De Vos, A.S. et al., *Research at grass roots, for the social sciences and human service professionals* (Pretoria, J.L. van Schaik, 2005).
- Du Plessis, E.P. (samesteller), *'n Volk staan op: die Ekonomiese Volkskongres en daarna* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1964).
- Du Toit, P. (samesteller), *NGK-verslag van die Volkskongres oor die armlankes 1934* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1934).
- Field, H.L., *Landscape surveying* (New York, Delmar Learning, 2004).
- Giliomee, H., *Die Afrikaner: 'n biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004).
- Glennerster, H. et al., *One hundred years of poverty and policy* (York, Joseph Rowntree Foundation, 2004).
- Grobbelaar, P.W. (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur deel 6: boerewysheid* (Tafelberg Uitgewers Bpk. Kaapstad, 1977).
- Grobbelaar, P.W. (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur, deel 1, mens en land* (Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1974).
- Grobbelaar, P.W., *Volkslewe van die Afrikaner* (Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1974).
- Grundling, A., & Nasson, B. red., *Die oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad, Tafelberg, 2013).
- Grundlingh, A.M. & Huigen, S. (reds.), *Van volksmoeder tot Fokofpolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke* (Stellenbosch, Sun Press, 2008).
- Gurley, W., *A manual of the principle instruments used in American engineering and surveying* (New York, W. & L.E. Gurley, 1910).
- Kriel, J.P. (red.), *Water75* (Johannesburg, Erudita Publikasies, Edms. Bpk., 1975).
- Hopkins, H.C., *Kakamas: uit die wildernis 'n lushof* (Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery, 1978).

- Human, A., *Lekker vir later* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2002).
- Human, A., *Uitsoekresepte* (Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1992).
- Hutton, P. H., *History as an art of memory* (Hanover, University Of Vermont, 1993).
- Iliffe J., *The African poor: a history* (Cambridge, Cambridge University Press, 1987).
- Joubert, D. (samesteller), *Toe witmense nog arm was* (Kaapstad, Tafelberg, 1972).
- Koorts, L., *D.F. Malan and the rise of Afrikaner nationalism* (Cape Town, Tafelberg, 2014).
- Kruger, D.W. (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery Bpk., s.a.).
- Lange, L., *White, poor, and angry: White working-class families in Johannesburg* (Hampshire, Ashgate Publishing Limited, 2003).
- Langer, D. (red.), *Gebroke land, armoede in die Afrikaanse gemeenskap sedert 1902* (Brandfort, Kraal-uitgewers, in opdrag van Solidariteit Helpende Hand, 2009).
- Laubscher, L. (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke by die produksie van geloogde OR Sultana* (Upington, SAD, Edms. Bpk, 1997).
- Laubscher, L. (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke by die produksie van Goue Sultana* (Upington, SAD, Edms. Bpk, 1997).
- Laubscher, L. (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke by die produksie van Thompson-rosyne* (Upington, SAD, Edms. Bpk, 1997).
- Macdonald, W., *The conquest of the dessert* (T. Werner Laurie Ltd., s.l., 1913).
- Macmillan, W.M., *The South African agrarian problem and it's historical development* (Pretoria, Die Staatsbiblioteek, 1974).
- Macmillan, W.M., *My South African years, an autobiography* (Cape Town, David Miller Publisher, 1975).
- O'Meara, D., *Volkskapitalisme, class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism 1934 – 1948* (New York, Oxford University Press, 1983).
- Patterson, S., *The last trek: a study of the Boer people and the Afrikaner nation* (London, Routledge, 1957).
- Penn, N, *The forgotten frontier* (Ohio University Press, 2005).
- Pretorius, F. (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Tafelberg, Kaapstad, 2013).

- Punmia ,B.C. *et al.*, *Surveying*, vol. 1 (New Delhi, Laxmi Publications, 2005).
- Saunders, C., *The making of South African past* (Kaapstad, David Philip, 1988).
- Schaar, M.A., *Cooperatives, principles and practices* (Madison, University of Wisconsin, 1980).
- Sieper, A.J., *Sieper* (Potchefstroom, A.J. Sieper, 2010).
- Smit, M.C.B., *Noord-Kaapland families* (Houghton, Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, 2010).
- Struwig, F.W. & Stead, G.W., *Planning, designing and reporting research* (Cape Town, Maskew Longman, 2001).
- Strydom, J.J., *Kanoneiland* (Pretoria, Afrikaanse Pers Boekhandel, 1948).
- Taylor, T.U., *Surveyor's handbook* (Chicago, The M.C. Clark Publishing Co., 1908).
- Tempelhoff, J.W.N., *Verhuidiglikte verlede: aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis* (Vanderbijlpark, Kleio, 2002).
- Teppo, A., *The making of a good white, a historical ethnography of the rehabilitation of poor whites in a suburb of Cape Town* (Helsinki, Helsinki University Press, 2004).
- Tulleken, S. van H., *The Practical cookbook for South Africa* (Pretoria, Wallachs Printing and Publishing Company, 1923).
- Van Aarde, I.J. (samesteller), *Hoërskool Keimoes jubileumblad, 1904 - 1954* (Upington, Gemsbok drukkers, 1954).
- Van der Merwe, P.J., *Pioniers van die dorsland* (Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1949).
- Van der Waal-Braaksma, G. & O.J.O. Ferreira, *Die noordweste, stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners* (Johannesburg, Perskor, 1986).
- Van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy geskiedenis* (Johannesburg, Nasionale Boekhandel Bpk., 1959).
- Van Niekerk, A.A.J., *Kanoneiland, 1928 - 1978* (Upington, Kanoneiland Feeskomitee, 1978).
- Van Rooyen, E., *Met 'n eie siekspens, jeugherinneringe* (Kaapstad, Tafelberg, 1994).
- Van Wyk, B. & Smith, G., *Guide to aloes of South Africa* (Pretoria, Briza Publications, 2005).
- Van Wyk, B. & van Wyk, P., *Identifiseer die bome van Suider-Afrika* (Kaapstad, Struik Uitgewers, 2008).
- Van Wyk, M., *Kos wat ons ken* (Kaapstad, Struik uitgewers Edms. Bpk., 1993).

Vansina, J., *Oral tradition as history* (Oxford, James Currey Ltd., 1985).

Visser, C.G. (samesteller), *Hoërskool Keimoes gedenkblad 1903 – 2003* (Upington, Trans-Oranje Drukkery, 2003).

Visser C.G. (samesteller), *Nederduits Gereformeerde Kerk, gemeente Neilersdrift 1949 -1999* (Upington, Trans-Oranje Drukkery, 1999).

Wann, M., *Building social capital: Self-help in a twenty-first century welfare state* (London, IPPR, 1995).

Wilson, F. & Ramphela, M., *Uprooting poverty: the South African challenge* (Cape Town, David Philip, 1989).

Winckler, A.T., *Volkswelsynbeleid, 'n sosiaal-historiese studie van tendense in Suid-Afrikaanse Volkswelsynbeleid 1910 - 1966*, Publikasiereeks nr. 24, Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, Departement van Hoër Onderwys (Stellenbosch, Kosmo uitgewery Edms. Bpk., 1969).

ONGEPUBLISEERDE SEKONDÊRE BRONNE

Verhandelinge en proefskrifte

Blignaut, C., *Volksmoeders in die kollig: 'n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954* (M.A.-verhandeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, 2012).

Calitz G. J., *Deneys Reitz, 1882 -1944, krygsman avonturier en politikus* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2008).

Cornelissen P.J., *'n Geografiese studie van die besproeiingsnederstelling op Kanoneiland* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1950).

Davin, R. J. *Uitkomsgebaseerde assesseringsmodel vir die ontvangsjaar* (Ph.D.-proefskrif, Unisa, 2003).

Du Plooy, I. P., NG kerk Marchand, *Die eerste vyftig jaar van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Marchand, 1927 – 1977: 'n Kerkhistoriese oorsig van gemeente op 'n kerklike nedersetting* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1977).

Forgey, H., *Die politiek van armoede: 'n Vergelyking van die 1932 en 1989 Carnegieverslae* (M.A.-verhandeling, RAU, Johannesburg, 1994).

Hendrich, G., *Die dinamika van blank en bruin verhoudinge op Stellenbosch 1920 – 1945* (M.A.-verhandeling, US, Stellenbosch, 2006).

Kgadima, N.P., *The understanding of poverty by poverty alleviation project participants* (M.A.-verhandeling, Unisa, Pretoria, 2009).

Kloppers, M.H.O., *'n Kultuurhistoriese Stemopname van volkspeletjies in die Moot* (Ph.D-proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, 1956).

Kruger, L.E., Kruger, *Understanding place as a cultural system* (Ph.D., University of Washington, 1996).

Louw, D., *Sibbe van kinders met outisme se belewenis in die gesin* (M.D.-verhandeling, Unisa, 2006).

Moolman, A. M., *Landboutydskrifte as kultuurhistoriese bron - 'n studie van Die Landbouweekblad en die Farmer's Weekly (1945 - 1961) aan die hand van 'n aantal geselekteerde kultuuraspekte* (M.A.-verhandeling, Stellenbosch, 1990).

Ongepubliseerde manuskripte

Cornelissen, A.K., *Langs Grootrivier, grepe uit die kleurrike geskiedenis van die Noordweste*. Upington, 1987. [Afskrif van private manuskrip in besit van outeur.]

Skanskopeiland Nedersettingbestuursraad, *Skanskop, 1938 – 1978*. [Getikte formaat, in besit van outeur.]

Van der Westhuizen, J.H., *Geskiedkundige oorsig van snoei- en opleimetodes van wingerd in Suid-Afrika* (Stellenbosch, Elsenburg Landboukollege, s.a.).

PERIODIEKE PUBLIKASIES

Nasionale en streekskoerante

Die Burger

Anon, “Boere juig toe die Oranje sak”, 02/10/1957.

Anon, “Oranje styg al hoër: Skool ‘n eiland,” 08/10/1957.

Venter, E., “My tante, my paspoort”, in bylaag *By*, 11/09/2010.

Gemsbok

Anon, “Toe slaan Orange River Cellars se Colombard ‘n groot Veritas goue!”, 10/10/2014.

Populêre tydskrifte

De Kerkbode

Hofmeyr, J.W.L., “Oranjerivier, die Nyl van Suid-Afrika”, *De Kerkbode*, 06/07/1927.

Landbouweekblad

Du Plessis, A., “Kalahari-kos”, *Landbouweekblad*, 25 April, 2014.

JOERNAAL-EN VAKTYDSKRIFPUBLIKASIES, GEDENKLESINGS EN VERSLAE

Abedian, I. & Standish, B., "Public works programmes in South Africa: coming to terms with reality", *Development Southern Africa Journal*, vol. 3, no. 2, 1986, pp. 180 - 198.

Akoma, C., "The 'trick' of narratives: history, memory, and performance in Toni Morrison's *Paradise*", *Journal of Oral Tradition*, vol. 15, no. 1, 2000, pp. 3 - 25.

Aron, J., Muellbauer J. and Prinsloo, J., "Estimating household-sector wealth in South Africa", *South African Reserve Bank, Quarterly Bulletin*, June, 2006, pp. 61 - 72.

Arrow, K. J. *et al.*, "Sustainability and the measurement of wealth", *Environment and Development Economics*, no. 17, pp. 317 - 353.

Bottomley, J., "The South African Rebellion of 1914: The influence of industrialisation, poverty and 'poor whiteism'", *African Studies Seminar* paper 118, June, 1982, pp. 1 - 28.

Burden, M., "Die metodologie van kultuurgeskiedenis", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 14, nr. 2, Nov., 2000, pp. 13 - 30.

Cornelissen, A.K., "Die donkie langs die Grootrivier", *Jaarboek, Africana Vereniging van Pretoria*, vol. 46, nr. 19, 2002, pp. 22 - 30.

Cornell, C., "Lower reaches of the Orange River", *The Geographical Journal*, vol. 57, no. 4, Apr., 1921, pp. 241 - 252.

De Jager, M. van A. & Marais, A. H., "Die aanloop tot die Vaalhartsbesproeiingskema -technical paper", *Joernaal van die Instituut vir Siviele Ingenieurswese*, vol. 36, nr. 1, 1994, pp. 6 - 12.

De Villiers, J., "Sosio-ekonomiese dimensies van Suid-Afrika in die dekade 1930 - 1940: arm, maar darem, of ondernemend en presterend?", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 44, nr. 2 & 3, 2004, pp. 167 - 179.

Du Plessis, A.S., "n Evaluering van staatsbetrokkenheid by die Hartebeespoortdamskema, 1914-1952", *Contree*, nr. 34, 1993, pp. 32 - 38.

Du Toit, M., "Binnelandse reise" (Journeys to the Interior): Photographs from the Carnegie Commission of investigation into the poor white problem, 1929/1932", *Kronos*, no. 32, Nov., 2006, pp. 49 - 76.

Edwards, E., "Photography and the material performance of the past", *History and Theory, Theme Issue*, vol. 48, Dec., 2009, pp. 130 - 150.

Ellis, S.M. & Steyn, H.S., "Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values)", *Management Dynamics*, vol. 12, no. 4, 2003, pp. 51 - 53.

Eloff, C.C., "Aspekte van plaaslike en streeksgeskiedenis: teorie en praktyk", *Contree*, nr. 35, 1994, pp. 11 - 18.

Ferreira, O.J.O., "Kultuurgeskiedenis by 'n kruispad", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 11, nr. 2, Nov., 1997, pp. 116 - 126.

Ferreira, O.J.O., "Taak van die kultuurhistorikus", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, vol. 2, nr. 2, Apr., 1988, pp. 97 - 98.

Fielden, K., "Samuel Smiles and self-help", *Victorian Studies*, vol. 12, no. 2, Des., 1968, pp. 155 - 176.

Groenewald, I., "Die problematiek van onthou: die proses van herinnering in Antjie Krog se *Country of My Skull*", *Journal of Literary Studies*, Dec., 2008, pp. 63 - 84.

Hatton, T.J. & Bailey, R.E., "Seebom Rowntree and the postwar poverty puzzle", *Economic History Review, New Series*, vol. 53, no. 3, Aug., 2000, pp. 517 - 543.

Jordaan, A., "Die belewenis van Afrikanermarginaliteit soos weerspieël in enkele literêre (ego) tekste tussen 2005 en 2009", *Stilet*, jg. xxiv:1, Maart 2012, pp. 35 - 52.

Jordan, G., "The causes of poverty, cultural vs. structural: Can there be a synthesis?", *Perspectives in Public Affairs*, Spring, 2004, pp. 18 - 34.

Kapp, P.H., "Ontstaan en ontplooiing van die Afrikaanse kultuur", deel I, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 1, nr. 2, Julie 1984, pp. 27 - 30 [ou reeks].

Kirsten, J.M., "Verskuiwinge in die eietydse kultuurbegrip", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 2, nr. 2, Jan., 1985, pp. 4 - 5 & 13.

Kotze, P., "There's something in the water: Research highlights dangers of pollution to irrigation", *The Water Wheel*, vol. 13, no. 1, Jan/Feb. 2014, pp. 16 - 19.

Lombard, R.T.J., "Stigting van die Vaalhartsbesproeiingskema as heenkome vir hawelose blankes", *Contree*, nr. 24, Sept. 1988, pp. 13 - 20.

Maritz, L., "'KODESA, Is dit die nuwe kopseerpil?' 'n Ondersoek na die Afrikanervrou se politieke ingesteldheid in die 20ste eeu", *Litnet Akademies: 'n Joernaal vir die Geesteswetenskappe*, vol. 9, nr. 1, pp. 235 - 272.

Measham T.G., "Learning about environments: The significance of primal landscapes", *Environmental Management*, vol.38, no.3, pp. 426- 434.

Meyer, S., "Riviere as identiteitskonstrueerders", *Literator*, vol. 27, nr. 3, Des., 2006, pp. 51 -77.

Moolman, J.H., "The Orange River, South Africa", *Geographical Review, American Geographical Society*, vol. 36, no. 4, Oct., 1946, pp. 653 - 674.

- Mouton, M. & Pohlandt-McCormick, H., "Boundary crossings: oral history of Nazi-Germany and Apartheid South Africa: a comparative perspective", *History Workshop Journal*, no. 48, Autumn, 1999, pp. 41 - 63.
- Mullis, R.J., "Measures of economic well-being as predictors of psychological well-being", *Social Indicators Research*, vol. 26, no. 2, Mrt., 1992, p.119 - 135.
- Noy, C., "Sampling knowledge: the hermeneutics of snowball sampling in qualitative research", *International Journal of Social Research Methodology*, vol. 11, no. 4, Oct., 2008, pp. 327 - 344.
- Olwig, K.R., "Childhood, artistic creation and the educated sense of place", *Children's environments Quaterley*, vol. 8, no. 2, pp.4 - 18.
- Pretorius, J.C., "'n Bronne-indeling vir kultuurgeskiedenis", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 5, no. 1, 1990, pp. 1 - 9.
- Saunders, C., "Putting the history of white poverty in South Africa on the agenda", *South African Historical Journal*, vol. 28, no. 1, 1993, pp. 242 - 248.
- Small, J., "Die desimale geldstelsel en die onderrig daarvan", *Lantern*, Sept. 1960, pp. 32 - 34 & 96.
- Smith, M.C., "The real-world reading practices of adults", *Journal of Literacy Research*, vol. 32, no. 1, 2000, pp. 25 - 52.
- Smith, M. E., "Household possessions and wealth in agrarian states: Implications for archaeology", *Journal of Anthropological Archaeology*, no. 6, 1987, pp. 297 - 335.
- Snyman, M. & Penzhorn, C., "Leser en konteks: 'n resepsiestudie oor Afrikaanse romanselesers", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 51, nr. 2, Junie, 2011, pp. 238 - 250.
- Snyman, P.J.H., "Die bydrae van droogtes en veesiektes tot die verarming van die landboubevolking in die Noord-Kaapland, 1880 -1920", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 29, nr. 1, 1989, pp. 32 - 49.
- Snyman, P.H.R., "Boekbespreking, *Die Noordweste, stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*", *Contree*, vol. 22, 1987, p. 22.
- Snyman, S.A., "Japie Lutz en die vore", *Jaarboek 7, Pretoria Africana Vereniging*, vol. 4, nr. 7, 1989.
- Swart, M.J., "Wese van kultuur met besondere verwysing na die Afrikaner", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, vol. 1,nr. 4, Des.1987, pp. 338 - 347.
- Townsend, P., "The meaning of poverty", *The British Journal of Sociology*, vol. 13, no. 3, Sept., 1962, pp. 210 - 227.

Troskie, D., "Lessons from the past, land reform at Vaalharts", *AgriProbe*, vol. 5, no. 4, Des., 2008, pp. 6 - 9.

Van der Merwe, T., "Events, views and ideologies which shaped social security in South Africa", *South African Journal of Economic History*, vol. 12, no. 1 - 2, 1997, pp. 77 - 102.

Van Jaarsveld, F. A., "Demokratisering in die geskiedwetenskap: Van 'n elitegeskiedenis van bo tot 'n alledaagse geskiedenis van onderaf", *Historia*, vol. 32, nr. 1, 1987, pp. 30 - 43.

Van Onselen, C., "Reactions to the rinderpest in Southern Africa, 1896 – 1897", *Journal of African History*, vol. 13, no. 3, 1972, pp. 473 – 488.

Verhoef, G. & Du Plessis A., "State involvement in the rehabilitation of poor whites by means of land resettlement at Hartebeespoort irrigation scheme", *South African Journal of Economic History*, vol. 5, no. 1, Mrt., 1990.

Verhoef, G., "Die Afrikaner se toetrede tot die Suid-Afrikaanse ekonomie, deel 2", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 46, nr. 3, 2006, pp. 381 - 391.

Verhoef, G., "Die stigting van instellings as werktuie in die ekonomiese opbouproses van die Afrikaner sedert die Anglo-Boereoorlog, deel 1", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 46, nr. 2, Jun., 2006, p. 211 - 220.

Van Vuuren, L., "Buchberg, built on the backs of men", *The Water Wheel*, vol. 8, no. 2, March/Apr., 2009, pp. 1 - 38.

Van Vuuren, L., "Grap(p)eling with salinity along the Lower Orange", *The Water Wheel*, vol. 5, no. 5, Sept./Okt., 2006, pp. 12 - 14.

Van Vuuren, L., "Kakamas, oasis in the dessert", *The Water Wheel*, vol. 10, no. 2, March/Apr., 2011, pp. 26 - 29.

Van Vuuren, L., "Vaalharts, a garden in the desert", *The Water Wheel*, vol. 9, no. 1, Jan./Feb., 2010, pp. 1 - 32.

Vilanova, M., "International oral history", *History Workshop Journal*, vol. 39, no. 1, Spring, 1995, Oxford University Press, pp. 67 - 70.

Visser, C.G. & du Pisani, J.A., "Die vestiging van Skanskopeilandbesproeiingnederstelling as 'n mylpaal in selfwerksame armoedeverligting", *Historia*, vol. 57, nr. 2, Mei, 2012, pp. 103 -126.

Volsloo, R., "The Dutch Reformed church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932): some church-historical and theological observations", *Studia Historiae Ecclesiasticae*, September 2011, 37, no. 2, pp. 67 - 85.

Wall, K.C., "A new history of South Africa from a water resources viewpoint", *The Civil Engineer in South Africa*, vol. 25, no. 5, May, 1983, p.27.

Wellington, J.H., "Land utilization in South Africa", *Geographical Review*, vol. 22, no. 2, Apr., 1932, pp. 205 - 224.

Zawada, P.K. & Smith, A.M., "The 1988 Orange River flood, Upington region, Northwestern Cape Province RSA", *Terra Nova*, vol. 3, no. 3, 1991, pp. 317 - 324.

Gepubliseerde en ongepubliseerde verslae

Baard, C., Landboukundige beampte, CBLP [Charl Baard Landbouprodukte], verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", Keimoes, 28/03/2014, (ongep., getikte formaat, in besit van outeur), pp.1-2.

Bester, L., "Skanskop Island report", *Report on ownership on certain sections of Skanskop Island settlement*, 19/04/2014, (ongep., getikte formaat, in besit van outeur), pp. 1 - 20.

Fries, G. *et al.*, "The measurement of household wealth using survey data, an overview of the survey of consumer finances", *Federal Reserve Board of Governors*, March, 1998, pp. 1 -17.

Kalp, G.C., Oranjerivierwynkelders (OWK) en DroëvrugteTegniese Dienste (DTD)

Wingerdkundige, Keimoes area, "OWK Keimoes, Wine Management Systems", (ongep., getikte formaat, in besit van outeur), pp.1-3.

Myburg, M., "Eiendomswaardasie van erwe in Skanskopeiland", First National Bank (FNB) Upington, (ongep.), waardasiedatum 09/12/2013.

Raath, P., Bemlab, Somerset-Wes, "Grondontledingverslag, nrs. GR33975, GR24721, GR16864, GR24751, WT9000", 28/08/13. (ongep., getikte formaat, in besit van outeur), pp. 1 - 4.

Lesings en referate

Tempelhoff, J.W.N., "Omgewingslagoffers of armblankes? Water en welvaartskepping in die era van Hertzog (1924 - 1939)", *35e Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, Pretoria, 21/09/2006.

Verhoef, G., "Uit Innerlike krag of skuldvereffening? 'n Historiese ondersoek na die verskillende strategieë om armoede en agtergeblewenheid te oorkom", *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, Pretoria, Jun., 2008, pp. 1 - 19.

WEBLIOGRAFIE

Anon, "Gunthers's Chain, 19th century", <http://www.sciencemuseum.org.uk/images/I056/10323831.aspx> [Geraadpleeg 22/05/2014].

Anon, "Inspired by photos", <http://experiencenortherncape.com/visitor/explore-the-northern-cape/inspired-by-photos> [Geraadpleeg 21/05/2014].

Anon, "Japie Lutz", http://commons.wikimedia.org/wiki/File:Japie_Lutz.jpg [Geraadpleeg 17/05/2014].

Anon, "Metric conversions", www.metric-conversions.org [Geraadpleeg 22/10/2013].

Anon, "Things to do at Royal Natal National Park," http://www.nature-reserve.co.za/royal-natal-national-park_activities.html [Geraadpleeg 22/09/2014].

Barrow, M., "British life and Culture, Old English money" <http://resources.woodlands-junior.kent.sch.uk/customs/questions/moneyold.htm> [Geraadpleeg 06/05/2014].

Elektroniese Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT),
<http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za> [Geraadpleeg 17/10/2014].

Google Earth, <http://itouchmap.com/?r=googleearth&ml=-28.71667&mg=20.96667&mt=Skanskopeiland%2C%20South%20Africa> [Geraadpleeg 27/10/2012].

Hart, T.J.G., "Basic heritage impact assessment for the proposed improvement of structures along the R27 (including the widening of five bridges), section 10 & 11 between Kenhardt and Keimoes",
http://www.sahra.org.za/sites/default/files/heritagereports/HIA_Improvement_R27_Hart_TJ_Feb10_0.pdf [Geraadpleeg 11/02/2014].

Invasive Specialist Species Group (ISSG), "Global invasive species database",
<http://www.issg.org/database/species/ecology.asp?si=1453&fr=1&sts=&lang=EN> [Geraadpleeg 23/08/2010].

McDonald, D.J., "Draft Environmental Impact Report for the proposed establishment of a new concentrating solar power plant in Northern Cape Province",
<http://www.ccaenvironmental.co.za/Current%20Projects/Downloads/Keimoes/Appendix%20D.3%20-%20Botanical%20Assessment.pdf> [Geraadpleeg 21/05/2010].

Neff, J. R., "The centre for Civil War research",
www.civilwarcenter.olemiss.edu/resources_theory.shtml [Geraadpleeg 28/04/2010].

Republic of South Africa, Department of Water Affairs, "Hydrological Services - Surface Water (Data, Dams, Floods and Flows) ",
<http://www.dwa.gov.za/Hydrology/FRGraph.aspx?Station=D7H005EC&Type=Flow> [Geraadpleeg 07/02/2011].

Republic of South Africa, Department of Water Affairs, "The Lower Orange",
http://www.dwa.gov.za/Orange/low_orange/default.aspx [Geraadpleeg 22/10/2013].

Republic of South Africa, Department of Water Affairs, "General location map of the Orange River Basin", http://www.dwa.gov.za/Orange/low_orange/default.aspx [Geraadpleeg 10/03/2010].

Republic of South Africa, Department of Water Affairs, "Gariep Dam",
http://www.dwaf.gov.za/orange/Mid_Orange/gariep.htm [Geraadpleeg 09/08/2013].

Republic of South Africa, Department of Water Affairs, "Vanderkloof Dam"
http://www.dwaf.gov.za/orange/Mid_Orange/vanderkl.htm [Geraadpleeg 09/08/2013].

Republic of South Africa, Statistics South Africa, National Treasury, "A national poverty line for South Africa ", <http://www.treasury.gov.za/publications/other/povertyline/> [Geraadpleeg 22/03/2013].

SAS Institute Inc. 2011. The SAS system for Windows release 9.3. TS Level 1M3. Cary, NC.

Schüssler, M., "SA: Capitalist nation", 16 July 2013, <http://www.moneyweb.co.za/moneyweb-economic-trends/sa-capitalist-nation> [Geraadpleeg 10/02/2014].

South African National Parks, "Augrabies Falls National Park",
<http://www.sanparks.org/parks/augrabies/conservation/ff/vegetation.php> [Geraadpleeg 15/04/2010].

Woods ,T.A., "Making sense of place", Sense of place Inc.,
<http://www.makingsenseofplace.com/about-place.htm> [Geraadpleeg 2014/09//02].

Pot Brood met Soetsuurdeeg

Bestandele vir Suurdeeg

4 koppies sterk lou water

1 Malige aertappel

1 E1 suiker

1 E1 sout

~~2 koppies~~ wit Brood meel.

Metode

Neem Malige Kastrol voeg suiker e sout in ~~hou~~ water asook aertappel ~~in~~ ⁱⁿ kastrol water todat water bedek is strooi meel in kastrol water todat water bedek is Hou toe in meeldoek e dik kombers Plaas op warmplek oornag om te rys — daar sal skuum op intotyd wees. Roer mengsel deunetbaar met vurk Voeg sterk lou water by mengsel.

Bestandele vir Brood

8 Koppies Meel

1 eellepel Sout

2 eellepels sagte skaap vet of valvet Margarien

Metode

Gooi meel e sout in skottel Maak holte in middel en voeg Suurdeeg mengsel daarin Maak aan met hande — indien te droog gebruik lou water om slopper te maak Knie die Smeer goed in Smeer pot waar in brood gebak moet word met valvet Margarien. Maak mooi ronde vorm van deeg e Plaas in Pot om te rys wanneer Pot vol is Plaas in oond voorafverhit op 180° vir 1 uur.

J.J.C. Smit

Figuur A1: Potbrood met soetsuurdeeg - J.J.C. Smit.¹

¹ CGVPA, handgeskrewe resep van J.J.C. Smit in besit van outeur.

Rooi-gestoofde kwepers

3 Groot kwepers
± $\frac{3}{4}$ - 1 koppie suiker

Knippe sout.

Gevoeg water om kwepers net te bedek.

Was wael van kwepers af. Skil kwepers. Haal pitte en harde keru uit. Sug in kassie en sug elke $\frac{1}{2}$ wees deur. Lie te groot stukke nie maar ook nie styfies nie anders kook dit stukkend.

Plaas kwepers in 'n groterige kastrol. Dit moet nie te dik op mekaar lê nie. Gooi water oor en bietjie sout. Kook kwepers in paar minute vinnig tot net gaar - nie sag nie. Strooi nou suiker oor kwepers en prut stadig tot dit rooi verteen het. Dit word in helder pienk rooi. Baie mooi.

'n Bietjie water kan bygevoeg word as souse te veel weg kook. As sous te dun is kan dit effens verdik word met bietjie vla.

Bedien as 'n soet groente saam met 'n gekookte maaletyd.

Ingelegde kwepers kan ook gebruik word. Dit net minder suiker by.

Figuur A2: Rooi gestoofde kwepers - E.W. Visser.²

Korrelkonfyt³ (Vir baie soet duiwe.)

5 kg sultanakorrels ongewas.

3.6 kg suiker.

6 cm gemmer geskil en gekneus en in 2 cm stukke gesny of 'n eetlepel anys, toegeknoop in melkdoek.

½ t. Wynsteensuur.

Metode

Plaas duiwe in klein hoeveelhede in 'n vergiettes en spoel vinnig onder lopende water af.

Duiwe moet nie in water lê nie, anders verloor dit suiker.

Plaas duiwe en suiker laag vir laag in 'n groot kastrol op die stoof.

Stel stoofplaat op lae hitte totdat al die suiker gesmelt is. Die proses neem vir die bogenoemde hoeveelheid duiwe ongeveer 1 uur. Keer af en toe versigtig die mengsel met 'n houtlepel om, sodat suiker egalig smelt.

Stel die plaat op die hoogste hitte sodra al die suiker gesmelt is.

Kook die konfyt oop op die hoogste stelling vir ongeveer een tot een en 'n half uur. Skep skuim en ander onsuiverhede af soos nodig.

Sodra die konfyt gaar is, sal dit begin 'braai'. Die mengsel sal klein borreltjies maak en begin om rooi te verkleur. Stel die stoof se hitte laer, sodat konfyt egalig borrel. Die konfyt sal ongeveer 'n halfuur vanaf hierdie punt kook (braai) en kan dan getoets word.

Toets die stroop en vrugte deur bietjie op 'n piering te skep. Die stroop moet 'n dikte soos olie hê en die vrugte moet gaar wees. Verwyder van die stoof.

Laat staan in die kastrol sodat die vrugte en stroop kan bind. Skep in gesteriliseerde bottels. Die balans tussen die stroop en vrugte moet so wees dat die stroop nie te veel is nie, anders hang die vrugte in die bottel.

Verwyder enige lugborrels of skuim.

Plaas sirkels waspapier gedoop in brandewyn op die vrugte en draai deksel stewig vas.

Skep orige stroop in gesteriliseerde bottels en bottel soos hierbo.

Die resep lewer ongeveer 3 liter konfyt.

Die kooktyd van die konfyt moet verminder word indien die gewig van die duiwe verminder word.

³ CGVPA, geskrewe resep in besit van outeur, opgeteken 27/02/2014.


Soltanablagjang

2 lbs suiker.
 2 $\frac{1}{2}$ lbs eue, 1 eetlepel heel maaltjes
 2 eetl fyn kolyander.
 6 ~~eetl~~ ^{desert} Mazina
 5 lbs saltanas
 1 $\frac{1}{2}$ Bottel Asyn. 1 eetl Sout-
 2 eetl peper. 1 eetl gemmet.
 1 eetl Borrie 2 eetl Kerie
 Kook suiker Sout asyn en eue Saam met
 Speserije, "in gaas doek geknoops"
 Kook tot eue Sag is roeg Soltanas by.
 en Kook 15-20 minute roeg nou Mazina
 Kerie Borrie by wat met bietje asyn
 aangemaak is laat Koud word. maal
 of hou ~~heel~~, Soos verkie's en Bottel
 heel,

Figuur A3: Sultanablagjang - C.F.M. Visser (eggenote van pioniernedersetter N.J. Visser).⁴


⁴ CGVPA, handgeskrewe resep van C.F. M. Visser, in besit van outeur, datum onbekend.

Bylae B: Kaarte van Skanskopeiland



Figuur B1: Kaart van Skanskopeiland, 1990.⁵

⁵ L. Bester, "Skanskop Island Report...", p. 4.



Figuur B3: Skanskopeiland.⁷

⁷Kaart verskaf deur Lutz en Van Zyl Landmeters, Upington.

Bylae C: Humorigiese vertellings en raaisels

Daar word volstaan met twee humorigiese vertellings uit Skanskopeiland. Die onderstaande vertellings is opgeteken en vertel deur Visser, wat die gebeure weer by sy vader gehoor het:

Die Oujaarskommando

“Dit was die gebruik dat alle manne van die eiland Oujaarsmiddag by Barend Steyn se huis bymekaar kom, elkeen met sy perd. Dan het die perdekommendo, met Barry Steyn, sy seun, as nie-amptelike kommandant, vertrek na Keimoes om groete te bring op die Oujaar aan alle bure en inwoners.

Die betrokke middag was daar een perd te min, dus moes John Steyn noodgedwonge maar ’n donkiehings opsaal, want sy pa, oupa Barry, wou niks hoor dat hy agterbly nie. Die donkie het hom egter afgegooi teen Siepker se hoogte en teruggehardloop kraal toe. Die kommandoede het vir John ’n baken gepak, omgedraai terug Skanskop toe, die donkie weer gaan haal om vir die tweede keer na Keimoes te vertrek. Die keer het dit sonder verdere voorvalle verloop.

Onder in die dorp by Bontbors van der Merwe se huis is almal onthaal met koek en koffie. Die lede het eenparig besluit John mag niks verversings geniet nie, aangesien hy die kommando vertraag het. Vir sy straf is hy in die buite-koeler toegesluit.

Toe die kommando later weer vertrek is John eers oopgemaak. Tot almal se verbasing was John goed aangeklam en baie gelukkig, want hy het Bontbors se emmer koringbier, wat al goed gegis was, ontdek en dit so te sê leeggemaak.”⁸

Visser vertel voorts ook die volgende staaltjie, wat voor 1946 plaasgevind het:

Oom Martiens se Chevrolet

“Oom Martiens Barnard het een oggend by oupa Niklaas (Visser) gekom met die versoek: ‘Niklaas, vanmôre moet jy my lorrie koop. Ek ry nou Upington toe en ek sê nou vir jou ek kom nie weer met hom terug nie’.

Oupa wou baie graag die lorrie koop, want die drie-ton Chevrolet was baie gewild. Hy het egter nie die nodige fondse gehad nie. Oom Martiens is toe weg Upington toe. Laat die middag kom

⁸ N.J. Visser, Persoonlike geskrifte, 06/06/2013.

hy weer terug, sonder die lorrie. Oupa het verneem van die lorrie waarop oom Martiens hom soos volg meegedeel het: 'Ik het jou mos gesê ik kom nie weer met hom terug nie. Die lorrie is verkoop.' Oupa sê toe hy is bly vir die oom se part en gevra wie het toe die lorrie gekoop? Oom Martiens se antwoord: 'Maar die balju!'"⁹

Raaisels

Raaisels wat by nasate opgespoor is, is as volg:

Konsertina

Doodskis, bene, alles binne lewe.

Koffiemeul

Ek rittel, ek tittel, ek laat 'n hophie agter my.¹⁰

⁹ N.J. Visser, Persoonlike geskrifte, 06/06/2013.

¹⁰ CGVPA, A.A.R. Bruwer & A. Momberg, mondelinge mededeling, 24/02/2014.

Bylae D: Huidige stand van die landbougrond in Skanskopeiland

Inleiding

Wetenskaplike grondontledings wat in 2013 van erwe in Skanskopeiland gedoen is, toon aan dat daar steeds goeie vrugbare boerderygrond aanwesig is.¹ Volgens C. Baard, 'n plaaslike landbouvoorligter toon die gerapporteerde resultate van 16 grondontledings van drie grondeienaars in Skanskopeiland aan dat die grond goed vergelyk met ander soortgelyke grond in die Benede-Oranjerivier. Hy meen dat die huidige generasie boere tekorte wetenskaplik benader en aanspreek:

Die tekorte wat wel voorkom, kan reggestel word deur die elemente voortdurend aan te vul teen hoeveelhede wat meer is as die behoefte van die gewas.²

Die grond is steeds, soos in 1937, gelaagd. Met die grawe van sekere profielgate is die gelaagdheid van die grond duidelik sigbaar. Die gelaagdheid van die besproeiingsgrond is meegebring deur die afsettings van lae growwe sand, fyn sand of leem of klei wat tydens eeue van vloede, neergelaat is.³

Met die vestiging van wingerd het bewerkingsmetodes van die grond verander, omdat wingerd, anders as wisselbougewasse, gevoelig is vir die gelaagdheid van die grond. Wingerdwortels groei nie van een digtheid na 'n ander nie. As voorbeeld groei die wortels nie vanaf 'n sandlaag na 'n kleilaag nie.⁴ Burger en Deist bevestig dié aanname en dui aan dat gelaagde gronde volop is in die Oranjeriviergebied. Daarom is deeglike grondvoorbereiding uiters noodsaaklik om wingerd goed te vestig:

Die grootte van enige oesverbetering a.g.v. grondvoorbereiding, sal wissel na gelang van die prominensie en die diepte van die beperkende laag wat deur grondvoorbereiding uit die weg geruim is.⁵

Hierdie grondlae moet vermeng word om sodoende 'n meer uniforme gronddigtheid vir die wingerdwortels te skep. Hiervoor is daar verskeie werktuie ontwikkel om die bepaalde taak uit

¹ P. Raath, Bemlab, laboratoriumverslae nrs. GR33975, GR24721, GR16864, GR24751, WT9000, 28/08/13.

² C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

³ SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. IV, verslag, "Orange River Islands, Upington to Kakamas", F.E. Kanthack, 17/07/1909, p. 1; SAB, ACT, band 8, lêer 470, vol. 4, verwysingsnr. 6834/101, verslag, J.S. Henkel, "Orange River Islands", 13/11/1908, p. 2; C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

⁴ C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

⁵ J. Burger & J. Deist, *Wingerdbou...*, pp. 121 - 122.

te voer, soos byvoorbeeld die dolploeg, slootgrawer of vingerdoloeg. Elke implement is vir 'n spesifieke doel ontwerp, afhangende van die diepte van die gelaagdheid en die hoeveelheid lae.⁶ Die bewerkingsmetodes verskil derhalwe grootliks van die primitiewe bak- en plankskraperbewerking wat met die beginjare gebruik is. Die moderne boer maak vandag gebruik van die beskikbare gespesialiseerde tegnologie, tot voordeel van die boerdery.

Probleme in die boerdery

Die boere op Skanskopeiland ondervind bepaalde probleme in die boerderypraktyk wat telkens die hoof gebied moet word. Die uitbreek van donsskimmel, wat dikwels net voor of na oestyd voorkom, is verantwoordelik vir groot oesverliese. Met die veranderde temperature en groter neerslag wat tans in die somer ondervind word, word 'n gunstiger klimaat geskep vir die uitbreek van donsskimmel. Burger en Deist beskou donsskimmel as een van die ekonomies-belangrikste siektes onder wingerd en meen as dit nie beheer word nie, dit epidemiese afmetings kan aanneem.⁷ Omdat nie alle boere in Skanskopeiland donsskimmelbeheer toepas nie en uit onkundigheid dit as van verbygaande aard beskou, bly dit een van die wesenlike probleme wat die boere in Skanskopeiland die hoof moet bied. Witroes kom algemeen voor in al die wingerdbougebiede in Suid-Afrika en ontwikkel by baie hoë en lae humiditeit. Rypwordende sultanatrosse is ook uiters gevoelig vir die Botrytis- en suurvrotbesmetting tydens hoë humiditeit- en reëntoestande. Groeistilstand kom baiekeer voor na erge rypneerslae.⁸

Die korrekte besproeiingskedulering vereis nougesette monitering van die wingerd. Vogstremming veroorsaak net soveel skade aan wingerd as oormatige besproeiing, wat aanleiding kan gee tot verbraking van erwe. Grondvog-tekort tydens rypwording kan aanleiding gee tot pap druiwe, wat tot gevolg het dat korrels afval en veroorsaak dat die suikerinhoud van druiwe nie toeneem nie. Die toestand gee direk aanleiding tot 'n swak kwaliteit rosyntjie.⁹

⁶ C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

⁷ J. Burger & J. Deist, *Wingerdbou...*, pp. 391 – 393.

⁸ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke by die produksie van OR Sultana*, p. 1, [publikasie van die Suid-Afrikaanse droëvrugte korporasie], p. 11.

⁹ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke...*, p. 12.

Verbrakking

Voortdurende verbrakking, wat reeds sedert die aanvangsjare 'n wesenlike probleem in die eiland is, skep steeds eiesoortige uitdagings vir die boere van Skanskopeiland.¹⁰

Skanskopeiland is een van die groter eilande in die Keimoes-eilandsisteem. Die grootte van die eiland dra daartoe by dat daar op sommige plekke steeds dreineringsprobleme ontwikkel. Swak natuurlike dreinerings van die oormaat besproeiingswater is een van die grootste uitdagings aan die huidige boere.¹¹ Die probleem is mettertyd met behulp van kundiges geïdentifiseer en die kwessie word voortdurend aangespreek met nuwe metodes van brakbestryding.

Anders as in die veertiger- en vyftigerjare toe dreineringslote met die hand gegrawe is en oop dreineringslote oortollige water terug na die rivier gelei het, beskik boere oor gespesialiseerde grondgrawermasjiene wat die taak verrig. Doelgemaakte PVC dreineringspype word in sand gebed en tot 3 tot 4 m diep onder die grond gelê om oortollige water te dreineer.¹²

Waar die dreineringspype oor jare verswak en die watertafel gestyg het, soms tot op grondvlak, het 'n opbou van sout plaasgevind, m.a.w. die grond het verbrak. Om die oormaat braksoute uit die dreineerstelsel te verwyder, word die grond met gips behandel om sodoende die vasgelegde soute (Na, Ca, Mg en K) op te los en uit te was.¹³

Danksy die beskikbaarheid van ingenieursdienste bestaan daar vandag 'n georganiseerde aaneengeskakelde netwerk van dreineringsstelsels om die oormaat dreineerwater weg te voer na die laagste punt, naamlik die Oranjerivier.¹⁴

Besoedelde water

Volgens Baard dui die opeenvolgende toetsing van watermonsters aan dat die opgaarddamme in die Vaal- en Oranjerivier 'n negatiewe invloed op die kwaliteit van die besproeiingswater het.

¹⁰ G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 2014/05/01; C.P. du Plessis, Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, mondelinge mededeling, Skanskopeiland, 11/04/2014; B.M.N. Steyn, mondelinge mededeling, Skanskopeiland; R.S. Brink, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 11/04/2014.

¹¹ C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014; J. Burger & J. Deist, *Wingerdbou...*, pp. 126 - 129.

¹² C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

¹³ L. van Vuuren, "Grap(p)eling with salinity along the Lower Orange", *The Water Wheel*, vol. 5, no. 5, Sept./Okt. 2006, pp. 12 - 14; C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

¹⁴ C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014; C.P. du Plessis, Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, mondelinge mededeling, Skanskopeiland; G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 2014/05/01.

Die stelling is bevestig deur navorsing wat deur Orange Senqu River Commission (ORASECOM) asook deur die Water Research Commission onderneem is.¹⁵ Die vloei van die water is as gevolg van die regulering van die damme somer en winter redelik konstant.¹⁶ Die stabiele watervloei het egter tot gevolg dat die riete en die bome in die rivier maksimaal groei en die natuurlike vloei van die water blokkeer. Spruite groei vinniger toe en die konstante watervloei toon 'n negatiewe impak op die natuurlike dreinerings van die rivierstelsel. Daarbenewens beland daar daaglik heelwat onbehandelde industriële en munisipale afval, asook suur mynwater in die Vaalrivier wat die besoedeling aan die Oranjerivier oordra met die samevloeiing by Douglas. Hierdie besoedelde water word onvermydelik vir besproeiing aangewend. Bogenoemde afval bevat benewens huishoudelike besoedeling ook swaarmetale wat opbou in die grond en word deur die plante opgeneem.¹⁷

Verbeterde tegnologie en landbouverbouingspraktyke verseker volhoubare boerdery

Gespesialiseerde tegnologie op alle vlakke is beskikbaar en word deur die boere op Skanskopeiland aangewend tot voordeel van die boerdery.

Met behulp van laserskrapers en GPS-tegnologie word die besproeiingsgrond teen die korrekte helling gesleep, wat tot meer doeltreffende benutting van die besproeiingswater bydra en wat ook dan 'n kleiner impak op die logging van water en voedingstowwe het. Grond- en blaaranalise dra daartoe by om 'n bepaling van die voedingstofstatus van wingerd te bepaal en op 'n verantwoordbare manier aan te vul, soos gesien in die tabel van die grondontledings.¹⁸ Smit- en bemestingsprogramme word jaarliks gevolg en aangepas na gelang van die behoefte van die wingerde.¹⁹ Dit is van groot belang dat die voedingstowwe in korrekte balans toegedien word.²⁰ Die kundigheid van wingerdboukundiges en landboukundiges is op hierdie gebied van groot hulp vir die boer.

¹⁵ T. Coleman & A. van Niekerk, "Orange River Water integrated management plan, water quality in the Orange River", *ORASECOM* 007/2007, Nov. 2007, p. 6; P. Kotze, "There's something in the water, Research highlights dangers of pollution to irrigation", *The Water Wheel*, vol. 13, no. 1, Jan/Feb. 2014, pp. 16 - 17.

¹⁶ A. Erlea *et al.*, *A preliminary basin profile..*, p. 19; C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

¹⁷ P. Kotze, "There's something in the water...", pp. 16 - 17; C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

¹⁸ P. Raath, Bemlab, laboratoriumverslae nrs. GR33975, GR24721, GR16864, GR24751, WT9000, 28/08/13.

¹⁹ A.J. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland; C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014.

²⁰ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitsbepalende faktore- en praktyke...*, p. 12.



Figuur D1: Lasertegnologie word ingespan met gelyksleep van grond.²¹



Figuur D2: Druiwedoppe en -stingels word teruggewerk in die wingerd.²²

Besproeiingsgrond word nie net chemies verryk nie, maar dit word ook biologies opgebou. Die druiwedoppe en -stingels vanaf die plaaslike wynkelder word teruggeplaas in die wingerde. Sommige boere maak voorts van dekgewasse gebruik om biomassa te produseer en sodoende die koolstofvlakke in die grond te verhoog, wat bydrae tot beter grondvrugbaarheid, soos Burger en Deist bevestig.²³

Die bewerking van die erwe sluit in dat wingerd gereeld gespuit word vir enige siektetoestande en vry van onkruid gehou word met chemiese onkruidbestryding of meganiese bewerking. Na die oesperiode afgehandel is, word die voedingsbehoeftestatus van die grond bepaal en reggestel met die toedien van die nodige voedingstowwe. Grond word met behulp van 'n groot ploeg gebreek tot en met 'n meter diep, om die water en wortelpenetrasie te bevorder.

Meganisering vind toenemend plaas as gevolg van die heersende arbeidswetgewing, veral onder die jonger generasie boere, om die bewerking van die erwe meer koste-effektief te maak.²⁴

Daar word steeds grotendeels gebruik gemaak van die vloedbesproeiingstelsel, soos in die aanvangsjare van die nedersetting gebruik is. By sommige erwe wat bo die kanaalvlak geleë is en nie vloedbesproeibaar is nie, word daar van mikro- en drupbesproeiing gebruikgemaak.

Strauss, tegniese bestuurder van *Red Sun Raisins*, is van mening dat die eiland nie net gehalte produkte produseer nie, maar dat daar voorts 'n volhoubare boerderypraktyk nagevolg word.

²¹ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

²² A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

²³ C. Baard, skriftelike verslag, "Grondontledings, Skanskopeiland", 28/03/2014; J. Burger & J. Deist, *Wingerdbou...*, p. 367.

²⁴ A.J. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, [bestuurslid, Oranjerivier-Landbou-unie, verteenwoordiger van Keimoes-streek; Voorsitter van die Plaaslike Keimoes Boerevereniging 2014].

Skanskopeiland is een van die groter rolspelers in rosyntjieproduksie in die omgewing en maak ongeveer 75% van die produksie-inname van *Red Sun Raisins* uit. Hy merk op dat Skanskopeiland produkte van die hoogste gehalte lewer. Hierdie onderskeiding is te danke aan die sterk dissipline wat in die boerdery toegepas en gehandhaaf word. Aan die ander kant is daar ook 'n groep kleiner boere wat nie gesonde boerderypraktyk en boerderydissipline handhaaf nie en sodoende stagneer.

Strauss meen dat die boerdery op Skanskopeiland steeds volhoubaar is, omdat die groter produsente op Skanskopeiland ten volle eienaarskap aanvaar van boerdery as besigheid deur die volgehoue toepassing van die volgende dissiplines:

- Ouditerings van die droogbane.
- Ouditerings van produksie van droogdruie.

Daarby was Skanskopeiland die eerste produsentegebied in die omgewing wat 'n Droëvrugte Tegniese Dienste-oudit van die verbouingspraktyke van droogdruie deurgaan het. Die uitkoms van die oudit kan as uiters geslaagd beskryf word en dien tans as riglyn vir die bedryf.²⁵

Verwaarloos van wingerd op die bepaalde erwe, wat ongeveer 'n derde van Skanskopeiland uitmaak, vind ongelukkig plaas. Die gevolg daarvan is dat die produsente wat nie goeie boerderypraktyk toepas nie, 'n ondergemiddelde oes-opbrengs met gepaardgaande swak kwaliteit produk realiseer.

Red Sun Raisins en lede uit die jonger generasie boere besoek jaarliks lande soos VSA, Australië en Suid-Amerika, asook handelskoue in Europa, om hulself te vergewis van die nuutste boerderypraktyke en wingerdverbouing. Strauss beskou sulke geleenthede, wat sy maatskappy borg, as opleiding van en blootstelling aan produsente wat eienaarskap van hul boerdery as 'n besigheid aanvaar en tot voordeel van die rosyntjiebedryf. Strauss druk sy siening hieroor as volg uit:

Deur die blootstelling aan oorsese markte en skoue te reël, bevestig ons as bemerkings- en verwerkingsagent dat die boere wat ons saamneem die boerdery as besigheid verstaan. Ons ervaar dat hulle begrip vir die struktuur en proses van

²⁵ S. Strauss, Bestuurder, Tegniese Dienste, Red Sun Raisins, mondelinge mededeling, 20/05/2014.

rosyntjieproduksie het en dat die blootstelling hul begrip en bestuur van die bedryf verskerp. Goeie produsente is belangrik in die mark en ons streef daarna om hulle te behou, veral diegene wat Goue Sultanas produseer.²⁶

Rekenaartegnologie word algemeen ingespan om boerderybestuur te vergemaklik. Die nuwe generasie boer het 'n groter bestuurs- en administrasiefunksie, as wat daar 'n fisiese aandeel in die daaglikse boerderytake is. Boerdery word vandag meer gespesialiseerd aangepak, omdat winsmarges aanhoudend krimp en daar voortdurend innoverend te werk gegaan moet word om die boerdery volhoubaar en winsgewend te hou.²⁷

Strauss meen vervolgens dat daar vanuit 'n besigheidsoogpunt leiding aan boere gebied moet word om die regte aanplantings m.b.t. vroeë kultivars te doen. Die vroeë kultivars is om drie redes belangrik, nl. om die infrastruktuur ten volle te benut; om die markaanbod vir die bepaalde kultivars te benut en om die risiko van reënskade te verminder.

Die rosyntjiebedryf beleef saam met die wêreldwye ekonomiese insinkings verbasend min probleme. Met 1.2 miljoen ton droogdruive wat wêreldwyd geproduseer word, bly pryse konstant, al verhoog die produksie. Slegs nismarkte, soos Goue Sultana, waarvan daar heelwat in Skanskopeiland geproduseer word, word deur prysskommeling geraak. Hierdie probleem word oorbrug met nuwe markontwikkeling.

Die grootse probleem in die rosyntjiebedryf is die gebrek aan kommoditeitsfinansiering. Die bemarking van die produk is 'n probleemarea op die gebied van rosyntjieproduksie.

In die 2014-boekjaar het slegs 3 bemarkers oor kommoditeitsfinansiering beskik, waarvan *Red Sun Raisins* een is. Strauss spreek die mening uit dat dit uiters moeilik vir die verpakker en bemarker is om sonder kommoditeitsfinansiering verantwoordelik te bemark en ekonomies volhoubaar te bly.

Die gevaar met bemarking van droogprodukte sonder kommoditeitsfinansiering, is die druk wat op bemarkers geplaas word om so gou as moontlik die produk te verkoop om die produsent te kan betaal.

²⁶ S. Strauss, bestuurder, Tegniese Dienste, Red Sun Raisins, mondelinge mededeling, 20/05/2014.

²⁷ J.J. Hanekom, Droëvrugte Tegniese Dienste, mondelinge mededeling, 20/05/2014.

Strauss is egter van mening dat boerdery op Skanskopeiland steeds volhoubaar bedryf word. Hy merk op dat volhoubare boerdery in Skanskopeiland rondom 'n paar faktore wentel, nl. die meganisering van die boerdery om meer ekonomies te boer; vervolgens moet daar drooggeriewe buite die laagliggende gronde geskep word om 'n kwaliteitprodukt te droog. Daarby moet ander kommoditeite ondersoek word om die boerdery meer ekonomies te maak, soos byvoorbeeld die moontlikheid van appel- en pekanneutboerdery.²⁸

Die besproeiingsboerdery op Skanskopeiland verskaf jaarliks aan ongeveer 210 permanente werkers werk, maar met die oes- en snoeiseisoen word daar ongeveer aan 800 werkers werk verskaf. Daarbenewens is daar in die groter boerderye reeds plaasbestuurders en kantoorpersoneel aangestel, wat die algemene organisasie van die boerdery verbeter en bydra tot werkskepping in die omgewing.

Nieteenstaande die heersende ekonomiese toestande, toon die boerdery op Skanskopeiland vooruitgang. Nuwe wingerd word jaarliks deur sommige boere gevestig. Uitbreiding van grond in Skanskopeiland is skaars, omdat wisseling van grond in 'n mindere mate plaasvind.

Boerderypraktyk

Die rosyntjie- en wynverwerking is, anders as 68 jaar gelede, toe die eerste druiwe in Skanskopeiland geproduseer is, onderhewig aan bepaalde voorskrifte van die oorsese kopersmark. Die voorskrifte is veral bepalend in die produksie van die rosyntjies.

Rosyntjieproduksie

Skanskopeiland lewer rosyntjies van wêreldgehalte.²⁹ Songedroogde, geloogde en geswaelde pitlose rosyntjies word geproduseer. Kultivars wat vir die droogproses verbou word, is grotendeels Sultana en Merbein Pitloos, met nuwe kultivars wat eksperimenteel aangeplant word.³⁰

²⁸ S. Strauss, bestuurder, Tegniese Dienste, Red Sun Raisins, mondelinge mededeling, 20/05/2014.

²⁹ S. Strauss, bestuurder, Tegniese Dienste, Red Sun Raisins, mondelinge mededeling, 20/05/2014.

³⁰ G.C. Kalp, OWK en DTD Wingerdkundige, Keimoes area, mondelinge mededeling, 06/01/2014.



Figuur D3: Seisoenarbeiders oes duiwe.³¹

Die korrekte verbouingspraktyk speel 'n belangrike rol in die kwaliteit van rosyntjies, soos byvoorbeeld besproeiing, bemesting, siekte- en pesbeheer, somerloofbehandelings, oesbeheer en praktyke wat korrelgrootte manipuleer.³²

Seisoenale oesspanne uit die plaaslike omgewing en ook uit die omgewing van Kuruman, word jaarliks gebruik om die duiwe-oes in te samel. Die praktyk van oes verskil grootliks van die metode wat die pioniernedersetters gebruik het. Vroeër jare is die duiwe-oes duiwe in gevlegte mandjies ingesamel en uit die lande gedra, vanwaar dit na die droogbane vervoer is. Alhoewel die duiwe-oes steeds meestal met hande-arbeid ingesamel word, is die mandjies met plastiek plukkiste vervang.³³

Druiekarretjies ry in die wingerdrye en versamel die kiste, waarvandaan dit op sleepwaens en vragmotors gepak word en na die droogbane vervoer word. Die tipe rosyntjie wat in Skanskopeiland geproduseer word, is die OR Sultanas, Goue Sultana en Thompson-roosyne. Die produksie van rosyntjies is baie arbeidsintensief. Vervolgens word 'n kort oorsig van die onderskeie droogprosesse gegee.

³¹ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

³² L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke...*, p. 1.

³³ G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 2014/05/01.



Figuur D4: *Druiwekarretjies vervoer druiwekiste na vragmotors.*³⁴

OR Sultanas

OR Sultanas word in loog, ('n potas- en oliemengsel) gedoop waarna die druiwe in die trosvorm op droogstellasies uitgesprei word en in die skaduwee droog. Dié tipe rosyntjie word nie aan sonlig blootgestel tydens die droogproses nie, maar wel tydens die bleikproses.³⁵ Die droogproses neem tussen 7 en 8 dae, na gelang van die temperatuur. Eienskappe van 'n goeie OR Sultana is die volgende: kenmerkende eenvormige groen kleur en vlesige voorkoms. Die groen kleur is nie vir die verbruiker aanvaarbaar nie en daarom word die rosyntjie na droging in die son op sementvloere vir hoogstens 3 ure gebleik om die groen chlorofil pigment af te breek en 'n egalige effens groen- tot amberkleur verkry is. Tydens die bleikproses word die rosyntjies met harke omgekeer om 'n egalige kleur te verseker. Die rosyntjie word soggens vroeg met besems in rye gevee en met 'n hand-aksie opgetel in kratte. Sodra dit afgekoel het, word die vrugte in houtkratke geberg.³⁶

Goue Sultana

Goue Sultanas is baie gewild en behaal goeie pryse. Die fisiese kenmerke van goeie gehalte Goue Sultana is onder meer die kenmerkende smaak, eenvormige liggeel kleur, egalige korrelgrootte, voorkoms van die dop en die vlesigheid van die produk.³⁷

³⁴ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

³⁵ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke...*, pp. 14 - 25.

³⁶ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke...*, pp. 25 – 33; G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 2014/05/01.

³⁷ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke by die produksie van Goue Sultana*, [publikasie van die Suid-Afrikaanse Droëvrugte Korporasie], p. 5.

Hierdie rosyntjie word met verskeie drooghulpmiddels gemaak. Daarby is die proses baie arbeidsintensief, wat dit baie duurder maak as die ander twee metodes. Eerstens word daar gebruik gemaak van 'n koue loogmengsel wat bestaan uit potas, olie en water.³⁸ Die duiwe word in die mengsel gedoop en dan op skoon houtstellasies van ongeveer 1.8 m lank en 0.9 m breed uitgekeer en oopgepak. Die stellasies word ongeveer in groepe van 20 opmekaar gepak, met houtblokkies tussenin wat lugsirkulasie bevorder. Die stellasies word gewoonlik in 'n swaelkamer of onder swaelseile gepak, waarna die duiwe met swael berook word. Die beroking word gedoen deur swael in swaelpanne te plaas en aan die brand te steek met brandspiritus. Die berokingsproses duur ongeveer 8 ure. Na die beroking is die druifkorrel byna wit gebleik. Die droogproses neem tussen tien tot veertien dae, na gelang van die temperatuur. Tydens die droogproses verander die kleur na liggeel tot goudgeel.³⁹ Nadat die rosyntjies droog is, word die stellasies omgekeer en die rosyntjies in groot houtkratte afgegooi.



Figuur D5: Duiwe op duiwematte oopgesprei.⁴⁰



Figuur D6: Duiwe op houtstellasies onder swaelseile.⁴¹

³⁸ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke...*, p. 20.

³⁹ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke...*, pp. 23 -25 & 35.

⁴⁰ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁴¹ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.



Figuur D7: Droogmatte tydens die droogproses van geswaelde sultanas.⁴²



Figuur D8: Geswaelde sultanas.⁴³

Thompson-rosyne

Met die maak van Thompson-rosyne word geen drooghulpmiddels soos swael en loog gebruik nie en word die druiwe aan die tros op sementbane of doelgemaakte skadunet in die son gedroog.⁴⁴ Kwaliteit Thomson-rosyne word gekenmerk deur die eenvormigheid van kleur en grootte, tekstuur van die rosyntjiedop en die vlesigheid van die korrel en het 'n kenmerkende donkerbruin kleur.⁴⁵



Figuur D9: Sultanas op sementdroogbane uitgesprei.⁴⁶



Figuur D10: Songedroogde sultanas op sementbane.⁴⁷

Groot sementbane wat gewoonlik teen 'n helling gebou om te verseker dat reënwater effektief dreineer.⁴⁸ Hierdie metode is goedkoper as die loog- en swaelmetode en vereis minder arbeid.⁴⁹

⁴² A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁴³ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁴⁴ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke by die produksie van Thompson-rosyne*, [publikasie van die Suid-Afrikaanse Droëvrugte Korporasie], p. 16.

⁴⁵ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke...*, p. 7.

⁴⁶ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁴⁷ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁴⁸ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitbepalende faktore- en praktyke...*, p. 18.

⁴⁹ G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 2014/05/01.

Stroke skadunet word by gebrek aan genoeg sementbane deur die boer ingespan om Thompson-rosyne te droog.⁵⁰ Die druivekiste word omgekeer op die vloer of skadunet, waarvandaan dit versigtig met die hand uitgesprei word in 'n styfpassende enkellaag. Die drogingsproses neem onder gunstige droog-omstandighede met geen reën ongeveer 10 – 12 dae voordat die produk opgetel word.⁵¹

Wanneer die rosyntjies droog is, word die vrugte soggens vroeg, as die rosyntjies koud is, in hopies bymekaar gevee met behulp van harke en grawe en in kiste, of houtkrate gegooi.⁵²

Wyndruifproduksie

Wyndruiwe soos Colombard, Steen en Chenin Blanc word geproduseer. Geen wyndruifaanplantings word huidig aangeplant nie, aangesien daar met die heersende ekonomiese tendens nie gunstige pryse vir die plaaslike wynproduksie realiseer nie.



Figuur D11: Druive by die kuipe.⁵³



Figuur D12: Druive word in die kuipe geswaai.⁵⁴

Druive word per aandeel-kwota gelewer aan Oranjerivierwinkelders (OWK) se depot op Keimoes. Sommige boere het ook aandeel by die sapverwerkingsaanleg van OWK op Kanoneiland, waar druive per aandeel-kwota gelewer kan word.

In Skanskopeiland is daar ongeveer 370 ha onder wingerd gevestig. Die prestasievlak van Skanskopeiland met betrekking tot wyndruiwe, wat A+ blokke en ander premiedruive insluit, is baie goed.

⁵⁰ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitsbepalende faktore- en praktyke...*, p. 16.

⁵¹ L. Laubscher (samesteller), *Kwaliteitsbepalende faktore- en praktyke...*, p. 22.

⁵² G.A. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 2014/05/01.

⁵³ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

⁵⁴ A.J. Visser, Persoonlike fotoversameling, Skanskopeiland.

Die indeling van die wingerdaanplantings is soos volg:

- Wyndruiwe 134,36 ha
- Merbein Pitloos 124,08 ha
- Sultana 112,55 ha
- A1 komponent Chenin Blanc en Colombard – 14,58 ha

Hierdie wingerde maak 'n groot komponent uit van OWK se glasbottelreeks,⁵⁵ wat die prestige wynreeks bevat. Volgens Kalp kom van die beste Colombard-blokke in die Keimoes area in Skanskopeiland voor.⁵⁶

Dié stelling word ondersteun met die 2014 Veritas Wyntoekenings, waartydens OWK se Colombard uit 2014 'n goue medalje verwerf het. Die Colombard is geproduseer op 'n A1 blok wingerd in Skanskopeiland deur 'n derde generasie nasaat.⁵⁷ K. Visser, bemarkingbestuurder van die OWK het teenoor die *Gemsbok*, die plaaslike streekkoerant, opgemerk dat die toekenning van groot belang is vir die kelder:

Om daardie Colombard van ons te laat pronk voor 'n span wêreldwynkeners is van groot betekenis en ek kan almal verseker dat die internasionale en nasionale wynmarkte nou met nuwe oë na Orange River Cellars kyk.⁵⁸

Volgens Visser is Colombard, een van die hoofdruifkultivars in die streek afhanklik van die klimaat, maar ook van die vrugbare riviergrond om die beste karakter na vore te bring.⁵⁹ Die toekenning bevestig dat druiwe van gehalte in Skanskopeiland geproduseer word.

Met die 2014 oesjaar is die eerste Sauvignon Blanc in die Noord-Kaap gemaak met druiwe wat uit Skanskopeiland kom. Dié druiwe is geproduseer deur 'n derde generasie nasaat⁶⁰ van een van die pioniernedersetters.⁶¹

⁵⁵ G.C. Kalp, OWK en DTD Wingerdkundige, Keimoes area, mondelinge mededeling, 06/01/2014. [Glasbottelreeks is die reeks wyne bekend as Orange River Cellars [ORC] –wyne. Die produsent en wynkelder behaal die hoogste pryspunte vir hierdie gehalte wyn.]

⁵⁶ G.C. Kalp, OWK en DTD Wingerdkundige, Keimoes area, mondelinge mededeling, 06/01/2014.

⁵⁷ R. van Rooyen, hoofwynmaker, OWK, Keimoes depot, telefoniese mededeling, 08/10/2014; *Gemsbok*, "Toe slaan Orange River Cellars se Colombard 'n groot Veritas goue!", 10/10/2014. [Die kleinseun van B.M.N. Steyn het hierdie druiwe geproduseer]

⁵⁸ *Gemsbok*, "Toe slaan Orange River Cellars se Colombard 'n groot Veritas goue!", p. 4, 10/10/2014.

⁵⁹ *Gemsbok*, "Toe slaan Orange River Cellars...", p. 4, 10/10/2014.

⁶⁰ N.J. Visser, kleinseun van N.J. Visser.

⁶¹ G.C. Kalp, OWK en DTD Wingerdkundige, Keimoes area, mondelinge mededeling, 06/05/2014.

Die nedersettingsbestuursraad

Die nedersettingbestuursraad bestuur die nedersetting met toegewydheid. Na 76 jaar, funksioneer die bestuursraad steeds onder die Skanskopwet, soos uitgevaardig in 1948. Afgesien van gereelde struweling oor waterleibeurte, ondervind die nedersettingsbestuursraad nie groot klagtes van die nedersettingspubliek nie. Onderhoud word op 'n gereelde basis onderneem om die eiland netjies te hou en bepaalde dienste te lewer. Nieteenstaande die feit dat die toegangspad van die eiland as 'n afdelingsraadpad geregistreer is, is die bestuursraad verplig om die pad self te onderhou, omdat die owerhede in gebreke bly om die diens volhoubaar toe te pas. Die pad word op 'n gereelde basis geskraap en opgeknep.⁶² Dreineringsloepes word deur die waterfiskaal, wat deur die nedersettingsbestuursraad aangestel is, in stand gehou. Die plaaslike begraafplaas word ook in stand gehou deur die bestuursraad.

Daarbenewens is die bestuursraad verantwoordelik vir die instandhouding van die waterwerke soos byvoorbeeld die kanale, enige sluise en afsitte. Noodwalle wat met vloede beskadig word, word deur die staat herstel, onder die toesig van die raad.⁶³ Die bestuursraad hef jaarlikse belastinge en roep vergaderings byeen. Elke tweede jaar word 'n nuwe bestuur volgens die voorgeskrewe prosedure verkies.

Die nedersetting op Skanskopeiland is na 76 jaar steeds volhoubaar, ten spyte van die heersende ekonomiese tendense in die landbou. Erwe is oor jare gekonsolideer om groter ekonomiese eenhede te vorm, wat meegebring het dat daar minder erfhouers is. Die grootste persentasie erfhouers op Skanskopeiland is vooruitstrewend en volg 'n ekonomies-volhoubare gesonde boerderypraktyk na, nieteenstaande omgewingsfaktore soos hael, ryp, reën en vloede om sodoende voort te bou op die grondlegging van die pioniernedersetters.

⁶² A.J. Visser, mondelinge mededeling, Omstaan, Skanskopeiland, 10/04/2014; C.P. du Plessis, voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, mondelinge mededeling, 11/04/2014.

⁶³ C.P. du Plessis, Voorsitter, Skanskopeiland Nedersettingsbestuursraad, mondelinge mededeling, 01/05/2014.

Bylae E: Vraelyspakket

Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap: die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnederstelling

Bekendstellingsbrief

Vraelys: Skanskopeiland

Vir wie dit mag aangaan

Baie dankie dat u ingewillig het om deel te neem aan hierdie studie oor die vestiging, ontwikkeling en impak van die Skanskopeiland-besproeiingsnederstelling. U deelname aan die vraelys is van groot belang vir die suksesvolle voltooiing van my M.A.-graad in Geskiedenis aan die Noordwes-Universiteit. Die tema van my verhandeling is: *Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap: Die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnederstelling*.

Hierdie studie word onderneem omdat daar min bekend is oor die vestiging van die pioniernedersetters op Skanskopeiland. As navorser poog ek ook om die geskiedenis van Skanskopeiland vir die nageslag van die pioniernedersetters op te teken sodat die herinnering daaraan nie verlore gaan nie.

Aangeheg is die vraelys soos met u telefonies of per e-pos bespreek. Dit behoort u nie langer as 15 minute te neem om te voltooi nie. Die vraelys is volgens die etiese riglyne van die Noordwes-Universiteit opgestel en is deur die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte se etiese komitee goedgekeur. Die kontakbesonderhede wat u op die vraelys moet invul sal vertroulik hanteer word en slegs aan my as navorser bekend wees. U sal op geen wyse met die projek verbind word nie. Die data wat uit die vraelyste verkry word sal deur die Noordwes-Universiteit se Statistiese Dienste verwerk word. U kan die vraelys voltooi en faks na 086 548 0270 of pos (my posadres word op die ingeslote gefrankeerde koevert aangedui).

Baie dankie vir u samewerking – dit word hoog op prys gestel.

Vriendelike groete

Karen Visser

Toestemming tot deelname

Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap: die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnederstelling

'n Studie onderneem deur C.G. Visser van die Noordwes-Universiteit

TOESTEMMING TOT DEELNAME AAN DIE VRAELYS VIR DIE SKANSKOPEILAND-NAVORSINGSPROJEK

1. Doel van die studie

Hierdie vraelys ondersoek die invloed van die ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnederstelling op die nasate van die pioniernedersetters. Die vraelys vorm deel van 'n meer omvangryke studie wat handel oor die vestiging, ontwikkeling en impak van die Skanskopeiland-besproeiingsnederstelling. U word gevra om aan hierdie vraelys deel te neem, omdat u direk afstam van die pioniernedersetters. U deelname is dus bepalend vir die studie.

2. Prosedure

Indien u toestem om deel te neem aan hierdie studie, sal u 'n vraelys ontvang. Die vraelys bestaan uit biografiese inligting, gestruktureerde vrae (waar u slegs u keuse kan merk) en oop vrae (waar u 'n antwoord moet verskaf). U moet al die vrae beantwoord. Die inligting wat u verskaf sal verwerk word om bepaalde data te verkry.

3. Risiko en etiese riglyne

Professionele etiek sal deurgaans nagestreef word en daarom sal alle inligting wat u verskaf as vertroulik hanteer word. U biografiese besonderhede sal geensins bekend gemaak of gepubliseer word nie – u sal dus op geen wyse met hierdie studie verbind word nie.

4. Voordele

U deelname sal die navorser in staat stel om die bydrae van die pioniernedersetters op Skanskopeiland te dokumenteer en vir die nageslag te bewaar.

5. Koste

Daar sal geen koste aan u deelname verbonde wees nie. Indien u nie oor e-pos- of faksfasiliteite beskik nie, sal 'n gefrankeerde koevert aan u voorsien word.

6. Betaling

U sal geen betaling vir u deelname ontvang nie.

7. Vrae

Indien u enige vrae het oor die vraelys kan u die navorser (Karen Visser) skakel by 082 557 7413 of 054 461 2342 of 'n e-pos aan haar stuur by karenavisser1@gmail.com.

8. Afskrif van die toestemmingsbrief

U sal 'n afskrif van die toestemmingsbrief saam met u vraelys ontvang.

DEELNAME AAN HIERDIE STUDIE IS VRYWILLIG. U is welkom om deelname hieraan te weier of u aan die studie te onttrek.

Van armoedeverligtingsprojek tot volhoubare landbougemeenskap: die vestiging en ontwikkeling van die Skanskopeiland-besproeiingsnederstelling

VRAELYS

Dankie vir u bereidwilligheid om die vraelys te voltooi. Die onderstaande vraelys voldoen aan die vereistes van die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit. **Alle inligting** is vertroulik en sal as sodanig hanteer word.

U moet asseblief **alle** vrae beantwoord. Dit sal hoogstens 15 minute van u tyd neem.

By die geslote vrae moet u die toepaslike blokkie met 'n X merk. Beantwoord asseblief die oop vrae op die ruimtes soos aangedui.

KONTAKBESONDERHEDE

Naam en van:	
Adres:	
E-pos:	
Tel/Sel:	

BIOGRAFIESE INLIGTING

1. Geslag:

Manlik	1
Vroulik	2

2. Ouderdom met laaste verjaardag: _____

3. Verwantskap aan pioniernedersetter:

- Naam van pioniernedersetter: _____
- Erfnommer soos aangedui in aanhangsel A: _____
- Aan watter geslag behoort u? (*merk toepaslike blokkie met 'n X*):

2de geslag (kind)	1
3de geslag (kleinkind)	2
4de geslag (agterkleinkind)	3

4. Huistaal:

Afrikaans	1
Engels	2

A. OPLEIDING

1. Dui u hoogste kwalifikasie aan (*merk toepaslike blokkie met 'n X*):

St. 6 / Gr. 8 of minder	1
St. 8 / Gr. 10	2
St. 10 / Gr.12	3
Naskools	4

2. Indien u naskoolse opleiding ondergaan het, dui u hoogste kwalifikasie aan (*merk toepaslike blokkie met 'n X*):

Indiensopleiding	1
Ambag	2

3. Indien u tersiêre opleiding ondergaan het, dui u hoogste kwalifikasie aan
(merk toepaslike blokkie met 'n X):

Diploma	1
Eerste graadkwalifikasie	2
Honneursgraad	3
M.A.-graad	4
Ph.D.-graad	5

4. Hoe is u studies of opleiding gefinansier?
(merk toepaslike blokkie met 'n X):

Beurs	1
Lening	2
Kontant	3

5. BEROEP EN BEROEPSVAARDIGHEID

5.1. Dui u beroep aan deur die toepaslike blokkie met 'n X te merk:

Ambagsman bv. skrynwerker, elektrisiën of motorwerktuigkundige	1
Argitek	2
Boerdery	3
Bouer	4
Geestelik bv. predikant of pastoor	5
Ingenieursbedryf	6
Inligtingtegnologie	7
Maatskaplike dienste	8
Medies bv. algemene praktisyn, spesialis, homeopaat of verpleegster	9
Mensehulpbronne	10
Onderwys bv. onderwyser of dosent	11
Polisiediens	12
Psigologies bv. sielkundige	13
Regte	14
Sakeman	15
Skoonheidsbedryf bv. skoonheidsdeskundige, haarkapper of naeltgnikus	16
Staatsdiens	17
Taalkundige	18

Vervaardigingsbedryf	19
Wetenskaplike	20
Ander <i>Spesifiseer:</i>	21

5.2. Besit u 'n eie onderneming?

Ja	Nee
1	2

5.3. Watter vlak betree u in u werk? (merk toepaslike blokkie met 'n X):

Intreevlak	1
Gemiddelde vlak	2
Gevorderde vlak	3
Hoogste vlak	4

5.4. Hoeveel ure werk u per dag? (merk toepaslike blokkie met 'n X):

Minder as 6 ure	1
6 tot 8 ure	2
Meer as 8 ure	3

5.5. Werk u naweke?

Ja	Nee
1	2

5.6. Neem u werk huis toe?

Ja	Nee
1	2

5.7. Werk u gereeld oortyd?

Ja	Nee
1	2

5.8. Woon u gereeld 'n kursus by om u beroepsvaardigheid op te knap?

Ja	Nee
1	2

B. VAARDIGHEDE

1. Is u die volgende tale magtig?

	Ja	Nee
1. Afrikaans	1	2
2. Engels	1	2
3. Ndebele	1	2
4. Xhosa	1	2
5. Zoeloe	1	2
6. Noord-Sotho	1	2
7. Sotho	1	2
8. Tswana	1	2
9. SiSwati	1	2
10. Venda	1	2
11. Tsonga	1	2
12. Fanagalo	1	2
13. Duits	1	2
14. Frans	1	2
15. Spaans	1	2
16. Nederlands	1	2
17. Ander <i>Spesifiseer:</i>	1	2

2. Beoefen u die volgende sportsoorte of aktiwiteite?

	Ja	Nee
1. Tennis	1	2
2. Gholf	1	2
3. Klubrugby	1	2
4. Klubkrieket	1	2
5. Klubsokker	1	2
6. Rolbal	1	2

7. Hengel	1	2
8. Boogskiet	1	2
9. Skermkuns	1	2
10. Gimnastiek	1	2
11. Waterski	1	2
12. Perdesport	1	2
13. Oefen in gimnasium	1	2
14. Dans mededingend	1	2
15. Padhardloop	1	2
16. Fietsry	1	2

3. **Beoefen u die onderstaande stokperdjies?**

	Ja	Nee
1. Kuns, bv. skilder, beeldhou, loodglaswerk	1	2
2. Musiek, bv. musiekinstrument of koordeelname	1	2
3. Fotografie	1	2
4. Kleremakery	1	2
5. Bierbrouery	1	2
6. Wynmakery	1	2
7. Professionele kookkuns	1	2

C. LEWENSKWALITEIT

1. **Beskik u oor enige van die volgende?**

	Ja	Nee
1. Televisie	1	2
2. Tweede televisie of meer	1	2
3. DSTV	1	2
4. Persoonlike rekenaar	1	2
5. iPad	1	2
6. Skootrekenaar	1	2
7. Faksmasjien	1	2
8. Internetfasiliteite in u huis	1	2
9. Sekuriteitstelsel bv. 'n alarm en elektroniese motorhekke	1	2
10. Swembad	1	2
11. Braailapa	1	2

2. Hou u op die volgende maniere vakansie?

	Ja	Nee
1. Kampeer of toer in Suid-Afrika	1	2
2. Kampeer of toer in die buurlande soos bv. Botswana en Namibië	1	2
3. Staptoere	1	2
4. Oorsese reise	1	2
5. Seevakansie	1	2

3. Lees u graag die volgende?

	Ja	Nee
1. Spanningsverhale	1	2
2. Misdaadfiksie	1	2
3. Nie-fiksie	1	2
4. Geestelike lektuur	1	2
5. Ligte ontspanning	1	2
6. Digbundels	1	2
7. Biografie	1	2
8. Lees glad nie	1	2

4. Is u ingeteken op of koop u gereeld enige van die onderstaande tydskrifte?

	Ja	Nee
1. Buitelugtydskrifte	1	2
2. Leefstyltydskrifte	1	2
3. Onthaal- en kostydskrifte	1	2
4. Stokperdjetydskrifte	1	2
5. Geestelike tydskrifte	1	2
6. Motortydskrifte	1	2
7. Geen tydskrif	1	2

5. Koop u by enige van die volgende plekke klere?

	Ja	Nee
1. Kettingwinkels	1	2
2. Boetieks	1	2
3. Ontwerpersklerewinkels	1	2
4. Aanlynwinkels	1	2

6. Oor hoeveel voertuie beskik u?

Geen	0
1	1
2	2
3	3
4	4
5 of meer	5

7. Besit u enige van die volgende?

	Ja	Nee
1. Gesinsvoertuig	1	2
2. Bakkie	1	2
3. Viertrekvoertuig	1	2
4. Motorfiets	1	2
5. Vliegtuig	1	2

8. In watter kategorie val u motor(s)?

Nuut gekoop	1
Gebruik	2

9. In watter koopprys val u motor/ motors/ ander voertuie?
(merk toepaslike blokkie(s) met 'n X):

a. Eerste motor

R160 000 – R249 000	1
R250 000 – R349 000	2
R350 000 – R399 000	3
R400 000 en meer	4

b. Tweede motor

R160 000 – R249 000	1
R250 000 – R349 000	2
R350 000 – R399 000	3
R400 000 en meer	4

c. Ander voertuie

R160 000 – R249 000	1
R250 000 – R349 000	2
R350 000 – R399 000	3
R400 000 en meer	4

10. Hoeveel eiendomme besit u?

Een	1
Twee	2
Drie	3
Vier	4
Vyf of meer	5

11. Besit u enige van die volgende?

	Ja	Nee
1. Huis	1	2
2. Tweede huis	1	2
3. Woonstel / meenthuis	1	2
4. Strandeïendom	1	2
5. Erf / plot	1	2
6. Plaas	1	2
7. Tweede plaas	1	2

12. Indien u 'n erf, plot of plaas besit: Het u dit van u ouers geërf?

Ja	Nee
1	2

13. Beskik u oor 'n beleggingsportefeulje?

Ja	Nee
1	2

14. Wat is u huidige lewensstandaard?

(merk toepaslike blokkie, waar 1 die laagste standaard en 10 die hoogste standaard aandui):

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

15. Wat is u persepsie van u ouers se lewensstandaard?

(merk toepaslike blokkie, waar 1 die laagste standaard en 10 die hoogste standaard aandui):

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

D. NALATENSKAP VAN OUERS/GROOTOUERS WAT OP SKANSKOPEILAND GEWOON HET

1. Hoe sou u u ouer(s) of grootouer(s) se boerdery op Skanskopeiland die beste beskryf?

(merk toepaslike blokkie met 'n X):

Swak	1
Redelik	2
Goed	3
Vooruitstrewend	4

2. Beskryf u persepsie van u ouer(s) of grootouer(s) in omtrent drie sinne:

3. Noem die belangrikste karaktertrek(ke) van u ouer(s) of grootouer(s):

4. Beskryf u ouer(s) of grootouer(s) se geestelike nalatenskap in omtrent vier sinne:

Baie dankie vir u deelname aan hierdie studie.

NAME VAN DIE ERFHOUEERS VOLGENS ERFNOMMERS

Nr.	Erfhouer	Nr.	Erfhouer
1	Compion, A.X.	35	Pool, C.F.
2	Liebenberg, W.F.R.	36	Kruger, D.J.
3	De Vos, J.J.	37	Stadler, W.A.
4	Steyn, B.M.	38	Momberg, B.J.
5	Smit, J.J.P.	39	De Vos, P.W.
6	Hollenbach, D.J.	40	Nortje, P.A.
7	Greef, I.J.G.	41	Compaan, L.B
8	Van Zyl, A.P.	42	Myburg, J.P.
9	Marais, C.P.	43	Louw, F.S
10	Van der Westhuizen, B.F.H.	44	Fourie, J.J.
11	Pool, H.	45	Booyesen, L.J
12	Coetzee, A.	46	Siepkker, E.H.J.
13	Swiegers, G.G.	47	Crafford, B.P.
14	Patterson, G.	48	Knouwds, S.J.P.
15	Baard, C.W.A.	49	Hanekom, J.J
16	Myburg, W.G.	50	Smit, J.J.A.
17	Agenbag, J.H.A.	51	Smit, W.S.
18	Le Roux, D.M.	52	Van Heerden, H.H.
19	Erasmus, M.G.	53	Louw, P.A.H.M.
20	Van Zyl, A.I.	54	Liebenberg, C.R.
21	Visser, N.J.	55	Barnard, M.C.
22	Steenkamp, E.A.N.	56	Hayes, J.
23	Hanzen, W.F.	57	Louw, G.P.
24	Van Zyl, E.J.J.	58	Van Rooyen, M.M.B.
25	Smit, J.J.C.	59	Smit, J.E.F.
26	Strauss, D.J.	60	Burger, B.F.
27	Grobler, G.C.	61	J.P. Coetzee [Kuhn, S.H.] ¹
28	De Vos, F.	62	Maritz, J.J.
29	Swanepoel, D.J.	63	Vakant
30	Smit, G.J.	64	Du Preez, P.D.
31	Du Plessis, F.A.W.	65	Vakant
32	Crafford, J.L.	66	Vakant
33	Roux, D.J.	67	Gereserveer skool
34	Wiese, J.B.	68	Landbou-erf

¹ SAB, ACT, band 8, lêer 470/14, vol. 5, brief, J.H.H. – Kaapse Landraad, 04/03/1939. J.P.Coetzee het in September 1938 met toestemming van die Minister van Lande sy erf teruggegee en die erf is aan S.H. Kuhn toegeken wat reeds vroeër vir 'n erf op Skanskopeiland aansoek gedoenhet.